

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

SLAWE, KHOEKHOEN EN NEDERLANDSE PIDGINS AAN DIE KAAP, CA. 1590-1720:

'N KRITIESE ONDERSOEK NA DIE SOSIOHISTORIESE GRONDSLAE VAN DIE

KONVERGENSIETEORIE OOR DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS

*deur*

Gerald Jacobus Groenewald

GRNGER001

Tesis ingehandig ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium

Studieleier: Dr. Hester Waher

Departement Suider-Afrikaanse Tale

Fakulteit van Geesteswetenskappe

Universiteit Kaapstad

2002

**Declaration**

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

signature removed

Signed

.....06/9/2002.....

Date

University of Cape Town

## Abstract

*Slaves, Khoikhoi and Dutch Pidgins at the Cape, ca. 1590-1720: A critical investigation of the socio-historical foundations of the Convergence theory for the genesis of Afrikaans.*

This study is a critical investigation of the socio-historical foundations of the Convergence theory for the genesis of Afrikaans, as developed by Hans den Besten. It is done within the theoretical framework of the study of Creole genesis as suggested by the gradualists (John Singler, Jacques Arends and Philip Baker) and the Complementary theory of Salikoko Mufwene. These approaches stress the use of socio-historical material. In line with this the work of historians on aspects of the early Cape society, ca. 1590-1720, especially the number, distribution, origins and mutual contact between the three main groups at the Cape, viz. the Khoikhoi, slaves and European settlers is used. Material from primary sources such as travel descriptions is also used. This historical material is used to test and nuance the Convergence theory. It is shown that the central proposition of this theory, viz. the existence of a stable Pidgin among the Khoikhoi and slaves in the period before 1713, is not tenable. Moreover, many of the details of the theory should be adapted in the light of historical evidence. Yet, it is found that the Convergence theory still offers a useful framework for the study of the history of Afrikaans and that the rejection of a stable Pidgin does not dispute the important role of the Khoikhoi and slaves in the genesis of Afrikaans.

The study consists of five main chapters. Chapter 2 discusses the development of Afrikaans historical linguistics and shows how two basic views developed about the role of the Khoikhoi and slaves in the genesis of Afrikaans. Chapter 3 gives an overview of the development of the gradualist hypotheses and Mufwene's Complementary theory against the background of theories of Creole genesis. The methodology, techniques and examples of the work of these theorists are stressed. Chapter 4 gives an overview of what the Convergence theory entails and points out the problems that can be levelled against it from a socio-historical viewpoint. Chapter 5 is a detailed exposition of those historical aspects of the Cape society, ca. 1590-1720, that are of importance in the evaluation of the Convergence theory. Emphasis is put on the demography of the Cape and mutual contact between the Khoikhoi, Europeans and slaves, though other factors, such as the rise of the free black community and the role of education, are also considered. The analysis is supported by quantitative data of historians on the number and origins of slaves (Addendum 8). Chapter 6 considers the criticisms that were levelled against the Convergence theory in the light of the historical data in chapter 5. It is shown which aspects of the theory are unacceptable and which should be nuanced. Finally a short comparative perspective with two other Dutch colonies is given to show how decisive a role the Khoikhoi and slaves played in the genesis of Afrikaans. Apart from quantitative data the Addendum also contains a corpus of utterances in any form of Dutch or English by the Khoikhoi and slaves in the period 1590-1720 which were noted in the course of this research project.

## Opsomming

In hierdie studie word die sosiohistoriese grondslae van die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans, soos deur Hans den Besten ontwikkel, ondersoek. Dit word gedoen binne die teoretiese raamwerk van die studie van kreoolgenese soos voorgestel deur die gradualiste (John Singler, Jacques Arends en Philip Baker) en die Komplementêre teorie van Salikoko Mufwene. Hierdie benaderings stel die gebruik van sosiohistoriese materiaal voorop. Daarom word daar gebruik gemaak van die werk van historici oor aspekte van die vroeë Kaapse samelewing, ca. 1590-1720, veral die aantal, verspreiding, herkoms en onderlinge kontak van die drie magsgroepe aan die Kaap, naamlik die Khoekhoen, slawe en Europese koloniste. Hierby word materiaal uit primêre bronne soos reisbeskrywings betrek. Hierdie historiese materiaal word gebruik om die Konvergensieteorie te toets en nuanseer. Daar is bevind dat die sentrale tesse van hierdie teorie, naamlik die bestaan van 'n stabiele pidgin onder die Khoekhoen en slawe in die periode voor 1713, nie houdbaar is nie. Verder behoort vele details van die teorie in die lig van historiese evidensie aangepas te word. Tog is daar ook bevind dat die Konvergensieteorie steeds 'n bruikbare raamwerk vir die bestudering van die geskiedenis van Afrikaans bied en dat die verwerping van 'n stabiele pidgin nie die belangrike rol van Khoekhoen en slawe se Nederlands in die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans ontstry nie.

Hierdie studie bestaan uit vyf inhoudelike hoofstukke. Hoofstuk 2 bespreek die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse historiese taalwetenskap en toon aan hoedat daar twee basiese benaderings oor die siening van die rol van slawe en Khoekhoen in die ontstaan van Afrikaans ontwikkel het. Hoofstuk 3 gee 'n oorsig van die ontwikkeling van die Gradualistiese Hipoteses en Mufwene se Komplementêre Hipotese teen die agtergrond van teorieë oor kreoolgenese. Die metodologie, tegnieke en voorbeelde van hierdie teoretici se werk word beklemtoon. Hoofstuk 4 gee 'n oorsig van wat die Konvergensieteorie behels en wys uit watter probleme daarteen op sosiohistoriese grondslae ingebring kan word. Hoofstuk 5 is 'n gedetailleerde uiteensetting van die geskiedkundige aspekte van die Kaapse samelewing, ca. 1590-1720, wat van belang is vir die beoordeling van die Konvergensieteorie. Klem word gelê op die demografie van die Kaap en onderlinge kontak tussen Khoekhoen, Europeërs en slawe, hoewel ook ander faktore, soos die opkoms van die vryswartes en die rol van onderwys oorweeg word. Die analise word ondersteun deur kwantitatiewe data van historici oor die aantal slawe en hul herkoms (opgeneem in Addendum 8). Hoofstuk 6 oorweeg die probleme wat teen die Konvergensieteorie ingebring is in die lig van die historiese data in hoofstuk 5. Daar word aangedui waarom sekere aspekte van die teorie onaanvaarbaar is en watter daarvan genuanseer moet word. Ten slotte word 'n kort vergelykingsperspektief met twee ander Nederlandse kolonies gegee om aan te toon hoe 'n deurslaggewende rol die Khoekhoen en slawe in die ontstaan van Afrikaans gespeel het. Naas kwantitatiewe data bevat die Addendum ook 'n korpus van uitinge in 'n vorm van Nederlands of Engels deur Khoekhoen en slawe in die periode 1590-1720 wat in die loop van dié studie opgeteken is.

## Dankbetuigings

Hierdie verhandeling sou nie moontlik gewees het nie sonder die ruim <sup>finansiële</sup> bystand van die Nasionale Navorsingstigting (NRF), die Van Ewijck-stigting en die Universiteit Kaapstad. Ek is voorts besonder dankbaar vir die Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging te Amsterdam wat my verblyf in Nederland vir enkele maande geborg het. In hierdie verband wil ek veral dr. Sief Veltkamp-Visser van die NZAV bedank vir haar vriendelike bystand. Alle uitsprake en gevolgtrekkings in hierdie studie is my eie, en behoort nie aan enige van hierdie organisasies toegeskryf te word nie.

Ondersoekers na historiese onderwerpe is nog meer as ander aangewese op die goeie guns van biblioteekpersoneel. In dié opsig het ek dit besonder gelukkig getref. Daarom my hartelike dank aan die behulp same personeel van veral die Afrikastudie-biblioteek en die Interbiblioteeklening-afdeling van die Universiteit Kaapstad se Jagger Biblioteek, asook die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika te Kaapstad vir hul professionele dog vriendelike diens. Hiernaas ook 'n besondere woord van dank aan mw. Corina de Meijer van die Suid-Afrikaanse Instituut te Amsterdam en die vriendelike personeel van die Dousa-leeskamer van die Leidse Universiteitsbiblioteek.

Ek sou nie hierdie studie begin of kon voltooi het sonder my studieleier, dr. Hester Waher, nie. As voorgraadse student is my belangstelling in die Kreolistiek en Den Besten se werk in haar derdejaarskursus "Kreolistiek en die ontstaan van Afrikaans" geprikkel. Hierdie belangstelling is versterk deur my honneursskripsie wat ek onder dr. Waher geskryf het. Dwaarsdeur hierdie tyd het haar werkwyse, voorbeeld en persoonlikheid my geïnspireer. Tydens die ondersoek vir die huidige studie het sy my op ontelbare wyses gehelp. Haar geduld en onbaatsugtigheid het min gelyke. Ek is haar baie dankbaar dat sy ingestem het om selfs ná haar aftrede voort te gaan om my studie te lei. Ek sê graag uit die diepte van my hart baie, baie dankie vir haar geduld, begrip, hulp en alles anders wat sy die afgelope jare vir my gedoen het. Die voorbeeld wat sy stel, sal my altyd bybly.

Voorts wil ek graag prof. Nigel Worden (Universiteit Kaapstad) bedank. Hy het reg aan die begin van my studie 'n paar waardevolle wenke aan die hand gedoen wat my in die regte rigting gestuur het. Sy voortgesette belangstelling was 'n riem onder die hart. Prof. Salikoko Mufwene (Chicago Universiteit) het vroeg in my ondersoek nie net goedgunstelik toestemming verleen om van sy referate te gebruik nie (inmiddels gepubliseer), maar hy was ook so vriendelik om lank voor publikasie 'n deel van sy boek (Mufwene 2001) aan my beskikbaar te stel. Hoeveel sy werk bygedra het tot die ontwikkeling van my eie idees, sal duidelik uit hierdie studie blyk. Ek is hom daarom besonder dankbaar. Dr. Marijke van der Wal van die Universiteit Leiden het my op 'n uiters gul en vriendelike manier verwelkom en gehelp in Leiden. Haar belangstelling en 'n aantal nuttige wenke het veel vir my beteken. Hartelike bedankt! Aan die personeel van die vakgroep Afrikaans en Neerlandistiek by die Universiteit Kaapstad moet ek dankie sê vir hul aanmoediging sedert 1996, en veral vir hul belangstelling in hierdie projek. Ek wil veral mev. Betsie Koch uit die diepte van my hart bedank vir al haar hulp die afgelope klompie jare, maar in besonder die vriendelike en warm manier waarop sy dit doen.

Aan my ouers, Kassie en Annette, en susters, Wilna en Venneiza, sê ek 'n groot dankie vir hul opoffering, ondersteuning, bystand en liefde wat my deur die jare gedra het. Ek waardeer dit opreg. My vriend David Wardle het my met raad en daad bygestaan – van hulp met Latyn en Frans tot die oplos van rekenaarprobleme. Sonder sy ondersteuning en hulp sou ek nie wil klaarkom nie. My hartlike dank daarvoor. Die persoon aan wie ek egter die meeste dank verskuldig is, is Susan Maré. Sy het my oor baie jare aangemoedig, ondersteun en altyd in my geglo. Ek dra daarom graag hierdie studie as blyk van waardering aan Susan op, want sonder haar sou ek dit nooit gedoen het nie.

University of Cape Town

## INHOUDSOPGAWE

---

Abstract	ii	
Abstrak	iii	
Dankbetuigings	iv	
Inhoudsopgawe	vi	
1	INLEIDING	1
2	SLAWE, KHOEKHOEN EN DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS: 'N HISTORIOGRAFIESE PERSPEKTIEF	4
2.1	Inleiding	4
2.2	Hesseling en Bosman se debat oor 'Maleis-Portugees' en die ontstaan van twee benaderings tot die geskiedenis van Afrikaans	4
2.3	Franken oor die belang van slawe	12
2.4	Nienaber oor slawe, Khoekhoen en die variëteite van Afrikaans	16
2.5	Scholtz en die bloei van die filologiese benadering	20
2.6	Valkhoff en die polemië oor 'kreolisering'	24
2.7	Raidt oor die belang van taalversteuring en taalvariasie	30
2.8	Laat twintigste-eeuse ontwikkelings binne die Afrikaanse historiese taalwetenskap	35
2.8.1	Die opkoms van die variëteitskunde	35
2.8.2	Belangstelling van kreoliste in Afrikaans	36
2.8.3	Die werk van Den Besten	38
2.9	Slot	38
3	TEORIEË OOR KREOLGENESE EN DIE OORWEGING VAN SOSIOHISTORIESE FAKTORE BY DIE BESTUDERING VAN KREOLGENESE	39
3.1	Teorieë oor die ontstaan van pidgins en kreole	39
3.1.1	Teorieë wat ooreenkomste tussen kreole beklemtoon	40
3.1.1.1	Universalistiese benaderings	40
3.1.1.2	Kindertaal en vreemdelingspraak-teorie	45
3.1.1.3	Seemanstaal-teorie	48
3.1.1.4	Monogenese en releksifisering	50
3.1.1.5	Bioprogram-hipotese	52
3.1.2	Teorieë wat verskille tussen kreole beklemtoon	55
3.1.2.1	Substratistiese benaderings	55
3.1.2.2	Superstratistiese benaderings	57
3.2	Die sosiohistoriese benadering tot kreoolgenese en die opkoms van die Gradualistiese en Komplementêre Hipoteses	58
3.2.1	Die gebruik van sosiohistoriese data in die literatuur tot die 1980's	58
3.2.2	Die verskyning van <i>Isle de France Creole</i>	62
3.2.3	Die ontwikkeling van Gradualistiese Hipoteses	64
3.2.3.1	Singler se kritiek op Bickerton	64

	3.2.3.2 Baker se Medium vir Interetniese Kommunikasie (MIK)	69
	3.2.3.3 Die Gradualistiese Model van kreolisering	70
	3.2.3.4 Die gebruik van demografie	73
	3.2.4 Mufwene se Komplementêre Hipotese, die stigtersbeginsel en die ekologie van kreoolgenese	77
4	DIE KONVERGENSIETEORIE OOR DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS	86
4.1	Inleiding	86
4.2	Die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans	86
	4.2.1 ca. 1590-1647	87
	4.2.2 1647-1648	87
	4.2.3 1652-1658	88
	4.2.4 1658-1713	88
	4.2.5 Die 18 <sup>de</sup> eeu (ná 1713)	89
	4.2.6 Die 19 <sup>de</sup> eeu	90
4.3	Probleme met en kritiek op die Konvergensieteorie	91
5	KHOEKHOEN, SLAWE EN DIE WORDING VAN DIE KAAPSE SAMELEWING, CA. 1590-1720	96
5.1	Bronne vir die bestudering van die vroeë Kaap	96
5.2	Kontak en kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs aan die Kaap voor 1652	97
	5.2.1 Inleiding	97
	5.2.2 Kontak tot ca. 1610	98
	5.2.3 Die 'era' van Coree	100
	5.2.4 Autshumao en die Goringhaikonas	102
	5.2.5 Die stranding van die Haerlem	104
	5.2.6 Kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs	106
5.3	Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1652-1662	110
	5.3.1 Kontak tussen Khoekhoen en Europeërs	110
	5.3.1.1 Euro-Khoekhoe-interaksie tot ca. 1657	110
	5.3.1.2 Die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog en die gevolge daarvan tot ca. 1662	113
	5.3.1.3 Kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs	116
	5.3.2 Die invoer van slawerny na die Kaap en die eerste slawe	120
5.4	Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1662-1679	124
	5.4.1 Vryburgers en kompanjiesdiensmaats	124
	5.4.2 Aantal, herkoms en verspreiding van slawe	126
	5.4.3 Euro-Khoekhoe-interaksie en die ondergang van die Skiereilandse Khoekhoen	128
5.5	Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1679-1700	137
	5.5.1 Die toename in die Europese bevolking en die uitbreiding van die kolonie	137
	5.5.2 Aantal, herkoms en verspreiding van slawe	142
	5.5.3 Kontak met die Omliggende Khoekhoen en die opname van die Kaapse Khoekhoen in die koloniale bestel	151
5.6	Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1700-1720	159
	5.6.1 Die Europese bevolking en die opkoms van veeboerdery	159
	5.6.2 Die ondergang van tradisionele Khoekhoen in die Wes-Kaap	163
	5.6.3 Aantal, herkoms en verspreiding van slawe	173

5.7	Formele en informele kontak tussen slawe en ander groepe, ca. 1680-1720	180
5.7.1	Stedelike slawe	181
5.7.2	Landelike slawe	186
5.8	Die vryswartes aan die Kaap tot ca. 1720	192
5.9	Geletterdheid en onderwys aan die Kaap tot ca. 1720	198
6	DIE KONVERGENSIETEORIE EN DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS SOSIOHISTORIES BESKOU	206
6.1	Die Konvergensieteorie sosiohistories beskou	206
6.1.1	ca. 1590-1647	206
6.1.2	1647-1648	208
6.1.3	1652-1658	209
6.1.4	1658-1713	210
6.1.5	Die 18 <sup>de</sup> eeu (ná 1713)	217
6.1.6	Stabiele pidgin of interlektiese variasie?	219
6.2	Afrikaans as koloniale taal: Die primaat van die geskiedenis	221
7	SLOT	227
8	ADDENDA	229
8.1	Skeepsbesoeke aan die Kaap, 1610-1651	229
8.2	Totale getal slawe aan die Kaap, 1656-1720	232
8.2.1	Totale aantal slawe aan die Kaap, 1656-1720	234
8.2.2	Getalsverhouding: Mans, vroue en kinders	235
8.3	Demografie van die Kaap, 1661-1730	236
8.4	Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1658-1700	238
8.4.1	Hoe die databasis saamgestel is	238
8.4.2	Die data	240
8.4.2.1	Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1658-1700	242
8.4.2.2	Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1658-1679	243
8.4.2.3	Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1680-1700	244
8.5	Korpus van moontlike taalkundige getuienis vir die gebruik van vreemdelingspraak en die bestaan van 'n Engelse jargon en 'n Nederlandse jargon en/of pidgin aan die Kaap, ca. 1590-1720	245
8.5.1	Uitinge deur Khoekhoen	245
8.5.2	Uitinge deur slawe	263
9	BIBLIOGRAFIE	266

Die rol van slawe en Khoekhoen<sup>1</sup> in die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans was sedert die begin van die Afrikaanse historiese taalkunde 'n veelbesproke kwessie. Die meeste Afrikaanse taalkundiges vandag is dit eens dat die Nederlands van hierdie groep wel 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het. Waaroor egter wel steeds gedebatteer word, is die kwessie van die aard en omvang van die invloed wat van hierdie sprekers se Nederlands op die ontwikkelingsgang van Afrikaans gehad het.

Een van die belangrikste deelnemers aan hierdie debat is Hans den Besten. Die model wat hy voorstel vir die ontwikkeling van Afrikaans, die sg. Konvergensieteorie, is 'n belangwekkende siening van hoe Afrikaans ontstaan het en ontvang veel kritiese ondersteuning. Volgens Den Besten was daar onder die Khoekhoen en slawe aan die Kaap in die periode voor 1713 'n Nederlandse pidgin. Hierdie variëteit van Nederlands gebruik deur slawe en veral die Khoekhoen (wat Den Besten om verskeie redes vooropstel) het sins insiens 'n deurslaggewende rol in die ontstaan van Afrikaans gespeel.

Die Konvergensieteorie is egter nie sonder sy gebreke nie. Ofskoon Den Besten werk binne die Hesseling-Franken-Nienaber-Valkhoff-tradisie, wat veel aandag aan sosiohistoriese oorwegings in die geskiedenis van Afrikaans geskenk het, kom sy voorstelle vanuit 'n eksterne historiese oogpunt baie ongenueanseerd voor. Dit is veral op hierdie punt wat sy teorie deur ander gekritiseer is.

Hierdie studie poog om iets by te dra tot die Konvergensieteorie deur te konsentreer op dié aspek daarvan, nl. die sosiohistoriese grondslae van die model. Die doel van die studie is om sekere aspekte van Den Besten se teorie te toets en om die Konvergensie model te nuanseer deur groter historiese duidelikheid daaraan te verleen en fyner onderskeidings daar te stel. Dit word gedoen deur 'n studie van die Khoekhoe- en slawebevolkings en hul kontak met die Europese bevolking aan die Kaap binne 'n raamwerk van resente werk oor kreoolgenese en die gebruik van sosiohistoriese data in die bestudering daarvan. Twee spesifieke vrae wat dwarsdeur hierdie studie loop, is: (1) was die sosiohistoriese situasie van die Khoekhoen aan die Kaap voor 1713 van so 'n aard dat 'n Nederlandse pidgin onder hulle kon ontstaan en gedy het, en, gegee die sosiohistoriese situasie, kon dit so 'n groot invloed op die Europese bevolking se taalgebruik gehad het as wat Den Besten voorstel; (2) wat was die rol van die slawe in hierdie proses, wat was hul rol in die taalkontaksituasie van die vroeë Kaap?

Die sentrale tese van hierdie studie is dat die eksterne geskiedenis lig kan werp op hierdie probleme. Sedert die ontwikkeling van die sosiolinguistiek vanaf die 1960's is daar al hoe meer besef dat taal en die samelewing onlosmaaklik aan mekaar verbonde is (vgl. Romaine 1994: hfst. 1). Vanaf die 1980's het die besef dat die geskiedenis van 'n samelewing en die ontwikkeling van sy taal of tale ewe onskiedbaar is, beide dissiplines grootliks beïnvloed met die gevolg dat historici enersyds meer aandag aan taal skenk (vgl. byvoorbeeld Burke 1987) maar dat taalkundiges andersyds groter oorweging skenk aan sosiohistoriese faktore in die ontwikkeling van 'n taal. Dit is

---

<sup>1</sup> Daar bestaan verskillende spelwyses vir hierdie woord. In hierdie studie word egter die volgende gebruike gehandhaaf: *Khoe*: taalnaam; *Khoekhoe*: lid van bevolkingsgroep (enkelvoud); *Khoekhoen*: bevolkingsgroep / lede van bevolkingsgroep (meervoud); *Khoekhoes(e)*: adjektiewiese vorm van *Khoekhoe(n)*; met *Khoekhoe-* in samestellings.

veral gedurende die 1990's dat taalkundiges die heroorweging van sosiohistoriese data saam met taalkundige data benadruk het, met die gevolg dat daar nie uitsluitlik aan strukturele aspekte van taalverandering aandag gegee word nie.

Hierdie primaat van geskiedenis, om dit so te stel, word ook gereflekteer in die kreolistiek. Ofskoon kreoliste altyd aandag aan sosiale faktore geskenk het, is dit dikwels oorskadu deur teoretiese debatte. Dit was veral die geval in die 1980's met die debat tussen die universaliste en die substratiste, wat die toneel oorheers het. Deels as gevolg van ontevredenheid met dié stand van sake, deels in reaksie op ekstreem universalistiese idees (soos Bickerton se bioprogram-hipotese), het sommige kreoliste nuwe idees sedert die laat 1980's ontwikkel. Hierdie idees, wat intussen as die Gradualistiese en Komplementêre Hipoteses bekend geword het, hou in dat superstratistiese, substratistiese en universalistiese teorieë of benaderings mekaar komplementeer. Hiermee gaan egter die besef dat sosiohistoriese en demografiese data uitsluitlik kan gee oor watter van hierdie faktore deurslaggewend was in die ontwikkeling of ontstaan van 'n spesifieke taalkundige eienskap. Gevolglik het sommige taalkundige<sup>s</sup> in die 1980's en 1990's begin om historiese dokumente en data as bronne van inligting oor die ontstaan van kreole te beskou.

Een van die belangrikste figure in hierdie benadering is Salikoko Mufwene wie se navorsingsprogram daarop gemik is om vas te stel "what kind of contact situation leads to creolization" (Mufwene 1993a: 476). Net soos Singler, Baker en Arends argumenteer hy dat taalkundiges nie net aandag aan die strukturele eienskappe van kreole moet gee nie, maar hulle ook moet toespits op sosiale faktore. Iemand soos Mufwene het veel gedoen om 'n teoretiese raamwerk op te stel waarbinne mens kreoolgenese binne 'n sosiohistoriese perspektief kan bestudeer.

Die doel van hierdie studie is om Den Besten se Konvergensieteorie binne die raamwerk van die nuwe sosiohistoriese benaderinge tot kreoolgenese te beoordeel. Dit is moontlik omdat historici die afgelope 20 jaar ver gevorder het in die bestudering van die vroeë Kaapse samelewing. Studies van mense soos Böeseke, Ross, Worden, Hattingh en Shell oor slawerny, en dié van Elphick, Bredekamp, Penn en Newton-King oor die Khoekhoen, het 'n reusevooruitgang meegebring in ons kennis van hierdie groepe en hul rol in die wording van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dié feitelike en konseptuele vordering wat daar gemaak is in die historiese literatuur is nog nie adekwaat gereflekteer en gebruik in studies oor die vroeë geskiedenis van Afrikaans nie. Daarom word daar in hierdie studie 'n eerste poging hiertoe aangewend en word die betrokke werke saam met ander gebruik om die probleme in verband met die Konvergensieteorie aan te spreek. Op hierdie wyse kan ons meer gevorderde kennis van (a) die ontwikkeling van die Kaapse samelewing, en (b) die ontstaan van ander tale in soortgelyke omstandighede, lig werp op aspekte van die ontwikkeling van Afrikaans.

Afgesien van die Inleiding, Slot en Addenda, omvat hierdie studie vyf hoofstukke. In hoofstuk 2 word 'n oorsig gegee van Afrikaanse historiese taalkundiges se siening van die rol van Khoekhoen en slawe in die geskiedenis van Afrikaans. Daar word veral gelet op hoe en watter sosiohistoriese materiaal vroeë skrywers gebruik het. Hierdie oorsig is nodig omdat dit duidelik aantoon hoe Den Besten binne 'n sekere tradisie skryf en dus sy werk situeer. Die volgende hoofstuk word gewy aan 'n oorsig van nuwe benaderinge in die kreolistiek waarin veel aandag aan die oorweging van historiese materiaal geskenk word. Verlaas die werk van die gradualiste en Mufwene word bespreek. Dit word gedoen teen die agtergrond van vroeë teorieë oor kreoolgenese en die gebruik van sosiohistoriese data

daarin. In hoofstuk 4 word Den Besten se Konvergensieteorie bespreek en word die probleme daarmee uitgewys. Hoofstuk 5 vorm die hart van die studie. Hierin word in detail aandag geskenk aan die Khoekhoen en slawe en hul kontak met die Europeërs aan die Kaap voor 1720. Hierdie hoofstuk reageer op die twee voorafgaande hoofstukke, met ander woorde: watter historiese data kan aangevoer word om die problematiese aspekte van die Konvergensieteorie te ondersoek en hoe om dit histories te nuanseer – binne die raamwerk van resente ondersoek na die sosiohistoriese aspekte van kreoolgenese (soos in hoofstuk drie aangebied). In hoofstuk 5 word veral aandag gegee aan aspekte wat van belang is vir die bestudering van die taalgeskiedenis, nl. (1) die demografie van die vroeë Kaap en kontak tussen Khoekhoen, Europeërs, slawe en vryswartes; (2) die herkoms van slawe met verloop van tyd, en (3) die geografiese verskille wat mettertyd ontwikkel het sover dit die toestand en taalkundige kontak van slawe en Khoekhoen met Europeërs betref. Die afsnydatum 1720 is gekies, nie net om die omvang van die studie binne perke te hou nie, maar ook omdat Den Besten soveel klem lê op die periode voor 1713 en daar in ieder geval 'n belangrike verandering in die sosiale omstandighede aan die Kaap in die dekade 1710-1720 te sinjaleer is. Ten slotte word daar in hoofstuk 6, met behulp van die data in hoofstuk 5 aangebied, gereageer op wat Den Besten se model voorstel. Daar word aangetoon in hoe 'n mate sy voorstelle houdbaar is in die lig van die geskiedenis. Daarby word daar enkele algemene uitsprake gemaak oor die belang van die Khoekhoen en slawe in die ontstaan van Afrikaans.

## 2.1 Inleiding

Hans den Besten het voorgestel dat mens in die ontwikkeling van die Afrikaanse historiese taalkunde twee tradisies van ondersoek kan identifiseer. Dit is naamlik, wat hy noem, die 'Filologiese Skool' en die 'kreoliste'. Eersgenoemde benadering kom veral na vore in die werk van Scholtz en Raidt waarin die sentrale tese is dat Afrikaans uit dialektiese Nederlands ontwikkel het met slegs geringe invloed van ander tale of die 'gebroke' spraak van slawe, Khoekhoen en ander tweedetaalsprekers van Nederlands. Hulle metodologie word volgens Den Besten gekenmerk deur die beginsel: "If it can be Dutch, it's got to be Dutch" (Den Besten 1986: 191). Die kreoliste, waaronder Den Besten die werk van Hesseling, Franken, Nienaber en Valkhoff tel, meen weer dat die ontwikkeling van Afrikaans grootliks te danke is aan die rol wat Khoekhoen en slawe gespeel het. Volgens Den Besten is hierdie tradisie meer geneig om 'n polikousale oorsprong vir Afrikaans te oorweeg (vgl. Den Besten 1986: 189-93; 1987: 67-68). Hierdie breë onderskeid, hoewel dit in vele opsigte verfyn kan word, word algemeen aanvaar deur ander taalkundiges as 'n goeie aanduiding van die basiese verskil tussen die sienings oor die ontstaan van Afrikaans (vgl. Thomason & Kaufman 1988: 251; Roberge 1990: 142-46; Buccini 1996: 35-36; Deumert 1999: 40-43; Bakker 2000: 105-6). Dit is hierdie basiese onderskeid wat in die bespreking hieronder gehandhaaf sal word.

Geen ernstige Afrikaanse taalkundige vandag bestry die invloed van Khoekhoen en slawe in die geskiedenis van Afrikaans nie. Daar is egter wel 'n meningsverskil oor die presiese aard van hierdie beïnvloeding en die relatiewe belangrikheid daarvan vir die ontstaan van die taal. By die kreoliste word dit as deurslaggewend beskou, terwyl die filoloë dit as 'n belangrike bydraende faktor sien. Die basiese opposisie tans is tussen dié wat glo daar was kreolisering in die geskiedenis van Afrikaans, en dié wat meen dieselfde verskynsel was 'bloot' 'n geval van taalversteuring, wat, hoewel belangrik, nie deurslaggewend in die ontstaan van die taal was nie.

Gevolglik word in hierdie hoofstuk gekyk na die ontwikkeling van die historiografie oor Afrikaans binne die raamwerk van 'n basiese opposisie tussen filoloë en kreoliste. Meer spesifiek word die behandeling van die onderwerp wat vir die huidige studie van belang is, nl. die rol van slawe en Khoekhoen in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans, by die verskillende belangrike skrywers oor Afrikaans nagegaan. Die bespreking word chronologies aangebied.

## 2.2 Hesseling en Bosman se debat oor 'Maleis-Portugees' en die ontstaan van twee benaderings tot die geskiedenis van Afrikaans

D. C. Hesseling word algemeen beskou as die grondlegger van die Afrikaanse historiese taalkunde (vgl. Ponelis 1993: 69). Sy eerste artikel oor Afrikaans is in 1897 gepubliseer waarin hy sy hipotese oor die deurslaggewende rol van 'Maleis-Portugees' in die ontstaan van Afrikaans voorstel.

Hesseling 1897 is essensieel 'n reaksie teen die siening dat Afrikaans 'n spontane ontwikkeling van 'n Noord-Hollandse dialek is. Syns insiens kan hierdie argument nie die drastiese en snelle vereenvoudiging van die

Afrikaanse verbale sisteem uit Nederlands verklaar nie, terwyl die historiese omstandighede waaronder Afrikaans ontwikkel het mens tot 'n ander oorweging dwing. Hesseling se eie voorstel is soos volg: die Kaap was in die eerste plek 'n hawestad wat die VOC se vloot moes bedien. In Oos-Indië was 'Maleis-Portugees' die lingua franca van internasionale handel. Die Portugees en Maleis wat volgens reisbeskrywers algemeen aan die Kaap was, moet hierdie taal gewees het. Volgens Hesseling het soldate en matrose wat uit Indonesië teruggekeer het, hierdie Maleis-Portugees gepraat. Dit was tewens ook die taal van die meerderheid slawe aan die Kaap. Hesseling reken dat dit waarskynlik is dat 'n taal wat internasionaal begryp is, groot invloed op die taal van die koloniste in 'n hawestad soos Kaapstad sou gehad het. Hy meen daarom dat die snelle verandering van Nederlands in Suid-Afrika mees waarskynlik toe te skryf is aan die invloed van Maleis-Portugees (Hesseling 1897: 8-9).

Hierdie hipotese is in groter detail in Hesseling se boek *Het Afrikaansch* (1899) uitgewerk en voorgestel. Hesseling beklemtoon die feit dat die Kaap primêr 'n hawestad was waar jaarliks duisende matrose en 'Oudgasten' vir 'n korter of langer tyd vertoef het. Baie van hierdie mense, wat eens in Nederlands-Indië gewoon het, vestig hulle dan ook aan die Kaap. Die teenwoordigheid van sulke mense moet 'n invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad het (Hesseling 1899: 1-6).

Volgens Hesseling wys die geskiedenis dat Afrikaans nie 'n langsame en selfstandige ontwikkeling uit Nederlands verteenwoordig nie, maar eerder dat die aanraking en vermenging met 'n ander taal of tale die hooforsaak van die snelle verandering van Afrikaans was. Afrikaans is daarom 'n 'Mischsprache' of mengeltaal (Hesseling 1899: 14).<sup>1</sup> 'n Voorvereiste vir die ontstaan van 'n mengeltaal is dat 'n groot deel van die bevolking 'n vreemde taal gereeld moet gebruik. Hesseling moet dus (a) bewys dat aan hierdie vereiste in die geskiedenis van Afrikaans voldoen is, en (b) vasstel watter taal dié vreemde taal kan wees. Op hierdie wyse kan die eienaardighede in Afrikaans verklaar word, nl. as gevolg van mengeling met 'n spesifieke taal (Hesseling 1899: 16-18).

Hesseling reken dat Khoe nie 'n geskikte kandidaat is nie omdat die Khoekhoen Nederlands geleer het en nie andersom nie. Daarby het die Khoekhoen nie noue kontak met die koloniste in die vroeë periode van kolonisasie gehad nie (Hesseling 1899: 19-28). Dieselfde geld vir Frans omdat die Hugenote genoop was om snel Nederlands aan te leer (Hesseling 1899: 29-30). Hoewel daar baie Duitsers aan die Kaap was, is Duits nie 'n oorweging nie aangesien Duitse mans meestal Nederlandse vroue getrou het en in die omgang eerder Nederlands gepraat het (Hesseling 1899: 30-33). Watter taal is dit dan? Volgens Hesseling was dit Maleis-Portugees – die lingua franca van die Indiese Oseaan wat deur matrose en andere na die Kaap gebring is. Maleis-Portugees was sins insiens in die eerste 50 jaar van die Kaapse geskiedenis baie algemeen (Hesseling 1899: 33-37).

Weens die posisie van Maleis-Portugees as lingua franca en Kaapstad as hawestad, het die kolonie dus "gemeenzaam" met die taal geword. Dit is egter die invloed van die slawe wat die taal nog sterker verbrei het (Hesseling 1899: 45). Daarom skenk Hesseling aandag aan die geskiedenis van slawe aan die Kaap. Hy wys daarop dat ná die invoer van slawe in 1658, meer as die helfte van die kolonie (uitsluitende die Khoekhoen) uit nie-Europeërs bestaan het. As mens hierby in gedagte hou dat 'n deel van die Europeërs nie van Nederlandse afkoms was nie en die invloed van die skeepvaartverkeer bybring, kan mens verklaar dat "de omstandigheden bijzonder

---

<sup>1</sup> 'n Mengeltaal is volgens Hesseling 'n taal waar nie net veel leksikale ontlening van 'n ander taal teenwoordig is nie, maar waar ook die grammatika verandering onder invloed van 'n vreemde taal ondergaan het: "Men kan spreken van taalvermenging en mengeltaal, al naar mate de vreemde elementen in een taal meer of minder sterk zijn vertegenwoordigd; het Afrikaansch kan met volle recht een mengeltaal heeten daar niet alleen de woordenschat, niet alleen de syntaxis..., maar ook de vormleer ten duidelijkste den invloed van een vreemde taal aanwijst" (Hesseling 1899: 15-16).

gunstig waren voor't ontstaan van een mengeltaal" (Hesseling 1899: 47). Vervolgens wys Hesseling op die noue kontak tussen slawe en koloniste (in teenstelling met die Khoekhoen): die koloniste het nie hul slawe sleg behandel nie en sommige het met slavinne getrou. Hiernaas was daar ook buite-egtelike verhoudings tussen koloniste en slawe, is 'n groot aantal kinders uit sulke verhoudings gebore en 'n nuwe groep, die vryswartes, het ontstaan (Hesseling 1899: 49-53). Hoewel die slawe en vryswartes 'n groot verskeidenheid van moedertale gehad het, is dit nie belangrik nie want "één taal spraken en verstonden ze echter allen, en die taal was het Portugeesch [sic]" (Hesseling 1899: 54). Volgens Hesseling het die saamwoon van die slawe in die slawelosie die gebruik van 'n 'gemeensame' taal, i.p.v. verskillende moedertale, bevorder (Hesseling 1899: 56). Syns insiens moes die koloniste die "Portugeesch der slaven" maklik verstaan het, andersins sou die slawe dit spoedig verloor het. Daarby moes hulle daarmee bekend gewees het omdat die taal die algemene hawe- en seemanstaal was. Hesseling meen egter dat die slawe naas "hun Portugeesch" ook Nederlands verstaan het (Hesseling 1899: 60-62). Hy probeer ook aantoon dat die koloniste nie net die Portugees van hul slawe verstaan het nie, maar dit ook gepraat het. As bewys hiervoor haal hy 'n enkele geval van 'n kolonistevrou, Catrinha Kel, aan wat iets vir 'n slaaf in "verbasterd Portugeesch" sê (vgl. § 2.3 hieronder). Hoewel mens nie hieruit kan aflei dat die koloniste altyd Portugees met hul slawe gespreek het nie, moes hulle dit wel doen met nuwe slawe wat nog nie Nederlands geken het nie. Weens die voortdurende invoer van slawe het die koloniste gereeld nuwelinge in diens gekry en daarom telkens die geleentheid gehad om Maleis-Portugees te gebruik (Hesseling 1899: 63).

Dus meen Hesseling dat Maleis-Portugees nie net deur die Kaapse koloniste begryp is nie, maar ook naas Nederlands gebruik is. Daarom was die invloed daarvan groot op die Nederlands van die koloniste. Die eienaardighede van Afrikaans kan grotendeels verklaar word "uit den bouw van dat Indische Portugeesch, dat eerst gesproken werd als haventaal en dat zijn verbreiding en lang bestaan te danken had... [aan het feit] dat het de taal was der slaven" (Hesseling 1899: 69).

In die res van Hesseling 1899 probeer die skrywer die groot invloed van Maleis-Portugees op die leksikon, sintaksis en vormleer van Afrikaans aantoon. Tog meen hy dat die moontlikheid van beïnvloeding van ander tale naas Maleis-Portugees nie uitgesluit moet word nie. Dit is moontlik dat die gebroke Nederlands van die Khoekhoen 'n (sydelingse) invloed op die taal van die koloniste kon gehad het (Hesseling 1899: 154). Nogtans is Hesseling se slotsom dat kontak met Maleis-Portugees veroorsaak het dat 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlands nie 'normaal' ontwikkel het nie, maar dat "Afrikaansch halverwege is blijven staan op den weg om Kreoolsch te worden" (Hesseling 1899: 155).

Ná die publikasie van *Het Afrikaansch* het Hesseling verskeie artikels gepubliseer waarin hy óf verdere aanvullings maak tot sy teorie (veral verskeie artikels waarin hy verdere bewyse uit reisbeskrywings aanbied), óf dit verdedig teen die argumente van teenstanders.

Hesseling 1906 bestry E. Kruisinga se argument dat Afrikaans die "zuivere ontwikkeling van een Nederlands dialect" is (Kruisinga 1906: 417-39, veral 426-39). Hesseling kritiseer Kruisinga se benadering om op analoë veranderinge in ander tale te wys en dit te gebruik as bewys dat Afrikaans selfstandig sou ontwikkel het. Kruisinga se werkwysse neem nie die omstandighede waaronder taalverandering plaasgevind het in ag nie, ook nie die tyd wat dit geduur het nie (Hesseling 1906: 478). Hesseling kritiseer dus Kruisinga se verontagsaming van die sosiohistoriese realiteit waarbinne taalontwikkeling plaasvind.

Hesseling stem saam met Kruisinga (1906: 426-27) se beswaar dat die ooreenstemming van sekere Afrikaanse konstruksies met Maleis-Portugees nie noodwendig beteken dat Afrikaans dit daaraan ontleen het nie. Tereg sê Hesseling: “Men mag dus nooit een verschijsel uit een andere taal als *bewijs* aanhalen, maar alleen op grond van vergelyking waarskynlikheid pleiten...” (Hesseling 1906: 479 n.1, sy kursivering). Hesseling se eie werkswyse was om eers die geskiedenis te raadpleeg en dan sy verklaring te gee en dit te toets aan taalverskynsels (Hesseling 1906: 479-480). Dit is volgens hom onmoontlik vir ’n taal om soveel te verander binne so ’n kort tyd soos met Afrikaans, sonder dat daar buitengewoon sterk invloed van ’n ander taal moes gewees het (Hesseling 1906: 480). Kruisinga se voorstel dat alle afwykings terug te voer is na een of ander Nederlandse dialek, hou nie rekening met die historiese gegewens nie (Hesseling 1906: 482). Hesseling se beswaar teen Kruisinga is dat hy hom enersyds nie aan die sosiohistoriese omstandighede van taalontwikkeling steur nie en andersyds nie wil erken dat een taal ’n ander diepgaande kan beïnvloed nie (Hesseling 1906: 489).

In Hesseling 1910 bestudeer die skrywer die oorblyfsels van Nederlands op Ceylon. Hy wys daarop dat daar ’n opvallende ooreenkoms tussen die Nederlands van Ceylon en Afrikaans is (Hesseling 1910: 28-29). Hy verwerp sy eie vroeëre idee (Hesseling 1899: 73-75) dat daar moontlik ’n uniforme Kreoolse Nederlandse variëteit regdeur die Nederlandse Ooste (insluitende Suid-Afrika) was en sê dat die ooreenkoms tussen Afrikaans en die Nederlands van Ceylon eerder te verklaar is aan die hand van die soortgelyke (sosiohistoriese) omstandighede van hul ontstaan. Die verskil tussen die twee situasies lê egter daarin dat terwyl daar op Ceylon ’n groot mate van tweetaligheid met Indo-Portugees en Nederlands geheers het, die koloniste aan die Kaap hul taal behou het en daaraan vasgeklou het (Hesseling 1910: 30).

Hoewel D. B. Bosman nie die eerste of enigste taalkundige was om Hesseling se Maleis-Portugese teorie vir die ontstaan van Afrikaans te bestry nie, was sy beswaar teen Hesseling die mees omvangryke. Bosman se debat met Hesseling is belangrik, nie net weens die invloed daarvan op die ontwikkelende Afrikaanse taalkunde nie, maar ook omdat heelwat aspekte van die latere Filologiese Skool se werkswyse reeds in embrioniese vorm in Bosman se werk aanwesig is.

In sy proefskrif *Afrikaans en Maleis-Portugees* bestry Bosman Hesseling se teorie deur “voet vir voet al sy opmerkinge te toets” (Bosman 1916: 42). Volgens Bosman berus Hesseling se teorie op sterker gronde as enige ander, maar hy meen dat dit nie oortuigend is nie. Sy eie werk dien om die feite waarop Hesseling se teorie berus op ’n “aanneemlike manier” te verklaar (Bosman 1916: 2).

Bosman lê veral klem op Hesseling se gebruik van sosiohistoriese evidensie (Bosman 1916: 3-6). Hy wys op die tekort aan bronne vir die vroeë geskiedenis van Afrikaans met die gevolg dat taalkundiges aangewese is op reisbeskrywings wat dikwels onbetroubaar is en mekaar weerspreek (Bosman 1916: 6-7). Verder kritiseer hy Hesseling se aanname dat reisbeskrywers met hul uitsprake oor Portugees en Maleis *een* taal, nl. ‘Maleis-Portugees’ bedoel.<sup>2</sup> Dit gaan duidelik om twee verskillende tale (Bosman 1916: 10).

<sup>2</sup> Den Besten (1997) het die taalkundige evidensie nagegaan ten einde vas te stel of die Portugees in die 18<sup>de</sup>-eeuse Kaap meer Maleis of Indies in karakter was. Syns insiens was dit eerder laasgenoemde. Waar Hesseling aan sy idee van Maleis-Portugees gekom het, is ’n misterie, want Schuchardt het dié term in ’n ander sin as Hesseling gebruik (vgl. Den Besten 1997 vir details). Waarom Bosman ten spyte van sy verwerping van die vermeende taal ‘Maleis-Portugees’ steeds voortgegaan het om dié term te gebruik, is eweneens onduidelik. In hierdie afdeling gebruik ek die term ook omdat Hesseling en Bosman só na die verkeerstale aan die Kaap verwys.

Die historiese argumente wat Hesseling aangevoer het as bewys vir die wydverbreidheid van Maleis-Portugees aan die Kaap, word ook deur Bosman bevraagteken. Volgens Bosman is daar te min evidensie om te verklaar dat Maleis-Portugees die taal van die VOC-vloot was en dat soveel 'Oudgasten' hulle aan die Kaap gevestig het. Beide die vloot en die vroeë Kaap was veel meer Nederlands as wat Hesseling gemeen het (Bosman 1916: 13-18). Bosman wil nie ontken dat Maleis en Portugees aan die Kaap gepraat is nie, maar verlang duidelikheid oor die belangrike vraag: "deur wie en in watter omvang" is Maleis en Portugees gebruik? (Bosman 1916: 18, vgl. ook 13). Veral van belang vir die bepaling van die status van Afrikaans as mengeltaal is die kwessie: "in hoever die blanke aan die Kaap Maleis-Portugees gepraat het" (Bosman 1916: 21).

Vervolgens wys Bosman hoe Hesseling die sosiohistoriese evidensie dat Maleis-Portugees 'n slawetaal was, oorskakel het. Eerstens gebruik Bosman historici se syfers om aan te dui dat slawe tot in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu in die minderheid teenoor Europese koloniste aan die Kaap was (Bosman 1916: 23-24). Hierna brei Bosman veral uit oor die herkoms van die slawe en wys daarop dat slawe uit Oos-Indië eers in die 18<sup>de</sup> eeu ingevoer is, dat die meeste slawe uit Madagaskar gekom het, en dat die slawe wat wel uit die Ooste gekom het, waarskynlik Indo-Portugees, en nie 'Maleis-Portugees' nie, gekom het. Die kennis van Maleis en/of Portugees onder die slawe was dus baie meer gering as wat Hesseling wou hê (Bosman 1916: 24-30). Die paar voorbeelde wat Hesseling aanhaal van slawe wat gebroke Portugees praat, dui slegs daarop dat sommige slawe, en dan alleen dié van Asiatiese afkoms, die taal onder mekaar gebruik het, maar met hul eienaars gebroke Nederlands gepraat het (Bosman 1916: 30-32). Aldus, betoog Bosman, was Maleis-Portugees nie belangrik as hawe- of slawetaal aan die Kaap nie.

Ten slotte bespreek Bosman die kwessie van kennis van Portugees onder die koloniste. Omdat Maleis en/of Portugees gedurende die 17<sup>de</sup> eeu nooit 'n lingua franca onder die slawe was nie en slawe wel Nederlands geleer het, het die koloniste geen rede gehad om Portugees te ken nie (Bosman 1916: 32-34). Volgens Bosman is die crux van die saak of koloniste wel Maleis-Portugees in groot getalle en gereeld gebruik het – slegs as dit wel so was, kan dit bewys word dat Afrikaans 'n mengeltaal onder invloed van Maleis-Portugees geword het. Bosman dui aan dat Hesseling se argument dat koloniste Maleis-Portugees geken het, op weinig evidensie berus (vgl. § 2.3 hieronder). Daarom kan mens nie beweer dat Afrikaans 'n mengeltaal is nie (Bosman 1916: 34-37). Bosman nuanseer dus hier Hesseling se werk deur te onderskei tussen Kreools-Portugees en Maleis, en deur gebruik te maak van sosiohistoriese evidensie om groter duidelikheid oor die 17<sup>de</sup>-eeuse omstandighede aan die Kaap te verkry. Dit is met hierdie fyner nuansering van sosiohistoriese en ander evidensie waarmee Bosman 'n groter vooruitgang op Hesseling se werk gebring het.

Hesseling se teorie berus op die historiese waarskynlikheid van 'n wydverspreide kennis en gebruik van Maleis-Portugees in die 17<sup>de</sup>-eeuse Kaap. Volgens Bosman dui die geskiedkundige feite nie hierop nie. Hy meen dat mens uit historiese feite 'n ewe sterk teorie vir die invloed van Khoe kon maak, maar dat so iets nie "uit die taal" blyk nie (Bosman 1916: 38). Al wat oorbly van Hesseling se teorie, volgens Bosman, is dat daar soms Portugees deur blankes gebruik is wanneer vreemde skepe aan die Kaap was en dat die gebruik van Portugees of 'Maleis-Portugees' beperk was tot Oosterse slawe wat aan die Kaap in die minderheid was (Bosman 1916: 41).

Bosman 1916 bespreek verder Hesseling se voorstelle oor Maleis-Portugese invloede op die leksikon en grammatika van Afrikaans. Die details is hier nie van belang nie, behalwe om daarop te let dat, hoewel Bosman tog toegee dat sommige verskynsels as kreolismes beskou kan word (Bosman 1916: 79-81), hy in die meeste gevalle op konstruksies in Europese tale wys, veral vroeëre en dialektiese vorme van Nederlands, wat sins insiens soortgelyk is

(Bosman 1916: 76-79; 81-86; 93-101). Aldus probeer hy Hesseling se Maleis-Portugese verklarings vir Afrikaanse verskynsels in twyfel te trek. Bosman se sienswyse en benadering blyk duidelik uit sy uitspraak oor die herkoms van die *vir*-konstruksie: dit moet as 'n kreolisme beskou word "solang daar nie analoga in die Europese tale aangetoon is nie" (Bosman 1916: 87).

Ten slotte gee Bosman sy teorie vir die ontstaan van Afrikaans. Volgens hom ly die ontstaansteorieë vir Afrikaans aan eensydigheid omdat hulle alle verandering aan een oorsaak wil toeskryf. Bosman wil hê dat taalkundiges nie net bewyse vir een teorie moet soek nie, maar alle moontlike faktore in aanmerking moet neem en teen mekaar opweeg. Hy beklemtoon dat, taalkundig gesproke, die belangrikste feit uit die geskiedenis is dat vreemdelinge, hetsy Duitsers, Franse, slawe of Khoekhoen, mettertyd Afrikaans geleer het. Hy beskou die verskil tussen Afrikaans en Nederlands as 'n kwessie van vereenvoudiging waarin slegs die *tempo* van verandering uitsonderlik is, nie die verandering op sigself nie. Volgens Bosman is die fout wat ander taalkundiges gemaak het om te vergeet dat vreemdelinge Afrikaans aangeleer het (en nie andersom nie), en om Afrikaans as 'n mengeltaal te beskou – die "eerste word deur die geskiedenis bewijs, de tweede deur die taal" (Bosman 1916: 112-115). Nie net die Duitsers en Franse nie, maar ook die slawe en Khoekhoen het binne 'n kort tyd 'n vorm van Afrikaans geleer. Daarom verdeel Bosman die inwoners van die Kaap voor 1806 in twee groepe: dié wat Nederlands as moedertaal gehad het, en dié wat "geadapteerde, aangeleerde, of vreemdelinge-Nederlands" gepraat het. Hierdie twee taalvorme het mekaar beïnvloed en die een het later in die ander oorgegaan (Bosman 1916: 115-118).

Volgens Bosman kan mens sê dat in so ver Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, "dit 'n ontwikkeling van Nederlands onder invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge" is (Bosman 1916: 118). Hierdie siening van die ontstaan van Afrikaans negeer nie die sosiohistoriese evidensie nie, terwyl dit ook sommige taalkundige verskynsels verklaar (bv. dat woorde en konstruksies uit soveel verskillende tale opgeneem kon word) wat die 'Maleis-Portugese' teorie nie doen nie (Bosman 1916: 118-119). Faktore wat natuurlike ontwikkeling rem, was afwesig in Suid-Afrika, terwyl faktore vir spontane ontwikkeling aanwesig was. Daarby het die inwerking van vreemdelinge-Nederlands 'n groot invloed gehad (Bosman 1916: 122). Hoewel Afrikaans nie 'n mengeltaal is nie, het daar volgens Bosman mengeltale by die Khoekhoen, slawe, Duitsers en Franse ontstaan wat as een (mengel)taal beskou kan word. Hierdie taal het op 'n *indirekte* manier op Afrikaans ingewerk en daarom het die Afrikaanse woordeskat grootliks Nederlands gebly terwyl die grammatika afwykings vertoon (Bosman 1916: 123).

Die verskil tussen Bosman en Hesseling se teorieë is dat Hesseling argumenteer dat Maleis-Portugees deur Nederlandse koloniste gepraat is en hul taal onder invloed daarvan 'n mengeltaal geword het; terwyl Bosman glo dat die koloniste geen vreemde taal aangeleer het nie en dat hul taal indirek aan invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge onderhewig was (Bosman 1916: 124). Vreemdelinge-Nederlands het die vormleer van Afrikaans beïnvloed omdat aanleerders van 'n taal geneig is om afwykings, onreëlmatighede en ongewone vorme te vereenvoudig. Omdat hierdie "uniformiteit" die rigting is waarin tale spontaan ontwikkel, het die invloed van vreemdelinge-Nederlands die proses versnel (Bosman 1916: 125-126).

In sy resensie van *Afrikaans en Maleis-Portugees* sê Hesseling dat Bosman nie die Maleis-Portugese-teorie verkeerd bewys het nie, maar dat hy wel "op verskillende plaatsen moeglikheden van interpretasie heeft aangetoon waaraan ik niet gedacht had" (Hesseling 1916: 247). Die hoofverskil tussen hul teorieë is dat terwyl Hesseling een

hooffaktor as katalisator van veranderinge sien, Bosman verskeie indirekte faktore as inwerkend op die taal beskou. Ofskoon hul beoordeling oor die besonderhede van die Afrikaanse grammatika verskil, sê Hesseling dat daar tussen hul verklaring van die “eigenlike oorzaak der taalverandering” geen essensiële verskil is nie. Hesseling sê hy het nooit *alles* aan Maleis-Portugese invloed toegeskryf nie en nooit invloed van ander tale op Afrikaans verwerp nie. Daarom kan Bosman tereg sy eie teorie ’n gewysigde teorie van Hesseling s’n noem. Hesseling het hier gelyk, want beide hy en Bosman sien in die verandering wat Afrikaans ondergaan het ’n mate van kreolisering en taalbeïnvloeding tussen ’n min of meer metropolitaanse Nederlands en ’n heterogene vorm van óf “geadapteerde” Nederlands óf “gebroke” Portugees. Vir Hesseling was die invloed van Portugees egter sterker omdat dit sins insiens geskiedkundig ’n belangriker rol as enige ander taal in die vroeë jare van die kolonie gespeel het (Hesseling 1916: 248-249).

Hoewel Hesseling toegee dat ‘Maleis-Portugees’, soos hy dit voorgestel het, waarskynlik nie bestaan het nie en hy eerder die term ‘gebroke-Portugees’ moet gebruik, bly sy siening oor die invloed van hierdie taal steeds dieselfde. Hy voer steeds dieselfde argumente aan om te bewys dat Portugees deur die slawe onderling en in kommunikasie met hul eienaars gebruik is (Hesseling 1916: 250-252). Hesseling erken dat hy nie kan bewys dat gebroke Portugees die oorsaak van vervorming van Nederlands in Afrikaans was nie, maar die ‘gemeensamenheid’ met Portugees en die feit dat daar aangetoon kan word dat dit in veel groter gebruik was as bv. Khoe, lei hom daartoe om dit as die hooffaktor in die taalverandering te beskou. Ander tale het slegs ’n ondergeskikte rol hierin gespeel (Hesseling 1916: 252).

Volgens Bosman is die invloed van vreemde tale hoofsaaklik beperk tot die versnelling van die tempo van verandering in Afrikaans. Hesseling wys tereg daarop dat kragtens hierdie siening Bosman Afrikaans beskou as “vervroegd Nederlands; wat bij ons in knop aanwezig is of was, is in’t Zuiden onder bijzondere omstandigheden tot volle ontplooiing gekomen”. Dit is om hierdie rede dat Bosman probeer om vir konstruksies wat Hesseling aan Maleis-Portugese invloed toegeskryf het, Nederlandse analoë te vind (Hesseling 1916: 255-56).

In 1923 het Bosman sy invloedryke *Oor die Ontstaan van Afrikaans* gepubliseer, wat ’n gedeeltelike verwerking van sy proefskrif is. Dit is interessant om na te gaan hoedat dit verskil met Bosman 1916. Waar Bosman vroeër sy werk as ’n nuansering van Hesseling beskou het en in vele opsigte ‘kreoolse invloede’ aanvaar het, is hy in Bosman 1928<sup>3</sup> veel meer geïnteresseerd om sy eie teorie, die ‘Vreemdelingspraak-teorie’, aanneemlik te maak, terwyl hy probeer om sover moontlik te bewys dat die meeste veranderinge in Afrikaans terug te voer is na Germaanse of Nederlandse dialektiese materiaal. Dit is opvallend hoedat Bosman 1928 in sommige gevalle rassistiese argumente aanvoer, iets wat grootliks in Bosman 1916 afwesig is. Dit is duidelik dat die skrywer in Bosman 1928 Afrikaans se geskiedenis probeer ‘aanvaarbaar’ maak deur te wys op analoë ontwikkeling in Europese tale. Daarom begin die werk dan ook met ’n situering van Afrikaans binne sy verband in die Indo-Europese taalfamilie (Bosman 1928: 5-6).

Bosman herhaal sy argumente waarom Maleis-Portugees (hy gebruik steeds dié term) nie ’n belangrike handelstaal of, gedurende die 17<sup>de</sup> eeu, ’n slawetaal was nie. Hy kritiseer Hesseling se ongenueanseerde gebruik van sosiohistoriese materiaal en meen dat laasgenoemde geneig is om 18<sup>de</sup>-eeuse omstandighede op die 17<sup>de</sup>-eeuse Kaap toe te pas (Bosman 1928: 42-65). Bosman se argumente is oorwegend eenders as in sy proefskrif, maar hy benadruk

---

<sup>3</sup> Ek maak hier van die tweede druk van die 1923-uitgawe gebruik. Hulle is blykbaar in alle opsigte eenders.

die argument dat “die sig van sy superioriteit bewuste blanke” nie maklik die taal van slawe of ander minderes sal oorneem nie. Hy haal met goedkeuring Boshoff se uitspraak aan dat moontlike invloed van slawetaal sal verdwyn sodra die blanke “psigologies bewus geword het van hulle rassesuperioriteit” (aangehaal in Bosman 1928: 62). Bosman wys ook op ander soortgelyke sieninge en meen dat mens hierdie “meerderwaardigheidsgevoel” van die blanke in gedagte behoort te hou by die beoordeling van die invloed van slawe en Khoekhoen (Bosman 1928: 62-63, vgl. 144).

Die metodologiese benadering wat Bosman 1928 volg, is dat die taalkundige gegewens moet bewys wat die historiese gegewens waarskynlik maak – die geskiedenis alleen is nie genoegsaam nie. Volgens Bosman is dit waar Hesseling se teorie faal (Bosman 1928: 66-68). Hy stem saam met Hesseling oor sekere kreolismes in Afrikaans, maar meen dat daar “in byna al die gevalle” ook Nederlandse of Germaanse aanknopingspunte aan te dui is, “wat kan dien om die oorname van sulke kreolismes in Nederlands begryplik te maak” (Bosman 1928: 79). Volgens Bosman kan baie van die kreolismes wat Hesseling aan Maleis-Portugees toegeskryf het, verklaar word deur aan te neem dat hulle via die mengeltale van die slawe en Khoekhoen, waarin sulke kreolismes algemeen voorgekom het, in die taal van die Nederlandse koloniste oorgegaan het (Bosman 1928: 79). Bosman reken dat “kleurling-Afrikaans” kreools-Afrikaans is, wat verwant is aan die Afrikaans van blankes. Waar sekere verskynsels net in kreools-Afrikaans voorkom, bewys hulle “niks vir die kreolisering van suiwer Afrikaans nie”. Dié verskynsels wat ook in (‘blanke’) Afrikaans voorkom, “in so ver as hulle werklik Kreoolse verskynsels is”, is ontlennings uit kreools-Afrikaans (Bosman 1928: 80). Volgens Bosman is “die kwessie van die kleur ... van aan Kreools-Afrikaans ontleende woorde (...) van baie belang vir die Afrikaanse taalkunde” (Bosman 1928: 86). Bosman beskou wat hy noem “Kaffer-, Hottentots- en Maleis-Afrikaans” as vorme van kreools-Afrikaans waarvan (blanke/beskaafde) Afrikaans sig onderskei (Bosman 1928: 86-87). Bosman glo dat vermeende kreolismes slegs as sodanig beskou kan word as daar *geen* analoge in Nederlands is nie. Waar die parallelle met Nederlands skaars is, bestaan die moontlikheid dat dit ’n kreolisme uit die seemanstaal kan wees. Dit kon egter ook spontaan in Nederlands ontwikkel het en in Afrikaans uitgebrei het deurdat die teenwoordigheid van groot getalle vreemdelinge die “taalgevoel” laat afslyt het. Slegs as daar geen parallelle vorme in Nederlands is nie, maar wel in Maleis of Portugees, kan so ’n konstruksie as bewys van Maleis-Portugeese invloed dien (Bosman 1928: 88). Hier sien ons die begin van wat later kenmerkend van die Filologiese Skool sou word: slegs in die laaste instansie, wanneer alle moontlike invloede van Nederlands uitgeput is, word beïnvloeding van nie-Europese tale in ag geneem.

Die laaste deel van Bosman 1928 bevat ’n uitgebreide uiteensetting van die skrywer se teorie vir die ontstaan van Afrikaans. Bosman huldig steeds grotendeels sy vroeëre teorie, nl. dat Afrikaans “hoofsaaklik” ontstaan het onder die invloed van vreemdelinge-Nederlands (Bosman 1928: 100). Afrikaans is “geen gekreoliseerde Nederlands nie, maar hoogstens Nederlands onder invloed van Kreools-Nederlands”. Dit word bewys uit die geskiedenis, want Duitsers, Franse, Khoekhoen en die slawe “het algar hulle taal verloor in Suid-Afrika en via krom-Nederlands tot Afrikaans of krom-Afrikaans gekom” (Bosman 1928: 102).

Volgens Bosman was “moedertaalinvloed” wel belangrik en verklaar dit die “suiwer Nederlandse karakter” van hedendaagse Afrikaans. Hesseling se uitspraak dat Afrikaans halfpad op pad was om kreools te word, is slegs waar in die sin dat “ook Kreools-Afrikaans bygedra het tot die sneller ontwikkelingstempo van Nederlands in Suid-Afrika” (Bosman 1928: 148). Net soos ouers dikwels hul taal vereenvoudig om hul kinders tegemoet te kom, het blankes dit in Suid-Afrika ter wille van hul bediendes gedoen. Maar, “watter invloed dit op den duur het op die taal

van die blanke is minder gemaklik te konstateer”, sê Bosman, hoewel daar tog blywende invloed moes gewees het. Bosman se slotsom is dat die ontwikkeling van Afrikaans nie “spontaan” genoem kan word nie, maar ook dat hierdie beïnvloeding nie sover gegaan het om ’n “mengeltaal” van Afrikaans te maak nie (Bosman 1928: 149).

Die tweede uitgawe van Hesseling se *Het Afrikaans* is in 1923 gepubliseer. In hierdie uitgawe huldig Hesseling steeds sy standpunt, nl. dat Maleis-Portugees as hawe- en slawetaal ’n groot invloed op die 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlands aan die Kaap gehad het, sodat Afrikaans ’n mengeltaal geword het. Wat verbasend is, is dat Hesseling ten spyte van Bosman se besware eintlik geen nuwe evidensie aanbied nie. Weliswaar bevat die boek verwysings na al die werk wat sedert 1899 oor Afrikaans verskyn het en inkorporeer die vele artikels wat Hesseling oor die onderwerp geskryf het. Tog blyk uit ’n vergelyking tussen die 1899- en 1923-uitgawes dat die basiese argumente en evidensie wat daarvoor aangebied word, grootliks ooreenstem. Bakker het in haar vergelyking tussen die twee uitgawes bevind dat wat die eerste twee hoofstukke betref (oor sosiohistoriese bewyse vir Hesseling se teorie, en die invloed van Maleis-Portugees op die leksikon van Afrikaans) Hesseling slegs enkele details aangepas het. Die laaste hoofstuk het heelwat veranderinge omdat Hesseling hierin die verskillende ontstaanshipoteses vir Afrikaans van ander skrywers bespreek (Bakker 2000: 97-104). Aangesien Hesseling (1899) en sy latere artikels reeds in detail bespreek is, word hier volstaan met die stelling wat Hesseling steeds aan die einde van die tweede uitgawe, ná al die kritiek daarteen van Bosman, voorhou: “Het Afrikaans is te beschouwen als een Nederlands dat halverwege is blijven staan op de weg Kreools te worden” (Hesseling 1923: 128).

Hier is heelwat aandag aan die betrokke twee skrywers gegee, omdat mens myns insiens die ontstaan van die twee benaderings tot die bestudering van die geskiedenis van Afrikaans kan terugvoer na die debat tussen Hesseling en Bosman oor die rol van ‘Maleis-Portugees’. Alhoewel beide binne ’n raamwerk van taalkontak werk en sosiohistoriese evidensie aanvoer (al sy dit erg lukraak en onsistematies), het Bosman (veral in 1923) hom meer toegespits op taalkundige aspekte en verklaar dat die herkoms van Afrikaans “uit die taal” bewys moet word. Ofskoon hy in Bosman (1916) nog bereid was om ‘kreolismes’ te oorweeg, doen hy later baie moeite om eerder Nederlandse analoë te vind. ’n Groot probleem by Bosman was sy eng siening van Afrikaans as ’n taal van ‘blankes’ en sy gevolglike verontagsaming van ander variëteite. Hy erken die bestaan en moontlike invloed van Khoekhoe- en slawe-Nederlands, maar probeer hul invloed so ver moontlik te verminder op grond van rassitiese aannames (vgl. Roodt & Venter 1984: 227; Roberge 1990: 140-41). Ongelukkig het hierdie sienings in die daaropvolgende dekades dominant geword (soos blyk uit die reaksie op Valkhoff, vgl. § 2.6), terwyl taalkundiges wat meer in die taalkontaktradisie van Hesseling gewerk het, nl. Franken en Nienaber, lank grootliks geïgnoreer is.

### 2.3 Franken oor die belang van die slawe

Tussen 1927 en 1930 het J.L.M. Franken ’n aantal studies gepubliseer wat belangrike lig op die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans werp. Hy het naamlik sekere van die aannames en argumente van Hesseling en Bosman getoets deur ’n rigiede ondersoek na die beskikbare bronne. Sodoende het hy groter sekerheid aan die Afrikaanse taalkunde verleen deur sake en uitsprake wat vaag, onseker en hipoteties was in die teorieë van Hesseling en Bosman te verhelder en so hul teorieë te nuanseer. Franken het hom in sy werk oor aspekte van die

ontstaansgeskiedenis van Afrikaans hoofsaaklik op die slawe en hul moontlike bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans toegespits. Dit is deels die gevolg van die kardinale rol wat hulle in Hesseling se teorie speel, deels weens die kontroversiële aard daarvan in die Afrikaanse taalkunde van sy tyd, maar waarskynlik ook omdat hy besef het dat hul rol in die ontwikkeling van Afrikaans baie belangrik was.

In Franken se eerste artikel oor hierdie sake ondersoek hy die historiese gegewens van die enigste geval wat Hesseling (1899: 62) as bewys gee dat koloniste ook Maleis-Portugees geken en teenoor hulle slawe gebruik het. Bosman het Hesseling gekritiseer omdat hy soveel waarde aan 'n enkele geval heg en gemeen dat die spesifieke vrou dalk 'n vrygemaakte slavin was, en dié geval ons dus niks leer oor kennis van Portugees onder die blanke koloniste nie (Bosman 1928: 59). Hierdie is 'n belangrike stuk evidensie omdat Hesseling se teorie daarop staatmaak dat koloniste ook Portugees geken en gebruik het en Afrikaans daarom 'n mengeltaal kon word. Franken se bevinding is dat die vrou 'n 'mesties' uit Batavia was en dat die voorval waarna Hesseling verwys het, op Mauritius plaasgevind het. Daarom kan dit nie as bewys vir taaltoestande aan die Kaap dien nie (Franken 1953: 9-14).

In 'n volgende artikel bespreek Franken Hesseling se uitspraak dat die buite-egtelike omgang tussen slavinne en koloniste, en ook die relatiewe groot getal huwelike tussen vrygestelde slavinne en koloniste in veral die 17<sup>de</sup> eeu, die invloed van die slawetaal 'Maleis-Portugees' sterker verbrei het. Dat kinders uit sulke verhoudings gebore is en 'n groep vryswartes opgekom het, beteken dat dié taal 'n groot invloed moet gehad het op die Nederlands van die kolonie (Hesseling 1899: 49-53). Volgens Franken neem Hesseling aan dat Maleis-Portugees in die slawelosie gebesig was en dus aan die kinders wat daar gebore is en grootgeword het, oorgedra is (Franken 1953: 15). Franken bewys egter op grond van die uitspraak van Kommissaris Van Reede uit 1685, nl. dat daar "veel klijne kinderen, soo wit als swart, sprekende de Nederduijde tale sonder eenigh onderscheijt" (Hulshof 1941: 184) in die slawelosie was, dat slawekinders Nederlands, nie Maleis-Portugees nie, gepraat het. Omdat hulle in die slawelosie grootgeword het, moes hulle dit dáár leer. Van Reede, wat self Portugees geken het, sou genoem het as die ouers, maar nie die kinders nie, Portugees gebruik het. Die taal van hierdie kinders was uitsluitlik Nederlands, al sou dit dan 'n 'krom-Nederlands', gewees het – 'n taal wat hulle in die omgang moes verwerf het. Hesseling is volgens Franken verkeerd: die blankes het nie die taal van die slawe, Maleis-Portugees, oorgeneem nie, maar andersom: die slawe het Nederlands geleer. Van Reede se uitspraak sien Franken as ondersteuning vir Bosman se teorie. Franken meen dat die slawe die koloniste se Nederlands oorgeneem en "verder verbrou het". Die "korrupterende invloed op die taal van die kolonis" was nie 'Maleis-Portugees' nie, maar die "krom-Hollands van die slaaf" (Franken 1953: 15-19, aanhaling p. 19).

In 1928 publiseer Franken "Van der Heiden en die swart slaaf" waarin hy 'n aantal uitinge van slawe en Khoekhoen in gebroke Nederlands, wat uit ca. 1690-1710 dateer, onder die aandag van taalkundiges bring. Volgens Franken is hierdie voorbeelde van die gebroke Nederlands van die slawe "van die oudste konkrete voorbeelde van 'n taal wat hom ontwikkel het tot die taal van die hele Afrikanervolk" (Franken 1953: 87). Hiernaas gee hy ook uitinge van Khoekhoen in gebroke Nederlands uit Kolb<sup>4</sup> en argivale bronne (Franken 1953: 94). Volgens Franken mag die

---

<sup>4</sup> Die korrekte spelling van dié vroeë 18<sup>de</sup>-eeuse skrywer oor die Kaap se naam is 'Peter Kolb'. Die oorspronklike Duitse uitgawe van sy reisbeskrywing gee sy naam só aan, maar die Nederlandse vertaling (wat vir hierdie studie geraadpleeg is) gee dit op die titelblad as 'Pieter Kolbe' aan. In hierdie verhandeling word daar altyd in die hoofteks na 'Kolb' verwys, maar waar 'n verwysing na die geraadpleegde werk van hom gegee word, word die spelling daarvan gevolg, dus 'Kolbe'.

waarde van hierdie voorbeelde van slawe- en Khoekhoe-uitinge nie onderskat word nie – nie net omdat hulle “onmiskembare Afrikaanse” vorme is nie, maar ook omdat hulle “die oudste voorbeelde van Afrikaans” verteenwoordig (Franken 1953: 94). Franken meen dat hierdie voorbeelde die eerste konkrete bewys is van wanneer Afrikaans ontwikkel het. Syns insiens was Van Reede in 1685 korrek in sy uitspraak dat blanke kinders die gebroke Nederlands van die Khoekhoen oorneem (vgl. Hulshof 1941: 36). Hierdie kinders was teen 1690-1700 volwasse en daarom “kan ons aanneem dat ’n gebroke taal onder die volwassenes [tóé] algemeen gangbaar geword het” (Franken 1953: 95). Hierdie voorbeelde van slawe- en Khoekhoe-Nederlands is volgens Franken belangrike leidrade vir die oorsprong van Afrikaans, terwyl die grammatikale vorm daarvan ’n “vingerwysing [is] dat Afrikaans hom nie normaal uit die Vaderlandse taal ontwikkel het nie” (Franken 1953: 95).

Waarskynlik is Franken se grootste bydrae die reeks artikels onder die titel “Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees” uit 1930. In Hesseling se teorie is kennis van Maleis-Portugees by sowel slawe as blankes die vernaamste faktor vir die ontstaan van Afrikaans. Hesseling self het egter baie min argivale bronne nagespeur. Daarom het Franken besluit om al die Kriminele Prosesstukke vanaf 1672-1772 sistematies te ondersoek om vas te stel of mens só ’n duideliker beeld oor die kennis van Maleis en Portugees onder slawe aan die Kaap kan kry (Franken 1953: 41). Die artikel bestaan grotendeels uit ’n chronologiese lys van aanhalings van alle gevalle waar vertolking in ’n hofsak in Maleis of Portugees plaasgevind het (Franken 1953: 44-79). Die details is nie nou tersaaklik nie, wel die algemene afleidings wat Franken daarvoor maak. Franken wys daarop dat sy ondersoek die stelling bevestig dat Portugees ’n “algemene omgangstaal” onder slawe was en dat blankes “tot op ’n sekere hoogte” kennis daarvan gehad het, maar eers gedurende die eerste helfte van die 18de eeu (Franken 1953: 41). Anders as wat Bosman beweer het, blyk dit ook volgens Franken dat slawe uit verskillende oorde, ook uit Madagaskar, Portugees verstaan en gebruik het. Ook wat blankes betref, lyk dit asof nie net die lede van die Raad van Justisie nie, maar ook sommige vryburgers en knegte in die binneland Portugees en soms Maleis geken en/of gepraat het (Franken 1953: 41-42). Franken se bevindinge stem ooreen met Bosman se siening dat Portugees eers ná 1700 as slawetaal belangrik was, hoewel Franken reken dat die persentasie Oosterse slawe hoër was as wat Bosman wou toegee (Franken 1953: 43-44). Vanweë Franken se navorsing kan mens veel beter uitsprake oor kennis van Maleis en Portugees in die vroeë Kaap maak as wat vir Hesseling en Bosman moontlik was.

In ’n heelwat later opstel oor “Die Afrikaans van Boniface” het Franken ’n paar uitsprake oor die herkoms van Afrikaans gemaak waarin hy hom meer eksplisiet oor dié kwessie uitlaat. Volgens hom het die Nederlandse koloniste in Suid-Afrika teen die tyd van Boniface se geskrifte (1830’s) “gepretendeer” om “Hollandsch” te besig, terwyl hul gesproke taal waarskynlik eerder soos dié van Johanna Duminy in haar dagboek was (Franken 1953: 188). Die taal in Boniface se geskrifte is, volgens Franken, “die eintlike Afrikaans, die van die kleurling, wat gaandeweg in die loop van ’n paar eeue geword het tot die beskaafde spreek- en skryftaal van die Afrikaanse Volk” (Franken 1953: 189).

In sy analise van Boniface se taalgebruik, maak Franken die stelling dat die hoofverskil tussen Afrikaans en Nederlands die “normalisasie van die verbum (is) wat ... sowel die sogenaamde defleksie as die verlies van die ablaut en van die imperfectum omvat”. Hoe dit gebeur het, stel hy soos volg:

“Die gebruik van die wisselvokaal in die sterk imperfectum het ... in verval geraak deur die uitsluitende besiging in die Hollands van die gekleurde van die perfectum om die verlede handeling uit te druk. Die ablaut kon hom deur die invloed van die offisiële Nederlands aan die Kaap in gesproke en geskrewe vorm

ook langs opvoedkundige weg langer handhaaf in die mond van die blanke en sodoende deur terugwerking weer in die mond van die kleurling, maar die werkwoordelike genormaliseerde sisteem, soos ander karakteristieke kenmerke van sy spraakgebruik, op Afrikaanse bodem in sy mond ontstaan, sou op die duur in die wisselwerking tusse[n] die Afrikaans van die witman en die van die kleurling, heeltemal ten gunste van die Afrikaans van die gekleurde oorslaan” (Franken 1953: 193).

Franken het ’n soortgelyke siening van ander taalverskynsels in Afrikaans. Hy sê dat die *vir*-konstruksie uit die “Basterportugees van die slawe” na Afrikaans oorgedra is. Hy vervolg met die stelling dat dit nie van belang is nie “of dit en andere kenmerke van dieselfde oorsprong direk ontstaan is in die mond van die blanke deur die inwerking van die Basterportugees gepraat deur homself, of indirek deur die Basterhollands gepraat deur die slaaf en vervorm onder dieselfde invloed, die praktiese taalkundige resultaat bly dieselfde” (Franken 1953: 192). Ander konstruksies eie aan Afrikaans het sins insiens ook uit die taal van die “oosterse slaaf in dié van die blanke gedring” (Franken 1953: 197).

Na aanleiding van hierdie analises stel Franken dit onomwonde dat die “grammatikale sisteem van die teenswoordige Algemeen Beschaafde Afrikaans reeds vroeg sy beslag gekry het in die mond van die spraakmakende kleurlinggemeenskap”. Volgens Franken vertoon die “natuurlike verloop van die ontwikkeling van Afrikaans, van die sewentiende tot die neëntiende, ’n geleidelike inwerking (...) van die Afrikaans van die kleurling, vereers op die van die Boer en ongeletterde kolonis en ten slotte op die meer Hollands getinte taal van die beskaafde inwoner van die hoofplaas” (Franken 1953: 194).

In sy slot herhaal Franken sy tese: “Die eintlike Afrikaans, m.i. die van die kleurling in die eerste plek in sy mond ontstaan, het gaandeweg ... buite sy grense getree tot sy lewensruimte die plaaslike sowel as maatskaplike gebied van die blanke in woord en skrif geheel omvat het ... [D]ie Vaderlandse stamtaal (het) maar in beperkte mate sy terugwerking laat geld.” Daarom voel hy dat taalkundiges eerder sg. “Kleurling-Afrikaans” moet bestudeer omdat dit min beïnvloeding van Nederlands of die “Hollands getinte gesproke Afrikaans” van blankes ondergaan het. Sodoende kan ons ’n beter blik op die geskiedenis en ontstaan van Afrikaans kry (Franken 1953: 202-3).

Franken se werkswyse was om spesifieke aannames van veral Hesseling, of punte van kontroversie tussen Bosman en Hesseling, te toets deur argivale ondersoek. Hy skenk veral aandag aan taalsosiologiese feite en die sosiohistoriese omstandighede van die ontstaan van Afrikaans. Hiervoor is hy later gekritiseer deur die Filologiese Skool, veral Scholtz (vgl. § 2.5). Roodt en Venter, wat binne die filologiese paradigma werk, beskou Franken as ’n “bricoleur” by wie feite-insameling eerder “omvangryk as indringend” was (Roodt & Venter 1984: 228). Dit mag so wees, maar Franken het deur sy feite-insameling ’n uiters waardevolle diens vir die Afrikaanse taalkunde bewys waardeur hy meer duidelikheid gebring het oor aspekte van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Die siening van die Filologiese Skool van Franken as bloot ’n oorgangsfiguur na meer ‘wetenskaplike’ en rigoristiese werk, sê meer oor dié benadering se vooroordele as oor Franken (vgl. Roberge 1990: 145). Sy sosiohistoriese situering van die data wat hy aanbied, het tot vandag toe waarde – daarom is hy van die vroeë taalkundiges die een wie se werk die meeste gebruik word.

## 2.4 Nienaber oor slawe, Khoekhoen en die variëteite van Afrikaans

G. S. Nienaber het nooit 'n spesifieke ontstaansteorie vir Afrikaans gepropageer nie, maar hy het hom ook nie in sy lang taalkundige loopbaan dogmaties aan een spesifieke teorie verbind nie. Hierdie inleidende hoofstuk is nie die plek om Nienaber se taalkundige ontwikkeling te ondersoek nie; daar word net gekyk hoe hy die sosiohistoriese aspekte van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, en veral die rol van slawe en Khoekhoen, deur die jare beoordeel en na waarde geskat het.

In Nienaber 1934 is die skrywer baie krities oor die ontstaansteorieë vir Afrikaans. Hy voel dat ontstaansteoretici geneig is om bewyse só te plooi dat hulle 'n vooropgestelde teorie ondersteun en om ook die datering van die ontstaan van Afrikaans deur die teorie te laat bepaal (Nienaber 1934: 6). Op grond van die uitsprake van reisigers en andere oor die taal van die koloniste, argumenteer Nienaber dat daar in die 19<sup>de</sup> eeu twee vorme van Afrikaans was, nl. die vereenvoudigde Nederlands van die koloniste en 'Hottentots-Hollands'. Tussen 1750-1800 het 'n Kaaps-Hollandse variant (onder die blankes) ontstaan wat die grondslag vorm van moderne Afrikaans. Maar hierdie variant het 'n Oostelike en Westelike vorm gehad, eersgenoemde is deur die Voortrekkers die binneland ingedra en het die basis van moderne Standaardafrikaans geword. Afrikaans het op die platteland ontstaan omdat dáár minder normatiewe invloed van die Nederlandse kultuurtaal was (Nienaber 1934: 10-22). Daarom moet mens "onderskei tussen beskaafde en plat Afrikaans, en tussen Afrikaans op die platteland en in die stede (dorpe)" (Nienaber 1934: 12). Nienaber bring 'n belangrike nuansering deur sy besef dat taalontwikkeling nie plotseling en op een slag plaasvind nie – dat die proses van taalverandering geleidelik was en geografies verskil het. Dit is 'n belangrike vooruitgang op die werk van die ontstaansteoretici wat deurgaans nie net die ontstaan van Afrikaans in die 17<sup>de</sup> eeu geplaas het nie, maar ook die verandering as 'n snelle proses binne 'n baie kort tyd beskou het.

Ook wat sy siening van die taalkontak in die vroeë geskiedenis van Afrikaans betref, stel Nienaber baie nuanserings voor wat oorweeg behoort te word: getalsterkte, sosiopolitiese faktore, tyd en plek van kontak, ens. Nienaber beskou die slawe-tale en Khoe as belangrike faktore om te oorweeg. Hy voel egter dat daar nog nie genoeg werk gedoen is om die invloed van Khoe op die koloniste se taal te bepaal nie (Nienaber 1934: 44-46). Naas taalkontak skenk Nienaber baie aandag aan kindertaal en die rol van "'n nuwe omgewing", faktore wat hy as baie belangrik beskou. Hy beklemtoon weereens dat Afrikaans die gevolg is van 'n wisselwerking van al hierdie faktore, sommige meer belangrik as andere in sekere stadia van die taal se ontwikkeling (Nienaber 1934: 54-55). In Nienaber 1934 skenk die skrywer self nie veel aandag aan hierdie voorstelle nie, maar dit word uitgewerk in sy tweedelige werk *Oor Afrikaans* (1949-1953).

In die eerste deel van *Oor Afrikaans*, wat hoofsaaklik handel oor die ontstaansteorieë, verklaar Nienaber: "Die ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands lê eintlik in die lig van die geskiedenis" (Nienaber 1949: 156). In die tweede deel gee hy dan 'n beskrywing van die ontwikkeling van Afrikaans teen die agtergrond van die maatskaplike toestande, deur 'n bespreking van vier tydperke: 1652-1662, 1662-1708, ca. 1708-1750 en ca. 1750-1800. Vir elke periode bespreek hy telkens die geskiedenis, die verskillende bevolkingsgroepe (en taalgroepe) afsonderlik en dan ontwikkelinge in die taal gedurende die onderhawige tydperk. Nienaber begin met die stelling dat daar voortdurend in die geskiedenis van Afrikaans 'n simbiose was tussen Europese tale, die plaaslike tale (by name Khoe) en die tale van die slawe (Nienaber 1953: 1).

Vir die periode 1652-1662 meen Nienaber dat die Khoekhoen “weinig of haas geen invloed” op die taal van die Nederlanders gehad het nie (Nienaber 1953: 78). Die rede hiervoor is dat Europeërs nie die Khoekhoen se taal aangeleer het nie, maar dat dit juis andersom geskied het. Ook die “krom-Nederlands” van die Khoekhoen het geen invloed op die kolonistetaal gehad nie (Nienaber 1953: 79). Die eerste besending slawe het “in die omgang” Nederlands geleer (Nienaber 1953: 81-82). Die samelewing aan die Kaap in die eerste tien jaar van kolonisasie is gekenmerk “deur die opeenhoping van verskeie kultuurvorme, insluitende taal, op ’n klein gebied” (Nienaber 1953: 82). Hierdie heterogene samelewing het bestaan uit Nederlandse dialektspreekers en “krompraters in verskeie grade” waaronder “nie-Nederlandse blankes”, slawe en Khoekhoen. Die kragte wat verandering sou meebring, was vroeg reeds aanwesig (Nienaber 1953: 83).

In die daaropvolgende periode (1662-1708) het groot veranderinge plaasgevind, veral wat die samestelling van die kolonistebevolking betref. Hierdie tydperk sien ook die verbroekeling van die Skiereilandse Khoekhoen. Die gebruik van Khoe as taal neem af en die Khoekhoen in die Kaap leer die Nederlanders se taal aan. Die Khoekhoen word “dus tweetalig en selfs mengeltalig” (Nienaber 1953: 114). Nienaber beskryf Khoekhoe-Nederlands as “krom en onsuiver” en meen dat dit ’n “egte verbasterde taalvorm” was wat ’n Nederlander slegs met moeite kon begryp het. Hierdie taal se “klank, vorm en gees is egter so vreemd aan wat die blankes... moes gebesig het, dat dit m.i. onmoontlik is om direkte invloed hiervan op die taal van die witmense geloofbaar te maak”, verklaar Nienaber (1953: 117).

In navolging van Franken argumenteer Nienaber dat naas die moedertale van slawe die algemene taal onder hulle Nederlands was (Nienaber 1953: 124-125). Daar was dus ’n “slawe-Hollands” wat nuwe slawe van reeds gevestigde slawe aangeleer het (Nienaber 1953: 125-126). Sodoende het nuwe slawe die tradisie wat hulle aangetref het, help bestendig. Nienaber beskryf die vorm van hierdie “slawe-Nederlands” as “krom of gebroke” en bespreek die voorbeelde van slawe- en Khoekhoe-uitinge wat Franken opgediep het (Nienaber 1953: 129-131). Die besluit waartoe Nienaber hieroor kom, is nogal verrassend. Hy sê dat met die uitsondering van die gebruik van *ons* en die gedeflekteerde werkwoordstam “daar niks buiten die woorde is wat *met Afrikaans* van later ooreenkoms vertoon nie en dat ook die gees en wyse van brabbeling dit onmoontlik maak om hierin die voorvorm van Afrikaans te sien” (Nienaber 1953: 131, sy kursivering).

Ten opsigte van die tydperk 1662-1708 en met inagneming van die taalverskeidenheid meen Nienaber dat die taaltoestand waarskynlik só uitgesien het: daar was (a) ’n groep sprekers wat “goeie Nederlands” gepraat het, (b) ’n groep wat ’n “gebroke vorm” van Nederlands gebruik het, en (c) sommige wat “vorme wat daartussenin lê” praat. Groep (a) bestaan uit Nederlandsgeborenes of die wat in Nederlandse huise aan die Kaap grootgeword het. Die slawe, Khoekhoen en “waarskynlik tot hulle vyfde-sesde jaar sommige blanke kinders wat veel in geselskap van aias of nie-blanke speelmaats verkeer het” vorm groep (b). Nienaber sê dat ons nie “voldoende ingelig” is oor die sprekers van groep (c) nie, maar meen dat hulle waarskynlik “minder-goed aangepaste vreemdelinge behels, sowel onder die besetting as onder die vryburgers, asook ‘Afrikanertjies’ hier gebore uit ouers wat nie albei regstreeks Nederlanders is nie” (Nienaber 1953: 134-135). Nienaber opper die belangrike vraag oor die onderskeid tussen hierdie verskillende variëteite van Nederlands: “waar lê die grens tussen, eerstens, die gebroke Nederlands van byvoorbeeld die slawe en Afrikaans, en tweedens, tussen (onbeholpe) vreemdelinge-Nederlands en Afrikaans?” (Nienaber 1953: 135-136). Vir Nienaber moet ’n teks “meer Afrikaans wees as iets anders” en nie net “toevallige ooreenkomste” vertoon nie voordat dit as Afrikaans bestempel kan word. Op grond van hierdie kriterium verklaar hy

dan dat die taal van blanke koloniste teen 1708 nie Afrikaans genoem kan word nie, hoogstens “Kaapse koloniale Nederlands”. Die proses wat reeds met Van Riebeeck begin het, is verder gevorderd en “sterker verbrokkelende magte” is reeds aan die werk, maar Afrikaans is nog nie heeltemal gevorm nie (Nienaber 1953: 136).

Nienaber bespreek ook moontlike invloed van die tale van die Khoekhoen en slawe op Afrikaans. Khoekhoe-Nederlands self kon nie ’n groot invloed gehad het nie omdat daar ’n “baie duidelike grens tussen die beskaafde en verbrokkelde vorms” van Nederlands bestaan het (Nienaber 1953: 146). Wat Khoe self betref, was die invloed beperk tot leksikale ontlening. Die invloed van slawetale was ook beperk tot woordontlenings uit Maleis en Portugees, wat nie van diepgaande invloed getuig nie (Nienaber 1953: 146-49).

Vir Nienaber was Nederlands “die oorwinnende taal” in die 17<sup>de</sup>-eeuse Kaap wat alle groepe in een of ander vorm geken het. Twee groepe faktore het op die koloniste se Nederlands ingewerk: “nuwe lands- en lewensomstandighede” wat veroorsaak het dat daar groter “veelheid, onsekerheid en dubbelsinnigheid in wisselvorme” was; en “die krom-taal-vorme wat veral op die taalstruktuur (morfologie, sintaksis) en sfeer kon ingewerk het” (Nienaber 1953: 151-2). Die koloniste se taal bly egter steeds “essensieel Nederlands”, terwyl die ander Nederlandse variëteite (soos deur Khoekhoen en slawe gebruik) nóg Nederlands, nóg Afrikaans is (Nienaber 1953: 152). Nienaber het, soos vele van sy tydgenote, Afrikaans baie eng as slegs die taal wat deur ‘blankes’ gepraat is, beskou.

Vir die periode 1708-1750 beklemtoon Nienaber die bykans totale verbrokkeling van die Khoekhoese tradisies en hul geleidelike opname in die koloniale ekonomie en samelewing. Die “noue en langdurige aanraking” tussen die Khoekhoen en Europeërs het veroorsaak dat die Khoekhoen se kennis van die koloniste se taal snel verbreed het (Nienaber 1953: 187-9). Oor die aard van die Khoekhoen se Nederlands meen Nienaber dat hulle “taamlik seker ’n eie dialek daarop nagehou” het (Nienaber 1953: 190-191).

Wat die slawe betref, wys Nienaber veral op hul groot getalstoename gedurende hierdie tydperk, soveel so dat daar teen 1711 meer slawe as koloniste in die Kaap was (Nienaber 1953: 194-95). Op grond van die herkoms van slawe reken Nienaber dat Maleis en Kreools-Portugees wel onder sommige slawe as verkeerstaal gedien het. Hy gebruik egter die syfers van Franken oor vertolking in Maleis en Portugees en wys daarop dat ’n “onbevange lesing” daarvan wys dat daardie slawe wat nie Nederlands geken het nie, “die uitsondering is”. Dit lei Nienaber tot die slotsom dat ofskoon Maleis en Kreools-Portugees onder die Oosterse slawe gebruik was, ’n vorm van Nederlands “verreweg die belangrikste slawetaal was” (Nienaber 1953: 197-202, aanhaling p. 202).

Opsommenderwys sê Nienaber dat die verskeie faktore wat die Kaapse samelewing beïnvloed het, drie “kringe” ontwikkel het – iets waarvan die taal spore vertoon. Hierdie kringe behels (a) “die minder-gegoede binnelandse veeboer”, (b) die “meer gevestigde en bemiddelde Bolandse landbouer”, en (c) die amptenare en “ingesetenes” in Kaapstad. Op grond hiervan maak Nienaber dieselfde onderskeid as in sy vroeëre werk (Nienaber 1934), nl. tussen die taal van die stad wat meer behoudend is weens die gebruik daarvan in hoër funksies en die daarmee gepaardgaande groter aantal Nederlandssprekendes en beter geskoolde mense; en die taal van die platteland waar isolasie en gebrek aan skoling lei tot ’n swak taalhandhawing. Hierby kom ook die faktor van “aanraking met die nie-blankes”: die binnelandse koloniste het veel meer kontak met Khoekhoen en dus Khoekhoe-Nederlands, terwyl die invloed van slawetale (Maleis, Kreools-Portugees en slawe-Nederlands) groter was in die Boland (Nienaber 1953: 205-6). Met hierdie nuansering van die taalsosiale toestand kom Nienaber baie nader aan die realiteit as vele van sy voorgangers.

Die laaste hoofstuk is die langste en behandel die tydperk ca. 1750-1800. Nienaber beskou hierdie tydperk as die belangrikste in die taalgeskiedenis omdat die taal gedurende hierdie tyd “duidelik iets anders van struktuur” word – die taal van die koloniste is nie meer Nederlands nie, maar ’n duidelike Kaapse variant daarvan (Nienaber 1953: 208). Vervolgens behandel hy die drie taalgroepe wat hy in die vorige hoofstuk aangestip het, die (blanke) inwoners van Kaapstad, die Bolandse landbouers en die plattelandse veeboere. Hoewel daar ook variëteite in die Kaapstadse taalkring was, was die behoudende kragte daar groter en die Nederlands oor die algemeen meer konserwatief (Nienaber 1953: 214-23). Oor die tweede groep laat Nienaber hom min uit, maar meen dat hul taal “minder ‘korrek’ en ryk was as die [Kaapstadse] Nederlands” (Nienaber 1953: 226). By die veeboere egter, het hul isolasie gelei tot die ongehinderde gang van “taalontwikkeling” – dit het dus die verste van Nederlands ontwikkel (Nienaber 1953: 226-36).

In sy bespreking van die slawegeskiedenis van hierdie tydperk, beklemtoon Nienaber die verspreiding van die slawe en hul herkoms. Die meerderheid van slawe was in die Kaapse distrik saamgetrek waar hulle die Europese bevolking totaal oortref het. Terselfdertyd was die slawebevolking aan’t kreoliseer, m.a.w. plaaslik gebore (Nienaber 1953: 250-55). Die kreolisering van die slawe is belangrik omdat mens dan “moet aanneem dat die meerderheid van hulle reeds ’n vorm van Slawe-Hollands as moedertaal gepraat het” (Nienaber 1953: 255). Waar slawe nog ingevoer was, was hulle van Oosterse herkoms, met die gevolg dat Maleis en Kreools-Portugees ’n “mag” was en dat sommige blankes en Khoekhoen geleer het om hulle “te brabbel”. Die Oosterse slawe het dit egter voordelig gevind om “Slawe-Hollands” te leer (Nienaber 1953: 255-59).

Gedurende hierdie tyd het die Khoekhoen as tradisionele volk finaal ondergegaan en hul taal verloor, sodat feitlik almal teen ca. 1800 “Kreools-Nederlands” gebruik het (Nienaber 1953: 264-69). Die aard van hierdie taal is sterk beïnvloed deur Khoe self (Nienaber 1953: 276-80). Vervolgens bespreek Nienaber wat hy ’n “prinsipiële saak” noem, nl. die moontlike beïnvloeding van Khoekhoe-Nederlands op Afrikaans. Hy benadruk die onderskeid van twee prosesse. Aan die een kant is daar “Kreools-Nederlands” of “Kreools-Afrikaans” soos deur die Khoekhoen gebruik. Hierop het Khoe ’n “beslissende inwerking gehad” en kom “hul denkwysse tot openbaring”: “Dit is ’n aparte, ’n eie taalvorm met sy eie gedraging en sy eie gees en sfeer” (Nienaber 1953: 280). Aan die ander kant is daar die taal van die koloniste “met ’n wesentlik onderskeidende ontwikkeling wat ’n direkte, ononderbroke voortsetting van die Nederlands is wat hierheen gebring is en hier langs eie bane sy besondere wordingsproses deurmaak” (Nienaber 1953: 281). Khoekhoe-Afrikaans is dus eerder ’n “Nebensprache” van Afrikaans, soos Jiddisj van Duits. Die “hooftaal en newetaal” (Afrikaans en Khoekhoe-Afrikaans) kon mekaar “elkeen op sy eie wyse nader”. Die werkwoord in Afrikaans en Kreools-Afrikaans kan apart ontwikkel en “formeel saamval ... sonder dat dit onder inwerking van Kreools-Afrikaans hoef te geskied het: *langs twee aparte weë* dus kan dieselfde uiteindelijke toestand bereik word”. Tog, sê Nienaber verder, “kan en sal in meer as een opsig deur die simbiose van die twee vorme van dieselfde taal, die een geadopteer, die ander geadopteer, beïnvloeding voorkom, kan met ander woorde in Afrikaans kreolismes hulle verskyning maak”. Histories gesproke kan mens eers van die begin van die 19<sup>de</sup> eeu af aktiewe “inwerking van hierdie Kreools” verwag en kreolismes sal kan begin posvat (Nienaber 1953: 281, sy kursivering).

Op hierdie wyse gee Nienaber ’n voorstelling van die ontwikkeling van Afrikaans wat vele ooreenkomste vertoon met die Konvergensieteorie (vgl. § 4.2). Nienaber word egter verblind deur sy (vir sy tyd tipiese) absolute oortuiging dat die Afrikaans van blankes nie dieselfde is as dié van “anderskleuriges” nie – dat die ontwikkeling van

Afrikaans apart beskou moet word as bv. "Kleurling-Afrikaans". In sy latere werk het Nienaber heelwat gedoen om meer uit te vind oor die Khoe-tale (vgl. bv. Nienaber 1963) en hul moontlike invloed op Afrikaans. Hy is byvoorbeeld bekend vir sy voorstel dat die negatief in Afrikaans deur 'n soortgelyke konstruksie in Khoe beïnvloed is (Nienaber 1955: 22-38). Ofskoon Nienaber later nog voorstelle oor leksikale en ander moontlike beïnvloeding uit Khoe of Khoekhoe-Nederlands op Afrikaans gemaak het (bv. Nienaber 1964: 202-7), het hy nooit weer sy siening so duidelik gestel oor hoe dit in die lig van die geskiedenis gebeur het as in Nienaber 1953 nie. Nienaber verdien baie dankbaarheid vir sy groot werk om die rol van die Khoekhoen op die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans onder die soeklig te bring en moderne taalkundiges wat in hierdie onderwerp belang stel, is baie aan hom verskuldig.

## 2.5 Scholtz en die bloei van die filologiese benadering

J. du P. Scholtz beklee 'n besondere posisie in die ontwikkeling van die Afrikaans<sup>e</sup> historiese taalwetenskap. Hy word geëer as die persoon wat die historiese bestudering van Afrikaans op wetenskaplike grondslag geplaas het, veral weens sy aandrag op bronneversameling en -ontleding enersyds en op die beskouing van data binne 'n streng teoretiese raamwerk andersyds (Roodt & Venter 1984: 229-30). Scholtz het ook die tendens wat sedert Bosman aanwesig was, naamlik om nou aandag te skenk aan Nederlandse dialektiese gegewens, tot 'n absolute voorvereiste vir die bestudering van Afrikaans gemaak. Hy kan inderdaad as die grondlegger van die Filologiese Skool van ondersoek na Afrikaans beskou word. Dit is daarom dat uitstaande eksponente van hierdie denkrigting, soos Edith Raidt, hom beskou as die eintlike grondlegger en baanbreker van die Afrikaanse historiese taalwetenskap (vgl. Raidt 1991: voorwoord; 1994: viii).

Scholtz het hom aanvanklik, in die 1930-40's, toegespits op navorsing oor die eksterne geskiedenis van Afrikaans, veral oor die 19<sup>de</sup> eeu (vgl. Scholtz 1965). Vanaf die 1950's konsentreer hy op verskillende aspekte van die interne geskiedenis van Afrikaans (Scholtz 1963 & 1972). Hierdie verandering hou verband met die begin van Van Oordt se publikasie van bronnemateriaal in *Die Kaapse Taalargief* (1947-1956) (vgl. Raidt 1980: 12). Hieruit is dit duidelik dat Scholtz nooit 'n volledige geskiedenis van Afrikaans geskryf het nie; hy het self sy opstelle as "voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans" bestempel. Daarom is dit moeilik om mens uit te laat oor sekere aspekte van Scholtz se sienswyse van Afrikaans, veral dit wat hier tersaaklik is, nl. die gebruik van sosiohistoriese gegewens en die bydrae van Khoekhoen en slawe tot die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Aangesien Scholtz so 'n groot invloed op die Afrikaanse taalwetenskap gehad het, en sy werk so toonaangewend geword het, is dit tog belangrik om te probeer uitpluis wat sy sieninge hieroor was.

Een aspek van die vernuwing wat Scholtz in die Afrikaanse historiese taalwetenskap gebring het, is sy wetenskaplike werkswyse (Raidt 1980: 2-4). Dit behels enersyds 'n rigoristiese analise en gebruik van linguistiese data, en andersyds 'n streng strukturalistiese benadering tot die beskrywing van taal en taalverandering (vgl. Raidt 1980: 11-12). Scholtz het die strukturele taalwetenskap as baie belangrik beskou en homself as 'n eksponent daarvan gesien (vgl. bv. Scholtz 1965: 254-56). Die strukturalistiese benadering tot die analisering en beskrywing van data hou sekere gevolge in. Anders as die vroeëre ontstaansteoretici, konsentreer Scholtz op sekere spesifieke grammatikale konstruksies, strukture en taalverskynsels. Naas verskeie opstelle oor fonetiese en fonologiese ontwikkelinge, het Scholtz veral gekonsentreer op die verbale sisteem (Scholtz 1963: 9-51, 162-8; 1972: 1-34; 1980:

79-89), die pronominale sisteem (Scholtz 1963: 52-121; 1980: 65-71) en die verlies aan genusonderskeiding (Scholtz 1963: 122-145; 1972: 35-43; 1980: 72-78).

Tipies vir Scholtz se strukturalistiese benaderingswyse is dat daar 'n eksplisiete beskrywing van die onderhawige verskynsel gegee word, met goeie verwysing na die bronne waarin dit voorkom (vgl. Raidt 1980: 8-11). Gewoonlik is die doel daarvan om die struktuur of verskynsel te dateer en vas te stel teen watter tyd dit algemeen in die "omgangstaal" was. Die gevolg van hierdie strukturalistiese werkswyse is dat Scholtz gewoonlik nie *verklaar* hoedat so 'n struktuur of verskynsel ontstaan het nie, of hoekom dit ontwikkel het soos hy dit voorstel nie (vgl. bv. Scholtz 1963: 144). Moontlik het hy gevoel dat die beskrywing en datering van taalverskynsels in Afrikaans 'n 'voorstudie' is tot die uiteindelijke geskiedskrywing. Scholtz het egter mettertyd hiervan afgewyk en tog met tye verklarings in sy latere werk gegee. So byvoorbeeld gee hy in 1980 'n "verklaring van die wording van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel", wat hy nie in sy groots opgesette vroeëre opstel oor dieselfde onderwerp doen nie (Scholtz 1980: 87-89; vgl. 1963: 9-51).

Scholtz se sienswyse is dat die hele grammatikale sisteem outonoom en stelselmatig in 'n sekere rigting beweeg het (bv. Scholtz 1963: 48).<sup>5</sup> Dit hang nou saam met sy siening dat Afrikaans uit die Nederlandse dialekte ontwikkel het. Alhoewel Scholtz dit nooit eksplisiet as sy teorie uitgespel het nie, loop die aanname dat Afrikaans geleidelik uit 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlands (dialekties en die kultuurtaal) ontwikkel het, dwarsdeur sy werk (vgl. Roberge 1990: 142). Op verskeie plekke sê hy dat ons slegs meer oor 'n saak in Afrikaans kan weet indien die 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlandse dialekte beter bestudeer is (bv. Scholtz 1963: 145, 166; vgl. 87-90; 1972: 34). Enkele kere merk hy wel op dat Afrikaans uit die Nederlandse dialekte, meer spesifiek Hollands, ontwikkel het (Scholtz 1963: 10, 142, 187-8, 248, en veral 1980: 49-55). In sy besprekingsartikel van Kloeke kom Scholtz die naaste aan 'n eksplisiete teorie oor die ontstaan van Afrikaans. In teenstelling met Kloeke glo Scholtz nie aan die vroeë ontstaan van Afrikaans nie, maar stem met hom saam dat Afrikaans nie die resultaat van 'n "mengsel" van alle Nederlandse dialekte saam met 'Maleis-Portugees', Frans en Duits is nie (Scholtz 1963: 256). Volgens hom wys sy bronnestudie "veeleer na 'n geleidelike wysiging van die 17<sup>de</sup>-eeuse Hollands in die rigting van Afrikaans. ... (D)ie *groei* (het) begin met die vestiging van die volksplanting aan die Kaap; die huidige struktuur van Afrikaans is alleen te begryp as die resultaat van 'n proses van verskuiwings wat nou met mekaar saamhang en oor 'n aansienlike tyd voortgegaan het" (Scholtz 1963: 255, sy kursivering). Dit is duidelik hieruit hoe Scholtz verskil van die ontstaansteoretici: Afrikaans het nie teen 'n sekere tyd "ontstaan" nie, maar geleidelik "geword". Die beeld wat uit Scholtz se werk na vore kom, is dat die taal aan die Kaap gedurende die 17<sup>de</sup> en veral die 18<sup>de</sup> eeu stadig Afrikaans geword het deur 'n geleidelike ontwikkeling van tendense aanwesig in 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlands (vgl. bv. Scholtz 1972: 34). Die gebruik van Nederlandse dialektiese materiaal is vir Scholtz kardinaal. Die geskiedenis van Afrikaans is nie te bestudeer "sonder kennis van die Nederlandse historiese taalwetenskap van vroeër" nie (Scholtz 1965: 256), en "as ons Afr(ikaanse) vorme wil verklaar, moet ons in die eerste plek na Nederland kyk" (Scholtz 1963: 140). Wat sy siening van die rol van sg. "vreemdelinge" in die proses is, kan mens agterkom uit Scholtz se gebruik van data.

---

<sup>5</sup> Hy maak gebruik van Sapir se konsep "drift" wat skynbaar 'n belangrike rol gespeel het in sy siening van die struktuurverandering van Afrikaans. Ook Raidt het dit aanvanklik so beskou (vgl. Raidt 1994: 16-32). Vgl. Lass (1997: 301-3) oor die gebruik van die konsep "drift" in historiese taalkunde.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat Scholtz se werkswyse implisiet binne 'n sekere 'ontstaansteoretiese raamwerk' opereer. Hierdie 'ontstaansteorie' kom ook na vore in Scholtz se gebruik van linguistiese data. Soos Raidt opgemerk het, was Scholtz weens sy strukturalistiese benaderingswyse geneig om 'n "atomistiese taalbeskrywing" te gee "waar hy net die linguistiese data wou 'laat praat' met sorgvuldige vermyding van sosiologiese faktore..." (Raidt 1994: x; vgl. 1980: 4, 10, 12).<sup>6</sup> Dit kom duidelik na vore in sy oorsigtelike *Wording en Ontwikkeling van Afrikaans* (1980) waarin hy geen aandag skenk aan die sosiohistoriese omstandighede waarbinne uitings gemaak is, of enige ander taalsosiologiese of -historiese faktore nie. Hierdie oortuiging van Scholtz, dat alleen die linguistiese data van belang is, blyk ook uit sy kritiek op die vroeë ontstaansteorieë vir Afrikaans (sien hieronder). Maar selfs Scholtz se gebruik van data is nie onpartydig nie. Dit word definitief beïnvloed deur sy eie 'ontstaansteorie', hoewel hy ook wat dit betref mettertyd verander het.

Die bronne waarop Scholtz steun, is hoofsaaklik *Die Kaapse Taalargief* van Van Oordt, en die geskifte van Wikar en Duminy uit die 18<sup>de</sup> eeu, asook Piet Retief, Trichardt en ander bronne uit die 19<sup>de</sup> eeu. Hy heg veral baie waarde aan uitings van "gebore Kapenare" – hulle uitings is meer verteenwoordigend van dit wat in Afrikaans ontwikkel het (vgl. bv. Scholtz 1963: 134; 1972: 36). Soos baie van die ander taalkundiges van sy tyd en vroeër, het Scholtz 'n eng siening van wat Afrikaans is. Self verwys hy gewoonlik na die "kolonistetaal" of die "burgertaal" waaruit Afrikaans ontwikkel het. Scholtz neem slegs daardie data in ag wat van belang vir hierdie ontwikkeling is. Hierdie benadering kom duidelik na vore in sy bespreking van data oor "vreemdelinge", Khoekhoen en slawe.

Op verskeie plekke sê Scholtz dat ons nie die taalgebruik van vreemdelinge, Duitsers, die Franse Hugenote, Khoekhoen en slawe "te hoog moet aanslaan nie" (Scholtz 1963: 10; vgl. ook 1963: 15, 84). Scholtz is veral afwysend teenoor 'Afrikaanse' vorme in die taal van Duitsers (bv. Scholtz 1963: 15, 204). In hierdie verband is Scholtz se houding teenoor die uitinge van slawe en Khoekhoen insiggewend. Ofskoon Scholtz bewus is van slawe- en Khoekhoe-uitinge, en hulle altyd pligsgetrou onder die relevante rubrieke noem, neig hy om hulle nie te bespreek soos hy met die uitinge van koloniste doen nie (bv. Scholtz 1963: 78, 111). Wat byvoorbeeld die Khoekhoe-uitinge in Kolb betref, sê Scholtz dat hulle "op geen manier in verband met Afr(ikaans) gebring (kan) word nie" (Scholtz 1963: 26). Die kwessie van die gebruik van *ons* in subjektiewe posisie is tipies vir Scholtz se vroeë gebruik van materiaal van slawe en Khoekhoen. Hoewel hy na dié uitinge verwys, wend hy geen poging aan om die gebruik van *ons* in die taal van slawe en Khoekhoen in verband te bring met dié van die koloniste nie (Scholtz 1963: 93-94). Later stel hy dit eksplisiet: "Die feit dat *ons* aan die einde van die 17<sup>de</sup> en begin van die 18<sup>de</sup> eeu die eerste in die mond van Hottentotte en slawe opgeteken is, sê min omtrent die herkoms van die gebruik" (Scholtz 1963: 105-6). In 'n aanvullende artikel oor hierdie onderwerp, vra Scholtz "waar (het) die Hottentotte en slawe aan hierdie gebruik van *ons* gekom"? Hy argumenteer dan dat hulle dit van die koloniste, wat dit wel gebruik het (en dit so uit Nederlandse dialekte oorgeërf het), geleer het. Die koloniste het egter bewustelik die gebruik daarvan uit hul skryftaal geweier. Omdat die Khoekhoen en slawe "op 'n laer sosiale trap gestaan (het), buite die sfeer van die

<sup>6</sup> Alhoewel dit in die praktyk wel só was in Scholtz se opstelle oor die interne geskiedenis van Afrikaans, het hy self eens, in verband met die Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat, verklaar: "Taal moet as maatskaplike verskynsel steeds bestudeer word in nou verband met die ekonomiese, sosiale en kulturele toestand van die gebruikers van die taal" (Scholtz 1963: 225). Ongelukkig het hy homself gewoonlik nie aan hierdie uitspraak gehou nie, hoewel hy hom soms uitgelaat het oor die "sosiale stand" van groepe (vgl. Scholtz 1963: 116). Vgl. ook die belangrike uitlating in sy opstel oor Van Reede: "Elke taaluiting vind in 'n bepaalde situasie plaas. Kennis van die situasie help die hoorder of leser om die uiting te verstaan en sy waarde as getuigenis reg te skat" (Scholtz 1963: 268).

Nederlandse kultuur, ... (is) dit nie altyd nodig geag om hulle taalgebruik op skrif te beskaaf of te verdefstig nie” (Scholtz 1963: 115-16).

Dit blyk uit die voorafgaande dat by Scholtz, veral wat sy opstelle uit die 1950's en vroeë 1960's betref, die koloniste of 'burgers' – veral die plaaslik gebore Nederlandssprekendes – die fokus van ondersoek is. Die ander, veral die slawe en Khoekhoen, is randfigure wie se taalgebruik minimale invloed kon gehad het. Tog het Scholtz sy mening oor die rol van “vreemdelinge” se invloed op die wordende Afrikaans mettertyd gewysig.

In sy latere werk *Afrikaans-Hollands in die Agtiende Eeu* (1972) vul Scholtz van sy vorige artikels aan. Wat hier van belang is, is hoe hy in hierdie werk afwyk van sy vroeëre gebruik van bronne. Scholtz begin hierdie werk met die opmerking dat die “juiste beoordeling” van die uitinge van Duitsers en Franse wat Nederlands probeer skryf “heelwat moeilikhede” oplewer (Scholtz 1972: 1). Hy sê self dat hy nou geneig is om “meer waarde te heg” aan vorme in die Nederlands van koloniste met 'n Duitse herkoms (Scholtz 1972: 4). Hy gaan selfs so ver as om te verklaar dat daar 'n “soort Kaapse vreemdelinge-Nederlands” was waarin sekere kenmerke, tipies vir sprekers van Duitse herkoms, voorgekom het (Scholtz 1972: 23). Op ander plekke gebruik hy, anders as vantevore, data van sprekers met Duitse herkoms (bv. Scholtz 1972: 27, 28, 38, 85).

Scholtz is eweneens in hierdie werk bereid om meer waarde te heg aan die rol van sprekers van “vreemdelinge-Nederlands”. So byvoorbeeld konkludeer hy dat hoewel daar reeds in dialektiese Nederlands van die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu 'n neiging tot die opheffing van kongruensie was; “die besondere omstandighede waarin Hollandssprekendes aan die Kaap verkeer het – voordurende aanraking met sprekers van ander dialekte en met tairyke vreemdtaliges wat almal Holl(ands) leer praat het – medeverantwoordelik vir die vinnige verandering wat daar plaasgevind het, (gehou moet word)” (Scholtz 1972: 18). In sy laaste werk het Scholtz dit op verskeie plekke nog duideliker gestel. So byvoorbeeld sê hy dat sekere verbale vorme waarskynlik onder invloed van “die gebroke Nederlands van Duitssprekendes al in die eerste kwart van die 18<sup>de</sup> eeu oral in die Afrikaans-Hollands van burgers en ander bevolkingselemente ingedring het”. 'n Paar reëls verder stel hy dit dat “vreemdelinge-Nederlands wel 'n rol van betekenis in die wording van Afrikaans gespeel het” (Scholtz 1980: 84). In sy verklaring van die Afrikaanse verbale sisteem in hierdie laaste boek, reken Scholtz dat daar waarskynlik drie faktore was wat almal bygedra het tot hierdie verandering, nl. (1) “ongehinderde analogiewerking”, (2) “dialekmenging”, en (3) “invloed van vreemdelinge-Nederlands en, in minder mate, van die vreemde tale self” (Scholtz 1980: 88).

Scholtz het ook van opinie verander oor die gebruik van slawe- en Khoekhoe-uitinge. Hy is nie meer so afwysend teenoor die vroeë uitings van slawe en Khoekhoen met tipiese Afrikaanse verskynsels nie, maar waarsku nogtans dat “ons nie altyd (weet) of dié kenmerkende elemente ook deel van die burgertaal van die tyd was nie” (Scholtz 1972: 2). Waar hierdie werk verder afwyk van sy vroeëre, is dat Scholtz nou ook in die linguistiese data wat hy as bewys aanbied, uitinge van slawe en Khoekhoen opneem, sonder om 'n onderskeid tussen hulle en dié van die blanke koloniste te maak (bv. Scholtz 1972: 9-12, 25). In dieselfde trant is Scholtz ook minder afwysend oor die heel vroeë slawe- en Khoekhoe-uitinge en sê dat hulle ons “wel iets” leer, “maar op verre na nie genoeg nie”. Daarby voeg hy dat ons hulle nie behoorlik na waarde kan skat indien ons nie weet hoe die “Kaapse burger-Hollands” van die tyd was nie (Scholtz 1972: 33-34). Ten spyte hiervan gaan Scholtz so ver om op grond van slawe- en Khoekhoe-uitinge die gevolgtrekking te maak dat *het* “in al drie persone ekv. en mv., al kort na die begin van die 18<sup>de</sup> eeu in algemene gebruik in eg Kaapse taal was” (Scholtz 1972: 11, vgl. 1980: 81 n. 2). Later sê Scholtz dat “as dit aangeneem mag word” dat die voorbeelde van Khoekhoen en slawe se gebruik van *ons* met 'n enkelvoudige

werkwoordvorm uit die vroeë 18<sup>de</sup> eeu “die taal van die burgerbevolking van die tyd reflekteer”, dit beteken dat die proses van opheffing van getalsverskil al vroeg voltrek is (Scholtz 1980: 80). Ofskoon Scholtz dit versigtig stel, is dit duidelik dat hy mettertyd meer aandag aan uitinge van nie-Nederlandssprekendes gee en hulle van groter waarde beskou.

Daar is dus ’n progressie in Scholtz se werk tot ’n groter inklusiwiteit sover die gebruik van data en moontlike faktore van beïnvloeding aangaan. Dit ten spyte, bly hy steeds geneig om feitlik alle verskynsels in Afrikaans as oorerwings uit Nederlands te beskou. Konstruksies en verskynsels wat deur sommige taalkundiges as kreolismes beskou is, probeer Scholtz uit dialektiese materiaal te verklaar, bv. die demonstratiewe (Scholtz 1972: 39-40), die *se*-konstruksie (Scholtz 1980: 71), die dubbele negatief (Scholtz 1980: 90-1) en funksiewisseling (Scholtz 1980: 96-7). Hierteenoor reken hy dat Kreools-Portugees waarskynlik die bron van die *vir*-konstruksie is (Scholtz 1980: 93) en wil hy hom, in teenstelling met sy vroeëre werk waar hy eerder ’n dialektiese verklaring aanhang (Scholtz 1963: 158-160), nie oor die herkoms van reduplikasie uitlaat nie (Scholtz 1980: 95).

Ter opsomming kan gesê word dat binne die raamwerk van Scholtz se ‘implisiete teorie’ die teenwoordigheid van vreemdelinge-Nederlandssprekers en ander vreemdetaalsprekers, sekere ‘neigings’ wat reeds in die taal van die koloniste was (wat hulle uit Nederland saamgebring het) kon versterk, aanhelp of bevorder, maar dat hierdie ‘vreemdelinge’, in die meeste gevalle, nie die oorsaak daarvan was nie (vgl. bv. Scholtz 1972: 39). Vreemdelinge-Nederlands dra by tot die teenwoordigheid van “taalversteurende faktore” (vgl. Scholtz 1963: 205), maar in die algemeen versterk dit tendense tot vereenvoudiging wat reeds in die taal teenwoordig was (vgl. Scholtz 1980: 74-6, 90-91). Veral Scholtz se siening van die ontwikkeling van die verbale sisteem is tipies hiervan: “vreemdelinge” is nie die oorsaak van die verandering nie, maar het wel bygedra tot die ontwikkeling (Scholtz 1980: 87-89).

Uit bogenoemde kan mens sien dat Scholtz na aan Bosman se vreemdelinge-Nederlands teorie begin beweeg het. Bosman het in 1923 sover as moontlik alle Afrikaanse konstruksies en verskynsels uit Nederlands probeer verklaar, met die invloed van vreemdelinge-Nederlands om daardie dinge wat totaal ‘onnederlands’ is en die ‘vinnige’ verandering van Afrikaans te verklaar. Scholtz bring ’n geweldige nuansering deur te wys op die geleidelike proses en die samehang van verskillende veranderinge, maar in wese is sy (implisiete) teorie dieselfde: Afrikaans het natuurlik en geleidelik uit Nederlands ontwikkel, vreemdetaalsprekers het sekere tendense versterk en sommige konstruksies die taal laat binnekom, maar Afrikaans is, soos hy dit self stel, “in hart en niere” Nederlands.

## 2.6 Valkhoff en die polemieë oor ‘kreolisering’

Marius Valkhoff se werk het ’n waterskeiding in die Afrikaanse historiese taalkunde veroorsaak. Dit is nie soseer omdat hy nuwe materiaal ontdek of ’n groot bydrae tot die kennis van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans gemaak het nie; maar veel eerder weens die vroeë en probleme wat hy geopper het, en die reaksie wat hulle ontlok het. Die waarde van Valkhoff se werk lê daarin dat hy die ontstaan van Afrikaans binne die konteks van die toe pas ontluikende kreolistiek geplaas het. Weens sy kritiek op Afrikaanse taalkundiges moes en het hulle op sy werk reageer. Daarbenewens het die feit dat Valkhoff in Engels geskryf het, en binne die kader van die kreolistiek, veroorsaak dat sy werk internasionaal aandag gekry het, en die belangstelling van kreoliste in Afrikaans aangewakker het (vgl. Roberge 1990: 145-46). Dit is waarskynlik weens die kritiek van Valkhoff dat mense soos

Raidt meer aandag aan die sosiohistoriese omstandighede van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans gegee het, en dat sekere Afrikaanse verskynsels met omstrede herkoms opnuut ondersoek is (vgl. § 2.7).

Valkhoff 1966 probeer om Hesseling se teorie weer onder die aandag van taalkundiges te bring. Die skrywer gee min nuwe data oor die vroeë geskiedenis van Afrikaans, maar steun op die werk van taalkundiges, veral Franken en in 'n mindere mate Nienaber, en historici om die teorie van Hesseling te steun en aan te pas. Valkhoff is vernuwend omdat hy na die ontstaan van Afrikaans gekyk het in 'n breër perspektief van kreoolgenese. Dit, asook sy kritiek op die destydse Afrikaanse taalhistoriese paradigma, het 'n belangrike invloed op latere navorsing gehad. Aangesien Valkhoff geen nuwe sosiohistoriese data bring nie, en sy werk hoofsaaklik terugval op Hesseling en Franken, word hier nie baie aandag daaraan geskenk nie. Wel word sy kritiek op die Afrikaanse historiese taalkunde en sy kreoolse perspektief bespreek.

Valkhoff staan baie krities teenoor die manier waarop ondersoek na die geskiedenis van Afrikaans gedoen is. Hy het dit veral teen die 'compartimentage' – die onderskeid wat daar getref is tussen die Afrikaans van verskillende groepe. Die klem wat iemand soos Scholtz op die taal van die koloniste gelê het, is vir Valkhoff 'n aanduiding van 'n rassistiese benadering tot die studie van Afrikaans (Valkhoff 1966: 5-6). Volgens Valkhoff behoort mens nie 'n onderskeid te tref tussen byvoorbeeld die taal van die 'Kleurlinge', die Griekwas en die blankes nie, almal is variëteite van Afrikaans – “various stages of more or less ‘advanced’ Afrikaans” (Valkhoff 1966: 6). Sy kritiek teen die aanname dat Afrikaans Nederlands in 'karakter' is, en dat mens feitlik alles kan verklaar deur die Nederlandse dialekte te bestudeer, hang hiermee saam (Valkhoff 1966: 4, 20-22, 192-93). Volgens hom is Afrikaans en Nederlands aparte tale en mens moet eerder verklaar waarom die twee tale soveel *verskil*, as om ooreenkomste tussen hulle aan te toon (Valkhoff 1966: 194).

Valkhoff kritiseer ook die gebruik van bronne deur Afrikaanse taalkundiges. Syns insiens moet mens nie *Die Kaapse Taalargief* onkrities benader as synde dié finale outoriteit oor die ontwikkeling van Afrikaanse verskynsels nie (Valkhoff 1966: 203-5; 1972: 50-52). Net so belangrik is sy uitspraak, contra Scholtz, dat die uitinge van slawe en Khoekhoen in 'gebroke Nederlands' net so waardevol vir die bestudering van Afrikaans behoort te wees (Valkhoff 1972: 48). Hy kritiseer ook indirek die werkswyse van Scholtz cum suis as hy daarop wys dat dit nie genoeg is om “aanknopingspunte” in Nederlandse dialekte te soek nie – mens moet nie net die herkoms en ontwikkeling van 'n verskynsel beskryf nie, maar dit ook probeer verklaar (Valkhoff 1966: 234; 1972: 36).

Hierdie kritiek van Valkhoff was inderdaad nodig, want vroeë Afrikaanse taalkundiges, veral Boshoff en Bosman, was geneig om 'n baie eng siening van Afrikaans te hê. Dit is waarskynlik ook weens hierdie kritiek van Valkhoff dat kreoliste (vgl. § 2.8.2) later meer aandag aan die verskillende variëteite van Afrikaans sou gee en wat deels gelei het tot die opkoms van die variasietaalkunde in die 1980's wat die bestudering van die verskeidenheid van Afrikaans vooropgestel het (vgl. § 2.8.1).

Waarskynlik is die belangrikste bydrae wat Valkhoff gemaak het, sy siening dat Afrikaans nie net binne die konteks van die Neerlandistiek bestudeer moet word nie, maar ook binne dié van die kreolistiek (Valkhoff 1972: 59). Wat Afrikaans ook al mag wees, dit was eens 'n Nederlandse koloniale taal en daarom moet mens na ander koloniale tale kyk om te sien wat dit ons kan leer oor die proses van taalverspreiding en taalkontak (Valkhoff 1966: 192, 197).

Valkhoff spandeer 'n groot deel van sy boek daaraan om te wys hoe wydverspreid kennis van Kreools-Portugees in die 17<sup>de</sup> eeu was. Gedurende hierdie tyd was Portugees dié wêreldtaal en daarom moet hierdie taal ook aan die Kaap 'n belangrike rol gespeel het (Valkhoff 1966: 148, 177, 190). Valkhoff bespreek verder die verbredheid van kennis van hierdie taal aan die Kaap: nie net slawe nie, maar ook van die amptenare en burgery het dit geken; en hy meen dat dit in die 18<sup>de</sup> eeu naas Nederlands die belangrikste taal aan die Kaap was (Valkhoff 1966: 18-19, 162, 168, 170-73, 187).

Valkhoff noem sy eie ontstaansteorie 'n kreoliserings- of interaksieteorie (Valkhoff 1972: 1-2, 17-18). Dit is moeilik om sy eie siening oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans uiteen te sit omdat dit vermeng is met verskillende ander kwessies in sy boeke en dit ook nou verweef is met sy konsepsie van kreolisering, wat dit moeilik maak om op te som. Daarom word hier slegs op die belangrikste aspekte daarvan gewys.

Vir Valkhoff is die multikulturele aard van die vroeë Kaapse samelewing van groot belang en hy glo dat dit 'n invloed op die taalontwikkeling moes hê. Dit is die geval, want taal is "a social phenomenon, and therefore must be studied in connection with the society of which it is the linguistic expression" (Valkhoff 1966: 16). Self sê Valkhoff dat sy eie benadering meer sosiologies as linguisties is (Valkhoff 1972: 17). Daarom meen hy dat die verklaring vir die snelle ontwikkeling van Afrikaans uit Nederlands, "naturally lies in its peculiar sociological situation" (Valkhoff 1966: 205). Wat die gemeenskap aan die Kaap uitsonderlik maak, is dat "the social structure of that new society had at once diverged from the European one in Holland, especially as it was based on slave labour" (Valkhoff 1966: 206). In die konteks van die kreolistiek is Afrikaans nie uniek nie, want dit was ook die situasie in ander slawegemeenskappe waar kreole ontstaan het. Valkhoff gaan selfs so ver om te verklaar dat "merely on the ground of these social and economic conditions one would already expect that before long a divergent speech should develop, shaded according to the social position, the economic activities, and the race of the speakers" (Valkhoff 1966: 206, my kursivering).

Uitgaande van hierdie sosiohistoriese gegewe, meen Valkhoff dat taalkundige kreolisering nou saamhang met 'rassevermenging', d.i. omgang tussen Europeërs en slawe of Khoekhoen, wat die opkoms van 'n gekreoliseerde bevolking (in die sosiologiese betekenis van die woord) inhou (Valkhoff 1966: 211-215). Soos hy dit self stel: "creolization is the concurrent phenomenon of miscegenation" (Valkhoff 1966: 215; 1972: 7-8). Dit beteken dan dat die kreoliseringsproses "was started at an early date in the bosom of the Coloured community..." (Valkhoff 1966: 206-7). Maar wat was die rol van Kreools-Portugees in hierdie proses? Valkhoff reken dat die Khoekhoen sowel as die slawe vinnig Nederlands aangeleer het, maar gebrekkig: "therefore they adapted the new language to their own linguistic habits as best they could, and the result was ... 'creolized speech'" (Valkhoff 1966: 222-23). Hieruit volg dat daar twee gekreoliseerde Nederlandse variëteite aan die Kaap moes wees (Valkhoff 1966: 211; 1972: 50). Valkhoff glo dat "both the slaves and the Hottentots adopted Cape Dutch and changed it according to their different articulation bases, that is: creolized it" (Valkhoff 1966: 221, sy kursivering). Dit is nie duidelik wat die rol van Kreools-Portugees in hierdie proses is nie, maar Valkhoff sê dat Kreools-Portugees "may have contributed to enrich Cape Dutch with words and idioms and even grammatical turns" (Valkhoff 1966: 223).

Valkhoff beklemtoon wat hy noem "linguistic encounters", en dit is moontlik hierdeur dat Kreools-Portugees die ontwikkeling van Afrikaans beïnvloed het. So 'n "linguistic encounter" is 'n geval waar 'n woord of konstruksie wat skaars in Nederlands is, maar voorkom in Kreools-Portugees of Maleis, weens die invloed van lg.

tale aan die Kaap, die veld wen. Tereg sê Valkhoff dat in die taalkunde die oorsaak van 'n verskynsel nie 'n geval van 'óf...óf' hoef te wees nie, maar van 'én...én' (Valkhoff 1966: 231). Die oorsprong van sekere verskynsels kan van beide Nederlands en ander tale wees. Wat van belang is, is dat die sosiohistoriese omstandighede van die vroeë Kaap sulke "linguistic encounters" moontlik gemaak het (Valkhoff 1966: 233).

Vir Valkhoff is die verskillende variëteite van Afrikaans 'n belangrike aanduiding van die taal se geskiedenis. Die taal van die sg. 'kleurlinge' is meer "advanced" as dié van blankes, maar tog was die taal van blankes in die 19<sup>de</sup> eeu nader aan dié van die 'kleurlinge' as wat geskifte mens sou laat dink (Valkhoff 1972: 7, 16-17). Maar al die variëteite van Afrikaans is, sinchronies en diachronies gesien, "only various phases of one and the same language" (Valkhoff 1966: 49). Daarom glo Valkhoff dat mens nie soos Hesseling kan argumenteer dat Afrikaans reeds in die 17<sup>de</sup> eeu 'ontstaan' het nie. Volgens hom is die bestudering van die 18<sup>de</sup> eeu net so belangrik vir die geskiedenis van Afrikaans, as die 17<sup>de</sup> eeu (Valkhoff 1966: 158).

Valkhoff se werke oor Afrikaans het 'n polemieks in die Afrikaanse taalkunde veroorsaak wat nie net lig werp op die destydse algemene opvattinge oor die ontstaan van Afrikaans nie, maar ook iets van 'n waterskeiding in die Afrikaanse historiese taalkunde beteken het. Deurdadig Valkhoff sekere kwessies geopper het en gewaagde uitsprake oor soms kontroversiële sake gemaak het, maar ook omdat sy werk so wyd (ook internasionaal) opslae gemaak het; het die noodsaaklikheid van 'n ondersoek na sekere aspekte van die Afrikaanse ontstaansgeskiedenis geblyk. Daarby het sy aandrag op die inagneming van die kreolistiek in die bestudering van Afrikaans beteken dat Afrikaanse taalkundiges sedertdien meer aandag aan hierdie studieveld bestee het, al sy dit dan soms om dit te beveg.

Die grootste teenstander van Valkhoff in die polemieks wat op die verskyning van Valkhoff 1966 gevolg het, was H.J.J.M van der Merwe (vgl. bv. Van der Merwe 1968: 29-38). Die meningsverskil tussen hulle was van so 'n emosionele aard en so ontsier deur persoonlike aanvalle, dat dit geen waarde het om hier daarop in te gaan nie. Daarby is Van der Merwe se teorie oor die ontstaan van Afrikaans so ekstreem dat dit nooit enige ondersteuning van ander taalkundiges gekry het nie (Roberge 1990: 145; 1992: 44). Dit is ongelukkig dat die debat tussen hierdie twee taalkundiges gewoonlik vooropgestel word, en nie die veel beter kritiek van iemand soos byvoorbeeld Raidt nie (vgl. Esterhuysen 1986: 26-29; Roodt & Venter 1984: 233-34 en Ponelis 1993: 70 vir 'n bespreking van die debat). Hier word gekonsentreer op Raidt, omdat hierdie polemieks myns insiens 'n groot invloed op haar werk gehad het.

Raidt het die mees omvattende, diepgaande en sinvolle kritiek op Valkhoff se werk gelewer. Dis duidelik uit haar twee artikels oor Valkhoff se teorie, asook ander terloopse opmerkings in van haar latere publikasies, dat sy werk haar beïnvloed het en gedwing het om meer aandag te skenk aan faktore soos kreolisering, taalversteuring en die daarmee gepaardgaande sosiohistoriese omstandighede van 'n meertalige koloniale samelewing. Die idees wat later kenmerkend sou word van haar siening oor die ontstaan van Afrikaans (veral die konsep van taalversteuring en gebrekkige taalverwerwing in 'n meertalige samelewing) spruit voort uit haar navorsing oor taalkontak en taalverandering wat in reaksie op Valkhoff gedoen is. Daarom kry mens reeds in hierdie artikels 'n duidelike beeld van haar siening oor die moontlike invloed van Khoekhoen en slawe op Afrikaans.

Raidt 1975 (in 1994: 33-52) beskou die polemieks rondom Valkhoff se werk in die wyer konteks van ontstaansteorieë oor Afrikaans. Sy betreur die aandag wat Valkhoff se werk onder kreoliste geniet omdat sy "'kreoliseringsteorie'... in stryd (is) met die werklikheid soos in ons vroeë Kaapse tekste weerspieël. By 'n deeglike

wetenskaplike analise blyk duidelik dat Afrikaans nie gekreoliseer is nie, maar dat dit *ondanks vreemde invloede* sy Germaanse struktuur en karakter behou het” (Raidt 1994: 35, my kursivering). Daarom wil Raidt in haar opstel Valkhoff se teorie herevalueer, veral omdat sy werk blyke gee van sy “gebrekkige kennis van die Nederlandse en Afrikaanse taalgeskiedenis” en van “oppervlakkige werkmetodes” (Raidt 1994: 36).

Raidt wys daarop dat Valkhoff se definisie van kreolisering die rasse-aspek benadruk en hy kreolisering direk verbind met rassevermenging (Raidt 1994: 37-38). Gevolglik laat hy “die klem eerder op sosiologiese as op linguistiese faktore val” (Raidt 1994: 38). Die beklemtoning van die “sosiologiese, i.p.v. die linguistiese aspekte” geld egter vir sy “hele benadering en uiteensetting” met die gevolg dat hy meer aandag skenk aan sosiohistoriese as taalkundige gegewens (Raidt 1994: 39). Daarby hou hy nie genoeg rekening met die “heterogene aard van die ‘inheemse bevolking’ nie” (Raidt 1994: 38). Sy wys verder daarop dat hy inkonsekwent is, nie net met sy teoretiese terminologie nie, maar ook oor die aard en mate van kreolisering by die Khoekhoen en slawe (Raidt 1994: 38-39).

Ná die bespreking van Valkhoff se teoretiese tekortkominge, bespreek Raidt sekere spesifieke taalkundige verskynsels in Afrikaans ten einde vas te stel of hulle ooreenkom met ‘tipiese’ kreoolse verskynsels (Raidt 1994: 39-46). Valkhoff se bewering dat genus-verlies die gevolg van substratuminvloed is, is “blote spekulasie”. Volgens Raidt wys die vroegste taalkundige voorbeelde van dié verskynsel “duidelik dat ons hier te doen het met die resultaat van ‘imperfect learning’ by vreemdtaliges van alle rasse aan die Kaap” (Raidt 1994: 41). Ook die vereenvoudiging van die verbale sisteem is geen voorbeeld van kreolisering nie. Uit vroeë tekste blyk eerder dat:

“die verlies van vervoegingsvorme gelyktydig by alle bevolkingsgroepe – by blanke immigrante (d.w.s. Franse, Duitsers, Dene), by Koikois en slawe – plaasgevind het... Alle gegewens wys op ’n algemene ‘language interference’, wat nie eenvoudige kreolisering in die sin van Valkhoff genoem kan word nie. Verlies van vervoegingsvorme... (is) ’n teken van ‘imperfect learning’” (Raidt 1994: 42).

Raidt ondersteun hierdie siening deur daarop te wys dat, anders as by pidgins en kreole waar reduksie van die verbale sisteem vinnig plaasvind, die vereenvoudiging van die Nederlandse sisteem aan die Kaap ’n “geleidelike proses was wat oor byna 200 jaar gestrek het”. Volgens haar was daar nie ’n skielike reduksie en latere ekspansie nie, maar veeleer ’n “geleidelike redusering van redundante vorme, d.w.s. die vereenvoudiging van die morfologiese sisteem in die taal van alle bevolkingsgroepe aan die Kaap” (Raidt 1994: 43).

Raidt se slotsom is dat Afrikaans “Germaans – nie Kreools” is. Volgens haar lei ’n wetenskaplike studie van Afrikaans mens tot ander gevolgtrekkings as Valkhoff, nl. dat “die veelvuldige invloed van vreemde sprekers en vreemde tale aan die Kaap” eerder “’n interessante situasie van ‘language interference’” verteenwoordig, veral in die 70-80 jaar ná 1652, as ’n proses van pidginisering of kreolisering. Daar is volgens haar “geen bewyse vir ’n Kreools-Portugese substraat” nie, “en nog minder vir ’n skielike vereenvoudiging. Afrikaans het nóg uit ’n pidgin nóg uit ’n vorm van Kreools-Portugees ontwikkel” (Raidt 1994: 49-50). Mens kan daarom “nie van kreolisering praat nie – wel van taalverandering op grond van verreikende ‘language interference’” (Raidt 1994: 50). Raidt voel ten slotte dat “die Afrikaanse taalgeskiedenis ’n unieke sitasie van ’n Germaanse taal onder die invloed van verskeie vreemde tale en sprekers weerspieël” en daarom ’n belangrike bydrae kan lewer tot die “onderskeiding tussen taalkontak en taalbeïnvloeding enersyds en kreolisering andersyds” (Raidt 1994: 51).

Twee jaar later publiseer Raidt ’n resensie-artikel van Valkhoff 1972 waarin sy haar weer duidelik uitlaat oor haar siening van die rol van kreolisering en vreemdetaal-invloed in die ontstaan van Afrikaans. Sy wys daarop dat

Valkhoff 1972 dieselfde benadering as in Valkhoff 1966 volg, ten spyte van die kritiek wat byvoorbeeld W. J. Samarin teen Valkhoff se konsepsie van kreolisering uitgespreek het:

“Although human contact is generally necessary for language change, contact does not *necessarily* result in language change. There either is or there is not some linguistic change. From change we can assume that there was contact, but from contact we are not justified in assuming change” (aangehaal in Raidt 1977: 71).

Raidt kritiseer weer Valkhoff vir sy “mixing of racial and linguistic factors” en sy vaagheid in die gebruik van terminologie (Raidt 1977: 71-2). As voorbeeld noem sy Valkhoff se benaming van sy teorie as “the Creolization or Interaction theory”. Dit is nie duidelik of Valkhoff dié terme as sinonieme beskou nie, “or whether Valkhoff regards interaction and creolization as alternative processes, hence that which cannot be proved to be the result of creolization, must have been caused by interaction or ‘linguistic encounters’ at the Cape”. Laasgenoemde term is volgens haar inherent vaag en kan enigiets beteken van Nederlandse dialektisismes tot wedersydse taalbeïnvloeding (Raidt 1977: 73).

Valkhoff probeer twee hoofsaake te bewys, nl. (a) vreemde en (b) kreoliserende invloede op Afrikaans. Volgens Raidt wys sy behandeling van vele punte sy onkunde want, hoewel heelwat kenmerke van Afrikaans op ‘tipiese’ kreoolse kenmerke lyk, hulle òf ontwikkelings van ou dialektiese vorme is, òf hulle is “the result of language interference in a multilingual society” (Raidt 1977: 73). Raidt verklaar dat “the data reveal clearly a pattern of language interference which resulted in simplification and reduction of forms” (Raidt 1977: 73). Hierdie vereenvoudiging weens taalversteuring lyk dikwels dieselfde as vereenvoudiging wat deur kreolisering veroorsaak is, maar, sê Raidt, “although the results look alike, the causes differ greatly” (Raidt 1977: 73-4). Sy merk verder op dat “drastic *reduction* is a characteristic of creolization, but it is also characteristic of contact situations where language interference and imperfect learning play an important part” (Raidt 1977: 74). Vervolgens bespreek sy enkele van hierdie reduksie-verskynsels en wys telkemale daarop dat die gevolg waarskynlik weens “imperfect learning in a multilingual society” en “general language interference” veroorsaak is (Raidt 1977: 74-76).

Raidt meen dat Valkhoff se werk geen lig werp op ou probleme of nuwe data vir die bestudering daarvan verskaf nie. Dit ten spyte voel Raidt dat Valkhoff se werk twee waardevolle bydraes gemaak het, nl. dat die hele kreoliseringpolemie “has made linguists more aware of the difference between creolization and language interference, and the need to explore the process of linguistic interference in the South African context”, en ook dat die tekortkominge van sy werk “point to the necessity of a strictly scientific approach to the history of Afrikaans based on linguistic data, and free from emotional and racial bias” (Raidt 1977: 76). Raidt se gevolgtrekking is dat daar nog baie werk gedoen moet word oor die ontstaan van Afrikaans, veral oor die invloed van Kreools-Portugees en Maleis (Raidt 1977: 77). Raidt het self in haar latere werk aan hierdie noodsaak voldoen en ondersoek ingestel na die invloed van hierdie tale op Afrikaans.

Raidt se kritiek op Valkhoff verskil in een belangrike opsig van ander taalkundiges s’n. Hoewel sy Valkhoff se bykans *uitsluitlike* gebruik van sosiohistoriese gegewens kritiseer, voel sy dat hulle nie geïgnoreer behoort te word nie. Taalkundige data moet saam met sosiohistoriese gegewens ondersoek word om ’n beter begrip van die meertalige Kaapse samelewing te verkry. Raidt se ondervinding met Valkhoff het gelei tot ’n studie van die prosesse van taalkontak, en hoewel sy van hom verskil oor detail, blyk dit duidelik dat sy besef het dat daar nie net op koloniste gekonsentreer moet word nie, maar dat daar ook aandag aan die *verskeidenheid* van mense en tale aan die

Kaap geskenk behoort te word. Raidt se reaksie toon 'n duidelike 'rigtingverandering' in haar werk. Soos uit § 2.7 blyk, het Raidt se navorsingsonderwerpe ná die Valkhoff-polemiek verander. Anders as Scholtz wat in sy navorsing die kontinuïteit met Nederlands beklemtoon het, het Raidt minder aandag aan die Nederlandse basis van Afrikaans begin bestee en meer gewerk aan kwessies wat kontroversieel is en dalk die gevolg van vreemde invloed of taalkontak kan wees. Daarby het daar ook 'n groter waardering vir taalvariasie en -verskeidenheid in haar werk gekom. Dit is waarskynlik aan Valkhoff te danke dat Raidt meer aan die moontlike rol van vreemdetaalsprekers in die geskiedenis van Afrikaans aandag begin gee het. Dit blyk ook uit die navorsingsonderwerpe van studente wat onder haar studeer het, nl. kwessies soos taalvariasie, gebroke taal en die taalgebruik van verskillende groepe sprekers aan die Kaap, dat daar 'n duidelike fokusverskuiwing by haar plaasgevind het.

## 2.7 Raidt oor die belang van taalversteuring en taalvariasie

Methodologies het Raidt veel van Scholtz oorgeneem. Dit blyk onder meer uit haar gebruik van sinchroniese studies in diachroniese ondersoek (vgl. Raidt 1994: 1-15).<sup>7</sup> Hierdie werkswyse, nl. om 'n probleem beide sinchronies en diachronies te beskou, kom duidelik na vore in haar studies, asook haar proefskrif,<sup>8</sup> oor spesifieke grammatikale verskynsels. So byvoorbeeld wy sy eers 'n hele artikel aan die sinchroniese beskrywing van die *vir*-konstruksie, voordat sy haar later oor "Die herkoms van objekskonstruksies met *vir*" uitlaat (Raidt 1994: 88-115 & 116-47). Hierdie prosedure, om van 'n sinchroniese beskrywing uit te gaan na 'n ondersoek oor die herkoms van 'n gegewe verskynsel, kom ook goed na vore in haar werk oor reduplikasie en demonstratiewe (Raidt 1994: 148-160 & 161-174).

Hiernaas beklemtoon Raidt ook Scholtz se aandrag op eksakte bronnestudies as basis van die historiese taalkunde, waarin sy aansluit by die kritiek teen Valkhoff in hierdie verband. Die opstel "Nederlandse en Kaapse spreektaal in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu" (1974) begin met waarskynlik 'n bedekte verwysing na Valkhoff:

"Onlangse publikasies maak ons opnuut bewus van die noodsaaklikheid van 'n eksakte bronnestudie wanneer ons die vroeë stadia van die Kaapse taal wil nagaan. Gebrek aan betroubare Kaapse taalgegewens en vroeë Nederlandse dialekmateriaal, en veral die gebrek aan 'n streng linguistiese dissipline belemmer die objektiewe bestudering van die Afrikaanse taalgeskiedenis" (Raidt 1994: 53).

Wanneer Raidt egter die vraag stel waaraan die vroeë Kaapse gegewens getoets moet word, is haar antwoord dat dit vergelyk moet word met die Nederlandse spreektaal van die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu, maar ook dat "die moontlike invloed van vreemde tale nog verder ondersoek [moet word], veral dié van Kreools-Portugees en Maleis" (Raidt 1994: 53). Ons sien hier watter invloed Valkhoff se kritiek op die Afrikaanse taalwetenskap op Raidt gehad het: kennis van die Nederlandse variëteite van die 17<sup>de</sup> eeu is nie genoeg nie – aandag moet ook geskenk word aan invloed van vreemde tale.

Dit is opvallend dat Raidt juis navorsing gedoen het oor taalverskynsels wat lank kontroversieel was, en wat Valkhoff weer geopper het, nl. die *vir*-konstruksie, reduplikasie en die demonstratiewe. Raidt voel haar genoep om die kontroverse wat oor hierdie verskynsels heers, op te klaar deur deeglike navorsing ten einde te probeer vasstel wat die waarskynlike herkoms daarvan is. Dat dit haar doel was om Valkhoff te antwoord deur hierdie

<sup>7</sup> In hierdie afdeling word die aanhalings uit Raidt se artikels uit haar versamelbundel, Raidt 1994, geneem.

<sup>8</sup> *Geskiedenis van die byvoeglike verbuiging in Nederlands en Afrikaans* (1965, gepubliseer: 1968).

navorsing, blyk uit die terloopse opmerking en verwysings na sy werk wat sy in haar opstelle maak. In haar studies van die *vir*-konstruksie en reduplikasie noem Raidt Valkhoff se uitsprake hieroor en kla oor sy onwetenskaplike veralgemenings (vgl. Raidt 1994: 132 met 146 n. 5, 153 met 160 n. 5). Ook by ander sake wys Raidt op Valkhoff se uitsprake en gee sy, volgens haar, die korrekte feite (bv. Raidt 1994: 67 met 71 n. 13).

In haar opstel oor die *vir*-konstruksie het Raidt waardevolle werk gelewer deur hierdie verskynsel, wat lank kontroverse onder taalkundiges veroorsaak het, op te klaar. Sy maak daarin op vernuftige wyse gebruik van beide sinchroniese én diachroniese, taalkundige én sosiohistoriese data. Die details is nie hier van belang nie, wel die feit dat Raidt bereid is om sosiohistoriese oorwegings, soos die herkoms van slawe, te gebruik om haar in haar analise en oorweging van moontlikhede te laat lei. Daarby gebruik sy ook slawe-uitinge in haar analyses. Haar gevolgtrekking oor die herkoms van die konstruksie is insiggewend in dié verband: “Die *linguistiese én sosiologiese gegewens* laat blyk dat dié konstruksie hoofsaaklik deur die slawebevolking van die 18<sup>de</sup> eeu verbreed geraak het” (Raidt 1994: 140, my kursivering). Met hierdie studie het Raidt ná baie jare die kontroverse oor die herkoms van die *vir*-konstruksie opgelos. Hoewel heelwat taalkundiges (bv. Hesseling, Valkhoff) na raakpunte met Kreools-Portugees gewys het, was sy die eerste om ’n indringende studie daarvan te maak. Dat sy eers vooraf ’n goeie sinchroniese ondersoek na die konstruksie gedoen het (anders as Valkhoff) en dat sy bereid was om die herkoms elders as in Nederlands te soek (anders as Scholtz), het baie daartoe bygedra.

Valkhoff het ook die gebruik van die konsep “linguistic encounter” bepleit, d.i. waar ’n gegewe taalverskynsel nie net een oorsprong het nie, maar verskeie faktore wat saamkom en die verskynsel tot gevolg het (Valkhoff 1966: 231-32). Raidt doen juis dit in haar artikel oor reduplikasie, waarin sy aantoon “dat die ontstaan van die reduplikasievorme in Afrikaans nie ’n kwessie van óf-óf is nie – óf spontane ontwikkeling óf vreemdetaal-invloed – maar een van én-én” (Raidt 1994: 153). Die belangrikste invloed wat Valkhoff egter gehad het, was dat hy ernstige Afrikaanse historiese taalwetenskaplikes gedwing het om meer aandag te skenk aan die kreolistiek en die moontlike rol van slawe en hul tale in die ontstaan van Afrikaans. Raidt het, meer as enige iemand anders, hierdie uitdaging opgeneem.

Uit § 2.6 blyk dit duidelik dat Raidt a.g.v. Valkhoff se uitsprake navorsing begin doen het oor kreolistiek en verwante aangeleenthede soos taalkontak. Die 1978-verskene artikel “Enkele aspekte van taalverandering” is ’n meer algemene beskouing van taalveranderingsprosesse waarin Raidt haar duidelik uitspreek oor aangeleenthede soos taalkontak en kreolisering. Mens kan hierdie stuk as seminaal in haar ontwikkeling as taalkundige beskou, want dit kom aan die einde van die polemieë met Valkhoff ná enkele jare se bestudering van die kwessies; terwyl haar uitlatings daarin feitlik onveranderend in haar latere werke voorkom.

Volgens Raidt is kennis van kreolistiek nuttig vir ondersoekers na taalverandering aan die Kaap “wat herhaaldelik met kreoliseringsteorieë gekonfronteer word” omdat dit kan help om “aan die Kaapse situasie van taalverandering meer reliëf te gee”, terwyl “kennis van die verskuiwings- en wysigingsprosesse in die Kaapse taal dalk ... tot ’n duideliker onderskeid tussen ‘normale’ taalverandering, taalkontak en taalversteuring, pidginisering en kreolisering” kan lei (Raidt 1994: 16).

Raidt bespreek eers “normale taalverandering” waarin sy tot die slotsom kom dat die resultaat van sodanige verandering meestal grammatikale vereenvoudiging is, terwyl reduksie en byvoeging seldsame verskynsels by normale taalverandering is (Raidt 1994: 17-19). Vervolgens bespreek sy “taalversteuring”. Taalversteuring hang

saam met taalkontak in 'n "meertalige gemeenskap waar grootskaalse ontlening en/of gebrekkige aanleer 'n beslissende rol speel en die proses van normale taalverandering kan verhaas". Dit is dus normale verandering wat weens 'n kontaktsituasie versnel word, maar die "resulterende vereenvoudiging [bly] egter binne die raam van die oorspronklike grammatika" (Raidt 1994: 19). Grootskaalse taalversteuring is vir Raidt gelyk aan wat voorheen 'gebroke taal' genoem is. Hiervan is "onstabieleit en onpatroonmatigheid van versteuringsverskynsels 'n besonder opvallende kenmerk" (Raidt 1994: 20). Volgens Raidt lei grootskaalse taalversteuring in 'n meertalige samelewing tot grammatikale vereenvoudiging (Raidt 1994: 20). 'n Verdere vorm van taalverandering wat Raidt kortliks bespreek, is pidginisering en kreolisering. Volgens haar is die kardinale verskil tussen "ontlening/taalversteuring" en pidginisering dat by laasgenoemde 'n skerp breuk in taaloordrag ontstaan wat lei tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal(kode) tussen twee groepe wat nie mekaar se moedertaal deel nie. Raidt wys daarop dat die meningsverskil onder taalkundiges oor pidginisering eerder handel oor *hoe* die proses plaasvind as *wat* dit behels (Raidt 1994: 21). Raidt benadruk die rol van die aanleer van die teikentaal in 'n kontaktsituasie. Sy beklemtoon veral die uitsprake van Hoeningwald dat veranderingsprosesse wat tipies van pidginisering en kreolisering is, baie nou verwant is aan "meer algemene aspekte van taalverandering in 'n meertalige gemeenskap waar óf'grootskaalse ontlening' óf 'gebrekkige aanleer' 'n beslissende rol speel". Daarom beskou sekere kreoliste pidginisering en kreolisering nie as "unieke randverskynsels" nie, maar bloot as "kwantitiewe vorme van taalverandering" (Raidt 1994: 25).

Raidt pas dan hierdie breë opvatting op die Kaapse situasie toe en maak 'n skematiese voorstelling van hoe die ontwikkeling van Afrikaans kon verloop het. Volgens haar is hierdie voorstelling egter verkeerd want in so 'n model "beteken pidginisering en kreolisering 'n reeks vereenvoudigingsprosesse as gevolg van vreemde tale en vreemde sprekers, m.a.w. *as gevolg eintlik van taalversteuring*" (Raidt 1994: 26-7, my kursivering). Omdat kreolisering hier so wyd gesien word, veroorsaak dit "verwarring en vervaging" en is daarom "misleidend". Raidt voel dat, hoewel dit belangrik is om pidginisering en kreolisering as kwantitiewe prosesse van taalverandering te beskou, daar tog "noukeurige begripsafbakening" behoort te wees. Hierby speel "die begrip taalversteuring 'n belangrike rol, veral in sekere situasies soos bv. die Kaapse in die 18<sup>de</sup> eeu, waar gebrekkige aanleer van Nederlands deur vreemdelinge met verskillende primêre tale 'n deurslaggewende faktor was" (Raidt 1994: 27). Die konsep van "taalversteuring" in die geskiedenis van Afrikaans is vir Raidt baie belangrik, omdat taalhistoriese data wys dat daar "nooit op enige tydstip in die ontwikkeling van Afrikaans 'n algemene pidgin bestaan het nie". Daar was egter "wel 'n tipiese situasie van taalversteuring en by individuele sprekers 'n tydelike gebroke taal" (Raidt 1994: 27).

Vir Raidt het taalversteuring, nie kreolisering nie, 'n belangrike rol in die ontwikkeling van Afrikaans gespeel. In die laaste deel van hierdie opstel laat sy haar daarvoor uit. Gebroke taal, wat volgens haar wel aan die Kaap voorgekom het, toon 'n "gebrek aan patroonmatigheid" en morfologiese (maar nie sintaktiese nie) versteurings. Hierteenoor kom daar "beslis patroonmatige veranderings" voor by pidgins en is daar "op sintaktiese vlak ingrypende veranderings" (Raidt 1994: 28). Raidt meen "dat daar nooit 'n algemene pidgin aan die Kaap kon bestaan het nie". Volgens haar wissel die voorbeelde van slawe- en Khoekhoe-uitinge "van gebroke taal (met pidginmerke) tot en met korrekte sinspatrone". Die variasie wat in hierdie uitinge voorkom, "weerspieël die graad van sekondêre taalversteuring en die geleidelike verbetering in die aanleer van die nuwe taal" (Raidt 1994: 30).

Vervolgens verklaar Raidt onomwonde dat uit ons data die volgende blyk: "Die invloed van vreemdtaliges en hulle respektiewelike moedertaal, verder die gebrekkige aanleer van Nederlands by heelwat vreemdelinge het die

*grootste rol* gespeel by die veranderingsprosesse aan die Kaap” (Raidt 1994: 30, my kursivering). Normale taalontwikkeling is versnel deur taalversteurende faktore. Nederlands aan die Kaap het dus naas normale taalverandering verander weens “die uitwerking van taalversteuring ... as gevolg van die groot getalle vreemdelinge aan die Kaap en hulle gebrekkige kennis... van Nederlands”. Daarom is “reduksie, vereenvoudiging en byvoeging van nuwe of vreemde elemente in Kaaps-Nederlands ... die resultaat van taalversteuring, nie van pidginisering en kreolisering nie” (Raidt 1994: 31). Die redes hiervoor is dat “tipiese pidginmerke” in die geskiedenis van Afrikaans ontbreek, daar nooit ’n snelle herstrukturering plaasvind nie, en die ontwikkeling baie stadiger as by pidgins verloop het. Daarom het die ontwikkeling van Afrikaans “deurgaans binne die Germaanse sisteem” gebly (Raidt 1994: 31).

Hierdie artikel uit 1978 het ’n belangrike omwenteling in die Filologiese Skool se benadering tot die geskiedenis van Afrikaans meegebring. Dit blyk onder meer uit Raidt se verdere navorsingsonderwerpe, waarin groter aandag aan kwessies soos gebroke taal, taalvariasie, taalverwerwing en taalversteuring gegee word. Ook sosiohistoriese aspekte word meer dikwels betrek as wat Scholtz gedoen het. Die werk wat Raidt in reaksie op Valkhoff gedoen het, en veral hierdie artikel, het konsepte soos ‘taalversteuring’ en ‘gebrekkige taalverwerwing’ deel gemaak van die Afrikaanse historiese taalwetenskap soos bedryf deur die Filologiese Skool.

Ofskoon minder deurdringend, maak Raidt in haar ander studies interessante uitsprake wat lig werp op haar siening van die gebruik van sosiohistoriese evidensie en die rol van slawe in Afrikaans se geskiedenis. In die 1980’s het Raidt veral navorsing gedoen oor aspekte soos taalvariasie, taalnormering en vrouetaal waarin sy haar by geleentheid duidelik uitspreek oor politieke aspekte van die bestudering van Afrikaans.

In die studies oor vrouetaal in die agtiende eeu maak Raidt op ’n innoverende wyse gebruik van sosiohistoriese data om taalkundige gegewens te belig. Hierdie benadering is volgens haar in die verlede verwaarloos, terwyl die Afrikaanse historiese taalwetenskap “dringende aanvulling” van só ’n aard nodig het. Dit is dan ook wat sy probeer doen in haar werk oor vrouetaal in die 18<sup>de</sup> eeu. In haar slotbeskouing waarsku sy dat mens nie Afrikaans “as ’n onvervalste voortsetting van 17<sup>de</sup>-eeuse Nederlandse spreektaal” moet sien nie. Sy wys daarop dat Afrikaans in die 18<sup>de</sup> eeu “drastiese veranderinge” ondergaan het, ’n proses waarby vroue ’n sleutelrol gespeel het. ’n Belangrike faset hiervan is dat vroue “in ’n daaglikse situasie van persoonlike interaksie” met slawe en Khoekhoen was en dat hulle daarom “die brandpunt van taalverskeidenheid was”. Sekere taalverskynsels wat eerste in die taal van ‘vreemdelinge’ (slawe, Khoekhoen, nie-Nederlandsprekende koloniste) voorgekom het, kom “effens later” ook by vroue voor, “lank voordat hulle deel van die algemene spreektaal” word (Raidt 1994: 214).

Die slotparagraaf van hierdie artikel oor vrouetaal sê soveel van belang oor die gebruik van sosiohistoriese data in die Afrikaanse taalgeskiedenis enersyds, en dui andersyds (veral in die gekursiveerde gedeeltes) uitstekend aan in hoe ’n mate Raidt mettertyd van Scholtz se siening en werkswyse afgewyk het, dat dit hier volledig aangehaal word:

“Die bestaande navorsingsresultate oor die evolusie van Afrikaans moet in die lig van die moderne diachroniese taalwetenskap en die sosiolinguistiek aangevul en verder gevoer word. In die verlede is linguistiese data uit argivale bronne dikwels *te eensydig en atomisties* as wetenskaplik kontroleerbare taalfakte geëvalueer. Sonder verwaarloosing van die empiriese dataversameling en taksonomiese verwerking moet die Afrikaanse historiese taalwetenskap in die toekoms *meer van sosiolinguistiese metodes* gebruik

maak sodat taalfakte en sprekers saam gesien en die interaksie tussen taal en spreker, spreker en maatskappy duideliker in reliëf geplaas word. 'n Taal is die geheue van 'n volk, daarom kan die bestudering van die taalgeskiedenis 'n beter begrip en waardering van die sprekers en 'n dieper insig in die maatskaplike verhoudings van vergange se dae verskaf" (Raidt 1994: 215, my kursivering).

Hierdie aanhaling wys Raidt se groter waardering vir en belangstelling in taalvariasie as 'n sleutel tot 'n taal se verlede, maar dit wys ook dat sy beseft dat die bestudering van Afrikaans in die verlede te veel gekonsentreer het op die 'blanke variëteit'. Sy het self onomwonde verklaar dat die ondersoek na "die interaksie tussen sosiale netwerke en taalvariasie" noodsaaklik is want "daarmee sal Afrikaans moontlik uit sy ghetto van blanke eksklusiwiteit bevry word" (Raidt 1994: 256-7).

Raidt se werk vertoon 'n dinamiese siening van die geskiedenis van Afrikaans, en dit is duidelik dat sy goed bewus was van ontwikkelinge in die algemene taalwetenskap, waaronder die sosiolinguistiek en kreolistiek. Waar sy aanvanklik, soos onder meer uit Raidt 1971 blyk, nader aan Scholtz se siening oor die ontstaan van Afrikaans en die metodologie vir die bestudering daarvan, gestaan het, het haar siening, metodes en belangstellings mettertyd verander. Ongetwyfeld het die Valkhoff-polemiek 'n belangrike rol hierin gespeel. Dit het Raidt genoop om (gedetailleerde) ondersoek in te stel na sekere kontroversiële taalverskynsels. Daarby moes sy kennis neem van ontwikkelinge in die kreolistiek. Die insigte hieruit het sy goed in haar latere werk gebruik. As gevolg hiervan skenk sy veel meer aandag aan veral die slawe as wat byvoorbeeld Scholtz ooit gedoen het.<sup>9</sup>

Raidt erken self dat die opkoms van kreolistiek met sy hernieude aandag aan taalkontak en prosesse van taalverandering enersyds, en die Valkhoff-polemiek andersyds "neerslag" in haar navorsing gevind het. Sy sê dat: "Alhoewel ek my doelbewus van enige teorievorming oor die ontstaan van Afrikaans weerhou het, is my studies in 'n sekere sin replieke of reaksies op polemieke van die dag" (Raidt 1994: ix). Hiernaas noem sy ook dat sy doelbewus probeer het om die verhouding tussen taal en samelewing te beklemtoon. Dit is gedoen as 'n "doelbewuste wegbeweeg van Scholtz se meer atomistiese taalbeskrywing" (Raidt 1994: x).

Dat Raidt wel wegbeweeg het van Scholtz, is duidelik, maar of sy totaal vry van teorievorming is, val te betwyfel. Die groot aandag wat sy aan die rol van veral die slawe, maar ook Duitsers en Franse skenk, laat duidelik deurskemer dat sy hul rol as kardinaal in die ontwikkeling van Afrikaans beskou. In verskeie studies het sy uitgepluis hoe die invloed van andertaliges tendense in Nederlands versterk het. Daarom moet mens saamstem met Conradie wat, in sy resensie van Raidt 1983, geskryf het dat haar siening van Afrikaans met dié boek in essensie terug is by Bosman se vreemdelinge-Nederlands teorie: Afrikaans het uit Nederlands ontwikkel, maar die

<sup>9</sup> Hierdie aanpassing van Raidt se siening oor die ontstaan van Afrikaans, meer spesifiek die rol van slawe en Khoekhoen daarin, blyk duidelik uit 'n vergelyking van die eerste en derde uitgawe van haar handboek *Afrikaans en sy Europese Verlede*. Die openingsin van die hoofstuk oor die "Maatskaplike toestande aan die Kaap in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu" van die eerste uitgawe: "Die wordingsgeskiedenis van Afrikaans val waarskynlik saam met die ontstaan van die Afrikaanse volk" (Raidt 1971: 83), is in die derde uitgawe geskrap. Hierdie weglating sinjaleer 'n duidelike fokusverskuiwing tussen die twee uitgawes, wat ook die titelverandering van die hoofstuk blyk: "Maatskaplike toestande in die vroeë Kaapse samelewing, 1652-1795". In hierdie uitgawe is die fokus van meet af op die *verskeidenheid* van taalgroepe aan die Kaap en beklemtoon Raidt "kontak met andertaliges" (vgl. Raidt 1991: 89). Ook die aandag wat daar aan Khoekhoen en slawe, en hul moontlike bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans, in die twee uitgawes gegee word, verskil kwalitatief en kwantitatief. So byvoorbeeld bevat die derde uitgawe 'n totaal nuwe rubriek "Taaltoestande en taalpolitiek", waarin Raidt die verskillende taalgroepe se moontlike rol in die ontwikkeling van Afrikaans bespreek en veel klem lê op taalkontak (Raidt 1991: 107-12). Die verskille tussen die 1<sup>ste</sup> en 3<sup>de</sup> uitgawes van hierdie invloedryke boek toon duidelik Raidt se progressie na 'n meer inklusiewe siening van die ontstaan van Afrikaans, een waarin taalkontak en die rol van 'vreemdelinge' baie belangrik is.

veranderinge wat nie weens 'normale taalverandering' plaasgevind het nie, is as gevolg van die invloed van anderstaliges (hoewel Raidt, anders as Bosman, nie net 'gebroke Nederlands' nie, maar ook Maleis en Kreools-Portugees as invloede reken). Maar Conradie is ook korrek waar hy skryf dat Raidt se posisie soveel meer genuanseerd, wetenskaplik gefundeerd en feitelik oortuigend is as enige iemand voor haar (Conradie 1984: 48-49).

## 2.8 Laat twintigste-eeuse ontwikkelings binne die Afrikaanse historiese taalwetenskap

Die basiese onderskeid tussen die filoloë en kreoliste het voortgeduur tot ongeveer die 1970's. Weens die opkoms van die sosiolinguistiek en kreolistiek as internasionale studieveld, enersyds, en waarskynlik die veranderende politieke klimaat in Suid-Afrika en die feit dat sommige swart sprekers van Afrikaans hul stemme oor die geskiedenis van die taal laat opgaan het (vgl. byvoorbeeld Esterhuysen 1986), andersyds; het daartoe gelei dat heelwat mense, wat die bestudering van Afrikaans betref, nuwe rigtings ingeslaan het. Moontlik het die Valkhoff-polemiek daartoe bygedra dat die kwessie van die ontstaan van Afrikaans aan 'n wyer (ook internasionale) gehoor bekend gestel is. Die gevolg is dat daar in die 1980's 'n groter verskeidenheid van benaderings tot en sienings oor die geskiedenis van Afrikaans ontwikkel word. Hier word slegs enkele van die belangrikstes kortliks aangestip.

### 2.8.1 Die opkoms van die variëteitkunde

Ofskoon daar reeds lank voor die 1980's deur sommige taalkundiges aandag aan die variëteite van Afrikaans gegee is (vgl. Du Plessis 2001: 72-76), is dit opmerklik hoe hierdie studie in die 1980's toegeneem het, soveel so dat dit waarskynlik naas taalpolitiek dié area in die Afrikaanse taalkunde is wat die meeste aandag die afgelope twee dekades gekry het. Ofskoon die ontwikkeling van die variëteitkunde in die 1980's gewoonlik aan die invloed van die sosiolinguistiek gekoppel word (vgl. Du Plessis 2001: 77), het dit dalk deels ook te make met Valkhoff se klag teen Afrikaanse taalkundiges dat hulle te eksklusief aan die 'blanke' variëteit van Afrikaans aandag gegee het. Dié rigting, soos in die 1980's ontwikkel, word veral geassosieer met die name van Christo van Rensburg, Hans du Plessis, Ernst Kotzé, Vic Webb en Achmat Davids.<sup>10</sup>

Alhoewel die variëteitkundiges hoofsaaklik 'n sinchroniese beskrywing van verskillende variëteite gee, maak hulle ook met tye diachroniese uitsprake. Dit is veral Christo van Rensburg se voorstel dat daar in die verlede drie Afrikaans<sup>e</sup> variëteite was wat histories onderskei kan word en verskillende invloede ondergaan het, nl. Oranjerivierafrikaans (ORA), wat meer invloed van Khoe ondergaan het, Kaapse Afrikaans (KA), wat veral beïnvloed is deur die slawetale, Maleis en Kreools-Portugees, en Oosgrensafrikaans (OGA) wat mettertyd deur die Voortrekkers die binneland ingedra is en later die basis vir moderne Standaardafrikaans geword het (vgl. Van Rensburg 1983: 141-52; 1989a: 438-60), wat die studie van Afrikaans, ook die historiese taalkunde, verder verfyn het. Dit het daartoe gelei dat daar meer indringend gekyk is na die vroeë geskiedenis van Afrikaans ten einde die 'wortels' van hierdie variëteite te soek.

<sup>10</sup> Hiernaas moet mens ook die name van R. Klopper wat oor Kaapse Afrikaans en T. Links wat oor Namakwalandse Afrikaans navorsing gedoen het, noem. Daarby is verskeie verhandelinge oor variëteite van Afrikaans onder hierdie taalkundiges aan verskeie universiteite in Suid-Afrika gedoen.

Binne hierdie kader het Van Rensburg en Webb probeer vasstel hoe ORA ontstaan het. Beide kom tot 'n soortgelyke slotsom dat ORA ontstaan het as 'n produk van tweedetaal(T2)-verwerwing deur Khoe-sprekers. ORA is dus 'n intertaalvorm van Nederlands wat weens isolasie en 'n groot mate van tweetaligheid apart van die ander variëteite van Afrikaans ontwikkel het. Aldus kan die verskille tussen hierdie variëteit en ander Afrikaanse variëteite verklaar word (vgl. Van Rensburg 1989: 136-43; Webb 1993: 161-70). In 'n groot mate sluit hierdie benaderingswyse aan by Raidt se gebruik vanaf die laat 1970's van terme soos 'taalversteuring' en gebrekkige T2-verwerwing. Vir Raidt het die teenwoordigheid van groot groepe T2-sprekers van Nederlands die taalveranderingprosesse in die Nederlands van T1-sprekers aangehelp. Die variasietaalkundiges het 'n klemverskuiwing gemaak deurdat hulle konsentreer op die intertale, waaruit hulle insiens die nie-standaardvariëteite van Afrikaans ontwikkel het. Van Rensburg se siening is soortgelyk – alleen meen hy nie soos Raidt (aanvanklik gemeen het) dat veranderinge by *alle* groepe dieselfde was nie. Syns insiens het die 'aanleedersvariëteite' van Nederlands apart ontwikkel in die latere variëteite van Afrikaans (ORA en KA), maar hierdie aanleedersvariëteite het 'n invloed op die ontwikkeling van die Nederlands van die koloniste gehad, m.a.w. meer gedoen as net die inherente prosesse te versnel (vgl. byvoorbeeld Van Rensburg 1994: 175-77; ook Du Plessis 1994 & 1995).

Ofskoon die variasietaalkundiges uiters waardevolle werk gedoen het, is die uitsprake wat hulle oor die ontstaan van Afrikaans gemaak het, in die algemeen taamluk vaag. Daar is nog geen goed uitgewerkte en beargumenteerde teorie oor presies hoe die intertale aan die vroeë Kaap tot die drie basiese variëteite ontwikkel het nie, en hoe hulle mekaar beïnvloed het nie (vgl. Roberge 1995: 76-77; Deumert 1999: 63-64 vir verdere kritiek). Dit is deels die gevolg van die feit dat die meeste studies oor taalvariasie in Afrikaans sinchronies is. Waar daar wel oor die geskiedenis van variëteite uitgebrei word, word daar oor die algemeen op die 19<sup>de</sup> eeu gekonsentreer (vgl. Van Rensburg 1983: 141-49 oor OGA; Davids 1990 & 1994 oor KA), met geen duidelike uitsprake oor wat die situasie voor dié tyd was nie. Ten spyte hiervan het hulle 'n groot bydrae gemaak tot die diachroniese taalwetenskap deur 'n groter bewustheid van taalvariasie en die ontwikkeling van variëteite te skep.

### 2.8.2 *Belangstelling van kreoliste vir Afrikaans*

Hoewel die befaamde kreolis, John Reinecke, Afrikaans in detail in sy oorsig van "marginal languages" van die wêreld bespreek het (Reinecke 1937: 559-81), was daar ná hom dekades lank weinig belangstelling van die kant van kreoliste vir die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans. Waarskynlik het die Valkhoff-polemiek en die publikasie van Hesseling se artikels in Engelse vertaling (Markey & Roberge 1979) gelei tot groter bekendstelling van die probleem, want gedurende die 1980's het verskeie kreoliste oor Afrikaans geskryf.

Die mees bekende hiervan is Markey (1982) waarin die skrywer probeer bepaal of Afrikaans 'kreools' of 'nie-kreools' is. In hierdie artikel poneer Markey 'n elftal 'universele' kenmerke van kreole waaraan hy beide Afrikaans en Afro-Hollands toets. Sy bevinding is dat, terwyl Afro-Hollands al elf die kenmerke vertoon, Afrikaans slegs twee daarvan het, terwyl 'n verdere twee onseker is (Markey 1982: 177-200). Sy gevolgtrekking is soos volg: "Afrikaans, for whatever inexplicable reasons of environment and structure, is a transitional language located on a continuum somewhere between creole and non-creole" (Markey 1982: 204).

Hierdie artikel van Markey het wyd aandag geniet en word dikwels aangehaal, veral deur kreoliste (vgl. byvoorbeeld Romaine 1988: 47-69; Bakker 2000: 107-9).<sup>11</sup> Dit is deels die gevolg van die debat in die kreolistiek oor die status van 'semi-kreole' of 'kreoloïdes'. Ten einde groter duidelikheid oor die status van Afrikaans te verkry, het Dennis Makhudu hom ook in groter detail hierop toegespits. Makhudu, soos Valkhoff voorheen gedoen het, wys daarop dat Standaardafrikaans nie die objek van studie vir die geskiedenis van Afrikaans moet wees nie aangesien dit in vele opsigte 'gedekreoliseer' is. Volgens Makhudu is dit die rede waarom Markey se studie aantoon dat Afrikaans so min kreoolse kenmerke het – hy het slegs Standaardafrikaans in sy analise gebruik (Makhudu 1984: 8-9). Makhudu argumenteer dat 'Afrikaans' 'n versamelnaam van 'n kontinuum van sosiolekte is, waarvan Standaardafrikaans die mees akrolektiese is (Makhudu 1984: 48-53). Daarom gebruik hy eerder wat hy noem 'Kleurling-Afrikaans' – sins insiens 'n voorbeeld van 'n mesolektiese variëteit van Afrikaans – en die basilektiese Flaaitaal. Hy maak gebruik van 'n lys van 13 'kreoolse kenmerke', soortgelyk aan dié van Markey, maar pas dit toe op data van 'Kleurling-Afrikaans' en Flaaitaal (Makhudu 1984: hfst. 4). Die resultaat hiervan is dat Standaardafrikaans net drie van dié kenmerke het, maar 'Kleurling-Afrikaans' sewe en Flaaitaal nege (Makhudu 1984: 93-94). Makhudu se gevolgtrekking is dat sy studie:

“... suggests the existence of a (post) creole continuum of lects, especially since SEA [Standard European Afrikaans] and CA [Cape Afrikaans] ... resemble one another more than either resembles FT [Flaaitaal]. The deeper forms of CA and FT, on the other hand, are further away from the acrolectal forms and show clear signs of creolization. This conclusion is understandable, especially since it now seems likely that pidginization and creolization did indeed occur in the non-native Dutch communities of the early Cape” (Makhudu 1984: 96).

Makhudu se studie is van belang omdat hy waarskynlik een van die eerstes was om 'n kontinuum van lekte in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans voor te stel, maar veral ook omdat hy aandag geskenk het aan die verskille tussen die onderskeie variëteite van Afrikaans binne 'n ontstaansperspektief.

Die gevolg van die belangstelling van skrywers soos Markey en Makhudu, asook die publikasies van Den Besten en Roberge (vgl. § 2.8.3), is dat Afrikaans gewoonlik in die meeste besprekings van pidgins en kreole aan die bod kom (vgl. byvoorbeeld Holm 1989: 338-52; Sebba 1997: 160-66). Kreoliste is veral geïnteresseerd in die 'semi-kreool'-status van Afrikaans al dan nie. Holm (1989) bespreek Afrikaans as 'n geval van “partial creolization” en lê nes Makhudu klem op die variëteite van Afrikaans en die feit dat sommige hiervan meer 'kreools' as ander voorkom (vgl. Holm 1989: 347-52). Hierdie kwessie het Holm onlangs verder geneem en argumente aangevoer waarom daar, ten spyte van vorige kritiek, plek is vir 'n term soos 'semi-kreool', spesifiek vir Afrikaans (Holm 2000: 27-29 & 2001: 355-76). Dit ten spyte is heelwat kreoliste en ander taalkundiges ongeneë om 'n vaag-gedefinieerde en onduidelike term soos 'semi-kreool' te aanvaar wat weinig bydra tot 'n beter begrip van die probleme verbonde aan die spesifieke tale (vgl. Mufwene 1997: 58-60; Mühlhäusler 1999: 121-22, 127-28; Ponielis 2002: 97).

<sup>11</sup> Hierdie gebruik van Markey, nl. om die 'kreoolseheid' van 'n taal te bepaal deur dit te toets aan 'n lys vermeende 'kreolismes', het inmiddels veel kritiek ontvang. Vgl. § 3.2.3.1 hieronder.

Die groot bydrae wat die belangstelling van kreoliste tot die bestudering van die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans gemaak het, is hul toepassing van die teoretiese apparatuur van die kreolistiek daarop. Gevolglik werk feitlik alle moderne Afrikaanse historiese taalkundiges vandag met konsepte uit die kreolistiek.<sup>12</sup>

### 2.8.3 Die werk van Den Besten

Die voorstelle van Den Besten oor die ontstaan van Afrikaans, wat hy sedert die laat 1970's gemaak het, moet in die lig van bogenoemde verwickelinge gesien word. Ofskoon dit geskied binne die kader van die wyer belangstelling deur kreoliste in Afrikaans, is Den Besten se werk soveel meer diepgaande en belangwekkend as enige ander kreolis s'n voor hom. Sy publikasies het deels tot die internasionale belangstelling in Afrikaans onder taalkundiges, veral kreoliste, bygedra. Daarom, en weens die belang van sy teorie vir die huidige studie, word sy voorstel van die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans in groter besonderhede in § 4.2 hieronder bespreek.

Paul Roberge is 'n taalkundige wie se werk die afgelope dekade in 'n groot mate by Den Besten se Konvergensieteorie aansluit. Hy het in sekere opsigte daarop voortgebou en dit verder uitgebrei (vgl. Roberge o.m. 1993, 1994, 1995). Omdat sy werk egter so omvattend is en heelwat by Den Besten se siening aansluit, word dit nie hier ingesluit nie.

## 2.9 Slot

Die voorafgaande bespreking het gewys dat Afrikaanse taalkundiges, sy dit met ompaaie en langs verskeie weë, essensieel terug is by die benaderings van Hesseling en Bosman, meer spesifiek hul bestudering van die ontstaan van Afrikaans binne 'n kontaksituasie waar die gebruik van sosiohistoriese materiaal 'n belangrike hulpmiddel is. Anders as 'n eeu gelede weet ons egter soveel meer oor die ontwikkeling van Afrikaans, is daar 'n beter teoretiese apparatuur om taalkontak te beskryf, en is die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis deeglik beskryf. Daar is geen twyfel meer by moderne Afrikaanse taalkundiges nie dat Afrikaans ontstaan het omdat Nederlands na die Kaap gebring is, maar aan die Kaap mettertyd in Afrikaans verander is deur die invloed van groot getalle T2-sprekers. Daar is wel meningsverskille oor presies hoe hierdie beïnvloeding verloop het en watter vorms dit aangeneem het. In hierdie studie word daar gepoog om lig te werp op dié kwessies deur een van die hulpmiddels van die historiese taalkundige daar te stel, nl. 'n gedetailleerde aanbieding van die sosiohistoriese agtergrond waarteen die taal tot ca. 1720 kon ontwikkel het.

<sup>12</sup> 'n Voorbeeld hiervan is F. Ponelis, wat deur sommige as verteenwoordigend van die Filologiese Skool beskou word (vgl. Roberge 1990: 148 n. 15), maar wat veel begrip toon vir die taalkontakituasie waaronder Afrikaans ontstaan het en die rol van moontlike pidginisering en kreolisering daarin. Hy poneer dat daar naas 'n matrelektiese vorm Nederlands ook 'n verskeidenheid van interlekte onder die slawe, Khoekhoen, Franse en Duitsers aan die Kaap was. Anders as Raidt maak Ponelis nie 'n onderskeid tussen gebrekkige T2-verwerwing en pidginisering nie (Ponelis 1988: 120-32). Volgens hom was daar wel primêre pidginisering, maar geen stabiele pidgin in die geskiedenis van Afrikaans nie (Ponelis 1993: 28). In sy latere werke gebruik Ponelis die terme 'interlektiese aanpassing' (Ponelis 1997: 607-9; 1993: 27-35) en 'kreolisering' (Ponelis 1994: 224-25; 1999: 71-72) as sinonieme vir dieselfde proses. So meen hy dan dat die gebrekkige taalverwerwing van die slawe gelei het "tot kreolisering, dit wil sê die inhoudelike en gebruiksreduksie van Nederlands" (Ponelis 1994: 224; vgl. 1999: 71). Hieruit blyk dat Ponelis met 'kreolisering' bedoel die invloed wat T2-variëteite (veral dié van die slawe en Khoekhoen) op die ontwikkelende Nederlands aan die Kaap gehad het (vgl. Ponelis 1993: 27, 30, 193, 196). Volgens Roberge (1995: 74) is Ponelis se siening van 'kreolisering' in substansie gelyk aan die variasietaalkundiges se siening van die rol van intertale.

In 'n onlangs verskene versamelbundel oor kreolisering skryf die redakteurs:

“One of the dominant topics in creole studies of the last decade has been a rediscovery and a renewed questioning of the basic issues and notions in the field and, consequently, a restating of the question of precisely what it means when a given language is classified as ‘a creole’. There is not only the question of how far extant theories of creole genesis can be harmonized; rather, the very process of creolization has turned out to be a central concern of recent research” (Neumann-Holzschuh & Schneider 2000: 1).

Hierdie bevraagtekening van vroeëre opvattinge het opwindende navorsingsresultate gelewer, waaronder die groot hoeveelheid ondersoek wat oor die rol van sosiohistoriese faktore in kreoolgenese handel. Dit is veral die insigte, tegnieke en voorbeelde uit hierdie studies verkry wat vir die huidige studie van belang is. Daar word daarom vervolgens aandag gegee aan die rol van sosiohistoriese faktore in kreoolgenese soos dit uit veral die resente literatuur oor kreoolgenese na vore kom. Veral die onlangs ontwikkelde teorieë/benaderings waarin sosiohistoriese faktore vooropgestel word, nl. die Gradualistiese Hipoteses van Arends, Baker en Singler, en Mufwene se Komplementêre Hipotese (en die verdere ontwikkeling daarvan), word beklemtoon. Maar om hierdie ontwikkelings in perspektief te plaas, is dit nodig om eers die belangrikste teorieë oor kreoolgenese oorsigtelik te behandel.

### 3.1 Teorieë oor die ontstaan van pidgins en kreole

Vandat taalkundiges in die tweede helfte van die 19<sup>de</sup> eeu aan kreoolse tale begin aandag gee het, was die kwessie van hoe sodanige tale ontstaan 'n moeilike en omstrede vraagstuk. Sedertdien is daar verskeie teorieë voorgestel en uitgewerk wat poog om kreoolgenese te verklaar, waarvan sommige meer suksesvol is en wyer ondersteun word, as ander. Nie al hierdie teorieë is ewe omvattend of goed uitgewerk nie, en sommige het 'n vroeë dood gesterf of is geïnkorporeer as 'n onderdeel van 'n ander teorie. Daar is tot op hede geen duidelike, goed-uitgewerkte en omvattende teorie vir kreoolgenese wat die probleem voldoende verklaar of wat sonder meer deur alle kreoliste aanvaar word nie. Desnieteenstaande is daar tog vordering gemaak en word daar vandag beter begryp watter faktore belangrik is in die ontstaan van pidgins en kreole, en watter teorieë gevolglik meer aandag behoort te verdien. Dit hang saam met die feit dat daar veral sedert die 1980's heftige debatte rondom kreoolgenese gevoer is. Soos hieronder bespreek sal word, het dit daartoe gelei dat sommige kenners vandag reken dat mens nie een spesifieke teorie oor kreoolgenese as voldoende en korrek hoef te beskou nie, maar dat 'n kombinasie van verskillende voorstelle en teorieë dikwels die probleem beter belig en verklaar.

Daar is verskillende maniere om die onderskeie teorieë te orden na gelang van sekere gemene delers ten einde 'n beter greep op hulle te kry. Hier word hulle op grond van 'n onderskeiding ingedeel wat duidelik een van die belangrikste oogmerke van hierdie ontstaansteorieë uitwys. Dit is naamlik om te onderskei tussen dié teorieë wat probeer verklaar waarom verskillende pidgins en kreole regoor die wêreld grammatikaal in heelwat opsigte ooreenkom, en dié teorieë wat weer die verskille tussen hierdie tale vooropstel. So 'n onderskeid in benadering en

doelwit is sedert die begin van wetenskaplike ondersoek na kreoolgenese merkbaar. Die twee taalkundiges wat in die vroeë 1880's deur hul werk belangstelling in kreole gewek het, Adolphus Coelho en Lucien Adam, het totaal verskillende teorieë voorgestel wat kreoolgenese probeer verklaar. Coelho het die ooreenkomste tussen verskillende kreole beklemtoon terwyl Adam weer die verskille tussen kreole vooropgestel het. Deur hul boeke is die aandag op die verskynsel van kreoolse tale gevestig; en hulle het 'n groot invloed gehad op Schuchardt, deur baie as die 'vader' van die kreolistiek beskou, wat gedurende sy loopbaan tussen die posisies van Coelho en Adam beweeg het (vgl. Gilbert 1980: 4; Holm 1988: 29). Die prominentse moderne reïnkarnasies van hierdie onderskeie denkrigtings, nl. die universalistiese en substraat-teorieë, bly steeds 'n belangrike geskilpunt.

### 3.1.1 Teorieë wat ooreenkomste tussen kreole beklemtoon

#### 3.1.1.1 Universalistiese benaderings

Coelho word vandag beskou as die eerste persoon om 'n teoretiese standpunt oor die ontstaan van kreole in te neem, meer spesifiek as iemand wat begin het met die uitwerk van 'n soort universalistiese teorie (vgl. Holm 1988: 27-28, Muysken & Veenstra 1994: 121). Coelho het 'n ekstreme universalistiese posisie voorgestaan, wat feitlik geen ruimte vir substratum-invloed toegelaat het nie. Hy het voorgestel dat Portugese kreole ontstaan het weens die universele eienskappe inherent aan tweedetaal-verwerwing:

“The Romance and creole dialects, Indo-Portuguese and all similar formations represent the first stage or stages in the acquisition of a foreign language by a people that speaks or spoke another... They owe their origin to *the operation of psychological or physiological laws that are everywhere the same*, and not to the influence of the former languages of the peoples among whom these dialects are found” (in Holm 1988: 27, my kursivering).

Hoewel Coelho se analise nie baie omvattend was nie, en hy nooit sy teorie in detail uitgewerk het nie, was dit 'n belangrike voorstel wat later deur ander kreoliste opgeneem en verder uitgewerk is.

Dit was nooit Schuchardt se doel om 'n teorie op te stel wat sou verklaar waarom kreole ontstaan nie, veral omdat hy meestal gevallestudies van spesifieke tale gemaak het en nooit die verskynsel van kreoolse tale as geheel beskou het nie (vgl. Gilbert 1980: 6). Tog kan mens uit sy werk aflei wat sy gedagtes oor kreoolgenese was (Holm 1988: 30-31).<sup>1</sup> Schuchardt het aanvanklik in sy vroeë werk geneig na 'n siening van kreoolgenese nader aan dié van Adam en die latere substratiste (vgl. § 3.1.2.1). Vir verskynsels wat deur Coelho as universalia in kreole beskou is, het Schuchardt eerder 'n eie verklaring vir dié spesifieke taal gesoek (Gilbert 1980: 6). Schuchardt het aanvanklik Coelho se universalistiese verklaring van die gelyksoortigheid van kreole weerstaan en eerder kulturele, sosiale of historiese verklarings voorgestaan. Slegs wanneer sulke verklarings nie voldoende was nie, het hy universele prosesse soos vereenvoudiging oorweeg (Holm 1988: 32). Nieteenstaande hierdie onwilligheid om sekere kreoolse verskynsels as taaluniversalia te beskou, is Schuchardt deur sy bestudering van 'n wye verskeidenheid pidgins en

<sup>1</sup> Volgens Gilbert is een van die redes waarom Schuchardt se werk oor kreolistiek so lank grootliks geïgnoreer was, juis sy onwilligheid om hom *definitief* oor sekere aangeleenthede rakende pidgins en kreole uit te laat: “... he frustratingly refuses to take sides on general questions to which it is only human to fervently wish for solutions” (Gilbert 1980: 2-3).

kreole gedurende die 1880-1890's gekonfronteer met ooreenkomste tussen hierdie tale, veral wat die verbale sisteem betref (Gilbert 1980: 7). Dit het daartoe gelei dat hy in sy latere werk oor kreolistiek nader beweeg het aan 'n universalistiese standpunt (Mühlhäusler 1986: 114; Bakker 2000: 38). Volgens Hesseling spreek Schuchardt homself die duidelikste uit oor teoretiese kwessies rakende die ontstaan van pidgins en kreole in twee van sy latere stukke, nl. oor die Lingua Franca (1909) en Saramakkaans (1914) (Hesseling 1933: 209).

Schuchardt begin sy stuk oor Saramakkaans met 'n uitspraak wat sedert die groei van kreolistiek in die 1960's dikwels geëggo is:

"The importance for general linguistics of the creole dialects has not yet been fully appreciated. They are customarily viewed as the products of a very peculiar or intensive mixture. But what characterizes them much better, if I may be permitted the term, is their Volapükian nature"<sup>2</sup> (Schuchardt [1914] 1980: 91).

In sy Lingua Franca-artikel stel Schuchardt voor dat vreemdelingspraak, tesame met die dringende noodsaaklikheid om onder buitengewone omstandighede te kommunikeer, die primêre oorsaak vir die ontstaan van pidgins is. In sy latere stuk oor Saramakkaans reken hy dat beide vreemdelingspraak sowel as taalverwerwingsprosesse die belangrikste rol in hierdie proses speel (vgl. § 3.1.1.2). Dit is juis die belangrike rol van hierdie taalvorme in die ontstaan van pidgins wat vir Schuchardt belangrik is, en die ooreenkomste tussen verskillende pidgins en kreole verklaar. Volgens Gilbert beskou Schuchardt die geneigdheid van mense, met verskillende moedertale, om hul taal tot bykans dieselfde soort vreemdelingspraak te 'radbaak' (Schuchardt gebruik die term "radebrechen", vgl. [1909] 1980: 69) nie as kultuurgebonde nie, maar as 'n universele strategie om slegs die essensiële, die "innere Sprachform",<sup>3</sup> te kommunikeer. Beide kindertaal en vreemdelingspraak is die gevolg van universele prosesse van vereenvoudiging (Gilbert 1980: 13; vgl. Schuchardt [1909] 1980: 69-70, [1914] 1980: 91-92). Kreole het op dieselfde basiese manier ontstaan, en langs parallelle lyne ontwikkel, soos Schuchardt dit in sy bekende uitspraak stel:

"When I speak of Negro creole dialects, ... one should not rebuke me for it on the grounds that there exists no common Negro creole from which they could have issued. That is correct. We have no divergence, but rather a parallelism. They are *fashioned out of the same material according to the same plan, in the same style*. The intrinsic relationship which exists within the Negro creoles is repeated between these and the other languages we have called creoles, to a weaker degree" (Schuchardt [1914] 1980: 94-95, my kursivering).<sup>4</sup>

---

<sup>2</sup> Met die frase "Volapükian nature" bedoel Schuchardt hul taaluniversele aard. Volapük was een van die artifiële internasionale hulptale (waaronder ook Neolatyn of Novilatyn) wat in die 19<sup>de</sup> eeu ontwikkel is, soortgelyk aan Esperanto (Gilbert 1980: 8). Schuchardt gebruik dit soms om na heel 'basiese' taal, oftewel die absolute minimum noodsaaklik vir kommunikasie, te verwys – vgl. sy sin: "The Portuguese who landed on the coast of India came as Volapükists. Without any other consideration than that of easy communication, they smashed and mended their language for the sake of the natives ... " (Schuchardt 1980 [1909]: 69 n. 6). Markey, wie se vertaling van Schuchardt vryer as Gilbert s'n is (aldus Holm), vertaal dieselfde sinsnede as volg: "... but what distinguishes them is, rather, if I dare say so, their *universal linguistic features*" (in Mühlhäusler 1986: 114, my kursivering).

<sup>3</sup> Hierdie nosie is deur die invloedryke vroeë 19<sup>de</sup>-eeuse linguïst Alexander von Humboldt voorgestel. Die "innere Sprachform" kan basies gedefinieer word as "the semantic and grammatical structure of language, embodying elements, patterns and rules imposed on the raw material of speech. In part it is common to all men, being involved in man's intellectual equipment; but in part also the separate *Sprachform* of each language constitutes its formal identity and difference from all other languages" (Robins 1997: 165).

<sup>4</sup> Hierdie idee is later deur Robert A. Hall verder geneem. Hy het voorgestel dat die meeste kreole onafhanklik van mekaar ontstaan het, maar langs parallelle lyne ontwikkel het. Die rede waarom soveel kreole gemeenskaplike eienskappe deel, is

Anders as Coelho wat vanuit 'n teoretiese standpunt gemeen het kreole ontstaan weens universele prosesse, het Schuchardt induktief te werk gegaan en eers metertyd deur die getuienis van verskillende tale tot 'n gevolgtrekking gekom. Soos Gilbert dit stel: "... what started in 1880 as pure speculation on Coelho's part is seen to have gone full circle in Schuchardt's mind. It took thirty-five years for Schuchardt to convince himself of its truth ..." (Gilbert 1980: 13).

Ofskoon Hesseling heel spesifieke teorieë oor die herkoms van Afrikaans en Afro-Hollands gepropageer het, het hy eers ná meer as 30 jaar se studie van kreole 'n duidelike uitspraak oor kreoolgenese gemaak. Dit mag met die eerste oogopslag vreemd lyk om Hesseling as 'n universalis te klassifiseer. Hesseling het weliswaar nie in sy vroeë werk een enkele teorie voorgedien en verdedig nie, maar elke geval op grond van sy eie spesifieke omstandighede probeer verklaar. Muysken en Meijer oordeel tereg dat Hesseling soms idiosinkratiese faktore oorweeg het in die ontstaan van kreole, en taalverandering in die algemeen. Veral opmerklik is die feit dat hy, anders as baie ander historiese taalkundiges van sy tyd, sosiohistoriese en kulturele omstandighede belangrik geag het (Muysken & Meijer 1979: xi-xii).<sup>5</sup> Hesseling was nogtans nie 'n substratis nie. Hoewel hy sekere substratum-invloede in kreole uitgewys het (vir beide Afro-Hollands en Afrikaans), het hy nie, soos byvoorbeeld Adam (§ 3.1.2.1), geglo dat die grammatika van kreole van die substratumtale afkomstig is nie. Hy was versigtig om sekere verskynsels aan substrata toe te skryf, veral omdat hy van mening was (in die geval van Afro-Hollands en Papiamentu) dat die verskeidenheid van Afrika-tale wat in die vorming van dié tale betrokke was, hul invloed geneutraliseer, eerder as versterk, het (Muysken & Meijer 1979: xiv-xvi; Bakker 2000: 36-44).

Op grond van verspreide opmerkings, en veral sy twee latere artikels (Hesseling 1933 & 1934) is dit duidelik dat Hesseling kreolisering beskou het as 'n universele proses waarin tweedetaalverwerwing (voortaan T2-verwerwing) deur volwassenes 'n deurslaggewende rol speel (vgl. Holm 1988: 35; Bakker 2000: 33). Net soos Schuchardt in sy latere werk, beskou Hesseling kindertaal en vreemdelingspraak as kardinaal in dié proses, maar hy verskil oor die aard en belang van die onderskeie invloede (Hesseling 1933; sien § 3.1.1.2 vir besonderhede). Volgens Hesseling is die gebroke taal van die slawe die primêre bron van vereenvoudiging. Hierdie vereenvoudiging hang nou saam met universele prosesse van T2-verwerwing deur volwassenes. Wat kreolisering so besonders maak, is die buitengewone aard van die situasie. Hesseling het veral twee faktore as deurslaggewend vir kreolisering beskou, nl. die ongelyksoortigheid van twee of meer tale in 'n kontaksituasie en dat taalverwerwing vinnig en onder buitengewone omstandighede plaasvind (Hesseling 1933: 213-15; 1934: 320-21; vgl. Muysken & Meijer 1979: xv; Bakker 2000: 33-35, 39-41).

Volgens Hesseling is dit hierdie faktore (die aard van taalverwerwing en die spesifieke kontaksituasie) wat kreole van ander tale onderskei. Hesseling (1934) handel spesifiek oor die verskil tussen gemengde tale, mengeltale en kreole. Gemengde tale is tale wat vreemde elemente, meestal leksikaal, uit ander tale oorneem, en waar hierdie

---

omdat hulle in baie gevalle dieselfde leksifiseerdertaal het en omdat hulle onder dieselfde fisiese en sosiale omstandighede ontstaan het. Hierdie voorstel het egter nie veel aandag geniet nie, veral omdat dit nie elemente wat gemeenskaplik aan kreole is, maar wat nie in die leksifiseerdertale voorkom nie, kan verklaar nie (vgl. DeCamp 1971: 20-21; Todd 1990: 29-30; Sebba 1997: 76-77).

<sup>5</sup> Hoewel Hesseling hom nooit oor die Junggrammatiker uitgelaat het nie, kom sy siening van taal as 'n sosiale en historiese verskynsel wat as sodanig bestudeer moet word, ooreen met dié van Schuchard, Meillet en Van Ginneken wat hulle spesifiek teen die teorie van die Junggrammatiker verset het. Hesseling het hom dan ook geïnteresseer in taal as maatskaplike verskynsel. In hierdie opsigte was hy sy tyd ver vooruit (vgl. Bakker 2000: 24-28; Robins 1997: 206-16).

elemente talryk en as vreemd herkenbaar is. By mengeltale is die aantal vreemde woorde baie hoog, of is die grammatika aangetas deur vreemde invloed. 'n Kreool is 'n bepaalde soort mengeltaal, "waarvan de kenmerkende eigenschap samenhangt met haar ontstaan". Hierdie tale bots met 'n "sterk afwijkende" taal en bereik binne 'n relatief kort tyd vereenvoudiging en 'n kenmerkende "grammatica minima" (Hesseling 1934: 319-20).

Vir Hesseling is dit nie substratum-imploed wat kreole laat verskil van hul leksifiseerdertale nie, maar die spesifieke kontaksituasie waar ongelyksoortige tale 'bots' en waar die universele aspekte van T2-verwerwing 'n deurslaggewende rol in die ontstaan van 'n nuwe taalvariëteit speel. Dit is dus waarom kreole sekere grammatikale eienskappe gemeen het. Muysken en Meijer het gelyk dat Hesseling se posisie nader aan dié van Coelho as Schuchardt s'n is, en ook dat sy teorie minder dubbelsinnig as Schuchardt se teorie is (Muysken & Meijer 1979: xv, xiii).

Hoewel die bekende taalkundige Jespersen se uitsprake oor kreoolgenese die rol van kindertaal en vreemdelingspraak asook T2-verwerwing benadruk (sien § 3.1.1.2), beklemtoon hy tog ook die rol van universele prosesse. Hy wys daarop dat die ooreenkomste tussen verskillende pidgins opvallend groot is (Jespersen [1922] 1959: 224). Dit is volgens hom weens die universele aard van die proses van pidginvorming en kan nie aan substratum-imploed toegeskryf word nie:

"In all these languages... the grammatical structure has been simplified very much beyond what we find in any of the languages involved in their making, and simplified to such an extent that it may be expressed in very few words, and those nearly the same in all these languages... The vocabularies are as the poles asunder... but the morphology of all these languages is practically identical, because in all of them it has reached the vanishing point. This shows conclusively that the reason of this simplicity is not the Chinese substratum or the influence of Chinese grammar, as is so often believed. [Chinese] Pidgin-English cannot be described, as is so often done, as English with Chinese pronunciation and Chinese grammar..." (Jespersen [1922] 1959: 233).

Ná hierdie vroeë belangstelling in universalistiese verklarings, het dit in die daaropvolgende dekades na die agtergrond geskuif. Dit was eers gedurende die 1960's, met die opkoms van die Generatiewe Grammatika, dat daar weer aandag aan universalistiese faktore begin gee is (vgl. Mühlhäusler 1986: 114). Hierdie hernieude belangstelling kan ook deels as reaksie beskou word op die tekortkominge van die monogenetiese teorie, en 'n poging om die ooreenkomste tussen verskillende pidgins en kreole op 'n ander wyse te verklaar (Todd 1990: 39-40).

Daar was lank nie duidelikheid oor presies wat met 'universalialia' in pidgins en kreole bedoel word nie. Vroeë kreoliste skryf soms oor die universaliteit van sekere prosesse soos T2-verwerwing en kindertaal of vreemdelingspraak wat 'n belangrike rol in die ontstaan van pidgins speel; en ander kere weer oor sekere strukturele eienskappe wat ooglopend dieselfde is in alle of baie pidgins en kreole. Dit is daarom nuttig om van Muysken en Veenstra 1994 se onderskeid tussen tipes universalialia, nl. prosessuele en wesenlike universalialia, gebruik te maak.

Daar is twee hoofbenaderings vir die studie tot wesenlike universalialia, nl. een wat Greenberg se tipe universalialia gebruik, en die ander gebaseer op Chomsky se nosie van Universele Grammatika (UG) (vgl. Smith 1999:

42-45). Eersgenoemde het weinig invloed op die kreolistiek gehad. Die Chomskyaanse benadering hou in dat daar abstrakte, universele beginsels bestaan waarmee elke kind gebore word wat hom/haar in staat stel om 'n taal te verwerf (Mühlhäusler 1986: 116). Alle natuurlike tale vorm hulle volgens UG. Die tradisionele aanname is dat kreole moedertale is, dus ook natuurlik tale wat na die UG gevorm is. Binne hierdie benadering word daar geargumenteer dat dié grammatikale eienskappe wat kreole deel, die gevolg van UG is: gegee die keuse tussen 'n gemarkeerde vorm (uit bv. 'n substraattaal) en 'n ongemarkeerde vorm (die vorm in UG, die mees 'natuurlike') sal kreole geneig wees om laasgenoemde opsie te kies. Dit is dus die rede waarom soveel eienskappe deur kreole gedeel word. Sekere universele eienskappe van kreole wat dikwels as sodanig aanvaar word, sluit in: TMA-partikels, SVO-sinsvolgorde, fokalisering, deursigtige vraagwoordsisteme, meervoudsvorming deur die gebruik van die pronomens vir die derdepersoonsmeervoud, ensovoorts (Muysken & Veenstra 1994: 123-24).

Prosessuele universalie is al lank 'n besprekingspunt in die kreolistiek. Die ooreenkomste tussen verskillende pidjins en kreole kan maklik verklaar word deur aan te neem, soos Hinnenkamp dit stel, dat "languages that are structurally quite different may be *simplified in very similar ways*, yielding nearly identical surface structures" (in Sebba 1997: 95, my kursivering). Met ander woorde, dit is die psigologiese prosesse van taalvereenvoudiging en taalverwerwing wat universeel is. Daar bestaan sekere universele beperkinge op wat 'n volwassene onder sekere omstandighede van 'n taal kan verwerf; asook sekere universele strategieë om taal te vereenvoudig en sodoende kommunikasie te vergemaklik (Sebba 1997: 96). Ferguson noem hulle 'taaluniversalie van vereenvoudiging' (Holm 1988: 62). Maar, hoewel daar duidelike algemene meganismes van taalverwerwing is, is hierdie teorie tans in baie opsigte nog vaag (Muysken & Veenstra 1994: 121-122). Daar is nogtans twee variante van die teorie wat goed ondersteun word, nl. universalie van T2-verwerwing en universalie van T1-verwerwing.

Volgens aanhangers van die eerste variant, is kreole die resultaat van gebrekkige T2-verwerwing. Waar die sprekers van die proto-kreool nie genoegsame blootstelling aan die teikentaal gehad het nie, het hulle die grammatikale sisteem self geskep. Kreole deel soveel kenmerke omdat die T2-verwerwingsproses vir alle mense eenders is. Dit is egter nog nie duidelik hoe die rol van T1-verwerwing verskil van T2-verwerwing in hierdie proses nie (Muysken & Veenstra 1994: 128-129).

Daar is twee weergawes van die teorie wat voorhou dat kreole eenders is weens die universalie verbonde aan T1-verwerwing, nl. Bickerton se bekende Bioprogram-hipotese en die Parameter-teorie. Eersgenoemde word weens die omstredeheid en invloed daarvan apart (in § 3.1.1.5) bespreek. Die Parameter-teorie is gedurende die 1980's ontwikkel nadat Chomsky die nosie van Beginsels-en-Parameters voorgestel het. Dit hou in dat alle tale op dieselfde beginsels gebou is (UG), en dat variasie tussen tale bloot verskillende parameterstellings verteenwoordig (vgl. Smith 1999: 81-83). Oor die toepassing hiervan op kreole is daar nog baie onsekerheid en vaagheid (Muysken & Veenstra 1994: 132-133). Hoe dit ook sy, dit word wyd aanvaar dat UG 'n belangrike rol in kreoolgenese speel, terwyl sommiges ook meen dat dit nou gekoppel is aan taalverwerwing onder buitengewone omstandighede.

Soos duidelik uit die bespreking hierbo behoort te blyk, is daar baie vordering met universalistiese benaderings tot die ontstaan van pidjins en kreole gemaak. In hoe 'n mate dit kreoolgenese voldoende verklaar, is nie 'n uitgemaakte saak nie. Wat wel vas staan, is dat universele prosesse, van watter aard ook al, 'n belangrike rol speel. Todd stel dit opsommenderwys soos volg, 'n uitspraak waaruit die belang van beide prosessuele en wesenlike universalie in kreoolgenese duidelik blyk:

“(T)here are universal patterns of linguistic behaviour appropriate to contact situations. We could express this view more positively by suggesting that pidgins and creoles are alike because, fundamentally, languages are alike and simplification processes are alike... The similarities in all pidgins... may well be accounted for if we can show that human beings are biologically programmed to acquire *Language* rather than any particular language, and that the programming includes an innate ability to dredge our linguistic behaviour of superficial redundancies where there is a premium on transmitting facts... (T)he fact that we do adjust and the fact that people of different linguistic backgrounds adjust their language behaviour in similar ways, suggests that the behaviour is rule-governed and may be the result of linguistic universals” (Todd 1990: 39-40).

### 3.1.1.2 Kindertaal en Vreemdelingspraak-teorie

'n Teorie wat al lank en steeds kontroversieel is, handel oor die belangrikheid van kindertaal en/of vreemdelingspraak in die ontstaan van pidgins en kreole. Soos uit § 3.1.1.1 blyk, skakel so 'n teorie baie nou met universalistiese benaderings, juis omdat dit handel oor spesifieke psigologiese prosesse. Daar moet op gelet word dat vroeë kreoliste onduidelik was oor presies wat met hierdie terme bedoel word. Moderne taalkundiges gebruik hulle slegs in die sin van tale wat deur volwasse moedertaalsprekers gebruik word wanneer hulle met babas of vreemdtaliges kommunikeer, *nie* in die betekenis van die taalvorme van babas of vreemdelinge *nie* (Mühlhäusler 1986: 99).

Schuchardt het in sy latere werk die rol van kindertaal en vreemdelingspraak beklementoon. Sy siening was dat die vereenvoudiging wat tot die ontstaan van 'n pidgin<sup>6</sup> aanleiding gee, by die moedertaalsprekers van die leksifiseerders begin omdat hulle 'n vereenvoudigde ('geradbraakte') vorm daarvan in hul kontak met vreemdelinge gebruik:

“All mutilation of a language issues from those who have inherited it as their mother tongue, in much the same way as the language of a child depends on the language of its nurse. Or, if I may use a metaphor, it is not the foreigners who chip out single stones from a good, solid building in order to build themselves shabby huts, but it is the proprietors themselves who hand them the pieces for this purpose” (Schuchardt [1909] 1980: 69).

Hoewel Schuchardt by sy mening gehou het dat die vereenvoudiging wat tot pidginisering lei, deur die moedertaalsprekers van die leksifiseerdertaal begin word, het hy later in verband met Saramakkaans ook aandag gegee aan die belang van taalverwerwing deur die pidginsprekers (vgl. Schuchardt [1914] 1980: 92). Volgens Mühlhäusler het Schuchardt tereg besef dat beide “the learner’s productive role in pidgin formation as well as the possibility of inconsistencies in the input” belangrik is (Mühlhäusler 1986: 100). Gilbert voeg hierby dat Schuchardt, deur sy gebruik van Von Humboldt se nosie van “innere Sprachform” en die nadruk wat hy op die rol van vreemdelingspraak en taalverwerwing lê, by 'n duidelike universalistiese posisie uitkom: “(Schuchardt) speculates

---

<sup>6</sup> Let daarop dat die vroeë taalkundiges nie duidelik was oor die onderskeid tussen pidgins en kreole *nie*, en dikwels 'n term soos 'kreool' gebruik het om na beide te verwys. In hierdie afdeling gebruik ek die woord pidgin, selfs al het die skrywer in die oorspronklike stuk 'n ander term gebruik vir dieselfde begrip.

that the tendency for individuals, independently of one another, to simplify their language in almost identical fashion might be due, not to an acquired cultural tradition of simplification (a culturally defined 'simplified register'), but to an automatic stripping away of the superficial to arrive at the essential" (Gilbert 1980: 13).

Hesseling het van Schuchardt verskil oor die aard en belangrikheid van kindertaal en vreemdelingspraak. Vir hom lê die oorsprong van pidginisering nie in die T1-sprekers van die leksifiseerdertaal wat hul taal ter wille van hul slawe vereenvoudig nie, maar in die gebroke taal van die slawe wat hul eienaars se taalgebruik beïnvloed (vgl. Muysken & Meijer 1979: xv; Bakker 2000: 44-46).

Volgens Hesseling is Schuchardt verkeerd waar hy reken dat die vereenvoudiging wat tot pidginisering aanleiding gee, van die vreemdelingspraak van koloniste afkomstig is. Hesseling glo dat kinders nie 'n taal makliker verwerf indien dit vereenvoudig word deur hul toesighouers nie. Die kinders het nie vereenvoudiging nodig nie, want hul 'UG' stel hulle in staat om 'n taal voor die kritieke tydperk te verwerf: "Hoofdzak moet zijn geweest het zuiver nabootsen van klanken en vooral van aksenten, juist zo zuiver omdat *het niet door nadenken van de wijs werd gebracht*" (Hesseling 1933: 211, my kursivering). Dieselfde geld vir 'inboorlinge' wat oor die algemeen die taal van die koloniste gemaklik verwerf (Hesseling 1933: 211-12). Ofskoon die vermoë om 'n taal te verwerf afneem wanneer iemand die kritieke periode verbysteek, leer mense in hoofsaak steeds taal "door lang en veel te luisteren en door na te bootsen zonder bijgedachten", 'n proses waarin die hulp van moedertaalsprekers minimaal is (Hesseling 1933: 212). Daar is dus geen bewuste onderwys van die pidginsprekers deur die leksifiseerdertaalsprekers nie, maar veel eerder 'n "onberedeneerd overnemen van de meest gehoorde vorm" (Hesseling 1933: 213). Dit is dus die pidginspreker wat as 't ware die pidgin 'skep'.

Hoewel Hesseling "niet alle hulp van de blanken of meer ontwikkelden betwijfelen" en hy erken dat daar sekere strategieë is wat moedertaalsprekers gebruik as hulle met vreemdelinge kommunikeer, meen hy dat hulle algemeen en elementêr is (Hesseling 1933: 213-14). Hy wys daarop dat die onderskeie sprekers in 'n kontaksituasie juis nie mekaar se tale ken nie, en daarom nie weet hoe hulle mekaar tegemoet kan kom nie (Hesseling 1933: 214). Anders as Schuchardt glo Hesseling nie in die moontlikheid van bewustelike vereenvoudiging deur die leksifiseerdertaalsprekers nie. Pidgins is dus nie die gevolg van Europeërs wat hulle taal vereenvoudig ten einde met vreemdelinge te kommunikeer nie. Tog, vra Hesseling, as dit so is dat die taal nie bewustelik vereenvoudig word nie, hoe gebeur dit dan dat "de onderworpen partij, dus die der slaven, zegeviert en het model aangeeft?" In sy antwoord hierop lê Hesseling se teorie vir kreoolgenese opgesluit:

"Wel, omdat zij [de slaven] de zwakste is in het begrijpen en de sterkste in het nabootsen. De slaven kunnen zich nog minder dan hun meesters een andere spreek- en denkwijze voorstellen dan hun eigene; zij moeten zich dus wel bepalen tot nabootsen. Zo leren zij de Europese taal naar *het uiterlik*, maar zij maken die *geschikt voor hun eigen denkwijze*. Er komt dan iets tot stand wat beide partijen voldoet. De meesters horen hun eigen woorden, hoewel afgeknot of misvormd, de slaven gebruiken het vreemde materiaal op een wijze die niet geheel strijdt tegen hun overgeërfde wijze van zich uit te drukken" (Hesseling 1933: 215, my kursivering).

Hiervolgens sien Hesseling die slawe as die agente van verandering van die teikentaal, wat, tesame met die rol van die substraat wat die T2-verwerwingsproses beïnvloed, die ontstaan van 'n pidgin tot gevolg het.

In Otto Jespersen se siening van pidgingenese is daar drie faktore wat saamwerk, nl. die aard van die taaltoevoer, vreemdelingspraak en T2-verwerwing. By taaltoevoer beklemtoon Jespersen dat die leksifiseerdertaal waaraan pidginsprekers blootgestel is, nie die standaardtaal is nie (Jespersen [1922] 1959: 224). Dit, tesame met die feit dat die sprekers van dié taal vreemdelingspraak in hul kontak met die pidginsprekers gebruik, beïnvloed die T2-verwerwingsproses van die pidginsprekers. Daarom glo Jespersen dat Engelse pidgintale “[are] English, only English learnt imperfectly, in consequence partly of the difficulties always inherent in learning a totally different language, partly of the obstacles put in the way of learning by the linguistic behaviour of the English-speaking people themselves” (Jespersen [1922] 1959: 225, my kursivering). Laasgenoemde faktor bepaal die aard van die taaltoevoer en vreemdelingspraak. Daarom vertoon pidgintale sekere ooreenkomste met sg. kindertaal (Jespersen [1922] 1959: 225-26, 232-34). Dit is dan ook die rede waarom pidgins op die oog af so ‘eenvoudig’ voorkom in vergelyking met hul leksifiseerdertale: “... in all these seemingly so different cases the same mental factor is at work, namely, imperfect mastery of a language, which in its initial stage, in the child with his first language and in the grown-up with a second language learnt by imperfect methods, leads to a superficial knowledge of the most indispensable words, with total disregard of grammar” (Jespersen 1959 [1922]: 233-34).<sup>7</sup>

Die beroemde taalkundige Leonard Bloomfield het ook ’n kindertaalteorie vir pidgingenese voorgedra wat lank invloedryk was. Sy teorie verskil nie veel van Jespersen s’n nie, behalwe dat hy die vreemdelingspraak van die koloniseerders as gelyk aan die kindertaal-weergawes van die leksifiseerdertaal beskou (Bloomfield 1976 [1933]: 471-73). Anders as by Hesseling en Jespersen, is die fokus by Bloomfield nie op die pidginsprekers wat die taal verwerf nie, maar (soos by Schuchardt) op die sprekers van die leksifiseerdertaal wat dit vereenvoudig. Pidgins ontstaan omdat Europeërs hul taal vereenvoudig ter wille van kommunikasie met vreemdtaliges, wat dan hierdie vereenvoudigde taalvorm verwerf (Bloomfield [1933] 1976: 472). Ofskoon Bloomfield wel ruimte laat vir die rol van substratum-invloed, sien hy pidgins basies as vereenvoudigde versies van leksifiseerdertale, waartoe beide onbewustelike taalverwerwingsprosesse en bewustelike vereenvoudiging in die vorm van vreemdelingspraak of kindertaal bydra (Bloomfield [1933] 1976: 473).<sup>8</sup>

Sedert die 1970’s is hernieude, kritiese aandag aan hierdie verskynsels gegee. Studies is gedoen om te probeer bepaal of daar inderdaad ’n verskil is tussen die aard van kindertaal en vreemdelingspraak onderling, en in vergelyking met pidgins. Daar is gevind dat die gebruik van vreemdelingspraak nie so algemeen is as wat vroeër gemeen is nie, en dat dit inderdaad kultuurgebonde is (Sebba 1997: 84). Dit is eerder ’n register van ’n taal wat sprekers aanwend in spesifieke situasies. Soos alle registers verskil dit van persoon tot persoon, en sprekers van dieselfde taal vereenvoudig dit op soms totaal verskillende maniere, hoewel hulle ’n sekere mate van natuurlike aanvoeling openbaar vir taalvereenvoudiging (Mühlhäusler 1986: 101-102). Tog is daar eienskappe, veral wat grammatikale vereenvoudiging betref, wat in sowel vreemdelingspraak as pidgins voorkom (Sebba 1997: 85).

---

<sup>7</sup> Hierdie siening van Jespersen, oor die rol van vreemdelingspraak/kindertaal en taalverwerwing, en ook sy uitspraak dat die aard van die leksifiseerdertaal ’n belangrike rol speel, het ’n groot invloed gehad op Bosman toe hy sy vreemdelings-Nederlands-teorie vir die ontstaan van Afrikaans in groter detail uitgewerk het (vgl. Bosman 1928: hfst. 5).

<sup>8</sup> Bloomfield se teorie was tot die sewentigerjare invloedryk totdat DeCamp se kritiek ’n einde aan die ondersteuning daarvan gebring het (vgl. DeCamp 1971: 19).

Die vraagstuk wat moderne taalkundiges interesseer, is of sodanige vreemdelingspraak 'n belangrike, en inderdaad deurslaggewende, rol as toevoertaal by die aanleer van 'n pidgin speel. Hoewel vreemdelingspraak potensieel in die konteks van pidginisering aanwesig is (Sebba 1997: 90), beteken dit nie dat pidginisering direk uit die vreemdelingspraak voortspruit nie. Mühlhäusler argumenteer breedvoerig dat vreemdelingspraak te veel varieer en te veranderlik is om meer as 'n beperkte rol in die vroeë stadiums van pidgingenese te speel. Weens die gemengde aard daarvan kan dit nie as 'n optimale model vir taalverwerwing dien nie (Mühlhäusler 1986: 102-106). Hinnekamp het in sy studie oor Duitse vreemdelingspraak gevind dat dit nie so dikwels deur sprekers in kontaksituasies gebruik word as wat voorheen aanvaar is nie. Sy slotsom oor die belang daarvan in pidgingenese ondersteun Mühlhäusler se argument:

“[The] inconsistency and high variability of F[oreigner] T[alk] use does not allow for model simplification to play a decisive rol as an input source for the target language learner... Simplifications do of course occur. [But] although the ability of a native speaker to simplify her or his native language is an indisputable fact, model simplification as such is not a *sufficient* condition for the inception of pidginization” (in Sebba 1997: 90, sy kursivering).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat vreemdelingspraak 'n rol speel in die ontstaan van pidgins, ten minste onder sekere omstandighede. Die vreemdelingspraak-teorie vir pidgingenese as sodanig is egter nie meer houdbaar nie – dit kan eenvoudig nie die ontstaan van alle of enige pidgin/kreool verklaar nie. Dit verklaar nie waarom pidgins en kreole wat volgens so 'n teorie bloot vereenvoudigde weergawes (deur die moedertaalsprekers) van 'n leksifiseerdertaal is, dikwels nie onderling verstaanbaar met die leksifiseerdertaal is nie, nóg verklaar dit waarom pidgins en kreole van verskillende leksifiseerdertale soveel tipologiese ooreenkomste vertoon (Todd 1990: 28-29).

Oor die presiese belang van vreemdelingspraak vir pidgingenese is daar nog onduidelikheid. Maar, soos Mühlhäusler uitwys, vreemdelingspraak “is an input in the formative years of pidgins and thus should be considered”. Hy waarsku egter dat “it would be wrong to conclude that imitation and rote learning has been established as a major factor in this process” (Mühlhäusler 1986: 107). Ons slotsom behoort te wees dat vreemdelingspraak “is not a *sufficient* condition for a pidgin to come into being; and at the moment, there is not enough evidence to suggest that it is a *necessary* condition either” (Sebba 1997: 91, sy kursivering). Alhoewel kreoliste reken dat vreemdelingspraak wel 'n rol (kon) gespeel het in die vereenvoudiging van 'n taal, is die konsensus tans eerder dat die vereenvoudiging wat so 'n belangrike aspek van pidgingenese is, die gevolg van T2-verwerwing is (vgl. Den Besten, Muysken & Smith 1994: 97).

### 3.1.1.3 Seemanstaal-teorie

Dat matrose 'n belangrike rol en invloed gehad het in die ontstaan en verspreiding van pidgins, is 'n populêre opvatting by leke, wat byvoorbeeld deur verskeie reisbeskrywers in die 19<sup>de</sup> en vroeg 20<sup>ste</sup> eeu gepropageer is (vgl. Mühlhäusler 1986: 97-98). Sommige taalkundiges het egter ook in een of ander vorm aandag geskenk aan die moontlike rol van seelui in pidgingenese. So byvoorbeeld het Hesseling die rol van matrose en skeepsvaart in die verspreiding van wat hy Maleis-Portugees genoem het, beklemtoon (vgl. Hesseling 1899: 33-45). Dit was egter veral Reinecke wat voorgestel het dat skepe “one of the most favourable situations for the formation of such dialects [pidgins]” is, omdat daar baie matrose met verskillende moedertale in noue kontak met mekaar is, en dat hulle

verder dikwels andertaliges in vreemde lande ontmoet met wie hulle moet kommunikeer. Daarom speel matrose 'n belangrike rol in die ontstaan van “more permanent makeshift tongues” (Reinecke 1937: 434). Robert Hall het ook aan die belangrikheid van seemanstaal geglo, veral vir die verspreiding van 'n soort proto-Pidgin-Engels (Hall 1966: 120). Daar bestaan verskillende weergawes van hierdie teorie, waarvan een die bestaan van 'n seemanstaal gebaseer op Engels voorstel, terwyl 'n ander weer die bestaan van 'n Franse seemanstaal propageer (vgl. Sebba 1997: 76). Volgens die voorstanders van hierdie teorieë het matrose die seemanstaal aan die mense met wie hulle in kontak gekom het, geleer. In sommige gevalle het die seemanstaal dan die nukleus gevorm vir die ontstaan van 'n pidgin wat verder ontwikkel het volgens die model van die substratum-taal. Só verklaar dié teorie dan waarom kreole soveel ooreenkomste het, nl. die invloed van min of meer dieselfde soort seemanstaal wat die kern van die verskillende pidgins gevorm het (terwyl die verskille weer toegeskryf kan word aan die verskillende substratumtale) (Todd 1990: 30).

Daar is wel sekere evidensie wat hierdie sienings tot 'n mate ondersteun. Volgens Matthews is daar historiese bewyse sedert die 17<sup>de</sup> eeu wat daarop dui dat matrose bekend was vir hul eienaardige taalvorm, “a dialect and manner peculiar to themselves” (in Todd 1990: 30). Meer direkte evidensie is te haal uit verskillende kreole van Europese leksifiseerdertale wat 'n hele aantal leksikale items het wat uit skeepsterminologie kom (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 92). Dit is ook duidelik dat daar invloed van iets soos seemanstaal moet gewees het uit die feit dat daar leksikale items in die Engels-gebaseerde Pasifiese pidgins en kreole voorkom wat ooreenkom met soortgelyke items in Engelse pidgins en kreole van die Karibiese gebied (Sebba 1997: 76).

Desnieteenstaande is daar probleme met hierdie teorie as verklaring vir kreoolgenese. Die skeepsterminologie wat in kreole voorkom, hoef nie noodwendig via die seemanstaal in die taal gekom het nie (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 93). So 'n seemanstaal sou ook nie 'n stabiele taal gewees het nie, maar 'n ontwikkelende en onbestendige taal, wat in elk geval in 'n groot mate ooreengekom het met ander nie-standaardvorme van die leksifiseerdertale. So byvoorbeeld het Baker in sy gedetailleerde studie oor die Frans van Mauritius gewys dat hoewel matrose statisties 'n belangrike faktor was, daar nie iets soos een spesifieke “nautical patois” was wat deur alle matrose op Franse skepe gebruik is nie. Daar was veeleer op elke skip 'n mate van dialekvermenging, maar geen stabiele taal wat vir alle skepe geld nie (vgl. Baker 1982: 242-244). Selfs waar seemanstaal die teikentaal was, is dit nie presies so oorgeneem nie, maar in 'n aangepaste vorm aangeleer (Mühlhäusler 1986: 98). Daarby verklaar so 'n teorie ook nie waarom verskillende pidgins en kreole, met verskillende leksifiseerdertale, soveel strukturele eienskappe deel nie (Todd 1990: 31). Daarmee saam gaan ook die feit dat daar verskeie pidgins en kreole is wat histories hoegenaamd nie deur enige seemanstaal beïnvloed kon gewees het nie, maar wat dieselfde ooreenkomste met ander pidgins en kreole deel (Sebba 1997: 76).

Hoewel die seemanstaalteorie nie kreoolgenese kan verklaar nie, beteken dit nie dat seemanstaal van geen belang was nie. Soos Sebba tereg opmerk: “even if the earliest European-lexifier pidgins did not originate at sea, they were certainly spread by sea voyagers” (Sebba 1997: 76). Ook Mühlhäusler beklemtoon die feit dat matrose “language material” oor groot afstande versprei het, maar voeg by dat “their role in shaping the lexicon and grammars of the languages thus diffused remains to be proven” (Mühlhäusler 1986: 99).

### 3.1.1.4 Monogenese en releksifisering

Die Monogenetiese teorie het in die 1950's ontstaan toe die kreolistiek as 'n vakgebied begin vorm aanneem het. Dit het in een opsig dieselfde oogmerk as die seemanstaal-teorie, nl. om die ooreenkomste tussen wydverspreide pidgins en kreole te verklaar deur die invloed van dieselfde 'basistaal' vir almal aan te neem, in hierdie geval 'n onstabiele Pidginportugees wat deur matrose en slawehandelaars gebruik en sodoende regoor die wêreld versprei sou gewees het. 'n Voorstel wat tot die ontwikkeling van die teorie aanleiding gegee het, was dié van Keith Whinnom. Hy het voorgestel dat Filippyse Kreoolspaans ontwikkel het uit die Kreoolse Portugees van Ternate, wat gedurende die 17<sup>de</sup> eeu na die Filippyne gebring is. Hy verklaar selfs:

“The similarities in grammar and syntax, and even of vocabulary, between the Spanish contact vernaculars in the Philippines and Indo-Portuguese, are so many – and they are not attributable to a common substratum – that we can be quite certain that Ternateno did develop out of a common Portuguese pidgin of the Eastern Seas... [This Portuguese pidgin] may not have been a ‘pure’ contact vernacular, but a kind of imitation Sabir, the Lingua Franca of the Mediterranean” (in Holm 1988: 46).

R. W. Thompson het die idee verder gevoer en voorgestel dat die Portugees pidgin van slawehandelaars “may have been the pattern for all the West Indian Creoles just as, in the Eastern and Pacific worlds Portuguese Creole dialects ... may have provided the models for ... China Coast pidgin and Neo-Melanesian” (in Holm 1988: 46-47).

Só kon verklaar word waarom byvoorbeeld die TMA-sisteem in skynbaar totaal onverwante kreole soortgelyk is (Sebba 1997: 73). Die probleem van die monogenetiese teorie was egter om 'n goeie verklaring vir die *verskille* tussen kreole te gee. Met ander woorde, as verskillende kreole dieselfde Portugees oorsprong het, hoe is dit te verklaar dat hulle leksikons verskil? Om hierdie kwessie aan te spreek, het Douglas Taylor voorgestel dat die Portugees pidgin sy leksikon onder die druk van ander Europese tale verander het, maar nie sy grammatikale struktuur nie. As voorbeeld hiervan noem hy Sranan en Saramakkaans wat syns insiens oorspronklik 'n 'Afro-Portugees pidgin' was waarvan die woordeskat verengels het (Holm 1988: 47). Hierdie proses het later as 'releksifisering' bekend gestaan.

Die klassieke monogenetiese teorie, soos ontwikkel deur Taylor, Whinnom, Stewart en andere, het die bestaan van 'n Wes-Afrikaanse Pidginportugees voorgehou. Hierdie taal is gedurende die 15<sup>de</sup> tot die 18<sup>de</sup> eeu aan die Weskus van Afrika in die slawefactorye en ander handelssentrums gebesig en het mettertyd ontwikkel in die Portugees kreole wat tans daar bestaan. Ander Europese koloniseerders het met hierdie taal in aanraking gekom en die leksikon van die Portugees pidgin is bykans woord-vir-woord deur die taal van die nuwe koloniseerders vervang, met baie min verandering aan die grammatika. Die feit dat baie pidgins en kreole sekere algemene woorde soos 'savvy/save/sabi' (< Port. 'saber' = om te weet) en 'pikkaninni/pikin/pikni' (< Port. 'pequenho' = klein > kind) deel, dui ook op 'n eens eenderse leksikon (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 88; Sebba 1997: 73).<sup>9</sup>

<sup>9</sup> Naas die 'klassieke' weergawe van monogenese, nl. dat alle kreole uit 'n Wes-Afrikaanse Pidginportugees ontstaan en mettertyd gereleksifiseer het, is sekere variasies daarop ontwikkel. 'n Bekende variasie is dat Wes-Afrikaanse Pidginportugees self uit Lingua Franca/Sabir ontwikkel het. Hierdie voorstel het tans geen ondersteuning nie omdat dit onmoontlik is om enige duidelike getuienis daarvoor aan te voer (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 88; Todd 1990: 32-33, 36). 'n Belangriker ontwikkeling is die idee van 'beperkte monogenese'. Aanhangers hiervan stel voor dat daar naas 'n Wes-Afrikaanse Pidginportugees ook 'n Wes-Afrikaanse Pidginengels en Pidginfrans was. Hieruit het verskillende pidgins en kreole ontwikkel wat kenmerke binne die onderskeie 'families' deel, maar nie met mekaar nie (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 89). Stewart,

Hoewel die idee van releksifisering teoreties 'n goeie oplossing bied, was dit nie duidelik of so iets inderdaad in die geskiedenis van kreole voorgekom het nie (en of dit inderdaad moontlik is om dit met sekerheid te kan bewys). Saramakkaans is beskou as 'n voorbeeld van 'n taal wat gereleksifiseer is, omdat dit ongewoon is deurdat sy leksikon grootliks uit Portugese en Engelse woorde bestaan. Dit sou daarop kon dui dat die taal eens 'meer' Portugees was as tans, en dat dit gereleksifiseer het, maar die proses nie heeltemal voltooi het nie. Hierdie argument is egter later deur Smith verkeerd bewys omdat daar geen getuienis is dat releksifisering van so 'n aard in die geskiedenis van die taal plaasgevind het nie (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 88; Todd 1990: 34).<sup>10</sup> Daar is wel een geval waar daar gevind is dat releksifisering plaasgevind het, nl. Media Lengua in Ecuador. Hierdie taal is interessant omdat die morfosintaksis totaal dié van die substraat, Quechua, is, maar feitlik alle inhoudswoorde Spaans is. Eenvoudig gestel: Media Lengua is Quechua grammatika met Spaanse woorde. Dit is nietemin 'n problematiese geval omdat Media Lengua nie 'n pidgin of kreool is nie. Die grammatika is kompleks en feitlik dieselfde as Quechua s'n. Daarom word dit eerder as 'n ware voorbeeld van 'n 'gemengde taal' beskou (Sebba 1997: 74).

Mühlhäusler is krities teenoor die releksifiseringsteorie aangesien die aanhangers daarvan nie die moontlikheid van substratum-tale oorweeg nie, geen goeie onderskeid tussen die rol van releksifisering in die ontstaan van pidgins en kreole en hul latere ontwikkeling maak nie, en nie die kwessie van diskontinuiteit in die ontwikkeling van kreole in ag neem nie (Mühlhäusler 1986: 107). Volgens hom kan releksifisering net by stabiele pidgins voorkom, en wel op twee maniere. Dit is naamlik skielike releksifisering waar daar 'n breuk in taaloordrag is, en graduele releksifikasie oor 'n lang tyd waar daar 'n situasie van tweetaligheid is met meer as een leksifiseerdertaal (Mühlhäusler 1986: 108-109).

Daarby hoef releksifisering nie noodwendig verband te hou met 'n monogenetiese teorie nie. Hoewel releksifisering noodsaaklik vir die monogenese-teorie is, regverdig die feit dat releksifisering wel in die geskiedenis van sommige pidgins en kreole plaasgevind het nie die monogenetiese posisie nie (Sebba 1997: 75). Mühlhäusler reken dat mens releksifisering in die konteks van die ontwikkeling van pidgins met verloop van tyd moet beskou. Kreolisering van pidgins wat deels of reeds totaal gereleksifiseer is, kan byvoorbeeld plaasvind; maar releksifisering kan ook ná die kreolisering van 'n taal gebeur (Mühlhäusler 1986: 111-112). Daarom is releksifisering nie noodwendig gekoppel aan 'n monogenetiese beskouing van pidgingenese nie. Releksifisering kan eenvoudig nie alle gevalle van pidgingenese verklaar nie en is ook van min belang vir die ontstaan van kreole, hoewel dit tog in die latere geskiedenis van kreole na vore kan tree. Daarby moet mens in gedagte hou dat releksifisering op enige tydstip

---

en later Hancock, het die idee ontwikkel dat daar 'n Wes-Afrikaanse Pidginengels in die 16<sup>de</sup> eeu ontstaan het wat die basis vorm van alle Engelse kreole in die Atlantiese gebied. Dit verklaar die ooreenkomste tussen hierdie tale (Holm 1988: 49-50). Hancock het hierdie voorstel later verder ontwikkel in die sg. "Domestic Origin Hypothesis", waarvolgens die vroeë Europese handelaars aan die Weskus van Afrika met die plaaslike bevolking ondertrou het waaruit 'n gemengde bevolking ontstaan het wat Pidginengels gepraat het. Dié taal is deur slawe uit Wes-Afrika na die Karibiese gebied geneem waar dit die basis van Engelse kreole gevorm het. Hierdie hipotese is egter problematies omdat daar baie min direkte historiese bewyse vir die bestaan van so 'n Engelse pidgin is (Den Besten, Muysken & Smith 1994: 91-92). Goodman het in 1964 voorgestel dat "monogenesis within the lexical base" die onderlinge verstaanbaarheid van Franse kreole regoor die wereld met mekaar, maar nie met Frans nie, kan verklaar (Holm 1988: 48-49). Daar is lank min aandag hieraan gegee totdat Parkvall onlangs voorgestel het dat die Franse kreole uit twee Franse pidgins ontstaan het, nl. een in Senegal waarvandaan slawe dit na o.m. Haïti, Mauritius en Louisiana gevoer het, en 'n ander wat op St. Kitts ontstaan het waarvandaan dit na die Klein Antille-eilande versprei het (Parkvall 1999: 187-88). Ofskoon Parkvall heelwat historiese evidensie hiervoor aanbied (vgl. Parkvall 1999: 191-206), is dit nog nie duidelik of hierdie siening algemeen aanvaar sal word nie.

<sup>10</sup> Die voorstel dat beide Saramakkaans en Sranan dieselfde oorsprong in Pidginportugees gehad het, word ook gekritiseer deur Mühlhäusler (1986: 111-113).

in die ontwikkeling van pidgins of kreole kan plaasvind en dat beide skielike en graduele releksifikasie in die geskiedenis van baie pidgins en kreole kon plaasvind (Mühlhäusler 1986: 113). As sodanig is die nosie releksifisering steeds baie waardevol (vgl. Holm 1988: 51).

Die monogenetiese teorieë het baie debat ontlok en mettertyd ook teenkanting. DeCamp se uitspraak som die argumente teen monogenese goed op:

“[T]he theory rests on many assumptions and very little documentary evidence... The weaknesses in the monogenetic theory are first a very sketchy historical documentation, second the controversial status of Far Eastern pidgin English (which lacks many of the features shared by other pidgins and creoles), and third the problem of certain pidgins and creoles which clearly developed without any direct Portuguese influence...” (DeCamp 1971: 23-24).

Die kritiek van DeCamp en andere het basies 'n einde gemaak aan grootskaalse ondersteuning van monogenese, en sedert die 1970's het die fokus verskuif na universalistiese faktore en substratum-invloed.

#### 3.1.1.5 Bioprogram-hipotese

Bickerton se Bioprogram-hipotese is uniek onder ontstaansteorieë oor pidgins en kreole omdat dit slegs probeer verklaar hoe kreole, en nie pidgins nie, ontstaan (vgl. Mühlhäusler 1986: 97; Sebba 1997: 176). Dié teorie is ekstreem-universalisties en is verwant aan die generatiewe taalkunde se benadering tot taalverwerwing met hul aanname van 'n aangebore UG. Bickerton beklemtoon ook dat die Bioprogram-hipotese nie probeer om die ontstaan van *alle* kreole te verklaar nie, maar slegs 'n sekere sub tipe, nl. onstabiele pidgins wat eensklaps gekreoliseer het en waar daar min taaltoevoer van die leksifiseerdertaal was (byvoorbeeld Hawaise Kreoolengels). Nogtans het hierdie teorie 'n belangrike en vrugbare invloed op diskussie oor kreoolgenese gehad.

Bickerton het vroeg in die ontwikkeling van sy teorie duidelik verklaar dat “there is nothing at all mysterious or unique about either process: that pidginization is second-language learning with restricted input, and that creolization is first-language learning with restricted input” (Bickerton 1977: 49). Vir hom is dit 'n belangrike oorweging dat die grammatikas van pidgins ‘onvas’ is en baie van spreker tot spreker varieer. Pidginvorming is 'n proses waarin sprekers geleidelik woorde van die teikentaal verwerf en hul eie taal releksifiseer. Selfs waar die ontlening ver gevorderd is en pidgin sprekers ook grammatikale konstruksies verwerf het, bly die pidgin steeds grootliks onder die invloed van die onderliggende struktuur van die substraat (Bickerton 1977: 52-54). Bickerton sien die ontstaan van pidgins suiwer as 'n proses van T2-verwerwing onder buitengewone omstandighede waarin universalialia geen rol speel nie: “... the difference between arriving at a pidgin and arriving at a reasonably accurate version of a standard language lies mainly in the availability of target models and the amount of interaction with speakers of the target language” (Bickerton 1977: 55).

Omdat pidgins volgens Bickerton prosesse van T2-verwerwing is, beteken dit nie dat pidgins noodwendig oor verskeie generasies in kompleksiteit hoef uit te brei voordat dit 'n kreool kan word nie. Kreolisering kan te eniger tyd gedurende die ontwikkeling van 'n pidgin plaasvind. “[T]he period at which this step takes place will be decided, not by any internal development in the pidgin, but by the communicational needs of children, i.e., whether

the ancestral languages of their pidgin-speaking parents do or do not constitute adequate and feasible means of communication for them” (Bickerton 1977: 57).

Kreolisering hou verband met demografiese faktore. Die kommunikatiewe behoeftes van kinders, wat tot kreolisering aanleiding gee, word bepaal deur bevolkingsverskuiwing. Waar ’n bevolking stabiel bly, sal inheemse tale voortleef, selfs onder negatiewe omstandighede soos slawerny. Word ’n bevolking skielik na ’n ander area verplaas waar daar nie genoegsame kontak tussen die sprekers van dieselfde taal is nie, neem die gebruik van inheemse tale af en ontwikkel ’n pidgin. Omdat die pidgin nie aan die kommunikatiewe behoeftes van kinders met geen moedertaal (dus nie toegang tot ’n inheemse taal soos hul ouers het nie) voldoen nie, sal die pidgin kreoliseer. Dit het gebeur in die Karibiese eilande en ander gebiede waar bevolkingsverskuiwing plaasgevind het, terwyl in gebiede waar die bevolking stabiel was, die pidgin óf glad nie, óf ná ’n lang ontwikkeling gekreoliseer het. Hoewel kreolisering ’n taalinterne ontwikkeling is, is dit sosiohistoriese omstandighede wat daartoe aanleiding gee (Bickerton 1977: 57).

In sy bekende artikel “The language bioprogram hypothesis” spreek Bickerton hom die duidelikste uit oor sy teorie. Sy basiese hipotese is dat “the innovative aspects of creole grammar are inventions on the part of the first generation of children who have a pidgin as their linguistic input, rather than features transmitted from preexisting languages” (Bickerton 1984: 173). Op grond van die ontstaan van Hawaise Kreoolengels argumenteer Bickerton dat “all, or at least a substantial part, of the grammar of a language can be produced in the absence of the generation-to-generation transmission of particular languages that is the normal characteristic of our species” (Bickerton 1984: 174). Dit verklaar waarom kreole regoor die wêreld in sekere opsigte groot ooreenkomste met mekaar vertoon, ten spyte daarvan dat daar verskillende substraattale by hul ontstaan betrokke was. Bickerton glo dat hierdie ooreenkomste die gevolg is van “innovative rules and structures developed by children” in situasies waar normale taaloordrag versteur is (Bickerton 1984: 176).

Wat presies is die ‘bioprogram’? Hoewel Bickerton by Chomsky se nosie van UG aansluit, verskil sy bioprogram van wat Chomsky die ‘begintoestand’ van ’n kind se aangebore UG noem. Die abstrakte beginsels en parameters vervat in die begintoestand van UG kan deur interaksie met taalkundige toevoer die kerngrammatika van enige, of alle, moontlike menslike tale as eindtoestand oplewer (vgl. Smith 1999: 69-83). Bickerton, daarenteen, stel egter voor dat die bioprogram “a skeletal model of human language” is, wat slegs vir ’n enkele kerngrammatika voorsiening maak (Bickerton 1984: 173, 178). Hierdie grammatika, “that is actualized to varying extents in the course of creolization constitutes the totality of preexperiential knowledge...” (Bickerton 1984: 178). Alhoewel die aangebore kennis meer beperk is as wat in UG veronderstel word, postuleer Bickerton dat “this grammar ... will permit its possessor to construct or compute all those rules, structures and features of natural languages that are not specifically specified in the single core grammar, given minimal exposure to such rules, structures and features” (Bickerton 1984: 178-79).

Om Bickerton se voorstel meer konkreet te maak: die fragment van die bioprogram wat hy ter illustrasie verskaf, bevat herskryfreëls wat voorsiening maak vir werkwoorde (V’s), naamwoorde (N’s) en adjektiewe, maar geen pre- of postposisies nie (P’s). Terselfdertyd aanvaar Bickerton die beginsel van Chomsky dat slegs Infleksie (INFL), V en P kasus kan toeken. In die afwesigheid van P, sou die voorgestelde grammatika in elke klous net nominatiewe kasus en een nie-nominatiewe kasus kan toeken (Bickerton 1984: 179-80). Omdat die grammatika wel

finiete klouse as V-komplemente genereer, kan dit egter daartoe lei dat in 'n kreool konstruksies met seriële V's ontwikkel word, soos in Hawaise Kreoolengels gebeur het:

dei gon get naif pok you

They will stab you with a knife (Bickerton 1984: 175)

In die Engelse sin is daar 'n preposisionele frase waarbinne die P *with* instrumentele kasus aan die N *a knife* toeken. In die voorbeeld uit Hawaise Kreoolengels is daar geen P nie, maar twee klouse, sodat die N's *naif* en *you* elkeen nie-nominatiewe kasus van 'n afsonderlike V, onderskeidelik *get* en *pok*, ontvang (Bickerton 1984: 175).

Die bioprogram laat egter ook ruimte vir die verdere ontwikkeling van strukture tot groter kompleksiteit: "... given structures generated by the grammar [of the bioprogram], it is possible to construct from them a range of more complex structures not specifically generated by the bioprogram, even in the absence of appropriate input or a developed target model" (Bickerton 1984: 185).<sup>11</sup>

Bickerton se taalbioprogram-hipotese is fel gekritiseer en het tot hewige debatte gedurende die 1980's aanleiding gegee. Hier kan nie op die details van die kritiek ingegaan word nie, maar dit is tog nodig om op te let watter vorme van kritiek teen die teorie geopper is. Sebba het hulle as volg opgesom. Die taalbioprogram is so beperk in sy definisie van 'n kreool (nl. slegs dié tale wat skielik uit 'n onstabiele pidgin ontwikkel het) dat daar baie min gegewens vir vergelyking en toetsing van die hipotese is. 'n Verdere punt van kritiek hang hiermee saam: Tale wat aan Bickerton se definisie voldoen, vertoon weer nie die verwagte eienskappe wat hy voorgestel het nie. 'n Ander baie belangrike punt van kritiek is dat Bickerton se teorie nie op 'n genuanseerde wyse die sosiohistoriese realiteite van kreoolgenese in ag neem nie. Hierdie kritiek word hieronder (in § 3.2.3) bespreek. Verdere kritiek teen die Bioprogram-hipotese het met meer algemene sake te doen. Een van die belangrike vrae is hoekom tale hoegenaamd ingewikkelde strukture het wat volgens die bioprogram moeilik is om te leer. 'n Ander is waarom daar soveel linguïstiese diversiteit is as alle tale deur die bioprogram gelei word. Volgens hierdie kritici is kreole nie 'n spesiale geval nie, en die bioprogram is niks meer as 'n versameling beginsels wat alle taalverwerwing lei nie. Die ander groot kritiekpunt wat tot hewige debatte aanleiding gegee het, is dat baie van wat Bickerton as resultate van die bioprogram voorhou, ook as substratum-invloede verklaar kan word (Sebba 1997: 178-181).

Dit lyk asof die meeste kreoliste nie bereid is om Bickerton se ekstreme posisie in te neem nie. Ofskoon die meeste reken dat hy gelyk het oor die belangrike rol van UG in taalverwerwing, is min bereid om soos hy substratum-invloed te verwerp (Holm 1988: 65; Muysken & Veenstra 1994: 129; Sebba 1997: 181). Die taalbioprogram het nietemin baie vrugbare debat tot gevolg gehad.

---

<sup>11</sup> Bickerton het in 1988, wat hy noem, 'n meer eksplisiete model van die Bioprogram-hipotese voorgestel onder die naam "the lexical learning hypothesis" (vgl. Bickerton 1988: 274-81). Hierdie model hou kortliks in dat "there is a single set of universal syntactic principles. These principles are absolute and do not undergo any form of variation, parametric or other. We may assume that they are in some sense given by the neurological equipment of our species. However, syntactic principles cannot be instantiated without lexical material, so that any possessor of this system of principles must acquire a lexicon or remain speechless" (Bickerton 1988: 274).

### 3.1.2 Teorieë wat verskille tussen kreole beklemtoon

Soos reeds uitgewys, gaan die onderskeid wat hier gehandhaaf word, nl. tussen teorieë wat die ooreenkomste tussen verskillende kreole vooropstel en daardie wat weer die verskille tussen kreole beklemtoon, terug na Coelho en Adam. Hoewel die substratistiese idees van Adam 'n groot invloed gehad het, en die siening dat kreole deur hul substraattale beïnvloed is heelwat aandag gedurende die twintigste eeu ontvang het, was daar oor die algemeen minder pogings om verskille tussen kreole te beklemtoon in 'n bespreking van hulle herkoms. Die belang van substratum-invloede word algemeen erken en daar is 'n groeiende besef van die belangrikheid van die superstraat, maar daar is min kreoliste wat slegs een van hierdie faktore as deurslaggewend in die ontstaan van kreole beskou. Die ooreenkomste tussen verskillende kreole is eenvoudig te groot en duidelik om dit te probeer wegdeneer en eerder verskille voorop te stel. Hoe dit ook sy, benaderings soos hierdie het nogtans 'n belangrike bydrae gemaak tot 'n beter begrip van kreoolgenese.

#### 3.1.2.1 Substratistiese benaderings

Lucien Adam was die eerste om die ontstaan van kreole toe te skryf aan substratum-invloed. In 1883 publiseer hy 'n boek oor die Karibiese Franse kreole waarin hy hulle met Wes-Afrikaanse tale vergelyk en voorstel dat hulle ontstaan het deurdat "the Guinea Negroes, transported to those [Caribbean] colonies, took words from French but retained as far as possible the phonology and grammar of their mother tongues... Such a formation is surely a hybrid... The grammar is no other than the general grammar of the languages of Guinea" (in Holm 1988: 28). Hierdie uitspraak van Adam is die oorsprong van die simplistiese idee wat later algemeen sou posvat, nl. dat kreole tale is waarvan die grammatika uit die substratumtaal kom en die woordeskat uit die leksifiseerdertaal, kortom, in die geval van Karibiese kreole, Afrikatale met Europese woorde (Meijer & Muysken 1977: 25). Adam se belangrike bydrae is egter dat hy vir die eerste keer op parallele tussen die Karibiese kreole en Wes-Afrikaanse tale gewys het. Hoewel van hierdie parallele van 'n algemene aard was en ook waar sou wees vir ander tale, het hy nogtans 'n begin gemaak met die studie van die invloed van substratumtale op 'n kreool (Holm 1988: 28-29).

Schuchardt het tydens sy lang loopbaan tussen die posisies van Adam en Coelho beweeg. Hoewel hy hom nooit spesifiek wou verbind tot 'n algemene teorie vir kreoolgenese nie, het hy mettertyd nader beweeg aan 'n universele benadering (vgl. § 3.1.1.1). Sy vroeë werk staan egter nader aan Adam se posisie. Holm wys daarop dat Schuchardt se metodologie daarop dui dat hy van die hipotese uitgegaan het dat substratum-invloed belangrik is. So byvoorbeeld stel Schuchardt voor dat die *verskille* tussen die Kreoolportugees van São Tomé en die Kaap Verdiese-Eilande toegeskryf moet word aan substratumtale, wat verskillend vir dié twee gebiede was (Holm 1988: 31). Volgens Holm het Schuchardt se Humboldtiaanse siening van taal hom gelei tot die idee dat by kreole die substraat verantwoordelik is vir die "Innere Sprachform" terwyl die leksifiseerdertaal slegs die oppervlakkige vorm, die woordeskat, voorsien (Holm 1988: 32; vgl. n. 3 hierbo). Meijer en Muysken (1977: 32-34) gaan selfs so ver om te verklaar dat substratum-invloed Schuchardt se hoofbelangstelling was, hoewel hy tog altyd onderskei het tussen watter grammatikale eienskappe aan substratum-invloed en watter aan universalialia toegeskryf moet word. Soos reeds verduidelik, was Schuchardt ongeneë om 'n duidelike uitspraak oor kreoolgenese in die algemeen te maak. Tog is dit duidelik uit § 3.1.1.1 dat sy latere werk meer na 'n universalistiese siening geneig het.

Hesseling het nie substratum-invloed as belangrik vir die grammatika van 'n kreool beskou nie (Meijer & Muysken 1979: 39). Behalwe vir enkele antropoloë wat gedurende die 1930's aandag op die vele gemene delers, taalkundig en andersins, tussen die bevolkings van die Karibiese eilande en Wes-Afrika gevestig het (vgl. Holm 1988: 37), is daar weinig ondersoek gedoen na substratum-invloede. Vanaf die 1950's het al hoe meer navorsers daaraan aandag begin skenk. 'n Belangrike vraagstuk was hoe substratum-invloed die genetiese klassifikasie van veral Karibiese kreole beïnvloed (Holm 1988: 43-44). Taylor het voorgestel dat die Karibiese kreole, onafhanklik van hul leksifiseerdertale, geneties verwant aan mekaar is weens die belangrike rol wat hul substrate in die vorming van hul sintaksis gespeel het. Volgens hom deel hierdie kreole baie sintaktiese eienskappe met van die Wes-Afrikaanse tale (Holm 1988: 44, 65-66). Gedurende die 1950's en 1960's het die debat tussen die mono- en poligenetiese teorieë navorsing oor kreoolgenese oorheers, en dit was eers in die laat 1970's en gedurende die 1980's dat ondersoek na substratum-invloed op die Karibiese kreole sterk posgevat het. Dit was veral Alleyne, Boretzky en Holm wat heelwat gedoen het om invloed van Afrika-tale op die sintaksis en fonologie van verskillende kreole te bewys (vgl. Holm 1988: 66-67; Alleyne 1971: 175-83).

Ten spyte daarvan dat baie werk oor hierdie onderwerp gedoen is, bly die kwessie van substratum-invloed (behalwe vir oppervlakkige leksikale ontlenings) steeds kontroversieel (vgl. Mühlhäusler 1986: 119; Mufwene 1993: 2). Volgens Mühlhäusler (1986: 120) is die rede hiervoor "the almost total absence of a well-designed model for language mixture". Mufwene noem vier tekortkominge van die substratistiese benadering: (1) die willekeurige keuse van substraattale vir ondersoek; (2) die beklemtoning van die leksikon in plaas van dit waaroor die debat oor kreoolgenese eintlik handel, die morfosintaksis van kreole; (3) die afwesigheid van goeie sosiohistoriese regverdiging; en (4) die gebrek aan aandag vir die rol van die superstraat in die grammatikale ontwikkeling van kreole (Mufwene 1993: 2-3). In 'n groot mate is die metodologie van substratiste te blameer vir hierdie kritiek. Dit is nie genoeg om blote ooreenkomste tussen substraattale en kreole aan te toon nie. Soos Romaine tereg skryf: "... similarities involving isolated subsystems (...) between two languages are not sufficient to involve a link. They could just as well be explained by appeal to universals... [or] to general principles of simplification which operate in the process of acquisition" (Romaine 1988: 108). Substratiste behoort op 'n meer rigoreuse wyse aan te toon dat ooreenkomste nie toevallig is nie, maar dat hulle onomstootlik die gevolg van substratum-invloed is (Sebba 1997: 183-85). Mühlhäusler het veral die statiese vergelyking tussen 'n substraattaal en 'n kreool gekritiseer en gepleit dat daar groter begrip moet wees vir die verskillende stadiums van die ontwikkeling van pidgins en kreole – moontlike substratum-invloede in huidige kreole kon byvoorbeeld ná die ontstaan van die taal gekom het (Mühlhäusler 1986: 123-28).

Hierdie kritiek ten spyte, is daar tog waarde in die soeke na substratum-invloede, maar dit moet op 'n meer genuanseerde wyse gedoen word. Sebba som dit goed op:

"[T]here are genuine *similarities* between creole languages and (some) African languages; the problem comes in attributing a cause-and-effect relationship to them. Some additional evidence is needed in order to claim that the African structures are the *source* of the creole ones" (Sebba 1997: 185, sy kursivering).

Weens die intense debat tussen substratiste en universaliste oor kreoolgenese in die 1980's, is heelwat nuwe navorsing binne hierdie benadering gedoen. Daar is veral aandag geskenk aan sosiohistoriese navorsing ten einde van die uitsprake van universaliste en substratiste te toets of te staaf. Dit het tot nuwe insigte en sienings gelei wat hieronder (in §§ 3.2.3 & 3.2.4) verder bespreek word.

### 3.1.2.2. Superstratistiese benaderings

Hierdie benaderings het nooit veel inslag in die Engelse literatuur oor kreoolgenese gekry nie en word gevolglik deur baie min kreoliste bespreek (met die belangrike uitsondering van Mufwene). Dit word veral geassosieer met Franstalige studies oor Franse kreole, hoewel daar vroeër soortgelyke sienings was oor die ontstaan van Afro-Amerikaanse Engels (Mufwene 1993: 1). Muysken (1988: 286) reken dat die filologiese benadering tot die geskiedenis van Afrikaans ook as superstratisties gekenmerk kan word. Die superstratiste stel basies voor dat kreole in essensie 'n natuurlike ontwikkeling is van die niestandaard, dialektiese weergawes van die 17<sup>de</sup>- en 18<sup>de</sup>-eeuse leksifiseerdertale wat Europese koloniste na die kolonies geneem het. Daar is dus weinig of geen ruimte vir substratum-invloed nie (Muysken 1988: 287-88; Mufwene 1993: 1). In sommige weergawes van dié teorie word die rol van 'n seemanstaal vooropgestel (Holm 1988: 69). Hierdie benadering beklemtoon die kontinuïteit wat daar tussen die superstraat en die kreole bestaan, en daarom word ooreenkomste tussen hulle benadruk terwyl verskille met kreole van ander leksifiseerdertale beklemtoon word (Muysken 1988: 288; Holm 1988: 69).

Die mees prominente voorstander van die superstratistiese benadering tot die Franse kreole is Robert Chaudenson wat etlike boeke binne hierdie benadering geskryf het. Volgens Chaudenson het die Franse kreole ontwikkel uit variëteite van die 17<sup>de</sup>-eeuse Franse spreektaal waarin sekere vereenvoudigingsprosesse verder ontwikkel het as in die standaardtaal (Holm 1988: 69). Chaudenson beskou hierdie variëteite as die basiese 'boumateriaal' vir die kreole wat in die Franse kolonies ontwikkel het. Anders as ander kreoliste glo hy nie dat die superstraat alleenlik die leksikon verskaf nie, maar ook dat heelwat van die grammatika teruggevoer kan word na die nie-standaardsuperstrate van die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu (Mufwene 1991: 149-50). Chaudenson probeer nie argumenteer dat kreole se grammatikas gelyk is aan hierdie vroeë superstrate s'n nie. Volgens hom word die ooreenkomste tussen hierdie kreole daardeur verklaar, maar dit is moontlik dat substratum-invloede die verskille tussen Franse kreole kan verklaar (Mufwene 1991: 150).

Die superstratistiese benadering, veral soos dit in die werk van Chaudenson na vore kom, word nie net gekenmerk deur die aandag wat daar aan die nie-standaardvariëteite van die leksifiseerdertale en hul rol in kreoolgenese gegee word nie, maar ook deur die genuanseerde gebruik van sosiohistoriese materiaal (Mufwene 1993: 3). Dit kom duidelik in die werk van Chaudenson na vore (vgl. Chaudenson 1977; 1986) en word hieronder (in § 3.2.1) bespreek. Die aandag wat superstratiste aan die nie-standaardvariëteite van die leksifiseerdertale skenk en hul gebruik van sosiohistoriese materiaal is lank geïgnoreer in die Engelstalige literatuur oor kreoolgenese. Gelukkig het dit die afgelope paar jaar verander, en veral Mufwene het met vrug van Chaudenson se idees gebruik gemaak.

## 3.2 Die sosiohistoriese benadering tot kreoolgenese en die opkoms van die Gradualistiese en Komplementêre Hipoteses

### 3.2.1 Die gebruik van sosiohistoriese data in literatuur oor kreoolgenese tot die 1980's

Daar was al vroeg by sommige taalkundiges 'n bewustheid dat baie van die 'klassieke' kreole sekere aspekte van hul eksterne geskiedenis deel. So het die feit dat heelwat van hierdie tale ontstaan het op plantasies met groot getalle slawe van uiteenlopende herkoms en 'n klein aantal Europeërs, vroeg reeds aandag gekry. Reinecke het in sy poging om 'n klassifikasie vir "marginal languages" op te stel, "Plantation Creole Dialects" as die enigste ware "creole languages" beskou. Vir hom was die deurslaggewende faktor die sosiologiese gegewe dat hierdie tale op plantasies ontstaan het, waar slawe van diverse oorsprong (en daarom verskillende moedertale) met mekaar en 'n klein minderheid Europeërs moes kommunikeer (Reinecke 1937: 58-61). Reinecke het "maroon creole dialects" as 'n vorm van plantasie-kreool beskou – met die belangrike sosiohistoriese verskil dat die slawe op 'n maron<sup>12</sup> geen kontak met Europeërs en hul tale het nie (Reinecke 1937: 60). Ofskoon Reinecke hierdie sosiohistoriese faktore in sy onderskeiding gebruik het, was daar geen poging om spesifieke data of feite oor die geskiedenis van hierdie plantasie-situasies te gebruik nie. Reinecke, soos vele na hom, het gewoon aangeneem dat 'n generiese plantasie bestaande uit 'n groot aantal slawe met 'n aantal verskillende moedertale en 'n klein hoeveelheid Europeërs 'n kreool tot gevolg sou hê.

Met die opkoms van die kreolistiek in die 1960's en 1970's is daar veral gekonsentreer op die taalkundige aspekte van verskillende pidgins en kreole. Tog was daar enkele gevalle waar aandag gevestig is op die sosiohistoriese agtergrond van kreoolgenese. Die sosioloog Sidney Mintz het byvoorbeeld in 1971 'n beroep gedoen dat "attempts to formulate the conditions under which pidgin languages may develop, as well as those under which pidgin languages may be transformed into creole languages" onderneem moet word (Mintz 1971: 493). Hy het self 'n poging aangewend om die belangrikste sosiohistoriese eienskappe van die Karibiese eilande, as agtergrond vir die ontstaan van kreole in dié area, uit te wys.

Volgens Mintz is daar drie belangrike omstandighede wat in die verlede bepaal het hoe kreole ontstaan en ontwikkel het, naamlik: (1) "the relative proportions of Africans, Europeans and other groups, over time"; (2) "the codes of social interaction governing the relative statuses and the relationships of these differing groups in particular societies"; en (3) "the specific sorts of community settings, within which these groups became further differentiated or intermixed" (Mintz 1971: 481). Vervolgens wys Mintz daarop dat, sover dit die eerste twee omstandighede betref, daar aansienlike verskille tussen die Spaanse en Engelse kolonies in die Karibiese gebied was (wat verklaar waarom daar geen egte Spaanse kreole in dié gebied ontwikkel het nie). Sover dit die maatskaplike omgewing betref, maak Mintz die belangrike punt dat daar onderskei behoort te word tussen: (1) plantasie en ander (nie-plantasie) landelike

---

<sup>12</sup> Met dié term word bedoel ontsnape slawe wat saam 'n nuwe gemeenskap, geïsoleerd van die koloniale samelewing, gevorm het. Dit slaan dus beide op die groep mense as kollektief en die plek waar hulle saam gewoon het. Taalkundig beteken dit gewoonlik dat hierdie persone min of geen kontak met moedertaal-sprekers van die leksifiseerdertaal gehad het nie. Die klassieke voorbeeld van 'n kreool wat in so 'n maron-gemeenskap ontwikkel het, is Saramakkaans in Suriname.

omgewings; (2) landelike en stedelike omgewings; en (3) verskillende kategorieë slawe (byvoorbeeld huisslawe, vrygestelde slawe, ens.) asook tussen die vrye bevolking en die slawebevolking (Mintz 1971: 482-483).

Ofskoon Mintz hierdie belangrike en insiggewende onderskeidings voorstel, behandel die res van sy artikel die verskynsel van plantasie-slawerny in die Karibiese gebied in veralgemenende en breë trekke (Mintz 1971: 483-490). Hy maak min of geen gebruik van spesifieke sosiohistoriese data nie, terwyl hy die hele Karibiese gebied as geheel bespreek en nie 'n detail-studie van een spesifieke geval probeer maak nie. Hy noem self dat sy "comments upon Caribbean social history are intended to suggest the relevance of that history to the study of pidgins and creoles" (Mintz 1971: 491). Mintz het belangrike en nuttige voorstelle gemaak, maar in essensie bly sy artikel 'n 'verkennde' bydrae oor die nut van sosiohistoriese data in die bestudering van kreoolgenese, waaraan nie veel aandag gegee is nie.

Dit sou eers in die 1980's wees dat die soort voorstelle wat Mintz gemaak het, deur ander opgeneem is en meer genuanseerd op spesifieke situasies en tale toegepas is. Daar is egter een belangrike uitsondering op hierdie algemene verwaarlosing van die sosiohistoriese benadering, nl. die werk van Robert Chaudenson. Chaudenson is die vernaamste voorstander van die 'superstratistiese' teorie van kreoolgenese. Hierbo (in § 3.1.2.2) is reeds gewys dat daar in hierdie benadering oor die algemeen heelwat aandag geskenk word aan sosiohistoriese oorwegings.

Chaudenson lê veral klem op twee belangrike sosiohistoriese faktore: demografiese patrone en die sosio-ekonomiese struktuur van die gebied waar 'n gegewe taal ontstaan het. Syns insiens is die eerste taak wat by die bestudering van 'n kreool gedoen moet word, "a detailed study of the settlement history of the area during the period in which the creole is assumed to have been formed" (Chaudenson 1977: 261-62). Hoewel dit voor die hand liggend mag klink, toon hy aan hoeveel taalkundiges in die verlede ongegronde uitsprake gemaak het omdat hulle hierdie aspek geïgnoreer het. Daarby is dit belangrik om te bepaal hoe lank dit geduur het voordat 'n gegewe kreool ontstaan het. Dit stel die navorser in staat om die studie van demografiese faktore te beperk tot 'n gegewe tyd, en om dit daarom in detail te doen. Chaudenson wys byvoorbeeld daarop dat sommige navorsers mislei is omdat hulle nie so 'n gedetailleerde studie van die demografie, soos dit in die loop van tyd verander het, onderneem het nie: Anders as wat algemeen aanvaar word, was daar op sommige plantasies aanvanklik vir 'n aantal jare 'n proporsioneel groot blanke bevolking terwyl die slawe-bevolking nog nie so sterk gegroei het nie. Daarom is die tyd waarin 'n kreool ontstaan het belangwekkend, aangesien dit in sommige gevalle gebeur het vóór die slawebevolking drasties toegeneem het en daar 'n groter gelykheid tussen die Europese en slawebevolkings was (Chaudenson 1977: 262-63). 'n Ander belangrike demografiese faktor, is die herkoms van die verskillende groepe. Chaudenson wys op die wye verskeidenheid historiese bronne wat gebruik kan word om dit te bepaal. Gedetailleerde kennis van die herkoms van al die verskillende groepe in 'n kolonie, kan spekulاسies oor die verskillende tale wat moontlik 'n rol in die ontstaan van 'n kreool gespeel het, beperk (Chaudenson 1977: 263-64).

Wat die sosio-ekonomiese struktuur betref, maak Chaudenson die belangrike onderskeid tussen twee verskillende tipes strukture wat syns insiens tot twee tipes kreole, nl. endogene en eksogene kreole, aanleiding gee. Volgens hom het endogene kreole ontstaan uit "the contact of an indigenous population, servile or not, and an incoming European group whose activity was commercial rather than agricultural. These arose within the area where the vernacular language of an indigenous population was used or in the immediate vicinity" (Chaudenson 1977: 264). Eksogene kreole word gedefinieer as tale wat in gebiede ontstaan het waar "none of the population

groups in contact originate. These creoles correspond to plantocratic society communities..." (Chaudenson 1977: 265). Die verskil in die ekonomiese omstandighede tussen endogene en eksogene kreole is duidelik. Wat egter veral vir die taalkundige van belang is, is die feit dat die bevolkings van hierdie twee samelewings verskil. Volgens Chaudenson: "In the case of endogenous creoles, the non-European population is relatively homogenous, remains within its own territory or in adjacent areas, maintains, even under foreign domination, its ethnic identity, its traditions and, by and large, its language". Eksogene kreole verskil in dié belangrike opsig van die endogene kreole, nl. "the ethnic diversity of the servile groups, speaking different languages, and often systematically separated from members of their African group and integrated into a new socioeconomic structure that aimed at their deculturation" (Chaudenson 1977: 265).

Chaudenson erken dat sy analise van eksogene kreole grootliks ooreenkom met Mintz se analise van die plantasie-kreole van die Karibiese gebied, soos hierbo beskryf. Hy voel egter dat Mintz se voorstelle verbeter kan word deur op veral vier stelling faktore te let. Eerstens is daar die kwessie van akkulturasie (of: dekkulturasie) van slawe. Deurdat veral jong slawe na kolonies gebring is, en dikwels opsetlik van ander met dieselfde herkoms geskei is, is akkulturasie by die heersende kultuur vergemaklik. Tweedens lê Chaudenson baie klem op die rol van sg. 'kreool'-slawe, dit is slawe wat in 'n kolonie gebore is. Hierdie slawe het dikwels 'n hoër status as ander geniet en ook as sosiale model vir nuwe slawe gedien. In die derde plek wys Chaudenson op die afwesigheid van wat hy noem 'n 'sosio-kulturele superstruktuur'. Hiermee bedoel hy dat daar dikwels min of geen normatiewe druk op die Europese bevolking was om hul substandaard of dialektiese taalvorme te verander nie (o.m. deur isolasie en die afwesigheid van opvoeding). Laastens noem Chaudenson die sosiale struktuur van die plantasie. Dit sluit aan by sy punt oor dekkulturasie en akkulturasie: plantasies leen hulle tot hierdie proses omdat mense van verskillende bevolkings saamgegooi is en daar min geleenthede was vir die behoud van 'n kulturele of etniese bewusheid van mense met dieselfde herkoms. Plantasies lei, eenvoudig gestel, tot kulturele vervreemding (Chaudenson 1977: 265-68).

Chaudenson het hierdie oorwegings in sy eie werk toegepas. As voorbeeld hiervan kan sy werk oor Réunion (die Franse Kreool wat op die eiland Réunion ontstaan het) dien. Hierin gaan hy na hoeveel mense daar op die eiland Réunion in die eerste 50 jaar van kolonisasie ná 1665 was. Hy onderskei nie net tussen blankes, slawe en mense van 'gemengde' afkoms nie, maar gee ook veral aandag aan hoeveel van hierdie mense plaaslik gebore is (en watter persentasie hulle van die totale bevolking uitgemaak het). Dit is vir hom baie belangrik dat daar binne een generasie (25 jaar) nie net plaaslik gebore ('kreool-' of 'kreoolse') kinders was nie, maar alreeds volwassenes wat op die eiland gebore is en geleef het en wat self ook begin kinders verwek het. Wat die slawe betref, beklemtoon Chaudenson nie net hul herkoms en getal nie, maar ook hoeveel van hulle as kinders na die eiland gebring is, asook hoeveel plaaslik gebore is, die sg. kreoolslawe. Weens die klein bevolking van Réunion in dié tyd, is Chaudenson in staat om 'n goed genuanseerde en gedetailleerde analise van die demografiese faktore te maak (Chaudenson 1986: 70-73).

Chaudenson bring die demografie in verband met die sosio-ekonomiese struktuur op Réunion. Die bevolking van Réunion was, wat Chaudenson noem, 'n "société d'habitation": Die bevolking is versprei in 'n aantal gesinne, gewoonlik met enkele slawe (meestal minder as die Europese familie), wat kleinskaalse ekonomiese eenhede gevorm het. Weens die klein bevolking was dit vir Chaudenson moontlik om presies vas te stel hoeveel gesinne daar was met hoeveel lede. Hy kon verder bepaal watter tale waarskynlik in die verskillende gesinne

gebruik is op grond van die afkoms van die ouers. Hy onderskei tussen (1) Franssprekende, (2) Malgassiessprekende, (3) Frans/Frans-Indo-Portugese en (4) Frans/Frans-Malgassiese gesinne. Hiervolgens kon hy 'n "rough typology of the communications situations and languages in use" opstel. In inter-gesinskommunikasie kan verskillende tale gebruik word vir ouer-ouer-, ouer-kind- en kind-kind-kommunikasie. Dieselfde geld vir inter-gesinskommunikasie tussen die vier groepe hier geïdentifiseer (Chaudenson 1986: 73-76). Weens die klein aantal slawe en hul verspreiding oor dié "sociétés d'habitation" is dit waarskynlik dat hulle ook hierdie kommunikasiemotrone gevolg het. Volgens Chaudenson kan hierdie sosiohistoriese faktore mens in staat stel "to distinguish between a *pidgin* (in the traditional sense), which is a medium of communication between two different social and/or ethnic groups (...) and those *attempts at approximating French*, which are specific to these 'sociétés d'habitation'" (Chaudenson 1986: 76, sy kursivering).

Chaudenson beklemtoon twee aspekte van die "société d'habitation". Eerstens: "There is an utter supremacy of the French speaking group, as they dominate ethnically (whites/negroes), socially (master/slave), numerically and sexually (man/woman)" (Chaudenson 1986: 76). Laasgenoemde aspek is van belang omdat die nie-Franssprekende vroue (dikwels van slawe-afkoms) van die Franse koloniste "were bound to aim at becoming culturally and linguistically 'assimilated' to their husbands' status, in order to gain ... a higher position, clearly distinct from that of their fellow countrywomen who were still enslaved" (Chaudenson 1986: 77). Die tweede aspek is die noue en konstante interaksie tussen blankes en slawe op die "sociétés d'habitation". Volgens Chaudenson het hierdie konstante interaksie tussen blankes en slawe binne 'n komplementerende en asimmetriese verhouding plaasgevind, wat hy só formaliseer: "domination : submission; assistance : dependence; exhibitionism : voyeurism" (Chaudenson 1986: 77). Volgens Chaudenson het hierdie binêre verhoudings die posisie van Frans as kommunikasiemiddel versterk.

Met die grootskaalse invoer van slawe na Réunion is die "société d'habitation" vervang met 'n "société de plantation". Volgens Chaudenson het die ongelyke balans tussen die Europese en slawebevolkings wat hierdeur ontstaan het, nie net 'n kwantitatiewe impak gehad nie, maar veral 'n invloed op die binêre interaksie soos hierbo beskryf. Die nuwe slawe het nie meer direk kontak gehad met die Europeërs nie, maar wel met die reeds gekreoliseerde slawe wat as tussengangers tussen die twee groepe opgetree het (Chaudenson 1986: 77-78; vgl. Mufwene 1991: 151). Die teikental vir die nuwe slawe is nie meer die Frans van die blanke bevolking nie, maar die Frans van die gekreoliseerde slawe (Chaudenson 1986: 78). Op hierdie wyse kon Chaudenson aantoon hoe 'n genuanseerde studie van sosiohistoriese faktore nuwe lig werp op kommunikasiemotrone in die verlede en die ontstaan van kreole.

Die onderskeid wat Chaudenson tussen endogene en eksogene kreole gemaak het, het sedertdien inslag in die kreolistiek gekry. Hierdie onderskeid is deur Bickerton oorgeneem en verfyn. Bickerton het voorgestel dat endogene kreole veral ontstaan in gebiede waar Europeërs 'n fort of forte gevestig het en kontak (in meerdere of mindere mate) met die plaaslike bevolking gehad het (Bickerton 1988: 268-73). Vandag word daar algemeen aanvaar dat mens op grond van geskiedkundige oorwegings tussen drie tipes kreole kan onderskei, te wete: plantasie-, maron- en fort-kreole (vgl. Arends 1994: 15-17). Die onderskeid tussen endogene en eksogene kreole is belangrik omdat dit die aandag vestig op die herkoms (en moedertale) van die eventuele sprekers van 'n kreool. Hierdie onderskeid is baie belangrik om die moontlike rol van 'n substraattaal of -tale te bepaal (Arends 1994: 17). By 'n endogene kreool is

die substratumsprekers homogeen terwyl hulle ook meer geleentheid tot onderlinge kontak en die gebruik van hul moedertaal het. Singler het bewys hoe deurslaggewend 'n rol die faktor van homogeniteit van die substratum (al dan nie) in die ontstaan van pidgins en kreole speel. Waar sprekers (a) dieselfde substratum deel en (b) lank steeds van dié taal gebruik maak, is die kans goed dat 'n uitgebreide pidgin sal ontstaan, eerder as 'n kreool. Die onderskeid word bepaal deur die sosiohistoriese agtergrond: "the creole scenario, because it contains permanent displacement and subsequent integration, leads to a break with the substrate, but the extended pidgin scenario need not" (Singler 1988: 47). Dit is die basiese onderskeid tussen eksogene en endogene kreole. Omdat daar 'n duidelike korrelasie bestaan tussen die graad van homogeniteit van die substratum en die omvang van substratum-invloed, is dit van kardinale belang dat die herkoms van die sprekers van 'n kreool en hul gebruik (al dan nie) van 'n substratum bepaal moet word. Dit is slegs moontlik deur demografiese en historiese studie van die agtergrond van die ontstaan van 'n bepaalde taal (Singler 1988: 48, vgl. 27-31).

Ofskoon Chaudenson vandag algemeen as een van die belangrikste kreoliste gereken word, is sy werk lank deur Engelstalige kreoliste geïgnoreer. Hy het al sedert die vroeë 1970's werk met 'n sosiohistoriese benadering gelewer, maar dit was eers in die 1980's, veral weens Mufwene se invloed, dat Chaudenson wyer aandag geniet het. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat, hoewel daar 'n bewustheid van die belang van sosiohistoriese faktore in kreoolgenese onder kreoliste bestaan het, 'n genuanseerde gebruik van sosiohistoriese data uitgebly het. Skrywers soos Mintz is uitsonderings, en hul werk is ook nie direk opgeneem nie. Ofskoon die aanhangers van die universalistiese benadering asook die substratiste soms historiese data gebruik het, het hulle steeds hierdie tale op suiwer taalkundige oorwegings beoordeel. Jacques Arends het tereg verklaar dat die studie van kreoolgenese tot onlangs "has been pervaded by a deeply rooted ahistoricism" (Arends 1995a: ix; vgl. Chaudenson 1977: 261). Hierdie situasie het egter in die laat 1980's begin verander toe sommige taalkundiges aandag aan geskiedenis begin skenk het. Dit hou moontlik verband met die oplewing in die sosiale geskiedenis in die algemeen, en spesifiek die geskiedenis van slawerny, in die 1970's (vgl. Singler 1988: 27-28 met n. 1; Arends 1995a: ix-x). Daar is egter een werk wat as 'n waterskeiding in die gebruik van die sosiohistoriese benadering beskou kan word, nl. Baker en Corne se *Isle de France Creole* uit 1982.

### 3.2.2 Die verskyning van *Isle de France Creole*

Die verskyning van Baker en Corne se *Isle de France Creole: Affinities and Origins* (1982) word beskou as een van die seminale gebeurtenisse in die ontwikkeling van die sosiohistoriese benadering tot die studie van kreoolgenese (vgl. Arends 1994: 22; 1995a: xii; Singler 1986: 141-42). Hierdie werk is baanbrekend omdat dit die eerste poging was om teoretiese uitsprake soos dié van Mintz oor die gebruik van historiese en demografiese data, prakties toe te pas. Dit het sedertdien 'n groot invloed uitgeoefen op die debat rondom kreoolgenese en die rol van sosiohistoriese faktore daarin. Die sosiohistories-demografiese benadering wat in dié boek op 'n praktiese wyse deur Baker bekend gestel is, het inmiddels 'n aantal vername navolgers gehad. Daarom moet daar kortliks aandag gegee word aan Baker se metodologie en die konsepte wat hy voorgestel het.

Die oogmerk van Baker se studie is om die teendeel te bewys van Chaudenson se voorstel dat die Kreoolse Frans van Mauritius ontwikkel het uit die Kreoolse Frans van Réunion, aangesien (volgens Chaudenson) Mauritius aanvanklik deur koloniste uit Réunion gekoloniseer is (vgl. Baker 1982: 134-140). Ten einde die ware stand van

sake te probeer vasstel, het Baker diepgaande argivale studie gedoen om 'n gedetailleerde en hoogs genuanseerde beeld van die bevolking van Mauritius in die beginjare (1721-1735) van die Franse besetting te skets. Wat baanbrekend is, is dat Baker nie gewoon een of twee stelle syfers vir die bevolking gedurende dié tydperk gebruik en sy argumente daarop baseer nie, maar eerder presies bepaal hoe die bevolking van Mauritius saamgestel is en verander het met verloop van tyd. Hy het met ander woorde nie syfers op sigwaarde aanvaar nie, maar vasgestel hoeveel mense na Mauritius geïmmigreer het *en* hoeveel mense weer van die eiland geëmigreer het. Die bevolkingstal en -samestelling van Mauritius het voortdurend gevarieer, en slegs 'n genuanseerde analise hiervan kan gebruik word om gevolgtrekkings oor die taalsituasie te maak. Deur hierdie werkwyse te volg, kon Baker vasstel dat Chaudenson se aanname dat Mauritius deur immigrante van Réunion gekoloniseer is, foutief is: Die enkele immigrante uit Réunion het weer binne 'n paar maande daarheen terruggekeer (Baker 1982: 150-176). Baker verskil ook van Chaudenson oor die aantal en herkoms van slawe op Mauritius. Ten einde die kontroverse op te los, het Baker presies nagegaan hoeveel slaweskepe na die eiland gegaan het en gedetailleerd uitgewerk hoeveel slawe elke individuele skip aan wal gesit het en vanwaar hierdie slawe bekom is (vgl. Baker 1982: 180-202). Weereens het Baker nie die syfers vir slawe-invoer sonder meer aanvaar nie, maar vasgestel hoeveel van hierdie mense *wel* op die eiland bly woon het (dus het hy ook gekyk na sterftesyfers en slawe-uitvoer) (vgl. byvoorbeeld Baker 1982: 195-96). Met hierdie werkswyse kon Baker 'n hoogs genuanseerde en gedetailleerde beeld van die bevolking van Mauritius gedurende 1721-1735 kry. Dit het hom in staat gestel om tot taamlik verskillende gevolgtrekkings as Chaudenson oor die ontstaan van Kreoolse Frans op Mauritius te kom.

Hoewel die terme 'Gebeurtenis 1', 'Gebeurtenis 2' en 'Gebeurtenis 3' nie in Baker (1982) voorkom nie (hulle is vir die eerste keer in Baker se proefskrif, wat dieselfde jaar (1982) verskyn het, gebruik), is die konsepte wel daarin teenwoordig. Volgens Baker hou die verskille tussen die Franse kreole van Réunion en Mauritius verband met "the dissimilar ways in which they were populated" (Baker 1982: 251). Die belangrike sosiohistoriese verskille lê hierin: gedurende die eerste 50 jaar van die kolonisasie van Réunion het die vrye bevolking (meestal Franssprekendes) meer as 50% van die bevolking uitgemaak – in Mauritius was dit minder as 20% vir dieselfde tydperk. Mauritius is aansienlik vinniger bevolk (weens die groot hoeveelheid slawe-invoer) as Réunion, en die getal slawe het binne die eerste dekade die vrye bevolking oorskry. In teenstelling hiermee was die meerderheid van die inwoners van Réunion plaaslik gebore – iets wat weens die groot invoer van slawe nie in die koloniale tyd die geval in Mauritius was nie (Baker 1982: 251). Hierdie verskille lê ten grondslag aan die geformaliseerde konsepte agter Gebeurtenis 1, 2 en 3. Gebeurtenis 1 vind plaas wanneer die getal slawe gelyk aan die getal (Europese) koloniste is. Die belang hiervan vir taalkundige ontwikkeling is as volg: in die tydperk vóór Gebeurtenis 1 is daar genoeg sprekers van 'n eerste taal (T1) (die koloniste) om te verseker dat die sprekers van 'n tweede taal (T2) (die slawe) genoegsame blootstelling aan dié taal kry om dit te verwerf, en daarom nie 'n pidgin hoef te ontwikkel nie. Wanneer die aantal T2-sprekers ná Gebeurtenis 1 in getalle toeneem, begin genoegsame blootstelling moeiliker word, en is die kans goed dat 'n pidgin mag ontwikkel. Gebeurtenis 2 vind plaas wanneer die aantal plaaslik gebore slawe ('kreoolslawe', dus nie ingevoerde slawe nie) gelyk is aan die aantal koloniste. Gebeurtenis 2 is 'n voorwaarde vir die ontwikkeling van 'n moontlike kreool omdat daar 'n groot genoeg aantal sprekers van so 'n taal is (die sg. "critical mass"). Kreolisering vind nie noodwendig ná Gebeurtenis 2 plaas nie, aangesien dit afhang van verdere demografiese ontwikkelinge soos slawe-invoer en die groei van die koloniste-bevolking. Gebeurtenis 3 vind plaas as slawe-invoer ophou en geen nuwe substraatsprekers ingevoer word nie (vgl. Arends 1994: 22-23 en Singler 1990:

655-56 vir 'n uiteensetting van dié terme). Die belangrikste sosiohistoriese verskil tussen Réunion en Mauritius is dus dat Gebeurtenis 1 op laasgenoemde eiland heel vroeg plaasgevind het. Volgens Baker is die gevolge hiervan op taalkundige vlak verantwoordelik vir die verskille tussen die Kreoolse Frans van Réunion en dié van Mauritius, wat ook verklaar waarom die Frans van Mauritius 'verder' verwyderd is van metropolitaanse Frans as dié van Réunion (Baker 1982: 259).

Baker se werk was invloedryk, nie net deur die konsepte wat dit bekend gestel het nie, maar veral ook deur die voorbeeld wat dit gestel het. Deur die genuanseerde aanwending en ontleding van sosiohistoriese materiaal was Baker in staat om 'n probleem op te los wat lank nie 'n bevredigende antwoord gehad het nie: hoe die Frans wat op twee nabygeleë eilande gepraat word, soveel van mekaar kon verskil.

### 3.2.3 *Die ontwikkeling van Gradualistiese Hipoteses*

Die naam 'Gradualistiese Hipoteses' is eers in 1993 deur Jacques Arends aan 'n groep nou verwante voorstelle oor kreoolgenese gegee. Die idees en konsepte hieragter is egter sedert die laat 1980's ontwikkel en word veral geassosieer met die name van Arends, John Singler en Philip Baker wat almal aanvoer dat kreole nie skielik ontstaan het nie, maar geleidelik ontwikkel het. Hier word vervolgens op chronologiese wyse nagegaan hoe hierdie idees bekend gestel is en wat hulle behels.

#### 3.2.3.1 Singler se kritiek op Bickerton

Bickerton was een van die eerste kreoliste wat Baker se konsepte op ander tale toegepas het. Hy het ook probeer om hulle in die teoretiese raamwerk van sy bioprogram in te pas. In Bickerton (1984) gee hy meer aandag aan die geskiedkundige aspekte van kreolisering as in sy vorige werk (vgl. Singler 1986: 141). Ten einde te probeer verklaar waarom sommige tale nader aan die bioprogram sal wees as ander, beroep Bickerton hom op die sosiohistoriese faktore in die ontwikkeling van kreole. Volgens hom het sg. radikale kreole, soos Saramakkaans, ontstaan waar die breuk in transmissie van tale baie skielik en skerp is (soos by maron-gemeenskappe) en kinders geen taaltoevoer naas 'n baie beperkte en onstabiele pidgin het nie. Dit is dus die aard van die pidgin, d.i. hoe 'ryk' of 'arm' dit grammatikaal is, wat sal bepaal in hoe 'n mate die bioprogram betrek sal word in die ontwikkeling van die kreool. Die aard van die pidgin hang kardinaal af van die hoeveelheid blootstelling wat die substraatsprekers aan die leksifiseerdertaal het. Laasgenoemde is weer nou gekoppel aan die bevolkingsamestelling, m.a.w. wat die getal leksifiseerdertaalsprekers vis-à-vis pidginsprekers is. In gevalle waar eersgenoemde die meerderheid vorm, is dit waarskynlik dat sprekers wat die teikentaal verwerf en baie blootstelling daaraan geniet, 'n redelike T2-vorm daarvan sal beheers. In die meeste gebiede waar pidgins en kreole ontstaan het, was dit egter nie die geval nie. In die koloniale opset is daar in gemeenskappe waar slawe-arbeid gebruik is, gewoonlik 'n groot toename in slawegetalle enkele jare nadat daar begin is met die invoer van slawe. Bickerton gebruik Baker se Gebeurtenis 1 om 'n Pidginiseringsindeks (PI) op te stel wat sal bepaal hoe 'ryk' of 'arm' 'n pidgin is wanneer dit kreoliseer. Hiermee bedoel hy in hoe 'n mate daar komplekse grammatikale strukture noodsaaklik vir 'n natuurlike taal uit die leksifiseerdertaal in die pidgin opgeneem is. Hoe meer daarvan in die pidgin is, hoe minder waarskynlik is dit dat die

bioprogram sulke strukture hoef te skep. Indien die PI laag is, sal meer van die bioprogram geaktiveer word. Die formule vir die PI is:

$$PI = Y \times (P \div R)$$

waar Y die aantal jare tussen koloniserings (eintlik die invoer van slawe) en Gebeurtenis 1, P die totale aantal substraat-sprekers by Gebeurtenis 1 en R die jaarlikse gemiddelde van post-Gebeurtenis 1 immigrante (Bickerton bedoel waarskynlik slawe) verteenwoordig. Hoe hoër die PI is, hoe verder sal die kreool van die bioprogram wees. Daar is egter ook twee ander faktore wat 'n invloed kan hê, nl. die vervanging van die leksifiseerde taal deur 'n ander taal en die totale afwesigheid van enige toevoertaal by die ontstaan van maron-gemeenskappe. Dit kan beteken dat die pidgin baie elementêr en onstabiel bly en dat daar in die gevolglike kreolisering sterk op die bioprogram staatgemaak moet word. Daarom reken Bickerton dat Saramakkaans waarskynlik die naaste aan die bioprogram is (Bickerton 1984: 176-178).

Hierbo is reeds daarop gewys dat Bickerton se Bioprogram baie kritiek ontlok het. Van die idees wat sentraal staan in die werk van gradualiste het in 'n mate voortgevloei uit kritiek op Bickerton (1984). Een van Bickerton se sterkste kritici is John Singler. In 'n kort, maar invloedryke, artikel wys hy daarop dat heelwat kreole 'n paar honderd jaar oud is, maar dat Bickerton ten spyte daarvan "makes no allowance whatsoever for linguistic change" (Singler 1986: 141). In Bickerton se teorie speel kinders die deurslaggewende rol: Dit is hulle wat weens gebrek aan voldoende taaltoevoer binne een geslag 'n kreool uit 'n pidgin skep. Tog, sê Singler, klop dit nie met die historiese feite vir die meeste Karibiese plantasiëkolonies nie. Hy wys daarop dat in die Karibiese gebied die meeste slawegemeenskappe baie min kinders gehad het, en dat dit soms honderde jare geneem het voordat slawegemeenskappe sigself voortgeplant het. Hiermee hang die feit saam dat slawegemeenskappe voortdurend aangevul is deur nuwe slawe-invoer. Ofskoon dit wel so is dat slawe van wyd uiteenlopende gebiede kon kom, wys historiese studies dat slawe-invoerders geneig was om vir tye van een spesifieke slawebron gebruik te maak (voordat dit – om verskeie redes – na 'n ander skuif). Op grond hiervan reken Singler dat slawe wat in 'n nuwe kolonie geland het, steeds hul eie tale kon gebruik het. Die feit dat daar so min kinders in dié gemeenskappe was, het beteken dat die totale vervanging van die moedertale van slawe deur 'n genativerseerde kreool 'n stadige proses was (Singler 1986: 142-44). Volgens Singler bewys geskiedkundige oorwegings dat "the process of nativization was a slow one and that there was a constant African [language] input" (Singler 1986: 144). Dit is die kern van die sg. Gradualistiese Model.

Vanaf die laat 1980's het 'n belangrike nuwe siening in die kreolistiek begin ontwikkel wat 'n groot impetus was vir die verdere ontwikkeling van die Gradualistiese Model. Sommige taalkundiges het begin argumenteer dat kreole nie 'spesiale' tale is nie – met ander woorde, hulle vorm nie 'n aparte groep tale op linguistiese of tipologiese gronde soos ander taalfamilies of subfamilies (byvoorbeeld Germaanse tale, Ngunitale ens.) nie. Dit was veral Salikoko Mufwene wat in 1986 daarop gewys het dat sg. kreoolse kenmerke (d.i. grammatikale kenmerke wat gemeen is spesifiek kreole van ander tale onderskei) ook in ander, veral isolerende tale soos Chinees en die Kwa-tale, voorkom

(vgl. Mufwene 2000: 65; 1999: 159).<sup>13</sup> Die gebruik van sekere grammatikale eienskappe om die 'kreoolsheid' van 'n gegewe taal te toets – soos Markey (1982) vir Afrikaans gedoen het – en die voorstel dat sekere eienskappe kenmerkend van kreole is (vgl. bv. Romaine 1988: 47-69), is as ongefundeer gekritiseer (vgl. Baker 1995a: 3). Thomason het hieroor opgemerk: "... identifying creoles by means of a laundry list of grammatical features has proved to be an elusive goal: there are no features that are exclusive to, or universal in, languages generally thought to be creoles" (Thomason 1997: 73). Dit is inderdaad in 'n ander invloedryke artikel uit die laat 1980's bewys. Muysken het gewys dat kreole nie as 'n spesiale tipe taal op grond van intra-linguistiese gronde beskou kan word nie (Muysken 1988: 288-300). Sy gevolgtrekking is: "The very notion of a 'creole' language from the linguistic point of view tends to disappear if one looks closely; what we have is just language" (Muysken 1988: 300).<sup>14</sup>

Die siening dat mens nie op grond van intra-linguistiese gronde kreole kan onderskei nie, het tot die vraag gelei of daar ander maniere is om 'n onderskeid tussen veronderstelde kreole en ander tale te tref. Hierdie vraag kom in Singler (1990) aan bod, wat vanuit 'n sosiohistoriese oogpunt kritiek lewer op Bickerton. Omdat kreoliste soos Mufwene en Muysken gewys het dat daar geen taalkundige toets is om kreole van 'nie-kreole' te onderskei nie, begin Singler met hierdie innoverende stelling:

"A creole is a creole because of its history. That is, a creole is identified as being a creole because of the events known to have shaped it. ... If a linguistic litmus test is out of the question, what about a historical one? Is there some sociohistorical metric such that it will correctly identify every creole as being a creole and correctly reject every noncreole as being a noncreole?" (Singler 1990: 645).

Singler opper die vraag of dit moontlik is om 'n sosiohistoriese maatstaf op te stel om daardie tale wat algemeen as kreole beskou word, mee te vergelyk en te evalueer. Ofskoon kreole heelwat eienskappe deel, is dit eweneens opvallend hoeveel hulle verskil. Dit is moontlik om hierdie verskille toe te skryf aan die 'afstand' tussen 'n gegewe kreool en sy superstraat. Bickerton se PI is 'n poging om kreole met hierdie maatstaf te evalueer: Op grond van sosiohistoriese oorwegings kan kreole op 'n kontinuum van relatiewe afstand van hul superstrate geplaas word (byvoorbeeld Saramakkaans is die 'verste' van sy superstraat, terwyl 'n taal soos die Frans van Réunion baie na aan die superstraat staan). Singler toets vervolgens Bickerton se voorstel en vind verskeie tekortkominge. Bickerton se faktor R (die jaarlikse gemiddelde van post-Gebeurtenis I-immigrante) is problematies omdat hy nie aandui vir hoe lank hierdie gemiddelde uitgewerk moet word nie. Singler het verder gevind dat indien die formule toegepas word op die tale wat Bickerton self in sy artikel gebruik, dit nie die gewenste resultaat gee nie. Basies kom dit daarop neer dat die PI, soos deur Bickerton voorgestel, nie werk nie (Singler 1990: 648-51; vgl. Arends & Muysken 1992: 51-53 vir 'n soortgelyke bevinding oor die onbruikbaarheid van die PI vir die geskiedenis van Afro-Hollands).

---

<sup>13</sup> Ongelukkig was hierdie artikel, waarna dikwels in die jongere literatuur oor kreoolgenese verwys word, nie vir my toeganklik nie. Die publikasiedetails is: S. Mufwene, "Les langues créoles peuvent-elles être définies sans allusion à leur histoire?" *Études créoles* 9 (1986): 135-150.

<sup>14</sup> Vandag skyn dit of hierdie siening geredelik aanvaar word (vgl. bv. Mühlhäusler 1999: 121). Come gaan selfs so ver as om te verklaar: "The term [Creole language] is fundamentally a useless one... There are no "Creole languages" in a linguistic and typological sense. (...) The term refers to a subset of those languages, all with a relatively short history, which have emerged from various situations of language contact (usually, more than two languages), and which are the native language of a given community" (Come 1995: 121 n. 1). Dat Come kreole definieer op historiese gronde, is in 'n groot mate te danke aan die werk van mense soos Singler.

Volgens Singler het die PI wel waarde omdat dit die aandag vestig op die sosiohistoriese faktore wat vir die taalkundige van belang is: Die tydperk waartydens T1-sprekers numeries sterker is en die grootte van die groep substratumsprekers en die verandering in hul aantal met verloop van tyd (Singler 1990: 651-52). Hiernaas behoort 'n mens ook ander sosiohistoriese oorwegings naas blote getalle by te bring, byvoorbeeld die aard van die kontak tussen superstraat- en substraatsprekers. Hierdie faktore maak iets soos 'n PI onmoontlik, want "the diverse complexities of the sociohistorical settings that give rise to creoles cannot be reduced to a simple arithmetic formula" (Singler 1990: 652). Sosiohistoriese faktore kan nie maklik gekwantifiseer of vergelyk word nie. Dit ten spyte glo Singler dat dit geregverdig is om die faktore wat die 'radikaalheid' van 'n kreool bepaal te probeer vasstel. Hoewel die PI nie hiervoor werk nie, reken Singler dat dit nuttig is "as the repository for all those features that affect the degree of creolization in a particular case" (Singler 1990: 652).

Bickerton stem saam met Singler oor die swakhede van die PI en erken dat dit nie kan bereik wat hy aanvanklik voorgestel het nie (Bickerton 1992: 307-8). Hy beveg egter Singler se uitspraak dat die stadige nativisering van plantasiesamelewings die stadige nativisering van kreole tot gevolg gehad het. Volgens Bickerton beteken dit een van twee moontlike scenario's: (1) 'n lang tyd het verloop voordat plaaslik-geborenes die meerderheid van 'n samelewing geword het, of (2) 'n lang tyd het verloop voordat daar genoeg plaaslik-gebore sprekers was om 'n kreool te begin (Bickerton 1992: 311). Die eerste word deur niemand betwis nie omdat dit histories in feitlik alle plantasiekolonies wel so gebeur het. Die tweede is egter oop vir interpretasie. Bickerton stel dit dat syfers nie van belang is nie aangesien selfs 'n klein aantal plaaslik-gebore sprekers "had to have a native language of some kind". Hierdie 'kreoolse' slawe sou nie net die pidgin gebruik het nie en, volgens Bickerton, sou dit dwaas gewees het om een van die Afrika-tale as moedertaal te leer aangesien "it would have given them access only to a fraction of the general population".<sup>15</sup> Net soos Chaudenson vroeër, maak Bickerton die belangrike punt dat kreoolse slawe se status dikwels hoër was, en hy reken daarom dat "the nativized language of this minority would have served as a target for subsequent immigrants, who would have acquired it ... as a second language" (Bickerton 1992: 312). Die klein aantal plaaslik-gebore slawe beteken dus nie dat 'n kreool nie onder hulle kon ontstaan nie, nóg dat dit nie kon versprei na immigrante nie.

In Singler se antwoord op Bickerton, gee hy 'n aansienlik meer gedetailleerde en goed genuanseerde beeld van hoe hy reken kreole geleidelik in plantasiekolonies in die Karibiese gebied ontwikkel het. Volgens hom is Bickerton se siening dat nativisering die belangrikste oorsaak vir die ontstaan van 'n kreool is, nie in ooreenstemming met die sosiohistoriese verlede van die meeste Karibiese kreole nie. Singler glo sosiohistoriese data ondersteun "the statement that, while stabilization of a pidgin/creole (PC) is critical, nativization is not" (Singler 1992: 319) en verskaf heelwat nuwe historiese data om Bickerton se uitsprake te beveg. Veral die belang van kreoolse slawe, waarop Bickerton gewys het, kry heelwat aandag van Singler. Hy wys daarop dat kreoolse slawe in die Karibiese gebied baie min was, maar gee toe dat hierdie slawe "tended to lead the adjustment/assimilation to European-dominated Caribbean society..." (Singler 1992: 322). Op grond van historiese evidensie reken Singler verder dat 'n kreoolse slaaf tog 'n Afrika-taal, en wel dié van sy/haar moeder (of oppasser) sou leer (veral omdat

---

<sup>15</sup> Bickerton vergeet hier die belangrike punt waarop Singler (1986: 142-43) gewys het: Ofskoon die herkoms van slawe globaal gesien wyduiteenlopend was, het historiese faktore daartoe gelei dat slawe op spesifieke tye van een of twee plekke afkomstig was. Dus: vir enkele jare word slawe ingevoer van X, dan daarna van Y en so aan. Dit beteken dat daar groter kontinuïteit in die taal van slawe kon wees.

slawe van dieselfde herkoms geneig was om saam te groepeer) (Singler 1992: 322-23). Ofskoon hierdie kreoolse slawe waarskynlik die pidgin/kreool (Singler maak geen onderskeid tussen hierdie terme nie) vlot beheers het, wys Singler op 'n ander belangrike faktor: kreoolse slawe het weens hul hoër status meer kontak met blankes (T1-sprekers) gehad, wat oor die algemeen beteken het dat hulle 'n minder 'radikale' vorm van die pidgin/kreool gebruik het. Dit lei hom tot die volgende voorstel oor die rol van kreoolse slawe in die Karibiese gebied:

“... the locally-born [slaves] – by virtue of their greater contact with speakers of the lexifier language – functioned as conduits of superstrate influence into the developing creole language. After all, the forces that would have given the locally-born elite status within the slave community and would have made their speech a target for imitation by those of lower status are precisely the forces that gave slaveholders their status in the society at large ... Those locally-born slaves with the greatest contact with whites may have spoken the superstrate language itself (presumably a nonnative version of it). The more common pattern, however, would have been for them to speak their community's PC; but, having far greater access to native speakers of the superstrate language, their version of the PC would have been far more superstrate-like (Singler 1992: 324-25).

Hierdie siening van die rol van kreoolse slawe lei Singler tot die volgende voorstel: Die radikaalheid van 'n kreool word bepaal deur die omvang van die groep kreoolse slawe binne 'n gemeenskap en die spoed waarteen hulle ontwikkel – waar dit vinnig gebeur en die groep groot is, is die kreool minder radikaal en nader aan die superstraat (Singler 1992: 325-26).

Singler se slotsom is dat onderskeid tussen 'n pidgin en kreool nie nodig is nie en dat stabilisering van meer belang is as nativisering in kreoolgenese. Bickerton se argument dat plaaslik-gebore slawe van groot belang is omdat hulle die kreool skep deur die bioprogram, is volgens Singler nie aanvaarbaar nie. Hulle speel wel 'n belangrike rol, maar as 'n “conduit for superstratal input”. Dit is dus nie die aard van die pidgin wat gekreoliseer word wat die radikaalheid daarvan bepaal nie, maar hoeveel en hoe groot “the input and participation” van die kreoolse slawe was (Singler 1992: 328).

Singler se kritiek op Bickerton het dus die belangrike gevolg gehad deurdát een van die ou aannames in die kreolistiek opnuut bevraagteken is. Hoewel Bloomfield (1976 [1933]: 473-74) dit reeds voorgestel het, was dit veral die werk van Hall (vgl. 1966: xii-xiv) wat die aanname gepopulariseer het dat 'n kreool 'n pidgin is wat genativiseer is en as moedertaal gebruik word (vgl. Alleyne 1971: 169; Baker 1995a: 3; Neumann-Holzschuh & Schneider 2000: 1). Ook Bickerton het gewoon aanvaar dat 'n kreool 'n genativiseerde pidgin is, wat binne een generasie ontstaan – 'n aanname wat 'n deurslaggewende rol in sy bioprogram-hipotese speel (vgl. Bickerton 1984: 173). Alleyne het egter reeds in 1971 die aannames dat kreole genativiseerde pidgins is en dat pidgins binne 'n kort tyd ontstaan, bestry (Alleyne 1971: 170-74). Maar hierdie siening is lank as omstrede en dissident beskou (vgl. bv. Bickerton 1988: 272). Dit is veral te danke aan die debat tussen Singler en Baker dat hierdie kwessie opnuut bekyk is. Singler se werk het dit duidelik gemaak dat die saak nie so eenvoudig is as wat tradisioneel voorgehou is nie: 'n kreool kan baie eeue neem om te ontwikkel en nativisering speel gevolglik nie so 'n groot rol nie. Dit het daartoe gelei dat die tradisionele onderskeid tussen 'n pidgin en kreool ook bevraagteken kan word. Dit is hierdie kwessies wat, as gevolg van Singler se werk, in die 1990's verder aandag geniet het en 'n groot rol in die ontwikkeling van die Gradualistiese Hipoteses gespeel het.

### 3.2.3.2 Baker se Medium vir Interetniese Kommunikasie (MIK)

'n Verdere tradisionele aanname in verband met kreoolgenese, naamlik die belang van die sg. 'teikentaal', is in 1990 deur Baker bevraagteken. Volgens hom impliseer die gebruik van dié woord drie aannames: (1) Sprekers het 'n keuse gehad (om byvoorbeeld 'n ander taal te kon gebruik), (2) Sprekers "seriously aspired to acquire something approaching native speaker fluency" in die taal wat as teikentaal gedien het, en (3) dat die sprekers nie die teiken bereik het nie (dus nie daarin geslaag het om die teikentaal vlot te leer spreek nie) (Baker 1990: 107). Deur 'n bespreking van die sosiolinguistiese geskiedenis van die Frans van Mauritius en Chinese Pidgin Engels toon Baker aan dat, sover dit hierdie twee tale betref, aannames (1) en (2) nie vir die sprekers daarvan geld nie en (3) dus nie beweer kan word nie (Baker 1990: 107-9). Baker het reeds in 1982 uitgewys dat die wye verskeidenheid van tale op individuele plantasies op Mauritius "a vehicle suitable for inter-ethnic communication" noodsaaklik gemaak het (Baker 1982: 241). Volgens Baker was nie Frans nie, maar wat hy noem 'n 'medium vir interetniese kommunikasie' (MIK), die eintlike 'teikentaal' op Mauritius. Hy noem dat slawe nie sommer hul eie tale sou ophou gebruik nie (mits daar ander sprekers van dieselfde tale is) en dat die vervanging van hierdie moedertale 'n geleidelike proses was. Waar sprekers van 'n sekere taal dan met andertaliges moes kommunikeer, het hulle 'n MIK geskep, en nie noodwendig probeer om Frans volkome te leer beheers nie (in teenstelling met aanname (2) hierbo) (Baker 1990: 109-10; vgl. 1997: 94-96). Dit lei Baker tot hierdie voorstel:

"... there was no T[arget]L[anguage] as such, ... the real, if unconscious, target of participants was the development of a medium for interethnic communication. ... [P]articipants created a new language, suited to their immediate interethnic needs, and ... they subsequently expanded and adapted this as their growing or changing needs demanded, drawing at all times on the resources available. These resources would include all languages known to participants, substrate and superstrate (...), as well as something akin to Bickerton's bioprogram, while the relative availability of these resources would be related to social factors" (Baker 1990: 111).

Volgens Baker het sosiohistoriese faktore bepaal watter tale op 'n gegewe moment gebruik is om 'n MIK mee te skep (Baker 1990: 112-13). Op Mauritius, byvoorbeeld, het die feit dat plantasie-gemeenskappe taamlik geïsoleerd was, die gevolg gehad dat die slawetale min direk bygedra het tot ontwikkeling van die MIK in die beginfasies. Die MIK het aanvanklik baie individuele variasie vertoon maar het mettertyd gehomogeniseer. Hoewel slawe wat later ingevoer is, die MIK as tweede taal naas hul eie moedertale gebruik het, beteken dit nie dat hulle tale geen bydrae tot die ontwikkeling van die MIK gemaak het nie (Baker 1990: 113-15). Volgens Baker hang die omvang en aard van hul bydrae af van "how far the emerging medium [MIK] had already evolved and what they could offer to assist that evolution" (Baker 1997: 106). Baker beklemtoon veral die feit dat 'n MIK geskep word om aan spesifieke kommunikasiebehoeftes te voldoen – die sosiohistoriese omstandighede sal bepaal watter tale tot welke mate gebruik word om so 'n kommunikasiemedium tot stand te bring. Volgens hom:

"If the real aim of participants in pidgin and creole genesis was the creation and subsequent development of an M[edium]F[or]I[nterethnic]C[ommunications] tailored to their particular needs, it is no longer useful to draw a sharp distinction between substrate and superstrate languages in this context. This is partly because of the implied directionality of these terms but more particularly because all languages spoken by

participants might potentially contribute to the MFIC in similar ways. Where the contribution of one language was dominant, this would be the result of particular factors” (Baker 1990: 115).

Volgens hierdie siening is kreole dus nie herstruktureerde variëteite van ’n teikentaal nie, maar oorspronklike skeppings vir gebruik in spesifieke situasies. Baker reken dat “pidgins and creoles are self-evidently successful solutions to problems of human intercommunication – languages made by and for their users over generations, drawing on the range of available resources, and tailored to their users’ specific and changing communicative needs” (Baker 1990: 117).

### 3.2.3.3 Die Gradualistiese Model van kreolisering

In 1993 het Jacques Arends se artikel “Towards a gradualist model of creolization” verskyn waarin sy eie werk oor die ontwikkeling van Sranan (in samehang met die kritiek van Singler en Baker op die bioprogram) gebruik word om ’n Gradualistiese Model vir die ontstaan van kreole voor te stel. Arends is veral krities oor die gebruik van Bickerton om hom te beperk tot sinchroniese data in die bespreking van kreoolgenese, dit terwyl hy probeer “to explain an essentially historical phenomenon” (Arends 1993: 371). Volgens Arends spruit hierdie gebruik voort uit twee basiese aannames van Bickerton, nl. “that creolization is a single generation process, coupled with the belief that contemporary creoles are similar enough to their original forms for them to be simply equated” (Arends 1993: 372). Die sinchroniese benadering tot die bestudering van kreoolgenese was tot onlangs heel algemeen, terwyl daar weinig of geen empiriese ondersoek gedoen is na vroeëre histories-taalkundige feite. Nie net is geskiedkundige data verwaarloos nie, maar daar is ook min gebruik gemaak van vroeëre tekste (vgl. Arends 1993: 372-73). Arends het in sy werk oor Sranan vroeëre tekste versamel en hulle in die konteks van die eksterne geskiedenis van die taal geanaliseer. Hieruit kon hy ’n duideliker beeld van die ontwikkeling van Sranan kry (vgl. Arends & Bruyn 1994: 112-14). Op grond van historiese data kon Arends argumenteer dat “during the first hundred years in [Suriname’s] existence, no creolization – in the traditional view of nativization by children – could possibly have taken place simply because the children required to perform such a process were not present” (Arends 1993: 375). Hierdie argument sluit grootliks aan by Singler se kritiek teen Bickerton. Op grond van (diachroniese) taalkundige evidensie het Arends verder geargumenteer dat “creolization is not only a gradual but also a differential (as opposed to monolithic) process, taking place at a different speed for different domains of syntax” (Arends 1993: 374). Dit is in direkte teenstelling met Bickerton se geloof dat kreolisering eensklaps plaasvind. Hierdie argumente lei Arends tot die gevolgtrekking dat die konsep ‘kreolisering’ aangepas moet word “so as to encompass cases of non-nativizing and gradual creolization as well” (Arends 1993: 375).

Arends se ondersoek na die ontwikkeling van Sranan lei hom tot dié uitspraak: “the creolization of Sranan must have been largely a process of second language acquisition by adult speakers which extended over several generations...”. Hierby voeg hy dat substratum-invloede “are the relics of transfer from the native languages of the adult slaves” (Arends 1994: 376). Hierdie uitspraak van Arends sluit aan by Singler se verwerping van die twee sentrale konsepte in die bioprogram: Die skielike ontstaan van kreole en die rol van eerstetaalverwerwing deur kinders daarin. Arends stel voor dat die volgende vyf eienskappe aan die konsep ‘kreolisering’ toegeken moet word (wat tewens as opsomming van die Gradualistiese Model kan dien): (1) dit is ’n geleidelike proses, eerder as ’n skielike (katastrofale) gebeurtenis, wat oor verskeie geslagte plaasvind; (2) dit is ’n deurlopende proses, d.w.s. daar

is geen breuk tussen pidginisering en kreolisering nie; (3) die proses word uitgevoer deur volwassenes eerder as kinders; (4) dit is daarom eerder 'n proses van tweedetaal- i.p.v. eerstetaalverwerwing; en (5) dit is 'n differensiële en nie 'n uniforme proses nie (die grammatika verander dus nie eensklaps nie<sup>16</sup>) (Arends 1993: 376; vgl. Arends & Muysken 1992: 50). Arends se voorstel dat daar geen onderskeid tussen pidginisering en kreolisering behoort te wees nie, sluit aan by Singler se voorstel dat die onderskeid tussen 'n pidgin en kreool onnodig is. In aansluiting by Baker, sê Arends: "It seems more realistic to view both processes [pidginisation and creolisation] as different stages in a continuous process of language formation" (Arends 1993: 376; vgl. Arends & Bruyn 1994: 111-12).

Arends se werk is nie net van belang omdat hy die sg. Gradualistiese Hipoteses as model voorgestel en in 'n mate gedefinieer het nie, maar veral omdat hy die gebruik van historiese tekste voorstaan en self in sy werk gebruik. Hy is krities teenoor die teoretiese spekulاسie oor kreoolgenese en lewer 'n pleidooi vir "an empirical, historical approach" tot die ondersoek na kreoolgenese (Arends 1993: 377). Gelukkig is daar aan hierdie oproep gehoor gegee, en al hoe meer kreoliste begin aan historiese dokumente en sosiohistoriese faktore in die bestudering van die ontstaan en ontwikkeling van kreole aandag gee (vgl. Arends & Bruyn 1994: 111). Verskeie voorbeelde kan hiervan gegee word, en enkeles word hieronder bespreek. Maar eers moet daar aandag geskenk word aan hoe veral Baker enkele aspekte van die Gradualistiese Model verder toegepas of uitgewerk het.

Net soos Arends (1993) kritiseer Baker die vooropstel van sinchroniese data en die verwaarlosing van historiese evidensie, beide eksterne geskiedenis sowel as historiese tekste, by die bestudering van kreoolgenese (Baker 1995a: 6). In navolging van Arends glo Baker dat historiese navorsing sal toon dat die meeste kreole oor 'n lang tyd ontwikkel het, en dat heelwat van die eienskappe van huidige kreole nie in die vroeë dekades van die ontwikkeling van die taal ontstaan het nie, maar eers later ontwikkel het (Baker 1995a: 8; 1995: 1). Ten einde dit te probeer bewys, het Baker 'n innoverende eksperiment uitgevoer. Hy het, deur gebruik te maak van historiese tekste, probeer vasstel hoe lank ná die moontlike ontstaansdatum van sewe verskillende pidgins en kreole veertien taalkundige eienskappe (gebaseer op Bickerton se bioprogram) die eerste keer in die tekste verskyn (vgl. Baker 1995: 1-13; 1995a: 8-12; 1997: 92-94). Op grond hiervan kon hy vasstel dat daar geen duidelike bewys is dat kreole vinniger as pidgins ontwikkel het of dat die spoed waarteen sekere taalkundige eienskappe in pidgins en kreole verskyn, saamhang met die feit dat sekere tale genativiseer het of pidgins gebly het nie (Baker 1995: 13-17). Hy ondersteun Arends se standpunt dat dit verskeie generasies geneem het voordat 'n Kreool al die veronderstelde 'kreoolse eienskappe' ontwikkel het (Baker 1995: 14). Sy ondersoek bewys ook Singler se argument dat nativisering nie vinnige en grammatikaal belangrike veranderinge teweeg gebring het nie – volgens Baker: "...the acquisition of pidgins by children as primary languages did little to affect the development of these languages" (Baker 1995: 14). Ten einde te verklaar waarom nativisering skynbaar weinig effek op die spoed van die ontwikkeling van 'n kreool het, beroep Baker hom op Singler se uitspraak dat slawekinders op plantasies nie net die pidgin/kreool sou praat nie, maar waarskynlik ook van die substraattale (Baker 1995: 17). Baker se ondersoek het gewys dat die tradisionele onderskeid tussen pidgins en kreole opgehef behoort te word: "there are no fundamental differences between Pidgins and Creoles; ... contact languages develop along the same lines and at similar speed provided they remain

---

<sup>16</sup> Ook Mufwene beklemtoon in sy werk sterk die punt dat grammatikas nie monolities is nie, en daarom stuksgewys en geleidelik kan verander (vgl. byvoorbeeld Mufwene 1999: 169-70).

vigorous" (Baker 1995a: 13; vgl. 1997: 91, 2000: 48 n. 7). Volgens hom is daar "no evidence that creoles have any structures or grammatical rules which are not attested in (languages hitherto called) pidgins" (Baker 1995: 19).

In 'n onlangse artikel het Baker op 'n eksplisiete wyse sy teorie (gebaseer op sy vroeëre werk) uiteengesit. Hy noem sy benadering "a constructive approach" en stel sy sentrale aanname só: "wherever and whenever two or more groups of people lacking a common language are brought into sudden, sustained contact and have a mutual interest both in intercommunicating and in retaining their group identity, they are likely to start constructing a medium for interethnic communication (MIC). ... [C]ontact languages are in essence what those who constructed them wanted them to be, rather than being the result of imperfect second-language learning" (Baker 2000: 48).<sup>17</sup> Baker kritiseer die aanname dat Europeërs in só 'n situasie hul eie ongeherstruktureerde taal sou gebruik en meen dat hulle eerder 'n vorm van vreemdelingspraak gebruik het: "Europeans who took part in pidgin genesis were full participants; their need to make themselves understood by non-Europeans was initially every bit as great as that of non-Europeans to make themselves understood by Europeans" (Baker 2000: 48, 57; vgl. 1995a: 12). Waar twee groepe met verskillende tale die eerste keer kontak maak: "all parties used morphologically reduced versions of their own languages together with gestures until intercommunication was achieved. Compromises might need to be made by both sides" – aangesien onmiddellike kommunikasie die doel is, leer een groep nie die ander se taal nie, maar word daar eerder saam 'n nuwe taal geskep (Baker 2000: 49). Volgens Baker geld die voorafgaande vir alle kontaksituasies, maar verander met die stigting van kolonies en die invoer van slawerny.

Aanvanklik sal die situasie heelwat ooreenstem sover dit die ontwikkeling van 'n MIK betref aangesien beide groepe so-iets nodig het om te kommunikeer. Baker reken egter dat die leksikon van só 'n ontwikkelende MIK meer op die taal van die Europeërs gebaseer sal wees, hoofsaaklik weens die sosiopolitiese mag van die slawe-eienaars (Baker 2000: 51-52). Die basiese MIK vervul verskillende funksies vir die slawe en Europeërs. Laasgenoemde gebruik dit slegs vir kommunikasie met slawe, terwyl slawe (afhangende van die diversiteit van die slawetale) dit nie net vir kontak met Europeërs gebruik nie, maar moontlik ook onder mekaar. Indien laasgenoemde die geval is, en gegee die feit dat slawe meer kontak met mekaar as met hul eienaars het, "a more elaborated MIC would develop among slaves" (Baker 2000: 52). 'n Belangrike ontwikkeling is die feit dat binne die eerste 20 jaar van 'n kolonie plaaslik-gebore kinders (beide slawe en Europeërs) in 'n omgewing sal grootword waar verskeie tale deur verskillende mense gebruik word. Volgens Baker: "they would acquire those languages to which they had access and which seemed useful to them" (Baker 2000: 52). Hy reken verder dat dit goed moontlik is dat die MIK en die Europese taal, asook 'n slawetaal vir sommiges, as verskillende entiteite verwerf kan word. Of plaaslik-gebore slawe wel beide die MIK en 'n Europese taal verwerf, hang af van die aantal Europeërs in verhouding tot die aantal slawe, asook die tempo waarteen die kolonie ontwikkel en bevolk word. As voorbeeld wys Baker op die verskille tussen die situasies op Réunion en Mauritius. Op Réunion het die verskillende groepe snel een verenigde

<sup>17</sup> Baker se siening dat die MIK *bewustelik* geskep is, is gekritiseer deur Mufwene wat verklaar dat "in natural, non-scholastic cases of language transmission, the development of any communicative competence is not a planned activity; it is a byproduct of efforts to communicate. Things will not have been different in settings where creoles developed, as the populations were under pragmatic pressures to establish communication and had a vague idea who spoke the lexifier, the target language that was selected by the contact ecology as an MIC, fluently and who did not... One must also remember that as rapidly as the plantation colonies were peopled, the whole process was still gradual..." (Mufwene 2000: 73). Volgens Mufwene: "Baker would have probably been better off arguing that in the settings in which creoles developed, language boundaries were less rigid than they may be in other 'non-contact' communities and there was thus more of what Chaudenson describes as 'osmosis', which ... allows mixing of systems and therefore substrate influence in the lexifier" (Mufwene 2000: 74). Hierdie opmerkings moet teen die agtergrond van Mufwene se eie siening van kreoolgenese gelees word, sien § 3.2.4 hieronder.

gemeenskap gevorm (daar was 'n groot mate van ondertrouery). Weens die vinnige bevolking van (en groot aantal slawe op) Mauritius kort ná die vestiging van 'n Franse kolonie, was daar weinig geleentheid vir plaaslik-gebore slawe om Frans naas die MIK (en waarskynlik hul ouers se taal) te leer. Daar was gewoon te min blootstelling aan dié taal (Baker 2000: 52-54). In só 'n situasie speel die kreoolse slawe 'n belangrike rol weens hul 'prestige' en beter kennis van die MIK – ten spyte van hul diverse afkoms, deel hulle kennis van die plaaslike MIK. Volgens Baker:

“... the speech of the locally-born slaves would have become not merely a more developed form of the MIC but also a medium for community solidarity (MCS), a form of speech closely related to the basic MIC but sufficiently different from the latter to serve as a badge of identity for locally-born slaves... . This MCS would form the natural target of foreign-born slaves because it would be the passport to knowledge of how best to cope with island conditions. Furthermore, the extended period during which foreign-born slaves continued to arrive and sought to acquire the MCS would provide opportunities for features of their ancestral languages to be transferred to the MCS although it could be particularly those features which provided scope for further elaborating the MCS which would win acceptance by the locally-born” (Baker 2000: 54, vgl. pp. 57-58).

Volgens Baker verskil kreole van hul sg. leksifiseerdertale op twee wyses, nl. dat hulle sekere 'verliese' en 'winste' vertoon in vergelyking met die leksifiseerdertaal. Eersgenoemde is toe te skryf aan die “morphological reduction strategies” gedurende die beginfase van die skepping van die MIK, terwyl laasgenoemde die gevolg is van kreoolse slawe “drawing on the range of available (and changing) resources to elaborate the MIC into an MCS” (Baker 2000: 60).

In die voorafgaande paragrawe is die ontwikkeling van die sg. Gradualistiese Hipoteses oor die ontstaan van pidgins en kreole beskryf. Dié idees word veral geassosieer met die name van Singler, Arends en Baker, en het in 'n groot mate vooruitgevoel uit kritiek teen Bickerton se Bioprogram-hipotese. Daar moet egter in gedagte gehou word dat al hierdie taalkundiges nog steeds besig is met navorsing en hul idees voortdurend aanpas en nuanseer. Ofskoon daar nog geen eksplisiet uitgewerkte teorie bestaan nie, is daar genoeg evidensie dat hierdie rigting 'n geldige wyse van ondersoek na kreoolgenese is en dat dit met vrug toegepas kan word (vgl. Arends & Bruyn 1994; Arends, Muysken & Smith 1994: 321-22).

#### 3.2.3.4 Die gebruik van demografie

Een aspek binne die sosiohistoriese benadering wat baie aandag in die resente literatuur oor kreoolgenese geniet het, is die rol van demografiese faktore. Hier word kortliks na 'n aantal studies gekyk ten einde te bepaal watter demografiese data kreoliste tans as belangrik beskou en hoe hulle dit in verband bring met die ontstaan van 'n pidgin/kreool. Daar word veral aandag gegee aan metodologie: Watter data word hoe gebruik en op welke wyse word dit toegepas op of in verband gebring met die geskiedenis van die ondersoekte taal?

Ná Baker (1982) was dit veral Arends wat gedurende die laat 1980's intensief navorsing gedoen het oor die rol van demografiese faktore in die ontwikkeling van spesifiek Sranan. Arends het sy demografiese analise gedoen ten einde veral twee dinge vas te stel: Die tempo van natisering van die slawebevolking van Suriname en die identifisering

van die tale wat deur ingevoerde slawe as moedertale gebruik was (Arends 1995: 234). Arends se data is gebaseer op die werk van historici en is goed genuanseerd. Arends konsentreer eerstens op die invoer van slawe. Deur na te gaan hoeveel slaweskepe elke jaar van 'n gegewe hawe in Afrika slawe na Suriname gebring het, kon hy die etnolinguistiese herkoms van Surinaamse slawe in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu met groot sekerheid vasstel (Arends 1995: 240-53, 278-84; Arends & Muysken 1992: 47-50). Die syfers is per dekade getabelleer waaruit mens kan sien watter persentasie van die *ingevoerde* slawe na Suriname van welke gebied kom (gedifferensieer volgens die verskillende tale wat daar in gebruik was) (vgl. Arends 1995: 243). Hoewel die aantal en herkoms van slawe gevarieer het, kon Arends op grond van die patroon wat uit die historiese data te voorskyn kom die 150 jaar van slawe-invoer na Suriname in vier periodes verdeel, waartydens slawe van verskillende areas numeries sterker was (Arends 1995: 251-52). Die genuanseerdheid waarmee Arends met syfers omgaan, is baie belangwekkend, want hy waarsku teen die fout wat dikwels deur taalkundiges met die gebruik van demografiese data gemaak word: "the Surinam slave trade amply demonstrates that we should not rely on *overall figures* to inform us about the relevance of potential substrata: both the timing and the compactness of substrate language input have to be taken into account" (Arends 1995: 252, my kursivering). Arends maak in sy analise van slawe-invoer ook voorsiening vir die aantal vroue en kinders wat ingevoer is (Arends 1995: 254-57). Dit doen hy eensyds om te wys dat nie alle slawekinders noodwendig in die kolonie gebore is nie (Arends 1995: 254), maar andersyds veral weens die belang wat nativisering in die debat rondom kreoolgenese speel (Arends 1995: 235).

Naas sy analise van slawe-invoer, het Arends ook die verdere demografiese ontwikkeling van Suriname ondersoek. Dit is nie genoeg om net te kyk na die aantal en herkoms van slawe en op grond daarvan uitsprake oor kommunikasie te maak nie. Daar is ook ander veranderlikes wat in ag geneem moet word. Arends skenk veral aandag aan die bevolkingstoename en die getalsverhouding tussen slawe en blankes (Arends 1995: 257-262). Op grond hiervan kan hy aantoon hoe gou die Surinaamse bevolking uit hoofsaaklik slawe bestaan het: In 1652 was die verhouding 1:1, in 1671 was daar 3 slawe vir elke blanke wat teen 1700 tot 12:1 toegeneem het (Arends 1995: 260). 'n Belangrike kwessie vir Arends is die tempo van nativisering. Hiervoor gebruik hy verskillende syfers. Hy wys nie net op die hoë sterftesyfers en lae geboortesyfers nie (Arends 1995: 264-68), maar hy gee ook heelwat aandag aan die sg. vervangingskoers, d.i. die verhouding van die aantal slawe wat oor 'n gegewe tydperk ingevoer is tot die aantal slawe in die kolonie aan die begin van die tydperk (Arends 1995: 263-64). Dit is van belang omdat dit wys hoe min geleentheid daar is vir 'n plaaslike bevolking om te ontstaan – weens die hoë sterfte- en lae geboortesyfers, gekoppel aan die hoë vervangingskoers, bestaan die slawebevolking meestal grotendeels uit nuwe immigrante. Ten slotte bring Arends die aantal kinders in verband met die verspreiding van slawe op plantasies wat wys hoe klein hul invloed moet gewees het (weens hul klein aantal) (Arends 1995: 268; vgl. Arends & Muysken 1992: 47-48).

In sy onlangse werk het Singler (1993, 1995) gekonsentreer op die sosiohistoriese faktore wat 'n rol kon gespeel het in die ontstaan van die Kreoolse Frans van Haïti en Martinique. Ofskoon hy hoofsaaklik konsentreer op demografiese aspekte, bring hy dit ook in verband met ander sosiohistoriese faktore, wat 'n belangrike nuansering is.

Singler se sentrale argumente is (1) dat die nativisering van 'n kreool in die Karibiese gebied 'n uitgerekte proses was en (2) dat, gedurende die lang tydperk van die vorming van 'n kreool, dit saam met die Afrika-tale van die slawe bestaan het en gebruik is. Hoewel daar dus substratum-invloed in Karibiese kreole behoort te wees, was dit nie in alle gebiede ewe veel of dieselfde nie (Singler 1993: 235). Daarom stel Singler naas enkele taalkundige

(vgl. Singler 1993: 235-36) ook sosiohistoriese faktore voor wat substratum-invloed kon beperk het, spesifiek met verwysing na die situasie op Haïti. Hy konsentreer veral op die redes vir die stadige nativisering op plantasies en die herkoms van slawe. Laasgenoemde kwessie is belangrik om te bepaal watter mense (en tale) die fokus van die ondersoek behoort te wees. 'n Moeilike metodologiese oorweging is om te besluit vir hoe lank die herkoms van slawe bepaal moet word. Singler stel die probleem so: "...given the slow nativization of plantation societies and their creoles and given substratal presence throughout – and beyond – the period of nativization of the creole, how long a period bears upon creole genesis?" (Singler 1993: 238). Ofskoon mens kan argumenteer dat vroeë slawe die kreool geskep het en latere aankomelinge dit moes leer, is daar goeie argumente aan te voer dat groepe immigrante uit 'n latere stadium van die kreool se ontwikkeling ook 'n belangrike rol kon gespeel het. Daarom gee Singler geen duidelike uitsprake hieroor nie en verkies om dit as 'n ope vraag te beskou (Singler 1993: 238-39).

Die grootste deel van Singler (1993) handel oor die demografie van Haïti. Singler beklemtoon die feit dat 'n studie van demografie by kreoolgenese "can serve only to demonstrate which linguistic sources were predominant and which, while not predominant, were present" (Singler 1993: 240). Vervolgens ondersoek Singler op 'n gedetailleerde wyse die aantal slawe en hul herkoms (wat hy in verband bring met die slawehandel en slawe-invoer) van die begin van kolonisasie op Haïti (ca. 1650's) tot die einde van die 18<sup>de</sup> eeu. Op grond hiervan kon hy, wat die samestelling van die slawebevolking van Haïti betref, drie periodes onderskei waarin sekere substraattale dominant was (Singler 1993: 240-48). Wat is die nut van so 'n ondersoek? Volgens Singler kan so 'n demografiese studie nie "by itself demonstrate the presence of substratal influence upon Haitian Creole, but it does show where best to look for the substratal input that would have wielded that influence". Demografiese data behoort saam met ander sosiohistoriese getuienis (oor ekonomiese, sosiopolitiese en ander faktore) gebruik te word om te probeer bepaal watter faktore bygedra het tot kreoolgenese (Singler 1993: 249).

Hierdie punt oor die verhouding tussen demografiese en ander sosiohistoriese faktore word in Singler (1995) verder geneem, waarin hy ook die situasies op Haïti en Martinique met mekaar vergelyk. In hierdie werk gaan Singler nie in op die herkoms van slawe nie, maar konsentreer op die demografie van die kolonies vir die eerste 65 jaar na die Franse besetting (onderskeidelik 1635 vir Martinique en 1659 vir Haïti). Volgens Singler is die verskille tussen die Frans van dié twee eilande die gevolg van verskille in hul kreolisering (Singler 1995: 204). Vervolgens probeer hy vasstel watter sosiohistoriese faktore moontlik hierdie verskil in kreolisering kan verklaar. Net soos Chaudenson vroeër gewys het, reken Singler nou dat sosio-ekonomiese faktore, wat die aard van die koloniale samelewing (veral arbeidsvraagstukke) bepaal, uiters belangrik is. In die Karibiese gebied was die deurslaggewende faktor, syns insiens, die omskakeling na 'n ander stapelgewas. Beide Haïti en Martinique was aanvanklik tabakverbouend, maar het binne 30 jaar oorgegaan na suikerverbouing. Dit het beteken 'n oorgaan van kleinskaalse boerderye (Chaudenson se 'sociétés d'habitation') met min slawe en noue samewerking tussen slawe en Europeërs (nie net die eienaars nie, maar ook 'n groot aantal kontrakarbeiders). Suikerplantasies daarenteen benodig groot getalle werkers, maar weens die aard van die werk was min mense bereid om dit vrywillig te doen. Gevolglik het hierdie plantasies grootliks van slawe-arbeid afhanklik geword (Singler 1995: 205-8). Opsommenderwys stel Singler die impak van suikerverbouing só: "[it] transformed the setting in which creolization was occurring: not only did it drastically alter the ratio of African to European, it also dramatically reduced the amount of contact between the two" (Singler 1995: 208).

In die res van Singler (1995) toon die skrywer hoe die veranderinge in die ekonomie die bevolkingsamestelling van die Haïti en Martinique binne die eerste 65 jaar ná kolonisasie beïnvloed het. Ofskoon Martinique (50%) aanvanklik (vir die eerste 20-30 jaar) 'n groter persentasie slawe as Haïti (35%) gehad het, was die impak van die skuif na suikerverbouing aansienlik groter op laasgenoemde as op Martinique: 50-60 jaar ná kolonisasie was 80-90% van die bevolking op Haïti slawe, terwyl dit op Martinique 60-70% bedra het (Singler 1995: 208-11). Singler ontleed verder die aantal vroue en kinders in die bevolking van dié twee eilande. Anders as wat gewoonlik gemeen word, blyk dit dat die getalle vir hulle taamlik hoog is. Sestig jaar ná kolonisasie het vroue op Haïti iets minder as 40% en op Martinique meer as 45% van die slawebevolking bedra (Singler 1995: 213-216). Tog beteken dit nie hoë syfers vir kinders nie – vrugbaarheidsyfers was laag en die sterfesyfers onder kinders hoog. In dieselfde tyd was 25% van die slawebevolking op Haïti kinders, terwyl op Martinique die syfer 30-35% beloop het. Hierdie syfers beteken egter nie dat hierdie kinders plaaslik-gebore was nie aangesien Singler bevind het dat die meeste van hulle as slawekinders uit Afrika ingevoer is (Singler 1995: 216-18).

Waarop dui hierdie syfers en vergelyking? Volgens Singler sou mens op grond van die sosiohistoriese geskiedenis van die eerste 25 jaar van Franse kolonisasie op Haïti en Martinique verwag dat die kreool van Martinique meer radikaal sou wees as die Frans van Haïti. Dit is as mens die Bickertiaanse siening aanvaar dat hoe groter die aantal substraatsprekers, hoe meer radikaal die kreool en dat kreole skielik ontstaan (Singler 1995: 219-221). Die antwoord lê volgens Singler hierin:

“In the case of Martinique and Haiti, it is the sugar-boom demographics that combine to correlate with the relative radicalness of the two creoles. As noted, sugar changed Martinique, but it changed Haiti far more. As a consequence, sugar-boom Haiti had a far greater population of color, fewer children, and roughly the same proportion of mixed-race individuals as sugar-boom Martinique” (Singler 1995: 221-22).

Hy maak daarom 'n oproep “to enlarge the time frame of creole genesis, to allow it to encompass signal events like sugar booms rather than anchoring it to a fixed number of years (or generations) regardless of how little happened during those years and how much happened after them” (Singler 1995: 222).

Ten spyte van Singler se oproep om demografiese faktore met die sosiale geskiedenis van 'n kolonie in verband te bring, konsentreer Parkvall (2000) slegs op demografiese faktore. Hy doen dit egter om 'n belangrike rede, naamlik om te toets of die aanspraak wat deur sommige taalkundiges gemaak word oor die belang van demografiese faktore wel geldig is.

Ten einde die aanspraak dat die verhouding van die aantal substraatsprekers tot die aantal superstraatsprekers die radikaalheid van 'n kreool bepaal, het Parkvall 'n “restructuring index” opgestel wat die tipologiese afstand tussen 20 Atlantiese kreole (in 'n wye sin – hy gebruik ook data van tale soos Brasiliaanse Portugees en Dominikaanse Spaans wat tradisioneel nie as kreole beskou word nie) en hul leksifiseerdertaal kwantifiseer. Die tegniek is hier nie van belang nie, wat wel belangrik is, is dat die resultaat hiervan min of meer ooreenstem met die algemeen aanvaarde sienings oor die ‘kreoolsheid’ van tale: Sranan is meer radikaal as Haïtiese Frans wat meer radikaal is as die Frans van Martinique of Mauritius. Tale soos Brasiliaanse Portugees en Dominikaanse Spaans het, soos te verwagte, baie laag op die skaal geëindig (Parkvall 2000: 185-90, 199-204). Parkvall het die veronderstelde radikaalheid van hierdie tale in verband gebring met die slawe:blankes-ratio's van die verskillende kolonies, en spesifiek probeer bepaal hoe lank dit in elke geval geduur het voordat die slawetal

20%, 50% en 80% van die totale bevolking uitgemaak het (Parkvall 2000: 191, 205-7). Die resultaat hiervan het gewys dat daar wel duidelik 'n verband is tussen die demografiese 'gebeurtenisse' en die taalkundige uitkomst, behalwe vir vier van die 20 tale wat volgens die demografiese data meer radikaal behoort te wees as wat hulle is. Hiervoor is daar 'n verskeidenheid redes wat verband hou met die individuele geskiedenis van die gebiede waar dié tale ontstaan het (vgl. Parkvall 2000: 192-197). Parkvall se slotsom is dat, ofskoon daar duidelik 'n verband is tussen demografiese faktore en die aard van die kreool is, sulke faktore nie verabsoluteer moet word nie – die uitsonderings in sy ondersoek wys duidelik “that demographics certainly isn't everything”. Hy waarsku verder “that drawing conclusions regarding the degree of restructuring in a given language at a given time from *only* demographic evidence, as some have done, is risky” (Parkvall 2000: 198, my kursivering). Tog het 'n studie van demografie waarde: “demographic disproportion *can* contribute to the formation of of a pidgin or creole, but [...] restructuring can also take place even in a setting with a strong presence of speakers of the lexifier language” (Parkvall 2000: 199, sy kursivering). Hoewel daar heelwat ander faktore is wat herstrukturering kan beïnvloed, kan demografiese faktore mens help om tot 'n beter begrip van die ander relevante faktore te kom. Parkvall hoop ten slotte “that a better understanding of the socio-historical circumstances will give us a better position to deal with other forces that dertermine the outcome of restructuring processes” (Parkvall 2000: 199).

Die genuanseerde wyse waarop byvoorbeeld Arends met demografiese data omgaan, is 'n groot verbetering op die lukrake wyse waarop vroeëre taalkundiges soms data van hierdie aard aangewend het. Tog, soos die werk van Parkvall en Singler duidelik gewys het, moet demografiese data nie in isolasie beskou word nie. Dit is nie genoeg om bloot die aantal sprekers van verskillende tale te kwantifiseer en op grond daarvan afleidings te maak nie. Daar moet veel meer genuanseerd na individuele gevalle gekyk word. Corne het onlangs geskryf: “Recent work has shown that raw demographic data can be highly misleading. What is needed in each case is a detailed examination of who was where under what circumstances” (Corne 1995: 144 n. 43). Soos Chaudenson vroeër gedoen het, het Baker onlangs daarop gewys dat bevolkingsgetalle binne die sosiohistoriese konteks bestudeer moet word. Ekonomiese en geografiese faktore het allerlei invloede op kontak tussen die verskillende bevolkingsgroepe, iets wat nie uit blote bevolkingsyfers kan blyk nie (Baker 2000: 44). Ofskoon hierdie kritiek heeltemal geregtig is, is dit nietemin duidelik dat die studie van demografie uiters waardevol kan wees, mits dit genuanseerd en binne 'n sosiohistoriese konteks gedoen word.

#### 3.2.4 *Mufwene se Komplementêre Hipotese, die stigtersbeginsel en die ekologie van kreoolgenese*

Een van die bekendste en invloedrykste bydraers tot die huidige debat oor kreoolgenese is Salikoko Mufwene. Ofskoon sy werk nie as behorende tot die Gradualistiese Hipoteses gereken word nie, is daar heelwat ooreenkomste, veral in die beklemtoning en gebruik van sosiohistoriese data. Mufwene het self verklaar dat sy onlangse werk veel deur o.m. Baker, Chaudenson en Singler beïnvloed is (Mufwene 1996: 164). Hier word veral Mufwene se Komplementêre Hipotese bespreek wat hy later verryk het met die stigtersbeginsel (“founder principle”) en verder ontwikkel het in 'n meer omvattende teorie oor die rol van ekologie by kreoolgenese. Ofskoon hierdie bydraes/sienings van Mufwene die duidelikste in Mufwene 1986, 1996, 1996a en 2001 uiteengesit word, is die idees wat 'n belangrike rol daarin speel in verskeie publikasies ontwikkel. Daarom is daar gekies om eerder sy

belangrikste teoretiese geskryfte chronologies te behandel en dié aspekte uit te lig wat van belang is in die ontwikkeling van sy teorieë.

Hierbo is reeds daarop gewys dat ondersoek na kreoolgenese in die 1980's oorheers is deur die debat tussen universaliste – veral die aanhangers van Bickerton se bioprogram – en substratiste. Mufwene (1986) het hom nie by een van die rigtings aangesluit nie, maar geargumenteer dat sowel substraattale as universele beginsels in samewerking met ander faktore lei tot die ontstaan van pidgins en kreole. Hierdie idee is sedertdien onder die noemer 'Komplementêre Hipotese' in die literatuur oor kreoolgenese opgeneem. Volgens Mufwene is die universalistiese en substratistiese die belangrikste benaderings omdat hulle, anders as ander ontstaansteorieë, die fundamentele taalkundige vrae oor kreoolgenese beantwoord: hoe het dit gekom dat kreole verskil van hul leksifiseerdertale en waarom is daar soveel verskille en ooreenkomste tussen verskillende pidgins en kreole (Mufwene 1986: 129-33). Mufwene maak in sy bespreking van die universele en substratistiese hipoteses gebruik van evidensie uit kreole wat in Afrika van Bantu-leksifiseerdertale gevorm is. Hy wys dat laasgenoemde hipotese nie kan verklaar nie waarom Kituba en Lingala isolerende eienskappe ontwikkel het ten spyte daarvan dat al die kontaktale wat 'n rol in hul vorming gespeel het, agglutinerend is. Hiernaas wys hy nog op verskeie ander grammatikale eienskappe wat in hierdie en ander tale ontwikkel het wat nie deur substratum-invloed verklaar kan word nie (Mufwene 1986: 133-40). Aan die ander kant wys Mufwene egter op 'n aantal verskynsels in veral die Oseaniese pidgins en kreole wat slegs deur die invloed (Mufwene maak kaspie teen die gebruik van die woord 'ontlening' [vgl. Mufwene 1988: 115-16]) van substraattale verklaar kan word (Mufwene 1986: 141-47). Hy verklaar:

The case of Oceanic pidgins/creoles as well as those of Kituba, Lingala and Sango highlight conditions which restrict the application of Bickerton's L[anguage] B[ioprogram] principles. Since in other respects ... universals seem to make a lot of sense, the task for creolists is to identify the exact natures of those conditions and articulate them explicitly. I personally do not think that the universalist and substrate hypotheses are mutually exclusive; it is high time we started figuring out how they complement one another in accounting for the genesis of different pidgins and creoles..." (Mufwene 1986: 144).

Mufwene maak verder beswaar teen die verwerping deur substratiste en universaliste van die rol van superstraattale. Volgens hom het hierdie tale meer gedoen as om net die leksikon van kreole te voorsien – daar is genoegsame evidensie dat hulle ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die fonologie en sintaksis van ontwikkelende kontaktale speel (Mufwene 1986: 147-48). Mufwene kritiseer verder die deterministiese aard van Bickerton se bioprogram. Syns insiens is die universele beginsels wat kreoolgenese lei nie so spesifiek as wat Bickerton voorstel nie. Sy voorstel kom daarop neer dat iets soos UG die basiese leksikale kategorieë en grammatikale onderskeidings bepaal terwyl die spesifieke grammatikale eienskappe van 'n taal die gevolg is van parameterstellings, soortgelyk aan Chomsky se Beginsel-en-Parameter teorie (vgl. Smith 1999: 81-83) (Mufwene 1986: 149). Nog 'n kritiekpunt teen die bioprogram is dat universalie nie net by die taalverwerwing van kinders 'n rol speel nie, maar ook volwassenes lei in die ontwikkeling van 'n pidgin (Mufwene 1986: 149-51). Volgens Mufwene is daar dus invloede van beide die superstraat- en substraattale, maar wat deur universele beginsels (hetsy iets soos die bioprogram of meer algemeen die Chomskyaanse UG) beperk ("constrained") word (vgl. Mufwene 1988: 110). In sy latere geskryfte het Mufwene meer aandag geskenk aan hierdie universele beginsels en tot die slotsom gekom dat dit werk

soos “a powerful filter [which] constrains ways of using selectively materials made available by the language varieties in contact during the formation of a new (contact-generated) variety” (Mufwene 1996: 178).

Mufwene het in 1988 die belang van die nosie van ’n idiolek voorgehou en die feit beklemtoon dat taalvariëteite nie duidelik onderskeibaar is nie. Op grond hiervan maak hy kaspie teen die aanname dat die kreoolkontinuum noodwendig verband hou met dekreolisering (vgl. bv. Romaine 1988: 158-177).<sup>18</sup> Volgens hom is daar geen bewys dat alle sprekers in die beginstadiums van pidgins en kreole dieselfde gepraat het nie: “The available socio-historical accounts, ... suggest that there have been speech continua since the beginning: the field hands spoke differently from the slave drivers, and both of these spoke differently from the house slaves!” (Mufwene 1988: 111). Mufwene reken dat ook die sg. basilek veel variasie moet vertoon het, gewoon omdat “there are no two native speakers that use exactly the same grammar” (Mufwene 1988: 112). Hy wys verder daarop dat dit verkeerd is om aan te neem dat alle slawe die basilek gepraat het, en herinner taalkundiges daaraan dat die idee van ’n basilek ’n metataalkundige konsep is wat nie noodwendig met die werklikheid ooreenkom nie (Mufwene 1988: 113; vgl. 1999: 169, 173). Hierdie idees oor die belang van idiolekte en die beklemtoning van variasie in die vroeë stadiums van kreole, het ’n belangrike rol in die latere ontwikkeling van Mufwene se idees gespeel.

In Mufwene 1996 stel die skrywer die Komplementêre Hipotese, wat hy in 1986 voorgestel het, meer eksplisiet voor en bring dit in verband met sosiohistoriese data en van die idees deur die gradualiste ontwikkel. Mufwene stel, na analogie van bevolkingsgenetika, ’n model van kreoolgenese voor “which, despite some limitations, shows how the best of the substratist, superstratist, and universalist accounts can be reconciled and integrated in variable ways...” (Mufwene 1996: 164). Volgens hom: “none of the Superstratist, Substratist, and Language Bioprogram Hypotheses can account satisfactorily for creole genesis, because either they are inconsistent with the social histories of the relevant colonies or still maintain some incorrect assumptions” (Mufwene 1996: 170). Mufwene stel voor dat kreole só ontstaan het:

Die meeste kolonies het begin as ‘sociétés d’habitation’ waarin die sprekers van die substraattale in die minderheid was en maklik die taal van die Europese koloniste kon verwerf (Mufwene 1996: 175, vgl. 171). Gedurende hierdie eerste fase (Fase I) was geboortesyfers oor die algemeen hoër en was daar meer gemengde verhoudings. Daarby was daar meer kontak tussen blankes en slawe terwyl slawe- en blanke kinders dikwels saam opgegroeï het. Die plaaslik gebore kinders, slawe en andersins, het min of meer dieselfde koloniale variëteit, wat nie ’n pidgin of kreool was nie, gepraat (Mufwene 1996: 176). Wanneer Baker se Gebeurtenis I plaasvind, begin Fase II. Dit gebeur gewoonlik 30-50 jaar ná kolonisasie en gaan meestal gepaard met die stigting van plantasies, die invoer van groot getalle slawe, min kontak tussen blankes en slawe en ’n lae geboorte- en hoër sterftesyfer onder die slawe. Gedurende hierdie fase het die vroeë nie-Europese variëteite die teiken van die nuwe (nie-Europese) aankomelinge geword. Dit het gelei tot ’n geleidelik<sup>e</sup> “verdunning” van die Europese taal (Mufwene 1996: 171). Die voortdurende invoer van nuwe slawe en die laer geboortesyfer het gelei tot die geleidelike herstrukturering van die plaaslike Europese taal in ’n nuwe variëteit wat vandag as ’n ‘kreool’ bekendstaan (Mufwene 1996: 176). Die

---

<sup>18</sup> Mufwene 1999 is ’n gedetailleerde argument, in die lig van sy resente werk, teen die hele dekreolisering-hipotese van taalkundiges soos DeCamp en Bickerton.

ontwikkeling tot 'n plantasie-tipe kolonie was nie skielik of vinnig nie, en die verskillende plantasies (en kolonies) het nie uniform of orals ewe veel of ewe vinnig ontwikkel nie. Daarom was die herstrukturering van die leksifiseerdertaal 'n geleidelike proses wat verskillend verloop het vir verskillende subgroepe van die bevolkings. Daar is dus normale taaloordrag, hoewel die toevoer nie vir almal dieselfde is nie. Volgens Mufwene het die voortdurend groter wordende proporsie slawe tydens Fase II die waarskynlikheid vir 'basilektisering'<sup>19</sup> vergroot. Die rede hiervoor is dat die veranderende omstandighede (weens die groter slawebevolking) daartoe lei dat die nuwe slawe al hoe meer slegs met mekaar kontak het (en minder met sprekers van die leksifiseerdertaal). As gevolg hiervan word die afwykings in hul gebruik van die koloniale taal verswaar en groei dus verder 'weg' van die koloniale taal soos in Fase I gebruik (Mufwene 1996: 177, vgl. 174). (Hierdie paragraaf is gebaseer op Mufwene 1996: 170-78; vgl. 1996a:92-102).<sup>20</sup>

Dit is binne só 'n sosiohistoriese situasie dat Mufwene reken 'n analoog met bevolkingsgenetika nuttig kan wees omdat, ten tye van die skepping van nuwe taalvariëteite, grammatikale eienskappe, net soos gene in 'n spesie, in kompetisie met mekaar is. Sommige word in die nuwe sisteem opgeneem en ander nie. Dié eienskappe wat numeries sterker is, staan 'n beter kans om geselekteer te word, hoewel ander faktore ook seleksie kan beïnvloed (Mufwene 1996: 184). Of 'n gegewe grammatikale eienskap van die leksifiseerdertaal of een van die substratumtale afkomstig is, of self geskep word, sal bepaal word deur die ekologiese faktore waarbinne die taalsisteem opereer (sien hieronder vir die gebruik van die term 'ekologie'). Mufwene beklemtoon die groot hoeveelheid variasie in so 'n sisteem – verskillende sprekers maak verskillende keuses, dus behoort daar net so veel variasie in die samestelling van individuele idiolekte te wees as wat daar is in die genetiese samestelling van lede van dieselfde familie (Mufwene 1996: 184-85). Die gebruik van die bevolkingsgenetika-analoog laat mens besef hoe ryk die ontwikkelende kreool aan moontlike opsies was, en hoeveel dit kon varieer. Mufwene se slotsom is:

“By analogizing linguistic features with genes, the trope makes allowance for the coexistence of alternative features even within the same speaker, in the same way that active and latent genes with more or less the same functions are normally carried by an organism without necessarily creating anomaly. Each speaker's idiolect is a hybrid of influences and at the community level each language is mixed in terms of influences both from within and from outside the community which determine its system, some in more obvious ways than others” (Mufwene 1996: 191-92).

Met behulp van die genetika-analogie word dit duidelik hoe die Komplementêre Hipotese in die praktyk toegepas kan word: grammatikale eienskappe van die substraat- *en* superstraat-tale is in kompetisie met mekaar. Die opname van eienskappe word gereguleer deur die UG, maar dit is ekologiese faktore wat bepaal watter eienskappe in die sisteem opgeneem sal word en oorleef (vgl. Mufwene 1996a: 89).

<sup>19</sup> Hierdie term word deur Mufwene in die volgende betekenis gebruik: “[It] denotes the process by which a language variety diverges structurally toward a pole at an extreme from that of its lexifier” (Mufwene 2001: 209 n. 6).

<sup>20</sup> Mufwene het in 'n ander publikasie die taalkundige proses wat in só 'n situasie plaasvind, as volg beskryf: “What happened is the gradual restructuring of the lexifier into varieties which became more and more different due to changes both in the demographic proportions and critically in patterns of interaction. An equally important factor was the continuous importation of more and more slaves to maintain or increase the massive plantation labor whose life expectancy became shorter and shorter and which reproduced less by birth. Even among the slaves, the proportion of those who spoke the original contact-based vernacular fluently or natively kept decreasing, relative to the newcomers, which led to more and more restructuring in the direction of today's basilects or, simply, to a gradual consolidation of basilectal features” (Mufwene 1997: 41).

Mufwene het die bevolkingsgenetika-analogie verder toegepas en in meer detail in Mufwene 1996a uitgewerk. Hy het daarby ook 'n belangrike nuwe beginsel voorgestel, naamlik die 'stigtersbeginsel'. Die stigtersbeginsel postuleer dat "structural features of creoles have been predetermined to a large extent (but not exclusively) by characteristics of the vernaculars spoken by the populations that founded the colonies in which they developed" (Mufwene 1996a: 84).<sup>21</sup> Mufwene stel ook die gebruik van die term 'ekologie' voor omdat hy die ontwikkeling van kreole, na analogie van bevolkings, as gevalle van natuurlike aanpassings van tale op veranderende 'ekologiese' omstandighede sien. Daarom definieer hy 'ekologie' as:

"the ethnographic setting in which the lexifier (the displaced population) has come into contact with diverse languages (other populations) whose structural features (genes) enter into competition with its own features. ... The notion of ecology ... helps us determine which factors in individual contact arenas favored the selection of advantageous features into creoles' systems" (Mufwene 1996a: 85).<sup>22</sup>

Ekologie beteken dus min of meer die sosiohistoriese omstandighede waaronder koloniale samelewings ontwikkel, wat potensieel 'n invloed op die taalontwikkeling kan hê, meer spesifiek wat sal help bepaal watter van die grammatikale eienskappe-in-kompetisie uiteindelik in die taalsisteem opgeneem word.

Die Stigtersbeginsel moet in die konteks van die ontwikkeling van kolonies gesien word. Soos hierbo agetoon, is dit vir Mufwene belangwekkend dat die ontwikkeling tot plantasiëkolonies oor die algemeen geleidelik was. Dit is wel so dat die sosiohistoriese veranderinge wat gepaard gaan met Fase II lei tot die basilektisering van die koloniale taal in die mond van slawe. Maar, die feit dat die veranderinge in die bevolkingsamestelling geleidelik plaasvind, beteken dat die meeste eienskappe van elke voorafgaande bevolking se taalvariëteit selektiewe voordeel het omdat daardie variëteit dié een is wat deur die nuwe aankomelinge as teikentaal gesien word. Dit is waarom die stigtersbeginsel belangrik is, aangesien 'n groot deel van die strukturele eienskappe van huidige kreole vasgestel is deur die taalgebruik van die stigtersbevolking. Om hierdie rede meen Mufwene dat die vroeë bevolking, veral die bevolking wat teenwoordig was toe die veranderinge na Fase II begin het, 'n besondere groot invloed gehad het op hoe huidige kreole lyk (Mufwene 1996a: 108).

Evidensie vir die stigtersbeginsel baseer Mufwene op etnografiese oorwegings (Mufwene 1996a: 109-13) asook strukturele of taalkundige oorwegings (Mufwene 1996a: 114-22). Laasgenoemde word hier buite rekening gelaat. Wat eersgenoemde betref, wys Mufwene, in navolging van Singler en Baker, dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen die ratio blankes:slawe in die beginjare van 'n kolonie en die gevolglike radikaalheid van die kreool – hoe meer slawe daar kort na die stigting van 'n kolonie is, hoe meer waarskynlik is dit dat die kreool meer radikaal sal wees as by gevalle waar dit andersom was. Dieselfde geld vir die tydperk waarin blankes numeries dominant was (dus voor Baker se Gebeurtenis 1) – "the longer the initial phase lasted, the larger creole slave populations obtained whose speech was targeted by those non-Europeans who came during the critical periods of the restructuring of the

---

<sup>21</sup> Elders skryf Mufwene: "With the Founder Principle, I simply intend to show that several, if not most, of the elements that are central to the systems [of Creole languages] are most likely to have come from the founder populations" (Mufwene 1996a: 114).

<sup>22</sup> In 'n latere artikel noem Mufwene die ekologiese faktore wat van belang vir kreoolgenese is: "Which populations were present in the contact setting and in what proportions relative to each other? What language varieties were spoken and what are their structural typological features? Was the lexifier homogeneous? ... Relative to ethnicity and/or social class what inter-group patterns of interaction obtained between their members? How did the above factors vary from one stage of colonization to another?" (Mufwene 1998: 322).

lexifiers into creole vernaculars” (Mufwene 1996a: 109). Naas hierdie twee oorwegings bespreek Mufwene verskeie voorbeelde van tale waar die stigtersbevolkings ’n deurslaggewende rol in die taal se ontwikkeling gespeel het, ten spyte daarvan dat latere bevolkings totaal ander tale gebruik het (bv. Sranan, Saramakkaans, Berbice Nederlands) (Mufwene 1996a: 110-13).

Wat is die bydrae van die stigtersbeginsel? Volgens Mufwene is dit nie ’n teorie vir kreoolgenese nie, maar eerder een van verskeie beginsels wat oorweeg moet word by die beskrywing van die ontwikkeling van kreole (Mufwene 1996a: 122). Dié beginsel sluit direk aan by die Komplementêre Hipotese deurdat dit help bepaal watter van die verskeie moontlike eienskappe – uit die substraat- en superstraattale – wat in ’n kreool se grammatikale sisteem opgeneem word meer waarskynlik sou gewees het, nl. dié van die stigtersbevolkings (Mufwene 1996a: 125). Daarom kan Mufwene sê dat die stigtersbeginsel “enriches the complementary hypothesis in providing it more solid grounding in history and in directing attention to specific critical periods...” (Mufwene 1996a: 126). Die waarde van die stigtersbeginsel lê hierin:

“In emphasizing that models of many of creoles’ structural features were attested in the speech of the founder populations, the Founder Principle shows that creole genesis may be explained with the same kind of principles generally invoked in historical linguistics and studies of language contact. It just makes sure to interpret every set of restructuring processes that resulted in a creole within the relevant ethnographic ecology” (Mufwene 1996a: 122).<sup>23</sup>

Die voorstel dat dieselfde algemene beginsel, nl. “competition and selection of features” (vgl. Mufwene 1996: 187-88, 192; 1998: 320-21; 1999: 175), by kreoolgenese betrokke is as by die ontstaan van ‘ander’ tale, staan sentraal in Mufwene se verdere ontwikkeling en toepassing van die Komplementêre Hipotese. Dit lei egter tot die vraag: Hoe verskil kreole en hul genese dan van ‘nie-kreole’ – wat onderskei kreoolse tale van ander tale? Hierdie vrae word in Mufwene 1997, 1998 en 2000 bespreek.

In Mufwene 1997 neem die skrywer die terme ‘pidgin’, ‘kreool’, ‘jargon’ en ‘koine’ onder die loep. Hy wys daarop dat heelwat van die algemeen aanvaarde sienings oor pidgins en kreole in die onlangse verlede bevraagteken is, waaronder die primêre rol van kinders, dat kreole uit pidgins ontwikkel, dat daar strukturele verskille is tussen pidgins en kreole en dat dié tale verskillend ontwikkel (Mufwene 1997: 35; vgl. hierbo vir ’n bespreking van dié sienings). Mufwene ondersoek die gebruik van hierdie terme in die verlede en wys daarop dat die manier waarop hulle in die (teoretiese) literatuur gebruik word, nie ooreenstem met die geskiedenis van die tale wat as sodanig geklassifiseer word nie (Mufwene 1997: 36-48). Volgens hom is al vier hierdie ‘tipes’ tale die gevolg van dieselfde “language contact equation” (Mufwene 1997: 52). Syns insiens is huidige pidgins en kreole taalkundig dieselfde:

“Pidgins and creoles are alike in being stable, having autonomized and normalized, having variation (...), having typically one lexifier (...), having no features of their own which may be characterized as pidgin or creole, and revealing substrate influence and archaisms from the lexifier. Structurally, creoles have no features of their own which pidgins normally do not have” (Mufwene 1997: 52).

---

<sup>23</sup> Ruimtebeperkings laat hier nie ’n meer gedetailleerde uiteensetting van die stigtersbeginsel toe nie, maar vgl. Mufwene 2001: 25-80, 130-36 vir ’n duidelike en goed geargumenteerde bespreking daarvan.

Dit is in teenstelling met die bekende lewensiklus van pidgins en kreole, soos veral deur Mühlhäusler (1986: 135-236) voorgestaan. Mufwene, in navolging van die gradualiste, reken dat hierdie siklus strydig is met die sosiohistoriese feite van die ontstaan van huidige kreole (Mufwene 1997: 42). Tog voel hy dat mens op grond van sosiologiese faktore wel 'n onderskeid tussen pidgins en kreole kan tref: "Creoles differ from pidgins in being vernaculars, serving as the primary means of communication for their users, while pidgins are used only for special, limited functions, such as trade with a foreign group" (Mufwene 1997: 52). Hierdie onderskeid is die gevolg van die eksterne geskiedenis van hierdie tale: kreole het in vestigingskolonies ontstaan, meestal gedurende die 17<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeue in tropiese en subtropiese gebiede, waar Europeërs hulle permanent gevestig het en gereelde kontak met slawe gehad het. Pidgins daarenteen het ontstaan op handelsposte, veral in Noord-Amerika, die Stille Oseaan-gebied en die kus van Wes-Afrika, waar daar slegs sporadiese kontak tussen Europeërs en ander groepe was (Mufwene 1997: 42, 54-56). Taalkundig gesproke is daar geen duidelike onderskeid tussen pidgins en kreole nie, en dit is slegs moontlik om hulle op grond van eksterne historiese verskille te onderskei (Mufwene 1997: 53). Hulle is dus tale wat gedefinieer word deur die tyd, plek en omstandighede van hul ontwikkeling (Mufwene 2001: 10).

Wat jargons betref, reken Mufwene dat tale (soos Chinook Jargon) wat hiermee aangedui word ewe goed pidgins genoem kan word.<sup>24</sup> Die voorstel van Mühlhäusler (1986: 135-47) dat 'jargon' as tegniese term vir die beginstadiums van pidgins gebruik word, dien volgens Mufwene geen nuttige doel nie, aangesien mens net so goed 'intertale' vir dieselfde verskynsel kan gebruik (Mufwene 1997: 43-44). Mufwene maak ook kaspie teen die gebruik van die term 'koine'. Syns insiens is die prosesse wat koines, pidgins en kreole voortbring presies dieselfde. Die enigste verskil is dat daar by eersgenoemde gewoonlik dialekte betrokke is. Maar, aangesien die onderskeid tussen dialekte en tale 'n politiese en nie taalkundige onderskeid is, en daar taalkundig gesproke geen onderskeid tussen kreolisering en koineïsering is nie, is die term oorbodig (Mufwene 1997: 44-48; vgl. 1999: 175-76).

Mufwene glo dus dat pidgins en kreole nie as name van *tipies* tale gebruik kan word nie. Hy verkies eerder die gebruik van die wyer term 'kontaktaal'. pidgins en kreole kan slegs sosiohistories gedefinieer word (Mufwene 1997: 57). Indien Mufwene se definisie van kreole as kontaktaal wat in vestigingskolonies in die 17<sup>de</sup> tot 19<sup>de</sup> eeu ontstaan het, korrek is, waarom word ander 'koloniale' tale, soos Amerikaanse of Australiese Engels, nie ook kreole genoem nie? Volgens hom is daar goeie sosiohistoriese redes waarom hierdie tale nie kreole genoem is nie: Hulle het in omstandighede ontwikkel waar die nageslag van nie-Europeërs in die minderheid was. Kreole daarenteen het tipies op eilande of aan die kus ontstaan en word veral geassosieer met die plantasie-ekonomieë van die 18<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeue. Ander kontaktaal deel nie hierdie tipiese geskiedenis van kreole nie (Mufwene 1997: 57-58). Mufwene 1998 sluit hierby aan. Hiervolgens is dit ekologiese faktore wat die verskille tussen onderskeie kreole enersyds, en tussen kreole en ander kontaktaal andersyds bepaal. Daar is geen verskil in die taalkundige prosesse as sodanig nie. Volgens Mufwene:

"even on the plantations of Surinam there was hardly ever a time when language was not transmitted normally, nor any time when those who learned the local vernacular or lingua franca did not resort to strategies used by other speakers in natural, nonscholastic contexts of language contact in which people just

<sup>24</sup> Die woord 'jargon' is in die verlede dikwels deur koloniste en Europeërs as sinoniem vir 'pidgin' gebruik. Volgens Mufwene is dit moontlik dat dit later gebruik is om pidgins te onderskei waarby geen Europese taal betrokke was nie, byvoorbeeld Delaware Jargon en Chinook Jargon (Mufwene 1997: 44). Let daarop dat Bloomfield byvoorbeeld die woord 'jargon' in plaas van 'pidgin' gebruik het (vgl. Bloomfield [1933] 1976: 472-74).

try to speak a language variety that is not theirs after they have heard it spoken around them... I contend that the ecological factors and selective restructuring which produced creoles are of the same kind as those which produced 'normal' language change. Contact, I argue, is a critical factor in almost any case of language change" (Mufwene 1998: 324).<sup>25</sup>

Mufwene argumenteer dat koloniale tale, en selfs ouer tale soos Engels en Frans, die resultate is van herstrukturering in kontaktsituasies – dieselfde proses as by sg. 'kreolisering' – maar dat die ekologiese omstandighede verskil (Frans en Engels was byvoorbeeld endogene ontwikkelings, koloniale tale en kreole eksogeen) – die spoed waarteen die leksifiseerdertaal verander en die relatiewe proporsies van substraatsprekers en ander faktore mag verskil, maar nie die basiese herstruktureringprosesse nie (Mufwene 1998: 324-27; vgl. 2001: 13-14, 98-105, 139-44).<sup>26</sup> In al dié gevalle het die betrokke tale "developed in ecologies in which structural features internal and external to the lexifier came to compete with each other through people aiming to speak the same language but modifying it in the process" (Mufwene 1998: 329). Volgens Mufwene is daar in die verlede te veel aandag geskenk aan die interne veranderinge van tale met weinig begrip vir die eintlik katalisator van taalverandering, nl. taalkontak, en die ekologiese faktore waaronder laasgenoemde plaasgevind het (Mufwene 1998: 328). Mufwene se slotsom is dat dit die spesifieke ekologiese omstandighede is waaronder taalverandering plaasvind wat verskille tussen tale veroorsaak: "Differences among outcomes of the restructuring of the same language in different ecological conditions lie more in the outputs of the equation than in the nature of the equation" (Mufwene 1998: 330). Taalverandering is universeel, en pidgins en kreole is, soos alle ander tale, die uitkoms daarvan.

In 'n onlangse artikel verklaar Mufwene onomwonde dat kreolisering 'n sosiale en nie 'n strukturele of taalkundige proses is nie (Mufwene 2000). Voortbouend op Mufwene 1998 argumenteer hy verder dat kreole die resultaat van natuurlike en normale taalevolusie is. By alle taaloordrag van een generasie na 'n volgende vind herstrukturering plaas, al sy dit erg minimaal, wat lei tot interne taalverandering. Mufwene reken dat "the history of the development of creoles provides no evidence of broken language transmission, only evidence of cases where feature replication was more imperfect and restructuring was more rapid and extensive than in other communities involving primarily inter-idiolectal contacts and little or no population contacts" (Mufwene 2000: 69). Volgens hom is dit foutief om te dink dat kreole die gevolg is van taalkontak maar ander tale nie. Omdat 'taal' 'n geïdealiseerde konstruk is wat op 'n groep idiolekte (vgl. Mufwene 2000: 69; 2001: 1-3)<sup>27</sup> gebaseer is, beteken dit dat ook by 'normale' taaloordrag daar kontak tussen verskillende taalsisteme is wat kan lei tot herstrukturering:

---

<sup>25</sup> Reeds in 1966 het Robert Hall in die eerste handboek oor pidgins en kreole verklaar: "All the evidence so far indicates that the type of linguistic change and the mechanisms involved – sound-change, analogy, borrowing of various kinds – are the same for pidgins and creoles as they are for all other languages. The only difference lies in the rate of change – far faster for a pidgin (because of the drastic reduction in structure and lexicon) than for most languages" (Hall 1966: 122).

<sup>26</sup> Mens kan hierby voeg dat kreole gewoon 'jong' tale is wat daarom oppervlakkig baie ooreenkomste met 'n leksifiseerdertaal toon. Taalverandering is immers 'n deurlopende proses. Die meeste Germaanse en Romaanse tale het 1000-1500 jaar geneem voordat dit 'ontwikkel' het in die standaardtale van die 18<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeue. Dit behoort insiggewend te wees om te vergelyk hoe hierdie tale 3 eeue ná die 'afspitsing' van Proto-Germaans of Vulgêr-Latyn gelyk het met die verskille tussen die 17<sup>de</sup>-eeuse leksifiseerdertale en huidige kreole.

<sup>27</sup> Vergelyk Mufwene (2001: 14): "... communal languages are abstract extrapolations from idiolects". Mühlhäusler skryf op soortgelyke trant: "...languages are not natural objects which can be accommodated into pre-existing natural categories. On the contrary, each way of speaking in use in any community is unique/singular. The class labels that linguists have employed (language, dialect, patois, pidgin, creole, vernacular, lingua franca, etc.) are descriptive categories reflecting an artificial cultural selection of perceived similarities and dissimilarities. Whilst the descriptive-categories are often arranged on a mono-dimensional continuum (...), reality is multidimensional..." (Mühlhäusler 1999: 122). Dit kom basies daarop neer of mens 'taal' beskou as (om

“contact among idiolects is the fundamental cause of language change. It is at this level of interaction that competition and selection of features take place in the system of a language *qua species*. Where contact among languages is also involved, the pool of features becomes larger, but the mechanisms of competition and selection remain the same, operating still at the level of interacting individuals before impacting the speech or language community” (Mufwene 2000: 71-72, sy kursivering).

Volgens Mufwene is daar in die studie van kreoolgenese vir te lank op gemeenskappe of groepe in kontak gekonsentreer, terwyl kontak eerder op individuele vlak plaasvind. Dit is hier waar taalverandering begin:

“It is really the tacit negotiations and innovations at the inter-idiolectal level of interaction which ultimately produce the phenomena that have concerned us at the language level... . In settings where large proportions of speakers do not have normal monolingual fluency in the language they intend to speak, language boundaries become less and less rigid and the degree of osmosis is accordingly increased, an ecological factor that favors interference...” (Mufwene 2000: 76).

Dus, ofskoon kreole en ‘nie-kreole’ op dieselfde wyse ontstaan, lei ekologiese (sosiohistoriese) faktore die ontwikkeling in diverse rigtings. Mufwene se slotsom hieroor is soos volg:

“I cannot help but thinking that the development of creoles was a byproduct of acquiring a diffuse but nonetheless targeted system with relatively greater ecology-prompted restructuring than in less heterogeneous and more focused settings of language transmission. ... [T]he difference between the development of creole and non-creole languages lies not in the structural processes that produced them but in the outcomes of the same processes” (Mufwene 2000: 77).

As kreole dan op dieselfde wyse as ander tale ontstaan, is dit geregverdig om hulle saam (en apart van ander tale) te bestudeer? Mufwene reken dat dit aanvaarbaar is om hulle op sosiohistoriese gronde te onderskei en te bestudeer, gewoon omdat hulle sekere soortgelyke geskiedenisdele deel. Dit beteken egter nie dat hierdie tale geneties verwant is aan mekaar of alle strukturele eienskappe deel nie. Tog kan ’n studie van die geskiedenis van hierdie tale lig werp op die vraag waarom sommige kreole tog sekere strukturele eienskappe met mekaar gemeen het. Op hierdie wyse is die studie van kreole van belang omdat dit lig werp op algemene taalveranderingsprosesse (Mufwene 2000: 79-81). Dit is nie kreole se taalkundige eienskappe wat hulle onderskei van ander tale nie, maar hul besondere geskiedenisdele.

---

Chomsky se terme te gebruik I-taal, soos Mufwene (vgl. 2001: 1-3) blykbaar doen, of E-taal, soos byvoorbeeld Lass (vgl. 1997: 11-12 met n. 10) doen (vgl. Smith 1999: 31-34 vir dié onderskeid).

#### 4.1 Inleiding

Hans den Besten het 'n groot bydrae tot die Afrikaanse taalkunde gelewer. Sedert 1978 het hy 'n hele aantal studies geskryf oor veral die sintaksis, ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Ofskoon Den Besten 1978 reeds enkele rigtingwysers gee oor die skrywer se siening van die ontstaan van Afrikaans (vgl. Den Besten 1978: 39-47), is dit in Den Besten 1986 waarin hy vir die eerste keer die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans voorstel en uitspel (vgl. Den Besten 1986: 185-88, 193-201, 212-19, 224-25). Sedertdien het Den Besten hierdie teorie in ander stukke verder ontwikkel, genuanseer en uitgewerk (vgl. Den Besten 1987, 1987a, 1989, 1994, 1997, 2002) sodat mens met redelike sekerheid kan verklaar wat die Konvergensieteorie behels.

Die Konvergensieteorie het heelwat kritiese ondersteuning ontvang, beide van Afrikaanse taalkundiges (vgl. byvoorbeeld Davids 1990a: 36-38; Du Plessis 1995: 144-51; Kotzé 2001: 105-9; Van Reenen & Coetzee 1996: 71-75 en Van Rensburg 1989: 135-42) en kreoliste (vgl. byvoorbeeld Bruyn & Veenstra 1993: 67-72; De Kleine 1997: 289-90; Holm 1989: 342-43; Roberge 1990: 142-46; Thomason & Kaufman 1988: 251), en word in die meeste publikasies oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans bespreek. Dit is nie weinig te danke aan die kritiese ondersteuning enersyds en die prominente en prolifieke aard van Den Besten (en Paul Roberge) se publikasies andersyds dat daar 'n hernieude belangstelling onder taalkundiges wêreldwyd in die komplekse genese van Afrikaans is nie. Die gevolg hiervan is dat al hoe meer internasionale skrywers hulle oor dié kwessie uitgelaat het (vgl. byvoorbeeld Bruyn & Veenstra 1993: 29-72; Buccini 1996: 35-51 & 2000: 11-15; De Kleine 1997: 289-305; Holm 1989: 338-352, 2000: 27-29 & 2001: 353-76; Mühlhäusler 1999: 127-29; Mufwene 1997: 58-60, 2001: 171-72; Sebba 1997: 160-166; Thomason & Kaufman 1988: 251-256; Thomason 1997: 84-85 & Van Coetsem 1988: 129-44).

Tog is die Konvergensieteorie nie sonder meer te aanvaar nie. Heelwat aspekte daarvan is nog onduidelik, terwyl ander doodgewoon aanvegbaar is. Tot dusver is veral kaspie gemaak teen die sosiohistoriese ongenuanseerdheid daarvan (vgl. Ponelis 1993: 33-34; 1997: 608) asook die skaarste aan direkte taalkundige evidensie (vgl. Ponelis 1993: 34-35; 471-72). Dit is die doel van hierdie studie om te konsentreer op eersgenoemde aspek, veral in die lig van resente navorsingsresultate oor kreoolgenese waarin sosiohistoriese data vooropgestel word (vgl. § 3.2). Ten einde van die sosiohistoriese tekortkominge van die Konvergensieteorie uit te wys (§ 4.3) is dit nodig om eers uiteen te sit wat die teorie presies behels.

#### 4.2 Die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans

In hierdie afdeling word Den Besten se Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans uiteengesit deur gebruik te maak van die relevante gedeeltes oor dié teorie in Den Besten 1986, 1987, 1987a, 1989, 1994 & 1997, wat op enkele kleiner punte aangevul kan word uit Den Besten 1978, 1987b, 1988, 1998, 2000 & 2002. Daar word uiteraard gekonsentreer op die 'eksterne' aspekte van die model en die fyner nuanses van die taalkundige details word

agterweë gelaat. Voorts is daar gekies om die teorie aan te bied volgens die historiese verloop wat Den Besten vir die ontwikkeling van Afrikaans voorstel en daarom word die bespreking verdeel volgens die datums wat Den Besten in sy opvatting van hierdie ontwikkeling as belangrik beskou.

#### 4.2.1. ca. 1590-1647

Vanaf ongeveer 1590 het Engelse en Nederlandse seelui gereelde handelskontakte met die Khoekhoen opgebou. Ofskoon sommige Khoekhoen as tolke vir onderskeidelik die Engelse en Nederlanders opgelei is, reken Den Besten dat daar tog weens die handelsbetrekkinge Engelse en Nederlandse “trade jargons” ontwikkel het. Hy oorweeg dit selfs dat van die tolke ’n bietjie Engels of Nederlands aan hul volgelinge kon geleer het (Den Besten 1987a: 11). Dit is moontlik dat daar vermenging tussen die Nederlandse en Engelse jargons kon gewees het, hoewel dit ook mag wees dat daar slegs een sintaktiese struktuur was wat leksikaal aangepas is vir kontak met die twee onderskeie moondhede. Den Besten wys op die feit dat daar meer Engelse as Nederlandse woorde bekend is wat met sekerheid tot hierdie tydperk gedateer kan word (vgl. Addendum 8.5 vir voorbeelde). Naas woorde van Nederlandse en Engelse oorsprong het die jargons ook Khoe-woorde bevat asook enkele “freely created pidgin words” (Den Besten 1986: 197). Min is oor die struktuur van hierdie jargons uit te maak, maar hulle kan nie as Pidginengels of Pidginnederlands beskou word nie. Nietemin reken Den Besten dat hulle as basis vir die Khoekhoe-Nederlandse pidgin van die tweede helfte van die 17<sup>de</sup> eeu gedien het. As datum vir die ontstaan van die gebruik van hierdie jargons het Den Besten ca. 1640 voorgestel (Den Besten 1989: 226). Op grond van hierdie data meen Den Besten dat Engels en Nederlands, hoewel slegs in die vorm van ‘primitiewe’ jargons, bekend was onder die Khoekhoen in Suid-Afrika in die voor-koloniale tydperk.

(Den Besten 1986: 196-97; 1987a: 10-11; 1989: 217-19; 1994: 1-2, 5; 1997: 320-21).<sup>1</sup>

#### 4.2.2 1647-1648

Die stand van sake soos in § 4.2.1 beskryf, het aansienlik verander in 1647-48 toe die bemanning van die skip Haerlem vir ’n jaar aan die Kaap gestrand was. Volgens Den Besten was hulle in gereelde, byna daaglikse, kontak met die plaaslike Khoekhoen. Die gevolg hiervan was dat:

“Now more Hottentots in one single group than ever before could learn some Dutch and the rudimentary lexicon of the Dutch-Khoekhoe trade jargon could be expanded. How much Dutch, and especially what kind of words, were learned, we do not know, but that the local Khoekhoe at the Cape of Good Hope picked up some Dutch is a fact” (Den Besten 1986: 197).

Dit het dus beteken dat toe die Nederlanders ’n verversingspos in 1652 gestig het, hulle ’n plaaslike bevolking teëgekom het wat ’n bietjie Engels en Nederlands geken het.

(Den Besten 1986: 197; 1987a: 11-12; 1989: 219).

<sup>1</sup> Die gedeeltes waarop die verskillende afdelings gebaseer is, word aan die einde van elke afdeling tesame gegee. Direkte aanhalings of spesifieke verwysings word egter in die teks aangedui.

#### 4.2.3. 1652-1658

Den Besten beskou dit as baie belangrik dat daar gedurende hierdie tydperk slegs enkele huisslawe aan die Kaap was. Omdat daar slegs twee taalgroepe, Nederlands en Khoehoe was, het dit die Khoekhoen in staat gestel om hul Nederlandse jargon te ontwikkel in 'n pidgin, "without interference of other groups of non-native speakers of Dutch" (Den Besten 1989: 219-20). In navolging van Bickerton (1988) se gebruik van die term 'fort-pidgin' (vgl. § 3.2.1) stel Den Besten voor dat in die periode 1652-1658 daar 'n tipiese 'fort-situasie' aan die Kaap was sover dit kontak en kommunikasie tussen die Khoekhoen en Europeërs betref (Den Besten 1989: 226). Hierdie eerste ses jaar van kontak tussen Khoekhoen en Nederlanders is volgens Den Besten baie belangrik vir die genese van Afrikaans omdat dit gedurende hierdie tyd is dat die sg. Khoekhoe-Nederlands ontstaan het deurdat die Khoekhoen uit beide die Nederlandse en Engelse handelsjargons "und mit Hilfe des Niederländisch der lokalen Niederländer und Deutschen ihr Hottentotten-Holländisch entwickelt haben" (Den Besten 1987a: 12).<sup>2</sup> In sy latere werk beklemtoon Den Besten die moontlikheid dat die Europeërs in die beginjare van die kolonie hul taalgebruik aangepas het gedurende kommunikasie met die Khoekhoen en 'n soort Nederlandse vreemdelingspraak gebruik het (vgl. Den Besten 1994: 5-6). Meer onlangs het Den Besten verklaar dat die koloniste "conversed with the Khoekhoe in (Cape) Dutch or in Pidgin Dutch" (Den Besten 2002: 13; vgl. 1997: 321). (Den Besten 1986; 197-98; 1987a: 12; 1989: 219-22; 1994: 5-6).

#### 4.2.4 1658-1673-1713

Met die aankoms van die eerste groep slawe in 1658 vind hulle twee Nederlandse taalvariëteite aan die Kaap, nl. die Nederlands van Europeërs en 'n vroeë vorm van Khoekhoe-Nederlands. Den Besten lê klem op sy siening dat die Khoekhoen teen 1658 'n vorm van Nederlands beheers het en alreeds 'n aantal jare van kontak met die Europeërs gehad het. Die Khoekhoen ontwikkel hul Khoekhoe-Nederlands verder sodat daar teen nie later nie as 1673 'n stabiele pidgin onder hulle ontstaan het.<sup>3</sup>

Oor die pidgin van die slawe en die verhouding daarvan tot Khoekhoe-Nederlands is Den Besten vaag en nie altyd konsekwent nie. Volgens hom was daar moontlik twee Nederlandse pidgins aan die Kaap, maar dit kan ook een pidgin met twee variante genoem word (Den Besten 1987a: 9). Die slawe het hul pidgin gedeeltelik van die Khoekhoen geleer, alhoewel die (ontwikkelende) slawe-pidgin ook Khoekhoe-Nederlands beïnvloed het (vgl. Den Besten 1994: 3-4). Hoe groot hierdie beïnvloeding was, is onduidelik: soms reken Den Besten dat Khoekhoe-Nederlands as 'n basis vir die slawe-pidgin gedien het (Den Besten 1986: 198; 1987a: 10, 12, 25), terwyl hy dit soms gewoon stel dat die pidgin van die Khoekhoen "[was] transmitted to the slaves" (Den Besten 1989: 207; vgl. 2002: 13).

<sup>2</sup> Den Besten het dit onlangs só gestel: "Cape Dutch Pidgin may have developed out of pidginized relexified Khoekhoe (a kind of foreigner talk) that was partly adapted to Dutch syntax" (Den Besten 2002: 15; vgl. 52).

<sup>3</sup> Den Besten beskou hierdie datum as belangrik aangesien dit dié jaar is waaruit daar vir die eerste keer onomwonde tekstuele evidensie vir só 'n pidgin kom, nl. in die vorm van Ten Rhyne se bespreking van die Khoekhoe-Nederlands van die Khoekhoen (vgl. Schapera & Farrington 1933: 153-57; Den Besten 1987b: 83-88 vir 'n bespreking daarvan). Vergelyk Addendum 8.5 vir hierdie, en ander, uitinge uit die monde van Khoekhoen en slawe wat moontlik as bewys vir die bestaan van 'n pidgin (of pidgins) kan dien.

Hoe meen Den Besten het hierdie taalkundige beïnvloeding plaasgevind? Hier beroep Den Besten hom op sosiohistoriese evidensie:

“This linguistic influence upon the slaves could be exerted through daily communication in Cape Town and in the countryside, since both groups [slaves and Khoekhoe] were important labor forces for the townspeople and the farmers” (Den Besten 1986: 198; vgl. 1989: 222; 1997: 321).

Den Besten verskaf geen tydsraamwerk waarin hierdie beïnvloeding plaasgevind het nie, hoewel mens moet aanneem dat dit voor die begin van die 18<sup>de</sup> eeu moet gewees het toe daar syns insiens reeds 'n goed gevestigde Nederlandse pidgin (of pidgins) aan die Kaap was.

Van deurslaggewende belang in Den Besten se teorie is die relatiewe taalkundige belangrikheid van die Khoekhoen in vergelyking met die slawe. Daarom beklemtoon hy enersyds die vroeëre kontak tussen die Khoekhoen en Europeërs en andersyds die linguistiese heterogeniteit van die slawebevolking. Hy wys daarop dat hoewel die eerste groep slawe in 1658 uit Wes-Afrika afkomstig was, hulle 'later' van Mosambiek, Madagaskar, Indië, Ceylon en Indonesië afkomstig was (vgl. Den Besten 1987a: 12; 1989: 222; 1994: 4). Weens hul uiteenlopende herkoms het die slawe geen gemeenskaplike kontaktaal gehad nie en hulle het daarom die verkeerstale van die Ooste, nl. Kreools-Portugees en (Pasar) Maleis, onder mekaar gebruik. Alhoewel hy die gebruik hiervan onder die slawe en selfs tussen die slawe en ander groepe (Europeërs en Khoekhoen) vooropstel, glo Den Besten tog dat die slawe “used some kind of Dutch as their third contact language” (Den Besten 1989: 222). Nietemin het die teenwoordigheid en gebruik van ander verkeerstale beteken dat minder slawe as Khoekhoen dit nodig gevind het om 'n Nederlandse pidgin te leer of te gebruik (Den Besten 1987: 87).

Ofskoon Den Besten reken dat daar bewyse vir die bestaan van 'n Nederlandse pidgin (of pidgins) aan die Kaap van ca. 1670's-1720 (en moontlik selfs tot 1741) (Den Besten 1989: 214) is en dat dit (of hulle) tot die vroeë 1730's gebruik is (Den Besten 1989: 216), speel die pokke-epidemie van 1713, 'n belangrike rol in sy siening van die ontwikkeling van Afrikaans. Hy beklemtoon die feit dat die oorlewende Khoekhoen na die binneland weggetrek het, maar noem ook dat heelwat ontstamde en geakkultureerde Khoekhoen dalk teen dié tyd in die vryswartgemeenskap opgeneem is, hoewel hy nie veel aandag aan laasgenoemde moontlikheid skenk nie (of die moontlike taalkundige invloed of rol van dié gemeenskap oorweeg nie). Dus, hoewel daar teen 1713, in Den Besten se siening, geen 'tradisionele' Khoekhoen meer in die Wes-Kaap was nie, was die Nederlandse pidgin, gebaseer op Khoekhoe-Nederlands, reeds voldoende gevestig om voort te bly bestaan en 'n verdere taalkundige invloed op die ontwikkeling van Afrikaans te kon hê. Die ander belangrike gevolg is dat die Khoekhoen wat weggetrek het, 'n invloed op die ontwikkeling van ander variëteite van Afrikaans sou hê (sien § 4.2.5).

(Den Besten 1986: 198-99, 213-18; 1987: 86-87; 1987a: 12-13; 1987b: 85-88; 1989: 222-24, 226-27; 1994: 6-7; 1997: 321).

#### 4.2.5 Die 18<sup>de</sup> eeu (ná 1713)

In Den Besten se teorie speel die Khoekhoe-Nederlandse pidgin só 'n deurslaggewende rol in die geskiedenis van Afrikaans juis omdat dit so vroeg ontstaan het en dus vóór die ontstaan van die drie algemeen aanvaarde historiese variëteite van Afrikaans, nl. Oosgrensafrikaans (OGA), Oranjerivierafrikaans (ORA) en Kaapse Afrikaans (KA) (vgl. § 2.8.1 vir hierdie terme) 'n invloed op die taal gehad het. Met ander woorde, teen die begin van die 18<sup>de</sup> eeu,

toe beide die koloniste en die Khoekhoen vanuit die Wes-Kaap dieper (noord- en ooswaarts) die binneland begin intrek het, het die taalvariëteite wat hulle met hul saamgeneem het, reeds die invloed van die pidgin getoon.

Hoewel al drie hierdie variëteite invloed van die pidgin gehad het, het hul verdere ontwikkeling verskil. ORA het ontstaan toe van die Khoekhoen uit die Wes-Kaap ná die pokke-epidemie in die rigting van die Oranjerivier weggetrek het en later met groepe (slawe)drosters en blanke trekboere in aanraking gekom het. Die Khoekhoen in die Oos-Kaap het 'n vorm van Nederlands van twee groepe geleer, nl. van die Wes-Kaapse Khoekhoen wat ná 1713 ooswaarts getrek het en van die trekboere wat ook gedurende die 18<sup>de</sup> eeu al hoe verder ooswaarts beweeg het. Omdat daar so min slawe aan die Oosgrens was, was OGA baie minder gevarieerd as KA. In die Wes-Kaap is die Nederlandse pidgin/kreool (Den Besten se gebruik) verder deur die slawe en vryswartes ontwikkel. Maar, aangesien die slawe naas Nederlands ook (Pasar) Maleis en Kreools-Portugees gebruik het, het die komplekse taalkundige situasie in die Kaap tot 'n groter variasie in lekte (as vroeër en elders in Suid-Afrika) gelei. Daarby het die feit dat twee- of meertaligheid tot laat in die 18<sup>de</sup> eeu onder die slawe geheers het, bygedra tot die verskillende ontwikkeling van KA. Oor die vraag of die pidgin(s) aan die Kaap mettertyd gekreoliseer het of nie, is Den Besten baie onduidelik, alhoewel hy voorstel dat daar teen ca. 1700-1710 'n Nederlandse kreool aan die Kaap was (vgl. Den Besten 1989: 226; 1988: 11), of wat hy soms ook Proto-Afrikaans I noem (Den Besten 1987a: 13). Meer onlangs het hy verklaar dat mens nie kan aanneem dat "het Kaapse pidgin" teen 1750-60 uitgesterf het nie, aangesien daar enkele pidginreste uit die 19<sup>de</sup> eeu behoue gebly het (Den Besten 1998: 258-260).<sup>4</sup> (Den Besten 1978: 39; 1986: 193-94, 199-200; 1987: 86-87; 1987a: 13; 1989: 224-29; 1994: 4-5, 9-13; 1997: 321-22; 2002: 19-22).

#### 4.2.6 Die 19<sup>de</sup> eeu

Oor die verdere ontwikkeling van Afrikaans is Den Besten baie vaag. Die Kaaps-Hollands van die Europese koloniste en die Nederlandse pidgin/kreool van die Khoekhoen en slawe het mekaar voortdurend beïnvloed. Volgens Den Besten se model het die 'proto-Afrikaans' van die Europese koloniste 'byeengekom' met die Nederlandse pidgin/kreool teen nie later nie as ca. 1850, of waarskynlik eerder 1820-1830, om 'n Afrikaanse koine te vorm (vgl. Den Besten 1987a: 13; 1989: 226).<sup>5</sup> Hierdie datum dien as 'n *terminus post quem* omdat dit teen hierdie tyd is dat ablaot uit die Afrikaans van Europese afstammeling verdwyn het (vgl. byvoorbeeld Raidt 1991: 219-20) – iets wat volgens Den Besten onder druk van die pidgin/kreool moes gebeur het (Den Besten 1987: 89). Aldus het 'n kreoolse Afrikaans met 'n meer 'Nederlandse' Afrikaans gekonvergeer. (Den Besten 1978: 47; 1987: 87-91; 1987a: 13-14; 1989: 226-29).

<sup>4</sup> Den Besten het onlangs voorgestel dat daar 'n pidgin onder die sg. "prize Negroes" uit Mosambiek wat in die vroeë 19<sup>de</sup> eeu aan die Kaap geland het, ontwikkel het (Den Besten 2002: 18-19). Hierdie pidgin het sins insiens enkele eienskappe van die oorspronklike (17<sup>de</sup>- en 18<sup>de</sup>-eeuse?) pidgin 'geleen', terwyl hy dit ook moontlik beskou dat hierdie 19<sup>de</sup>-eeuse pidgin "was a restructured version of the older SOV pidgin" (Den Besten 2002: 18).

<sup>5</sup> Elders stel Den Besten dit dat "Afrikaans zwei Mütter hat: das holländische Niederländisch der Kolonisten und das Pidgin/Kreolniederländische der Sklaven und der Khoekhoe" (Den Besten 1997: 322).

### 4.3 Probleme met en kritiek op die Konvergensieteorie

Den Besten se Konvergensieteorie, hoewel 'n vernuwend bydrae tot die historiografie oor die ontstaan van Afrikaans, laat vanuit 'n geskiedkundige perspektief veel te wense oor. In vergelyking met die resente werk oor die rol van sosiohistoriese faktore in kreoolgenese (vgl. § 3.2) doen sy teorie taamliek ouderwets en ongenuanseerd aan. Dit is juis Den Besten se ongeneentheid om sosiohistoriese faktore aan te spreek, of ten minste om sy teorie binne 'n sosiohistoriese raamwerk te situeer, wat die meeste kritiek ontvang het. Ponelis is van mening dat Den Besten se siening oor die belang van Khoekhoe-Nederlands vir die ontstaan van Afrikaans "is based entirely on shaky linguistic evidence" (Ponelis 1993: 34). Die rede hiervoor is, volgens Ponelis, Den Besten se verwaarlosing van sosiohistoriese data: "He [Den Besten] considers no sociohistorical evidence, such as the distinction between the tiny, linguistically ineffectual band of assimilating Khoi within the [Cape] settlement and the mass of tribal Khoi beyond" (Ponelis 1993: 33-34). Oor die kwessie van die belang van Khoekhoe-Nederlands het Ponelis later bygevoeg: "Maar het is de vraag of de Khoikhoi inderdaad in de vroegste tijd hecht genoeg in de Kaapse gemeenschap geïntegreerd waren om de gang van zaken zo sterk te beïnvloeden [zoals Den Besten meent]" (Ponelis 1997: 608).

Ook die Khoesan-taalkundige Anthony Traill, hoewel hy nie spesifiek na Den Besten verwys nie, is krities oor die siening dat daar 'n pidgin onder die 17<sup>de</sup>-eeuse Khoekhoen aan die Kaap bestaan het. Sy punte van kritiek handel ook oor die min taalkundige data en die verwaarlosing van sosiohistoriese kwessies:

"[T]he suggestion that [there] was indeed a pidgin would require more convincing sociolinguistic evidence than [the] brief accounts [from the 17<sup>th</sup> and early 18<sup>th</sup> century] provide. In fact, the swift collapse of Khoekhoe society, the rapid shift to a variety of Dutch, the dramatic effect of smallpox on the numbers of speakers and the precipitate contraction of the Khoekhoe language make it unlikely that a pidgin would have crystallised in the western Cape" (Traill 1995: 5).

Dit is hierdie algemene probleem met die Konvergensieteorie, nl. die sosiohistoriese ongenuanseerdheid daarvan, wat in hierdie studie onder loep kom.

'n Algemene kritiekpunt teen die Konvergensieteorie is dat dit 'n byna monolitiese beeld van die vroeë Kaapse samelewing skets. Volgens Den Besten was daar drie groepe: die Europeërs, die Khoekhoen en die slawe, waarvan laasgenoemde twee groepe vir die Europeërs as arbeiders gewerk het (vgl. byvoorbeeld Den Besten 1986: 198; 1989: 222; 1997: 321). Hoewel dit ongetwyfeld so was dat hierdie drie groepe die belangrikste rolspelers aan die Kaap was, laat Den Besten se siening te weinig ruimte vir variasie en veranderinge met verloop van tyd. Die relatiewe grootte, kontak en magsverhoudings tussen dié drie groepe het mettertyd verander. Die Kaap van die 1650's het teen die 1680's totaal anders daar uitgesien, wat weer heeltemal verskil van die Kaapse samelewing van die vroeë 18<sup>de</sup> eeu. Hierdie gebrekkige siening van die vroeë geskiedenis van die Kaap is in 'n groot mate toe te skryf aan Den Besten se verwaarlosing van demografiese data. Hoewel hy die numeriese oorhand van die Khoekhoen vis-à-vis die slawe beklemtoon (vgl. Den Besten 1987: 87), ignoreer hy die feit dat hierdie situasie gedurende die 17<sup>de</sup> eeu verander het: terwyl die Khoekhoen in die eerste dekades ná die vestiging van die verversingspos aan die Kaap wel die slawe getalsgewys oorheers het, was die situasie teen einde van die eeu aansienlik verskillend. Ofskoon dit waar is dat daar geen betroubare syfers vir die aantal Khoekhoen in kontak met

die Europeërs aan die Kaap bestaan nie, is hierdie verskoning nie aan te voer vir data oor die slawe en die Europese gedeeltes van die samelewing nie. Ons beskik tans oor 'n beter beeld van die relatiewe getalsverhoudinge tussen die diverse groepe as ooit tevore. Naas hierdie verontagsaming van die grootte van die verskillende groepe in kontak, het Den Besten 'n nuwe siening van kontak tussen Europeërs en Khoekhoen. Uit sy werk kry mens die indruk dat die Europeërs met *alle* Khoekhoen in kontak was, en dat *alle* Khoekhoen daarom 'n variëteit van Nederlands gebesig het. Daar is geen poging om te probeer onderskei tussen die diverse Khoekhoe-groeperinge aan die Kaap en hul relatiewe kontakverhoudings met die Europese koloniste nie. Die uitdaging is om sy model in hierdie opsig histories te nuanseer: watter Khoekhoen het wanneer hoeveel kontak van welke aard met Europeërs gehad, en hoe het dit moontlik die taalkundige situasie beïnvloed? Dit is hier waar Ponelis (1993: 33-34) se kritiek aansluit. Nie al die Khoekhoen het in die 17<sup>de</sup> eeu kontak met Europeërs gehad nie, en daarom behoort die Konvergensieteorie eksplisiet te wees oor watter Khoekhoen wel Nederlands kon praat en behoort dit te oorweeg of hulle wel numeries sterk genoeg was om 'n beduidende invloed op die ontwikkelende taal te gehad het.

'n Verdere kritiekpunt is Den Besten se vooropstel van die Khoekhoen en sy gevolglike relatiewe verwaarloosing van die slawe. Ofskoon mens kan verstaan dat Den Besten uit die aard van sy teorie meer aandag aan die Khoekhoen sal wil skenk, was daar tot onlangs in sy werk byna 'n negering van die rol van slawe. Dit is wel waar dat sommige Khoekhoen vir 'n aansienlik langer tydperk (ca. 1590-1658) kontak met Europeërs gehad het voordat slawe na die Kaap gebring is, maar die slawe het so vinnig in getal toegeneem en so 'n belangrike rol in die Kaapse samelewing gespeel, dat die vooropstel van die Khoekhoen 'n skeefgetrekte beeld van dié samelewing gee. Den Besten gee ook geen aandag aan watter *soort* kontak daar tussen die onderskeie groepe was nie – hy reken dat beide Khoekhoen en slawe vir die Europeërs gewerk het en so met laasgenoemde in kontak was. Daar is geen poging om te vra of die aard van die kontak met een groep nie nouer linguistiese samewerking sou vereis het as by 'n ander groep nie – slawe het van die begin af, anders as die Khoekhoen (by wie dit eers 'n latere ontwikkeling was), nou saam met Europese koloniste gewoon en gewerk.

Ten einde die invloed van Khoekhoe-Nederlands verder voorop te stel, beklemtoon Den Besten die heterogene herkoms van die slawe en hul gebruik van Maleis en Kreools-Portugees as verkeerstale. Tog is daar geen poging nie om te probeer bepaal of dit wel so was (of gewoon net of dit wel so 'n groot faktor was as wat hy dit uitmaak) gedurende die tydperk waarin, volgens hom, die Nederlandse pidgin(s) aan die Kaap ontwikkel het, nl. ca. 1652-1713. Den Besten noem eenvoudig dat slawe aanvanklik van Wes-Afrika gekom het maar 'later' van Mosambiek, Madagaskar, Indië, Ceylon en Indonesië afkomstig was (vgl. Den Besten 1987a: 12; 1989: 222; 1994: 4). Daarby voeg hy dat slawe weens hul heterogene herkoms gedwing was om Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstale onder mekaar te gebruik terwyl die Khoekhoen gewoon hul eie taal onder mekaar kon gebruik. Hier maak Den Besten hom skuldig aan 'n werkwyse wat deur die gradualiste, veral Jacques Arends (byvoorbeeld 1995: 252), gekritiseer is (vgl. § 3.2.3.4), nl. om data vir die *hele* periode van kolonisasie en slawe-invoer na die Kaap te gebruik, terwyl hy eintlik slegs die beginperiode, ca. 1652-1713, onder bespreking het. Hy bied geen evidensie aan om te bewys dat die slawe aan die Kaap gedurende hierdie vroeë periode wel uit Wes-Afrika, Mosambiek, Madagaskar, Indië, Ceylon en Indonesië afkomstig was nie en dat hulle almal hierdie twee verkeerstale onder mekaar gebruik het nie. Selfs al was dit so, behoort hy 'n poging aan te wend om die relatiewe getalsgroottes van hierdie groepe te bepaal en uit te werk of dit wel moontlik is om die uitsprake wat hy maak te substansieer. Dit behoort in prinsipe moontlik te wees om, soos in die resente literatuur oor kreoolgenese gedoen is, die herkoms van

slawe na die Kaap en hoe dit met verloop van tyd verander het, te bepaal en op grond daarvan meer betroubare uitsprake oor die gebruik van verkeerstale aan die Kaap te maak. Ofskoon Den Besten wel in sy onlangse werk aandag aan die herkoms van slawe gegee het deur gebruik van Shell (1994: hoofstuk 2) te maak, maak hy hom steeds skuldig aan die lukrake en ongenuanseerde gebruik van data wat vir die hele slaweperiode aan die Kaap geld (vgl. byvoorbeeld Den Besten 1997: 321-22 en veral 2000: 953-58). Hierdie gebruik kom basies, indien dit nie deur die toevoeging van datums gerelativeer word nie, neer op 'n misrepresentasie van die sosiale werklikheid van die Kaapse maatskappy. Meer ondersoek is nodig om te probeer bepaal wanneer Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstale in gebruik was. Soos onlangse navorsing oor die Atlantiese kreole getoon het, is dit moontlik om op grond van 'n gedetailleerde studie van die herkoms van slawe, wat in die konteks van die sosiohistoriese ontwikkeling van 'n kolonie beskou word, 'n duideliker beeld hiervan te probeer kry.

'n Geskiedkundige gebeurtenis wat 'n baie belangrike rol in Den Besten se teorie vir die ontstaan van Afrikaans speel, is die pokke-epidemie van 1713. In Den Besten se siening het die Khoekhoen in 1713 óf gesterf, óf weggetrek, hoewel hy soms noem dat sommiges deel van die vryswartgemeenskap geword het. Dié wat weggetrek het, het bygedra tot die verspreiding van Khoekhoe-Nederlandse kenmerke in die variëteite van Afrikaans wat later buite die Wes-Kaap ontwikkel het. Helaas gee Den Besten geen historiese evidensie vir sy siening van sake nie. Watter Khoekhoen het weggetrek en het hulle inderdaad Khoekhoe-Nederlands met hulle saamgeneem (waarom sou hulle dit dan in die binneland gebruik het as hulle Khoe onder mekaar gebruik het, veral aangesien daar op dié stadium nog geen Europese koloniste in die binneland was nie)? Veral omdat hierdie gebeurtenis so 'n belangrike rol in Den Besten se teorie speel, behoort dit nader en fyner ondersoek te word.

'n Verdere vraag wat nie voldoende deur Den Besten aangespreek word nie, en wat moontlik deur 'n bestudering van geskiedkundige materiaal opgelos kan word, is die volgende: het die Europeërs aan die Kaap ook die pidgin(s) van die Khoekhoen en slawe gebruik? Wat presies as 'n pidgin beskou moet word, is nie hier van belang nie, veral nie die taalkundige eienskappe van pidgins nie, maar wel die algemeen aanvaarde definisie van pidgins as hulptale wat vir 'n spesifieke doel (byvoorbeeld handel) tussen twee groepe gebruik word tydens sporadiese kontakte waar geen van beide die ander se moedertaal ken of gebruik nie, en die pidgin self nie die moedertaal van enige van die twee groepe is nie.<sup>6</sup> Die term 'pidgin' word dus hier sosiaal en funksioneel gedefinieer (vgl. Bakker 1994: 26-30; Sebba 1997: 14-15; Mufwene 1997: 42, 54-57). Dit beteken dat sprekers van taal A en sprekers van taal B nie A of B in kommunikasie met mekaar gebruik nie, maar wel pidgin C. Dus, beide sprekers van A én sprekers van B gebruik C vir kontak met mekaar – indien sprekers van taal B 'n 'gebroke' vorm van taal A gebruik om met sprekers van A te kommunikeer, maar sprekers van A gebruik gewoon taal A vir kommunikasie met sprekers van B, het ons nie te doen met 'n pidgin nie, maar 'n vorm van vreemdelingspraak of 'n intertaal (in die betekenis van 'n nie-volledig verworwe T2) (Bakker 1994: 26). Indien dit die geval is, watter evidensie is daar dat die Europeërs aan die Kaap wel die pidgin gebruik het in kontak met Khoekhoen en slawe, en nie gewoon hul eie Nederlands of vreemdelingspraak-Nederlands nie? Dieselfde geld dan vir die Khoekhoen en slawe: watter bewys is daar dat hulle taal nie gewoon 'intertale' was nie: Nederlands wat besig is om as die tweede taal van volwasse sprekers verwerf te word? Hierdie probleem is moeilik op te los deur mens te beroep op sosiohistoriese data en

<sup>6</sup> Mufwene beskou nie die feit dat pidgins gewoonlik nie moedertaalsprekers het as van belang in definisie van pidgins nie. Pidgins soos Tok Pisin is besig om die moedertaal van nuwe generasies kinders te word, maar dit beteken nie dat dit 'n kreool is nie – ten minste nie in die siening van mense soos die gradualiste en Mufwene wat reken dat kreole nie genativiseerde pidgins is nie (vgl. Mufwene 1997: 40-43).

benodig spesifieke taalkundige data of historiese uitsprake oor die taalgebruik van mense. Dit is 'n groot desideratum in die Afrikaanse taalkunde dat meer sodanige uitsprake in die historiese bronne vir die vroeë tyd gevind moet word. Sosiohistoriese oorwegings kan help om sulke uitsprake in konteks te beoordeel. Den Besten het in sy meer onlangse werk daarop gesinspeel dat die Europeërs wel die pidgin vir kommunikasie met Khoekhoen en slawe gebruik het, maar bied geen historiese evidensie daarvoor aan nie (vgl. Den Besten 1994: 5-6; 1997: 321; 2002: 13).

Naas die spesifieke vrae in die voorafgaande paragrawe, kan die algemene probleme met die Konvergensieteorie vanuit 'n historiese perspektief soos volg saamgevat word:

(1) Daar is 'n ooreenstemming van die historiese werklikheid (byvoorbeeld oor die rol van die slawe; die kontak (beide hoeveelheid en aard) tussen die onderskeie Khoekhoe-groepe en die Europeërs aan die Kaap; die impak van die 1713-pokke-epidemie, ens.).

(2) Gebrek aan datums en syfers om belangrike punte te ondersteun (byvoorbeeld: hoeveel slawe was daar in vergelyking met die aantal Khoekhoen en blankes; hoeveel slawe het welke tale gepraat/kon praat; wanneer het die slawe die pidgin van die Khoekhoen geleer?, ens.).

(3) Daar word nie genoegsame aandag gegee aan hoe die sosiokulturele situasie op verskillende plekke en met verloop van tyd varieer en verskil nie (dit hang saam met punt (1): die Kaap was nie monolities dieselfde nie – hoe verder dit met verloop van tyd ontwikkel het, hoe meer verskilte het daar ontstaan tussen byvoorbeeld die plattelandse gebiede en die stad wat betref onderlinge getalverhoudinge en kontak met verskillende groepe. Hoe het hierdie verskillende situasies die taalkundige ontwikkeling van die kolonie beïnvloed?).

In hierdie verhandeling word betoog dat heelwat van die vaaghede in en vrae oor Den Besten se Konvergensieteorie vir die ontstaan van Afrikaans opgelos kan word deur 'n gedetailleerde studie van sosiohistoriese data, soortgelyk aan wat kreoliste binne die sosiohistoriese benadering die afgelope tyd oor kreoolgenese gedoen het (vgl. § 3.2). Aandag aan die volgende punte behoort heelwat van hierdie probleme in 'n ander lig te plaas:

(1) Die rol van demografie: wat was die relatiewe getal Khoekhoen in die kontaksituasie in vergelyking met die slawe en Europeërs? Hierby moet mens, soos in § 3.2.3.4 uitgewys is, in gedagte hou dat daar geografies en datumsgewys baie noukeurigheid te werk gegaan moet word. Die feit dat daar baie Khoekhoen aan die Kaap was, beteken nie dat almal gereeld in kontak met die slawe en/of Europeërs was nie.

(2) Kontak tussen slawe, Khoekhoen, Europeërs en vryswartes – wat was die aard van die kontak, hoe nou en diepgaande was dit, hoe het dit met verloop van tyd verander en hoe het dit in die onderskeie gebiede van die kolonie verskil? Het die slawe soveel meer kontak met die Khoekhoen as met die Europeërs gehad dat hulle eerder Khoekhoe-Nederlands en nie die Nederlands van die koloniste sou leer nie? Daar behoort spesiale aandag aan die opkoms van nuwe koloniale groepe soos die vryswartes gegee te word aangesien hulle, soos byvoorbeeld Chaudenson uitgewys het (vgl. § 3.2.1), 'n deurslaggewende rol kan speel in die taalkundige ontwikkeling van 'n nuwe koloniale maatskappy.

(3) Die aantal en oorsprong van slawe wat aan die Kaap geland het, asook hoe hulle aan die Kaap versprei is. Hoe het die situasie met verloop van tyd verander? Kan mens op grond hiervan uitsprake lewer oor die

moontlike gebruik van Kreools-Portugees en Maleis gedurende die tydperk wat vir die Konvergensieteorie van belang is, ca. 1652-1713?

(4) Is daar enige uitsprake in die historiese bronne wat lig werp op die taalgebruik van die slawe en/of Khoekhoen? Hoewel heelwat reeds gedoen is om sodanige materiaal te vind, is daar nog baie primêre materiaal wat nie voldoende of geensins deur Afrikaanse taalkundiges ondersoek is nie. Saam met sosiohistoriese oorwegings kan sulke uitsprake mens help om 'n beter beeld van die taalkundige situasie aan die Kaap, ca. 1652-1713 te kry.

Deur 'n gedetailleerde en genuanseerde ondersoek na hierdie kwessies behoort dit moontlik te wees om nie net sekere uitsprake van die Konvergensieteorie te toets nie, maar ook om dit te nuanseer deur groter historiese duidelikheid en fyner onderskeidings in te bring. Sodoende kan die model op 'n meer eksplisiete wyse uiteensit wat in die vroeë geskiedenis van Afrikaans gebeur het. Soos Thomason en Kaufman uitgewys het: "The published social and linguistic facts about Afrikaans have not been sufficiently studied together, as a package, to see what conclusion best fits them" (Thomason & Kaufman 1988: 252). Terwyl Den Besten veel gedoen het om die uitinge van Khoekhoen en slawe in die geskiedenis van Afrikaans beter te belig, wil hierdie studie die sosiohistoriese feite aangaande hul rol in die vroeë geskiedenis van Afrikaans daarby voeg. Dit word in die volgende hoofstuk gedoen.

### 5.1 Bronne vir die bestudering van die vroeë Kaap

Die oorsig wat in hierdie hoofstuk van die Kaapse samelewing, ca. 1590-1720, gegee word, is grotendeels gebaseer op materiaal uit sekondêre literatuur. Hierby is sover bekend alle reisbeskrywings wat oor die onderhawige tyd handel, asook sommige amptelike dokumente wat in druk verskyn het (soos die Dagregisters), betrek om enkele details aan te vul, maar veral ten einde moontlike uitsprake oor die taal van Khoekhoen en slawe te vind.<sup>1</sup> Die groot hoeveelheid historiese literatuur van hoogstaande gehalte wat sedert die vroeë 1980's verskyn het, maak dit moontlik om 'n goeie beeld van die vroeë Kaap te verkry deur 'n wye gebruik van sodanige materiaal. Hierdie benadering het egter enkele nadele, hoofsaaklik omdat historici hul eie oogmerke in die aanbieding en gebruik van materiaal het. Soms weerspreek skrywers mekaar se data en dit is moeilik vir iemand wat nie oor die primêre bronne beskik nie om uitsluitel daarvoor te kry. Gewoonlik is groot verskille hieronder uitgewys. Ten spyte hiervan is die kwantitatiewe data hier gebruik van 'n beter kwaliteit as wat ooit tevore beskikbaar was. Ofskoon die syfers aangebied nie altyd die *presiese* historiese situasie weerspieël nie, kom dit so na daaraan as wat moontlik is.

Wat opval uit die bestudering van hierdie materiaal, beide die primêre en sekondêre literatuur, is hoe ons kennis van die slawe en Khoekhoen verskil. Feitlik alle reisigers wat die Kaap besoek het, het uitsprake oor die Khoekhoen gemaak (waarskynlik omdat hulle as 'eksoties' beskou is), met die gevolg dat daar etlike uitsprake bestaan oor hul taalgebruik. Aan die ander kant is reisbeskrywings meestal stil oor die Kaapse slawe (waarskynlik omdat reisigers binne die koloniale wêreld hulle as deel daarvan aanvaar het), en beskik ons oor byna geen getuie oor hul taalgebruik uit hierdie bronne nie. Aan die ander kant bestaan daar baie goeie kwantitatiewe data, deur historici versamel,<sup>2</sup> oor die slawe. Dit is totaal afwesig vir die Khoekhoen, gewoon omdat laasgenoemde nie in die onderhawige tydperk as deel van die koloniale samelewing beskou is nie, en daarom nie getel is nie. Tog is dit moontlik om 'n redelik goeie beeld van die vroeë Kaapse samelewing te verkry deur van 'n wye verskeidenheid van bronne gebruik te maak.

In hierdie hoofstuk word uiteraard gekonsentreer op data en detail wat van belang is vir die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, meer spesifiek die Konvergensiëteorie. Daarom moet die onderstaande betoog nie as 'n geskiedenis van die Kaap, ca. 1590-1720, beoordeel word nie en behoort dit in die lig van die

<sup>1</sup> 'n Uitsondering hierop is Van Dam se groots opgesette werk oor die geskiedenis van die VOC en al sy kolonies, wat in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu verskyn het. Ofskoon daar in hierdie werk ruim aandag aan die Kaap geskenk word, is bevind dat daar weinig nuut daarin is wat nie ook in ander bronne te vinde is nie. Van Dam was self nooit aan die Kaap nie. Verder is, sover bekend, alle reisbeskrywings vir die periode tot 1720 betrek. Hier moet genoem word dat vir die pre-1700-periode hoofsaaklik gebruik gemaak is van Raven-Hart (1967 & 1971) se deeglike kompilasies van alle reisbeskrywings wat oor die Kaap in die tydperk voor 1700 handel. In hierdie werke is geskrifte wat in tale anders as Engels verskyn het, in Engels vertaal en word daarom só hieronder aangehaal. Vir die periode ná 1700 is van die oorspronklike werke gebruik gemaak.

<sup>2</sup> In hierdie studie word heelwat gebruik gemaak van Shell se data oor die aantal slawe aan die Kaap. Dit is nodig omdat dit die enigste gepubliseerde bron is wat dit aanbied vir elke jaar van slawerny aan die Kaap. Tog moet die leser gewaarsku word dat Shell se syfers verskil van ander skrywers s'n en oor die algemeen hoër is as in ander sekondêre werke. Shell voer goeie redes aan waarom hy meen dat die syfers uit sensusse e.d.m., wat gewoonlik deur ander aangevoer word, die aantal slawe misrepresenteer (vgl. Shell 1994: Addenda 1-4), maar dit is nie duidelik of sy formules en voorstelle noodwendig aanvaarbaar is nie (vgl. Van der Spuy 1997: 184 en Bank 1995: 185 n. 7, 192-93 vir kritiek op Shell se metodologie). Hoewel daar hieronder ook na die syfers van ander historici verwys word, word Shell s'n noodwendig gebruik by gebrek aan alternatief.

oogmerke van hierdie studie beskou te word.<sup>3</sup> Die verdeling van die bespreking onder verskillende hofies en datums, veral wat die bespreking van die verskillende bevolkingsgroepe betref, is kunsmatig en weerspieël nie die ineengestremdeheid van die werklikheid van die 17<sup>de</sup>- en 18<sup>de</sup>-eeuse Kaap nie. Dit is egter nodig om die materiaal so te orden ten einde 'n beter greep te kry op die hoogs komplekse prosesse wat aan die Kaap in hierdie tyd aan die gang was. Die verskillende datums waaronder die stof verdeel is, is eweneens arbitrêr, maar reflekteer myns insiens periodes waarin sekere prosesse duideliker uitstaan as ander en dien daarom 'n nuttige heuristiese funksie.

## 5.2 Kontak en kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs aan die Kaap voor 1652

### 5.2.1 Inleiding

Met die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap in 1652 was daar reeds gereeld kontak tussen seevaarders van verskillende Europese moondhede en die Khoekhoen. Ten einde die kontak tussen die Khoekhoen en Europeërs te begryp, is dit nodig om te weet watter Khoekhoegroepes daar aan die Kaap was, wat hul posisie was, en hoe hulle versprei was. Ongelukkig was dit eers ná die vestiging van Europeërs in 1652 aan die Kaap dat daar 'n duideliker beeld van die onderlinge Khoekhoegroeperinge en hul verspreiding na vore gekom het, maar daar is geen rede om aan te neem dat dié toestand wesenlik in die eerste helfte van die 17<sup>de</sup> eeu sou verskil het nie. Daarom word hier vervolgens verduidelik hoe die situasie teen ongeveer die 1650's was.<sup>4</sup>

In sy bekende indeling van die Khoekhoen (gebaseer op Van Riebeeck se beskrywing van die situasie) onderskei Richard Elphick drie groeperinge volgens die geografiese gebied wat hulle beset het: die Skiereilandse, Omliggende en Verwyderde Khoekhoen. In elke gebied was daar 'n aantal groepe wat ieder sy eie leier ('kaptein') gehad het. Wat belangrik is om te onthou, is dat die Khoekhoe-samelewing baie vloeibaar

<sup>3</sup> Soos Schoeman heeltemal tereg opmerk: "Wie oor die verlede skryf, moet die verlede onvermydelik geweld aandoen, want ter wille van hanteerbaarheid en oorsigtelikheid word dit kunsmatig en arbitrêr verdeel, in tydperke ... en beperk tot 'n plek of streek ..., tot 'n tema ..., of tot die lotgevalle van 'n enkele individu ...; waarmee die ondeelbare eenheid van die werklikheid gefragmenteer word en dit in sekere sin ook sy betekenis verloor. Die verlede was natuurlik nooit so beperk van aard en is ook nooit so fragmentaries beleef nie: intendeel, ewe goed as die hede, as die huidige oomblik, was dit 'n eenheid waarin talle elemente gelyktydig vervleg en verstrengel was" (Schoeman 2001: 485). Dit geld ook vir hierdie studie waarin die beeld van die verlede uiteraard skeefgetrek word ter wille van 'n bespreking van die (moontlike) taalkundige kontak tussen groepe en mense.

<sup>4</sup> Daar moet egter gewaak word teen die opvatting dat die Khoekhoe-samelewing aan die Kaap staties en onveranderlik was, waarin niks gebeur het voordat Europeërs hulle gekoloniseer het nie. Dit val egter buite die kader van die huidige studie om op die 'tradisionele' bestaanswyse van die Khoekhoen of hul prehistoriese geskiedenis in te gaan (vgl. Elphick 1985: hoofstuk 1-3 en Smith 1990: 3-11 hiervoor). As dit met tye voorkom asof die betoog in hierdie hoofstuk meestal uit die oogpunt van die koloniseerders geskryf is, moet daar in gedagte gehou word dat die bronne hoofsaaklik vanuit hierdie groep afkomstig is, en dat die studie-objek van hierdie ondersoek, die *Nederlands* van die Khoekhoen en slawe, die gevolg (hetsy positief of negatief) is van Europeërs se kolonisasie van Suid-Afrika. Met Khoekhoen word bedoel enige van die nomadiese, veebesittende groepe mense wat 'n Khoe-taal gespreek het en wat reeds vanaf 1900-1300 jaar gelede in die huidige Wes-Kaapprovinsie gewoon het. Hierdie mense word in die historiese bronne gewoonlik met die woord 'Hottentotten' (of verwante spelwyse) aangedui. Met San word bedoel enige van die nomadiese groep mense wat hoofsaaklik hul bestaan as jagter-versamelaars gevoer het en 'n San-taal gespreek het. In die historiese bronne staan hulle bekend as 'Bosjesmannen' of 'Sonquas' (beide met verwante spelwyses). Die woord 'Khoesan' word as sambreelterm gebruik om na beide die Khoekhoen en San te verwys. Dit word veral deur historici gebruik waar die identiteit en leefwyse van inlandse persone nie duidelik uit die historiese bronne af te lei is nie, gewoonlik waar mense uit verskillende groepe saam versetaanvalle teen koloniste geloods het. Alhoewel dit waar is dat die Khoesan-samelewing vloeibaar was en dat Khoekhoen weens veeverlies jagter-versamelaars kon word en dat San soms veebesitters geword het en dat daar 'n mate van vermenging tussen die twee groepe was, skyn daar tog genoegsame euidensie te wees om hierdie onderskeid te handhaaf, veral vir die vroeë koloniale periode. (Hierdie paragraaf is gebaseer op Bredekamp 1991: 61-71; Smith 1990: 10-11; Marks 1972: 55-60 en Elphick 1985: 23-42).

was – daar was voortdurend nuwe alliansies en groeperinge wat ontstaan het asook 'n groot mate van individuele beweegbaarheid.

Die Skiereilandse Khoekhoen het bestaan uit die Goringhaikonas (“Watermans” of “Strandlopers”); die Goringhaikwas (“Kaapmans”) en die Gorachokwas (“Tabakdiewe”).<sup>5</sup> Laasgenoemde twee was die meer talryke en veeryke groepe en het, soos tipies vir die Khoekhoekultuur, 'n nomadiese bestaan gelei en seisoenaal agter weiveld aangetrek. Hiernaas was daar met tye in die Skiereiland ook ‘onafhanklike’ groepe soos bv. dié van Ankaisoa (“Siginman”) in die 1650’s, wat dan met die een dan met die ander stam geallieerd was (vgl. Elphick 1985: 91 met n. 7 hieroor). Al hierdie groepe het die Kaapse Skiereiland as hul ‘hoofbasis’ gehad, hoewel dit belangrik is om daarop te let dat alleen die Goringhaikonas (weens hul gebrek aan vee) nie gereeld uit die Kaap weggetrek het nie. Dit was met hierdie groepe dat Europeërs aanvanklik die meeste kontak gehad het.

Die tweede hoofgroep was die Omliggende Khoekhoen, wat in die gebiede rondom die Kaapse Skiereiland gesetel was. Die area waarin die Cochokwas (“Saldanhars”) volgens die seisoen rondgetrek het, het gestrek van die gebied noord van Tafelvallei tot so ver as die Olifantsrivier. Die Cochokwas was 'n baie magtige stam aan wie al die Skiereilandse Khoekhoen onderhorig of skatpligtig was. Hierdie groep het soms in die somer tot in die Tafelvallei gekom vir weiding. Die ander twee groepe van die Omliggende Khoekhoen was die Chainokwas en die Hessekwas. Hulle was in die Suid-Kaap, tussen die Hottentots-Hollandberge en die Gouritsrivier, gesetel, en was saam teen die Cochokwas geallieerd.

Die Verwyderde Khoekhoen het bestaan uit die Grigrikwas (deur die Nederlanders altyd “Chariguriquas” genoem) wat tussen Saldanhabaai en die Olifantsrivier gewoon het; asook die Namakwas wat hul gebied verder noord van die Grigrikwas gehad het. Die ander twee Verwyderde Khoekhoegroepes, die Gourikwas en die Attakwas het hulle in die Oos-Kaap, tussen die Gourits- en Gamtoosriviere bevind. Die Verwyderde Khoekhoen het eers heelwat later in die 17<sup>de</sup> eeu gereelde kontak met Europeërs gehad. (Vgl. Elphick 1985: 91-95, 117-21, 134-36, 138-40 en Bredekamp 1982: 8-20 vir 'n meer gedetailleerde uiteensetting van hierdie groepe en hul verspreiding).

### 5.2.2 *Kontak tot ca. 1610*

Die Portugese het in 1488 aan die Kaapse suidkus geland en in die daaropvolgende jare met tye Tafelbaai aangedoen waar hulle water ingeskep het en soms met sommige Khoekhoen geruil het (Schoeman 1999: 12-16). Ons weet van ten minste 11 skepe<sup>6</sup> wat gedurende die periode 1488-1510 die Suid-Afrikaanse kus verbygevaar en soms aangedoen het (vgl. Raven-Hart 1967: 1-11). Omdat die Portugese op daardie stadium die enigste Europese nasie was wat die roete na Oos-Indië via die Kaap geken het, was al hierdie skepe Portugees. Aan dié vroeë stadium van kontak het daar in 1510 'n einde gekom toe vyftig Portugese, waaronder Francisco

<sup>5</sup> In hierdie studie word die spelwyse van Khoekhoene stam- en persoonsname gebruik soos deur die Afrikaanse historikus H.C. Bredekamp in sy werk voorgestaan. Die woorde wat in hakies op die stamname volg, is die verskillende name waaronder die groepe met tye by die Europeërs bekend gestaan het. Voorts is daar verkies om liever, sover bekend, die oorspronklike Khoe-name van historiese figure te gebruik eerder as die name wat deur die Europeërs aan hulle gegee is – al het laasgenoemde in die werk van Afrikanerhistorici van 'n vroeëre geslag inslag gevind (dus: Autshumao, Krotoa, Dorha in plaas van ‘Herry’, ‘Eva’, ‘Klaas’).

<sup>6</sup> Let daarop dat daar hier dikwels met die woord ‘skepe’ eintlik ‘besoeke deur skeepslui’ bedoel word, gewoon omdat daar soms 'n aantal skepe gelyktydig die Kaap besoek het, wat as een besoek, of in die terme van hierdie stuk 'n moontlike kontaksituasie, tel.

d'Almeida, deur die Khoekhoen in 'n geveg gedood is (Schoeman 1999: 16-17; Elphick 1985: 72-73). Ná 1510 het die meeste Portugese skepe eerder Mosambiek of St. Helena aangedoen terwyl die Kaap kwalik deur Europeërs besoek is (Elphick 1985: 73). In die 80 jaar ná 1510 weet ons van net 10 skepe wat by die Kaap verbygevaar en meestal ook aan land gegaan het, waaronder slegs vyf Portugese skepe (Raven-Hart 1967: 11-14).<sup>7</sup> Gegee die lang periode betrokke (100 jaar), die geringe aantal besoeke, en die lang tydsverloop daarna, is dit onwaarskynlik dat hierdie vroeë kontak tussen Khoekhoen en Europeërs veel blywende of belangwekkende invloed gehad het. Die Europeërs het egter deeglik van die Khoekhoen begin bewus word, en veral onder die indruk van hul groot getalle vee gekom.

Die situasie het teen die einde van die 16<sup>de</sup> eeu verander toe ander Europese nasies ook begin het om vaarte na die Ooste via die suidkus van Afrika te onderneem. In 1591 het 3 Engelse skepe onder leiding van James Lancaster langer as 'n maand in Tafelbaai vertoef en daarin geslaag om groot getalle vee van die Khoekhoen te ruil. In 1595 het Cornelis de Houtman met vier Nederlandse skepe byna twee weke aan die Kaap gebly en ook baie vee van die Khoekhoen bekom (vgl. Raven-Hart 1967: 14-19). Ná hierdie suksesvolle togte van Lancaster en Houtman, en veral weens die gunstige posisie van die Kaap en die goeie ruilhandel met die Khoekhoen, het Engelse en Nederlandse skepe in die daaropvolgende jare gewoonlik by Tafelbaai verwers. Tussen 1598-1609 is dit bekend dat ten minste 13 keer Engelse (8) of Nederlandse (5) skepe aan die Kaap vertoef het (vgl. Raven-Hart 1967: 19-46) – 'n belangwekkende syfer want dit is omtrent net soveel as gedurende die hele 16<sup>de</sup> eeu. Hierdie eerste dekade van die 17<sup>de</sup> eeu kan gesien word as die eintlike beginpunt van kontak tussen Europeërs en Khoekhoen. Die rede hiervoor is dat daar in hierdie jare, in die woorde van Elphick, "a trading bonanza" tussen die Khoekhoen en verbygaande skepe plaasgevind het waartydens uiters groot getalle vee vir veral yster verruil is (Elphick 1985: 74-76).

Gesien vanuit 'n Europese oogpunt, het hierdie positiewe gebeure daartoe gelei dat met die toename in die Oos-Indiëvaart die Kaap in die loop van die 17<sup>de</sup> eeu gereeld deur verbygaande skepe, hoofsaaklik Nederlands en Engels (maar ook Frans en Deens), besoek is. Ná die stigting van die Engelse 'East India Company' (EIC) in 1600 het hul skepe gewoonlik Tafelbaai as aanlêplek gebruik. Die skepe van die 'Verenigde Oostindische Compagnie' (VOC), in 1602 gestig, het aanvanklik verskillende plekke naas die Kaap aangedoen, veral die eilande St. Helena, Mauritius of Madagaskar. In 1616 het die VOC egter die seilroete van sy skepe vasgelê. Hiervolgens is hul skepe verbied om, behalwe in nood, êrens anders as Tafelbaai stil te hou (Schoeman 1999: 181). In 1619 het die VOC en EIC 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens beide voortaan die Kaap as halfwegstasie op die roete tussen Europa en Asië sou gebruik (Raven-Hart 1967: 97).<sup>8</sup> Aldus het Tafelbaai teen die 1620's 'n gereelde aanlêplek vir Europese skepe op pad na die Ooste geword.

Daar bestaan betroubare data oor die skeepsvaart van die VOC tussen Nederland en Nederlands-Oos-Indië. Hiervolgens het daar in die periode 1610-1650 580 skepe vanuit Nederland na die Ooste gevaar terwyl 289 die terugreis afgelê het (Gaastra 1991: 115). Dit beteken dat oor 'n tydperk van 40 jaar 'n totaal van byna 900 Nederlandse skepe die roete om Afrika gevaar het. Die gegewens oor skepe wat Tafelbaai aangedoen het, is

<sup>7</sup> Hierdie getal sluit ook drie Engelse skepe in, waaronder dié van Francis Drake in 1580, en één deur 'n Nederlander, nl. die beroemde vaart van Jan Huygen van Linschoten wat in 1583 by die Kaap was (vgl. Raven-Hart 1967: 14).

<sup>8</sup> Blykbaar is daar in hierdie ooreenkoms ook besluit om 'n fort of ander verskansing ter wille van die verbygaande skepe aan die Kaap te bou, maar hiervan het niks gekom nie. In 1620 het twee Engelse skeepsvaarders, Shillinge en Fitzherbert, op eie inisiatief die Kaap as synde onder die gesag van Koning Jakobus I verklaar en die hoop uitgespreek dat daar 'n "plantation" (d.i. kolonie) gestig sal word. Hiervan het eweneens niks gekom nie (vgl. Raven-Hart 1967: 106-7; Worden e.a. 1998: 12; Schoeman 1999: 182).

moontlik onvolledig (veral vir die beginjare), maar daar is rekords van ten minste 363 van hierdie skepe wat tussen 1610-1651 vir 'n tyd lank Tafelbaai aangedoen het. Dit is verder bekend presies hoe lank 249 van dié skepe by die Kaap vertoef het. Alhoewel dit gewissel het van so min as 3-4 dae tot soveel as 30-40, het die meeste van hierdie skepe tussen 2 en 3 weke aan die Kaap oorgebly. Die gemiddelde verblyfperiode vir al hierdie skepe gedurende 1610-1651 is 13 dae (vgl. Addendum 8.1). Vir die ander moondhede se skeepsvaart is daar minder betroubare gegewens. Raven-Hart se kompilasie van besoekers aan die Kaap voor 1652 sluit uiteraard net dié in wat letterkundige bronne nagelaat het. Hieruit weet ons dat die Kaap tussen 1610-1649 ten minste 62 keer deur Engelse skepe besoek is, en 23 keer deur ander moondhede (vgl. Raven-Hart 1967: 46-181). Ofskoon mens nie presies kan verklaar hoeveel Europeërs daar aan die Kaap voor 1652 was nie, is dit duidelik uit die voorafgaande dat dit tussen 1610-1651 taamlik druk besoek is.

### 5.2.3 Die 'era' van Coree

Die periode ná 1610 verskil in twee opsigte van die eerste dekade van gereelde kontak. Enersyds, soos uit die voorafgaande paragrawe blyk, was daar meer gereelde besoeke van Europeërs aan die Kaap. Maar, andersyds, het daar 'n verskil ingetree in die verhouding tussen die Khoekhoen en Europeërs, omdat eersgenoemde ná die "trading bonanza" van die jare voor 1610 minder bereid was om van hul vee te ruil. Hulle het ook op koper, veral geelkoper, aangedring en wou nie meer die goedkoper (vanuit Europese oogpunt) yster hê nie (Elphick 1985: 76-77). Tydgenootlike seelui het Coree die skuld hiervoor gegee – hy sou klaarblyklik in Engeland besef het dat yster minder werd is as koper (vgl. Raven-Hart 1967: 64, 70; Elphick 1985: 78). Of dit wel so is, is onseker, maar wat duidelik uitstaan, is dat sover dit kontak tussen Europeërs en Khoekhoen aangaan, die periode ná 1610 die era van Coree genoem kan word.

Oor Coree se lewe voor sy betrokkeheid by die Europeërs is min bekend, maar volgens Elphick is dit goed moontlik dat hy die leier van een van die Skiereilandse Khoekhoegroepes, nl. die Gorachokwas, kon wees (Elphick 1985: 80-81). In 1613 het 'n Engelse kaptein, ene Towerson, twee Khoekhoen van Tafelbaai ontvoer (Varley 1947: 78). Volgens Edward Terry, wat Coree in 1616 ontmoet het, was die idee hieragter dat die Khoekhoen in Engeland sou woon "imagining that having learnt English here, they might discover something of their Countrey yet unknown to us" (Terry 1947: 74-75). Een van die Khoekhoen is op pad na Engeland "meerly out of sullenness" oorlede. Terry gee ons die enigste informasie beskikbaar oor Coree se lewe in die vreemde:

"... Cooree ... was brought to London, and there kept Six Months in Sir Thomas Smiths House then Governor of the East India Company, where he had good Diet, good Cloths, good Lodging, and all other fitting Accommodations, ... But all these things gave him no content, though to his good Entertainment he had gallantry added, having a Chain of Bright Brass, with Breast, Back and Headpiece of the same, and a Buckler all of Brass his beloved Metal, yet all this did not now please him, for never did any man seem more weary of ill Usage, than he was of Courtesies, none being more desirous of returning to his Countrey than he; For when he had learn'd a little of our Language he would daily lye on the ground, and cry out very often in broken English, *Cooree home go, Souldania<sup>9</sup> go, home go*" (Terry 1947: 75; vgl. Raven-Hart 1967: 83 vir 'n ietwat verkorte weergawe).

<sup>9</sup> Ná Antonia de Saldanha se besoek aan Tafelbaai in 1503 het die baai as 'Aguada de Saldanha' bekend gestaan. Vandat James Lancaster in 1591 die baai besoek het, het die Engelse dit 'Saldanha/Saldania Bay' genoem. In 1601 het Joris

Die Skiereilandse Khoekhoen was baie ongelukkig oor hierdie ontvoering, en in Mei 1614 het kaptein John Saris berig dat “the Naturalls of this place [are] very treacherous at present, making signes unto us of the forcible carrying away of two of their people”, en dat hulle daarom sommige van sy mense aangeval het (Raven-Hart 1967: 54). Gelukkig is Coree se wens vervul, want op 15 Junie 1614 het kaptein Nicholas Downton aan die EIC geskryf “this day the Saldanian [Coree] departed from us, carrying with him his copper armour and javelin, with all things belonging to him, promising to come againe to us the third day after” (in Varley 1947: 79). Blykbaar was Coree so ontstel oor sy ontvoering dat hy aanvanklik (vir ongeveer ’n jaar) kontak met verbyvarende Europeërs vermy het (vgl. Varley 1947: 79-80; Raven-Hart 1967: 66-67).

Coree het moontlik besef dat hy, as (waarskynlik) die eerste Khoekhoe met ’n sekere beheersing van ’n Europese taal, sy kennis kon aanwend tot eie voordeel. Blykbaar was Coree en die ander Skiereilandse Khoekhoen vanaf ongeveer 1615 in ’n oorlog met die Cochokwas gewikkel wat moontlik daartoe gelei het dat Coree begerig was om metale van die Europeërs vir wapens te bekom, en dalk selfs hul hulp teen sy vyande (Elphick 1985: 81-82). Hoe dit ook sy, in 1615 het Coree die Europese seelui vriendelik onthaal. So berig Walter Peyton in Junie dat:

“Corey came downe, & welcomed us according to his heathenish manner, by whose meanes the Contrye people wheare nothing soe fearfull of us nor soe thievish as in former tymes, for they brought us downe sheepe and cattell in great aboundance ... Coreye caryed of our people who desyred to see the Contrey & shewed them his house, wyfe & children at a towne distant from Saldania 8 English myles, conteyning about 100 housen or smale Cottages; all or most part of these people saye to us (as it semeth they have learned of Coree) *Sir Tho: Smithe English Shipps* which they often repeat & that with great glorye, their wyves & children came often downe to us, to whom wee gave bugle braciilts & the lyke ...; there weare 2 or 3 of the Contrey people desyred to goe for England with us, because the ystemed Corey to have spedd soe well, returning rich with his shuite of copper, which yett hee keepeth verry charylie in his house...” (Raven-Hart 1967: 72).

Hieruit blyk duidelik hoeveel kontak daar tussen die seelui en van die Khoekhoen was. Dit was ook nie ’n geïsoleerde geval nie, want later in dieselfde maand het Coree ook Dodsworth goed ontvang en veel vee met hom geruil. Hy het Dodsworth versoek om hom te help teen sy vyande, wat moontlik die eintlike rede vir sy gul ontvangs kon wees (Raven-Hart 1967: 68). In Julie 1616 het Coree weer die Engelse vriendelik onthaal en met hulle geruil. Dit is ook by hierdie geleentheid dat hy sy verhaal aan Edward Terry vertel het (vgl. Terry 1947: 74-76).

In Februarie 1617 het Coree nog ’n Engelse groep goed ontvang en probeer oorhaal om hom te help teen sy vyande, maar sonder sukses (Raven-Hart 1967: 87-88). Coree het egter wel later in 1617 ’n Nederlandse groep oorreed om teen sy vyande op te trek. Hulle was suksesvol en het veel vee gebuit (Elphick 1985: 80). Alhoewel daar later in 1617 nog ’n geval is waar Engelse seelui met Coree ruil (Raven-Hart 1967: 90), is daar in die volgende jare min duidelike bewyse van kontak tussen hom en Europeërs. Volgens Elphick het hy soms nog aan Engelse skepe verskyn. Eers in 1620 en weer in 1624 is daar duidelike evidensie waarvolgens Coree en sy volgelinge as informante of ruilers optree (Raven-Hart 1967: 98, 114). Blykbaar is Coree in 1626 vermoor, want in 1627 het ’n besoeker aan die Kaap berig dat: “they [Khoekhoen] hate the duchmen [sic] since they hanged

---

van Spilbergen die naam ‘Saldanhabaai’ aan die huidige baai met dié naam toegeken en het die ou ‘Aguada de Saldanha’ ‘Tafelbaai’ geword. In die tydperk vóór 1652 was die gebruik van die naam ‘Tafelbaai’ egter nie universeel nie, en het veral Engelse seelui dikwels nog die ou naam gebruik (vgl. Elphick 1985: 74 n. 8).

one of the blackes called Cary who was in England & upon refusall of fresh victuals they put him to death” (Varley 1947: 81).

Die verbyvarende skepe van die handelsmaatskappye wat in Tafelbaai verwers het, was nie die enigste Europeërs met wie Coree en die ander Khoekhoen kontak kon gehad het nie. Die EIC het in 1614 besluit om jaarliks 'n skip na Tafelbaai te stuur om langs die kus robbe en walvisse te jag. Dit is bekend dat daar elke jaar tussen 1617-1620 ten minste een skip op so 'n tog na die Kaap gestuur is (Raven-Hart 1967: 63). Hoewel mens kan aanneem dat sulke skepe langer as verbygaande skepe aan die Kaap vertoef het, is daar min duidelike evidensie omtrent hul kontak met die Khoekhoen. Die besluit van die EIC om die Kaap as afsetplek vir veroordeelde gevangenes te gebruik, het waarskynlik wel kontak tot gevolg gehad. In Junie 1615 is 10 bandiete, onder leiding van John Crosse, met 'n bietjie proviand en wapens in Tafelbaai agtergelaat (Raven-Hart 1967: 72-73, 78). Ofskoon Coree belowe het om hierdie mense onder sy beskerming te neem, is dit onduidelik of hulle veel kontak met die Khoekhoen gehad het, want hulle het kort ná hul aankoms 'n boot bekom en na Robbeneiland gevaar (Raven-Hart 1967: 67-69). Teen Januarie 1617 was daar geen bandiete meer aan die Kaap nie (Raven-Hart 1967: 75).<sup>10</sup>

Uit die voorafgaande paragrawe is dit duidelik dat kontak tussen Europeërs en Khoekhoen gedurende die 1610's en vroeë 1620's gedomineer is deur die persoon van Coree. Mens kan aanneem dat hy die middelman was tussen Khoekhoen en Europeërs in kontaksituasies. Sy kennis van Engels en Europese gewoontes het dit sekerlik gefasiliteer. Hy het ook die spesiale posisie wat hy beklee het gebruik om sy eie belange te bevorder, iets wat verder in die geskiedenis van Euro-Khoekhoeinteraksie nog meermale sou voorkom.

#### 5.2.4 *Autshumao en die Goringhaikonas*

In die jare ná Coree se dood het die Goringhaikonas en Autshumao 'n sentrale rol ingeneem in die verhouding tussen die Khoekhoen en verbygaande Europeërs. Uit die beskikbare bronne wil dit voorkom asof Europeërs ná die dood van Coree baie min vee aan die Kaap kon bekom. Volgens Elphick (1985: 82-83) is die afname in die veeruil waarskynlik die gevolg van die wantroue wat die Khoekhoen teenoor die Europeërs gekoester het (weens laasgenoemde se, met tye, gewelddadige vergrype om vee te bekom [vgl. o.m. Raven-Hart 1967: 115, 136-37, 172]). Die gevolg hiervan is dat seelui min kontak gehad het met Khoekhoen naas die Goringhaikonas.

Elphick reken dat die Goringhaikonas 'n verarmde vertakking van die Skiereilandse Khoekhoen was wat waarskynlik in die laat 1620's ontstaan het. Die vroegste duidelike verwysing na die Goringhaikonas, wat gewoonlik “Strandlopers” of “Watermans” deur die Europeërs genoem is, dateer uit 1632 (Elphick 1985: 83). Hierdie groep was veeloos en, volgens 'n beskrywing uit 1639, “[they] live very miserably by the waterside, but without ships or boats. They live on herbs, roots and fishes, and especially on the dead whales which are cast

<sup>10</sup> Die verhaal van die bandiete, soos dit uit die bronne na vore kom, is taamlik verwarrend. In Junie 1615 is die 10 bandiete na Robbeneiland. In Maart 1616 het Coree vir die skeepskaptein Martin Pring vertel van “one Captaine Crosse, who lived upon Penguin Iland [Robbeneiland] with eight men and a Boy”. Pring het drie mans van die eiland gebring en drie daar gelaat. Volgens hierdie bandiete het Crosse en twee mans kort tevore op see verongeluk. Pring het skynbaar die drie bandiete met hom saamgeneem na die Ooste (vgl. Raven-Hart 1967: 69, 84). In Januarie 1617 het Walter Peyton nie een gevind nie, wat hom laat vermoed het dat hulle deur Coree vermoor is. Volgens hom: “Wee inquired of Corre & others what has become of them, whoe joyned all in one tale, that one or twee of them weare killed by evill mynded saldanians [Khoekhoen] & the rest (whereof they nominate Crosse for one) weare caryed awaye by a Portugall Shipp, howe true this maybee I knowe not...” (Raven-Hart 1967: 75). Volgens Terry is Crosse kort ná sy aankoms deur die Khoekhoen vermoor weens sy “abusing [of] the Natives” (Terry 1947: 76). Volgens Raven-Hart (1967: 84) is Terry se getuienis oor die bandiete egter hoogs onbetroubaar. Helaas is daar nie meer inligting oor hierdie episode beskikbaar nie.

ashore by storms..." (Raven-Hart 1967: 152). Hulle het nooit meer as 'n paar dosyn mense bedra nie – in 1634 was daar volgens 'n besoeker ongeveer 60 mans, vroue en kinders (Raven-Hart 1967: 143)<sup>11</sup>. Uiteraard kon die arm Goringhaikonas nie verbygaande seelui van vee voorsien nie. Volgens Elphick het die Goringhaikonas hul bestaan as groep te danke gehad aan twee faktore: die voordele verbonde aan die besoeke van Europese skepe, en die "extraordinary character" van hul leier, Autshumao (Elphick 1985: 84).

Autshumao kom die eerste keer in die vroeë 1630's in die historiese bronne na vore, wat berig dat hy gedurende Julie 1631 en Mei 1632 saam met 'n Engelse skip na Bantam gegaan en toe blykbaar Engels geleer het (vgl. Raven-Hart 1967: 127, 136-37, 143). Hy het sedert dié tyd, tot in die 1650's, gewoonlik as 'Hadah' by die Europeërs bekend gestaan. Volgens Elphick het die Engelse gehoop om Autshumao hul 'agent' aan die Kaap te maak en het hy waarskynlik gewillig saam met hulle gegaan. Die Goringhaikonas kon nie die Europeërs van vee voorsien nie, maar in die twee dekades voor 1652 het hulle die briewe van verskillende skepe bewaar en hulle op ander maniere bygestaan (Elphick 1985: 84).

Kort ná Autshumao se terugkeer in 1632 het hy en sy volgelinge die Europeërs versoek om hulle na Robbeneiland te neem. Hier kon hulle skuil teen hul vyande en van die pikkewyne en robbe leef. Alhoewel die Goringhaikonas soms seelui gevra het om hulle na Tafelbaai te neem, het hulle min of meer permanent op Robbeneiland gewoon tot die einde van die 1630's, toe die voedselbronne op die eiland uitgeput geraak het (Elphick 1985: 84-85; Raven-Hart 1967: 137-38, 146, 148, 153). Autshumao het homself beskou as "in diens van die Nederlandse en Engelse here"<sup>12</sup> en gedurende die 1630's het beide moondhede hul briewe by hom op Robbeneiland agtergelaat (vgl. Raven-Hart 1967: 137, 139, 143, 148-49). Ook nadat die Goringhaikonas Robbeneiland verlaat en in die Kaapse Skiereiland rondgeswerf het, het die seelui briewe by hulle gelaat (vgl. Raven-Hart 1967: 164-5).

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat Europese kontak met die Khoekhoen in die 20 jaar vóór 1652 hoofsaaklik met die Goringhaikonas was<sup>13</sup>. Autshumao kon sy kennis van Engels aanwend om sy volgelinge in 'n posisie te stel waardeur hulle die Europeërs 'n diens kon bewys en so kontak met hulle gehad het. Waarskynlik is Autshumao en sy mense vir hul dienste vergoed, want daar is bewyse dat hulle soms aan boord van skepe gekom het en voedsel ontvang het (Raven-Hart 1967: 141, 143, 165) en ook dat Autshumao in 1634 in "English habit from head to foot" en in 1638 "in fine Dutch fashion" geklee was (Raven-Hart 1967: 143, 149). Autshumao was skynbaar nie die enigste 'agent' vir die Europeërs nie. In 1638 skryf 'n Nederlandse kaptein van twee Khoekhoen wat "a little English" kon praat en briewe aan hom oorhandig het (Raven-Hart 1967: 148). Elphick reken dat die tweede persoon moontlik 'n ene 'Isaac' kon wees wat later deur Nederlanders na Batavia geneem en in Januarie 1642 weer na die Kaap teruggebring is (Elphick 1985: 85). Blykbaar het Isaac toe gedien as die Nederlandse 'agent' en Autshumao as die Engelse, want in 1646 het Johan Wurfbaai "the English and Dutch Caffers (to whom the letters of each Nation were regularly entrusted)" ontmoet. Wurfbaai het

---

<sup>11</sup> Die getal het gewissel, iets wat mens sou verwag, gesien die vloeibare karakter van die Khoekhoe-samelewing in die algemeen, en spesifiek die Goringhaikonas. Volgens 'n besoeker aan die Kaap het die groep in 1639 uit 20 mense bestaan, terwyl 'n ander uit 1647 berig het dat die Goringhaikonas 50 mense bedra het (vgl. Raven-Hart 1967: 146, 169).

<sup>12</sup> In 1632 het 'n Franse boot Robbeneiland besoek, waar hulle: "plusieurs sauvages avec leur famille commandtes p. une sauvage, qui parle la langue Angloijse lequel nous a fait entendre qui il estoit au service de messejeurs Holandois et de messjeurs les Anglois..." gevind het (Raven-Hart 1967: 137).

<sup>13</sup> Daar is natuurlik uitsonderings. Ten minste twee keer gedurende hierdie periode het Franse eerder Saldanhabaai aangedoen en daar kontak met die Khoekhoen gehad (vgl. Raven-Hart 1967: 137; 172-77). Ná die vestiging van 'n Nederlandse stasie in Tafelbaai in 1652, het Franse skepe gedurende tye wanneer daar oorlog tussen Frankryk en Nederland was, ook Saldanhabaai aangedoen.

Nederlandse briewe van Isaac gekry en ook ander by hom gelaat. Hy het ook Isaac versoek om vee vir hom te vind en hom met kleinighede vergoed (Raven-Hart 1967: 164-65). Hierna het Isaac egter uit die historiese rekord verdwyn en ons weet niks meer van hom nie.

### 5.2.5 *Die stranding van die Haerlem*

Soos hierbo beskryf is, was daar reeds lank voor die 1640's vir kort periodes kontak tussen verbyvarende Europese seelui en Khoekhoen aan die Kaap. Die stranding van die skip Haerlem in 1647 en die verblyf van die bemanning aan die Kaap vir 'n jaar, het egter die status quo verander aangesien dit daartoe gelei het dat Europeërs hulle op 'n meer permanente basis aan die Kaap kom vestig het. Ter wille van die latere ontwikkelinge, behoort daar dus gekyk te word na hierdie episode en die kontaksituasies wat dit moontlik ingehou het.

Die stranding van die Haerlem was nie die eerste of enigste sodanige geval aan die Kaap nie. Dwarsdeur die eerste helfte van die 17<sup>de</sup> eeu was daar gevalle van skipbreukelinge wat vir korter of langer tye aan die Kaap moes oorbly (vgl. Raven-Hart 1967: 51-54, 91-96, 132-34). So byvoorbeeld was 340 opvarendes van die skip Mauritius Eiland van Februarie tot April 1644 aan die Kaap gestrand. Hulle het gedurende dié tyd 'n tydelike fort opgerig (Raven-Hart 1967: 157-163). Dit is onseker watter kontak hulle met die Khoekhoen gehad het, alhoewel Leendert Jansz later genoem het dat die Khoekhoen hierdie skipbreukelinge aangeval het (Raven-Hart 1967: 169). Die stranding van die Haerlem staan egter uit omdat die bemanning so lank aan die Kaap vertoef het en dit so kort voor die permanente vestiging van Europeërs aan die Kaap gebeur het.

Op 25 Maart 1647 het die Haerlem, wat swaar belaaie uit die Ooste na Nederland op weg was, by Bloubergstrand vasgeloop. Die meerderheid van die bemanning en 'n deel van die vrag is met ander skepe wat terselfdertyd aan die Kaap was, weggestuur. Maar 'n deel van die vrag is aan land geberg en weens die kosbaarheid daarvan is Leendert Jansz en ongeveer 60 man aangesê om aan die Kaap te bly totdat die goedere met die volgende vloot vervoer kon word. Hulle het vervolgens 'n klein fort gebou waar hulle 'n jaar gewoon het. Eers met die koms van die retoervloot in Maart 1648 is die res van die vrag geberg en die skipbreukelinge het op 3 April saam met die vloot die Kaap verlaat (De Jong 1983: 247-48; Schoeman 1999: 189-90).

Watter kontak het hierdie skipbreukelinge met die Khoekhoen gehad? Dit is moeilik vas te stel weens gebrek aan voldoende bronne. Jansz het wel 'n Dagregister gehou, maar slegs van Maart tot September 1647 toe hy dit saam met 'n skip Nederland toe gestuur het (Godée Molsbergen 1912: 205). Verder kan mens steun op die "Remonstrantie" wat Jansz ná sy terugkeer na Nederland opgestel het, asook op die gebruikelike beskrywings van verbygaande seelui.

Volgens Jansz se Dagregister het die Goringhaikonas 'n paar dae ná die stranding 'n groepie matrose aangeval waartydens van laasgenoemde gewond is; wat die aanleiding tot die voorval was, word nie gesê nie. Die eerste keer dat die Goringhaikonas na die gestrandes se fort gekom het, was op 18 en 19 Mei 1647, hoewel die Nederlanders hulle uit vrees vir 'n aanval op 'n afstand gehou het. Tog het hulle die Goringhaikonas gevra om vir hulle vee te probeer ruil. Op 1 Junie het Autshumao en 12 Goringhaikonas weer die Nederlanders besoek en vir hulle vee gebring. Blykbaar wou die Khoekhoen die fort en skip bekyk, maar Jansz en sy mense wou dit nie toelaat nie. Volgens Jansz was die Goringhaikonas ontevrede hieroor en het weggegaan. Die skipbreukelinge het eers weer op 10 Augustus toevallig die Goringhaikonas teëgekóm toe hulle langs die Soutrivier visgevang

het, maar het klaarblyklik nie kontak met hulle gemaak nie. Einde Augustus tot begin September was daar drie Nederlandse skepe in Tafelbaai (Raven-Hart 1967: 171). Volgens Jansz se Dagregister is 'n matroos van een van hierdie skepe op 2 September deur die Goringhaikonas vermoor – meer details is nie bekend nie. Op 14 September het omtrent 20 Goringhaikonas, waaronder Autshumao, Jansz versoek om naby die fortjie te kom woon as beskerming teen hul vyande. Jansz het geweier. Dit is die enigste inligting oor die Khoekhoen in Jansz se Dagregister (Raven-Hart 1967: 166-69).

Soos duidelik uit die voorafgaande paragraaf blyk, was daar geen noue kontak tussen die gestrande Nederlanders en die Khoekhoen vir die eerste halfjaar van die skipbreukelinge se verblyf aan die Kaap nie. Moontlik het die situasie daarna verander, want in die “Remonstrantie” wat Jansz en Matthijs Proot in 1649 opgestel het, wil dit voorkom asof daar 'n ander beeld oor die kontak tussen die skipbreukelinge en die Khoekhoen geskets word. Volgens hulle het “d'inwoonders na dat [wij] daer omtrent vijf maenden hadden gelegen, dagelijcx bij 't Fort (...) met alle vriendelijckheit quamen handelen ende beesten, schapen bij menigte brachten, want als 't schip De Princesse Roijael aldaer met 80 à 100 siecken arriveerden, hebben wij ... soo met koebeesten, schapen die in voorraet hadden, ende vogels ... soo versien, dat haer siecken meest wederom op de been geraeckten...” (Godée Molsbergen 1912: 212). Hierdie is 'n problematiese passasie. Dit is duidelik uit Jansz se Dagregister dat hierdie lustige veehandel nie voor 14 September plaasgevind het nie. Die skip Princesse Royale het op 14 Januarie 1648 Tafelbaai bereik (Raven-Hart 1967: 171), dus moes die gestrande Nederlanders toe al genoeg vee gehad het. Verder: wie is hierdie Khoekhoen wat die vee aan die skipbreukelinge geruil het aangesien dit duidelik nie die veelose Goringhaikonas kon wees nie? In alle waarskynlikheid was dit die ander Skiereilandse Khoekhoegroep, die Goringhaikwas en Gorachokwas – volgens hul tradisionele trekpatroon het hulle elke jaar van ongeveer November-Januarie hul vee in Tafelvallei laat wei (Worden e.a. 1998: 16). Ook 'n verdere passasie wat vertel van die vriendelikheid van die Khoekhoen dui daarop dat dit nie die Goringhaikonas was nie: “Zijnde oock eens den opperstuijman, timmerman, ende corporael van verschreven schip Haerlem soo verde gegaen tot daer d'inwoonders haer huijsen stonden ende *voor die tijt* hare woonplaetsen hielden, werden van voornoemde inwoonders vriendelijck ontvangen en bejegend...” (Godée Molsbergen 1912: 212, my kursivering). Die bewoording van hierdie passasie laat mens vermoed dat hierdie Khoekhoen slegs tydelik op die plek gehou het. 'n Verdere stukkie evidensie is dat toe die retoervloot in Maart 1648 in Tafelbaai besig was om die vrag te laai, die matrose gefrustreerd was omdat daar geen vee beskikbaar was nie (De Jong 1983: 249). Sommige van hulle is na die binneland waar hulle vee met geweld geroof het (Godée Molsbergen 1912: 212-13, 232). Al hierdie getuienis laat mens vermoed dat daar nie noue kontak was tussen die skipbreukelinge en die Goringhaikonas nie en dat daar waarskynlik niks meer as 'n goeie ruilverhouding tussen die Nederlanders en die Gorachokwas en Goringhaikwas was nie tydens laasgenoemde se besoek aan Tafelbaai gedurende die somermaande.

'n Ander passasie uit die “Remonstrantie” bemoeilik egter die probleem verder. Volgens Jansz en Proot:

“Dat de meergenoemde Inwoonders de Nederlantse spraecke wel sullen leeren, is apparent, want *ten tijde* den opperstuijman Jacob Claesz: Hack omtrent 6 à 8 weecken met siecken *aldaer* aen lant lagh, quamen dagelijcx hout halen om te koken, ende wisten te zeggen eerst houthalen dan eeten *en die van 't schip Haerlem* conden sij meest alle bij haar namen noemen, ende eenige woorden spreekken dat buiten twijffel onse spraecke sullen leeren” (Godée Molsbergen 1912: 213, my kursivering).

Daar word gewoonlik gereken dat die eerste gedeelte van hierdie passasie oor die Haerlem-skipbreukelinge en hul verblyf aan die Kaap handel. Die manier waarop dit gestel word, hoe die gedeelte in die “Remonstrantie” gebruik word, en van die detail wat dit bevat, spreek egter die teendeel uit. Die skrywers sê nie dat die Khoekhoen hout vir die skipbreukelinge versamel het nie, maar dat hulle dit gedoen het toe Jacob Claesz. Hack met siekes aan die Kaap vertoef het. Daarby word hierdie groep mense onder Claesz. Hack gestel teenoor “die van’t schip Haerlem” (die twee groepe word geskei deur die woord *en*) – die skrywers gebruik in dié gedeelte twee aparte insidente om hul argument te staaf, nl. (1) die Khoekhoen het hout versamel en kon “eerst hout halen dan eeten” sê, en (2) hulle het die mense van die Haerlem se name geken. Naas hierdie stilistiese oorwegings, is daar ook feitelike bewyse. Wie was die opperstuurman Jacob Claesz. Hack? Volgens Raven-Hart was hy deel van die retoervloot van 1648 wat van Maart tot die begin van April aan die Kaap gehelp het met die laai van die Haerlem-vrag en bemanning (Raven-Hart 1967: 178). Meer kon ek nie uitvind oor hierdie individu nie. Hy was sekerlik nie die opperstuurman van die Haerlem nie, want ons weet dat die opperstuurman van dié skip ene Claes Winckels was en dat hy saam met Jansz in bevel van die groep skipbreukelinge was (Raven-Hart 1967: 168). Mens moet aanneem dat Claesz. Hack die opperstuurman van een van die twaalf skepe van die retoervloot was wat in Maart 1648 in Tafelbaai was. Maar wat van die “6 à 8 weecken”, aangesien die retoervloot slegs ongeveer drie weke aan die Kaap was? Moontlik is dit ’n skryffout, maar hieroor is geen sekerheid nie. Daar was wel ’n aantal siekes onder die bemanning van die retoervloot, maar of hulle aan land herstel het, is nie bekend nie (vgl. De Jong 1983: 248-49). Groter duidelikheid kan helaas nie oor hierdie passasie gekry word nie, maar dit lyk asof daar genoegsame evidensie is (veral as die ander evidensie oor die verblyf van die skipbreukelinge en hul verhouding met die Khoekhoen in ag geneem word) dat die uitspraak oor Khoekhoen wat hout vir die Nederlanders versamel het, nie op die skipbreukelinge van die Haerlem slaan nie. Myns insiens kan hierdie sinsnede nie gebruik word om noue kontak tussen die Khoekhoen en die skipbreukelinge van die Haerlem te bewys nie, hoogstens dat Khoekhoen vir ’n wyle (maar nie vir ’n jaar of groot deel daarvan nie) ’n groep Nederlanders met houthaal bygestaan het en daarvoor vergoed is. Daarby moet mens in gedagte hou dat die “Remonstrantie” ’n uiters positiewe beeld van die Kaap probeer skets ten einde die stigting van ’n verversingspos daar aan te moedig (vgl. Elphick 1985: 87-88) en moontlik sekere aspekte kon oordryf het. Uit die beskikbare evidensie kan slegs voorgehou word dat daar oppervlakkige kontak tussen die skipbreukelinge en die Goringhaikonas was, en dat die Goringhaikwas en/of die Gorachokwas vir ’n paar maande (ná September 1647 en voor Januarie 1648) ’n goeie ruilverhouding met die skipbreukelinge gehad het. (Sien hieronder vir ’n bespreking van moontlike kommunikasiepraktyke tussen dié groepe).

#### 5.2.6 *Kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs*

Die feit dat Europeërs in die onderhawige periode kontak met sommige van die Khoekhoen gehad het, hou in dat hulle op ’n manier met mekaar moes kommunikeer. Uit die beskikbare verslae van mense wat die Kaap voor 1652 besoek het, is dit moontlik om ’n beeld te kry van hoe hierdie kommunikasie plaasgevind het. Hieruit blyk dat die verskillende maniere waarop daar tussen hierdie groepe gekommunikeer is, saamval met die verskillende soorte kontak wat daar tussen die verbyvarende seelui en die Khoekhoen aan die Kaap bestaan het. So is daar ’n duidelike verskil tussen die soort uitsprake oor kommunikasie van die periode vóór Coree en Autshumao en die tydperk daarna. Op grond hiervan kan daar onderskei word tussen drie periodes, naamlik (1) die periode ca.

1590-1614; (2) die 'era van Coree' tussen ca. 1614-1626 en (3) die jare daarna wat die 'era van die Goringhaikonas' genoem kan word.

Waar die behoue uitsprake oor kontak tussen die Khoekhoen en Europeërs voor 1652 iets oor kommunikasie vermeld, word daar slegs in drie gevalle uitdruklik genoem dat kommunikasie onmoontlik of baie moeilik was (vgl. Raven-Hart 1967: 36, 48, 53). Al hierdie gevalle het voor 1614 plaasgevind. Ek kon hiernaas slegs 17 duidelike uitsprake vind oor kommunikasie tussen Europeërs en Khoekhoen as 'n groep mense (dus *naas* individue soos Coree, Autshumao, Isaac). Twaalf hiervan het in die periode voor 1614 voorgekom. Dit dui daarop dat kommunikasie met die Khoekhoen daarna hoofsaaklik via tolke soos Coree en Autshumao plaasgevind het. Van hierdie 17 gevalle word in 14 duidelik genoem dat kommunikasie deur "tekens" of "gebare" plaasgevind het. Tien van hierdie 14 gevalle het voor 1614 plaasgevind (vgl. Raven-Hart 1967: 15, 21, 23, 27, 30, 36, 41, 45-46, 54, 62) – wat weereens daarop dui dat in die periode voor 1614 die gebrek aan tolke Europeërs genoodsaak het om op ander wyses met die Khoekhoen te probeer kommunikeer.<sup>14</sup>

Naas die veelvuldige voorbeelde van die gebruik van tekens en gebare om te kommunikeer, is daar ook twee rekords van talige kommunikasie tussen die Khoekhoen en Europeërs voor 1614. In 1601 het die Engelse kaptein James Lancaster in Tafelbaai aan land gegaan "... where hee met with certaine of the Countrey people, and gave them divers trifles ... and made signes to them to bring downe Sheepe and Oxen; for he spake to them in the Cattels Language (which was never changed at the confusion of Babel), which was *Moath* for Oxen and Kine, and *Baa* for Sheepe..." (Raven-Hart 1967: 23). Moontlik bedoel die skrywer van die verslag met "Cattels Language" 'n soort vreemdelingspraak wat saam met gebare gebruik is om te kommunikeer. Dat gebare egter die hoofmiddel vir kommunikasie was, blyk verder uit hierdie verslag: "But the people many times came downe to us afterward; and when we made them signes for more Sheepe, they would point us to those we had bought ... and therefore brough us no more..." (Raven-Hart 1967: 23). Hierdie is die enigste geval waar eksplisiet genoem word dat 'n vorm van vreemdelingspraak gebruik is, maar dit is goed moontlik dat so-iets ook in die ander gevalle saam met gebare en tekens gebruik is. Uit die besoek van die Nederlandse admiraal Cornelis Matelief aan Tafelbaai in 1608 skyn dit of ook die Khoekhoen 'n soort vreemdelingspraak by hul ontmoeting gebruik het: "We must sit down, they said, again and again calling out *Kahou, Kahou*, which is to say *Sit down*. An ox they called *Bou*, a sheep *Bae*...". Matelief het op soortgelyke wyse met die Khoekhoen gekommunikeer: "The Admiral had with him a pistol: they asked what it was, and he replied that it made a great noise, and shouted *Dou, dou*. They asked that he should let it cry out once... . He fired it, and they all fell flat on their backs with a

<sup>14</sup> In die tydperk voor Coree is daar in twee gevalle uitsprake oor moontlike tolke. Volgens 'n latere beskrywing van die besoek van Kaptein David Middleton aan Tafelbaai in 1607: "He persuaded a Negro to go with him willingly, because of some disagreement he had had with his tribe, which appeared to him the more useful in that ... he needed an interpreter for the languages of Africa. And furthermore, since this Negro understood some English, all the crew pressed him to learn more, much admiring the skill of his memory" (Raven-Hart 1967: 34). Meer is oor hierdie moontlike tolk nie bekend nie, maar volgens Raven-Hart is die teks hier aangehaal 'n interpolasie uit 'n later tyd, wat beteken dat die passasie moontlik op Coree kan dui. Anders as die individu in die teks, is Coree eers in 1613 na Engeland geneem en hy het dit nie uit vrye wil gedoen nie.

'n Meer problematiese geval dateer uit 1608 toe die Nederlandse admiraal Cornelis Matelief aan die Kaap was. Uit die beskrywings van die skeepsjoernaal skyn daar 'n tolk aan boord te gewees het. Die tolk word drie keer in die beskrywing van die vloot se verblyf aan die Kaap genoem: (1) "When we had been there for some time we saw a black on the plain, to whom the Admiral sent his interpreter"; (2) nadat die Khoekhoen iets gesteel het, het hulle weggehardloop, "but the interpreter ran a full goteling-shot after them, and so reassured them that they came back"; en (3) "The interpreter asked them from whence they had got that sort of bracelet: they replied, that they had themselves made it..." (Raven-Hart 1967: 38-39). Hiervan blyk duidelik dat die tolk in diens van Matelief was, en dat hy nie 'n Khoekhoe was nie. Of hy wel Khoe kon spreek, is onseker, want by ander geleenthede is daar in die teks van Matelief se besoek gevalle van die gebruik van jargon-woorde en gebare (sien hieronder).

great shriek, and then ran off". Ietwat later meld die verslag "They [Khoekhoen] whistled, the Admiral joining in; they danced and so did he; and in short it was a real monkey-business" (Raven-Hart 1967: 38). Daar is geen ander gevalle uit die periode voor Coree bekend waar spesifiek genoem word dat Europeërs op ander maniere naas die gebruik van gebare met Khoekhoen kommunikeer nie.

In die periode nadat Coree uit Engeland teruggekeer het, en waar die bronne wel kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs noem, skyn dit asof kommunikasie meestal deur hom plaasgevind het. In die twee gevalle waar Europeërs met die Khoekhoen gekommunikeer het sonder Coree, het kommunikasie steeds deur gebare plaasgevind het. In 1615 meld die Engelse kaptein Walter Peyton "They have lefte their stealinge by trading with us, and by signes make showe their harte is good" (Raven-Hart 1967: 77). 'n Duidelike voorbeeld van die soort gebare, word verskaf deur die Fransman Augustin de Beaulie uit 1620: "When bread is given them they gobble it up at once... When they meet us, the first thing they do is to point to their stomach, which they so pull into their body that it seems as if they had a great cavity in their chest" (Raven-Hart 1967: 100-101).

Oor hoe goed Coree se Engels was, bestaan min uitsprake. Volgens Terry het Coree "a little of our language" in Engeland geleer en hy beskryf sy taal as "broken English" (Terry 1947: 75). Dat Coree hiernaas ook gebare gebruik het, blyk duidelik uit sommige uitsprake. Volgens Peyton het "Corre & others" hom in 1616 oor die lot van die bandiete vertel, iets wat "they playnly delivered in English words, aferming the same by very serious gesture" (Raven-Hart 1967: 75). Toe 'n groep Franse in 1620 in Tafelbaai was, het hulle Coree ontmoet wat hulle "in his jargon" van inligting voorsien het, maar, hulle voeg by, "this, indeed, we understood more by signs that [sic] otherwise, since his English was good only when he asked for bread" (Raven-Hart 1967: 98-99). Ofskoon Coree se Engels nie besonder goed was nie, lyk dit tog of kommunikasie tussen Europeërs en Khoekhoen gedurende die periode ná 1614 hoofsaaklik via hom was.

Hierbo is reeds verduidelik dat in die jare ná Coree se dood, die Goringhaikonas as groep na vore gekom het en dat Europeërs wat die Kaap besoek het, meestal met hulle kontak gehad het. Gedurende hierdie tydperk het kommunikasie met die Khoekhoen waarskynlik meestal via Autshumao plaasgevind. Daar is geen gevalle bekend van Khoekhoen wat deur gebare of andersins met Europeërs gekommunikeer het nie<sup>15</sup>. Een keer word genoem dat Autshumao van Robbeneiland gehaal is en aan land gebring is "to speake with the sum of ther [sic] kindred" (Raven-Hart 1967: 138). Waar Europeërs met Khoekhoen kontak gehad het, word meestal genoem dat hulle ook kontak gehad het met hom "who spoke a little English" (Raven-Hart 1967: 143, 148, 149). Ander duidelike gevalle van kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs gedurende die 1630's en 1640's kom nie voor nie. Net soos in die geval van Coree, wil dit voorkom of kommunikasie tussen besoekende

---

<sup>15</sup> Daar is een opmerklike uitsondering. In 1648 het die Fransman Etienne de Flacourt op pad na Madagaskar van 11-24 Oktober Saldanhabaai aangedoen. Hy het hier ongeveer 30 Khoekhoen teëgekom wat skilpaaie en volstruisvere aan hom verruil het. Volgens De Flacourt: "By signs I asked them for cattle and sheep: they replied that they had none, and that 'Ampsoury', that is to say 'To-morrow', they would bring them" (Raven-Hart 1967: 174, my kursivering). Dit het die Khoekhoen egter nie kon doen nie. De Flacourt het skynbaar ook verder met hulle gekommunikeer, want hy vertel: "They have no ceremonies of religion, and do not know what God is, except that they greatly fear thunder, as they let us know by signs. Monsieur Nacquard and I gave them to understand something concerning God, ... and one old man let us know that he was old, that he would soon die, and that he had a certain fear of death, according to what he made us understand by signs. (...) I asked them for two boys to come with me, and that I would make them smart and bring them back, but they would hear nothing of it. I showed them our two Madagascar negroes in their uniforms ... in order to encourage them: they made fun of it, or perhaps they did not understand what we said to them" (Raven-Hart 1967: 175, my kursivering). Die Goringhaikwas het vir 'n deel van die jaar in Saldanhabaai gehou – dit is dus goed moontlik dat die Khoekhoen met wie De Flacourt kontak gehad het, van hierdie groep was. Kyk hieronder, § 5.3.1 vir die moontlikheid dat van hierdie Khoekhoen enkele Franse woorde by De Flacourt se mense kon geleer het.

Europeërs en Khoekhoen aan die Kaap gedurende die 1630's en 1640's hoofsaaklik deur 'n Khoekhoe met kennis van 'n Europese taal plaasgevind het.

Hierbo is daar aangetoon dat die bemanning van die Haerlem gedurende hul jaarlange verblyf in Tafelbaai waarskynlik nie veel kontak met die Goringhaikonas gehad het nie, maar dat hulle 'n goeie ruilverhouding en kontak in dié verband met die Goringhaikwas en/of Gorachokwas gedurende die somermaande gehad het. Daar is twee stukke getuienis oor kommunikasie tussen die Haerlem-skipbreukelinge en die Khoekhoen wat in die lig van hierdie evidensie oorweeg moet word. Eerstens noem Jansz en Proot in die "Remonstrantie" dat die Khoekhoen kon "... die [skipbreukelinge] van't schip Haerlem ... meest alle bij haar namen noemen, ende eenige woorden spreekken ..." (Godée Molsbergen 1912: 213). Tweedens is daar hierdie passasie wat enkele dae na die landing van Van Riebeeck in April 1652 in die Dagregister opgeteken is: 'n groep Khoekhoen het "omtrent onse tenten haer onthielden, die van Saldania door teijckenen ende veele gebroocken Duijtsche ende Engelsse woorden (apparent van 't verongeluckte *Haerlems* volck geleert ende onthouden) te verstaen gevende voor coper ende taback binnen corte dage beesten ende schapen soude brengen" (Bosman 1952: 27). Die groepie van 9-10 Khoekhoen waarna hier verwys word, was 'n afvaardiging van die Goringhaikwas (nie die Cochokwas nie) (vgl. Bosman 1952: 427, noot k; Godée Molsbergen 1912: 85). Dit is moontlik dat hierdie twee passasies saam gelees behoort te word. Waarskynlik het die Goringhaikwas in hul ruilhandel met die skipbreukelinge gedurende die somer van 1647/48 van die individue met wie hulle geruil het, se name geleer, asook enkele woorde in verband met die ruilhandel. Dit is waarskynlik hierna waarna Jansz en Proot in die "Remonstrantie" verwys, terwyl die enkele Goringhaikwas wat in April 1652 Van Riebeeck besoek het, dalk hierdie woorde onthou het. Hoe dit ook al sy, dit is opvallend dat, terwyl die Europeërs heelwat kontak ná hul koms in 1652 met die Goringhaikonas gehad het, daar in die eerste paar jaar nooit genoem word dat hulle as *groep* Nederlandse of Engelse woorde geken het nie. Soos hieronder bespreek sal word, is dit ook duidelik dat hierdie uitspraak oor die Goringhaikwas net op enkelinge slaan, want vir verskeie jare ná 1652 moes daar nog vir die Goringhaikwas getolk word, of hulle het van gebare gebruik gemaak. Al hierdie evidensie lei tot die gevolgtrekking dat behalwe vir enkele Goringhaikwas wat by die ruilhandel betrokke was, die meeste Khoekhoen nie enige Nederlands van die Haerlem-skipbreukelinge geleer het nie.

Uit die beskikbare evidensie oor kontak en kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs voor 1652, kan die volgende verklaar word. In die periode ca. 1590-1610 is daar van gebare en (met tye) waarskynlik 'n vorm van vreemdelingspraak gebruik gemaak. Hierdie situasie het egter verander toe individuele Khoekhoen wat 'n Europese taal verwerf het, op die toneel begin verskyn het. Tussen ca. 1614-1626 het Coree en ná 1632 Autshumao, en vir 'n kort tydjie in die 1640's Isaac, as tussengangers tussen die Khoekhoen en Europeërs opgetree. Dit het in die algemeen die noodsaak vir ander vorme van kommunikasie laat verdwyn. Oor die taalkundige invloed of impak van die verblyf van die Haerlem-skipbreukelinge aan die Kaap, is die beskikbare bronne onduidelik. Dit lyk egter of daar tydens die ruilhandel wat tussen die skipbreukelinge en Goringhaikwas en/of Gorachokwas bestaan het, geleentheid was vir sommige Khoekhoen om enkele woorde te leer. Meer kan nie oor hierdie episode met sekerheid gesê word nie.

### 5.3 Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1652-1662

#### 5.3.1 Kontak tussen Khoekhoen en Europeërs

Ná die stranding van die Haerlem en die gunstige verslag wat Jansz saam met Proot uitgebring het, het die VOC besluit op die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap. In April 1652 het 'n groep Europeërs o.l.v. Jan van Riebeeck as kommandeur in Tafelbaai geland met dié doel voor oë. Op hierdie wyse het 110 Europese mans, asook 15 vroue en kinders hulle teen die einde van 1652 aan die Kaap bevind (Bosman 1952: 98). In die eerste paar jaar het die Europese bevolking nie veel toegeneem nie, want teen 1657 was daar 127 mans en 21 vroue en kinders (De Wet 1981: 12). Dit is met hierdie klein groep Europeërs dat sommige van die Khoekhoen in die eerste paar jaar van die verversingspos kontak gehad het.

Uiteraard het die Europeërs aan die Kaap nie met al die Khoekhoen ewe gou of ewe veel in aanraking gekom nie. Heel in die begin is die kontak voortgesit wat voor 1652 al met die Goringhaikonas bestaan het. Daarna het die Europeërs ook met ander Skiereilandse Khoekhoen kennis gemaak. Daarom word hier aanvanklik op dié groepering gekonsentreer. Die Omliggende en Verwyderde Khoekhoen het eers heelwat later (van omtrent 1657/8) kontak met die Nederlanders begin maak, en dan meestal slegs vir ruilhandel (vgl. Elphick 1985: 101). Die Cochokwas het wel soms vir tye aan die Kaap kom woon en hulle met die sake van die Skiereilandse Khoekhoen bemoei, maar dit het ook eers teen die einde van die onderhawige periode gebeur.

##### 5.3.1.1 Euro-Khoekhoe-interaksie tot ca. 1657

Kort ná die landing van die Europeërs, noem die Dagregister “de Strantlopers (die dagelijks met vrouw ende kinderen bij ons aen de tenten sitten)” (Bosman 1952: 27). Dit was die Goringhaikonas wat in 1652 uit 40-50 individue bestaan het (vgl. Bosman 1952: 81). Ofskoon iemand soos Autshumao wel nuttig as tolk en informant vir die Europeërs was, was die verhouding tussen laasgenoemde en die Goringhaikonas aanvanklik baie oppervlakkig. Die Goringhaikonas het tot Oktober 1652 in die omgewing van die Nederlandse vesting gewoon en gereeld by hulle gebedel (vgl. Bosman 1952: 33, 35, 45, 77). Daarna het hulle agter die Leeuberg ingetrek (Bosman 1952: 82) aangesien die Skiereilandse Khoekhoen ingevolge hul tradisionele gebruik nooit lank op dieselfde standplaas gebly het nie.

In Oktober 1652 het die Europeërs kennis gemaak met Khoekhoen wat hulle aanvanklik die “Saldanhars” genoem het, maar wat in feite die Goringhaikwas was. Vir 'n lang ruk was die enigste kontak tussen hulle veehandel, met óf die Europeërs wat na die Goringhaikwas se kraal (aanvanklik duskant die Soutrivier en later in Houtbaai) gegaan het, óf die Goringhaikwas wat na die Nederlandse vesting gegaan het (vgl. Bosman 1952: 70-72, 75-79, 85-100). In April 1653 het die Europeërs vir die eerste keer 'n “ander volk” of “vreemde volk” ontmoet van wie hulle ook vee begin ruil het, hoewel minder gereeld as met die Goringhaikwas (Bosman 1952: 136, 138-39). Hierdie groep was waarskynlik die Gorachokwas.

Teen Mei 1653 is daar die eerste eksplisiete evidensie van Khoekhoen wat vir die Europeërs werk toe Van Riebeeck 'n handvol Khoekhoen oorreed het om hom te help met karweiwerk. Omdat dit swaar werk was, wou hulle egter ná een dag nie meer daarmee voortgaan nie (Bosman 1952: 141; vgl. Grobler 1969: 129-30). In Oktober 1653 is van die VOC se vee gesteel en die Dagregister berig dat dit waarskynlik gedoen is “door de

strantlopers, Watermans genaempt, die van de tijt onses aencompste altijt onder ons geschuylt, gewoont ende soo extraordinarie veele vruntschappen genoten hebben” (Bosman 1952: 141). Uit hierdie sin blyk dit dat daar van die begin af ’n sekere mate van kontak tussen die Goringhaikonas en die Europeërs was wat eventueel minder oppervlakkig begin word het.

Ná die diefstal was Autshumao en die Goringhaikonas vir meer as ’n jaar lank voortvlugtig. Dit lyk of heelwat van die Goringhaikonas mettertyd weer stuksgewys na die Kaap teruggekeer het, want in Januarie 1654 noem die Dagregister dat sommige van hulle *weer* begin het om brandhout te versamel in ruil vir kos. Hieruit moet mens aflei dat die Goringhaikonas ook vóór Oktober 1653 vir die Europeërs hout versamel het, moontlik reeds van die begin af. Een van hierdie werkers was die individu waarvan Van Riebeeck sê dat hy “genaempt onder ’t volcq Cocksmaet” is (Bosman 1952: 185, 224).

Autshumao self het eers in Junie 1655 weer by die Fort opgedaag (Elphick 1985: 104-5). Ofskoon Van Riebeeck vermoed het dat die Goringhaikwas Autshumao gehelp het, en na hulle as “Herry se geallieerdes” verwys het, het die sporadiese ruilhandel met hierdie groep voortgeduur. Die Goringhaikwas het egter soos gewoonlik die Kaap gedurende die winter van 1654 verlaat. Tog moes daar ook ander kontak tussen Khoekhoen en Europeërs gewees het, want mens lees in die Dagregister van individue wat by die fort kom bedel het, of om een of ander rede daarheen gegaan het (bv. Bosman 1952: 225, 236). Teen die lente van 1654 het die Skiereilandse Khoekhoen weer teruggekeer en die ruilhandel het weer begin (Bosman 1952: 236, 252).

In Februarie 1655 noem die Dagregister weer die “Strandlopers” wat “dagelijckx hier aen de fort” is, waaruit af te lei is dat die Goringhaikonas (en moontlik ook die Goringhaikwas) take vir die Europeërs verrig het, want kort daarna kla Van Riebeeck dat die groot getalle Khoekhoen wat op daardie tydstip in die Kaap was, “ons volcq onnooselijk veel overlast van hun onder de fortresse selfs te lijden, daer ons echter niet seer derven tegenstellen omdat wij van haer noch redelijcke accomodatie genieten met brandhout halen, hoewel haer daertoe genoegsaem moeten bidden ende smeecken...” (Bosman 1952: 288).

Hierdie verhouding van wedersydse afhanklikheid ná drie jaar, het duidelik geblyk toe die Goringhaikwas (wat blykbaar vir ’n aanval deur ’n ander groep gevrees het) in Mei 1655 vir Van Riebeeck gevra het om onder die beskerming van die Fort by Leeuberg te kan woon “wilden daervoor gaerne sommige van de haren om een buyck vol rijs, wat taback ende aracq dagelijcx brandhout voor de cocx halen” (Bosman 1952: 308). Dit het sommige van hulle dan ook inderdaad gedoen (vgl. Bosman 1952: 309). Teen Augustus van daardie jaar het hulle nog digby die Fort gewoon, maar skielik op die 17<sup>de</sup> weggetrek, insluitende “omtrent 20 van hare gesellen (die dagelijcx hier voor de cocx hout halen)..., ja soo schielijck ende haestigh, ... smijtende sommige hare drachten hout (qualijck halff t’huys sijnde) van de hals ende volghden d’andre al lopende na...” (Bosman 1952: 336). Tog, twee weke daarna, toe Autshumao op pad was om hom by die Goringhaikwas aan te sluit, meld die Dagregister dat hy “willende oock al sijn volcq hier laten om voor de cocx (om een buyck vol eeten, taback ende arack) branthout te halen...” (Bosman 1952: 340, vgl. ook 341). Mens moet dus aanneem dat daar gereeld, weens die vloeibaarheid van Khoekhoeverhoudinge en -alliansies, groepe of groepies of selfs net individue was, wat bereid was om vir die Europeërs te werk. Van Riebeeck het egter in Julie 1655 geskryf dat hy eerder die Goringhaikonas as werkers verkies omdat die Goringhaikwas minder betroubaar en gehoorsaam is (Grobler 1969: 131). In November noem die Dagregister “2 Hottentoes (die wat Duyts conden ende dagelijcx hout voor de cocx halen)” (Bosman 1952: 367). Dit blyk dus dat daar teen hierdie tyd ’n groepie Khoekhoen na

vore gekom het wat onderskei kan word van die ander Skiereilandse Khoekhoen deurdat hulle, weens hul werksverhouding, nouer kontak met die Europeërs gehad het.

Naas dié Khoekhoen wat met tye as “houthalers” vir die Europeërs gewerk het en só met hulle kontak gehad het, was daar nog die ander Skiereilandse Khoekhoen, veral die Goringhaikwas, met wie die Europeërs geruil het, maar wat gedurende veral 1655 ’n nuwe rol begin vervul het. Dit was naamlik om ander Khoekhoegroepes uit die binneland na die fort te lok en as “makelaars” op te tree tussen die Europeërs en hierdie Khoekhoen. Dit is iets wat dwarsdeur Van Riebeeck se tyd aan die Kaap sou voortduur en hom groot hoofbrekens besorg het (vgl. Elphick 1985: 99-101). Maar dit dien as nog ’n voorbeeld van die feit dat kontak hoofsaaklik tussen die Skiereilandse Khoekhoen en die Europeërs was. Dat die “houthalers” en die ander Skiereilandse Khoekhoen nie totaal onderskei behoort te word nie, blyk duidelik toe al die “cocx-houthaelders” aan die einde van Desember 1655 saam met die Goringhaikwas vertrek het om ’n binnelandse groep te gaan aanval (Bosman 1952: 383).

Met die terugkeer van Autshumao in Januarie 1656 het daar belangrike feite aan die lig gekom rakende die groepe “houthalers”. Autshumao wou nie buite by hulle slaap nie, aangesien hy “de houthaelders (Caepmans [Goringhaikwas] volcq meest sijnde) niet dorste vertrouwen”. Kort daarna het hy egter “al onse cocx-houthaelders, wijff, kinders en al, datter niet een, cleyn off groot, hieromtrent bleeff”, met hom meegevoer. Tog blyk dit dat van hierdie “branthouthaelders wasser boven 2 á 3 niet bij hem, maer altemalen na Caepman gegaan” (Bosman 1955: 3-5). Uit hierdie evidensie skyn dit of die “houthalers” teen hierdie tyd hoofsaaklik Goringhaikwas was met enkele Goringhaikonas daarby (wat, gegee die numeriese oorwig van eersgenoemde, en die noue skakeling tussen die twee groepe, nie verbasend is nie). Dit blyk ook dat daar daar mans, vroue en kinders onder hulle was en dat hulle digby die Fort gewoon het. Dit illustreer ook duidelik hoe vloeibaar die verhoudings tussen die onderskeie groepe en individue was, want gedurende dieselfde tyd noem Van Riebeeck dat die kaptein van die Goringhaikwas vir ’n ruk by Autshumao in laasgenoemde se laer gewoon het. Enkele maande later het Autshumao verklaar dat die Goringhaikwas sy “vrienden” is, en dat hy en hulle by die fort wil kom woon (Bosman 1955: 38). ’n Ander eienaardigheid is dat die Goringhaikwas as *groep* eers weer in Julie aan die Kaap gekom het (vgl. Bosman 1955: 55) – dus moet mens aanneem dat die groep “houthalers” wat in Januarie as Goringhaikwas geïdentifiseer is, buite stamverband as individue verkies het om vir die Europeërs te werk.

Die Khoekhoen as werkers was dus ’n wesenlike deel van die koloniale samelewing, maar tog was daar grense. So byvoorbeeld kla Van Riebeeck in Junie 1656 dat die Khoekhoen “willen niet bij ons in huys inwoonen”, maar voeg tog by dat dit met die “brandhout halen voor de cocq ende andre” goed gaan, “waerdoor wij hier al grootelijx sijn geacomodeert” (Bosman 1955: 45)<sup>16</sup>. Dat hierdie werk ’n kommoditeit was, blyk weer duidelik toe die Skiereilandse Khoekhoen vir die “Sonkwas” (San) gevlug het en Van Riebeeck versoek het om onder die beskerming van die Fort te kan woon. Hulle wou egter nie aan al die kommandeur se voorwaardes voldoen nie, maar het wel ooreengekom dat in ruil vir beskerming “souden [sij] van haer volcq genoegh hier laten tot branthout halen ende andere diensbaerheyt voor d’onse” (Bosman 1955: 56). Ná die sluit van die verdrag, het “sijluyden datelijck de hare” aangesê om “weder hout voor de kox te halen ende te mogen alderhande diensten voor d’onse” in ruil vir kos en tabak te doen (Bosman 1955: 57). Wat presies die ander take

<sup>16</sup> Van Riebeeck het altyd die hoop gekoester dat hy die Goringhaikonas en Goringhaikwas “tot bequame devotie ende redelijckheyt brengen can” (Bosman 1955: 151), onder meer deur die Khoekhoen te oorval en te dwing om vir die Europeërs te werk. Vgl. § 5.3.2 oor hierdie planne van die kommandeur.

was wat die “houthalers” verrig het, is nie duidelik nie, maar daar word dikwels genoem dat Khoekhoen as boodskappers optree of die Europeërs help om weggeloopte dienaars of (later) slawe, asook vee, op te spoor (bv. Bosman 1955: 59, 154, 305, 316; 1957: 391). Later is daar ook sprake van Goringhaikwas wat sout of byewas gesoek en aan die Europeërs verkoop het (bv. Bosman 1955: 95; 1957: 290).

Dat hierdie groepie Khoekhoen wat nou met die Europeërs se lewe geskakel het, ’n besondere plek in die koloniale samelewing ingeneem het, blyk later uit hul vertrouensposisie: met een van die eerste verkenningstogte na die noorde het Van Riebeeck besluit om “drie á vier van de vertrouwste Hottentoots, die dagelijcx hier bij ons sijn onthoudende” saam te stuur (Bosman 1955: 173). Ook op die latere togte is telkens Khoekhoen saamgestuur om as tolke op te tree (bv. Bosman 1955: 260, 414; 1957: 307, 322, 352, 409). Dit lyk ook of die verhouding wederkerig was, want daar is gevalle waar “de bij ons woonende Hottentoots” of “onser vertroude Hottentoots” die Europeërs waarsku teen een of ander gevaar (Bosman 1955: 198, 202).

### 5.3.1.2 Die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog en die gevolge daarvan tot ca. 1662

In Februarie 1657 het ’n belangrike verandering aan die Kaap plaasgevind toe die VOC ingestem het dat sommige kompanjiesdienaars uit diens kon tree om hulle as sg. “vryburgers” aan die Kaap te vestig. Dit is ’n belangwekkende gebeurtenis omdat die Kaap hiermee ’n vestigingskolonie geword het en daar op hierdie wyse ’n nuwe bevolkingsgroep permanent op die Suid-Afrikaanse bodem gevestig is. Die idee agter die vrystelling van die vryburgers was dat hulle sou boer en sodoende die verversingspos sou help om voorrade aan verbyvarende skepe te verskaf. Aanvanklik is nege mans as vryburgers toegelaat aan wie klein plase van ongeveer 11 hektaar elk al langs die Liesbeekrivier tot so ver as die huidige Wynberg toegeken is (De Wet 1981: 5-9; Guelke 1989: 70-71). Die getal vryburgers het aanvanklik sterk toegeneem en teen die einde van 1658 was daar reeds 52 vryburgermans asook 3 vroue en 5 kinders (De Wet 1981: 12). Heelwat kompanjiesdienaars het die geleentheid aangegryp om ’n onafhanklike bestaan te maak, en die aantal vryburgers het dus teen 1662 toegeneem tot 130 (93 mans, 15 vroue en 22 kinders) (De Wet 1981: 17).

Met die besetting van grond deur individuele koloniste is die Skiereilandse Khoekhoen ’n groot deel van hul tradisionele weiveld ontnem. Reeds voor 1657 het die Khoekhoen besef dat die Europeërs permanent aan die Kaap gevestig is en gekla oor die feit dat die koloniste “op haer landt saten ... om nimmermeer te vertrecken” (Bosman 1952: 287, vgl. 1952: 340). Toe Van Riebeeck en sy amptenare aan die begin van 1657 besig was om grond vir die vryburgers uit te soek, het die Khoekhoen ontsteld besef wat besig was om te gebeur. Volgens die Dagregister:

“Herry en den vetten capiteyn [Gogosoa van die Goringhaikwas] met eenige hare principaelsten ons dus siende overal speculeren ende horende praten van hier ende daer huysen, etc., te maken ... vragden: als wij daer huysen wilden maken ende het landt breecken, gelijk sij merckten ons voornemen te wesen, waer sij dan wonen souden, vermits deselve jegenwoordich juist lagen ter plaetse daer ’t eenige vrije luyden hadden uytgekosen” (Bosman 1955: 98).

Hierdie oornam van tradisionele Khoekhoe-grond asook die gewelddadige vergrype van sommige vryburgers teen die Khoekhoen het gelei tot wat in die Kaapse historiografie as die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog bekend staan (Bosman 1957: 177-78; vgl. Elphick 1985: 110-11). Die verhouding tussen die Khoekhoen en die Europeërs het verder versleg toe Van Riebeeck in Junie-Julie 1658 ’n aantal vooraanstaande Khoekhoen

gyselaar gehou het omdat hy gemeen het dat hulle ontvlugte slawe versteek (Bosman 1955: 310-15; vgl. § 5.3.2 hieronder). Alhoewel die meeste gyselaars vrygestel is, is Autshumao op aanklag van die veeroof van 1653 gevange geneem en na Robbeneiland verban (Bosman 1955: 334-35).

Dit is in hierdie ongelukkige omstandighede dat die Goringhaikwa Doman, wat gedurende 1657 saam met Kommissaris Rijckloff van Goens na Batavia gegaan en in Maart 1658 na die Kaap teruggekeer het (Bosman 1955: 267, 310, 313; 1957: 45), die kans gebruik het om die Skiereilandse Khoekhoen te verenig en vanaf Mei 1659 'n aantal aanvalle op die koloniste uit te voer. Met behulp van die kennis wat Doman in die Ooste oor die Nederlanders se oorlogsvoering opgedoen het, het die Khoekhoen daarin geslaag om die Europeërs te uitoorlê. Ofskoon enkele Khoekhoen in twee aanvalle deur Europeërs gedood is, het die oorlog eintlik tot 'n einde gekom omdat die alliansie tussen die verskillende Skiereilandse Khoekhoegroepes uiteengeval het, en nie omdat die Europeërs die Khoekhoen militêr oorwin het nie. In April 1660 het die Goringhaikwas en Gorachokwas vrede met die Europeërs gesluit (Elphick 1985: 112-14; Marks 1972: 63-64).

Dit is onduidelik wat presies van die "houthalers" gedurende die Khoekhoe-Nederlandse oorlog geword het, hoewel die Goringhaikonas hulle met tye by die Goringhaikwas skuilgehou het (bv. Bosman 1957: 10-11). Dit wil voorkom of die groepie "houthalers" aanvanklik van die Fort gevlug het, want op 19 Mei 1659 noem die Dagregister dat toe 'n gerug van 'n aanval deur Doman gekom het, "al de Hottentoes hieromtrent namen de vlucht met vrouwen, kinders ende al" (Bosman 1957: 49). In Augustus 1659 is die Goringhaikonas deur die Europeërs oorval. By dié geleentheid vermeld die Dagregister dat daar omtrent 18 weerbare man in die groep was, "behalven omtrent sooveel vrouwen ende kinders, ... welcke alle bekenden waren die dagelijcx bij 't fort plachten te verkeerren, tegen d'onse riepen dat se Vismans, alias Watermans, waren...". Van die drie doodgeskiete Khoekhoen was een Siginman, die "gewesen combuysknect van den Commandeur", terwyl die ander 15 mans "bekende, seer slimme quanten [sijn] die dagelijcx plachten voor d'een en d'ander hout te halen ende ander diensten te doen omtrent het fort ende oock overal op 't lant bij de vrije lantbouwers". Van twee van hierdie 15 word genoem dat een ook 'n kombuiskneg was en die ander die ploegosse gelei het (Bosman 1957: 111-112). In Oktober 1659 het nege van hierdie Goringhaikonas na die fort gekom, om verskoning vir hul aandeel in die oorlog gevra en versoek dat hulle "weder g'admitteert met hun huysen, vrouwen ende kinderen omtrent 't fort te wonen, om voor ons alle dienstbaerheyt te doen van hout, water ende vis te halen, etc. als hebbende sijluyden geen beesten noch ander rijckdom..." sal word, wat dan ook toegestaan is (Bosman 1957: 146). Teen Mei 1660 blyk dit dat hulle hul hutte naby die Fort gehad het (Bosman 1957: 222) en teen September noem Van Riebeeck dat hulle so arm is dat hulle geen keuse gehad het as om "hun al onder Compagnies resort [te] houden, tot dienst van den borger, etc. in 't vissen, wassen, schuyren, etc., 'twelcq deselve al vrij adcommodabel valt" (Bosman 1957: 271). Die inskakeling van die Gorinkhaikonas by die Nederlandse ekonomiese aktiwiteite was dus deeglik aan die gang, selfs al het hulle hul nog afsonderlik gehou deur apart op hul tradisionele wyse te woon en om hulle soms by die ander Khoekhoen te skaar. So byvoorbeeld het ook hulle, saam met die ander Skiereilandse Khoekhoen, gevlug toe Soeswa, die kaptein van die Chainokwas, in Oktober 1660 met die Europeërs kom ruil het (Bosman 1957: 277).

Ten spyte daarvan dat die Khoekhoen ontevrede was oor die besetting van grond deur die vryliede, was daar tog 'n mate van kontak tussen sommige van die Khoekhoen en die vryburgers. Reeds teen die einde van 1657, was daar gevalle waar beide binnelandse en Skiereilandse Khoekhoen vee met die vryburgers geruil het (bv. Bosman 1955: 207). Die vryburgers is aanvanklik toegelaat om te ruil en hulle het selfs vir dié doel enkele

privaatogte na van die inlandse Khoekhoen onderneem (Bosman 1955: 409-10; vgl. 1957: 10-11, 188-89). Later, gedurende die Khoekhoe-Nederlandse oorlog, is 'n plakkaat uitgevaardig waarin die vryburgers gewaarsku is teen te noue kontak met die Khoekhoen (Bosman 1955: 335; vgl. 1957: 231-33). Hoewel veehandel tussen privaatlui en Khoekhoen ná 'n ruk verbied is, het sommige vryburgers steeds onwettig hiermee voortgegaan (bv. Bosman 1955: 398-99; 1957: 242-43). Later noem die Dagregister dat die Khoekhoen wat die vryburgers "in haer huysen tot wat dienstbaarheid hadden gehad", weggeloop het (Bosman 1957: 7). Wat presies hierdie mense se rol en/of werk was, is nie duidelik nie, hoewel Van Riebeeck teen die einde van sy dienstydyperk in 1662 genoem het dat sommige Khoekhoevroue die vryburgers as bediendes dien (Grobler 1969: 134). Hierbo is genoem dat een van die Goringhaikonas die ploegosse gelei het – of hy dit vir vryburgers of die Kompanjie gedoen het, word nie vermeld nie. Al is die presiese aard daarvan onbekend, is dit tog duidelik dat daar ook kontak tussen die vryburgers en verskillende Khoekhoen was, selfs al was dit van 'n negatiewe aard. Gedurende die Khoekhoe-Nederlandse oorlog was daar byvoorbeeld voortdurend klagtes van die vryburgers omdat die Khoekhoen hul eiendom verniel en besittings gesteel het (Bosman 1957: 37, 40, 72, 89).

'n Aanduiding van die mate van Nederlandse akkulturasie en kontak is die feit dat sommige Khoekhoen Nederlandse name gehad het (vgl. Elphick 1985: 208-10). Naas tolke soos Autshumao, Krotoa, Doman en Claes Das wat weens hul noue kontak met Europeërs Nederlandse name gekry het, word daar ook ander Khoekhoen genoem wat beide Khoename en Nederlandse name gehad het. Met die gyselaarskwessie van 1658, noem Van Riebeeck naas Autshumao, vyf ander Khoekhoen waar hy beide hul Khoename en Nederlandse name gee (Bosman 1955: 328, 329, 334; vgl. ook 1957: 185). In dieselfde lysies is daar vier persone van wie daar slegs Khoename gegee word. Alhoewel dit nie heeltemal seker is nie, lyk dit tog of hierdie individue, weens hul noue verbintenis met Autshumao, Goringhaikonas moet gewees het. Met die aanval op die Goringhaikonas gedurende die Khoekhoe-Nederlandse oorlog, noem die Dagregister 14 Khoename van individue, waarvan 10 ook Nederlandse aliasse gehad het (Bosman 1957: 112). Ek dink dat dit, tesame met ander evidensie, aandui in hoe 'n groot mate die Goringhaikonas by die koloniste en hul bedrywighede ingeskakel was. 'n Vergelyking kan met die Goringhaikwas getref word: toe hul hoofde in Julie 1658 'n vergadering met Van Riebeeck gehad het, het hy 18 individue genoem, almal met Khoename, terwyl slegs die drie seuns van Gogosoa ook Nederlandse aliasse gehad het (Bosman 1955: 325-26).

Gedurende 1660-61 het die magtige Cochokwas die somermaande in die Kaapse Skiereiland deurgebring waartydens onderonsies tussen hulle en die Skiereilandse Khoekhoen ontstaan het. Die leiers van die Cochokwas, Odosoa en Gonnema, wou die Skiereilandse Khoekhoen onderwerp. In November 1661 het hulle beide die Goringhaikwas en Gorachokwas asook "de cale vissers" (waarskynlik die Goringhaikonas) verbied om by die Europeërs te kom. Volgens die Dagregister wou "Oedosoa ende Gonnomoa expres dat nu haer volcq [Cochokwas] de frequentatie tot d'onse alleen sullen hebben". Hulle het daarom "melck ende veelderhande worteltjes, seecker goet slagh van aertakers, etc., seer veel" na die Europeërs gebring en hulle "ooch met waterhalen, wassen, plassen, etc." gehelp in ruil vir "tabacq, broot, brandewijn ende ander dingen". Omdat die Cochokwas die Skiereilandse Khoekhoen "glad aff-ontzeyt" het, was die gevolg dat die Europeërs vir 'n ruk lank niks van die Skiereilandse Khoekhoen verneem het nie (Bosman 1957: 418). Hierdie situasie het egter nie lank voortgeduur nie en die Cochokwas het weer later in 1662 uit die Kaap vertrek waarna die Skiereilandse Khoekhoen weer, mens neem aan, hul werkskontakte met die Europeërs opgeneem het (vgl. Elphick 1985: 123).

### 5.3.1.3 Kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs

Die permanente vestiging van Europeërs aan die Kaap en hul kontak met Khoekhoen het kommunikasie tussen hierdie twee groepe nodig gemaak. Die noue kontak tussen sommige Khoekhoen en Europeërs het daartoe gelei dat eersgenoemde mettertyd ('n vorm van) Nederlands geleer het. Aanvanklik is die gebruik van Khoekhoen met kennis van 'n Europese taal as tolke egter voortgesit, en daarom word hul rol in die kommunikasieproses eerste bespreek.

Van Riebeeck was bewus van Autshumao se geskiedenis as tolk en tussenganger vir die Europeërs en Khoekhoen (vgl. Bosman 1952: 105, 169). Onmiddellik ná die Europeërs se aankoms aan die Kaap, het hulle met Autshumao kontak gemaak en hom as tolk gebruik. Mens kan in 'n mate uit die Dagregister se evidensie vasstel watter soort taal Autshumao gebruik het. Aanvanklik word na hom verwys as die Khoekhoe "die wat gebroocken Engels spreek" (bv. Bosman 1952: 24, 43, 76, 77, 81) of net "die wat Engels spreek" (bv. Bosman 1952: 63, 64) tot so laat as Januarie 1653 (Bosman 1952: 117). Dat Autshumao se Engels aanvanklik nie so goed was nie, blyk uit Van Riebeeck se opmerking in November 1652 dat Autshumao probeer "door teijckens ende halfftaelige, gebroocken Engelsse woorden te beduijden" (Bosman 1952: 81). Dat kommunikasie dikwels aangevul is deur tekens of gebare, blyk ook in die begin (vgl. Bosman 1952: 101, 115). Klaarblyklik moes Autshumao se taalgebruik mettertyd verbeter het, want ná Junie 1655 lees mens nie meer van "gebroke taal" of "Engelse woorde" nie, terwyl die Dagregister daarna na kommunikasie met Autshumao verwys deur 'gewone' kommunikasie-werkwoorde te gebruik soos "sê, antwoord, vraag" en nie meer frases soos "weet te sê, gee te verstaan/kenne" nie, wat op minder vloeiende kommunikasie kan dui. Of hy op dié tydstip Nederlands kon praat en nie meer Engels gebruik het nie, is nie duidelik nie.<sup>17</sup>

Doman, wat later 'n belangrike rol in die Khoekhoe-Nederlandse oorlog sou speel, word die eerste keer in Desember 1655 in die historiese bronne genoem, toe hy naas Claas Das as tolk begin gebruik is (Bosman 1952: 375-6, sien hieronder vir Claas Das). Alhoewel daar nie direkte evidensie daarvoor is nie, moet mens hieruit aflei dat Doman reeds 'n redelike kennis van Nederlands gehad het om in die eerste plek as tolk gebruik te word, en hy is waarskynlik juis om dié rede deur Van Goens in 1657-58 na Batavia saamgeneem (met die oënskynlike oogmerk dat hy later die VOC as tolk sou dien). Teen Junie 1658 noem Van Riebeeck hom die "nuwe tolk" (Bosman 1955: 310) en hy is daarna gereeld as tolk gebruik, selfs ná sy rol in die Khoekhoe-Nederlandse oorlog. Ongelukkig word daar geen direkte getuienis oor sy Nederlands gegee nie, maar mens kan aanneem dat hy, gegee die tyd wat hy in Batavia deurgebring het, 'n redelike kennis van die taal gehad het.

Die mees waardevolle tolk vir die Europeërs was Krotoa, wat ook die nouste kontak van alle Khoekhoen gedurende 1652-1662 met die koloniale samelewing gehad het. Sy was teen Oktober 1657 15-16 jaar oud, en het volgens Van Riebeeck sedert die begin van die nedersetting daar by sy vrou gewoon (Bosman 1955: 186). Omdat Krotoa verwant was aan beide Autshumao en Odosoa, een van die leiers van die Cochokwa, het Van Riebeeck haar sedert 1658 gereeld as tussenganger gebruik. Ofskoon sy as gevolg hiervan met tye van die Fort weg was, het sy tog altyd teruggekeer, en blykbaar onderrig in lees, skryf en die Christelike godsdiens gehad (Bosman 1955: 401, 451; 1957:1; vgl. Elphick 1985: 107-8). Dit is moontlik om uit die Dagregister die

<sup>17</sup> Die enigste uiting van Autshumao wat verbatim behoue gebly het, dateer juis uit hierdie tyd, September 1655, nl. "Goo, goo reght" (Bosman 1957: 416). Of dit Engels, Nederlands of 'n voorbeeld van die Khoekhoe-pidgin is, is omstrede. Vgl. Addendum 8.5 hieronder vir verwysings.

ontwikkeling van Krotoa se kennis van Nederlands waar te neem. Toe Van Riebeeck haar die eerste keer in Januarie 1656 noem, sê hy dat sy “wat Duyts geleert” het (Bosman 1955: 5). In Oktober 1657 staan in die Dagregister dat sy begin het om “fray Duyts ... te leeren spreekken” (Bosman 1955: 186). ’n Paar maande later, in Junie 1658, kon sy al “goet Duyts” praat (Bosman 1955: 310), terwyl die Dagregister verder meld dat sy in Mei 1659 “goet Duyts spreekende ende verstaet” (Bosman 1957: 49). In September 1660 noem Van Riebeeck dat Krotoa “goet Duyts ende redelijck Portugees ... leeren spreekken” het (Bosman 1957: 267).<sup>18</sup> Uiteindelik, in Mei 1661, skryf Van Riebeeck dat Krotoa van hul drie belangrike tolke, “de principaelste uytleggerse van de tael [is] omdat die terdegen, perfect Duyts spreek” (Bosman 1957: 367). Ongetwyfeld is die ontwikkeling van Krotoa se Nederlands toe te skryf aan haar noue en intieme kontak met die Europese bevolking, en mens kan aanneem dat die ander tolke se taalkennis nie op haar vlak was nie.<sup>19</sup>

Naas hierdie ‘hooftolke’, het verskeie ander mense ook met tye as tolke vir die VOC opgetree. Dit is belangrik om daarop te let, dat hulle, net soos Autshumao, Krotoa en Doman lede van die Goringhaikonas of Goringhaikwas was. In September 1655 het Autshumao ene Claas Das in sy plek as tolk voorgestel, wat met Autshumao se afwesigheid gedurende hierdie tyd saam met Doman as tolk gedien het (Bosman 1952: 340). ’n Ruk later blyk iets van Claas Das se taal toe na hom in die Dagregister verwys word as iemand “die wat Duyts heeft leeren spreekken” (Bosman 1952: 371). In Julie 1658 het Claas Das self vir Van Riebeeck gevra om weer as tolk aangestel te word, ’n funksie wat hy klaarblyklik wel naas die ander tolke vervul het (Bosman 1955: 334; 1957: 178, 312). Dit is egter veral met die verkenningsstogte noordwaarts, dat die Europeërs van ander tolke begin gebruik maak het (gewoonlik twee per tog), selfs al het Doman ook soms saamgegaan. So word daar genoem dat Siginman en die dertienjarige Cleyn Jan in November 1658 saam is (Bosman 1955: 413-4). Op die latere togte van 1660-61 word die volgende pare tolke genoem: Douman en Donckema (Bosman 1957: 265), Bisente en Doman (Bosman 1957: 307)<sup>20</sup>, asook Donckeman (waarskynlik dieselfde as die vroeëre “Donckema”) en die Khoekhoe wat as Hans van Neurenburg bekend gestaan het (Bosman 1957: 322, 485).

Die verhouding wat daar tussen die tolke en die Europeërs bestaan het, het gelei tot aansienlik nouer kontak met mekaar. So byvoorbeeld het Autshumao met tye naby die Fort gewoon, soms self daar oornag, en dikwels saam met Van Riebeeck geëet. Dit was ook die geval met Doman en, mens moet aanneem, ook met die ander Khoekhoen wat as tolke gedien het. Claas Das het byvoorbeeld spesifiek gevra om met sy “huisie” naby die Fort te kom woon (Bosman 1955: 334). Sedert die begin, is die tolke ook dikwels materieel vergoed vir hul dienste. Al hierdie dinge het daartoe gelei dat die tolke, weens hul rol as tussengangers enersyds, en hul noue kontak met die Europeërs andersyds, ’n spesifieke posisie vis-à-vis die ander Khoekhoen ingeneem het (vgl. Elphick 1985: 103-10). Die feit dat die tolke meestal uit die Goringhaikonas en Goringhaikwas gekom het, het daartoe bygedra dat die Skiereilandse Khoekhoen baie nouer by die koloniale samelewing ingeskakel het. Dit is

<sup>18</sup> Waarskynlik het Krotoa Kreools-Portugees van die huisslawe van die Van Riebeeck-gesin geleer, gesien dat hierdie slawe uit die Ooste afkomstig was en waarskynlik dié taal kon praat (vgl. Franken 1953: 31-33).

<sup>19</sup> Volgens Den Besten behoort mens nie die uitsprake oor Krotoa se goeie Nederlands op sigwaarde te aanvaar nie. Hy skryf na aanleiding van die uitinge wat in die Dagregister aan haar toegeskryf word: “And although we may certainly assume that she acquired more Dutch than many of her fellow Khoekhoen, we have to allow for editing on the part of Van Riebeeck and his scribes. ... Apparently also from a linguistic point of view Eva was ‘a woman between’” (Den Besten 1994: 19 n. 12).

<sup>20</sup> Die tog waarop hierdie twee persone as tolke saam is, was die grootskaalse (maar onsuksesvolle) tog van November 1660-Januarie 1661 op soek na die mitiese stad ‘Monopotama’. Op hierdie reis was ook die Duitser George Fredericus Wrede (of: Wreedem), wat teen 1664 ’n Khoe-Nederlandse woordelys opgestel het (vgl. Bōeseken 1973: 323, vgl. 186 n. 47). Wrede het in 1659 aan die Kaap gekom, maar of hy reeds teen 1660 Khoe gekeken het, is onbekend. Daar word in ieder geval nie genoem dat hy op die tog as tolk saam is nie (Bosman 1957: 290), en die teenwoordigheid van Bisente en Doman op hierdie tog maak dit onwaarskynlik.

dan ook iets wat die Skiereilandse Khoekhoen later probeer eksploiteer het. Die noue sosiale skakeling en taalkundige kontak gaan dus hand aan hand.

Die feit dat die Europeërs bereid was om die tolke vir hul dienste te vergoed, en tot so laat nog van hulle gebruik gemaak het, dui aan in hoe 'n mate hulle van vertolking afhanklik was. Alhoewel Van Riebeeck soms van die tolke se vertolking gewantrou het, kon hy tog nie sonder hulle klaarkom nie (vgl. bv. Bosman 1952: 107; 1957: 86, 278). Ook as mens nagaan (sover dit moontlik is) met watter Khoekhoegroep daar getolk word, blyk dit duidelik dat die nouer kontak wat veral die Goringhaikonas en die Goringhaikwas met die Europeërs gehad het, 'n definitiewe uitwerking op hul talige posisie moet gehad het.

Toe die Europeërs vir die eerste keer die Goringhaikwas in November en Desember van 1652 ontmoet het, het Autshumao as tolk opgetree (bv. Bosman 1952: 90, 100-101, 107). Alhoewel direkte evidensie vir verdere vertolking tussen die twee groepe ontbreek, moet mens tog aanneem dat daar aanvanklik meer moet gewees het, omdat die Europeërs anders tog nie tolke nodig sou gehad het in die jare voordat hulle met die Omliggende Khoekhoen (vanaf 1657/8) begin kontak maak het nie. Gogosoa, die kaptein van die Goringhaikwas het byvoorbeeld altyd, anders as sy seuns, vertolking nodig gehad. Wat wel duidelik blyk, o.a. weens sosiohistoriese oorwegings, is dat kontak met die Gorachokwas minder nou was, en dat daar gevolglik meer dikwels van tolke gebruik gemaak is waar die Europeërs met hulle kontak gehad het. Selfs so laat as Desember 1659 moes Autshumao nog optree as tolk tussen dié groep en die Europeërs (Bosman 1957: 98). Toe van die Gorachokwas enkele maande later na die Fort gegaan het vir onderhandelinge met die Europeërs, word spesifiek genoem dat hulle Autshumao en Doman saamgeneem het om as tolke op te tree (Bosman 1957: 217). Ook in Februarie 1662, toe Van Riebeeck die verenigde kraal van die Goringhaikwas en Gorachokwas besoek het vir beraadslaging, het Autshumao en Doman weer opgetree as tolke (Bosman 1957: 444).

In Oktober 1657 het die Europeërs die eerste keer met die Chainokwas kontak gemaak en van tolke gebruik gemaak vir kommunikasie. Toe die Chainokwas in September 1660 weer die Fort besoek het, noem die Dagregister spesifiek dat hulle "soo vrempt noch [waren] dat niet een woort wisten met d'onse te spreekken" en slegs kon beduie (Bosman 1957: 260). Die Europeërs was vir handel met hulle op die tolkdienste van Krotoa aangewese (Bosman 1957: 265). Dieselfde was die geval met die Hessekwas wat in Februarie 1661 die Kaap besoek het (Bosman 1957: 329).

Dit was egter veral met die magtige en ryk Cochokwas dat die Europeërs sedert die laat 1650's heelwat kontak gehad het. In onderhandelinge met hulle het veral Krotoa 'n belangrike rol gespeel weens haar familiebetrekkinge met Odosoa. Keer op keer word daar genoem dat Krotoa vir die Cochokwas tolk, dat hulle "deur" haar iets sê, ens. (vgl. bv. Bosman 1957: 72-73, 75-76, 92, 95, 271-72, 284-85). Dat die Europeërs totaal van tolke afhanklik was in hul kontak met die Cochokwas, blyk veral uit twee insidente. Toe Krotoa in Junie 1659 saam met 'n groep Europeërs by die Cochokwas was, was sy so oorstelp van vreugde oor die weersien van haar familie dat sy nie die Europeërs met "vertalen... dienen conde..." (Bosman 1957: 79). 'n Maand later, toe Krotoa vir 'n tyd lank by die Cochokwas gewoon het, en 'n groepie Cochokwas by die fort opgedaag het vir ruilhandel, "hielden ons of wij se niet verstaen costen, opdat se Eva telckens, om te vertalen, souden medebrenghen, dat haer beduyt weird" (Bosman 1957: 90). Waar daar dus geen tolke beskikbaar was nie, is daar van gebare gebruik gemaak, soos ook blyk uit die enkele geval waar genoem word dat die Cochokwas op pad terug 'n vryburgervrou lastig geval het "met seer verachtelijcke minen ende dreygementen" (Bosman 1957: 89).

Dit is duidelik dat wat die Omliggende Khoekhoen en die Gorachokwas betref, die Europeërs op tolke aangewese was. Die geval blyk egter anders te gewees het sover dit die Goringhaikonas en Goringhaikwas betref, juis weens die nouer kontak tussen hierdie groepe en die koloniale samelewing.

Weens die vae sosiopolitiese grense tussen die Goringhaikonas en Goringhaikwas is dit nie altyd moontlik om te onderskei tussen die mense van hierdie twee groepe nie, veral omdat hulle op verskillende tye geallieerd was, maar ook omdat die koloniste, juis weens dié groepe se noue verbintenisse, nie altyd 'n onderskeid kon tref nie. Wat wel duidelik blyk, is dat hulle weens die nouer skakeling met die Europeërs nie net maatskaplik deur die koloniale bestel beïnvloed is nie, maar ook talig.

Kort na die Europeërs se aankoms het 'n groepie Khoekhoen, waarskynlik die Goringhaikwas, na hulle gekom en “door teijckenen ende veele gebroocken Duijtsche ende Engelsse woorden ... te verstaen gevende ... beesten ende schapen soude brengen” (Bosman 1952: 27).<sup>21</sup> Teen November 1652, toe die Goringhaikwas vir die somer na die Kaap getrek het, het hulle “met gebroocken Francen ende Engelse woorden te verstaen gegeven” (Bosman 1952: 84).<sup>22</sup> Waarskynlik het sommige Khoekhoen hierdie woorde onthou uit hul kontak met Europese seevaarders van voor 1652. Wat ook blyk, is dat dit nie van veel nut in die kommunikasieproses was nie, of slegs deur enkelinge beheers was, want gedurende die daaropvolgende jare (Januarie 1653 – Mei 1655) is daar heelparty gevalle waar daar pertinent genoem word dat die Goringhaikwas “beduie”, “tekens maak” of “wys” (Bosman 1952: 115, 165, 188, 214-15, 287, 309). In Februarie 1654 het die Europeërs 'n ou Goringhaikwa-man gevang van wie hulle niks te wete kon kom nie, “omdat [hij] niet een woort Duyts of Engels coste, sulcx al wat van hem begrepen, verstonden uyt sijn eygen taelswoorden bij ons eenichsints door ervarentheynt geleert” (Bosman 1952: 170-71). Die enkele woorde van Europese tale wat wel onder die Goringhaikwas bekend was, was dus nie baie verbreid nie.

Dit is moeilik om oor die situasie van die Goringhaikonas te oordeel, maar teen Februarie 1655 noem Van Riebeeck dat die Khoekhoen wat by die Fort woon (waarskynlik die Goringhaikonas of die groepie wat hierbo as “houthalers” geïdentifiseer is) die Europeërs “met gebroocken Engelse woorden mede dickwils te verstaen gaven” (Bosman 1952: 287). Hieruit blyk dit dat ten minste daardie Khoekhoen wat naby die Fort gewoon het, talig gekommunikeer het, want in dieselfde passasie word daar genoem dat die Goringhaikwas “beduie”. Nietemin is dit duidelik dat daar meer gereeld kontak tussen hierdie groepe was en dat hulle nie op tolke staatgemaak het nie.

In Junie 1656 noem Van Riebeeck eksplisiet dat die kennis van Nederlands meer algemeen begin te word: “...als wij malcanderen in tijt ende wijle wat beter sullen beginnen te verstaen, gelijk alreede begint te blijcken, vermits sij de Duytsche tale al redelijck fray begunnen te leeren spreekken, insonderheynt de jonge kinderen...” (Bosman 1955: 45). In Februarie 1657 word daar gemeld dat “se doch al veel van de Duytse tale cunnen verstaen ende spreekken, ja sommige wel sooveel, dat se voor 't vercoopen ende leveren al genouchsaem vrij sijn” (Bosman 1955: 98). In hierdie passasies word daar spesifiek na die Goringhaikonas en Goringhaikwas verwys, met wie die Europeërs sedert 1652 redelik noue kontak gehad het. Hierdie ‘skielike’ besef dat kennis van die Nederlandse taal onder hierdie groepe uitgebrei het, hang nou saam met bewyse dat daar gedurende hierdie tyd ook individue was wat Nederlands begin leer het.

<sup>21</sup> Hierdie aanhaling is hierbo in § 5.2.6 in meer besonderhede bespreek.

<sup>22</sup> Die Franse woorde kon moontlik van De Flacourt se besoek in 1648 onthou word, vgl. § 5.2.6 noot 15 hierbo.

Die eerste geval van 'n Khoekhoe, naas Autshumao en Krotoa, wat Nederlands ken, kom uit Oktober 1654 toe 'n Nederlandse skipper 'n aantal Khoekhoen saam met hom na Saldanhabaai geneem het. Die skipper wou vir een van hulle Nederlands leer, en hy noem dat hierdie persoon die taal al “redelijck” kan verstaan (Bosman 1952: 258). 'n Jaar later is daar duideliker bewys dat die noue kontak tussen sekere Khoekhoen en die Europeërs taalkundig vrugte begin afwerp het, want in Oktober noem die Dagregister twee Khoekhoen van die “houthalers” “die wat Duyts conden” (Bosman 1952: 367). In Junie 1656 laat Autshumao 'n boodskap vir Van Riebeeck aflewer deur 'n Khoekhoe “die wat Duyts can” (Bosman 1955: 48). Waarskynlik was hierdie persoon, gegee sy verbintenis met Autshumao, 'n Goringhaikona. Ook in Maart 1657 noem die Dagregister twee Khoekhoen “die wat Duyts cunnende” (Bosman 1955: 111). Hierdie individuele gevalle van mense wat 'n bietjie Nederlands ken, val saam met Van Riebeeck se opmerking dat daar ongeveer vyf jaar ná die stigting van die verversingspos, 'n groter kennis van die taal onder die Skiereilandse Khoekhoen was. Dat juis kinders die taal aangeleer het, blyk ook uit die geval van ene Cleyn Jan wat in 1658 dertien jaar oud was en wat volgens die Dagregister “cunnende redelijck goet Duyts”, soveel so dat hy as tolk gebruik is (Bosman 1955: 413-4).

Uit bogenoemde lyk dit of die Goringhaikonas en Goringhaikwas kort voor die koms van die Omliggende Khoekhoen in 1657/8 'n groter kennis van Nederlands begin vertoon het. So byvoorbeeld kon Otegno (“Pieter”), een van die seuns van die Goringhaikwa-kaptein Gogoso, “redelijck Duyts” spreek (Bosman 1955: 195). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat dit steeds waarskynlik eerder individue was wat kennis van die taal gehad het en nie hele groepe nie. Die broer van Otegno, Schacher, se Nederlands was byvoorbeeld nie so goed dat hy sonder die hulp van Doman met Van Riebeeck kon kommunikeer nie (Bosman 1955: 323). Dit lyk egter tog of dit veral die groepe “houthalers” was wat teen die einde van die 1650's waarskynlik 'n meer algemene kennis van Nederlands kon gehad het, omdat hulle nie net meer gereeld in kontak met die Europeërs was nie, maar blykbaar ook (in gevalle waar die ‘hoofvolke’ nie by die Fort was nie, of waar Van Riebeeck 'n onafhanklike interpretasies wou hê) as tolke opgetree het (vgl. bv. Bosman 1957: 85, 175, 329).

### *5.3.2 Die invoer van slawerny na die Kaap en die eerste slawe*

Die Khoekhoen en Europeërs was nie die enigste twee groepe wat kontak met mekaar aan die Kaap gehad het nie. Die teenwoordigheid van slawe in die koloniale samelewing het die kontak- en kommunikasiesituasies verder verwickeld gemaak.

Daar was reeds voor die invoer van groot getalle slawe in 1658 enkele slawe aan die Kaap. Die eerste slaaf aan die Kaap was ene Abraham van Batavia wat in Maart 1653 as skeepsverstekeling by die Kaap afgelaai is. Hy was blykbaar sieklik en is in Maart 1656 teruggestuur. In Desember 1654 is 'n sekere Eva en haar tweejarige seun Jan Bruyn uit Madagaskar na die Kaap ingevoer. Hulle het aanvanklik as huisslawe vir sersant Van Harwaerden gedien, maar het in 1657 kompanjieslawe geword. Anthony van Madagaskar is waarskynlik saam met hierdie twee van Madagaskar gebring, maar hy het in Maart 1655 verdwyn. Van Riebeeck het vermoed dat hy deur die Khoekhoen “om den hals gebracht” is, waarskynlik omdat “gemelte slave altijd met de Hottentoes doende was met vechten ende slaen” (Bosman 1952: 295). In November 1655 is die getal slawe tot vyf vermeerder toe 'n kompanjiesdienaar wat na Nederland op pad was, Domingo en Angela of Ansiela van Bengale aan Van Riebeeck geskenk het. Hulle het hierna vir die Van Riebeecks as huisslawe gedien, Angela

onder meer as kinderoppasser.<sup>23</sup> In Maart 1656 het 'n onbekende slaaf aan die Kaap geland, maar hy is kort daarna oorlede. In Maart 1657 het 'n Franse admiraal twee slawemeisies, Cornelia en Lysbeth van Abessinië, onderskeidelik 10 en 12 jaar oud, wat hy op Madagaskar bekom het, aan die Van Riebeecks geskenk. Terselfdertyd is ook die vyfjarige Eva, waarskynlik van Malgassiese herkoms, aan die Kaap geland. By hierdie geleentheid het 'n manlike slaaf, ene Espagniola, van die Franse skepe ontsnap wat toe as slaaf van die VOC ingeboek is. Ook die drie slawekinders is as eiendom van die Kompanjie beskou, maar twee van hulle is aan kompanjiesdienaars in hul privaathoedanigheid uitgeleen. Eva van Madagaskar en Espagniola moes op Robbeneiland by die steenbrekery werk. Gedurende 1656 en 1657 het nog vier slawe aan die Kaap geland, waarskynlik van die retoervloot gekoop, want teen Mei 1657 het die Van Riebeecks nog twee slavinne uit Batavia gehad (naas Angela en Domingo), terwyl twee van die vooraanstaande kompanjiesdienaars elk 'n slaaf besit het. Dus was daar op die vooraand van die invoer van 'n groot aantal slawe reeds 12 slawe aan die Kaap. Hiervan was agt vroue en vier mans, terwyl ten minste vier van hulle nog kinders was. Ses van hulle was privaatslawe, waarvan vier aan die Van Riebeecks behoort het. Hierdie slawe was van taamlik uiteenlopende herkoms: drie was van Madagaskar, drie van Batavia, twee van Bengale en twee van Abessinië, terwyl 2 se herkoms onbekend was (hierdie paragraaf is gebaseer op Blommaert 1938: 4-7; Franken 1953: 31-33; Böeseken 1977: 5-9).

Die invoer van slawe na die Kaap hou verband met die arbeidstekort wat die verversingstasie in die eerste jare ná sy stigting ondervind het. Weens die besuinigingsbeleid van die VOC was dit nie moontlik om die aantal kompanjiesdienaars veel te vergroot nie (Blommaert 1938: 12). Gevolglik moes Van Riebeeck 'n ander vorm van arbeid vind. Hoewel hy verskeie male oorweeg het om (van) die Khoekhoen te oorval en van hulle dwangarbeiders te maak (vgl. Bosman 1952: 99, 194-95 & 1955: 151; Elphick 1985: 102), was die VOC nie daarvoor te vinde nie (Grobler 1969: 136-37; Blommaert 1938: 18-19). 'n Ander voorstel van die kommandeur, nl. om vry Chinese uit Batavia te oorreed om aan die Kaap 'n bestaan te voer, het ook nooit geluk nie (Blommaert 1938: 10-11). Aan Van Riebeeck se versoek om bannelinge of bandiete na die Kaap te stuur waar hulle as arbeiders gebruik kan word, is wel voldoen. Volgens Grobler is enkele Chinese bandiete in 1654 na die Kaap verban, terwyl in 1656 nog drie bandiete bygekom het. In April 1657 was daar ses bandiete aan die Kaap, wat die volgende maand tot 10 gestyg het. Hulle getal het heelwat gewissel, want in 1658 was daar sewe, wat 'n jaar later weer tot 15 toegeneem het. Teen 1662 was daar weer slegs vier bandiete aan die Kaap. Die rede vir dié wisseling is dat sommige bandiete ontsnap het, terwyl ander vrygestel is. Daarby was die sterfetal onder hulle ook baie hoog. Hoewel dié bandiete vir swaar hande-arbeid gebruik is, was hul aantal nie groot genoeg om in al die behoeftes te voorsien nie (Grobler 1969: 137-42). Die arbeidstekort aan die Kaap is vererger met die vrystelling van kompanjiesdienaars as vryburgers in 1657, aangesien hulle slawe benodig het om te help met hul boerderye (Blommaert 1938: 7-8, 23). Al hierdie faktore het daartoe gelei dat die VOC ingestem het om slawe

<sup>23</sup> Angela het die res van haar lewe aan die Kaap deurgebring en later 'n vryswartin geword, want toe Jan van Riebeeck se kleindogter, Johanna Maria van Riebeeck, in 1710 aan die Kaap was, het sy haar ontmoet en aan haar vader Abraham geskryf: "Hier is bij mijn ook een swarte vrouw geweest die een mijt is gewees van grootmoeder zalr. en zijt dat se op vader en alle de andere kinderen heeft gepast en ook dat se vader heeft gesprooke weder hier in het uytcomen uijt [t] vaderlant [Abraham van Riebeeck was in 1676 aan die Kaap op pad na die Ooste]. Haar naam is Ansiela, sij is hier getrouw geweest met een Hollander en haar dochter is de vrouw van capitijn B., hier aan de Caap, daar de schilderije ook hangen van grootvader en grootmoeder zalr. en scheynt die veel te estimeren" (Bosman 1952a: 104). Angela is met die Van Riebeecks se vertrek na die Ooste aan Abraham Gabbema verkoop wat haar in 1666 "uijt puijre genegenheijt" vrygestel het (Böeseken 1977: 79). Kyk § 5.8 hieronder oor die vryswartes en Angela.

na die Kaap in te voer, veral ook omdat slawe die goedkoopste bron van arbeid vir die Kaap sou wees (Blommaert 1938: 20-24; Grobler 1969: 142-43).

In 1658 het 'n VOC-skip 'n Portugese slaweskop aangeval en 250 slawe daarvan gelig. Hierdie slawe is deur die Portugese in Angola verkry en op pad na die Portugese kolonie in Brasilië. Toe die VOC-skip op 28 Maart 1658 aan die Kaap land, het slegs 174 van die slawe nog geleef (Blommaert 1938: 25; Böeseke 1977: 11). Volgens die Dagregister het hierdie slawe “meest bestonden in meysjens en kleyne jongens, van welcke voor een jaer 4 à 5 noch weynigh dienst sal te trecken wesen” (Bosman 1955: 269). Kort ná hul koms is daar begin om aan die slawekinders onderwys te verskaf (vgl. § 5.9 hieroor). Op 6 Mei 1658 is die aantal slawe met 'n verdere 228 vermeerder toe 'n skip wat spesifiek uitgestuur is om slawe vir die Kaap te verkry, teruggekeer het. Hierdie slawe is in Popo in die Golf van Guinee geruil (Bosman 1955: 285).<sup>24</sup> Hoewel Van Riebeeck aanvanklik besonder gunstig oor die Guinese slawe geoordeel het, het hy twee weke later gekla dat daar 'n groot aantal bejaarde en gebrekklike mense asook swanger vroue onder hulle was en dat omtrent twee-derdes van hierdie besending siek was met die gevolg dat sterfgevälle daaglik voorkom het (Blommaert 1938: 26).

Ofskoon die slawe-invoer van Maart en Mei 1658 meer as 400 nuwe slawe na die Kaap gebring het, het die situasie spoedig verander. Dit was meer slawe as wat die Kaap benodig het. Daarom was Van Riebeeck verplig om van hulle na Batavia te stuur. Gedurende April en Mei 1658 is 92 Angolese en 80 Guinese slawe weggestuur. Dit beteken dat ongeveer 230 slawe aan die Kaap oorgebly het, waarvan omtrent twee-derdes van Guinee was. Die feit dat veel van hulle siek was, die Kaapse winter besonder erg was en hulle onder haglike omstandighede moes leef, het egter die dood van baie veroorsaak. Op 30 Mei 1658 het die totaal slegs 187 beloop, waarvan 98 Kompanjieslawe en 89 privaatslawe was. Die skielike influks van slawe het veroorsaak dat daar vir 'n tyd meer slawe as Europeërs aan die Kaap was, want op dieselfde dag was daar in totaal 173 Europeërs aan die Kaap (Bosman 1955: 301; Blommaert 1938: 26-27; Böeseke 1977: 13; Grobler 1969: 161).

Uiteraard was die slawe ongelukkig met hul toestand. Dit blyk duidelik uit die krisis wat ontstaan het in die eerste paar maande ná die invoer van slawe toe baie van hulle gedros het. Hierdie gebeurtenis is veral belangwekkend omdat dit insig verskaf in die verhouding tussen die Khoekhoen en die slawe, vernaamlik vir die beginjare van die koloniale samelewing. Vroeg in Junie 1658 het sewe Angolese slawe ontsnap. Van Riebeeck het die Khoekhoen gevra om hulle te help opspoor, maar toe die Khoekhoen ná 'n paar dae aan hom berig het dat hulle geen slawe kon kry nie, het hy die vrees uitgespreek dat die Khoekhoen wel die slawe “... sullen gevonden; maer dootgeslagen hebben, gelijk se voor dato den Madagascarse slaeff, Anthony, hebben gedaen, alsoo sij der seer jelours op sijn ende haer gansch niet luchten mogen, mitsgaders altijd mede overhoop leggen, etc.” (Bosman 1955: 305). Toe enkele dae later 'n aantal van die vryburgers se slawe ook weggeloop het, het Van Riebeeck vermoed dat die Khoekhoen hulle moontlik gevange hou in die hoop om hulle in die binneland te verkoop. As gevolg van hierdie vermoede het die Kommandeur besluit om sekere vooraanstaande Khoekhoen gyselaars te hou. Hoewel die Goringhaikwas enkele dae daarna twee weggeloopte slawe na die Fort gebring het, beteken dit nie dat die slawe wel by hulle geskuil het nie. Sommige van die ander slawe het op hul eie

<sup>24</sup> Met Guinee word hier nie die moderne staat met dié naam bedoel nie, maar die Golf van Guinee, meer spesifiek die Bog van Benin wat voorheen as die ‘Slawekus’ bekend gestaan het. Volgens Schoeman (1999: 52-53) was Popo (daar was in die 17<sup>de</sup> eeu 'n Groot en Klein Popo, lg. is die moderne Aného, naby mekaar), aan die kus van die huidige staat Togo, 'n belangrike slawesentrum. Die ‘Westindische Compagnie’ (WIC) het tot 1643 'n ‘losie’ (d.i. 'n onversterkte handelspos) daar gehad, hoewel hulle daarna steeds voortgegaan het om slawe daar te koop en tot 1760 'n handelspos in Popo gehad het. Schoeman meld verder dat die meeste slawe wat aan die ‘Slawekus’ op die mark beland het, uit die binneland gebring is en tot dieselfde taalgroep, die Aja-Ewe (ook Kwa-tale genoem), behoort het. Blykbaar was die meeste slawe wat in die 17<sup>de</sup> eeu dáár verhandel is, van die Aja- en Yoruba-volke.

teruggekeer, en uit hulle getuienis het dit geblyk dat Van Riebeeck se vermoede foutief was. Hoe dit ook sy, teen die begin van Julie is die gyselaarskwessie opgelos (hoewel Autshumao gevange geneem en verban is). Gedurende Augustus het nog slawe weggeloop en, ofschoon sommige teruggekry is, was daar teen die 28<sup>ste</sup> reeds 28 slawe weg. Hoewel Van Riebeeck hom weer op die hulp van die Khoekhoen beroep het, het hy terselfdertyd opgemerk dat die Khoekhoen “schroomachtich voor de slaven sijn ende haer niet wel derven aendoen” (Bosman 1955: 362). In die begin van September het nog 14 slawe weggeloop, en hoewel die meeste weer gevind is, het die vryburgers die helfte van hul slawe weer aan die VOC verkoop “omdat se niet derven wagen deselve alle langer te houden, vermits doch gesien wordt, dat se t’ eenemaal uytte natuyr tot weghlopen genegen sijn” (Bosman 1955: 371). Daar is besluit om die slawe voortaan in kettings te hou en saans op te sluit. Hierdie maatreëls het egter nie die gewenste gevolge gehad nie, want in Oktober en November het nog slawe gevlug. Teen dié tyd het dit duidelik geword dat die slawe uit eie wil tot hierdie aksie oorgegaan het, en nie deur die Khoekhoen aangemoedig of gehelp is nie. Die slawe se ongelukkigheid het ook ’n ander vorm aangeneem, want op 18 Oktober het ses slawe twee vryburgers aangeval met die skynbare oogmerk om hulle te vermoor (Bosman 1955: 391). Hoewel daar nog in Januarie gevalle van ontvlugte slawe voorgekom, en dit dwarsdeur die slawetydperk aan die Kaap gebeur het (vgl. Penn 1999: hfst. 2), lyk dit of die hoë voorkoms daarvan afgeneem het (hierdie paragraaf is gebaseer op Bøeseken 1977: 12-20).

Met die uitbreek van die Khoekhoe-Nederlandse oorlog het twee sake ten opsigte van die slawe geblyk: dat die Europeërs groter vertroue in hulle gehad het (dat hulle as deel van die koloniale gemeenskap gereken is) en dat die slawe en Khoekhoen steeds nie ’n goeie verhouding gehad het nie. Dit blyk uit die besluit van die Politieke Raad in Mei 1659: “Ende om de Hottentoes beter te achterhaelen in’t lopen daer se ons te gauw sijn, soo is verstaen al de slaven (seer op deselve gebeten sijnde ende haer wel willende eeten) uyt de kettings te slaen ende tegen de Hottentoes met halve-piecken voor eerst te gebruycken ...” (Bosman 1957: 51-52). In hoe ’n mate die slawe wel teen die Khoekhoen in die oorlog gebruik is, word nie in die Dagregister genoem nie. Dat die slawe egter nie heeltemal hul lot aanvaar het nie, het in Augustus 1659 duidelik geword toe ’n plan van ’n groep Guinese slawe om saam te ontvlug en hul lot by dié van die Khoekhoen te werp, aan die lig gekom het (Bosman 1957: 123-24).

Ná die slawe-invoer van 1658 was daar geen grootskaalse invoer van slawe na die Kaap in die onderhawige periode nie. Die groot getal slawe wat aan siektes dood is of weggeloop het, het daartoe gelei dat hul aantal aansienlik verminder het. In 1661 het die vryburgers 39 slawe gehad, wat teen die einde van 1662 tot so min as 23 gedaal het. Die vryburgers se getalle het egter in dieselfde tyd aansienlik toegeneem (sien hierbo). In dieselfde jaar was daar in totaal net 106 slawe aan die Kaap – minder as die helfte as wat daar vyf jaar vantevore was (Grobler 1969: 161). Die meerderheid hiervan was waarskynlik steeds Guinese slawe.

Oor die taalkennis van slawe is die historiese bronne oor die algemeen stil. Dit geld ook vir die Dagregisters, behalwe vir enkele gevalle gedurende die krisis met weggeloopte slawe in 1658 – ’n situasie wat immers net enkele maande ná die invoer van slawe na ’n vreemde land met ’n vreemde taal bestaan het. Op 28 Augustus meld die Dagregister: “Waren twee slavinnen wederom gevonden, welcke wesen, dat haer mans voornemens waren geweest de ... houtsagers des ’s nachts in den slaep den hals aff te snijden...” (Bosman 1955: 360-61). Kennelik kon hierdie twee slawevroue nog nie in ’n taal kommunikeer wat die Europeërs verstaan het nie, en moes daarom “wys”. Dat die meeste slawe waarskynlik nie op hierdie tydstip talig met hul meesters kon

kommunikeer nie, blyk toe twee slawe 'n week later gevang is. Die Dagregister meld dat die Europeërs "...cunnende uyt die [slawe] niet anders verstaen noch begripen, ofte de rest [van die slawe] was hier ende daer op veel plaetsen verspreyt..." (Bosman 1955: 367). Dat die kommunikasiesituasie wel verbeter het, ten minste vir sommige, het in Oktober geblyk toe 'n slaaf die volgende aan die Kommandeur vertel het: "Soo was oocq den jongen van den ondercoopman, Roeloff de Man, (mede een Gunese slaef wesende) door des Compagnie's slaeff die in't bos is, aengeport om deur te gaen, ... doch soude het gemelte jongen hebben geweygert, volgens verclaringe desen avondt met gebroocken Duytse woorden (al geleerd) gedaen" (Bosman 1955: 391). Dit is helaas die enigste direkte aanduiding uit die bronne dat slawe mettertyd ('n vorm van) Nederlands geleer het.

#### 5.4 Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1662-1679

##### 5.4.1 Vryburgers en kompanjiesdienaars

Met die vertrek van Jan van Riebeeck in 1662 was daar 121 manlike kompanjiesdienaars (syfers vir hul vroue en kinders ontbreek) (De Wet 1981: 13) en 'n totaal van 130 vryburgers (93 mans, 15 vroue, 22 kinders) aan die Kaap (De Wet 1981: 17). Slegs 5 jaar ná die totstandkoming van die vryburgerbevolking het hulle reeds byna die helfte van die totale kolonistebevolking uitgemaak. Hierdie groep mense sou in die daaropvolgende dekades so groei dat hulle verreweg die grootste deel van die kolonistebevolking sou word, en 'n uiters belangrike faktor in die tussenvolkere-verhoudinge van die nuwe samelewing in wording. Dit is in 'n groot mate die gevolg van die feit dat die vryburgers besluit het om hulle *permanent* in die Kaap te vestig en dus sodoende aanleiding gegee het tot die wording van 'n nuwe samelewing aan die Kaap. Die groep kompanjiesdienaars het nie net geleidelik afgeneem as persentasie van die totale bevolking aan die Kaap nie,<sup>25</sup> maar hul verblyf was dikwels ook kortstondig – as onderdane van die VOC kon hulle te eniger tyd na een van die ander VOC-gebiede verplaas word.<sup>26</sup> Die groep vryburgers het gedurende die onderhawige tydperk nie net numeries belangriker vir die bevolkingsamestelling van die nuwe kolonie geword nie, maar is ook weens hul ekonomiese en persoonlike verbintenis met die Kaap (en gebruik en eventuele afhanklikheid van slawe-arbeid), en die belangrike rol wat hulle gespeel het in die uitbreiding van die gekoloniseerde gebied en die daarmee gepaardgaande groter kontak met die Khoekhoen, van meer belang vir die studie van tussenvolkere-kontak en -kommunikasie. Die feit dat die vryburgers se kinders in hierdie ontwikkelende samelewing gebore is en grootgeword het, en hulle gevolglik van kleins af in 'n multikulturele omgewing moes handhaaf, het baie bygedra tot die unieke aard van die vroeë koloniale samelewing in Suid-Afrika.

Indien die beskikbare syfers vir die aantal vryburgers in die 1660's en 1670's bekyk word, blyk dit dat ná die groot toename van die eerste vyf jaar daar 'n meer bestendige bevolkingstoename in hierdie tyd was: die 130 vryburgers van 1662 het tot 'n totaal van 232 in 1679 gegroei (De Wet 1981: 17). Hierdie groei was die gevolg van natuurlike aanwas omdat daar gedurende dié twee dekades, anders as later, geen georganiseerde kolonisasie was nie (Böeseke 1975: 39) Ofskoon die aantal manlike vryburgers in die jare tot 1679 nooit meer

<sup>25</sup> Uitgesonder is dié tye toe die garnisoen weens sekuriteitsredes tydelik aansienlik versterk is, bv. 1666-67 en 1672 (vgl. De Wet 1981: 13, 15).

<sup>26</sup> Uiteraard het die meeste vryburgers uit die geleedere van hierdie dienaars gekom. Hulle was egter meestal uit die laere range: van die 528 manlike vryburgers wat De Wet in sy studie vir die periode 1657-1707 betrek het, was 52% beroepsoldate en 22% seelui. Slegs 8,5% was as hoër amptenare in diens van die VOC (De Wet 1981: 24-25).

as die 93 van 1662 beloop het nie (in 1679 was daar 81), het die aantal vroue en kinders heelwat gegroei: van 15 vroue in 1662 het hul getal geleidelik toegeneem tot 50 in 1679. Dit is egter veral die totale aantal kinders van vryburgers wat geweldig gegroei het. Die 22 kinders van 1662 het 101 teen 1679 geword: van minder as 20% het die aantal kinders in 1679 meer as 40% van die totale vrybevolking verteenwoordig (De Wet 1981: 15-17). Dit is 'n belangwekkende feit, want hierdie kinders is aan die Kaap gebore en getoë en moet dus belangrik gewees het in die ontstaan van enige nuwe taal of taalvariëteite, veral omdat hulle van jongs af in kontak was met slawe en Khoekhoen (anders as hul ouers wat eers as volwassenes met hierdie groepe kontak gehad het).<sup>27</sup> Nie net moet daar onderskei word tussen die vryburgers en kompanjiesdienaars nie, maar ook tussen die situasie in die groeiende nedersetting Kaapstad en dié op die gekoloniseerde plattelandse gebiede daarbuite, waar van die vrybevolking hul bestaan gemaak het. Ook moet in gedagte gehou word dat nie ál of selfs die meeste vryburgers noodwendig boere was nie. Van Riebeeck se plan om intensiewe boerdery volgens Nederlandse model te vestig, het teen 1662 misluk en baie van die vryburgers het landbou opgegee en op ander wyses 'n bestaan probeer maak (vgl. Guelke 1989: 69-73). In 1662 was daar byvoorbeeld slegs vyftien operasionele boerderye (Guelke 1989: 71). Daarom was van die meer as 80 manlike vryburgers in 1679 slegs 22 landbouers, terwyl die res hul bestaan as ambagsmanne, vissers en herbergiers gevoer het (Böeseken 1975: 39).<sup>28</sup> Hoewel die vryburgerbevolking gedurende hierdie twee dekades in getal toegeneem het, het hulle geografies nie noemenswaardig verder uitgebrei as die gekultiveerde gebiede wat in 1657-1662 tot stand gekom het nie. In die 1660's het die vryburgers voortgegaan met die verbouing van gebiede in die Tafelvallei en langs die Liesbeekrivier, en was daar weinig of geen geografiese uitbreiding nie. Weens die groeiende veestapels van die VOC en die vryburgers, is daar in 1669 oorgegaan tot die stigting van 'n veepos by Saldanhabaai waar die kompanjie se vee voortaan gewei het (Sleigh 1993: 418). Ten einde die koringproduksie te verhoog, het die Kompanjie die uitbreiding van die kolonie na die Hottentots-Hollandarea goedgekeur, en het in 1672 die area van die Khoekhoen 'gekoop' (sien § 5.4.3) (Le Roux 1945: 185-86). Weens die tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog (vgl. § 5.4.3) was daar nie onmiddellike uitbreiding nie. Vanaf 1677 het die situasie van relatiewe nabyheid van die vryburgerbevolking aan die Kaapse nedersetting egter verander, toe die VOC toegelaat het dat vryburgers ook grond buite die Tafelvallei en langs die Liesbeekrivier bewerk. So is daar begin met die proses van uitbreiding na die binneland en het enkele hulle gevestig in areas soos Houtbaai, Tygerberg, Eersterivier en Hottentots-Holland. Dit is egter eers in die periode hierná wat die grootskaalse uitbreiding van die vestiging van koloniste in die binneland aan die gang gekom het toe die VOC 'n beleid van uitbreiding aangeneem het (De Wet 1981: 19-20, vgl. Guelke 1989: 66, 73; § 5.3.1). In die periode 1662-1679 was dit veral die uitbreiding van die Kaapse nedersetting en die gekultiveerde gebiede daaromheen wat uitstaan.

Dit is moeilik om presies vas te stel wat die totale bevolking van die Kaapse nedersetting gedurende hierdie tyd was. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar, veral in hierdie vroeë tyd, weinig onderskeid gemaak is tussen die 'stedelike' en 'plattelandse' bewoners en gebiede. Wel kan mens op grond van ekonomiese bedrywighede 'n onderskeid maak tussen dié vryburgers wat uit landbou 'n bestaan gemaak het, en dus op 'n groter grondgebied met minder mense gewoon het, en dié groep mense wat in die nedersetting gewerk het, hetsy as kompanjiesdienaars of as vryburgers wat op een of ander wyse hul bestaan gemaak het deur in die behoeftes

<sup>27</sup> Dit was eers gedurende die 1670's dat die persentasie kinders van die totale vryburgerbevolking groter as die persentasie vryburgermans geword het. Dit is 'n belangrike feit, aangesien dit dui op die 'normalisering' van die (blanke) bevolkingsamestelling aan die Kaap.

<sup>28</sup> Volgens Guelke (1989: 73) "fewer than half the 142 adult freeburghers had a stake in farming" in 1680.

van die nedersetting te voorsien. Dit is wel so dat die area wat later as Kaapstad bekend sou staan, in hierdie tyd uitgebrei het, en meer die karakter van 'n stedelike gebied gekry het. Waar in die eerste dekade van kolonisasie aktiwiteite rondom die Fort en die enkele kompanjieggeboue daaromheen gesetel het (hoewel daar wel enkele ander huise, veral ná 1657 gebou is), is daar heelwat meer gebou in hierdie periode, o.a. aan die Kasteel en die nuwe slawelose, wat beide in 1679 voltooi is (vgl. Schoeman 2001: 168-74, 261-63; Armstrong & Worden 1989: 127). Privaatwoning, wat die toename van vryburgers in die nedersetting weerspieël, het ook toegeneem. So weet ons byvoorbeeld dat daar teen 1679 omtrent 70-80 woonhuise aan die Kaap was (Johan Vogel in Raven-Hart 1971: 212). Die groot verskil tussen Kaapstad enersyds en die plattelandse gebiede andersyds, nl. die kosmopolitaanse karakter van eersgenoemde, het ook in hierdie tyd sy beslag gekry. Dit is daarom ook belangrik om 'n onderskeid te tref tussen daardie slawe wat in die nedersetting gewerk het, en dié op plase – hoe meer die Kaap numeries en geografies uitgebrei het, hoe meer het die wêreld van hierdie twee groepe slawe verskil. Daarby is kosmopolitaanse karakter van die stad voortdurend aangehelp deur besoekende skepe en die groot getalle matrose en andere wat aan die Kaap herstel het (vgl. Sleight 1993: 1-8).

#### 5.4.2 *Aantal, herkoms en verspreiding van slawe*

Ná die invoer van die eerste groot groepe slawe in 1658 was daar in die daaropvolgende jare geen grootskaalse invoer van slawe nie, wel is die slawegetalle aangevul, soos trouens dwarsdeur die periode van slawerny in Suid-Afrika, deur individue op verbygaande skepe wat hul privaatslawe aan die Kaap verkoop het. Omdat die natuurlike aanwas van die slawe in hierdie tyd minimaal was, en baie van die 1658-slawe gesterf het, het daar gedurende die 1660's weer 'n tekort aan arbeid aan die Kaap ontstaan (vgl. Bøeseken 1977: 26-28). Kort ná die aanvaarding van sy amp in Mei 1662 het Wagenaer 'n monsterrol opgetrek waarvolgens daar 113 slawe aan die Kaap was. Van die 86 volwassenes was 55 kompanjiesslawe en 31 privaatslawe (Bøeseken 1977: 14 n.67, 24). Dit is onduidelik of die 27 kinders almal aan die VOC behoort het, en of dit ál die slawekinders in die kolonie insluit. In 1661 was daar volgens Armstrong en Worden (1989: 124) in totaal 67 slawe (22 mans, 34 vroue, 11 kinders) vir die VOC aan die Kaap werksaam; en dit lyk meer waarskynlik dat die getal kinders ál die slawekinders in die kolonie insluit. Hoe dit ook sy, dit is belangrik om daarop te let dat die aantal kompanjiesslawe dié van die privaatslawe oortref, iets wat in die daaropvolgende dekades drasties sou verander. Hoeveel van hierdie privaatslawe wel buite Kaapstad op plase by vryburgers werksaam was, is nie bekend nie, maar dit lyk in ieder geval minimaal, gegee die klein getal totale privaatslawe enersyds en die min vryburgers buite die nedersetting andersyds.

Dit was gedurende die onderhawige tydperk, met die ontwikkeling van die Kaap in 'n vestigingskolonie, dat die heterogene aard van die Kaapse nedersetting duidelik begin word het. Van die 55 volwasse kompanjiesslawe in 1662 weet ons dat 30 uit Guinee, 17 uit Angola, ses uit Madagaskar en twee uit Batavia afkomstig was (Bøeseken 1977: 24). Indien die stasistiek oor die herkoms van slawe uit die behoue slawe-oordragte 'n aanduiding van die ware situasie is, kan ons aanneem dat op hierdie tydstip ook die privaatslawe grotendeels uit die vasteland van Afrika afkomstig was (Addendum 8.4.2). Dit is nie verrassend nie, gesien dat daar geen groot aanvulling van die slawegetalle ná 1658 was nie. Hierdie situasie het voortgeduur en alhoewel die aantal slawe elke jaar geleidelik gestyg het, was dit grotendeels die gevolg van die verkoop van individue op verbygaande skepe en natuurlike aanwas. In 1665, toe Wagenaer tot die bou van 'n aparte

slawelosie besluit het, was daar tussen 80-90 kompanjieslawe en 159 in totaal (Böeseken 1977: 27; vgl. Addendum 8.2). Volgens die details van slaweverkope in hierdie tyd (1660's), het die meeste van die slawe wat aan die Kaap geland het, uit die Ooste gekom (gewoonlik op die retoervloot) (vgl. Böeseken 1977: 65; Armstrong & Worden 1989: 112, 116-117; Biewenga 1999: 25-26). Teen die einde van die 1660's het die Oosterse slawe, blykens die statistieke van slaweverkope aan vryburgers, die getal privaatslawe uit Afrika begin verbystee (Addendum 8.4.2). Soos ook wel uit die verkope van hierdie slawe te verwagte sou wees, het die getal privaatslawe sodanig toegeneem dat teen 1669, vir die eerste keer sedert die invoer van slawe, die totale aantal kompanjieslawe, t.w. 101, nie die meerderheid van die totale getal slawe (210) in die kolonie uitgemaak het nie (Armstrong en Worden 1989: 124; Addendum 8.2). Hierdie geleidelike toename van slawe was egter nie genoeg om in die nypende tekort aan arbeidskragte in die kolonie te voorsien nie, en die kommandeurs van die Kaap het voortdurend by die VOC-bewindhebbers om meer slawe gevra (Böeseken 1977: 35).

Gedurende die 1670's het die situasie wat die aantal slawe en hul herkoms betref, asook die getalleverhouding tussen slawe en koloniste, aansienlik begin verander van die voorafgaande dekade. In 1670 was daar 'n totaal van 165 vryburgers asook 208 kompanjiesdiensmaats (ig. uitsluitende vroue en kinders) teenoor 245 slawe wat ongeveer eweredig tussen die VOC en die vryburgers verdeel was. Teen 1679 sien die situasie daar so uit: teenoor 232 vryburgers was daar 633 slawe waarvan 310 kompanjieslawe was (De Wet 1981: 13, 17; Armstrong & Worden 1989: 124; Addendum 8.2). Ongelukkig ontbreek getalle vir die kompanjiesdiensmaats vir hierdie jare. Wat wel duidelik blyk, is dat die aantal slawe in minder as 'n dekade meer as verdubbel het, terwyl die aantal vryburgers, ten spyte van 'n redelike groei, nie naastenby soveel toegeneem het nie. Indien Shell se berekening van 633 slawe vir 1679 korrek is, beteken dit dat die getal privaatslawe in hierdie jaar die getal vryburgers verbygestee het,<sup>29</sup> hoewel die totale Europese bevolking waarskynlik nog groter as die slawe was.<sup>30</sup>

Die vinnige toename in die slawetal gedurende die 1670's was die gevolg van doelbewuste pogings om die tekort aan slawe te probeer oplos. 'n Aantal togte na Madagaskar in die 1660's en vroeë 1670's om slawe te ruil, het misluk. Nietemin is die slawetal aangevul toe 'n Engelse skip in 1673 met 184 Malgasiëse slawe daarop gekeer is. In 1677 het die retoervloot 93 Indiese slawe na die Kaap gebring en 'n suksesvolle slawetog na Madagaskar het in dieselfde jaar met 279 slawe teruggekeer (Böeseken 1977: 36-37, 65-68; Armstrong & Worden 1989: 114, 116). Dit beteken dus dat daar, soos in 1658, 'n skielike influks van groepe mense was wat min of meer dieselfde herkoms gedeel het. Dit is in teenstelling met die voorafgaande jare toe die meeste slawe wat aan die Kaap geland het, enkelinge (of baie klein groepies) was wat hul by die reeds bestaande slawegemeenskap moes aanpas. Die gevolg van hierdie influks was dat die demografie van die Kaapse slawebevolking begin verander het. Waar daar tot in die laat 1660's 'n meerderheid van Afrika-slawe by die vryburgers was, het die aantal slawe uit Indië en Ceylon hulle teen ongeveer 1670 begin verbystee. Ná 1673, en veral ná 1677, het die aantal Indiese en Ceylonese slawe die hoogste ingeskiet in vergelyking met die res. Die

<sup>29</sup> Contra Guelke (1988: 459) wat wys dat drie jaar later, in 1682, die vryburgers steeds meer as hul slawe was. Volgens die sensus van 1682 was daar 192 privaatslawe. Shell se totale getal slawe vir dieselfde jaar is 666. Hiervan moet meer as 300 VOC-slawe gewees het, wat beteken dat daar volgens sy syfers ongeveer 300 of meer privaatslawe was. In 1682 was daar tussen 213-288 vryliede, wat beteken dat indien Shell se syfer korrek is, die aantal privaatslawe die vryburgers getalsgewys verbygestee het. Waarom Shell se syfers soveel hoër as Guelke s'n is, is onduidelik (maar het waarskynlik te doen met sy siening dat hoër kompanjiesdiensmaats nie al hul slawebesit verklaar het nie).

<sup>30</sup> Ofskoon die getal kompanjiesdiensmaats vir hierdie tydperk ontbreek, is 'n skatting van ongeveer 500 veilig. Ons weet dat daar in 1672 'n totaal van 436 was en in 1693 weer 524 (De Wet 1981: 13) – dus kan mens aanneem dat die getal ca. 1680 érens tussen dié twee syfers behoort te wees.

aantal Afrika-slawe het min of meer konstant gebly, terwyl slawe uit Madagaskar vanaf die middel van die 1670's en veral ná 1677 geweldig toegeneem het, soveel so dat daar teen 1679 waarskynlik eweveel privaatslawe uit Afrika as uit Madagaskar was. Sover dit die samestelling van die privaatslawebevolking gedurende 1662-1679 betref, blyk dit dat hierdie slawe uit (hoofsaaklik Wes-)Afrika vir ongeveer 'n dekade die meerderheid aan die Kaap was (ca. 1658-1667), maar dat hulle *geleidelik* (gedurende die 1660's) deur slawe uit veral Indië en Ceylon ingehaal is sodat laasgenoemde groep teen die 1670's dominant begin word het. Hierdie patroon is voortgesit na die skielike groei van die 1670's toe ook die slawe uit Madagaskar sterk en skielik begin toeneem het (vgl. Addendum 8.2).

In die onderhawige tydperk was die onderskeid tussen stedelike en landelike slawe nog nie so 'n belangrike faktor soos later nie (vgl. § 5.7), gewoon omdat, soos in § 5.4.1 aangedui is, die aantal vryburgers wat as boere hul bestaan gevoer het, baie klein was. Die oorgrote meerderheid van privaatslawe, asook feitlik alle kompanjieslawe, was in die nedersetting gesetel. Ofskoon daar vir hierdie vroeë tyd nie soveel evidensie as later bestaan nie, kan mens aanneem dat die take wat slawe, beide dié van die VOC en privaatslawe, min of meer dieselfde as later was (vgl. § 5.7). Die feit dat die meeste Europeërs in die nedersetting gesetel was, dat die nedersetting klein was en dat die slawe daarom nou saam met die Europeërs moes werk, het beteken dat daar heelwat kontak tussen hulle was. Nie net was daar kontak van 'n formele aard in werksituasies nie, maar ook sosiale kontak. Ons weet dat slawe in die groot aantal taphuise in die nedersetting voorgekom het – nie net as werknemers nie, maar waarskynlik ook as besoekers. Hier het hulle geleentheid gehad om kontak met Europeërs, beide plaaslike inwoners en besoekende seelui en andere, en waarskynlik ook met die 'Fort-Khoekhoen' (vgl. § 5.4.3), te onderhou (Schoeman 2001: 261-62, 380-82). Die noue kontak tussen die Europeërs (beide plaaslik en besoekend) en die slawe word verder bewys in die aantal bekende gevalle van seksuele en liefdesverhoudings tussen individue van hierdie groepe (vgl. byvoorbeeld Leibbrandt 1902: 21; Böeseken 1977: 36). Oor die kontak tussen die slawe en Khoekhoen is minder bekend. Soos hieronder bespreek word, het die groep ontheemde Khoekhoen wat in die nedersetting tereg gekom het in die 1660's en 1670's toegeneem. Mens moet aanneem dat hulle kontak met die slawe gehad het. Tog moet daar in gedagte gehou word dat die Khoekhoen hulle steeds tot 'n mate apart gehou het (hulle het in 'n kraal op die grense van die nedersetting gewoon, vgl. § 5.4.3), en dat die slawe veel meer op die blankes aangewese was en saam hulle moes woon en werk. Daarby is daar ook evidensie dat die slegte verhouding wat daar tussen die Khoekhoen en die slawe in die laat 1650's geheers het, in hierdie periode voortgeduur het (vgl. Böeseken 1977: 34). Kontak tussen slawe en dié Khoekhoen wat 'n meer tradisionele bestaanswyse gelei het, was waarskynlik heel gering.

#### 5.4.3 *Euro-Khoekhoe-interaksie en die ondergang van die Skiereilandse Khoekhoen*

Onder die Khoekhoen van die Kaap het daar gedurende die 1660's en 1670's twee prosesse, wat reeds in die laaste jare van Van Riebeeck se termyn begin het, sig voltrek. Die een was die disintegrasie van die Skiereilandse Khoekhoen (met die gevolge wat daarmee gepaard gaan) terwyl die ander, wat hiermee verband hou, die nouer kontak tussen die Nederlandse samelewing en die Cochokwas behels.

Soos in § 5.3.1 beskryf, het die koloniale samelewing aan die Kaap voor 1662 hoofsaaklik met die Skiereilandse Khoekhoen kontak gehad, hoewel daar teen die einde van die 1650's pogings tot kontak was met die Verwyderde Khoekhoen, vernameelik die Grigrikwas en Namakwas (hoofsaaklik in die vorm van togte na

hierdie Khoekhoen). Ná die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog het daar 'n verandering ingetree wat betref kontak tussen die Europeërs en die Omliggende Khoekhoen toe Van Riebeeck 'n doelbewuste poging aangewend het om die ruilhandel met die Chainokwas van die Suidoos-Kaap en die Cochokwas van die Suidwes-Kaap te bevorder (Elphick 1985: 101). Dit was egter veral laasgenoemde groep o.l.v. Odosoa wat meer gereeld met die Europeërs begin vee ruil het (en hulle ook bemoei het met die Europeërs se verhouding met die Skiereilandse Khoekhoen). Die politieke, ekonomiese en magsverhoudinge tussen die Europeërs en die Cochokwas het gedurende die onderhawige periode drastiese veranderinge ondergaan.

Elphick en Malherbe (1989: 8) onderskei die verskillende fases van Euro-Khoekhoe kontak deur gebruik te maak van die begrip 'grensgebied'.<sup>31</sup> Volgens hierdie skrywers was daar drie grensgebiede wat op mekaar gevolg het, en as't ware elke keer die weg vir die volgende voorberei het, nl. dié van handel wat reeds lank voor 1652 begin het, maar daarna snel uitgebrei het, dié van landbouers wat in 1657 begin het met die vestiging van die vryburgers op plase, en dié van veeboere vanaf die laat 17<sup>de</sup> eeu. Indien mens hierdie model gebruik, blyk dit duidelik hoe die prosesse wat in die periode 1652-1662 begin het, in die onderhawige periode voortgesit is. Waar handel in die eerste jare ná die koms van die Europeërs beperk was tot die Skiereilandse Khoekhoen, het dit teen die 1660's al begin uitbrei na die Cochokwas. Hierdie grensgebied van handel verteenwoordig as't ware die begin van kontak met 'n groep, en baan die weg vir verdere kontak. Dit blyk uit die geval van die Skiereilandse Khoekhoen wat meer en meer kontak met die koloniste gedurende 1652-1662 gehad het, met die gevolg mettertyd dat hulle gedurende 1662-1679 in 'n groot mate deel geword het van die tweede grensgebied, nl. dié van die landbouers (sien hieronder oor dié proses). In die onderhawige tydperk het die Nederlandse handel vir vee finaal van die Skiereilandse na die Omliggende Khoekhoen oorgegaan, wat tot meer kontak met die Kaapse koloniale samelewing gelei het en later drastiese gevolge vir die ekonomiese en politiese posisie van veral die Cochokwas gehad het. Dit het die weg gebaan vir hul eventuele opname in die koloniale bestel, net soos in hierdie tyd met die Skiereilandse Khoekhoen gebeur het.

Die Cochokwas was reeds voor die aankoms van die koloniste in 'n uitgerekte stryd met die Chainokwas in die Suidoos-Kaap gewikkel – 'n gegewe wat veel van Odosoa se optrede teenoor die Europeërs en Skiereilandse Khoekhoen in die 1650's beïnvloed het (Elphick 1985: 120-21). Gedurende die 1660's en 1670's is hierdie stryd voortgesit (veral onder die sterk leiding van Gonnema), met wisselvallige oorwinnings vir beide stamme, en dit het veel bygedra tot beide die Cochokwas en Chainokwas se toenadering tot (en eersgenoemde se eventuele uitval met) die Europeërs (Elphick 1985: 125-26).

Gedurende die 1660's het die Omliggende Khoekhoen die Skiereilandse Khoekhoen vervang as die hoofvoorsieners van vee aan die VOC (deels weens die verarming van eersgenoemde) (Elphick 1985: 160). Tot ongeveer 1670 het feitlik alle ruilhandel tussen Khoekhoen en Europeërs, met lang tussenposes (gewoonlik in die somer), by die fort plaasgevind. Ten einde die voortdurende tekort aan vee te bekamp het die VOC gedurende die 1660's en 1670's begin om al hoe meer op handelstogte o.l.v. bekwame kompanjiesdiensmaats vir veevoorsiening staat te maak. In onderskeidelik 1669 en 1672 is buiteposte, wat ook as handelsforte diens gedoen het, by Saldanhabaai en Hottentots-Holland opgerig (Sleigh 1993: 148, 418).<sup>32</sup> Die tweede Khoekhoe-

<sup>31</sup> Die woord 'grensgebied' is my vertaling van 'frontier' wat in die Engelstalige historiese literatuur gebruik word. Dit word hier metafories én konkreet gebruik.

<sup>32</sup> Vir 'n kort beskrywing van die funksie en werking van buiteposte, kyk § 5.7.2 hieronder.

Nederlandse oorlog het bygedra tot die vervanging van die ou sisteem van ruilhandel by die fort, sodat teen die 1680's die VOC hul vee grootliks deur ruilekspedisies bekom het (Elphick 1985: 157-59).<sup>33</sup>

Ná die aanvanklike goeie ruilhandel tussen die Cochokwas en die Europeërs in die vroeë 1660's, was die Cochokwas al minder bereid om te ruil en die Kompanjie het moeite gehad om vee van hulle te bekom (Bredenkamp 1982: 46-51). Ofskoon daar redelik goeie kontak tussen die Chainokwas en die koloniale regering in die 1660's was, was daar nooit genoegsame veeruil om in die kompanjie se behoeftes te voorsien nie (Bredenkamp 1982: 39-41). Dit was een van die hoofredes waarom die VOC gedwing is om eerder op ruiltogte na verder geleë Khoekhoentamme te gaan. So het dit gekom dat in 1667, 5 jaar ná die Hessekwass se eerste besoek aan die fort, daar begin is met ruiltogte na Hessekwaland. Van hulle en die Chainokwas is daar gedurende die 1670's, en dwarsdeur die 17<sup>de</sup> eeu, reuse getalle vee geruil (Bredenkamp 1982: 33-34; Le Roux 1945: 196; Sleigh 1993: 79-80). Aldus het die handelsgrensgebied van die Nederlandse samelewing aan die Kaap uitgebrei, en het al meer Khoekhoen op een of ander wyse deel geword van ten minste die ekonomie van die nuwe samelewing aan die Kaap.

Ná die sukkelende ruilhandel met die Khoekhoen in die 1660's het 'n grootskaalse verandering t.o.v. Khoekhoe-Nederlandse verhoudinge in die 1670's ingetree. Dit was die gevolg van die sg. tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog van 1673-77. Deels a.g.v. die moeite wat die Europeërs gehad het om genoegsame vee van die Cochokwas te ruil (en hul gevolglike voorkeur aan die Chainokwas bó die Cochokwas [vgl. Bredenkamp 1982: 52; Elphick 1985: 126]), deels a.g.v. enkele ongelukkige insidente tussen blankes en Khoekhoen waar van laasgenoemde beseer of gedood is (vgl. Leibbrandt 1902: 32, 89), het die idee by die koloniste ontstaan dat die Cochokwas 'n gevaarlike en moeilike groep mense was. Toe 'n groep blanke jagters in 1673 skynbaar deur Cochokwas (maar meer waarskynlik deur San) vermoor is, het die Kaapse regering oorlog teen die Cochokwas verklaar (Elphick 1985: 127-29; Marks 1972: 66-67). Hierdie sg. tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog het plaasgevind in die konteks van die onderlinge verhoudinge tussen die Khoekhoentamme in die Kaap. Die Chainokwas, en van die Skiereilandse Khoekhoen, het dan ook die geleentheid gebruik om hulself met die Europeërs teen die Cochokwas te allieer (Bredenkamp 1982: 55; Sleigh 1993: 80). Anders as die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog was die gevegte buite die bewoonde Europese gebied en het uitsluitlik bestaan uit 'n aantal sg. 'strafekspedisies' deur die Europeërs en hul bondgenote (in 1673, 1674 en twee in 1676) waartydens die Cochokwas in die algemeen min weerstand gebied het en meestal gewoon probeer het om te vlug, terwyl die Europeërs groot getalle vee buitgemaak het. Gonnema was begerig vir vrede en in Junie 1677 is 'n vrede-ooreenkoms aangegaan waarin die Cochokwas om vergifnis vra en, baie belangrik vir toekomstige Euro-Khoekhoeverhoudinge, die susereiniteit van die Nederlandse regering erken en as teken daarvan voortaan jaarliks hul skatpligtigheid sou nakom (Sleigh 1993: 65; Elphick 1985: 130-33; Bredenkamp 1982: 54-59).

Ofskoon daar teen oorvereenvoudiging gewaak moet word, lyk dit asof die resultaat van die tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog vir die Cochokwas soortgelyk was as dié van die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog vir die Goringhaikwas en Gorachokwas. Hoewel die Cochokwas nie heeltemal verarm deur die oorlog gelaat is nie (Elphick 1985: 133), het hulle tog reuse getalle vee verloor (Elphick 1985: 171). As gevolg hiervan

<sup>33</sup> Dit het natuurlik ook 'n verandering in die aard van kontak tussen die Europeërs en die Khoekhoen gehad: voorheen het enkele Khoekhoen na die Europeërs gekom om te handel, nóú het enkele kompanjiesdiensmaats (dikwels dieselfde persone) na Khoekhoekrale gegaan en sodoende is meer Khoekhoen aan Europeërs en hul taal bloot gestel, al sy dit minimaal en oppervlakkig.

sou hul politieke onafhanklikheid voortaan aan die Kaapse koloniale samelewing onderworpe wees, en in die algemeen was daar hierna groter inmenging deur die Europese koloniste in hul sake. Dit was egter veral die ekonomiese gevolge van die oorlog wat verrekend was. Nie net was die Cochokwas nou permanent deel van die ekonomiese bestel van die kolonie nie, maar hul onderwerping het die weg gebaan om die grondgebied wat deur blanke landbouers beset is, uit te brei. Dat, soos in § 5.4.1 uitgewys is, die VOC sedert 1677 vryburgers toegelaat het om grond dieper die binneland in te beset, hou duidelik verband met die onderwerping van die Cochokwas. Bredekamp se slotsom is dat ná hierdie oorlog “die weidings- en landbou-grens tussen Khoikhoi en Europeër verder en relatief vinniger van ‘die skiereilandgebeid die binneland in verskuif. Voortaan sou amptenare en koloniste meer as ooit tevore besef dat die besit van weiveld en landbougrond die Kaap se grootste bate is vir die handhawing van die Blanke se gesag” (Bredekamp 1982: 59). Net soos die Skiereilandse Khoekhoen in die periode 1652-1662 deel geword het van die grensgebied van handel met die Europeërs en, soos dit uitgebrei het, die grensgebied van landbou betree het, is die Cochokwas teen die einde van die onderhawige periode totaal deel van die Kaapse samelewing se grensgebied van handel, en staan hulle op die punt om deel te word van die grensgebied van landbouers, wat in die daaropvolgende periode snel sou uitbrei (vgl. §§ 5.5.1 & 5.5.3). Hoofsaaklik weens hul alliansie met die Europeërs in die tweede Khoekhoen-Nederlandse oorlog (wat beteken het dat hulle ontslae was van hul tradisionele vyande, die Cochokwas) kon die Chainokwas, hoewel hulle deel was van die grensgebied van handel met die Europeërs, daarin slaag om buite die grensgebied van die landbouers te bly. Sodoende was daar vir hulle nog ’n generasie van redelike onafhanklikheid van die Kaapse koloniale samelewing (Elphick 1985: 126).

Die ander proses wat gedurende hierdie tyd voltrek is, was die disintegrasie van die tradisionele samelewing en bestaanswyse van die Skiereilandse Khoekhoen en die daarmee gepaardgaande opname van hierdie mense in die koloniale bestel. Hierdie proses was polities, ekonomies en kultureel van aard.

Die optrede van die Skiereilandse Khoekhoen ná die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog wek die indruk dat hulle besef het dat verzet teen koloniale besetting nodeloos was. In die 1660’s en 1670’s het die situasie sodanig verander dat hulle feitlik alle mag verloor het, geheel aan die Nederlandse gesag onderdanig geword het en, na wat blyk, hulle daarin berus het. Een van die redes hiervoor is dat die leiers wat tot ’n mate die Europeërs teëgestaan het, gedurende die 1660’s oorlede is. Doman en Autshumao sterf albei in 1663, en Gogosoa, die hoofman van die Goringhaikwas, êrens tussen 1663-1667. Laasgenoemde se seun, Schacher of Schagger, kon nie dieselfde outoriteit as sy vader handhaaf nie, en gedurende die 1660’s en 1670’s versplinter die Goringhaikwas en Gorachokwas geleidelik in verskillende ‘klans’ of ‘familiëgroepe’<sup>34</sup> o.l.v. verskeie kapteins. Van die kapteins wat naas Schagger in hierdie tyd na vore kom, is Kuiper, Houtebeen en Thomas. Hierdie ‘ontstamming’ van die Skiereilandse Khoekhoen het o.m. beteken dat hulle geen weerstand teen die koloniale samelewing kon bied nie, iets wat hulle ook nie probeer het nie. Die leiers het intendeel eerder met die Europeërs saamgewerk en sodoende laasgenoemde se uitbreiding en vestiging bevorder (Elphick 1985: 124, 188-92; Bredekamp 1982: 60-61).

Tekenend vir die onmagtige posisie van die Kaapse Khoekhoen vis-à-vis die Europeërs en hul onvermoë en onwilligheid om iets daaromtrent te doen, is die grondtransaksies van 1672. Gedurende hierdie jaar

---

<sup>34</sup> Hierdie klans was iets soos die Goringhaikonas in die periode voor die 1650’s: ’n sterk leier met sy uitgebreide familie, aangevul deur onthemde individue.

het die VOC skriftelike ooreenkomste gesluit: eers met Schagger, waarin hy die hele kusvlakte ingeslote Tafel-, Hout- en Saldanhabaai afgestaan het, en toe met Kuiper wat die Hottentots-Hollandgebied ingeslote Valsbaai verkoop het. Ofskoon die Khoekhoen volgens die ooreenkomste steeds weiregte in die gebiede sou hê, mits die koloniste dit nie benodig nie, het dit in effek beteken dat die Skiereilandse Khoekhoen nou sonder grond en aangewese op die goedgesindheid van die koloniste was (Le Roux 1945: 186; Bredekamp 1982: 63). Van die verdere klousules van hierdie ooreenkomse wys ook hoe ingrypend die Khoekhoen se posisie in die Skiereiland verander het. Die VOC het onderneem om die Skiereilandse Khoekhoen te beskerm in ruil vir 'n jaarlikse skatpligtigheid. Daarby moes die Khoekhoen hulle onderwerp aan die arbitrasie van die Kaapse regering in enige onderlinge (dus Khoekhoe-interne) verskille (Bredekamp 1982: 63-64). Laasgenoemde klousules dui aan in hoe 'n groot mate die Skiereilandse Khoekhoen hul onafhanklikheid twintig jaar ná die vestiging van Europeërs aan die Kaap verloor het.

Die klousule wat bepaal het dat die Khoekhoen die Kaapse owerhede as arbiter in interne geskille moes ontbied, kan gesien word as die begin van die juridiese ondergeskiktheid van die Khoekhoen aan die VOC. Gedurende die eerste dekades van die Nederlandse okkupasie van die Kaap, het die kommandeurs hulle streng gehou aan die vermaning van die Here XVII, dat die Khoekhoen as 'n onafhanklike volk beskou moet word en daar gewaak moet word teen inmenging in hul interne sake en regspleging (vgl. Elphick & Malherbe 1989: 11; Ross 1994: 167-68). Hierdie situasie het egter in die vroeë 1670's verander.

Alhoewel daar, ingevolge die ooreenkomste, wel voorbeelde bestaan van geskille tussen Khoekhoegroepes wat deur die arbitrasie van die kommandeur besleg is (vgl. Bredekamp 1982: 68), is dit opvallend hoe daar skielik in die 1670's 'n aantal gevalle voorkom waar die VOC individuele Khoekhoen aan die Europese regstelsel onderwerp het. In die geval van die Khoekhoevrou Sara wat in Desember 1671 selfmoord gepleeg het, en wie se liggaam volgens Nederlandse wet in die openbaar opgehang is, het die owerhede as regverdiging hiervoor aangevoer dat haar opvoeding en lewe in die Europese samelewing haar aan die Europese regstelsel onderhorig maak (Elphick 1985: 184; Ross 1994: 170).<sup>35</sup> Klaarblyklik moes die grondtransaksies van 1672 die Kaapse owerhede se denke omtrent hierdie kwessie beïnvloed het, want hulle het, aldus Elphick (1985: 183), "a new tough policy" in dié tyd aanvaar waarvolgens daar streng teen Khoekhoeoortreders opgetree is. Gevolglik kry ons sedert die 1670's gevalle waar Khoekhoen volgens Europese wet deur die Raad van Justisie aan die Kaap veroordeel en gestraf word (vgl. Leibbrandt 1902: 44-45; Heese 1994: 8-10; Ross 1994: 169-70). Ten spyte daarvan dat die Kaapse regering tot vroeg in die 18<sup>de</sup> eeu volgehou het dat die Khoekhoen in wese vry is en as sodanig behandel moet word (Elphick 1985: 181), was die Skiereilandse Khoekhoen teen die 1670's, vir sover dit hul mags- en regsposisies betref, aan die Kaapse regering onderhorig. Wat hul ekonomiese posisie betref, is die proses wat mettertyd tot hul ekonomiese afhanklikheid sou lei, gedurende hierdie tyd sterk voortgehelp.

Die grondtransaksies van 1672 is ook tekenend vir die ondergang van die tradisionele ekonomie van die Khoekhoen in die Kaap. Vandat die vryburgers begin het om grond te bewerk, was die Skiereilandse Khoekhoen ontsteld omdat dit op hul tradisionele weivelde inbreuk gemaak het (sien § 5.3.1.2). Hoewel daar relatief min geografiese uitbreiding van die vryburgers in die onderhawige tydperk was, het die groeiende getal vee van die VOC en die vryburgers kompetisie vir weiveld veroorsaak. Ná 1672 het die Kompanjie dan ook

<sup>35</sup> Volgens Böeseke (1970: 17-18) was Sara moontlik van 'gemengde' afkoms. Sy het in ieder geval vanaf haar kinderjare as huisbediende by Europeërs gewerk, en het volgens die regsdokumente westerse kleredrag gedra, kerk bygewoon en Nederlands en Portugees geken. Die Dagregister noteer ook hierdie geval (vgl. Leibbrandt 1902: 35, 40).

weiregte regoor die Kaap aan die vryburgers toegeken (Le Roux 1945: 187). Ten spyte van die klousules in die grondtransaksies van 1672 wat bepaal het dat die Khoekhoen wel van die weivelde gebruik kon maak, was dit in die praktyk anders en die koloniste en Kompanjie het nou gewaak oor die weivelde. Daarom is die Khoekhoen gedurig aangesê om nie hul vee op sekere plekke te laat wei nie – wat hulle dan ook gedienstig gedoen het (Bredenkamp 1982: 65; Guelke & Shell 1992: 808-12). Dié situasie het teen die einde van die 1670's onuithoudbaar geword weens die geweldige toename in die veebesit van die vryburgers en die gevolglike snelle inbesitneming van weivelde in die Kaap, soveel so dat 'n "aantal van die Gorachokwas en die Goringhaiquas, omstreeks die jaar 1680, dit beter gedink [het] om die buurte van die Kaap te verlaat, en diep in die binneland 'n nuwe heenkome te gaan soek" (Le Roux 1945: 187-88).

Nie net het die Skiereilandse Khoekhoen hul weivelde verloor nie, maar hul veestapels het ook erg gekwyn. Die rede waarom die VOC sedert die laat-1660's op ruiltogte gegaan het, was nie net die onwilligheid van die Cochokwas om te ruil nie, maar ook omdat "by de Hottentoes, sich omtrent de fortresse onthoudende seer weijnigh vee meer voorhanden is" (aangehaal in Le Roux 1945: 195). Die ruilhandel met die VOC in die jare ná 1652 was nie al wat groot druk op die veestapels van die Skiereilandse Khoekhoen geplaas het nie. Dit was veral die handel met die vryburgers, al was dit onwettig in hierdie tyd, wat in die 17<sup>de</sup> eeu daartoe gelei het dat die Skiereilandse Khoekhoen veelees geword het. In die 1660's was daar enkele vonnisse teen vryburgers wat onwettig met die Khoekhoen gehandel het (vgl. bv. Leibbrandt 1902: 2, 31). Le Roux meen egter dat, weens die swak kontrole van die VOC asook die feit dat die vryburgers gereeld van Khoekhoehandlangers gebruik gemaak het, die omvang van hierdie onwettige handel, veral ná 1670, veel hoër moet gewees het (Le Roux 1945: 203-4, 208; Bredenkamp 1982: 71-74). Die gevolg hiervan was, soos die Kaapse regering in 1677 gekla het, "dat quaellijck langer meer beestiael van de Hottentotsen aangebracht word" (aangehaal in Le Roux 1945: 204). Die toename van die Europeërs se veestapels was ten koste van die verlies van die Khoekhoen s'n aangesien natuurlike aanwas maar net nie in die behoeftes van die Kompanjie en die vryburgers kon voorsien nie. In 1681, byvoorbeeld, het die Kompanjie alleen twee keer soveel benodig as wat die totale aanwas van vee in die hande van die VOC en vryburgers kon lewer (Le Roux 1945: 200). Die gevolge hiervan was dat die Skiereilandse Khoekhoen verarm het en teen die 1670's nie meer in staat was om te ruil nie (Le Roux 1945: 227). Teen 1679 kon hulle nie eens meer die skatpligtigheid, wat hulle ingevolge die 1672-grondtransaksies aan die Kompanjie moes betaal, nakom nie (Bredenkamp 1982: 71).

'n Verdere faktor in die ekonomiese agteruitgang van die Skiereilandse Khoekhoen in hierdie jare, was die voorkoms van allerlei siektes onder hulle en hul vee met negatiewe gevolge vir hul bevolkingsgetalle. Blykbaar het die Cochokwas en Skiereilandse Khoekhoen in die tydperk 1661-1663 aan een of ander siekte gely (Elphick 1985: 125). In hoeverre dit 'n groot uitwerking op die Khoekhoebevolking had, is onseker, maar in November 1663 skryf Wagenaer dat daar onder die Cochokwas 'n "aenclevende off besmettelijcke sieckte omgingh die eenigen tijt herwaerts veele menschen wegh geruckt hadde..." (Böeseken 1973: 108). Wel weet ons dat die aantal manlike Goringhaiquas en Gorachokwas van 1000 in 1662 tot 800 in 1666 afgeneem het (Bredenkamp 1982: 89). In dieselfde jaar berig Wagenaer ook dat die magtige Cochokwas sedert "eenigen tijt herwaerts door een graserende siecte die onder haer ommeiging zeer vermindert en wegh gesmolten" was (aangehaal in Le Roux 1945: 230). Ons weet dat gedurende die 1670's ook van die ander Khoekhoentamme in die binneland, vernameelik die Chainokwas, deur 'n aansteeklike siekte geteister was. In 1679 was daar weer

berigte dat 'n aansienlike aantal van die Kaapse Khoekhoen aan so 'n siekte oorlede is (Le Roux 1945: 229-231).

Met die verarming, verlies van onafhanklikheid en ontstamming van die Skiereilandse Khoekhoen is dit nie verbasend dat meer van hulle werk vir die koloniste sou verrig nie. Hierbo is reeds gewys hoedat, veral ná die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog, daar 'n klein groep van besitlose werkers rondom die Fort ontstaan het. In 1662 het hierdie groepie uit 18 mans (uitsluitende vroue en kinders) bestaan maar vier jaar later tot 'n totaal van 70-80 of meer individue gegroei (Elphick 1985: 176). Alhoewel die kern van hierdie groep mense steeds die Goringhaikonas was, is hulle op tweërlei wyses aangevul. Dapper vertel van 'n Cochokwaman wat 'n oortreding begaan het, deur sy stam verban is, maar dat hy daarna "zich begaf by de *Goringhaikonas*, by het Fort van goeder hope" (Schapera en Farrington 1933: 68). Volgens historici het dit meermale gebeur dat kriminele en ander bannelinge hulle lot by dié van die Goringhaikonas ingewerp het (vgl. Elphick 1985: 176; Bredekamp 1982: 77-78). Die ander hoofbron van nuwe mense wat hulle by dié groep gevoeg het, was arm, veelose Khoekhoen wat genoop was om op 'n ander manier hul bestaan te maak en dikwels as individue hul klan te verlaat en, synde sonder vee, as arbeiders te gaan werk (Bredekamp 1982: 79; Elphick 1985: 125). Enersyds weens die veranderinge in die samestelling van hierdie groep gedurende 1662-1679, andersyds weens hul noue inskakeling by die Europese samelewing, het die naam Goringhaikonas of 'Strandlopers' in die 1670's verdwyn en word daar verwys na "onze Hottentoots" (Bredekamp 1982: 83). Hier sal na hierdie groep as die Fort-Khoekhoen verwys word.

Hierdie Fort-Khoekhoen het aanvanklik, soos in Van Riebeeck se tyd, in die skadu van die fort gewoon, maar teen 1677 is daar sprake dat hulle 'n kraal gevorm het by die teenswoordige Van Riebeeck-plein, en in die 1680's tussen Leeuberg en die see (wat inderdaad in die 1650's en vroeër 'n gereelde kampplek vir die Goringhaikonas was) (Malherbe 1983: 6). Hulle het hul bestaan gemaak deur allerlei take vir die koloniste en kompanjie te verrig soos hout versamel, water aandra, was en skoonmaak, terwyl ander vis gevang en aan blankes verkoop het. So bv. berig Volquart Iversen in 1667/8 rakende hierdie groep: "They are lazy and grimy people who will not work; and the Dutch have taken some of them to do their dirty work, for which they receive tobacco, rice and other food. ... When one wishes to get them to work, such as at digging, churning, sweeping and cattle-minding, one must first give them a little..." (in Raven-Hart 1971: 103-6, vgl. 128). Weens die nypende tekort aan slawe-arbeid in die 1660's en vroeë 1670's (vgl. Böeseke 1977: 26-28, 35; Bredekamp 1982: 80), het die VOC van Khoekhoe-arbeid gebruik gemaak. So bv. weet ons dat redelike getalle Khoekhoen gehelp het met kalkbrandery en bouwerk gedurende die 1660's en dat met die aanvang van bouwerk aan die Kasteel in 1672 dertig Khoekhoemans gebruik is (Leibbrandt 1902: 80; vgl. Dooling 1994: 12-13). Hiernaas het Khoekhoen ook as posdraers, verspieders en tolke op togte na die binneland gedien (Elphick 1985: 176-77; Bredekamp 1982: 80-83; Malherbe 1983: 5-7).

Weens die armoede van hierdie groep, is hulle dikwels genoop tot bedel en selfs diefstal (Bredekamp 1982: 78). As voorbeeld van hoe wydverspreid hierdie verskynsel was, skryf Wouter Schouten oor sy besoek in 1665: "On the arrival of our return-fleet the savages [Khoekhoen] came down with women and children, from the regions around to the Table Bay and watering-places, and chose their shelters and abodes under the open sky around the Dutch Castle, in hopes of gaining some tobacco and other trifles" (Raven-Hart 1971: 83, vgl. 85). In

die daaropvolgende jare sou daar nog veel meer voorbeelde wees van Khoekhoen wat van verbygaande skepe bedel en soms iets steel.

Naas die Fort-Khoekhoen wat dikwels vir die VOC in diens getree het, was daar ook Khoekhoen wat vir die vryburgers gewerk het, beide in die nedersetting en op plase. Volgens Elphick (1985: 176-77) het heelparty van die Fort-Khoekhoevroue as huisbediendes opgetree in hierdie dekades, alhoewel hulle in die latere dekades van die 17<sup>de</sup> eeu deur slavinne vervang is – eers teen die laat 18<sup>de</sup> eeu word Khoekhoevroue weer as huisbediendes gebruik. Bredekamp (1982: 81) noem die bekende voorbeelde van die Khoekhoe-vroue Krotoa, Sara en Cornelia wat as huisbediendes gewerk het, maar reken dat dit 'n meer algemene praktyk was (vgl. Malherbe 1983: 5).

Die gebruik van Khoekhoewerkers in die landbou was gedurende hierdie tyd glad nie algemeen nie. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan wantroue van die vryburgers teenoor die Khoekhoen enersyds, en andersyds dat laasgenoemde ongeneë was om landbouwerk te verrig (Elphick 1985: 176; Bredekamp 1982: 79-80). Hoewel dieselfde wantroue die kompanjie en die vryburgers aanvanklik verhoed het om die Khoekhoen met hul vee te vertrou, het die situasie vanaf 1670 verander toe aanvanklik die VOC en mettertyd ook die vryburgers besluit het om van die Khoekhoen se tradisionele behendigheid met vee gebruik te maak. Soms is van die Skiereilandse Khoekhoen wat steeds vee gehad het versoek om ook na die VOC se vee om te sien, maar daar is ook gevalle waar individue as veewagters by die kompanjie se buiteposte of by vryburgers aangestel is (Elphick 1985: 176-77; Bredekamp 1982: 82-83; Sleigh 1993: 84-87).

In die periode 1662-1679 is nie alleen die Khoekhoen se magposisie verswak nie, maar het hul verslegte ekonomiese toestand sommige van hulle genoop om hul tradisionele bestaanswyse op te gee en as arbeiders hul heil in die koloniale samelewing te soek. Ofskoon hierdie proses reeds in die 1660's en 1670's begin het, is dit veral daardie faktore (verlies van politiese mag en ekonomiese selfstandigheid) wat in 1662-1679 deur die Skiereilandse Khoekhoen gewerk het, wat tot die proses aanleiding gegee het. Dit het die proses wat grootskaals in die daaropvolgende dekades in die Kaapse Khoekhoen sou deurwerk, aan die gang gesit en moontlik gemaak. Mens sou verwag dat hierdie proses ook gevolge sou hê vir die kultuur van die Khoekhoen, en veral wat betref kommunikasie tussen hulle en die Europeërs.

Ons weet dat in 1662 ten minste sommige van die Goringhaikonas om die Fort Nederlands geken het. In hierdie periode is daar maar weinig evidensie oor die taal van die Khoekhoen, hoewel die enkele getuienis hieroor wel die tese ondersteun dat dit veral die Fort-Khoekhoen is wat Nederlands op een of ander manier magtig was. So kan Johan Schreyer in 1668 nog berig dat die Khoekhoen “learn no language but that which they have heard from their mothers, so that there is no one that can understand them; although those that live near the Fort and continually have to do with the Europeans and serve them do at last get hold of a few words from their continual use, and understand them” (Raven-Hart 1971: 118, my kursivering). Hieruit blyk twee dinge. Eerstens, dat die kennis van Nederlands grootliks beperk was tot die Fort-Khoekhoen en waarskynlik die enkeles wat vir koloniste gewerk het, terwyl die res van die Skiereilandse Khoekhoen waarskynlik nie Nederlands geken het nie. So bv. noem die laaste klousule van die kontrakte wat die Europeërs vir die 1672-grondtransaksies opgestel het, dat die inhoud daarvan aan die Khoekhoen “voorgelees en in hul eie taal verduidelik is” (Bredekamp 1982: 64). Hoewel dit goed moontlik is dat iemand soos Schagger wel kennis van Nederlands gehad het, blyk dit dat die oorgrote meerderheid van sy volgelinge waarskynlik geen of baie min Nederlands geken het. Wat die

Omliggende Khoekhoen betref (t.s.v. meer kontak in hierdie tyd) geld dieselfde, want die Europeërs het altyd Khoekhoetolke op hul togte na hulle saamgeneem. In sy bespreking van die Khoe-taal, skryf Wilhelm Ten Rhyne oor die situasie in 1673 min of meer dieselfde: die meeste Khoekhoen “are bereft of all interchange of speech with other races” omdat niemand hul taal kan leer nie. Die uitsondering hierop is egter die Fort-Khoekhoen: “Those Hottentots, however, who have lived long in the neighbourhood of the Fort, adapt themselves to our countrymen, acquiring many Dutch terms, of which they modify the terminations” (Schapera en Farrington 1933: 153).

Die tweede aspek van Schreyer se getuienis, is dat die kennis van Nederlands onder die Fort-Khoekhoen ook nie so goed is nie: dit is beperk tot “a few words”. Ander getuienis uit dié tyd ondersteun dit. Vergelyk Christophorus Schweitzer in 1676: “These people have a very strange Speech, and make such a disagreeable Noise with their Mouth, as other Nations cannot imitate; but a great many of them that live near to the Cape of Good Hope can speak *some Dutch*” (Raven-Hart 1971: 183, my kursivering); en Abraham van Riebeeck, ook in 1676: “We talked somewhat with them, principally to understand a little concerning their religion (since *some* among them spoke *some broken Dutch*), but we found that they knew nothing of God or the Bible...” (Raven-Hart 1971: 192, my kursivering). Uiteraard is sulke getuienis aangewese op die spesifieke individu se kontak aan die Kaap. Daar was sekerlik individuele variasie, en Khoekhoen wat goeie Nederlands moet geken het. Terwyl Johan Hoffmann in 1672 vertel van ’n Khoekhoekaptein wat “a little broken Dutch” kon praat, kon Frederick Bolling twee jaar vroeër getuig: “I learnt much from a Hottentot who had been with the Dutch for a long time and spoke good Dutch” (Raven-Hart 1971: 163, 147).

Daar is ook gedurende hierdie tydperk, vir die eerste keer sedert die Europeërs se koms na die Kaap, getuienis van Europeërs wat Khoe geleer het, anders as wat Ten Rhyne (Schapera en Farrington 1933: 153) en skrywers voor hom volgehou het. So is daar die bekende geval van G. F. Wreede wat in 1663 ’n Khoe-Nederlandse woordeboek saamgestel het (Bredenkamp 1982: 85; vgl. Böeseken 1973: 323). In die 1670’s is daar ook gevalle van vryburgers wat wel Khoe geken het. Meister skryf in 1677 dat, hoewel niemand die Khoekhoen se taal kon leer nie, dit gedurende hierdie tyd deur sommige probeer is ter wille van die handel (Meister 1692: 30; vgl. Raven-Hart 1971: 204). Dit maak sin indien mens in gedagte hou dat dit gedurende hierdie jare was dat die Europeërs op togte na Hessekwas en ander verder afgeleë Khoekhoen onderneem het, mense wat uiteraard nie Nederlands geken het nie. Dat sommige van die Europeërs tog daarin geslaag het om Khoe te leer, blyk uit Johan Vogel se getuienis dat, ofskoon Khoe baie moeilik is, “yet some few are to be found among the Europeans who have lived here for long, and have to do with them daily, who can manage to talk with them and can understand them” (Raven-Hart 1971: 218).

Ten slotte: Alhoewel daar waarskynlik honderde Khoekhoen gedurende 1662-1679 in die Kaapse skiereiland was, en wel heelparty Khoekhoen wat reeds vir ’n paar dekades kontak met die Europeërs gehad het, lyk dit tog asof kontak tussen die koloniste en Khoekhoen nie so erg groot en deurdringend was as wat dikwels aangeneem word nie. Dit moet toegeskryf word aan drie faktore. Ofskoon die blanke bevolking toegeneem het, het hulle tot aan die einde van die 1670’s ’n relatief beperkte geografiese gebied beset. Die Skiereilandse Khoekhoen, hoewel hulle in hierdie tyd hul politieke en ekonomiese mag verloor het en so deel van die Nederlandse bestel geword het, is hulle nog nie geheel in die ekonomie van die kolonie opgeneem nie. Alhoewel die groep ontheemde Fort-Khoekhoen in dié tyd gegroei het, het die oorgrote meerderheid Khoekhoen steeds in klans of groepverband probeer om ’n bestaan op hul tradisionele wyse te maak. Dat dit hulle nie geluk het nie,

het eers in die periode hierna duidelik geword. Kontak tussen hulle en die blanke koloniste was dus veel meer sporadies en minder intiem. Alhoewel in 1662-1679 daar meer Khoekhoen as werkers in die koloniale samelewing opgeneem is, was hulle nog verreweg die minderheid, en die meeste vryburgers het in dié tyd naas die slawe-arbeid van Europese knegte gebruik gemaak. Ook hierdie situasie sou kort daarna verander.

Opsommenderwys kan gesê word dat die Skiereilandse Khoekhoen gedurende 1662-1679 op politieke en ekonomiese gebiede by die koloniale samelewing ingeskakel is, maar nog nie heeltemal kultureel nie. Volgens Elphick (1985: 175) "cultural assimilation was not nearly so prominent as the rapid incorporation of Khoikhoi into the colonial polity and economy" gedurende die periode 1652-1713. Dit is duidelik die geval vir die onderhawige periode, en Bredekamp (1982: 88) se slotsom by sy studie van die Khoekhoen gedurende 1662-1679 sluit dan ook hierby aan: "... die Khoikhoi [is] net in beperkte mate by die Westerse leefwyse aan die Kaap ingeskakel. Hulle was hoofsaaklik arbeiders wat los werkies in die blanke gemeenskap verrig het. Op sosiale gebied was daar 'n diep kloof tussen wit en swart". Op grond van die sosiohistoriese evidensie moet mens tot 'n soortgelyke slotsom kom wat betref die kennis en gebruik van Nederlands onder die Khoekhoen: dit was beperk tot die Fort-Khoekhoen wat in hierdie periode 'n klein minderheid van die totale Skiereilandse Khoekhoen was. Hoewel hulle redelike noue kontak met die koloniste gehad het, blyk dit tog uit die skrale evidensie oor hul gebruik van Nederlands dat hulle kennis van die taal grotendeels beperk was.

## **5.5 Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1679-1700**

Gedurende die onderhawige tydperk het prosesse wat in die periode 1662-1679 aan die gang gesit is, teen 'n geweldige tempo voortgewoeker sodat teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu die Kaapse samelewing daar heeltemal anders uitgesien het as in die 1650's en selfs die 1670's. Dit is veral die gevolg van die doelbewuste geografiese en numeriese uitbreiding van die vryburgerbevolking. Dit het verreikende gevolge gehad vir hul verhouding en kontak met die ander belangrike groepe aan die Kaap, die slawe en die Khoekhoen. Die groter getalle koloniste wat 'n bestaan uit landbou probeer maak het, het meer arbeidskragte geverg. Gevolglik was daar 'n groter vraag na slawe (Katzen 1973: 184). Maar ook die Khoekhoen, wat weens die uitbreiding van die gebiede onder blanke besetting nog meer verarm is, is toenemend gedwing om hul lot by dié van die koloniste te werp. Die veranderinge in hierdie tyd was snel en diepgaande.

### *5.5.1 Die toename in die Europese bevolking en die uitbreiding van die kolonie*

Met die koms van Simon van der Stel as kommandeur in 1679 was daar volgens die monsterrolle 232 vryliede (81 mans, 50 vroue en 101 kinders) aan die Kaap (De Wet 1981: 17). Ongelukkig het die syfers vir die aantal kompanjiesdienaars in hierdie tyd (laat 1670's en vroeë 1680's) verlore gegaan, maar ons weet dat daar in 1685 in totaal 332 van hulle was, waarvan slegs 13 getroud was met altesaam 27 kinders (Biewenga 1999: 22). Verder weet ons dat daar in die vroeë 1670's meer as 200 kompanjiesdienaars was (De Wet 1981: 13). Hoewel die getal kompanjiesdienaars soms veel gewissel het weens die tydelike vergroting van die garnisoen in

onsekere tye, kan mens tog met veiligheid aanneem dat die aantal kompanjiesdienaars teen 1679 ongeveer 300 bedra het.<sup>36</sup>

Die vryburgerbevolking van die Kaap het gedurende die onderhawige tydperk geweldig toegeneem: teen 1700 het die aantal vryburgers aan die Kaap tot meer as 1200 gestyg – 'n groei van meer as 500% van 1679 (Ross 1994: 127; vgl. De Wet 1981: 17 vir 1702; vgl. Guelke 1988: 460 vir 'n soortgelyke vergelyking tussen 1682 en 1705). Vir hierdie geweldige groei in die vryburgergetalle is daar naas natuurlike aanwas veral twee redes aan te voer. Vanaf die 1680's het die eerste geslag vryburgers wat aan die Kaap gebore is, volwassenheid bereik, en begin hulle in die monsterrolle te verskyn (De Wet 1981: 18, 113). Die aandeel van die groep met Kaapse herkoms in die vryburgersamestelling het in die onderhawige tydperk sterk gegroei (Biewenga 1999: 31-32). Die ander faktor, wat veral vir die toename van vryburgergetalle in die 1680's verantwoordelik was, is die immigrasie van Europeërs na die Kaap wat die VOC gedurende hierdie tyd doelgerig aangemoedig het (Guelke 1989: 67). Die rede hiervoor is die geografiese uitbreiding van die gekoloniseerde gebiede aan die Kaap wat 'n groter bevolking moontlik gemaak, maar ook genoodsaak het.

Soos in § 5.4.1 aangetoon is, het die VOC teen die einde van die 1670's, ná die tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog, grond aan vryburgers in gebiede dieper die binneland in begin toeken. Ten einde die Kaap selfonderhoudend te maak, wou die VOC ekstensiewe boerdery aanmoedig. Dit het beteken dat boere meer grond sou benodig om te bewerk. Daarom het die VOC in 1679 'n beleid van geografiese uitbreiding aanvaar en is boere aangemoedig deur grond gratis beskikbaar te stel. Onder Simon van der Stel is hierdie uitbreidingsbeleid in werking gestel met die stigting van Stellenbosch in 1679 (Biewenga 1999: 23; Bøeseken 1975: 41, 44; Guelke 1989: 73).

Die Stellenbosch-distrik het vinnig gegroei. In 1679 was daar slegs een vryburger werksaam, maar in Mei 1680 meld Van der Stel dat agt gesinne hulle al daar gevestig het (Bøeseken 1975: 41; De Wet 1981: 20). Volgens die opgaaf van 1682 was daar aan die Kaap 'n vryburgerbevolking van 288, bestaande uit 89 mans, 53 vroue en 146 kinders. Hiernaas was daar ook 49 sg. vryswartes (vgl. § 5.8) en 45 blanke knegte. Ons weet ook uit die sensus hoe die 142 volwasse vryburgers versprei is: 38 was in die nedersetting Kaapstad woonagtig, 62 in die res van die Kaapse distrik, en 42 in die nuwe distrik Stellenbosch (Guelke 1988: 458-61). Hoewel die nedersetting Kaapstad steeds die oorgrote meerderheid van die blanke- en slawebevolking, veral die kompanjiesdienaars en -slawe, gehuisves het, het daar 'n beweging weg van die nedersetting begin, asook 'n wyer verspreiding van 'n steeds klein bevolking oor 'n groter geografiese area.

Die maatreëls wat die VOC getref het om immigrasie na die Kaap aan te moedig, nl. gratis passaat en grond (vgl. Biewenga 1999: 22-23)<sup>37</sup>, moes vrugte afgewerp het, want teen 1684-85 was daar al 'n duidelike toename in die aantal vryburgers. In April van 1684 was daar reeds 44 gesinne in die Stellenbosch-distrik woonagtig (De Wet 1981: 20). In die daaropvolgende jaar was daar 'n totaal van 343 vryburgers in die hele Kaap. Hiervan was 137 mans, wat waarskynlik deels dui op 'n toename weens immigrasie en die vrystelling van

<sup>36</sup> In 1679 is die garnisoen byvoorbeeld met 60 man verminder – 'n aanduiding van hoe wisselvallig die getalle van kompanjiesdienaars was, en hoe kortstondig hul verblyf soms was (Bøeseken 1975: 39).

<sup>37</sup> Westra (1991: 54-56) wys op die publikasie van ten minste twee boeke gedurende die 1690's in Nederland en Duitsland wat emigrasie na die Kaap aangemoedig het deur o.m. op al die hulp wat moontlike immigrante van die VOC sou ontvang, te wys. Dit is onduidelik of hierdie boeke wel 'n rol in emigrasie gespeel het, maar dui nietemin daarop dat Europeërs bewus van die Kaap as moontlike gebied vir hervestiging was. Uitgesonder dié mense wat in die 1680's na die Kaap gekom het, was die immigrasiebeleid van die VOC, globaal gesien, nie besonder suksesvol nie (Gaastra 1991: 85-86).

VOC-dienaars as vryburgers, want in 1679 was daar maar 81 mans. Die syfers vir vroue (61) en kinders (145) skyn meer stabiel te wees (De Wet 1981: 17). Uit die monsterrolle blyk ook hoe snel die verspreiding van die vryburgerbevolking plaasgevind het, want van die totale vryburgerbevolking het 48% (165) teen 1685 in die Stellenbosch-distrik gewoon. Hiervan was meer as die helfte mans (87) met slegs 26 vroue en 52 kinders (De Wet 1981: 21). Nie al hierdie mense was immigrante of nuwe vryburgers nie. Heelwat van die volwasse inwoners van die Stellenbosch-distrik het uit die Kaapse distrik (Kaapstad en omliggende landelike gebiede) daarheen verhuis (De Wet 1981: 21-22). Die Stellenbosch-distrik was grootliks landelik: eers teen 1685 is daar begin met die bou van geboue in die nedersetting en teen 1686-87 is 'n kerk, raadshuis en landdros woning gebou (Böeseke 1975: 41; Biewenga 1999: 140). Die nedersetting het egter baie stadig gegroei: teen 1712 was daar maar 14 huise met 'n inwonertal van 60-70 mense (Biewenga 1999: 29). Die geweldige groei wat die Stellenbosch-distrik in hierdie jare ondervind het, het dus beteken dat 'n groot deel van die bevolking hoofsaaklik op plase, wat relatief groot was (ongeveer 8 km<sup>2</sup>), gewoon het. Dit het 'n groter isolasie van die bevolking, in vergelyking met die voorafgaande dekades, teweeggebring. So bereken Guelke dat die bevolkingsdigtheid, wat die kolonistebevolking betref, in die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte gedurende die 1680's en 1690's erg laag was: twee vryburgers per 2,6 km<sup>2</sup> (Guelke 1989: 75).

Teen 1685 is daar reeds 60 grondvergunnings vir die Stellenbosch-distrik toegestaan – en dit was nie lewensvatbaar vir veel meer nie (Guelke 1989: 74; Biewenga 1999: 21). Gevolglik het Van der Stel in 1687 Drakenstein<sup>38</sup> gestig toe hy aan 23 boere langs die Bergrivier grond toegestaan het (De Wet 1981: 20). Hiermee is die Kaapse kolonie geografies nóg verder uitgebrei: in die eerste dekades ná vryburgervrystellings was die hele blanke bevolking slegs op 'n afstand van enkele kilometers van Kaapstad. Met die kolonisasie van Stellenbosch en Drakenstein neem dit toe tot tussen 50-100 km (Biewenga 1999: 29).

Die bevolking van die Stellenbosch-distrik het steeds geweldig bly groei. Die 165 vryburgers van 1685 het drie jaar later tot 243 toegeneem. Weereens is dit opmerklik dat die groei hoofsaaklik in die aantal mans was: van 87 tot 132, terwyl die aantal vroue slegs minimaal toegeneem het (van 26 tot 32). Hierby moet 79 kinders getel word. Naas die vryburgers was daar ook 23 knegte en 78 slawe. Die totale bevolking van Stellenbosch was dus 344 (Biewenga 1999: 29). In dieselfde tyd is die totale vryburgerbevolking van die Kaap 'n groot hupstoot gegee met die koms van die Franse Hugenote gedurende 1688-1690. Hierdie mense het na die Kaap gekom binne die kader van die immigrasiebeleid van die VOC, en is hoofsaaklik in Drakenstein, tussen die reeds gevestigde inwoners, grond toegeken. Daar kan nie met presiese sekerheid gesê word hoeveel van hulle gedurende 1688-1690 aan die Kaap gekom het nie, maar daar was ten minste 150, alhoewel hulle soveel as 176 kon getel het. Hiervan was ongeveer die helfte mans (De Wet 1981: 16-18).

Die bevolking van die Drakensteinse distrik het nog vinniger as dié van die Stellenbosch-distrik toegeneem. Hoe geweldig die totale vryburgerbevolking in die 8 jaar ná 1685 gegroei het, en hoe hulle oor die Kaap versprei is, blyk uit die monsterrolle van 1693. In hierdie jaar was daar in totaal 987 vryburgers – byna drie keer soveel as in 1685. Hiervan was 422 mans, 178 vroue en 387 kinders (wat byna 40% van die vryburgerbevolking uitgemaak het). Hoewel daar in dieselfde jaar 524 manlike kompanjiesdienaars was, het die

<sup>38</sup> Hiermee word die historiese gebied 'Drakenstein' bedoel en nie die moderne gebied met dié naam nie. Volgens Valentyn het dit die volgende areas omvat: Drakenstein, Franschoek, Wamakersvallei, Riebeek-Kasteel, Vier-en-Twintig Riviere en Piketberg (Raidt e.a. 1971: 154 e.v.). Natuurlik is nie al hierdie gebiede dadelik beset nie, maar geleidelik vanaf die laat 17<sup>de</sup> eeu, en veral in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu (vgl. § 5.6.1).

totale getal vryburgers hulle ver oortref. Van die 987 vryburgers het altesaam 43% (426) in die Kaapse distrik (insl. Kaapstad) gewoon, met 270 en 291 in onderskeidelik Stellenbosch en Drakenstein. Opmerklik is hoe snel Drakenstein in 6 jaar gegroei het. Stellenbosch daarenteen het in die 5 jaar vanaf 1688 baie minder gegroei as in die voorafgaande jare. Die aantal mans daar het van 132 tot 110 afgeneem, hoewel die aantal vroue en kinders toegeneem het. Dit is gedeeltelik toe te skryf aan die feit dat sommige Stellenbossers na Drakenstein verhuis het (De Wet 1981: 13, 17, 21).<sup>39</sup> Die beeld wat hieruit te voorskyn kom is dat die meerderheid van die totale blanke bevolking (insl. kompanjiesdienaars) aan die Kaap in die Kaapse distrik, en waarskynlik Kaapstad, gesetel was. Die grootste deel van die vryburgerbevolking het egter ylverspreid en in isolasie van mekaar op 'n redelike groot afstand van Kaapstad gewoon (Guelke 1988: 456).

Al het die immigrasie van die Franse vlugteling tot die styging in die syfers van 1693 bygedra, is die groot toename in die getal vryburgers gedurende die dekade 1690 hoofsaaklik toe te skryf aan natuurlike aanwas (Böeseke 1975: 44; De Wet 1981: 22). Dit blyk duidelik uit die groot persentasie kinders in die totale vryburgerbevolking: vanaf die 1670's het hulle konstant ongeveer 40% van die vryburgerbevolking uitgemaak. Hierdie getal het teen die einde van die 1690's begin groei, en teen 1702 was 46% van die vryburgers kinders (De Wet 1981: 17). Die rede vir hierdie toename is dat die Kaapse koloniste (volgens huidige standarde) buitengewoon baie kinders gehad het. Volgens Guelke se berekening het vryburgervroue teen 1705 gemiddeld 6,4 kinders per leeftyd gebaar. Die getal hiervoor is nog hoër in die Drakenstein-gebied, nl. 8 kinders (Guelke 1988: 467).<sup>40</sup> Hierby moet ook in gedagte gehou word dat in hierdie tyd Kaapse vroue op 'n heelwat jonger ouderdom as hul Europese eweknieë getrou en kinders gebaar het (Guelke 1988: 463; Biewenga 1999: 240-41, 246).

Ofskoon die regering voortgegaan het om grond in die Bo-Bergriviervallei en verder noord toe te staan, was daar in die 1690's weinig noemenswaardige geografiese uitbreiding en veeleer 'n soort konsolidasie van die bestaande vestigings (Guelke 1989: 74). Die vryburgerbevolking het egter sterk toegeneem. Teen 1699 was daar in die hele Kaap 1147 vryburgers, waarvan 402 mans, 224 vroue en 521 kinders (Böeseke 1975: 44). In 1702 het die getalle toegeneem tot 480 mans, 259 vroue en 629 kinders, in totaal 1368. Hiervan het 616 (45% van die totaal) in die Kaapse distrik gewoon, met 366 in Stellenbosch en 386 in Drakenstein. Hiernaas was daar ook 524 manlike kompanjiesdienaars aan die Kaap (De Wet 1981: 13, 17, 21). Aan die einde van die onderhawige periode sien ons dus 'n fenomale toename in die aantal vryburgers: van 232 in 1679, hoofsaaklik beperk tot die Kaapse distrik, het hul getal toegeneem tot meer as 1300 in 1702, waarvan meer as die helfte in taamlieke isolasie in landelike distrikte relatief ver van Kaapstad geleef en gewerk het.

<sup>39</sup> So byvoorbeeld wou van die Franse gesinne wat in Stellenbosch gevestig is, eerder na Drakenstein verhuis en hulle is dan ook in 1691 toegelaat om dit te doen (Scholtz 1965: 227).

<sup>40</sup> Guelke se syfers gee die situasie weer soos dit volgens die opgaaf in een jaar, nl. 1705, was. Volgens De Wet (1981: 150-51) het die totale aantal vryburgergesinne in die periode 1657-1707 gemiddeld 5 kinders gehad. Ook Biewenga (1999: 244-45) bereken die gemiddelde aantal kinders per gesin. Volgens hom was daar in die periode 1696-1732 in die Stellenbosch-distrik gemiddeld 4, 8 kinders per gesin. Daar moet egter in gedagte gehou word dat, aangesien mense dikwels meer as een keer getroud was, die getal kinders per persoon hoër moet wees. As redes vir die hoë kindertal noem Biewenga (1999: 245) die volgende: "Een hoge huwelijksvruchtbaarheid onder vrijburgers kan als oorzaak van het hoge kindertal genoemd worden. Aan de andere kant was waarschijnlijk ook de kindersterfte aan de Kaap naar de toenmaligen Europese maatstaven gering".

Tot dusver is daar hoofsaaklik gekonsentreer op die geografiese uitbreiding van die Kaap. Wat was die situasie in Kaapstad self? Ongelukkig is daar nie in die monsterrolle onderskeid gemaak tussen die nedersetting Kaapstad en die 'plattelandse' gebiede van die Kaapse distrik nie. Slegs vir één jaar is daar 'n aanduiding van hoe die bevolking in die Kaapse distrik versprei was. In 1685 noem kommissaris H. A. van Reede dat daar 30 vryburgerhuisgesinne in die Tafelvallei en 24 in die gebied langs die Liesbeekrivier en verder tot by die Steenberg gewoon het (De Wet 1981: 23). As mens in ag neem dat die vryburgergetal in die Kaapse distrik in hierdie jaar 178 bedra het, waarvan 50 mans was, lyk dit asof daar weinig vryburgers in die Kaapse nedersetting gewoon het.<sup>41</sup> Dit is waarskynlik misleidend, want ons weet dat sedert die 1670's verskeie vryburgers die reg toegestaan is om ambagte soos bakkers, slagters, smede, skoen- en kleremakers in die nedersetting te beoefen (Worden e.a. 1998: 57; vgl. De Wet 1981: 62-96). Mens sou dink dat sulke mense nie ook geboer het nie, maar hulle voltyds op hul ambag toegespits het. Tog is daar 'n aantal gevalle bekend van suksesvolle ambagsmanne in die 1680's en 1690's wat naas 'n woonhuis en -erf in Tafelvallei ook een of meer plase elders in die Kaapse distrik besit het (vgl. Woodward 1975: 165-66 vir voorbeelde). Moontlik is sulke plase deur knegte en/of slawe bestuur of is uitgehuur. Daar moet egter in gedagte gehou word, soos reeds uitgewys, dat daar geen duidelike onderskeid tussen 'stedelike' en 'plattelandse' gebiede was nie, en dat Tafelvallei beide boerderygebied en 'stedelike' gebied was.

Hoe dit ook sy, in hierdie tyd het die Kaapse nedersetting verder gegroei. Die toename in die aantal mense wat in Tafelvallei gewoon het, het ook 'n verandering in die landskap daarvan teweeggebring waar daar meer grond bewerk is en meer gebou is. Die aantal vryburgers in die Kaapse distrik het van 178 in 1685 tot 616 in 1702 gestyg (De Wet 1981: 21). Indien die verspreiding van die vrybevolking min of meer dieselfde gebly het as in 1685, kan ons aanneem dat ongeveer die helfte hiervan in die Tafelvallei moes gewoon het. Die aantal kompanjiesdienaars ontbreek vir die 1680's, maar van ongeveer 300 in 1680 het hulle toegeneem tot 556 in 1702, waarvan die meeste in die Kaapse nedersetting moes gewoon het (De Wet 1981: 13). Daar het dus waarskynlik ongeveer 800-900 blankes teen 1702 in die Tafelvallei op 'n redelike permanente basis gewoon. Volgens Robert Ross (1994: 14 met 215 n. 8) het Kaapstad teen 1700 'n bevolking van ongeveer 2000 blankes en slawe gehad (vgl. § 5.5.2 vir die aantal slawe)

Die toename in die inwonertal word gereflekteer in die toename van die aantal huise in die Kaapse nedersetting. In 1679 was daar ongeveer 70-80, maar teen 1693 berig John Ovington dat daar ongeveer 100 huise in Kaapstad was (Raven-Hart 1971: 396). Die Kasteel, waar die belangrikste kompanjiesdienaars gewoon het, is gedurende die 1670's klaar gebou, maar het eers onder Van der Stel sy finale beslag gekry (Böeseken 1975: 38-39, 42). Die nuwe slawelosie het vanaf 1679 dwasdeur die slaweperiode aan die Kaap die VOC-slawe gehuisves (Shell 1994: 248-49). Die garnisoen het tussen 50-70% van die aantal kompanjiesdienaars in die onderhawige tydperk uitgemaak (Schutte 1989: 296). Die soldate het, behalwe vir die enkeles wat elders in die kolonie diens gedoen het, in barakke in die Kasteel gewoon, en het uit die aard van hul werk kontak gehad met kompanjiesdienaars, vryburgers, besoekende Europeërs, slawe en Khoekhoen (Worden e.a. 1998: 50; Dooling 1994: 18-22). Die Kaap was primêr 'n verversingstasie en die hospitaal het daarom 'n belangrike rol in die

<sup>41</sup> Dit is moeilik om presies te bepaal hoe die bevolking versprei is, veral omdat dit ook voortdurend aan't verander was. In 1682 was daar blykens die sensus 64 vryburgermans in die Kaapse distrik waarvan 26 (dus 40%) in die nedersetting self gewoon het. Teen 1685 het die aantal vryburgermans afgeneem, waarskynlik weens immigrasie na Stellenbosch, en daar was slegs 50 waarvan waarskynlik die meerderheid, indien Van Reede korrek is, in die Tafelvallei gewoon het, en sekerlik 'n groot deel hiervan, na analogie van 1682, ook in die nedersetting werksaam was (Guelke 1988: 461; De Wet 1981: 21).

nedersetting vervul. Ná die sloping van die Fort in 1676 is die hospitaal na 'n ou pakhuis tussen die Kasteel en die landingsplek verskuif. Ten spyte van vergrotings in die 1680's het dit nie gedeug nie, en daar is in 1697 besluit om 'n nuwe hospitaal op 'n meer gunstige plek te bou. In 1699 kon hierdie nuwe hospitaal digby die Kompanjiestuin (in feite regoor die slawelosie) in gebruik geneem word (Schoeman 2001: 242-43). Die VOC-dienaars wat daar herstel het, het nie net tydelik die bevolking van die Kaap opgestoot nie: tussen 40-60% van nuwe kompanjiesdienaars aan die Kaap was mense wat op pad na Oos-Indië weens siekte in Kaapstad moes oorbly en daarna aangebly het (Worden e.a. 1998: 51). Die groot getalle verbygaande kompanjiesdienaars (hoofsaaklik soldate en matrose) is gewoonlik teen betaling in privaathuise gehuisves. Blykbaar het die meeste inwoners van die nedersetting ook losieshuise, taphuise of herberge aangehou; of ten minste kamers tydens die besoek van die retoervloot uitgehuur. Weens beperkte huisvesting en hoë pryse moes gewone seelui goedkoop verblyf kry van armer inwoners wat in klein huisies langs die strand gewoon en slaapplek uitgehuur het (De Wet 1981: 28; Worden e.a. 1998: 57-58).

Al hierdie mense het nie net bygedra tot die styging in die aantal inwoners van Kaapstad nie, maar hul groter getalle het ook daartoe gelei dat die nedersetting meer en meer 'n stedelike karakter ontwikkel het om die heterogene, en dikwels transiënte, bevolking te huisves.

#### 5.5.2 *Aantal, herkoms en verspreiding van slawe*

In 1679 was daar volgens Shell se berekening 'n totaal van 633 slawe aan die Kaap. Hierdie getal het teen 1700 byna verdriedubbel tot 1836. Die geweldige groei in slawegetalle in die onderhawige periode was egter nie gestadig nie. Soos duidelik blyk uit die grafieke in Addendum 8.2 was daar 'n redelik stabiele toename in getalle gedurende die 1680's, maar 'n skerp styging in die 1690's, veral in die tweede helfte van daardie dekade. Dit word ook geïllustreer deur die syfers: in die 14 jaar tussen 1679 en 1693 het die slawetal met 69% gegroei, maar in die 9 jaar vanaf 1693-1702 het die getal vinniger toegeneem en met 79% gegroei. Indien die syfers ontleed word, is dit opmerklik dat die groei hoofsaaklik in die aantal mans was. In 1679 was slegs 44% van die totale slawebevolking mans, waarvan kinders 26% uitgemaak het. In 1693 het mans ver meer as die helfte van die totale slawebevolking uitmaak, nl. 61%, wat teen 1702 tot 65% gegroei het. Hoewel die getal vroue wel toegeneem het, van 195 in 1679 tot 265 in 1693 en 407 in 1702, het die getal kinders afgeneem. Waar laasgenoemde in 1679 nog 26% van die totale slawebevolking uitgemaak het, was hulle teen 1693 slegs 18% en 9 jaar later slegs 12% van die totale aantal slawe (vgl. Addendum 8.2).

Hoe vergelyk bogenoemde groei in slawegetalle met die toename in die Europese bevolking aan die Kaap? In 1679 was daar 232 vryburgers met 'n geskatte 300-400 kompanjiesdienaars (vgl. § 5.5.1), dus was die getal slawe ongeveer gelyk aan dié van die totale aantal blankes aan die Kaap. Die groei in die aantal slawe het aanvanklik nie heeltemal tred gehou met die aantal blankes nie, veral in die 1680's toe die getal vryburgers sterk gegroei het weens immigrasie. Só was daar in 1693 'n totaal van 987 vryburgers en 524 manlike kompanjiesdienaars met waarskynlik 50-100 vroue en kinders – 'n totale blanke bevolking van tussen 1500-1700 mense. Hierteenoor was daar 1067 slawe. Soos gesien, het die getal slawe egter skerp toegeneem in die tweede helfte van die 1690's – groei wat nie geëwenaar is deur die blanke bevolking van die Kaap nie. Teen 1702 was daar 1368 vryburgers en 556 manlike kompanjiesdienaars met waarskynlik 50-100 vroue en kinders. Die blanke bevolking van ongeveer 2000 persone is in dié jaar byna geëwenaar deur die getal slawe wat tot

1910 toegeneem het. Die groei in die blanke bevolking tussen 1693-1702 van ongeveer 18-33% is in sterk kontras met die 79%-groei in slawegetalle gedurende dieselfde jare.

Waarom was daar so 'n groei in die aantal slawe, en hoe is hul getalle vermeerder? Daar is reeds in § 5.4.2 aangetoon dat daar in die 1660's en 1670's 'n nypende tekort aan arbeidskragte aan die Kaap was. Teen 1680 was die Politieke Raad oortuig dat die Kaap nie sonder slawe kan bestaan nie en dat hulle dringend vermeerder moet word (Worden 1985: 7). Ten spyte van die groot invoer in 1673 en 1677 was daar nie genoeg slawe vir die gebruik van die VOC nie. Die rede hiervoor is die hoë mortaliteit onder veral die kompanjieslawe: so bv. is 92 van die 257 slawe wat in 1677 van Madagaskar gebring is, binne 3 maande oorlede (Armstrong & Worden 1989: 126), wat daartoe gelei het dat daar voortdurend 'n tekort aan slawe ontstaan het. Verder het die uitbreiding van landbou-aktiwiteite en die verspreiding van plase oor 'n wyer geografiese gebied in die 1680's en 1690's 'n groter behoefte aan arbeiders onder privaatpersone veroorsaak. Hoewel die vryburgerbevolking toegeneem het, het die groot stukke grond wat aan individuele boere in die nuwe distrikte toegeken is, dikwels meer werk vereis as wat een gesin kon behartig (Guelke 1989: 74-75; Shell 1994: 10).

Reeds kort ná die vrystelling van vryburgers, het die VOC probeer om die arbeidsprobleem aan te pak deur die gebruik van knegte aan te moedig. Daar was twee soorte knegte in hierdie tyd, t.w. vryknegte en leenknegte. Eersgenoemde was vryburgers wat by ander vryburgers onder kontrak in diens tree (die verskynsel van vryknegte is hoofsaaklik tot die 17<sup>de</sup> eeu beperk). Leenknegte daarenteen was kompanjiesdienaars, gewoonlik soldate of matrose, wat deur boere van die VOC 'geleen' word en onder kontrak vir 'n tydperk by 'n boer werk (Biewenga 1999: 99-100; Dooling 1994: 15-16). Knegte was egter relatief duur. Gevolglik kon slegs enkele boere meer as een bekostig en het die meeste knegte slegs vir 'n relatiewe kort tyd vir 'n boer gewerk – daar is ook gevalle bekend van boere wat slegs gedurende druk tye van die jaar, bv. saai- en oestyd, van knegte gebruik gemaak het (De Wet 1981: 100-102; Biewenga 1999: 101-102). Die meeste knegte in die 17<sup>de</sup> eeu was werkzaam as skaapwagters en landbouknegte, hoewel enkeles ook diens gedoen het as onderwysers asook ambagtelike of huishoudelike take verrig het (Biewenga 1999: 101; De Wet 1981: 102). Dit sou egter gedurende die 1690's verander toe al hoe meer knegte primêr as slawe-opsieners aangestel is (Shell 1994: 18-20).

Die belang van knegte in die ekonomie van die Kaap hang nou saam met die groei in die slawetal. De Wet het bereken dat in die eerste 50 jaar ná die vryburgervrystelling, daar 424 vryknegte was – 'n groot aantal wat meer as 26% van die totale manlike vryburgers in 1657-1707 beloop (De Wet 1981: 102, 224-28; syfers vir leenknegte ontbreek). Die persentasie knegte was egter in die eerste drie dekades ná 1657 heelwat hoër as in die daaropvolgende 20 jaar (vgl. Shell 1994: 11). Dit word duidelik uit die sensusse van onderskeidelik 1682 en 1705. In eersgenoemde jaar was daar 89 manlike vryburgers en 45 knegte, wat beteken dat omtrent 'n derde van die volwasse manlike arbeidskrag uit knegte bestaan het. Teen 1705 het die situasie verander: daar was 66 knegte teenoor 525 manlike vryburgers – dus was knegte maar iets meer as 10% van die arbeidskrag (Guelke 1988: 459, 461). Waarom is dit so? Shell reken dat dit te make het met die feit dat die kinders van die vryburgers wat in die 1680's in die landelike distrikte van die Kaap begin boer het, teen die 1690's volwasse was en in 'n groot mate die rol van knegte oorgeneem het (Shell 1994: 10-14). Dat die getal slawe in hierdie dekade in die binneland toegeneem het, het ook hiermee te doen, en dit is dan ook duidelik dat vanaf ongeveer 1692 meer knegte eerder as slawe-opsieners, en nie as loonarbeiders nie, begin werk het (Shell 1994: 18-19). Die feit dat knegte self eerder as selfstandige boere 'n bestaan wou maak, het seker ook met hierdie afname in

hul getalle verband gehou. So het dit gebeur dat in die 18<sup>de</sup> eeu daar maar weinig gebruik gemaak is van vrye loonarbeid in die Kaapse ekonomie – slegs 5% van die manlike vryburgerbevolking was tot 1740 as knegte werksaam, en in die res van die eeu minder as 1% (Shell 1994: 20).<sup>42</sup>

Soos in die voorafgaande paragrawe duidelik geword het, het die instelling van vrye loonarbeid teen die einde van die 1600's gefaal. Omdat knegte duur en moeilik bekombaar was, en dikwels ook nie lank wou bly nie, moes boere hulle tot ander bronne van arbeid wend. Slawerny was reeds gevestig aan die Kaap en daarom het boere hulle tot hierdie bron van arbeid gewend. Daar was dan ook 'n groot vraag na slawe in die onderhawige periode van die kant van die vryburgers. Die tekort aan slawe het egter bly voortbestaan. Dwarsdeur die VOC-tydperk was natuurlike aanwas van die slawebevolking nie voldoende om die bevolking stabiel te hou nie – gewoon omdat die getal mans vroue verreweg oortref het, en die meeste ingevoerde slawe mans was (Armstrong & Worden 1989: 133). Hierbo is reeds gewys hoe die getal slawekinders in die onderhawige tydperk afgeneem het. Die persentasie kinders in die slawebevolking was in die 1690's nooit meer as 10-12% nie, en het inderwaarheid dwarsdeur die 18<sup>de</sup> eeu tot nooit meer as 20% gestyg nie. In vergelyking hiermee het die persentasie vryburgerkinders in dieselfde dekade 40-50% bedra, en byna dwarsdeur die 18<sup>de</sup> eeu tussen 50-60% gebly (Armstrong & Worden 1989: 131). Dit het te make met die ongelyke ratio slawemans : slawevroue. In 1702, toe daar aansienlik meer vroulike slawe aan die Kaap as in 1679 was, was daar 407 slavinne teenoor 1270 mans – 'n ratio dus van 3,1:1. Vir die vryburgers, waar daar ook 'n groot aantal enkelopende mans was (vgl. Shell 1994: 291-92), was die ratio in dieselfde jaar ongeveer 1,9:1. Nie net was die aantal slawevroue min nie, hul vrugbaarheid was ook baie laag: gedurende die 1690's het slawevroue *gemiddeld* minder as 1 kind gebaar (Armstrong & Worden 1989: 131; vgl. Shell 1994: 173, hfst. 3). Gesien die klein hoeveelheid slawekinders en die lae fertiliteit van slawevroue, gekoppel aan die hoë mortaliteit onder slawe (vgl. Armstrong & Worden 1989: 126), moes daar noodgedwonge slawe ingevoer word. Invoer was dan ook die hoofbron van slawe in die onderhawige tydperk.

Ofskoon die slawetog na Madagaskar in 1677 suksesvol was deurdat op hierdie wyse die aantal slawe aan die Kaap vergroot is, was dit volgens die VOC nie winsgewend genoeg nie en is daarom nie dadelik herhaal nie (Böeseken 1977: 67-68). Tog is daar besef dat Madagaskar, wat as 'n soort 'reservoir' gedien het vir die hele slawehandel aan die Ooskus van Afrika, 'n maklike, nabye en daarom goedkoper bron van slawe is (vgl. Armstrong & Worden 1989: 112-14). In 1684 en weer in 1685 is suksesvolle togte na Madagaskar onderneem en is 314 slawe as resultaat hiervan aan die Kaap geland (Böeseken 1977: 68-69). Kommissaris H. A. van Reede, wat in 1685 aanbeveel het dat meer slawe ter wille van die land- en akkerbou ingevoer moet word (en inderdaad besef het dat slawe-arbeid onvermydelik was, gegee die Kaapse omstandighede), was so beïndruk met hierdie Malgassiese slawe dat hy aanbeveel het dat meer van hulle na die Kaap gebring behoort te word (Hulshof 1941: 238).<sup>43</sup>

Nadat 'n Nederlandse slaweskop egter in 1685 in die Mosambiekse kanaal gekaap is, is daar vir 'n aantal jare geen togte deur die VOC na Madagaskar onderneem nie (Böeseken 1977: 69). Volgens Armstrong en

<sup>42</sup> Hierdie ekskursie oor knegte hier is nodig vir 'n goeie begrip van die verdere geskiedenis van die Kaap, veral die belang van slawe-arbeid.

<sup>43</sup> Die oorspronklike aanbeveling lui só: "...soo soude as onvermijdelijk wesen dese plaetse met meerder slaven te doen versorgen, voornamentlijk van het eijland Madagascuer, welke menschen bevonden sijn te wesen sterck van nature, aerbeijdsaem, goet van begriip en niet quaedaerdigh, die door ons volck wel geleijd en onderwesen bequaem zullen sijn alsoo goeden dienst te trecken, jae beter als van onse eijgene natie..." (Hulshof 1941: 238).

Worden (1989: 112) het die Kompanjie tussen 1652-1699 in totaal 12 slawetogte van die Kaap na Madagaskar onderneem – wat altesaam 1069 slawe na die Kaap gebring het. Die oorgrote meerderheid hiervan is egter in die 4 jaar ná 1696 na die Kaap gebring toe daar sóveel slawe ingevoer is dat die Politieke Raad aan die Kaap in 1700 kon verklaar dat daar vir die onmiddellike toekoms genoeg slawe aan die Kaap was (Böeseken 1977: 72; Hattingh 1983: 26). Die groot omvang van slawe-invoer na die Kaap in die laaste jare van die 17<sup>de</sup> eeu blyk duidelik uit die skielike styging in hul totale aantal (vgl. Addendum 8.2).

Dit is belangrik om daarop te let dat die slawe uit Madagaskar uitsluitlik ten behoeve van die VOC ingevoer is. Slawe wat op hierdie wyse na die Kaap gebring is, was bestem om vir die Kompanjie te werk en is dus in die Losie geplaas en nie aan vryburgers verkoop nie (hoewel daar waarskynlik ook op sulke slawetogte onwettige privaathandel was vir die privaatgebruik van die kompanjiesdiensmaats) (Armstrong & Worden 1989: 115). Hoe het die vryburgers in hierdie tydperk aan hul slawe gekom? Soos in § 5.4.2 uitgewys is, was daar dwarsdeur die Nederlandse periode aan die Kaap kompanjiesdiensmaats uit die Ooste op die retoervloot wat hul slawe (gewoonlik in klein getalle) aan die Kaap van die hand gesit het. Dit was dan ook die hoofbron vir Oosterse slawe aan die Kaap en het daarvoor gesorg dat hul getalle jaarliks met 'n paar dosyn toegeneem het (Ross 1983: 13; Armstrong & Worden 1989: 116-17; Biewenga 1999: 25-26).

Die ander belangrike bron van privaatslawe in hierdie tydperk was egter slawehandelaars van ander lande wat (gewoonlik vanuit Madagaskar) die Kaap aangedoen het op pad na die Amerikas. Dikwels het hulle deel van hul vrag verkoop, gewoonlik aan vryburgers of kompanjiesdiensmaats vir privaatgebruik, maar feitlik nooit aan die VOC self nie (Armstrong & Worden 1989: 117-18). Enkele kapteins van slaweskepe het weens die groot vraag na slawe en gevolglike goeie pryse, spesiaal die Kaapse mark voorsien. So 'n persoon was William Deeron wat tussen 1684-1690 verskeie togte tussen Madagaskar en die Kaap onderneem het om in die vryburgers se vraag na slawe te voorsien (Böeseken 1977: 70-72).<sup>44</sup> Aldus het die aantal slawe aan die Kaap tussen 1679-1700 bykans verdriedubbel.

Wat was die herkoms van die slawe tussen 1679-1700 aan die Kaap? Die samestelling van die slawebevolking moet, weens die groot getalle slawe wat in hierdie tyd ingevoer is, nogal heelwat verander het. Soos duidelik blyk uit die voorafgaande paragrawe was die hoofbron vir VOC-slawe in hierdie twee dekades Madagaskar. Mens moet in gedagte hou dat hierdie mense by die reeds aanwesige VOC-slawe gevoeg is, en saam met hulle in die Kompanjie se slawelosie moes woon. Nietemin, gegee die groot getalle Malgassiese slawe wat sedert 1677 na die Kaap gebring is, kan mens met redelike sekerheid verklaar dat die VOC-slawe gedurende hierdie tydperk hoofsaaklik Malgassies van herkoms was. Waar Shell veralgemenend skryf: “Of all the slave groups, only the Company slaves were from the same language group, the same religious background, the same geographical areas...”, kan mens byvoeg dat dit vir die laaste 25 jaar van die 17<sup>de</sup> eeu wel só was, en dat die VOC-slawe toe spesifiek Malgassies was (Shell 1994: 49).<sup>45</sup>

Hoe het sake gestaan wat die herkoms van die privaatslawe betref? Uit Shell se grafiek vir die herkoms van alle slawe aan die Kaap tussen 1652-1808, blyk duidelik die oorwegend Malgassiese herkoms van slawe

<sup>44</sup> As illustrasie van hoe omvangryk hierdie handel kon wees, vergelyk Hattingh (1983: 22-25) wat wys dat uit 'n totale 1249 verkoopstransaksies van slawe in die periode 1695-1707 ongeveer 64% slawe was wat deur seelui aan die Kaap van die hand gesit is. Op hierdie wyse is 419 nuwe slawe tussen 1695-99 onder die privaatpersone aan die Kaap versprei.

<sup>45</sup> Daar moet egter onthou word dat Madagaskar 'n 'reservoir' was vir die slawehandel aan die Ooskus van Afrika, en dat slawe van daar bekom, nie noodwendig Malgassies hoef te gewees het nie – dit is goed moontlik dat slawe uit ander gebiede op die slawemarkte van Madagaskar te koop kon wees.

tussen ca. 1677-1710. Maar hieruit blyk ook dat daar in die 1690's groeiende getalle slawe uit Indië en Ceylon was (Shell 1994: 41). Hierbo is daarop gewys dat private persone hul slawe vanuit hoofsaaklik twee bronne gekry het: terugkerende kompanjiesdienaars wat hul privaatslawe van die hand sit, en slawekapteins vanuit Madagaskar wat slawe aan die Kaap verkoop het. Eersgenoemde bron het daartoe gelei dat die aantal slawe met Oosterse herkoms vanaf die 1670's begin toeneem het, maar veral in die 1690's geweldig gestyg het (Addendum 8.4.2). Dit is ook duidelik uit die details van slawe-oordragte dat die getal Malgassiese slawe in privaatbesit vanaf die laat 1670's begin styg het, en geweldig gedurende die 1680's toegeneem het (Addendum 8.4.2) sodat daar teen die laat 1680's byna ewe veel Malgassiese as Indiese en Ceylonese slawe in privaatbesit was. Dit klop met die historiese feite oor die bron van slawe-invoere in hierdie tyd, nl. die aktiwiteite van privaatslawehandelaars soos Deeron. Gedurende die 1690's begin die getalle van privaatslawe uit Madagaskar te stabiliseer, terwyl slawe uit die Ooste (Indië en Ceylon, maar ook Indonesië) heelwat begin toeneem (Addendum 8.4.2). Wat veral opval, is dat, terwyl die aantal privaatslawe uit die Ooste, en veral uit Indië en Ceylon, in die laat 1690's geweldig styg, dieselfde nie van die aantal Malgassiese slawe gesê kan word nie, ten spyte van die groot getalle slawe wat in hierdie jare uit Madagaskar na die Kaap ingevoer is.<sup>46</sup> Dit ondersteun die opmerking hierbo gemaak dat slawe van Malgassiese herkoms gedurende 1679-1700 hoofsaaklik vir VOC-gebruik ingevoer is (vgl. Hattingh 1983: 31).

Opvallend uit die statistieke oor die herkoms van privaatslawe is dat die aantal Indonesiese slawe in vergelyking met die aantal Indiese en Ceylonese slawe baie klein was. Die rede hiervoor was dat die VOC in sy koloniale besittings in Indonesië self hoofsaaklik van slawe uit Indië en Ceylon gebruik gemaak het. So is daar aanvanklik, weens sekuriteitsredes, gepoog om in hul hoofvesting, Batavia, geen of min slawe uit die Indonesiese argipel te gebruik (Groeneboer 1993: 45-46; Blommaert 1938: 3). Die slawe van kompanjiesdienaars uit Batavia wat aan die Kaap in die 17<sup>de</sup> eeu geland het, was om hierdie rede dan hoofsaaklik uit Indië en Ceylon afkomstig. Eers in 'n veel later stadium het meer slawe uit die Indonesiese argipel aan die Kaap geland.

Opsommenderwys kan daar gesê word dat in 1679 privaatpersone slawe besit het wat hoofsaaklik van Indiese en Ceylonese herkoms was. Hiernaas was daar omtrent net soveel slawe uit Madagaskar as uit ander dele van Afrika. Hierdie situasie het gedurende die daaropvolgende dekade verander. Teen 1689 was daar byna net soveel privaatslawe uit Madagaskar alleen as uit Indië en Ceylon. Nog tien jaar later, teen die einde van die eeu, het die situasie weer verander: verreweg die meerderheid van privaatslawe was uit Indië en Ceylon afkomstig, hoewel 'n groot deel steeds uit Madagaskar was, en die getal slawe uit Indonesië ook heelwat toegeneem het. Hierteenoor het die belang van slawe uit Afrika in die bevolkingsamestelling van die privaatslawe afgeneem, terwyl die natuurlike aanwas van slawe aan die Kaap nog maar weinig invloed op die grafieke toon (Addendum 8.4.2).<sup>47</sup>

---

<sup>46</sup> Hattingh (1983: 30-31) het bevind dat van die slawe wat deur die vryburgers gedurende 1695-1707 van verbygaande seelui gekoop is, slegs 25% van Malgassiese afkoms was, terwyl slawe uit Indië (49%) en die Indonesiese argipel (16%) saam byna twee-derdes van die totaal bedra het.

<sup>47</sup> Hoewel in gedagte gehou moet word dat dit onwaarskynlik is dat eienaars die kinders van hul slawe sommer sou verkoop. Daarom is die detail uit die verkoopaktes nie so 'n goeie aanduiding van die getal Kaapsgebore slawe onder vryburgers nie. Dit het egter nie so 'n groot invloed op die algemene indruk uit die grafieke nie, omdat die meeste slawevroue en -kinders onder die VOC-slawe voorgekom het, en daar relatief min van hulle onder privaatpersone was.

Ons weet hoeveel slawe daar aan die Kaap in die onderhawige tydperk was, en min of meer wat hul herkoms was – kan ons ook vasstel hoe hulle aan die Kaap versprei was? In § 5.5.1 is daar aangetoon hoe verskillend die situasie vir die vryburgers (wat o.m. bevolkingsgetalle en verspreiding betref) tussen die nedersetting Kaapstad en die plattelandse gebiede was. Op dieselfde wyse moet daar probeer word om te differensieer tussen die verskillende ‘slawebevolkings’, hul verspreiding en kontak, onderling en met ander. Die term ‘slawebevolking’ word deur Shell gebruik om die nogal verskillende wêreld van die drie Kaapse ‘slawebevolkings’ te beskryf. Volgens hom moet mens onderskei tussen die VOC-slawe, die patrisiërslawe (d.i. slawe van vooraanstaande VOC-amptenare) en burgerslawe. Die kompanjieslawe was gedurende die Nederlandse tyd aan die Kaap altyd die grootste enkele groep slawe. Burgerslawe het mettertyd aansienlik toegeneem, beide in getalle en belangrikheid in die Kaapse ekonomie. Volgens Shell het die belangrike kompanjiesdienaars in die 17<sup>de</sup> eeu aansienlik meer slawe besit as wat hulle amptelik toegegee het – in so ‘n mate dat hulle syns insiens in die eerste 5 dekades ná die invoer van slawerny aan die Kaap gesamentlik die meeste slawe besit het (Shell 1994: 149-152). Ons weet byvoorbeeld dat W.A. van der Stel in die periode 1699-1707 in totaal 121 slawe aangekoop het – ‘n buitengewoon hoë syfer in vergelyking met bv. Henning Hüsing, waarskynlik die rykste vryburger aan die Kaap, wat gedurende dieselfde tyd tussen 59-65 slawe besit het (Hattingh 1983: 40-41).<sup>48</sup>

Hierbo is daar gewys op die groot getalle slawe wat veral in die 1690’s deur die VOC na die Kaap ingevoer is. Hierdie slawe was uitsluitlik vir die gebruik van die Kompanjie en het in die slawelosie beland. Ten spyte van die groot getalle slawe wat uit Madagaskar in die 1690’s ingevoer is, skyn dit nie asof die getalle van VOC-slawe ooreenkomstig gegroei het nie. Dit moet weereens aan die hoë sterftesyfer onder slawe in die losie toegeskryf word. Gemiddeldes vir die onderhawige periode ontbreek, maar alles dui daarop dat die sterftesyfer in die slawelosie byna ongelooflik hoog was (Armstrong & Worden 1989: 126-27; Shell 1994: 174). Ons weet byvoorbeeld dat daar in 1700 omtrent 220 VOC-slawe binne ses maande gesterf het (Armstrong & Worden 1989: 126). Heeltemal tereg noem Shell die slawelosie “a demographic sinkhole” (Shell 1994: 173). Ongelukkig gee Armstrong en Worden (1989: 124) en Shell (1985: 45) nie die getalle van VOC-slawe vir elke jaar nie. In 1692 was daar 369 kompanjieslawe wat teen 1709 toegeneem het tot 440 – dit ten spyte van die groot getalle Malgassiese slawe wat juis gedurende hierdie tyd ingevoer is (meer as 1000). Volgens Shell was die gemiddelde getal slawe in die losie dwarsdeur die Nederlandse tydperk 476 (Shell 1994: 175). Dit lyk dus veilig om aan te neem dat die aantal VOC-slawe teen 1700 ongeveer 400-450 bedra het.

Van die VOC-slawe het ongeveer 85-90% gedurende die 1690’s in die slawelosie gewoon en in Kaapstad en omgewing gewerk (Shell 1994: 149, 178). Die res het op sommige van die Kompanjie se buiteposte gewerk (Sleigh 1993: 117-24; sien § 5.7.2). Dus was die grootste enkele, en nogal homogene (soos reeds verduidelik, hoofsaaklik Malgassies), groep slawe in die Kaapse nedersetting. Hoe is die res van die slawebevolking versprei?

Die res van die slawe het aan die vryburgers en kompanjiesdienaars in hul private kapasiteit behoort. Volgens die sensus-opname van 1682 het die vryburgers 192 slawe besit (Guelke 1988: 459). Hierdie getal het geleidelik

<sup>48</sup> Hüsing se slawebesit weerspieël goed die arbeidsituasie gedurende die 1690’s. Alhoewel hy reeds ‘n ryk man in 1692 was, het hy slegs 16 slawe besit. Dit het teen 1695 toegeneem tot 24. In alle waarskynlikheid het die groter beskikbaarheid van slawe op die Kaapse mark hom in staat gestel om sy besit uit te brei, want gedurende die laat 1690’s toe die slawegetalle aan die Kaap erg toegeneem het, het syne ook toegeneem tot 59 in 1700. As aanduiding dat, selfs vir ‘n ryk man, slawe nie so gereedlik beskikbaar was nie, dien die feit dat hy in dieselfde jaar ook 24 knegte gehuur het (Heese 1984: 20).

gedurende die 1680's toegeneem, met die gevolg dat daar teen 1690, volgens Armstrong & Worden (1989: 130), 'n totaal van 350 slawe in privaatbesit was. Die toename in die vryburgerbevolking en hul ekonomiese aktiwiteite het die vraag na slawe verhoog, waarin tot 'n mate voorsien is deur die verkoop van slawe uit die Ooste en Madagaskar aan die Kaap. Teen 1705 het die aantal slawe in vryburgerbesit toegeneem tot 1057 (Guelke 1988: 459). Daar was duidelik 'n groei in die slawebesit van vryburgers gedurende die laaste dekade van die 17<sup>de</sup> eeu en aan die begin van die 18<sup>de</sup> eeu. Kennelik het die aantal privaatslawe ook as numeriese groep in belangrikheid toegeneem: vanaf 1692 begin hulle die aantal VOC-slawe verbysteek (Armstrong & Worden 1989: 129; Worden 1985: 37).<sup>49</sup>

Nie al die blankes aan die Kaap het in die onderhawige tydperk slawe besit nie, gewoon omdat daar steeds meer blankes as slawe was. Ofskoon slawebesit nie universeel in hierdie tyd was nie, het dit vinnig uitgebrei, veral in die 1690's (Worden 1981: 5). Teen 1705 het 85% van die *boere* in die Kaapse distrik ten minste één slaaf besit. Dit verskil nogal drasties van die situasie in die ander distrikte: in Stellenbosch het 59% van alle boere 'n slaaf besit, en in Drakenstein slegs 39% (Worden 1985: 13).<sup>50</sup> Uiteraard moet hierdie syfers baie laer in die 1680's gewees het toe daar nog nie soveel slawe onder die vryburgers was nie. Worden (1981: 5) noem dat slegs 22% van Stellenbosse boere in 1688 slawebesitters was. Die twee aspekte waarop hierdie syfers dui, slawebesit en slaweverspreiding, is belangrike faktore wat in gedagte gehou moet word by die oorweging van onderlinge kontak tussen slawe, Europeërs en Khoekhoen.

Eerstens blyk dit in hoe 'n groot mate die privaatslawe in die Kaapse distrik gekonsentreer was. In 1701 was 69% van hierdie slawe in die Kaapse distrik, met onderskeidelik slegs 22% in Stellenbosch en 9% in Drakenstein (Armstrong & Worden 1989: 134). Dit is nie so buitengewoon nie indien mens onthou dat teen 1702 45% van die meer as 1300 vryburgers, asook die oorgrote meerderheid van die 600-700 kompanjiesdienaars, in die Kaapse distrik gewoon het. Nietemin is dit duidelik hieruit dat die verspreiding van die slawe oneweredig is in vergelyking met die verspreiding van die vryburgers. So byvoorbeeld was in 1688 minder as 25% van die privaatslawe in die Stellenbosch-distrik terwyl byna 40% van die vryburgerbevolking daar gewoon het. Soos uit die syfers hierbo blyk, het die situasie nie veel teen 1701 verander nie: in die Kaapse distrik was 69% van die privaatslawe, terwyl in Stellenbosch en Drakenstein saam slegs 31% was – dit terwyl hierdie twee distrikte teen dié jaar 55% van die vryburgerbevolking gehuisves het (Worden 1985: 14). In reële terme beteken dit daar teen 1700 ongeveer ewe veel privaatslawe as vryburgers in die Kaapse distrik gewoon het: Volgens die opgaaf van dié jaar was daar 563 vryburgers en 52 knegte teenoor 617 privaatslawe. Die algemene prentjie verskil ietwat omdat mens ook die kompanjiesdienaars en die VOC-slawe hierby moet reken (Heese 1984: 23). Indien mens in gedagte hou dat die VOC-slawe en kompanjiesdienaars in Kaapstad self gesetel was, maar dat slegs ongeveer die helfte van die vryburgers in Tafelvallei en Kaapstad gewoon het, is dit

<sup>49</sup> 'n Vergelyking met Addendum 8.2, gebaseer op Shell se syfers, sal duidelik wys dat die getalle in hierdie paragraaf aansienlik laer is as wat Shell se getalle, minus die aantal VOC-slawe, behels. Shell se getalle is oor die algemeen, veral vir die vroeë periode wat in hierdie studie van belang is, aansienlik hoër as dié van ander moderne skrywers oor Kaapse slawerny (vgl. bv. Worden 1985: 11, 53; Guelke 1988: 459; Armstrong & Worden 1989: 133). Dit is wel so dat sommige bronne, soos bv. opgaafrolle (wat vir belastingdoeleindes opgestel is), geneig is om sekere data onder te rapporteer, hoewel daar volgens Worden geen rede is om die aantal slawe daarin vermeld te wantrou nie (gewoon omdat daar geen belasting op slawe was nie) (vgl. Worden 1981: 2-4). Guelke (1988) se syfers is op die opgaafrolle gebaseer. Die syfers wat in hierdie studie aangehaal word mag miskien nie heeltemal korrek wees nie, maar word nogtans gebruik om 'n redelik betroubare beeld van die bevolkingsamestelling en -verspreiding te gee.

<sup>50</sup> Shell (1994: 152-53) skryf dat in 1706 slegs 34% van die vryburgerbevolking slawebesitters was. Hierdie syfer verskil van Worden omdat laasgenoemde die aantal slawe per *boer* bereken het, en nie vir die hele vryburgerbevolking, insluitende vroue en kinders, soos Shell blykbaar gedoen het, nie.

goed moontlik dat in Kaapstad teen die begin van die 18<sup>de</sup> eeu meer slawe as blankes op 'n permanente basis gewoon het (vgl. § 5.5.1).

Ten tweede moet daarop gewys word hoe min die aantal slawe was wat vryburgers in hierdie periode besit het. Volgens Worden het slegs omtrent 14-16% van slawebesittende boere in die Kaapse en Stellenbosse distrikte in 1705 tien of meer volwasse manlike slawe gehad. In Drakenstein was dit slegs 2,5% (Worden 1985: 32). In reële terme beteken dit dat in 1705 slawebesittende boere in die Kaapse distrik *gemiddeld* byna 7 manlike slawe besit het. In die Stellenbosch-distrik was dit slegs omtrent 2,5 en in Drakenstein minder as een (Worden 1985: 29).<sup>51</sup> Daar moet egter in gedagte gehou word, soos Shell uitgewys het, dat hierdie syfers skeefgetrek word deur die groot getalle slawe wat die 'patrisiërs' op hul landgoedere gehad het. So bv. het W. A. van der Stel, soos hierbo genoem, meer as 120 slawe in hierdie tyd gehad, die meeste hiervan waarskynlik op sy landgoed, Vergelegen, in die Stellenbosse distrik. 'n Gemiddeld van 2,5 slawe per boer in Stellenbosch gee dus 'n taamlik skewe beeld van die werklikheid. Slawebesit het gedurende die laat 17<sup>de</sup> en die eerste dekades van die 18<sup>de</sup> eeu meer gekonsentreerd geraak: in 1682 het die slawe-eienaars met meer as 16 slawe elk 19% van die totale privaatslawe besit. Teen 1731 was meer as die helfte van alle privaatslawe in hul besit (Shell 1994: 153). Die oorgrote meerderheid van *slawebesittende* boere (wat in ieder geval nog nie alle boere was nie, veral nie in die landelike distrikte nie) het in hierdie tydperk dikwels slegs een of twee slawe gehad (vgl. Biewenga 1999: 91-92; Shell 1994: 160).<sup>52</sup>

Uit die voorafgaande paragrawe behoort sekere tendense duidelik te word. Ofskoon die aantal privaatslawe, net soos die vryburgerbevolking, sterk toegeneem het, het nie alle vryburgers in die 1680's en 1690's van slawe-arbeid gebruik gemaak nie. Die oorgrote meerderheid van slawe was in die Kaapse distrik, en indien mens die VOC-slawe byreken, in veral Kaapstad gevestig. In die landelike gebiede het slawe 'n aansienlik kleiner deel van die ylverspreide totale bevolking uitgemaak, en waar slawe wel op plase voorgekom het, het hulle in min gevalle meer as 1-2 bedra. In die Stellenbosch-distrik het slawe in 1704 slegs 33% van die bevolking uitgemaak (Khoekhoen uitgesluit) – wel 'n aansienlike groei bo die 17% van 1688 (Biewenga 1999: 29-30) – maar steeds aansienlik anders as die latere beeld van die Kaapse samelewing. Soos duidelik behoort te blyk, was die situasie in die Kaapse distrik, en in Kaapstad, wel heel verskillend. In 1705 het 69% van privaatslawe hier voorgekom, plus die meeste VOC-slawe – waarskynlik was daar meer slawe as blankes in die Kaapse distrik, of ten minste was die getalsverhouding tussen slawe en blankes baie nader aan gelyk as in die landelike distrikte. Volgens Shell het 75% van die totale slawebevolking (insluitende 90% van die VOC-slawe)

<sup>51</sup> Omdat daar so weinig vroulik slawe in hierdie tyd was, en die meeste slavinne aan die VOC behoort het, behoort hul getalle slegs 'n klein invloed op die aangehaalde syfers te hê. Volgens Shell (1994: 155-56) het die aantal slavinne proporsioneel afgeneem hoe verder mens van Kaapstad af wegbeweeg het. Dit beteken egter nie dat daar geen slavinne op die platteland was nie.

<sup>52</sup> Dat die gemiddelde hoeveelheid slawe per slawebesitter in die Kaap soveel hoër was, het nie net te make met die feit dat daar meer slawebesitters gewoon het nie, maar ook dat hulle in die algemeen meer welaf was as die landelike bewoners. Valentyn het ongeveer gedurende hierdie tyd opgemerk dat die boere in die Tygerberg-omgewing – deel van die Kaapse distrik – volgens Kaapse standaard baie ryk was (Raidt e.a. 1971: 74). Volgens Woodward het 75% van die vryburgerbevolking in die Kaapse distrik "gerieflik" kon woon, in vergelyking met 25% in Drakenstein. Woodward beskryf die boedels van bv. drie relatief suksesvolle ambagsmanne aan die Kaap uit hierdie tyd wat elkeen tussen 9-11 slawe ten tyde van hul dood besit het (Woodward 1975: 164-66). Al drie hierdie persone het ook, naas hul eiendom en besighede in Kaapstad self, landbougrond of plase in die Kaapse distrik besit. Dit is dus goed moontlik dat hulle slawe versprei was tussen hul belange in die stad en op die platteland, en waarskynlik gereeld die geleentheid gehad het om van die een na die ander te gaan. Dit illustreer die groter mobiliteit van slawe in die meer stedelike gebiede. Volgens Shell (1994: 170) "all Cape slaves were kept in small distributions..." en wys hy daarop dat "owners who owned many slaves nearly always also owned several properties, and slaves were distributed in modest household districts among these properties". Dit is veral só in die 17<sup>de</sup> eeu toe daar slegs enkele patrisiërs was met groot getalle slawe op hul landgoedere.

in 1692 in die stad gewoon. Die toename in slawe in die landelike gebiede in die daaropvolgende dekades het wel die situasie laat verander: Teen 1712 was slegs 50-55% van alle slawe in Kaapstad (Shell 1994: 140). Maar in die onderhawige periode was slawerny aan die Kaap grootliks 'n stedelike verskynsel. Dit sou egter in die loop van die 18<sup>de</sup> eeu aansienlik verander.

Hiernaas was daar ook 'n verskil wat die samestelling van die slawebevolking betref. Die meerderheid van vroulike slawe het in die Kaapse distrik voorgekom, en die meeste hiervan was kompanjieslavinne in die stad. Volgens Worden se berekening het slegs een-derde van slawebesittende boere in die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte teen 1705 ook 'n slavin besit (Worden 1985: 54). Hierbo is daarop gewys dat in 1704 slawe 33% van die totale koloniale bevolking in Stellenbosch uitgemaak het (uitgesonder die Khoekhoen). Indien mens differensieer, blyk dit dat hierdie getal bestaan uit 25% mans terwyl vroue iets minder as 4% beloop, en slawekinders ook ongeveer 4% bedra. Dus was daar, wat die Stellenbosch-distrik betref, meer as 6 keer soveel slawemans as -vroue, in teenstelling met die hele kolonie waar die verhouding ongeveer 3:1 was (Biewenga 1999: 30). Deels a.g.v. hierdie ongelyke geslagsbalans, deels weens die lae vrugbaarheid van slavinne (vgl. Biewenga 1999: 245-46), was die aantal slawekinders in die landelike distrikte baie laag: in 1704 was daar 216 vryburgerkinders teenoor 28 slawekinders in Stellenbosch (dus 1 slawekind vir elke 8 koloniste kinders). In Drakenstein, waar daar nog minder slawe as in Stellenbosch was, was daar een jaar vantevore slegs 5 slawekinders, maar 211 kinders van vryburgers (Biewenga 1999: 196). Die landelike slawebevolking was duidelik teen die begin van die 18<sup>de</sup> eeu oorwegend manlik en volwasse.

Ook wat slaweherkoms betref was daar 'n verskil tussen die stad en die platteland. Die meeste privaatslawe was teen hierdie tyd van Oosterse (Indiese en Indonesiese) herkoms, terwyl die meeste kompanjieslawe Malgassies was. Shell het bereken dat gedurende die jare 1658-1731 71% van manlike en 53% van vroulike slawe in die landelike gebiede van Oosterse herkoms was (52% respektiewelik 38% uit Indië en 19% respektiewelik 15% uit Indonesië). Slegs 21% van die mans en 26% van die vroue was van Malgassiese of Afrika-herkoms. Die syfers verskil ietwat vir privaatslawe in die stad: hier was 76% van die mans en 64% van die vroue uit die Ooste, met 'n gevolglike laer persentasie Afrika en Malgassiese slawe (16% vir beide mans en vroue) (Shell 1994: 161). Die getal Malgassiese en Afrika slawe was egter in die periode 1679-1700 hoër as vir die hele 80 jaar-periode waarop Shell se berekeninge berus, omdat die grootste slawe-invoer uit Madagaskar gedurende die 1690's en vroeë 1700's plaasgevind het. Nietemin kan mens aanneem dat die slawebevolking in die landelike distrikte teen 1700 merendeels Oosters was, terwyl dié in die Kaapse distrik meer heterogeen was, met 'n groter Malgassiese faktor in Kaapstad self (gegee dat VOC-slawe daar in die Kompanjie se losie gehuisves is, terwyl waarskynlik 'n groot deel van die privaatslawe in die Kaapse distrik op plase gewoon het). Gegee die feit dat die Kaapse distrik ook digter bevolk was, met 'n groter slawebevolking, wat óf in die nedersetting, óf binne 'n redelike kort afstand daarvan, gewoon het, beteken dit ook dat hierdie slawe meer kontak met ander mense (buite hul eienaars) gehad het. Die landelike slawe, wat dikwels as enkelinge saam met hul eienaars op plase gewoon en gewerk het, was meer aangewese op sy of haar eenaar se gesin en het in *relatiewe* isolasie gewoon (vgl. Shell 1994: 137-38).

### 5.5.3 *Kontak met die Omliggende Khoekhoen en die opname van die Kaapse Khoekhoen in die koloniale bestel*

In die onderhawige periode was daar veral twee belangrike prosesse aan die gang wat die kontak tussen die Khoekhoen en die koloniale samelewing (kompanjiesdienaars, vryburgers en slawe) beïnvloed het. Dit was naamlik die voortgesette uitbreiding van Nederlands-Khoekhoehandels na die Omliggende Khoekhoen en die daarmee gepaardgaande kontak, asook die verdere verbodskeling van stamme digterby die koloniale besettingsgebied en hul opname, in meerdere of mindere mate, in die koloniale ekonomie en kultuur. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit veral laasgenoemde proses wat van belang is, maar ter wille van volledigheid word eers kortliks aan eersgenoemde aandag gegee.

In § 5.4.3 is daar verduidelik hoe die veehandel tussen die Europeërs en die Khoekhoen in die vroeë 1660's van die Skiereilandse Khoekhoen na die Cochokwas oorgegaan het. Maar, weens die wantroue tussen die Europeërs en die Cochokwas wat op die tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog uitgeloop het, het die Kompanjie vanaf die 1670's die handel verskuif na daardie Khoekhoen wat oos van die Kaapse skiereiland gewoon het, nl. die Chainokwas en die Hessekwas. Daar is ook verduidelik dat hierdie handel, anders as vroeër, die vorm van togte *na* die krale van die onderskeie groepe aangeneem het, en hulle veel minder na die Kaapse nedersetting gekom het. Hierdie gebruik is in die laaste dekades van die 17<sup>de</sup> eeu voortgesit, 'n periode wat gekenmerk is deur die groot omvang van die handel tussen die VOC en die Omliggende Khoekhoen ten ooste van die Kaap.

Hoe omvangryk hierdie handel was, blyk duidelik uit die getalle. Volgens Sleight het die VOC tussen 1680-1700 in totaal 41 veeruilekspedisies na die Khoekhoen gestuur. In die meeste gevalle (17) meld die bronne bloot dat so 'n ekspedisie na die "naasgelegen" of Kaapse Khoekhoen gestuur is. Maar van die 16 ekspedisies waar die stam wel aangegee is, was 14 na die Chainokwas of Hessekwas en een na die Inquas (oos van die Hessekwas), terwyl slegs een ekspedisie (in 1683) na die Cochokwas onderneem is, wat in vergelyking met die ander ekspedisies nie besonder suksesvol was nie (Sleight 1993: 66-67). Gegee die groot getalle vee wat van hulle bekom is, lyk dit goed moontlik dat met die "naasgelegen" Khoekhoen ook die Omliggende Khoekhoen, veral die Chainokwas en Hessekwas, bedoel word. Hoe dit ook sy, die meeste van hierdie ekspedisies was baie suksesvol – ten voordeel van die Kompanjie, maar nie van die Khoekhoen wie se tradisionele leefwyse op die besit van vee berus het nie. Volgens Elphick se berekeninge het die grootste deel van die totale aantal skape en beeste wat die VOC in die periode 1662-1713 van die Khoekhoen geruil het, van die Chainokwas en Hessekwas gekom. Ofskoon ons in ongeveer een-derde van die gevalle nie die bron van die geruilde vee weet nie, weet ons dat die Chainokwas en Hessekwas 46% van die beeste en 32% van die skape gedurende 1662-1713 aan die VOC voorsien het. In vergelyking hiermee het die Cochokwas slegs 16% van die beeste en 28% van die skape, en die Skiereilandse Khoekhoen onderskeidelik 4% en 6%, voorsien (Elphick 1985: 160). As mens in ag neem dat die VOC ná ongeveer 1670 min of geen vee van die Cochokwas en die Skiereilandse Khoekhoen geruil het nie, word dit duidelik hoe groot 'n rol die Omliggende Khoekhoen na die ooste in die veevoorsiening aan en ruilhandel met die Kompanjie gespeel het.

Mens kan net gis oor hoeveel kontak daar was tussen die Europeërs en die stamme na wie hulle gegaan het. Dit is wel opvallend dat die VOC, net soos met die vroeëre verkenningstogte, geneig het om dieselfde persone op sulke ekspedisies te stuur. So byvoorbeeld het die vaandrigte Olof Bergh en Isak Schrijver 12 van

die 41 veeruilkspedisies tussen 1680-1700 gelei (vgl. Sleigh 1993: 66-67). Wat wel duidelik uitstaan, is dat die gevolg van hierdie grootskaalse ruilhandel was dat die Chainokwas en Hessekwas verarm het en so hul mag, ekonomies maar ook polities teenoor die Europeërs, verloor het. Reeds teen 1699 was die Chainokwas só verarm dat hulle nie meer enige vee met die Europeërs wou of kon ruil nie (Sleigh 1993: 79). 'n Paar jaar later is die Hessekwas beskryf as “Hessequas bosjesmans Hottentots”, wat beteken dat hulle hul herdersbestaan grootliks moes verruil vir een gebaseer op jag en roof, soos die Europeërs gemeen het die San (‘Bosjesmans’) doen (Sleigh 1993: 71). Dus het die Chainokwas en die Hessekwas gedurende die laaste dekades van die 17<sup>de</sup> eeu wel deeglik deel geword van die koloniale grensgebied van handel. Dit het nie net gelei tot hul ekonomiese ondergang nie, maar ook die weg gebaan vir die koloniale regering om in hul politieke sake in te meng, soos deeglik blyk uit die geval Dorha, alias Klaas.

Een van die redes waarom die oostelike Khoekhoen so maklik deelgeneem het aan handel met die Europeërs, is die feit dat hul politieke eenheid ná die dood van die magtige en geëerde Souswa, stamhoof van die Chainokwas, in 1663 begin kwyn het. Sy seun, Goeboe, was blykbaar nie 'n sterk leier nie, en in die jare daarna het die eenheid van die stam verbrokkel, en het eerder individuele kraalhoofde soos Dorha (Klaas) en Koopman na vore getree (Elphick 1985: 140-41). Ná die dood van Dorha in 1701 was Koopman die enigste belangrike Khoekhoeleier in die Wes-Kaap (Elphick 1985: 147-48). Hy was egter 'n uitsondering want, soos Elphick (1985: 148) dit stel, teen die begin van die 18<sup>de</sup> eeu “the traditional leadership of the Western Cape Khoikhoi virtually disappeared”.<sup>53</sup> Dorha was 'n kaptein van een van die westelike Chainokwa-krale en het sy standplaas in die omgewing van die moderne Grabouw gehad. Hy was dus relatief naby die gekoloniseerde Kaapse gebiede en, veral ná die oprigting van 'n buitepos in die Hottentots-Holland gebied in 1672, het in noue kontak met die Europeërs gekom. Die buitepos in Hottentots-Holland het 'n belangrike funksie vervul in die ruiltogte na die Chainokwas en Hessekwas (Sleigh 1993: 65). Vanaf dié tyd tot en met 1693 het Dorha 'n bondgenoot van die VOC geword. Hy het nie net onderneem om die buitepos te beskerm en die kompanjiesdienaars in hul togte na die binneland by te staan nie, maar is selfs mettertyd op veeruilkspedisies vir die VOC gestuur. Op dié wyse kon Dorha sy eie mag en rykdom ook opbou en hy het een van die belangrikste leiers van die Overbergse Khoekhoen geword (Kolbe 1727 I: 438-39; Nienaber & Raven-Hart 1970: 76-77; vgl. Elphick 1985: 141-44; Sleigh 1993: 79-82). Maar, net soos in die geval van die ander Khoekhoentamme aan die Kaap, het die toetrede van die Chainokwas tot die handelsgrensgebied van die VOC tot politieke inmenging deur die koloniale magte gelei. Vanaf die laat 1670's was Dorha in 'n stryd met Koopman gewikkel waarin die Kompanjie telkens tussenbeide getree het. In 1693 het van Koopman se mense by Van der Stel kom kla dat Dorha van plan was om hulle aan te val. Van der Stel het dit as verskoning gebruik om 'n grootskaalse aanval op Dorha se kraal te loods. Dorha is gevange geneem en na Robbeneiland verban, terwyl sy mense gedwing is om onderdane van Koopman te word. Die Here XVII was egter ongelukkig toe hulle dit twee jaar later te wete gekom het en hulle het Van der Stel se optrede skerp veroordeel en beveel dat Dorha vrygestel moet word. Dorha het probeer om weer sy voormalige magssposisie op te bou, maar was nie heeltemal suksesvol nie. Interessant genoeg, het hy blykbaar die negatiewe gevolge van grootskaalse handel met die VOC besef, want hy het hard ná sy vrylating probeer om sy eie mense en ander Khoekhoen te oorreed om

<sup>53</sup> Die Hessekwas, wat verder oos van die Kaap as die Chainokwas gewoon het, was in hierdie tyd nog sterk verenig onder hulle leier, Gaukou, wat tot sy dood in 1707 daarin geslaag het om sy stam bymekaar te hou. Hy was 'n pragmatiese man, wat met Dorha geallieer het en, net soos hy, sy samewerking aan die Europeërs verleen het (vgl. Elphick 1985: 143-44, 147).

nie meer met die VOC te ruil as wat hulle kon bekostig nie. Of dit die gevolg van Dorha se aanmanings was, weet ons nie, maar die Khoekhoen wat wel nog vee besit het, was in ieder geval ná 1700 hoogs onwillig om dit aan die Kompanjie te verruil (vgl. Nienaber & Raven-Hart 1970: 77-79; Elphick 1985: 144-48; Sleigh 1993: 82-84; Elphick & Malherbe 1989: 15-16).

Dorha skyn 'n buitengewone persoon te gewees het. In hoe 'n mate hy geakkultureer het, kan mens nie met presiesheid sê nie. Hy het met tye Nederlandse klere gedra (Sleight 1993: 81; vgl. Nienaber & Raven-Hart 1971: 76) en was teen die einde van sy lewe aan drank verslaaf (Elphick 1985: 147). Hy het dikwels die Kasteel en die goewerneur besoek en kon blykbaar redelik goeie Nederlands praat, alhoewel hy met tye moeilik te volg was (Elphick 1985: 142).<sup>54</sup> Dit wil voorkom asof Dorha iemand soos Autshumao en Doman was wat goed geweet het hoe om die koloniale bestel tot sy eie voordeel te gebruik, maar uiteindelik tog 'n slagoffer daarvan geword het. In hoe 'n mate sy kennis van die Europese kultuur en veral die Nederlandse taal aan sy volgelinge oorgedra is, is onmoontlik om te sê. Dit is egter hoogs waarskynlik dat Dorha, weens sy posisie en talente, 'n uitsondering was en dat die meeste Chainokwas en veral Hessekwas weinig kontak met die Europeërs en hul taal in hierdie tyd gehad het.

Wat was die situasie wat die ander Khoekhoen buite die direkte koloniale besettingsgebied betref? Ná die tweede Khoekhoe-Nederlandse oorlog het die Cochokwas polities onderdanig aan die koloniale mag geword. Gonnema het die Kompanjie op allerlei wyses bygestaan. Alhoewel Elphick (1985: 133) sê dat die Cochokwas nie totaal verarm deur die oorlog gelaat is nie, het die groot omvang van die veehandel tussen die VOC en die Cochokwas in die 1650's en 1660's, asook die groot getalle wat gedurende die oorlog deur die Europeërs gebuit is, tog 'n nadelige invloed gehad. Mens moet in gedagte hou dat weens die koloniste se besetting van grond, die Cochokwas van 'n gedeelte van hul tradisionele weiveld en waterbronne verloor het, en dus nie hul pastorale bestaan op dieselfde wyse as tevore kon voer nie (Penn 1995: 57). Hoe dit ook sy, teen 1683 word daar berig dat die Cochokwas nie die skatpligtigheid wat ná afloop van die oorlog op hulle gehef is, kon nakom nie (Sleight 1993: 65). Die afsterwe van die sterk leiers Gonnema in 1685/6 en Odoosa in 1689 het bygedra tot die verbrokkeling van die Cochokwas (Elphick 1985: 133). Dit, tesame met die geografiese uitbreiding van die kolonie, het tot gevolg gehad dat die Cochokwas óf deel van die koloniale bestel soos die Skiereilandse Khoekhoen geword het, óf in klein groepies die binneland ingetrek het.

Hiernaas het die Europeërs in die onderhawige periode ook kortstondige kontak gehad met van die Verwyderde Khoekhoen, met name veral die Grigrikwas en die Namakwas. Omdat dit die vorm aangeneem het van 'n aantal verkenningstogte na die noorde gedurende 1681-1686, was kontak tussen hierdie Khoekhoegroepie en Europeërs kortstondig en oppervlakkig en dit het weinig, indien enige, blywende kulturele gevolge gehad.<sup>55</sup>

<sup>54</sup> So byvoorbeeld het hy as informant gedien vir die afgetrede sekretaris van die Politieke Raad, J. G. de Grevenbroek, wat heelwat oor die Khoekhoen nagevors het. Grevenbroek het, mens neem aan in Nederlands, heelwat van Dorha verneem oor die Khoekhoen se tradisionele godsdiens (vgl. Schapera & Farrington 1933: 193). Kolb skryf ook oor Dorha (Klaas) en gee selfs twee aanhalings van hom in perfekte Nederlands (Kolbe 1727 I: 458). Dit is egter onmoontlik dat Kolb self ooit met Dorha kon praat aangesien lg. in 1701 gesterf het, en Kolb eers in 1705 aan die Kaap geland het. Moontlik het Kolb sy informasie oor Dorha van Grevenbroek gekry.

<sup>55</sup> In totaal is vyf sulke togte onderneem, waarvan die eerste, in 1681, alleen uit enkele Khoekhoen bestaan het. Die oogmerk van hierdie togte was tweërlei, nl. om t.w.v. handel kontak met die Namakwas te maak en veral om die moontlikheid van koperontginning te ondersoek. Daarom is daar verdere togte in 1682 en 1683 deur Olof Bergh en in 1684 deur Isak Schrijver onderneem. Die doel hiervan was om 'n roete na die Koperberge te probeer vasstel. Hierdie togte het gekulmineer in die groot verkenningstog onder leiding van Goewerneur Van der Stel in 1685-86. Hierdie togte het bestaan uit tientalle Europeërs met heelwat Khoekhoen wat as tolke en gidse gedien het (Bredenkamp 1986: 18-22). Op dié togte het

Die Europeërs se inmenging by interne Khoekhoenake op hierdie togte het politieke gevolge vir die verhouding tussen die onderskeie Khoekhoegroepes gehad. 'n Bespreking hiervan val egter buite die bestek van die huidige ondersoek (vgl. Elphick 1985: 137; Bredekamp 1986: 32-35).

In § 5.4.3 is daar verhaal hoedat die Skiereilandse Khoekhoen hul tradisionele leefwyse begin verloor het, verarm het en in klein groepies verbrokkel het, met dikwels individue wat in die Europese samelewing, gewoonlik Kaapstad self, hul heil gaan soek het. Dit het daartoe gelei dat die Skiereilandse Khoekhoen ontstam het en in 'n aantal magtelose klans verbrokkel het – gevolglik is daar nie meer na hulle in hul individuele stamverband verwys nie, maar gewoon as Kaapse Khoekhoen. Hierdie proses van verbrokkeling het in die onderhawige periode saamgegaan met die geografiese uitbreiding van Europese koloniste aan die Kaap. Die besetting van grond, weiding en water het verdere negatiewe gevolge gehad vir die Khoekhoen wat nog in klein groepies 'n mate van selfstandige bestaan probeer voer het. Dit is veral hierdie onteiening van die hulpbronne – die gevolg van die Europese sienswyse oor privaatbesit – wat drastiese gevolge vir die onafhanklike voortbestaan van die Khoekhoen gehad het (vgl. Guelke & Shell 1992: 809-812). Die benarde posisie waarin die Khoekhoen ná die besetting van grond deur vryburgers in die Stellenbosch-distrik verkeer het, het hulle só jeens Kommissaris Van Reede uitgedruk toe hulle in 1685 by hom oor hul lot gekla het:

“... soo klaegen de inlanders, de Hottentotten, dat zij alsoowel door de burgers als d'E. Compagnie hoe langer hoe meer werden benaut, niet alleen omdat de beste graslanden van onse natie tot korenland wert gebroken, maer bovendien de bergen en velden door ons volck werden met vee beset, en haer verboden daerontrent met haer beestiael te komen...” (Hulshof 1941: 128).

Weens die verlies van die meeste van hul vee en die vervreemding van tradisionele hulpbronne, is die Khoekhoen in die koloniale besettingsgebied gedwing om op ander maniere in hul lewensvoorsiening te voorsien. Op hierdie wyse het daar 'n nouer kontaksituasie tussen meer Khoekhoen en blankes asook slawe ontwikkel, as wat ooit tot dusver die geval was. Laat ons vereers kyk na die situasie op die plase in die landelike gebiede.

Soos voorheen uitgewys, het die vryburgers met die grondtoekennings in die Stellenbosch-distrik redelik groot stukke grond ontvang waarop hulle gemengde boerdery toegepas het. Die sestig toekennings wat in die 1680's gemaak is, het egter slegs 5% van die totale oppervlakte van die distrik uitgemaak (Guelke 1989: 74). Plase was dus nie net geïsoleerd nie, maar daar was ook groot stukke grond tussen plase wat oop was. Sommige van sulke oop stukke grond is as openbare weiveld beskou. Dit is egter op hierdie stukke grond tussen plase waar vele Khoekhoen in die 17<sup>de</sup> eeu nog in klein krale bymekaar gewoon het – dus het die koloniste letterlik tussen die Khoekhoen gewoon (Biewenga 1999: 92-93). Die Europese boere het die beste grond, dus dié met waterbronne, vir hulself gekies en as hul eie besit beskou. Gevolglik was daar kompetisie tussen hulle en die Khoekhoen oor

---

die Europeërs kontak gemaak met die San ('Sonkwas'), Grigrikwas (wat soms ook as gidse opgetree het) en die Namakwas (Bredekamp 1986: 23-35). Hoewel 'n groot aantal Europeërs op hierdie togte gegaan het, en hulle met heelparty van die omliggende Khoekhoen in aanraking was, kon dit nie veel blywende invloed op kontak en kommunikasie tussen Europeërs en Khoekhoen noord van die Cochokwas gehad het nie. Dit is veral weens twee redes. Die Europeërs was op al hierdie togte geheel aangewese op Khoekhoen as gidse en tolke wat in al die gevalle van kontak met die ander Khoekhoegroepes as tussengangers opgetree het (vgl. Bredekamp 1986: 29-30). Ten tweede het hierdie togte geen blywende kontak van enige aard tussen die Namakwas en die Europeërs bewerkstellig nie – die gebied was gewoon te onherbergsaam en verafgeleë vir mense van die Kaapkolonie om hul daarheen te begeef. Daar was inderwaarheid ná die tog van Van der Stel geen noemenswaardige kontak tussen Europeërs en Khoekhoen in Namakwaland vir baie dekades nie (vgl. Bredekamp 1986: 36).

hierdie hulpbronne – iets wat dikwels tot geweld aanleiding gegee het. Die situasie was soortgelyk met die stigting van Drakenstein, alhoewel dáár minder vryburgers oor 'n groter gebied versprei was, en weiveld en water meer gereedlik beskikbaar was (Guelke & Shell 1992: 812-13; Bredekamp 1989: 22-26).

Maar die feit dat die Khoekhoen so naby aan die vryburgers gewoon het, en weens hul ekonomiese agteruitgang genoep was om ander vorme van bestaan te oorweeg, het daartoe gelei dat hulle bereid was om vir die vryburgers op hul plase te werk. Die vryburgers was ook heel geneë om aan die Khoekhoen werk te verskaf, gewoon omdat, soos reeds verduidelik, vryburgers op die plattelandse gebiede 'n tekort aan arbeid gehad het: daar was min slawe en Europese knegte was duur. Dit was veral in die Stellenbosse en Drakensteinse distrikte waar die aantal slawe nog minder was as op die plase in die Kaapse distrik, en daar ook meer Khoekhoen gewoon het (Elphick & Malherbe 1989: 16; Elphick 1985: 178-79; Biewenga 1999: 22).

Die Khoekhoen het nie almal en ook nie permanent vir die boere gewerk nie. Dit wil voorkom asof aanvanklik slegs manlike individue vir 'n seisoen, of selfs korter, per keer by 'n boer in diens getree het, maar hul gesinne in die krale gelaat het. Sommige individue het selfs van plaas na plaas gegaan en min of meer as dagloners gewerk, soos benodig. Teen die middel van die 1690's begin daar egter gevalle voorkom van Khoekhoen wat met hul gesinne in hul eie hutte op blanke plase woon (Elphick & Malherbe 1989: 17; Elphick 1985: 179; Biewenga 1999: 105-06). Ongelukkig beskik ons oor geen getalle waaruit vasgestel kan word hoe wydverspreid hierdie verskynsel was nie.<sup>56</sup> Ons weet wel dat die gebruik van Khoekhoearbeid teen die laat 18<sup>de</sup> eeu redelik algemeen was, veral met druk tye van die landboujaar wanneer selfs boere op die groter plase in die Kaapse distrik met meer slawe van Khoekhoearbeid gebruik moes maak om die oes in te bring of te help met ploeg (Guelke 1989: 77; Worden 1985: 21, 26, 34). By sulke geleenthede is hulle ook by die Kompanjie se landbouposte tydelik in diens geneem (Sleigh 1993: 65).

Aanvanklik is die Khoekhoen, net soos in die 1670's, slegs gebruik as veewagters weens hul tradisionele behendigheid met vee, maar mettertyd is hulle ook vir ander doeleindes gebruik (Elphick 1985: 179-80; Bredekamp 1989: 27-28). Die Fransman, Francis Leguat, wat die Kaap in 1698 besoek het, skryf dat die koloniste “make the Hottentots work in their Harvests, Vintages and whatever else they please, for a little Bread and Tobacco” (Leguat 1708: 226, vgl. 230-31). Grevenbroek, een van die min tydgenootlike getuies met 'n deeglike kennis van die Kaapse samelewing, gee 'n omvangryke beskrywing van die verskillende take waarvoor die Khoekhoen gebruik is:

“The natives on this side of the mountain enthusiastically hire out their labour for a modest wage... . They are apt in applying their hands to unfamiliar tasks. Thus they readily acquire the veterinary skill to cure scab in sheep, and they make faithful and efficient herds. They train oxen for use in ploughing; and if put in charge of a wagon, coach or cart, they are found exceedingly quick at inspanning or outspanning or guiding a team. Some of them are very accomplished riders, and have learned to break horses and master them. ... They make trusty bearers, porters, carriers post-boys and couriers. They chop wood, mind the fire, work in the kitchen, prune vines, gather grapes, or work the wine press industriously. They clear wild ground, and when the stones have been picked out of it, break it up with dibble, hoe or mattock. Without relaxtions they plough, sow, and harrow. From field, vineyard or

<sup>56</sup> Omdat die Khoekhoen nie as onderdane van die Kompanjie beskou is nie, is hulle tot laat in die 18<sup>de</sup> eeu nooit in die amptelike opgaaf opgeteken nie, en ons het geen idee van hul aantal nie. Anders as byvoorbeeld die knegte met wie skriftelike kontrakte aangegaan is, was ooreenkomste tussen Khoekhoen en boere mondeling, en ons weet gevolglik min oor die aard van hul kontak (vgl. Biewenga 1999: 24).

garden they clean out the weeds, with their rakes, and at harvest time they exert themselves indefatigably, ...” (Schapera & Farrington 1933: 271-73).<sup>57</sup>

Hieruit blyk dat die Khoekhoen waarskynlik dieselfde soort werk as die slawe gedoen het, hoewel dit skyn of hulle meer dikwels vir werk i.v.m. vee aangewend is. Hoe dit ook sy, in alle waarskynlikheid het hulle in hul werkverrigtinge kontak met beide blankes en slawe gehad. In hoe 'n mate Khoekhoevroue ook in diens geneem is, is onduidelik. In § 5.4.3 is daarop gewys dat die gebruik van Khoekhoevroue as huisbediendes met die groter beskikbaarheid van slawevroue teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu afgeneem het. Grevenbroek skryf egter dat Khoekhoevroue “make reliable washerwomen and busy chars. They wash plates and dishes, clean up dirt, gather sticks from the fields round-about, light the fires, cook well, and provide cheap labour for the Dutch” (Schapera & Farrington 1933: 273). Waarskynlik het die landelike distrikte in hierdie opsig van Kaapstad verskil, en dit is goed moontlik dat Khoekhoevroue in die buitelandse distrikte as bediendes gebruik is (vgl. Biewenga 1999: 105).

Oor die Khoekhoen in Kaapstad self weet ons meer uit die beskrywings van verbygaande besoekers, ofskoon ons ook hier nie seker is van hoeveel Khoekhoen te eniger tyd in of naby die nedersetting gewoon het nie. Mens moet aanneem dat dieselfde proses wat in § 5.4.3 beskryf is, voortgeduur het, en dat die aantal Fort-Khoekhoen toegeneem het deur die toevoeging van meer besitlose individue, veral gesien die grootskaalse verbrokkeling van die tradisionele leefwyse van die Khoekhoen in die gekoloniseerde gebiede. Uit reisigers se beskrywings blyk dit dat van hierdie Khoekhoen 'n kraal digby die nedersetting gehad het. Volgens Christopher Fryke in 1685 en Georg Meister in 1687 was hierdie kraal onder Leeuberg (Raven-Hart 1971: 259; Meister 1692: 253). Malherbe reken op grond van verdere evidensie dat daar in die onderhawige periode so 'n Khoekhoekraal tussen Seinheuwel en die see was. Volgens haar was daar ook 'n kraal in die Tafelvallei, in wat teenswoordig Riebeeck-plein is (Malherbe 1983: 6). Laasgenoemde kraal was slegs 'n paar honderd meter van een van die herberge van die stad waar William Dampier in 1691 geloseer het (Raven-Hart 1971: 384-85). Volgens 'n ander reisiger, F-T de Choisy, het daar in 1685 omtrent 30 Khoekhoegesinne in grotte naby Kaapstad gewoon (Raven-Hart 1971: 269). Of Khoekhoen ook by Europeërs in laasgenoemde se huise gewoon het, is nie heeltemal seker nie. Volgens Dampier “the Hottantots that live by the Dutch Town have their greatest subsistence from the Dutch, for there is one or more of them belonging to every House” (Raven-Hart 1971: 384). Of dit wel beteken dat Khoekhoen hul eie gesinne en leefwyse opgegee het en by die koloniste ingewoon het, is moeiliker te sê. Malherbe (1983: 5) skyn op grond van Dampier so te dink, maar ek kon geen ander evidensie naas syne hiervoor vind nie. Guy Tachard het wel in 1685 opgemerk hoe betroubaar die Khoekhoen is en dat die Europeërs gevolglik “give them free access to their houses without fear of being robbed by them” (Raven-Hart 1971: 287), maar dit beteken nog nie dat die Khoekhoen by hulle ingewoon het nie. Ook Simon de la Loubere het in 1687 hierdie eerlikheid van die Khoekhoen opgemerk: “They do not steal among themselves, nor in the Dutch houses in which they are allowed without any oversight...” (Raven-Hart 1971: 321).

Wat wel onbetwyfeld is, is dat die Khoekhoen in Kaapstad 'n verskeidenheid van take verrig het. Dit is veral bekend dat hulle as kruiers en boodskappers opgetree het, terwyl sommige as slagters behulpsaam was en nog ander as agente vir Europeërs om vee te bekom (Elphick 1985: 181; Malherbe 1983: 5). Waarskynlik het

<sup>57</sup> Grevenbroek se positiewe siening van die Khoekhoen is in skerp teenstelling met ander skrywers uit hierdie tyd, byvoorbeeld Valentijn (Raidt e.a. 1973: 70-72) en Leguat (1708: 228), wat gewoonlik te velde trek teen die ‘luiheid’ van die Khoekhoen. Grevenbroek het egter lank aan die Kaap gewoon, en het heelwat kontak met en kennis oor die Khoekhoen gehad.

hulle voortgegaan om die take wat in § 5.4.3 beskryf is, byvoorbeeld dié van posdraer en gidse, vir die Kompanjie te doen. Kaapstad is 'n hawestad met heelwat besoekende skepe jaarliks en dit was dan ook algemeen onder die Khoekhoen om op die skepe te gaan en te bedel, en die matrose te vermaak in ruil vir kos of geld (Elphick 1985: 180-81; vgl. Raven-Hart 1971: 347, 405 vir voorbeelde). Daar moet ook heelwat Khoekhoen in Kaapstad gewees het wat 'n bestaan probeer maak het deur los werkies vir hierdie tydelike inwoners te doen of van hulle te bedel (vgl. Raven-Hart 1971: 237, 321). Die Khoekhoen se ongeneentheid om vaste betrekkinge aan te gaan is wel bekend (vgl. Raven-Hart 1971: 333, 350, 396, 407), en daar was waarskynlik 'n groot hoeveelheid van hulle wat rondlopers in Kaapstad en omgewing was. Dampier skryf dat van dié Khoekhoen wat by koloniste diens verrig "three or four more of their nearest relations sit at the Doors or near the Dutch House, waiting for scraps and fragments that come from the Table; and between meals the Dutch people have any occasion for them, to go on Errands, or the like, they are ready at command..." (Raven-Hart 1971: 384).<sup>58</sup>

Die voorafgaande paragrawe behoort te bewys dat die Khoekhoen deeglik deel van die stedelike opset was, al sy dit op 'n moeilik omskryfbare manier. In hul daaglikse kom en gaan het hulle sekerlik kontak gehad met die Europese koloniste en laasgenoemde se slawe in die strate en waarskynlik ook die huise van die inwoners. Duidelik is ook dat die Khoekhoen veral veel kontak had met die matrose van verbygaande skepe. Ons weet ongelukkig min oor die sosiale kontak tussen die Khoekhoen en die ander groepe, hoewel Meister vermeld dat die Khoekhoen ook in die kroëë gekom het (Meister 1692: 254; vgl. Raven-Hart 1971: 350). Hier het hulle heelwat geleentheid gehad om kontak buite die werksituasie met slawe, soldate, matrose en ander Europeërs te onderhou (Dooling 1994: 17-18).

Hierbo is verduidelik hoe die Khoekhoen hul ekonomiese en politieke mag verloor het, en as gevolg daarvan gedwing was om (met tye) by blankes in diens te tree. Mens moet egter nie die fout maak om aan te neem dat dit beteken het dat hulle somer so ook hul ou gewoontes en leefwyse opgegee het nie. Elphick som die proses goed op waar hy skryf: "during the period covered by this study [1652-1713], cultural assimilation was not nearly so prominent as the rapid incorporation of Khoikhoi into the colonial polity and the economy" (Elphick 1985: 175). Dit geld sekerlik vir hul taal. Ofskoon die evidensie skraal hieroor is, lyk dit onwaarskynlik dat die Khoekhoen nie steeds almal Khoe gebruik het nie, terwyl dié wat wel in noue kontak met die koloniale samelewing was (die Fort-Khoekhoen, die rondtrekkende loonarbeiders en die Khoekhoe-knegte), waarskynlik daarnaas 'n vorm van Nederlands beheers het.

Die beskikbare uitsprake oor die Nederlands van die Khoekhoen in hierdie tyd skyn meestal op die Fort-Khoekhoen betrekking te hê. Toe Christopher Fryke in 1681 in die omgewing van Valsbaai gestrand was, kon die Khoekhoen in die omgewing nie Nederlands praat nie, maar hulle het ander Khoekhoen gaan haal wat wel die taal kon praat om hom te help (Raven-Hart 1971: 230). Waarskynlik dui hierdie geval daarop dat slegs dié Khoekhoen wat in noue kontak met die koloniale samelewing was, Nederlands geken het. Die Khoekhoen

<sup>58</sup> Dampier se "nearest relations" hoef nie letterlik opgeneem te word nie. Die Khoekhoen se mededeelsaamheid was welbekend. Grevenbroek skryf in soortgelyke trant oor 'n Khoekhoevrou "who in return for a day's labour had been given some scraps in a platter by a certain Dutchman. She began to crow with delight like a hen gathering her chickens, calling her people together and making a regular distribution of her booty among them, and hardly keeping a mouthful for herself. All alike delight in this communion of goods" (Schapera & Farrington 1933: 273). Ook jare later, in 1715, berig Beeckman dat "when one of them has earn'd two or three Doublekees, he fails not to call others of his Acquaintance to partake with him, and will surely spend it all before Night in Tobacco and Arrack..." (Beeckman 1718: 187).

met wie Fryke in Valsbaai kennis gemaak het, skyn van diesulkes te gewees het, wat steeds 'n vorm van hul tradisionele leefwyse probeer nastreef het. Ons weet in ieder geval dat die Europeërs op hul ruitogte altyd van die geakkultureerde, Nederlandssprekende Kaapse Khoekhoen saamgeneem het om as tolke te dien (Raven-Hart 1971: 300; Bredekamp 1986: 19-21, 28-29). Van Reede beskryf byvoorbeeld hoeveel moeite die Europeërs gehad het met kommunikasie toe 'n aantal Namakwas in 1685 die Kasteel besoek het. Blykbaar het die Khoekhoe-tolke wat gewoonlik vertolking vir die VOC verrig het, moeite gehad om Nama te verstaan en kon Van Reede net met groot moeite iets uit die Namakwas te wete kom (vg. Hulshof 1941: 220-21).<sup>59</sup> Die rol van 'n tussenganger soos Dorha, wat Nederlands geken het en op die ruitogte na die Chainokwas en Hessekwas gegaan het, wys daarop dat kennis van Nederlands steeds erg beperk onder die Khoekhoen was, waarskynlik net tot die wat in baie noue kontak met Europeërs gewoon het (die Fort-Khoekhoen en waarskynlik die Khoekhoe-knegte op plase) of weens buitengewone omstandighede veel met hulle te doen gekry het (byvoorbeeld Dorha). Tog, aan die einde van die onderhawige tydperk, meld Francis Leguat in 1698: "The greatest part of those [Khoekhoen] that are Neighbours to the Cape, have learnt to speak Dutch" (Leguat 1708: 235). Dit is onwaarskynlik dat hy met "neighbours" die Omliggende Khoekhoen bedoel, meer waarskynlik verwys hy na die Khoekhoen wat tussen of by die koloniste woon.

Oor die aard van die Khoekhoen se Nederlands is weinig bekend. In 1681 noem Fryke dat hy oor godsdienis geredeneer het met enkele Khoekhoen wat "a little broken Dutch" kon praat (Raven-Hart 1971: 234). Die uitsprake van Kommissaris Van Reede oor die Nederlands van die Khoekhoen skyn hierby aan te sluit. Volgens hom spreek die Khoekhoen Nederlands "seer krom en bijnae onverstanelyk" (Hulshof 1941: 36). Elders spreek hy hom meer duidelik hieroor uit: "Haer uijtspraek valt swaer, en hebben moejiten haere meijninge te doen verstaen, doch als het geschiet, bevint men haer niet onredelyk" (Hulshof 1941: 202). Hierdie getuienis oor die Khoekhoen se Nederlands word ietwat weerspreek deur Dr. Browne wat in 1691 gemerk het dat die Khoekhoen "speak Dutch prettie well" (Raven-Hart 1971: 388). Dit is moontlik dat Browne dit net oor die Fort-Khoekhoen het, of dat die individu met wie hy gepraat het uitsonderlik is, maar hieroor is daar geen uitsluitel nie. Dit is die enigste tydgenootlike uitsprake oor die aard van die kennis van Nederlands deur Khoekhoen in die onderhawige periode.

'n Kwessie wat hierby aansluit, is die kennis van Khoe onder die Europeërs aan die Kaap. Die uitsprake hieroor is min, maar dui almal daarop dat Europeërs nie Khoe geken het nie. Volgens Forbin in 1685 en Dr. Browne in 1691 is die Khoe-taal te moeilik met die gevolg dat niemand dit kan leer nie (Raven-Hart 1971: 264, 388). Dit is waarskynlik 'n oordrywing. Van Reede het die feit dat mens nie meer oor die Khoekhoen kan uitvind deur hulle in hul eie taal te ondervra nie, betreur en bygevoeg dat dit die geval is omdat niemand "haer taele verstaet ..., hoedanige aen de Caep onder d'E. Compagnie niemand is" (Hulshof 1941: 36). Dit het mettertyd verander omdat dit bekend is dat Grevenbroek (teen ten minste die 1690's) Khoe geken het en daarvoor navorsing gedoen het. Dit is egter goed moontlik dat kennis van Khoe onder die koloniste in dié tyd moet bestaan het, omdat daar getuienis daarvoor is vir beide die periodes voor en ná die onderhawige tydperk (vgl. §§ 5.4.3 & 5.6.2). Tog sou dit sekerlik nie algemeen gewees het nie.

<sup>59</sup> Vgl. byvoorbeeld dié passasie: "Ende gemerk haer [Namakwas se] taele met dese [Kaapse Khoekhoen] veel verschildt, en wij tot op heden met groote moejiten ons van de Hottentots doen verstaen, soo had men seer veel werck die luijden te vraegen en onse meningh te doen begripen, en zulx door gebrek van tolken" (Hulshof 1941: 220).

## 5.6 Khoekhoen, Europeërs en slawe aan die Kaap, 1700-1720.

Teen 1700 was die Kaap 'n vestigingskolonie met 'n vaste bevolking van koloniste wat saam met die slawe en Khoekhoen aan die Kaap 'n bestaan probeer voer het. In die volgende twee dekades is die basis gelê vir die verdere ontwikkeling van die kolonie in die res van die 18<sup>de</sup> eeu. Daar is veral drie prosesse of gebeure wat gedurende 1700-1720 op gang gekom of plaasgevind het wat van kardinale belang vir dié ontwikkeling was. Die eerste het te make met die uitbreiding van die kolonie na die noorde om verskeie redes. In noue samehang hiermee is die opkoms van 'n groep koloniste wat hulle hoofsaaklik op ekstensiewe veeboerdery toegelê het. Só is 'n uitbreidingsproses begin wat dwarsdeur die 18<sup>de</sup> eeu sou voortgaan na die noorde en ooste, en wat 'n belangrike rol sou speel – nie net in die ontwikkeling van Suid-Afrika nie, maar ook in die verspreiding van en ontwikkeling in die Nederlandse taal. Hierdie uitbreiding op die grensgebiede is hier van belang omdat dit gelei het tot groter isolasie van die vryburgerbevolking en nouer kontak met die Khoekhoen.<sup>60</sup> Die tweede groot gebeurtenis wat in hierdie tydperk plaasgevind het, is die pokke-epidemie van 1713. Nie net het dit die dood van 'n groot aantal mense – slawe, koloniste en veral Khoekhoen – veroorsaak nie, maar ook tot gevolg gehad dat heelwat Khoekhoen die gekoloniseerde gebiede verlaat het en hul heil elders in die binneland gaan soek het. Die derde proses, nl. die groeiende afhanklikheid van slawe-arbeid en die besluit in 1717 om die Kaap 'n 'slawe-kolonie' te maak, hou verband met die pokke-epidemie en die afsterwe en wegtrek van die Khoekhoen.

Die deurlopende temas van die 18<sup>de</sup>-eeuse Kaapse geskiedenis het in hierdie eerste twee dekades hul beslag gekry. Dit is naamlik, aan die een kant, die verdere uitbreiding van die gekoloniseerde gebiede en die veeboere se voortgesette gebruik van Khoekhoe-arbeid, asook die groeiende verset van Khoesan-groepe<sup>61</sup> teen die blanke indringing van hul land. Aan die ander kant het die gevestigde boere in veral die graanproduserende gebiede van die Wes-Kaap totaal afhanklik van slawe-arbeid geword, iets wat gereflekteer is deur hul toenemende aantal slawe.

### 5.6.1 Die Europese bevolking en die opkoms van veeboerdery

Teen 1700 was daar volgens Ross 1 245 vryburgers (418 mans, 222 vroue en 605 kinders) aan die Kaap. Tien jaar later het die getal toegeneem tot 1 923 (656 mans, 339 vroue en 928 kinders) (Ross 1994: 127). Die pokke-epidemie van 1713 het egter die normale bevolkingsgroei aangetas. Volgens Ross se berekinge het ongeveer 20% van die totale blanke bevolking in die epidemie omgekom (Ross 1977: 424; vgl. Le Roux 1945: 233). Die plattelandse bevolking is weens hul groter isolasie in 'n mindere mate as die inwoners van Kaapstad getref (Ross 1977: 421). Volgens Viljoen het ongeveer een derde van die koloniale bevolking (dit is Europeërs en slawe) in Kaapstad gesterf (Viljoen 1995: 27). Ofskoon die aantal blankes afgeneem het en daar teen 1715 inderdaad minder vryburgers as in 1710 was, naamlik 1 637, het die bevolkingsgetal vinnig herstel. In die vyf jaar ná die epidemie het die blanke bevolking vinniger gegroei as in enige ander vyf jaar gedurende die 18<sup>de</sup> eeu

<sup>60</sup> Die ontwikkeling van die grensgebiede is 'n goed bestudeerde aspek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Twee omvangryke onlangse werke het opnuut die betrokke sake bekyk, vgl. Penn (1995) vir die noordwaartse uitbreiding en Newton-King (1999) vir die oostelike gebiede.

<sup>61</sup> Soos hierbo in § 5.2.1 verduidelik is, dien hierdie term as 'n versamelnaam vir Khoekhoe- en San-groepe, veral waar dit nie duidelik is watter van hierdie groepe bedoel word nie. Met die uitbreiding na die Noorde en die Ooste het veeboere al hoe meer met San-groepe, wat daarop ingestel was om hul tradisionele leefwyse te behou, in kontak gekom.

(Ross 1977: 421, 426). Die gevolg hiervan was dat daar teen 1720 in totaal 2066 vryburgers aan die Kaap gewoon het – hiervan was 653 mans, 405 vroue en 1008 kinders (Ross 1994: 127).

Twee dinge val uit hierdie syfers op. Eerstens, die hoë persentasie kinders: in die twintig jaar tussen 1700-1720 het hulle 48-49% van die vryburgerbevolking uitgemaak. Hierbo is daar reeds gewys op die vrugbaarheid van kolonistevroue in die laat 17<sup>de</sup> eeu, iets wat blykbaar in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu nog meer toegeneem het. So byvoorbeeld het die gemiddelde aantal kinders per blanke vrou van 6,4 in 1705 tot 7,5 in 1731 gestyg – die feit dat vroue in die landelike distrikte en die grensgebied in die laat 17<sup>de</sup> eeu gemiddeld meer kinders as dié in die Kaapse distrik gebaar het, het ook in die jare tot 1731 gegeld toe vroue in hierdie gebiede gemiddeld 8 kinders gebaar het teenoor die iets meer as 6 in die Kaapse distrik (Guelke 1988: 467).

Die tweede saak wat duidelik uit hierdie syfers na vore kom, is dat die groei in die aantal vryburgers, hoewel hoog, nie so astronomies is as die 500%-groei in vryburgergetalle tussen 1680-1700 nie. Weens die pokke-epidemie van 1713 kan mens geen uitsprake maak oor die bevolkingstoename gedurende 1710-1720 nie. In teenstelling hiermee is dit wel duidelik dat die vryburgerbevolking tussen 1700 en 1710 met 55% toegeneem het. Dit is steeds vry hoog, maar is nader aan 'normale' groei. Die toename in die vryburgerbevolking was hoofsaaklik die gevolg van natuurlike aanwas. Die feit dat die ratio man:vrou in die vryburgerbevolking verbeter het (weens die dogters van vryburgers wat volwasse geword en getrou het) van ongeveer 1,9:1 in 1700 tot 1,6:1 in 1720 (vgl. Ross 1994: 127), het ook tot gevolg gehad dat meer huwelike aangegaan kon word, en meer kinders gebore is (Guelke 1988: 469). Daarby het die getalle natuurlik eksponensieel toegeneem: teen 1720 het 2-3 geslagte Kaapse kinders reeds volwassenheid bereik en self kinders gehad.

Anders as in die periode 1680-1700 toe immigrasie ook 'n rol in die bevolkingsgroei gespeel het, het die belang daarvan in die 18<sup>de</sup> eeu grootliks afgeneem. Teen 1707 het die VOC besluit om gratis passaat na die Kaap op te skort (Newton-King 1999: 12). Robert Ross wys egter daarop dat die saak nie so eenvoudig is nie: Ofskoon immigrasie van gesinne en vry persone uit Europa waarskynlik grootliks tot 'n einde gekom het, is die aantal vryburgers dwarsdeur die 18<sup>de</sup> eeu aangevul deur kompanjiesdienaars, veral soldate, wat ná ontslag om vryburgerskap aansoek gedoen het (Ross 1994: 128-29). Waarskynlik verklaar dit waarom die man:vrou-ratio onder die vrye blanke bevolking aan die Kaap nooit gedurende die 18<sup>de</sup> eeu genormaliseer het nie, m.a.w. die getal mans teenoor vroue was nooit eweredig nie (in die 1790's was dit steeds ongeveer 14-15:10 [vgl. Ross 1994: 127]).

Die aantal kompanjiesdienaars het ook in die onderhawige periode toegeneem. In 1701 was daar 531 manlike VOC-dienaars wat teen 1710 tot 640 gestyg het en in 1720 in totaal 800 bedra het (Van Duin & Ross 1987: 112). Ofskoon dit uit hierdie syfers wil voorkom asof die kompanjiesdienaars se getalle gestadig toegeneem het, moet mens in gedagte hou dat omtrent 70% van die totale aantal kompanjiesdienaars soldate was wie se aantal gewissel het na gelang van die sekuriteitsbehoefte van die Kaap (Schutte 1989: 296). Mens behoort dus in ag te neem dat die getal VOC-dienaars taamlik wisselvallig was. Daarby sluit die aangehaalde syfers nie die vroue en kinders van die enkele kompanjiesdienaars wat getroud was in nie.

Vervolgens moet daar gekyk word na hoe die Europese bevolking aan die Kaap versprei is. In 1701 het ongeveer 72% van die *volwasse* vryburgerbevolking hulle buite Kaapstad bevind. Hierdie situasie was min of meer stabiel, want teen 1731 was die syfer ongeveer 70% (vgl. Guelke 1988: 461). Indien mens in ag neem, soos reeds uitgewys, dat vroue in die landelike gebiede gemiddeld meer kinders gehad het, kan daar met redelike veiligheid verklaar word dat in die jare 1700-1720 ongeveer 70-80% van die totale *vrye* bevolking op

die platteland gewoon het. Hierteenoor moet mens in gedagte hou dat die oorgrote meerderheid van die kompanjiesdienaars in Kaapstad self gesetel was. Teen 1710 was daar volgens Valentyn 155 huise in Kaapstad (Raidt e.a. 1973: 238). Volgens Biewenga het Kaapstad toe in totaal 1500 inwoners gehad, insluitende kompanjiesdienaars, vryburgers en slawe. Die bevolking het verder toegeneem, want teen 1717 was daar reeds 177 huise (Biewenga 1999: 29). Indien 'n mens aanvaar dat in 1720 25% van die vryburgerbevolking, dus ongeveer 500-550, en die meeste van die kompanjiesdienaars, dus 750-800, in Kaapstad gewoon het, beteken dit dat die stad toe ongeveer 1250-1350 blanke inwoners gehad het. Dit beteken wel 'n groei teenoor die ongeveer 800-900 blanke stedelike inwoners in die begin van die 18<sup>de</sup> eeu, maar laat ook blyk dat die grootste groei in vryburgergetalle gedurende 1700-1720 op die platteland plaasgevind het. Die groot aantal slawe en die teenwoordigheid van 'n groot transiënte bevolking – in die onderhawige periode het daar jaarliks tussen 60-90 skepe met duisende matrose en besoekers Kaapstad aangedoen (Beyers 1967: 333) – het egter beteken dat die stad veel meer kosmopolitaans en digter bevolk as die platteland was.

Daar is reeds verduidelik hoedat Stellenbosch teen die 1690's 'vol' was, en uitbreiding na Drakenstein plaasgevind het. Weens die beperkte landbougrond in die Stellenbosch-distrik was groei uiteraard daar nie so sterk nie as in Drakenstein, waar geografiese uitbreiding nog moontlik was. Reeds teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu het die aantal vryburgers in Drakenstein dié in Stellenbosch verbygesteek (vgl. De Wet 1981: 21). Volgens Beyers was daar teen 1701 in die Stellenbosch-distrik 'n vryburgerbevolking van 348 en in dieselfde jaar in Drakenstein 371 (Beyers 1967: 339). Dit het teen 1711 tot onderskeidelik 477 en 623 toegeneem (Beyers 1967: 340). Die pokke-epidemie het daartoe gelei dat die bevolkingsgroei minimaal of selfs negatief was, want teen 1718 was daar 392 vryburgers in Stellenbosch en 729 in Drakenstein (Beyers 1967: 341). Gedurende hierdie periode was daar maar heel weinig bevolkingsgroei, sover dit die vryburgers aangaan, in die Stellenbosch-distrik. Dit is egter nie verwonderlik nie as mens in ag neem dat alle beskikbare landbougrond in Stellenbosch reeds teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu beset was en geografiese uitbreiding eerder noord daarvan plaasgevind het. Die Stellenbosch-distrik se vryburgerbevolking het dus gewoon stabiel gebly (hoewel die aantal slawe wel heelwat toegeneem het, sien hieronder), terwyl Drakenstein se bevolking, in weerwil van die verliese tydens die pokke-epidemie, gegroei het, soveel so dat die bevolking van Drakenstein teen 1723 twee keer soveel as dié van Stellenbosch was (Beyers 1967: 341).

Ons het dus 'n idee hoeveel Europeërs daar aan die Kaap was, en op welke manier hulle versprei was. Die feit dat ongeveer 70-80% van die vryburgers buite Kaapstad op plase gewoon het, beteken nie dat hulle eweredig versprei was nie. Waarskynlik was die patroon min of meer soos aan die einde van die 17<sup>de</sup> eeu: die Kaapse distrik was die digste bevolk, gevolg deur Stellenbosch en Drakenstein met slegs 'n baie yl verspreide bevolking in die gebiede ten noorde daarvan wat vanaf die vroeë 1700's begin beset is. Daar sal vervolgens nader op hierdie uitbreiding van die gekoloniseerde areas ingegaan word.

Die vinnige groei wat plaasgevind het nadat Van der Stel begin het met grondtoekennings in die Drakenstein-gebied was nie net die gevolg van die groot toename in die koloniale bevolking nie (beide weens nuwe vryburgers en die kinders van vryburgers wat met volwassenheid ook grond wou bekom [Elphick 1985: 224]), maar ook weens die aard van ekstensiewe boerdery, waarin groot gebiede grond benut word, gewoonlik in 'n gemengde boerdery waar naas akkerbou ook vee aangehou word. Daarom is daar in die 1690's begin om ook grond noord van Drakenstein, Franschhoek en die Paarl uit te gee in die areas van Paardeberg en

Wagenmakersvallei langs die Bergrivier, en selfs so ver noord as Vier-en-Twintig Riviere (Guelke 1989: 74). Hierdie gebiede was egter baie yl bevolk. Volgens Guelke benodig ekstensiewe boerdery “fifteen times more unimproved pasture land than ... arable or improved land” (Guelke 1976: 29). Dit het tot gevolg gehad dat groot gebiede grond ‘oop’ gelaat is. Teen 1717, toe grondtoekennings gestaak is, was daar reeds 400 plase wat in totaal 194 km<sup>2</sup> bedra het (Guelke 1989: 74). Dit terwyl die totale oppervlakte van gekoloniseerde gebiede (al was daar geen duidelike grense nie) ongeveer 26 000 km<sup>2</sup> was (Guelke 1976: 29). Die gevolg hiervan was dat die bevolking baie yl versprei was, en in die noordelike gebiede nog meer geïsoleerd was as in byvoorbeeld Stellenbosch: die Land van Waveren was 18-20 uur te perd van Kaapstad (Böeseke & Cairns 1989: 19).

Een van die ander gevolge van hierdie ekstensiewe gebruik van grond was dat binne die reeds gekoloniseerde gebiede daar weinig plek vir nuwe boere was – gewoon omdat die ander soveel grond benodig. Daarom kan Katzen verklaar dat teen 1700 “the Cape could no longer absorb white immigrants on any scale” (Katzen 1973: 184). Nog een van die gevolge van die ekstensiewe gebruik van grond, was dat boere, soos hul veestapels toegeneem het, min bedenkinge gehad het om verder die binneland in weiveld te gebruik. Blykbaar het heelwat boere in die somermaande, wanneer weiding skaars was, hul knegte of seuns na die binneland gestuur om hul vee daar te laat wei. Ofskoon Simon van der Stel pogings aangewend het om hierdie gebruik stop te sit, was dit onsuksesvol (Guelke 1989: 77-78; vgl. Biewenga 1999: 104). Hierdie gebruik het in die vroeë jare van die 18<sup>de</sup> eeu toegeneem, veral ná die oopstel van die Land van Waveren vir kolonisasie. Weens ekonomiese redes *moes* die kolonie uitbrei, en die binneland was gewoon meer geskik vir veeboerdery as ander tipes boerdery (vgl. Penn 1995: 53-54)

Toe omtrent 30 vryburgers in 1699 by Willem van der Stel om grond in die omgewing van die Limietberge (oos van die Bergrivier in die Wagenmakersvallei) aansoek doen, het laasgenoemde besluit om self ondersoek in te stel. Nadat Van der Stel die huidige Tulbaghkom besoek het (en dit en die gebied daaromheen ‘t Land van Waveren gedoop het), is toestemming van die VOC verkry om vryburgers toe te laat om hulle daar te vestig. Klaarblyklik het ‘n klein groepie Europeërs in 1700 daarheen getrek en terselfdertyd is ‘n militêre pos met sewe man in die gebied gestig (Böeseke & Cairns 1989: 18-22, 25). ‘n Belangrike ontwikkeling vir die verdere besetting van die noordelike grensgebied het in 1703 plaasgevind toe Willem van der Stel sy vader se beleid oor die gebruik van weiveld in die binneland hersien het, en ‘n sisteem van weilisensies ingevoer het. Hierdie lisensies het die vroeëre gebruik van weiveld geformaliseer. Dit het die houers daarvan die reg gegee om ‘n sekere stuk grond eksklusief vir ‘n aantal maande vir weiding te gebruik. So ‘n stuk grond het dan as ‘n leningsplaas bekend gestaan, omdat dit nie veronderstel was om vaste besit te wees nie (Guelke 1976: 31). Teen 1708 is al heelwat weilisensies in die omgewing van Paardeberg, Riebeek-Kasteel, Vier-en-Twintig Riviere en langs die Bergrivier toegeken, asook in die noordelike gedeeltes van die Swartland (De Wet 1981: 20). Teen ongeveer dieselfde tyd (1707-1709) is daar ook begin om weilisensies so ver noord as Piketberg toe te ken (Penn 1995: 71). Die aard van leningsplase het egter spoedig verander. Reeds voor 1714, toe die sisteem amptelik verander is, het sommige boere ook akkerbou op die leningsplase beoefen, terwyl ander boere hulle permanent op sulke plase gevestig het (Guelke 1976: 31; Böeseke & Cairns 1989: 24). Vanaf 1714 moes boere ‘n jaarlikse fooi vir leningsplase betaal, wat daartoe gelei het dat sulke plase as private, onvervreembare eiendom begin beskou is en dat mense permanent daarop begin woon het. Die datum 1714 is belangwekkend want dit hang saam met die ondergang van die Khoekhoen in die Wes-Kaap wat tot groter beskikbaarheid van grond en ‘n sneller uitbreiding van die gekoloniseerde gebiede gelei het (Penn 1995: 72-74; vgl. hieronder). Toe

gronduitgifte in 1717 stopgesit is, was daar in die praktyk reeds geen verskil tussen 'n leningsplaas en 'n 'gewone' plaas nie, behalwe dat eersgenoemde merendeels veeplase was (Guelke 1989: 79).

Die Land van Waveren was weens die groot afstand van die Kaap en gebrekkige paaie enersyds en die klimaat andersyds meer geskik vir veeboerdery as akkerbou (De Wet 1981: 20; Penn 1995: 55). Aanvanklik is hier ook 'n aantal weilisensies toegeken – hoeveel is onseker. Vanaf 1703 is daar aan sommige mense toestemming verleen om permanent in dié gebied te woon (Böeseke & Cairns 1989: 36). Waarskynlik het sommige van die mense op leningsplase in die omgewing ook permanent daar gewoon, want in 1714 en weer in 1720 het omtrent 'n dosyn gesinne aansoek gedoen om hul leningsplase in die Waveren in eiendomsplase te omskep (Böeseke & Cairns 1989: 38). Hoeveel blanke boere daar presies in die onderhawige tydperk gewoon het, is nie bekend nie, maar dit kon nie veel gewees het nie. Nietemin, weens die afstand van die Kaap, en die groot oppervlakte van veeplase, het hierdie mense baie geïsoleerd van mekaar geleef.

As gevolg van die gereedike beskikbaarheid van grond en die lae bedryfskoste daaraan verbonde, was veeboerdery meer winsgewend as landbou. Daarom het dit in die onderhawige periode, en ook in die res van die 18<sup>de</sup> eeu, toegeneem (De Wet 1981: 37; Elphick 1985: 223-24). Weens die groot hoeveelheid weiveld wat daarvoor nodig is, het sulke veeboere meer en meer grond benodig, en die grensgebied het voortdurend noordwaarts (en vanaf die 1730's ooswaarts) geskuif. Teen die einde van die onderhawige periode, 1720, was die gebiede Riebeeck-Kasteel, Vier-en-Twintig Riviere en die Land van Waveren reeds gevul met veeboere (wat ook as trekboere bekend staan), en het van hierdie boere so ver noord as die area tussen die Berg- en Olifantsrivier tot by die moderne Porterville en Piketberg gewoon (Guelke 1989: 85). Laasgenoemde gebied is vanaf 1707-8 deur Europeërs begin beset, waar daar teen 1728 ongeveer 30 leningsplase geregistreer was (Penn 1989: 7). Daar moet in gedagte gehou word dat, hoewel die gekoloniseerde gebied aan die Kaap in die eerste twee dekades van die 18<sup>de</sup> eeu geografies fors uitgebrei het, die oorgrote meerderheid vryburgers in die graanproduserende areas, naamlik die Kaapse distrik, Stellenbosch en Drakenstein, gewoon het. Volgens Guelke het in 1716 slegs 25 uit 260 boere uitsluitlik as veeboere bestaan (Guelke 1989: 84-85). Dit is egter nodig om hier aan hierdie veeboere aandag te skenk omdat hulle in die res van die 18<sup>de</sup> eeu so 'n belangrike rol in die wording van Suid-Afrika en ontwikkeling van rasseverhoudings sou speel. Ook moet daar in gedagte gehou word dat die gebiede waar die veeboere heen getrek het, nie leeg was nie, maar ook deur o.a. Khoekhoen gebruik is.

#### *5.6.2 Die ondergang van tradisionele Khoekhoen in die Wes-Kaap*

Gedurende die tydperk 1700-1720 is daar veral drie aspekte van Khoekhoe-Nederlandse kontak wat hier van belang is. Ten eerste is dit die reaksie van die Khoekhoen op die noordwaartse uitbreiding van die kolonie, wat betekenisvol is omdat dit so 'n belangrike aspek van die latere geskiedenis van die Kaapkolonie uitmaak, veral wat die interaksie tussen Europeërs en Khoekhoen betref. In die tweede plek het die verdere opname in die Europese samelewing en akkulturasie van die Khoekhoen in die meer gevestigde gebiede van die kolonie voortgegaan. Dit het egter verander ná die pokke-epidemie van 1713, die derde aspek wat hieronder bespreek word. Die gevolge van hierdie epidemie was verregaand vir verdere kontak tussen die onderskeie groepe aan die Kaap, veral vir die Khoekhoen, wie se tradisionele bestaanswyse in die gekoloniseerde gebiede verdwyn het.

Kort ná Willem van der Stel se bewindsaanvaarding in 1699 het daar 'n groot verandering in die verhouding tussen die Kompanjie en Khoekhoen plaasgevind. Die VOC het naamlik besluit om veeruiltogte na die Khoekhoen stop te sit en terselfdertyd om vryburgers vanaf Februarie 1700 die reg te gee om privaathandel met die Khoekhoen te dryf. Aldus kon die Kompanjie dan hul vee van die vryburgers bekom (Elphick 1985: 224; Penn 1995: 51-52). Tot op daardie stadium was dit vir vryburgers verbode om vee van Khoekhoen te ruil. Alhoewel verskeie plakkate hierteen uitgevaardig is, het dit heelparty vryburgers nie gekeer om op onwettige ruilekspedisies, of selfs strooptogte, te gaan nie. Volgens Guelke (1976: 30) was daar reeds in 1692 "a group of professional frontier traders who acted as middlemen for the Khoikhoi and the farmers of Stellenbosch and Drakenstein". Omdat die vryburgers dikwels die Khoekhoen uitgebuit het en die VOC sy monopolie wou behou, is daar streng teen oortreders opgetree, hoewel hulle waarskynlik nie altyd uitgevind is nie. In 1696 en 1697 het van hierdie oortreders bekend geword en is hulle swaar gestraf – een is selfs na Mauritius verban (Penn 1995: 50-51; Sleight 1993: 64; Bredekamp 1986: 26-27). Ten spyte van hierdie swaar strawwe het onwettige ruilhandel waarskynlik voortgeduur, gewoon omdat dit 'n goedkoop en maklike manier vir vryburgers was om hul veestapels aan te vul. Die oopstel van die veehandel het egter beteken dat meer vryburgers by hierdie winsgewende bedryf betrokke kon raak, iets wat rampspoedige gevolge ingehou het vir daardie Khoekhoen wat steeds vee besit het.

Wie was hierdie Khoekhoen by wie die koloniste vee geruil het? Aangesien die oorblyfsels van die Skiereilandse Khoekhoen grotendeels veeloos was en in een of ander vorm by die koloniale ekonomie ingeskakel was, moet dit waarskynlik die Overbergse Khoekhoen, d.i. die reste van die Chainokwas, en die Cochokwas gewees het. Daar is reeds hierbo beskryf hoedat hierdie stamme in die laaste dekades van die 17<sup>de</sup> eeu hul mag verloor het, en in kleiner groepies en klans opgebreek het. Ofskoon hulle teen 1700 die meeste van hul vee verloor het, het sommiges nog aan 'n tradisionele bestaan op die grensgebiede van die kolonie probeer vasklou. Die oopstel van die veeruil enersyds en die uitbreiding van die gekoloniseerde gebiede deur *veeboere*, het die begin van die einde vir hierdie Khoekhoen beteken.

Teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu het Europeërs reeds begin om hulself te vestig in die omgewing waar die Cochokwas tradisioneel hul weivelde gehad het, nl. Riebeek-Kasteel en Paardeberg. Waarskynlik het sommige van die Cochokwa-groepe uitkoms in die vrugbare en afgeleë Tulbagh-kom gesoek en daar hul bestaan probeer voortsit (Penn 1995: 55-56). Hulle was egter nie die enigste Khoekhoen in dié area nie. Die Tulbagh-kom het ook deel gevorm van die gebiede ten ooste van die Bergrivier waar die Ubikwas rondgetrek het. Laasgenoemde was 'n groep Khoisan oor wie min bekend is, behalwe dat hulle in die laat 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu as struikrowers berug was (die naam Ubikwa verwys na veerowers) en hulle veral in bergagtige gebiede skuilgehou het (Penn 1995: 57-58). Hiernaas moet onthou word dat die gebied grens aan die areas waar die Grigrikwas en Namakwas tradisioneel hul weivelde gehad het.

Kort ná die vestiging van Europeërs in die Tulbagh-kom, is die noordelike grensgebied plotseling getref deur 'n reeks guerrilla-agtige aanvalle en strooptogte deur diverse Khoesan-groepe. Tussen Maart 1701 en Maart 1702 het die gebied deurgeloopt onder elf sulke aanvalle en strooptogte. Nie net is van die koloniste aangeval nie, maar ook van die Khoekhoen wat in die omgewing tussen die boere gewoon het, asook die Kompanjie se buitepos in Waveren. In al die gevalle is daar van die onderskeie groepe se vee buitgemaak. In reaksie hierop het die Kompanjie nuwe poste met die oog op verdediging gestig, asook die personeel van die bestaande poste vergroot. In feitlik al die gevalle het die slagoffers saam met ander vryburgers,

Kompanjiesoldate en daardie Khoekhoen wat ook deurgeloop het, op vergeldingstogte gegaan. Hoewel daar op laasgenoemde soms van die vee teruggevind is, en van die aanvallers gedood of gevange geneem is, was hulle aanvanklik nie suksesvol nie. In die vier aanvalle wat tussen Januarie en Maart 1702 plaasgevind het, het die koloniste en hul geallieerdes, weens die beter verdedigingsnetwerk en die groter aantal soldate, egter daarin geslaag om tientalle van die aanvallers te dood of te verwond en die gesteelde vee te herwin. Hierna het die aanvalle gestop, en gedurende 1702-1703 is nog 'n aantal militêre poste in die noordelike grensgebied opgerig, sodat daar teen 1704 ses sulke poste in die gebied was. Hulle was geslaag, want ná een onsuksesvolle aanval in 1703 het die aanvalle gestop (Penn 1995: 58-66; Elphick 1985: 225-27; Newton-King 1999: 64-65).

Wie presies hierdie aanvallers was, het nooit vir die Europeërs heeltemal duidelik geword nie. In die meeste gevalle is die Ubikwas of San ('Sonkwas') geblameer, ofskoon sommige aanvalle ook aan die Grigrikwas, Namakwas en van die Cochokwas toegeskryf is. Daar is sekerlik in September 1701 'n vergeldingstog teen die Grigrikwas onderneem waartydens 'n aantal van hulle gedood is (Penn 1995: 62-63; Marks 1972: 69-71). Wat wel duidelik behoort te blyk, is dat daar grootskaalse ongelukkigheid onder die diverse Khoekhoe-groepe was oor die koloniste se verdere uitbreiding van die kolonie. Waarskynlik lê hierin ook die rede vir die aanvalle: Die Khoekhoen het besef dat die verdere indringing van Europeërs in hul gebiede die einde van hul onafhanklike bestaan sou beteken. Penn is van mening "that virtually every Khoisan group in the frontier zone was implicated in the attacks of 1701 and it is an indication of the extent of the repercussions of colonial expansion" (Penn 1995: 64). Hierin lê die belang van hierdie gebeure vir die huidige studie: dit dui enersyds die proses aan waardeur die Khoekhoen gedwing is om mettertyd deel van die koloniale samelewing te word (die verzet van die onderskeie groepe wys op 'n desperate, maar onsuksesvolle, poging om hul onafhanklikheid te behou), maar dui andersyds ook aan in hoe 'n mate sommige Khoekhoen reeds deel van die koloniale samelewing geword het – hulle was saam met die koloniste slagoffers van die aanvalle en het saam met laasgenoemde en die koloniale regering op vergeldingstogte gegaan.<sup>62</sup>

Die beskrewe gebeure in die voorafgaande twee paragrawe moet gesien word in die konteks van die oopstel van die veehandel in 1700. Kort ná die oopstel van die handel het die Chainokwa-kaptein Koopman by die goewerneur gekla dat sommige vryburgers hom teen sy wil gedwing het om met hulle handel te dryf. Meer onderonsies tussen vryburgers en Khoekhoen wat ongeneë was om te ruil, het in die daaropvolgende maande voorgekom. In 1702 het 'n groot groep van 40-50 vryburgers met byna ewe veel Khoekhoen (klaarblyklik geakkultureerde Khoekhoen wat vir hierdie koloniste gewerk het) diep die binneland in na die Oos-Kaap getrek en daar 'n groot aantal vee van diverse Khoekhoe-groepe met geweld geroof. Die uitsluitlike oogmerk van hierdie tog was plunder en nie handel nie. Toe Willem van der Stel hiervan uitvind, was hy oortuig dat soortgelyke misdade deur die vryburgers teen die Namakwas, Cochokwas, Ubikwas en San die oorsaak vir die reeks aanvalle van 1701-1702 was. Daarom het hy in 1702 verdere handel tussen die vryburgers en Khoekhoen verbied. Die verbod is egter deur die Here XVII geveto en in 1704 heringestel (Biewenga 1999: 96-97; Elphick 1985: 227-28; Penn 1995: 67-68). Dat daar waarskynlik ander soortgelyke gevalle van veeroof was wat nie aan die lig gekom het nie, blyk uit die geweldige groei in die vryburgers se veebesit ná 1700. In die agt jaar voor die oopstel van vrye handel het die aantal beeste en skape van die vryburgers met onderskeidelik byna 4 000 en 5

---

<sup>62</sup> Wat hier beskryf is, die verzet enersyds en assimilasië andersyds van die Khoekhoen soos die veeboere met hulle in kontak gekom het, sou gedurende die res van die 18<sup>de</sup> eeu die temas wees van die Europese uitbreiding van die Kaapkolonie (vgl. Marks 1972: 71-80; Newton-King 1999: hfst. 3-4, 6-7; Penn 1995: hfst. 3-5 vir 'n gedetailleerde bespreking).

500 toegeneem. In die agt jaar daarná was die toename onderskeidelik ongeveer 9 000 en 35 500 (Elphick & Malherbe 1989: 21).

Die verbod op handel tussen vryburgers en Khoekhoen het sekerlik daartoe bygedra dat die aanvalle langs die noordelike grens afgeneem het. Die vryburgerhandel met die Khoekhoen was egter nie die enigste rede vir hul verset nie (Penn 1995: 67). Die VOC se veehandel met die Khoekhoen vir byna 50 jaar het uiters nadelige invloede op hul samelewing gehad, waarmee die geografiese uitbreiding van die kolonie ten nouste saamgehang het (vgl. Le Roux 1945: 194-219; Guelke & Shell 1992: 822-23). Die gevolge van al hierdie faktore was dat byna alle Khoekhoen binne die gekoloniseerde gebiede in die onderhawige periode hul vee en daarmee hul ekonomiese onafhanklikheid verloor het. In 1705 het Landdros Starrenburg noord van die kolonie gereis om trekosse vir die VOC van die Khoekhoen te ruil. Sy joernaal getuig van hoe erg die Khoekhoen oraloor verarm het (in Raidt e.a. 1973: 14-56). Volgens Starrenburg was die Grigrikwas byna veeloos, hoofsaaklik weens die plundertogte van vryburgers, en hulle is daarom gedwing om vee van koloniste te roof (Raidt e.a. 1973: 24). In hoe 'n mate hierdie verklaring korrek is, is onseker (Starrenburg wou dalk Van der Stel se optrede regverdig), maar dit dui wel duidelik daarop dat die Khoekhoen suid van die Bergrivier grotendeels hul vee verloor het. In die hele noordelike grensgebied kon Starrenburg weinig Khoekhoekrale vind en kon daarom baie min vee te ruil kry. Oor die vrugbare gebied rondom Vier-en-Twintig Rivieren, voorheen die hartland van die Cochokwas, skryf hy:

“Het verdroot my geweldig, in een tocht van 12 dagen, langs zoo een verdrietigen moeylyken weg, niet meer dan 2 Kralen, en die (schoon uyt 10 Capiteyns bestonden) zoo slegt van vee voorzien waren, op te doen; hier door heb ik met leetwezen ondervonden, hoe door de laatste opengestelde vrye ruiling [d.i. van 1704], en de gepleegde onhebbelykheden van die landloopers, het gantsche land bedorven is, want als de eene Kraal het vee door de Hollanderen ontnomen was, gingen die het weder anderen ontroven...” (Raidt e.a. 1973: 40).

Volgens Penn is Starrenburg se uitspraak 'n aanduiding van die gevolg van die oopstel van die veehandel in die eerste dekade van die 18<sup>de</sup> eeu. Dit het gelei tot:

“the disintegration of traditional Khoikhoi societies and [it] inaugurated a period of anarchy. Groups like the Grigriqua and the Cochoqua were ceasing to exist. Remnants of them had probably already started the process of evasive migration which would eventually take them to the banks of the Orange River” (Penn 1995: 70).

Ofskoon sommige Khoekhoen, veral dié binne die koloniale bestel (onder beskerming van die VOC), steeds rondom 1710 vee besit het, was hulle enkele uitsonderinge en sou ook hulle spoedig verarm (Penn 1995: 70-71). Die toenemende gebiedsuitbreiding ná 1714 het verdere versetsaksies van die Khoesan veroorsaak: Tussen Junie en Desember van 1715 was daar vyf aanvalle op die koloniste en Kompanjiesposte in die Land van Waveren, skynbaar in 'n poging om die koloniste van die grond te verdryf, en nie net vee te buit nie. 'n Groot burgerkommando het egter op 'n strafekspedisie gegaan en heelparty mense aan beide kante is gedood. Die gevolg was dat die Khoesan in 1716 om vrede gevra het (Penn 1995: 81-85; Newton-King 1999: 65-66).

Die Khoekhoen se deelname aan hierdie versetaksies het egter nie gehelp om die verdere verbrokkeling van hul tradisionele samelewing te verhoed nie. Die pokke-epidemie van 1713 (sien hieronder), veesiektes in die jare voor 1720 (Elphick 1985: 223; Le Roux 1945: 223-24) en die voortdurende toe-eiening van grond en hulpbronne deur Europeërs dieper die binneland in, het daartoe gelei dat teen 1720 die tradisionele politieke en

ekonomiese bestaan van die Khoekhoen binne die grense van die gekoloniseerde gebied feitlik verdwyn het. Toe die Kompanjie in 1717-1718 weens 'n groot vleistekort gedwing is om veeruilkspedisies na die Khoekhoen in die binneland uit te stuur, moes hulle na afloop daarvan aan die Here XVII berig dat hulle nie daarin kon slaag om noemenswaardige getalle vee te kry nie en dat die Khoekhoen skaars enige vee oorgehad het (Penn 1995: 86). In 1726 het die goewerneur aan die VOC geskryf dat op 'n afstand van ongeveer 400 km vanaf Kaapstad "apart from a single hut or two" daar geen tradisionele Khoekhoen meer oor is nie "for besides their having died off considerably, the small remnant has receded far inland, in order to save their trifling herds of cattle from the mortality which has been raging here some years ago" (in Engels aangehaal in Penn 1995: 89-90). Penn reken dat daar teen 1730 geen enkele onafhanklike Khoekhoekraal suid van Piketberg was nie (Penn 1989: 6).

In § 5.5.3 is daar verduidelik hoedat sommige Khoekhoen in die laaste jare van die 17<sup>de</sup> eeu vir koloniste in diens begin tree het. Vir die onderhawige periode is daar heelwat evidensie dat hierdie proses voortgegaan en uitgebrei het. Dit is te verwagte, gesien hoedat hulle in hierdie tyd verarm het, gewoon omdat dit nóg moeiliker geword het om onafhanklik van vee 'n bestaan te maak – die koloniste het alle beskikbare grond en water beset (Guelke & Shell 1992: 814-22). Dus was die opsie óf om dieper die binneland in te trek, óf, veral as 'n individu nie vee besit het nie, hom of haar by die koloniale bestel te skik en vir die koloniste te werk. Kolb (wat van 1705-1713 aan die Kaap was en die laaste paar jaar daarvan in Stellenbosch gewoon het) stel dan ook hierdie keuse só:

"...zoo dra de Europeanen quamen, om zich aldaar [in nuwe landbougebiede] ter neder te zetten, wierd hen [die Khoekhoen] de marsch wel ras aangekondight, waar door zy zich genoodzaakt vonden, om dieper landewaards in te gaan. Ondertusschen is dit ook van alle andere ... districten te verstaan, om dat derzelve oude inwoners de Hottentotten, altyd hebben moeten plaats maken, waar van 'er nog veele, die niets bezaten, zich onder de Kristenen of Europeanen onthouden, en kan ik wel tot haar byzondere roem zeggen, dat als zy eens haar woord hebben gegeven, om dit of dat te doen, dat zy daar ontrent ook niet licht in gebreke blyven, ten ware men hen veel verspreekt en weinig geeft..." (Kolbe 1727 I: 121).

Kolb noem verder dat spesifiek veelose Khoekhoen gedwing is om by Europese koloniste in diens te tree – dikwels in die hoop om met hul loon weer vee te kan bekom (Kolbe 1727 II: 42, 149). Laasgenoemde opsie, om by vryburgers in diens te tree, skyn dan ook meestal voor 1713 die geval te gewees het, veral wat die reeds goed gevestigde gebiede van Stellenbosch en Drakenstein betref. Blykbaar was hierdie verskynsel voor 1713 vry algemeen, want volgens Elphick "such a high percentage of Cape Khoikhoi had entered white service that most of the men of some kraals were either in Cape Town or on colonial farms" (Elphick 1985: 179).

Daar is hierbo verduidelik dat in die laat 17<sup>de</sup> eeu Khoekhoen aanvanklik slegs vir kort tye vir die boere gewerk het, en dat daar later dagloners begin voorkom het wat, soos benodig, op verskillende plase gewerk het. Dit lyk asof hierdie gebruik van dagloners voortgeduur het (vgl. Kolbe 1727 II: 120-21; Nienaber & Raven-Hart 1970: 90). Daar is interessante evidensie uit Tas se dagboek, wat die periode 1705-6 dek, dat hy en ander boere gedurende oestyd van 'n groep rondtrekkende Khoekhoen gebruik gemaak het om hul slawe te help met koringsny. Dit skyn nogal 'n groterige groep te gewees het: Tas noem met tye 8 en 11 mense. Hulle het 'n paar dae vir hom gewerk en dan weer na 'n ander boer gegaan. Uit Tas se getuienis lyk dit of hulle as dagloners beskou is wat self besluit het waar en vir wie hulle wil werk (vgl. Fouché & Bōeseken 1970: 110, 116, 122-

128). Tas was baie geneë om hierdie werkers te bekom, en uit ander evidensie skyn dit ook asof sulke rondtrekkende Khoekhoe-arbeiders gesog was. Hieroor skryf Kolb:

“... maar de inwoners moeten een ieder voor zich zelve, met een goed getal Hottentotten voorzien zyn, die nevens hunne eige slaven het werk snel voortzetten konnen, en hen na dat zy het ontrent het loon eens zyn, zoo lang te eeten en te drinken... geven... Om dezen tyd is het der Hottentotten hare kermis, en zy zyn nooit trotzer en hovaardiger, dan in dien tyd; wie hen nu niet de beste woorden van de waereld geeft, en hen als rechtschape menschen handelt; laten zy zitten, ten ware zy uit aanmerking van oude kennis, wat overstapten; of zy maken hier en daar woorden, dat men wel genoodsaakt is om hen den zak te geven, wel wetende, dat men hen van nooden heeft, en dat men het gantsche jaar geen beter woorden geeft, als om dezen tyd” (Kolbe 1727 I: 138).

Uit beide Tas en Kolb se evidensie is dit duidelik dat die Khoekhoen langs die slawe gewerk het. Waar hierdie Khoekhoen gewoon het, is 'n ander vraag. Tas gee geen aanduiding waar die groep Khoekhoe-arbeiders op sy plaas in die aand geslaap het nie. Uit Kolb blyk dit dat daar in in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu, net soos in die laat 17<sup>de</sup> eeu, op sommige plase krale was, of ten minste 'n groep Khoekhoen wat saam in hutte apart van die Europeërs se opstal gewoon het (vgl. Kolbe 1727 I: 502). Mens moet aanneem dat trekwerkers soos dié wat Tas noem, ook sulke heenkome had, al sy dit goed moontlik dat hulle êrens op die plaas kon geslaap het.

In die onderhawige periode het 'n nuwe ontwikkeling plaasgevind sover dit Khoekhoen as arbeiders vir Europeërs betref. Dit is naamlik die gebruik van individuele Khoekhoen as knegte wat by koloniste woon en werk, en net soos blanke knegte vroeër iets van 'n vertrouensposisie gehad het. Dit is 'n belangrike ontwikkeling, want nie net beteken dit nouer kontak tussen Europeërs en Khoekhoen nie, maar ook die 'finale' opname van sulke Khoekhoen in die koloniale kultuur. Kolb noem 'n aantal gevalle van individuele Khoekhoemans wat uiters getrou as knegte hul meesters bygestaan het (vgl. Kolbe 1727 I: 121-22, 438). Volgens Biewenga het die gebruik van Khoekhoeknegte in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu begin toeneem, veral onder boere wat leningsplase besit het en van Khoekhoeknegte gebruik gemaak het om toesig daaroor te hou (Biewenga 1999: 107).

Watter soort werk het hierdie Khoekhoen gedoen, beide die dagloners en die meer permanente knegte? In §§ 5.4.3 en 5.5.3 is daarop gewys dat Khoekhoen aanvanklik merendeels in die veebedryf gebruik is, en dat daar eers laat in die 17<sup>de</sup> eeu sommige Khoekhoen was wat ook ander landboutake verrig het. In die noordelike grensgebiede, waar daar hoofsaaklik veeboerdery was, is Khoekhoen veral as veeherders of -drywers gebruik (Penn 1995: 75; Böeseken & Cairns 1989: 71-72). In die onderhawige tyd is daar, ten spyte van die Khoekhoen se vermeende afkeer van landbouwerk (vgl. bv. Bogaerts 1711: 112), egter al hoe meer van Khoekhoen as landbou-arbeiders in Stellenbosch en Drakenstein gebruik gemaak. Die Khoekhoen wat vir Tas gewerk het, het primêr gehelp om die oes in te bring (Fouché & Böeseken 1970: 110). Volgens Kolb word die Khoekhoen “... by de Hollanders niet alleen tot het vee-hoeden, maar ook tot allerhanden huis- en boer-arbeid als ploegen, maaijen, enz., ... gebruikt, welken arbeid, zy ook zoo gemaklyk leeren en zoo goed verstaan, als dikwyls de boer zelve” (Kolbe 1727 II: 149, vgl. I: 438). Buttner noem soortgelyke take, maar beklemtoon veral dat Khoekhoen as wadrywers en veeherders gebruik is (Nienaber & Raven-Hart 1970: 82). Elphick reken dat teen die begin van die 1710's die Khoekhoen in die meer gevestigde landboudistrikte net so 'n wye verskeidenheid van landboutake as die slawe verrig het (Elphick 1985: 180).

Naas hierdie landboutake het Khoekhoen ook ander werk, minder gebonde aan 'n spesifieke persoon of plek vir die Europeërs verrig. Tas noem byvoorbeeld Khoekhoen wat as boodskappers, posdraers en karweiers opgetree het (Fouché & Böeseken 1970: 32, 78, 100). Ook Khoekhoevroue het meer by koloniste in die landelike distrikte begin werk. Volgens Kolb het hulle besonder goeie wasvroue en kinderoppassers uitgemaak (Kolbe 1727 I: 439, II: 317; vgl. Nienaber & Raven-Hart 1970: 82). Mens sou uit hierdie aktiwiteite kon aflei dat sulke vroue noue kontak met die gesinne vir wie hulle gewerk het, moet gehad het. Dit blyk uit 'n geval wat Kolb noem van 'n Khoekhoevrou wat by die vryburger Kleinschmid en sy gesin as wasvrou gewerk het en daaglik in hul huis gekom het (Kolbe 1727 II: 122). Elphick noem ook gevalle van Khoekhoevroue wat heuning en besems verkoop het, en selfs met karweierwerk gehelp het (Elphick 1985: 180).

Uit die aard van hul werk vir die koloniste moes die Khoekhoen kontak gehad het, in 'n meerder of minder mate, met beide die Europeërs en die slawe op plase. Mens sou dink dat veral Khoekhoeknegte, in teenstelling met die dagarbeiders, nouer kontak met hierdie ander groepe sou gehad het. Uit details wat Biewenga uit hofrekords versamel het, blyk dit dan ook inderdaad die geval te gewees het: Europese knegte, slawe en individuele Khoekhoen het in die onderhawige tydperk saam op plase gewerk en geleef (en saamgespan in misdade) (Biewenga 1999: 113-14). Dit laat die vraag ontstaan hoe ver hierdie Khoekhoen geakkultureer het. Elphick het heelwat inligting versamel wat wys in hoe 'n sterk mate die Kaapse Khoekhoen sommige Europese gebruiksartikels geassimileer het, waaronder veral tabak, alkohol en sekere Europese kossoorte. Hiernaas het daar 'n verandering ingetree in hul siening en gebruik van geld en die gebruik van Europese name, asook die aanleer van vaardighede soos landboumetodes (Elphick 1985: 207-210). Maar, voeg Elphick by, "it seems doubtful ... that these acquired tastes and skills much altered the physical culture of their homes or their traditional style of life" (Elphick 1985: 207). Dit is waarskynlik waar vir die oorgrote meerderheid van Khoekhoen wat bloot om den brode vir die Europeërs gewerk het, maar nie by hulle gewoon het nie. Dit is egter moontlik dat die klein aantal individuele Khoekhoen wat as knegte en bediendes by die koloniste gewoon en gewerk het, verder geassimileer het, veral gesien hul nouer kontak met beide die Europeërs en die slawe. Op grond van 'n aantal sketse van die Khoekhoen wat deur 'n onbekende persoon ca. 1700 geteken is (vgl. Smith & Pfeiffer 1993: afbeeldings 5, 7, 19), het Schutte geargumenteer dat Khoekhoeknegte en Khoekhoevroue wat as bediendes optree tot 'n sekere mate die kleredrag en ander elemente van die materiële kultuur van die koloniste oorgeneem het (Schutte 1993: 53-55). Volgens hom dui hierdie evidensie daarop dat daar wel deeglik 'n assimilasië van die Europese kultuur was onder die Khoekhoen wat in noue kontak met die koloniste was, maar dat dit 'n geleidelike, en nie 'n gedwonge, assimilasië was (Schutte 1993: 55). Of hierdie assimilasië ook verder gegaan het, veral wat die gebruik van Nederlands deur die Khoekhoen betref, is onseker, maar dit lyk, gegee die ander evidensie, goed moontlik.

Tot dusver is daar op die Khoekhoen in die landelike distrikte gekonsentreer, hoofsaaklik omdat daar heelwat veranderinge in hul verhouding met die koloniste in die onderhawige periode plaasgevind het. Wat die Khoekhoen se werks- en leefomstandighede in Kaapstad gedurende hierdie tyd betref, skyn dit min of meer voortgeduur het soos dit in die laat 17<sup>de</sup> eeu was en in § 5.5.3 beskryf is (vgl. Elphick 1985: 180-81), hoewel mens moet aanneem dat die verdere verbroekeling van die tradisionele Khoekhoe-samelewing meer verarmde mense na die nedersetting sou dwing. Uit primêre bronne lyk dit of die Khoekhoen dieselfde soorte werk as vroeër gedoen het. Volgens Abraham Bógaerts, wat in 1707 'n tyd lank aan die Kaap was, "geneeren [die Khoekhoen] zich met vissen, met kreupelhout van 't gebergte te haalen, en dat aan d'Europeanen te verkoopen,

welke zy ook om weinig brood of tabak binnen de huizen en op de landeryen dienen” (Bógaerts 1711: 112). Of laasgenoemde sinsnede daarop dui dat meer Khoekhoen as huisbediendes begin optree het, is onduidelik, maar dit kan moontlik wees. Die meer ‘tradisionele’ take van die Khoekhoen in die hawestad, nl. dié van kruiers en portiers, word ook in hierdie tyd aangetref. So vertel Charles Lockyer oor die Kaapse hawe in die beginjare van die 18<sup>de</sup> eeu: “Here the Hotantots attend as Porters to lend their Help and carry such Parcels to the Town as they shall be hired for” (Lockyer 1711: 298). Ook Daniel Beeckman skryf oor sy besoek aan die Kaap in 1715: “... they [die Khoekhoen] are very serviceable Fellows; they serve in Town as Porters: Neither will they willingly suffer a Stranger to carry any Burden, but will endeavour to snatch it away in spite of him, and carry it where it ought to be, as one of them did to a Sailor of mine, crying, You *Englishman*, you no *Hottentot*: So that they look upon themselves to have the Privilege of being Ticket-Porters at the Cape” (Beeckman 1973 [1718]: 187). Uit die res van Beeckman se getuienis blyk dit dat daar steeds Khoekhoen was wat in die strate van Kaapstad rondgeloop het, en selfs snags op straat geslaap het (vgl. Beeckman 1973 [1718]: 187). Kennelik was Kaapstad steeds ’n plek waar ’n groot verskeidenheid mense maklik met mekaar kontak kon hê en die Khoekhoen ’n belangrike deel van die sosiale landskap uitgemaak het (Malherbe 1983: 7-8).

’n Tragiese gebeurtenis wat van groot belang was vir verdere interaksie tussen Europeërs en Khoekhoen in die gekoloniseerde gebiede, is die pokke-epidemie van 1713. In April van daardie jaar het pokke onder die kompanjieslawe uitgebreek, en teen Mei na die blankes versprei. In Junie het dit eers na die plase in die omringende landelike distrikte versprei en daarvandaan dieper die binneland in. Eers teen Desember van 1713 het die situasie weer na normaal teruggekeer. Die Khoekhoen in die verskillende gebiede – Kaapstad, die platteland en dié wat in die nabyheid van blankes op die grensgebied gewoon het – het die siekte by die slawe en koloniste aangesteek (Elphick 1985: 231-32; Le Roux 1945: 232-33). Terwyl die siekte teen die einde van die jaar onder die slawe en blankes afgeneem het, was dit nie die geval met die Khoekhoen wat geen immunologiese weerstand daarteen gehad het nie, en dit het in 1714 nog verder in die binneland onder hulle versprei (Le Roux 1945: 234).

Daar is geen betroubare aanduiding oor hoeveel Khoekhoen in die pokke-epidemie van 1713 gesterf het nie. Ons beskik wel oor syfers vir die aantal sterftes in die blanke en slawebevolkings, en hiervolgens is dit duidelik dat die epidemie ’n geweldige effek op die hele Kaapse samelewing gehad het (vgl. Ross 1977: 424-25; Viljoen 1995: 27). Volgens Valentyn (Raidt e.a.: 1971: 216), wat kort ná die gebeurtenis vir die vierde keer aan die Kaap was, is veral die “inboorlingen van de Kaap” (d.i. die Khoekhoen) swaar getref, met die gevolg dat die Khoekhoen “stierven by honderden gelyk, zoo dat zy over al op de wegen als verslagen lagen, alzo zy, ... met hunne kraalen, hutten en vee, landwaard in vlugten, in hoope om daar van die booze ziekte bevryd te zullen zyn, waar door men naderhand (gelyk ik in’t jaar 1714 ondervont) zeer weinig Hottentots, in vergelyking van bevoorens hier zag, dat zedert een zeer groot ongemak aan deze Borgers, en verdere ingezetenen, gegeven heeft, alzo die nu hunnen dienst ... misten” (Raidt e.a. 1971: 218).<sup>63</sup> Van die Khoekhoen wat in ’n poging om die

<sup>63</sup> Hieruit blyk duidelik nie alleen die groot getalle Khoekhoen wat in Kaapstad en omgewing gesterf het nie, maar ook dat daar wel honderde van hulle op die een of ander wyse by die Kaapse ekonomie betrokke was en so in gereelde kontak met die koloniste gekom het, asook in hoe ’n groot mate die koloniste afhanklik van hierdie Khoekhoen was. Die sterwe en vlug van soveel Khoekhoen uit die bewoonde gedeeltes van die Kaap, het ’n groot arbeidstekort tot gevolg gehad, soveel so dat die Kaapse regering die Here XVII ingelig het dat “as the Hottentots die away, it is very likely that the farmers will not be able to reap what has been sown” (aangehaal in Viljoen 1995: 27; vgl. Elphick 1985: 232).

plaag te ontkom na die binneland gevlug het, is klaarblyklik vermoor deur ander Khoekhoen uit vrees dat eersgenoemde hulle sou aansteek (Penn 1995: 73).

Die impak van die epidemie op die Khoekhoen moet katastrofaal gewees het. Die enigste aanduiding deur stamgenote van hoe groot dit was, dateer uit 1714 toe enkele oorlewendes uit die Piketberg-omgewing na die Kasteel gekom het ten einde die goewerneur te versoek om nuwe kapteins in plek van die gestorwenes aan te stel. Volgens hierdie Khoekhoen het slegs een uit elke tien lede van hul groep mense die epidemie oorleef (Viljoen 1995: 27-28). Op grond van vergelyking met pokke-epidemies in ander pre-industriële samelewings wat nie voorheen aan die siekte blootgestel is nie, asook 'n analise van die sterftesyfers onder die slawe en koloniste, het Ross tot die slotsom gekom dat ongeveer 30% van die Khoekhoen as gevolg van die 1713-epidemie gesterf het (Ross 1977: 418-19, 422-23). Die verwoesting was oraloer erg. Blykbaar is die meerderheid van die Khoekhoen in die Drakenstein-gebied teen die einde van 1713 "weggerukt" (Penn 1995: 73). Volgens Le Roux is sommige krale heeltemal uitgewis en het sommige klans geheel verdwyn (Le Roux 1945: 234).

Die gevolg van die pokke-epidemie was nie net grootskaalse lewensverlies nie. Heelwat Khoekhoen het gedurende die epidemie gevlug om dieper die binneland in 'n bestaan te probeer maak (Le Roux 1945: 234; Elphick 1985: 233). Volgens Elphick het daar ná afloop van die epidemie min Khoekhoen in Kaapstad self en op die platteland van die Kaapse distrik oorgebly. Die meeste van die Khoekhoen wat wel oorgebly het, was in Stellenbosch en Drakenstein. Daar was egter geen oorblyfsels van 'tradisionele' Khoekhoekrale nie (Elphick 1985: 234). Daar moet in gedagte gehou word dat nie net die pokke-epidemie verantwoordelik was vir die ondergaan van die Khoekhoe-samelewing in die Wes-Kaap nie, maar dat dit saam met die ander prosesse wat hierbo beskryf is – die verlies van hul vee, toegang tot hulpbronne en die voortgesette uitbreiding van die kolonie deur Europeërs – daartoe bygedra het dat Khoekhoen óf weggetrek het, óf heeltemal in die koloniale bestel opgeneem is (vgl. Ross 1977: 423; Elphick 1985: 229).<sup>64</sup>

Hierin lê die grootste gevolg van die pokke-epidemie vir die verhouding tussen die Khoekhoen en Europeërs: met die wegtrek van die Khoekhoen het die boere die arbeidskrag waarop hulle die voorafgaande dekades al meer gesteun het, grootliks verloor en hulle was derhalwe meer aangewese op slawe-arbeid. Wie was die Khoekhoen wat ná die epidemie wel by die boere agtergebly het? Dit lyk my goed moontlik dat dit individue was soos dié wat in die voorafgaande jare knegte geword het. Dit was verarmde mense wat ná al die omwenteling van die voorafgaande jare geen heenkome had en geheel op Europeërs aangewese geword het.<sup>65</sup> Volgens Biewenga is dit wat moet gebeur het, want in 1721 skryf 'n groep vryburgers dat die Khoekhoen kom

<sup>64</sup> Robert Ross staan krities teenoor die siening dat die pokke-epidemie van 1713 die Khoekhoe-samelewing in die Wes-Kaap vernietig het, en wys daarop dat die evidensie hiervoor skraal is (Ross 1977: 416-18). Volgens hom moet dit in die konteks van die ander faktore wat die Khoekhoe-samelewing negatief beïnvloed het, gesien word. 'n Lewensverlies van 30% is iets waarvan 'n bevolking kan herstel, *mits* hulle "a reasonable means of subsistence" het. Dit was nie die geval met die Khoekhoen aan die Kaap nie, gewoon omdat die koloniste ná 1714 nog vinniger as vantevore die kolonie uitgebrei het (Ross 1977: 422-23). Sy slotsom is dat "the traditional argument as to the importance of smallpox in the process of destruction of Khoikhoi tribal life (...) is, in itself, not strong. The epidemic disasters which struck the Khoikhoi more heavily are likely to have been those affecting the cattle, such as the foot-and-mouth visitation of the years after 1713. It is to these, and to the loss of grazing land under the pressure of the superior force of the whites that historians must look to explain the transition from pastoralist tribesmen to farm labourers..." (Ross 1977: 423).

<sup>65</sup> Volgens dr. Sue Newton-King (Departement Geskiedenis, Universiteit van Wes-Kaapland) is daar geen duidelike evidensie om aan te dui watter Khoekhoen (en hoeveel) weggetrek het nie, maar sy vind dit 'n redelike aanname dat die Khoekhoen wat weggetrek het dié was wat steeds vee besit het en nog op 'n manier hul tradisionele bestaan probeer voer het. Sy stem saam met my dat dit waarskynlik is dat daardie Khoekhoen wat vir hul bestaan afhanklik van koloniste was, waaronder knegte op plase, nie sou weggetrek het nie (Persoonlike mededeling, 29/04/2002).

“meestendeel tot haar eigen sustentatie [sic] onder de vrijluiden ... schuijlen” (Biewenga 1999: 107). Hulle het teen dié tyd permanent op die plase gewoon en sommiges het met die slawe verhoudings begin aangaan, met kinders wat as arbeiders op die plase grootword (Biewenga 1999: 107-8). 'n Soortgelyke proses moet in Kaapstad plaasgevind het, want volgens Malherbe was daar binne twee jaar ná die epidemie weer 'n verarmde groep Khoekhoen – volgens haar was hulle waarskynlik oorlewendes uit die binneland wat “the post-epidemic vacuum” in die nedersetting kom vul het (Malherbe 1983: 7). Ná die pokke-epidemie van 1713 was daar geen ‘tradisionele’ Khoekhoen meer nie, terwyl dié wat wel oorgebly het, sneller geakkultureer en geassimileer is. Dit het daartoe gelei dat hierdie Khoekhoen mettertyd in ander groepe, soos die vryswartes en die ‘Bastaard-Hottentotten’ opgeneem is (vgl. Viljoen 1995: 43-45).

Oor Nederlands onder die Khoekhoen is daar vir die onderhawige periode 'n hele aantal uitsprake. Dit lyk veilig om aan te neem dat teen die einde hierdie periode, waarskynlik alle Khoekhoen in die gekoloniseerde gebiede ('n vorm van) Nederlands geken het. <sup>van</sup>Beeckman het in 1715 veralgemenend opgemerk dat “those [Khoekhoen] that live near the Cape, do generally speak a little *Dutch*, and some few Words of *English*, which they pronounce intelligibly enough” (Beeckman 1973 [1718]: 188). Of kennis van Engels onder die Khoekhoen buite die kosmopolitaanse hawestad, Kaapstad, bekend was, is te betwyfel, maar Nederlands was sekerlik bekend, selfs op die grens van die gekoloniseerde gebied. So byvoorbeeld het Kommissaris Cnoll in 1710 op sy reis na die warmbronne digby (die huidige) Caledon, 'n klein Khoekhoe-kraal met ses hutte by die Palmiet-rivier teëgekom. Hy het dit “waarlijk remercabel” gevind dat hy hier “bij geen een hottentot quam, of vonden hem genoegsaam in de hollandse taal geverseert” (Botha 1924: 64). Die Overberg was teen hierdie tyd nog nie deur Europeërs gekoloniseer nie.<sup>66</sup> Moontlik was hierdie Khoekhoen vroeër deel gewees van Dorha se klan (wat in die omgewing van Grabouw gesetel was), wat immers veel kontak in die laat 17<sup>de</sup> eeu met Europeërs gehad het en hulle op ruiltoegte vergesel het. Dié passasie dien egter nietemin om aan te toon hoe wydverspreid Nederlands 50 jaar ná kolonisasie reeds was.

Tog moet mens in gedagte hou dat nie *alle* Khoekhoen Nederlands geken het nie – dit gaan hier om dié Khoekhoen in noue kontak met die koloniale samelewing. Landdros Starrenburg het in 1705 op 'n kraal van die Grigrikwas by die Olifantsrivier afgekom en met hulle deur sy tolke (“onze Hottentots”) gekommunikeer (Raidt e.a. 1973: 34). 'n Verdere geval kom uit Kolb se verhaal van sy besoek in 1709 aan “het warme water” in die Land van Waveren (waarskynlik gaan dit hier om die warmbron by Citrusdal). Hy het drie Khoekhoen met hom saamgeneem as tolke, vermoedelik omdat die plaaslike Khoekhoen nie Nederlands verstaan het nie (Kolbe 1727 I: 128). Kennis van Nederlands was dus beperk tot die gekoloniseerde areas van die Wes-Kaap waar daar noue kontak tussen Europeërs en Khoekhoen was.

Oor die aard van die Nederlands van die Khoekhoen in die onderhawige periode is daar etlike uitsprake, hoewel hulle mekaar soms weerspreek. Beeckman (1973 [1718]: 188) sê dat die Khoekhoen 'n ‘bietjie’ Nederlands praat, terwyl Buttner weer hul Nederlands as “queer and odd” beskryf (Nienaber & Raven-Hart 1970: 87). Die Khoekhoen met wie Böving, wat in 1709 aan die Kaap was, gepraat het, het hom in “gebrochenem Holländisch” geantwoord (Böving 1712: 7). Kolb, wat die meeste Nederlandse uitinge deur

<sup>66</sup> Hoewel die eerste leningsplaas reeds in 1709 toegeken is (Botha 1924: 58), en daar in die daaropvolgende jare meer toegeken sou word, het Europese koloniste eers van die 1730's af die Overberg begin koloniseer. Die eerste VOC-buitepos is eers in 1726 in dié gebied opgerig. Daar was natuurlik enkele knegte of slawe op die leningsplase, maar ek twyfel of hul teenwoordigheid die Nederlandse kennis van hierdie Khoekhoen kan verklaar.

Khoekhoen vir die nageslag bewaar het (vgl. Addendum 8.5), noem eens die Nederlands van die Khoekhoen "Hottentots-Hollands" (Kolbe 1727 I: 121), maar meestal tipeer hy dit as 'gebroke' Nederlands of Hollands (bv. Kolbe 1727 I: 477, 491, 502, 518, 520; II: 317). Aan die ander kant het Ziegenbalg in 1706 van die Khoekhoen bevind: "die meiste herum können gutt nieder-Teutsch reden" (Lehmann 1957: 28). Waarskynlik het die aard van Khoekhoen se Nederlands afgehang van die hoeveelheid kontak wat hulle met ander Nederlandssprekendes gehad het, maar daar is nie op grond van historiese evidensie veel meer hieroor te sê nie.

Wat die verwante kwessie van kennis van Khoe onder Europeërs betref, is die getuienis uit hierdie tydperk ewe weersprekend. Volgens Lockyer en Beeckman is die Khoe-taal so moeilik dat geen Europeër dit kan leer nie (Lockyer 1711: 300-301; Beeckman 1973 [1718]: 188). Die ander uitsprake hieroor bestry dit egter. Buttner, wat etlike jare aan die Kaap gewoon het, meen ook dat Khoe moeilik is, met die gevolg dat min Europeërs dit perfek kan praat. Hy voeg egter hierby: "only the European children here learn to speak it perfectly" (Nienaber & Raven-Hart 1970: 85). Böving weer noem dat vele Europeërs "Land-werts ein" (wat waarskynlik slaan op die binnelandse boere) goed Khoe kon praat (Böving 1712: 5). Beide hierdie uitsprake bevat waarskynlik iets van die waarheid, want uit Kolb se veelvuldige uitsprake oor hierdie aangeleentheid, wil dit voorkom asof veral (sommige) koloniste- kinders op plase van kleinsaf Khoe leer, hoewel "eenige weinige" volwassenes ook deur langdurige blootstelling "in tyd van nood" Khoe kon spreek (Kolbe 1727 I: 428, vgl. 425, 429, 502).

Wat die voorafgaande wys, is dat mens kennis van Nederlands onder die Khoekhoen in 'n wyer konteks moet sien. Soos Elphick ons herinner:

"Despite their achievements in learning foreign languages, the Khoikhoi continued to speak their own language among themselves for the whole period covered by this study [1652-1713]. It was not until the mid-eighteenth century that the Khoikhoi tongue would begin to disappear from the western Cape. The slowness with which it disappeared shows clearly that Khoikhoi learned other languages, less to assimilate to a new culture, than to acquire a skill essential to their role as laborers in white society" (Elphick 1985: 213).

As gevolg van hul ekonomiese verval en politieke onmag is die meeste Khoekhoen in die Wes-Kaap teen 1720 genoop om deel van die koloniale bestel te word. Weens die oormag van die Nederlandse taal aan die Kaap, het dit beteken dat hierdie Khoekhoen ('n vorm van) Nederlands moes verwerf.

### 5.6.3. Aantal, herkoms en verspreiding van slawe

In 1700 was daar in totaal 1836 slawe aan die Kaap. Teen 1720 het hul aantal toegeneem tot 3299 (waaronder 2349 mans, 568 vroue en 382 kinders), wat 'n groei van byna 80% verteenwoordig (vgl. Addendum 8.2). Die groei was dus nie so fors as die 190%-groei in die slawetal tussen 1679 en 1700 nie. Waarskynlik moet dit aan die pokke-epidemie van 1713 toegeskryf word. Blykens historiese getuienis het honderde slawe in die epidemie gesterf. Weens die aansteeklikheid van pokke is veral die kompanjieslawe wat saam in die Losie gewoon het, erg getref. Binne 'n paar maande is meer as 200 van hulle dood, byna die helfte van al die VOC-slawe (Armstrong & Worden 1989: 126). Privaatslawe, veral dié op plase in die binneland, is weens hul isolasie minder swaar getref, maar ook van hulle is meer as 200 oorlede, ongeveer 11% van die totale aantal privaatslawe (Ross 1977: 420-21, 424). Ofskoon die verlies in slawe in die daaropvolgende jare deur nuwe

invoer vergoed is, het dit tog die effek dat die koers van slawetoename in die jare ná 1713 laer skyn te wees as vantevore. Die slawetal het in die 12 jaar ná 1700 van 1836 tot 2809 toegeneem, wat 'n 53%-groei verteenwoordig. Vanaf 1713 tot 1720 het die totale getal slawe van 2487 tot 3299 toegeneem, dus 'n groei van slegs 33% (vgl. Addendum 8.2). Hierdie syfers behoort egter nie afbreuk te doen aan die feit dat die slawebevolking in die eerste twee dekades van die 18<sup>de</sup> eeu sterk toegeneem het nie, soveel so dat hulle die grootste groep in die kolonie sou word.

Daar het in die onderhawige periode 'n belangrike verandering in die getalsverhouding tussen die Europeërs en die slawe plaasgevind, naamlik die feit dat die aantal slawe die aantal Europeërs begin verbystee het. In § 5.5.2 is aangedui dat daar in 1702 ongeveer 2000 Europeërs (insluitende kompanjiesdienaars) was in vergelyking met 1910 slawe. Hierbo, in § 5.6.1, is daar verduidelik hoe die vryburgerbevolking met ongeveer 55% in die periode 1700-1710 gegroei het, wat goed vergelyk met die 53%-groei in die slawetal tussen 1700-1712. As gevolg van hierdie min of meer gelyke toename was daar teen 1710 ongeveer 2563 Europeërs aan die Kaap in vergelyking met 2521 slawe – die slawebevolking was dus vir alle praktiese doeleindes numeries gelyk aan die totale Europese bevolking (vgl. Addendum 8.3). Die Europese bevolking het egter nie in die jare 1710-1720 tred gehou met die toename in die slawegetalle nie, ten spyte van 'n hoë bevolkingsgroei onder die vryburgers, hoofsaaklik weens die feit dat die slawe wat tydens die pokke-epidemie van 1713 gesterf het, deur invoer vergoed is (sien hieronder). Dit is dan die rede waarom daar teen 1720 slegs ongeveer 2800-900 Europeërs aan die Kaap was teenoor 'n totaal van byna 3300 slawe (vgl. Addendum 8.3). Daarom kan mens verklaar dat die Kaap teen 1720 'n 'slawekolonie'<sup>67</sup> was, want vanaf die tweede dekade van die 18<sup>de</sup> eeu was die aantal slawe altyd iets meer as die aantal Europese koloniste.

Indien bogenoemde syfers verder ontleed word, blyk dit dat heelwat van die tendense wat teen die laat 17<sup>de</sup> eeu in verband met die slawe ontwikkel het, in die onderhawige tydperk voortgesit is. Net soos in die periode 1679-1700 was die groei in die slawetal hoofsaaklik mans: in 1700 het slawemans presies twee-derdes van die totale slawebevolking uitgemaak, terwyl die 388 vroue slegs 21% van die slawebevolking verteenwoordig het. Teen 1720 was die verskil nog groter: 71% van die slawe was mans en slegs 17% vroue. Dit is die gevolg van die feit dat hoofsaaklik manlike slawe ingevoer is: hulle het van 1224 in 1700 tot 2349 in 1720 toegeneem, terwyl die aantal vroue van 388 tot 562 in dieselfde jare gestyg het. Dit lyk goed moontlik dat die vroulike bevolking hoofsaaklik deur natuurlike aanwas vermeerder is. Daar is reeds hierbo uitgewys dat die aantal kinders as persentasie van die totale slawetal teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu erg begin afneem het. Dit het in die onderhawige periode voortgeduur: behalwe vir die jare tussen 1707-1712 toe dit ietwat hoër was, het hulle deurgaans omtrent 12% van die slawebevolking uitgemaak. Die ongelyke man:vrou-ratio (in 1720 was daar meer as vier keer soveel slawemans as -vroue) en die hoë mortaliteit onder slawe het daartoe gelei dat min slawekinders gebore is, en dat heelwat van die slawekinders weens die ongunstige omstandighede waaronder hulle moes leef, jonk gesterf het (vgl. Shell 1985: 48-50; Van der Spuy 1996: 50-52). In die onderhawige tydperk het die persentasie slawe wat aan die Kaap gebore is, nooit meer as 10% van die totale slawebevolking uitgemaak nie (Shell 1994: 47). Die gevolg hiervan was 'n voortdurende tekort aan slawe (weens die uitbreiding van die kolonie en die groter kolonistebevolking was daar 'n groter vraag na slawe) – iets waarvoor telkens gekla

<sup>67</sup> Met hierdie term bedoel moderne historici 'n kolonie waar die ekonomie van slawe-arbeid afhanklik is en slawe 'n groot gedeelte van die totale bevolking uitmaak (vgl. Worden 1981: 1).

is (vgl. Hattingh 1983: 26). Daar is tydens die onderhawige periode gepoog om in 'n mate in hierdie vraag te voorsien deur slawe-invoer.

'n Belangrike feit wat in gedagte gehou moet word by 'n besinning oor die groei van die slawebevolking gedurende 1700-1720, is dat die toename meestal in die aantal privaatslawe was. Ongelukkig is daar nie syfers vir elke jaar beskikbaar nie, maar daar is in § 5.5.2 verduidelik dat daar waarskynlik teen 1700 ongeveer 400-450 kompanjieslawe was. Teen 1719 was daar 599 slawe wat aan die VOC behoort het (Shell 1985: 45). Dit is nogal 'n besonder hoë getal as mens in ag neem dat gedurende die res van die 18<sup>de</sup> eeu die getal vir die VOC-slawe gewoonlik tussen 500-600 beloop het (vgl. Shell 1985: 45; Armstrong & Worden 1989: 124), en dat die gemiddelde getal vir die hele Nederlandse tydperk 476 was (Shell 1994: 175).<sup>68</sup> Omdat die VOC se behoeftes konstant gebly het en hulle nie meer slawe gekoop het as wat nodig was nie, het die aantal slawe in die Slawelosie ná 1720 min of meer konstant gebly. Dit volg dus dat, met die styging van die totale slawebevolking gedurende die 18<sup>de</sup> eeu, die belang van die kompanjieslawe as 'n groep sou afneem. Hierdie neiging is reeds in die onderhawige periode merkbaar: as daar 400-450 VOC-slawe in 1700 was, het hulle ongeveer 22-25% van die slawebevolking beloop – teen 1720 was daar 600 VOC-slawe in 'n bevolking van byna 3300, dus 18%. In die res van die eeu sou dit nog verder afneem: Teen 1752 was daar 506 VOC-slawe uit 'n totaal van 7 193, dus 7%, en 509 uit 18 960 in 1793, dus 2,7% (vgl. Shell 1994: 447-48; Armstrong & Worden 1989: 124).

Uit die syfers hierbo blyk die groter groei van die privaatslawe duidelik. In 1700 was daar ongeveer 1400 privaatslawe wat tot 2700 in 1720 gegroei het. Dit verteenwoordig 'n toename van meer as 90%. In vergelyking hiermee het die totale VOC-slawetal met 33-50% toegeneem (afhangende van hoeveel VOC-slawe daar in 1700 was: 400 of 450). Die groter aantal privaatslawe het 'n belangrike gevolg vir kontak tussen slawe en Europeërs ingehou. Soos reeds uitgewys, het die aantal slawe gedurende die tweede dekade van die 18<sup>de</sup> eeu die totale aantal blankes aan die Kaap verbygesteek. Op daardie stadium het die meeste van die koloniste van een of ander vorm van slawe- of Khoekhoearbeid gebruik gemaak. Die groter aantal slawe, gekoppel aan die feit dat daar ná die pokke-epidemie 'n tekort aan arbeiders ontstaan het toe veel Khoekhoen gesterf of weggetrek het, het heel waarskynlik 'n invloed gehad in die besluit van die Politieke Raad in 1717 dat die Kaap 'n 'slawekolonie' moet word. Die Here XVII wou naamlik weet of dit goedkoper sou wees om vrye knegte na die Kaap te laat kom, of om slawe in te voer (De Chavonnes 1918: 5). Met een uitsondering (vgl. De Chavonnes 1918: 26-30) het al die lede van die Politieke Raad aanbeveel dat eerder slawe ingevoer moet word omdat Europese knegte hulle insiens minder beheerbaar en duurder is (vgl. De Chavonnes 1918: 8, 19, 23, 34, 39, 44, 49). Die gevolg hiervan is dat die VOC nie meer Europese immigrasie na Suid-Afrika ondersteun het nie en, belangriker, dat hulle besluit het om voort te gaan met die invoer van slawe na die Kaap. Derhalwe het die gebruik van slawe-arbeid in die eerste dekades van die koloniale samelewing in Suid-Afrika ontwikkel tot 'n vaste instelling waarsonder koloniste gereken het hulle nie kan klaarkom nie (vgl. Katzen 1973: 200-202). Hoewel hierdie besluit nie onmiddellik tot 'n grootskaalse vermeerdering van slawe gelei het nie, het die getal ingevoerde slawe in die daaropvolgende dekades fors gestyg (in die dekade 1720-1730, byvoorbeeld, het die

---

<sup>68</sup> Dat die syfer egter nie onmoontlik is nie, blyk uit die getuienis van Valentyn wat skryf oor die Slawelosie "waar in een groot getal slaaven van de E. Maatschappy, by ons aanwezig op ontrent 600 stuks begroot, zich onthoudt" (Raidt e.a. 1971: 100). Dit is onduidelik uit die teks op watter een van Valentyn se vier besoeke aan die Kaap (in 1685, 1695, 1705 en 1714) die genoemde getal slaan, maar dit is meer waarskynlik dat dit die 18<sup>de</sup> eeu was, omdat die aantal kompanjieslawe in die 17<sup>de</sup> eeu kwalik meer as 400 beloop het.

slawetal in reële terme met 2139 persone toegeneem – byna een en ’n halwe keer meer as die toename van 1463 in die twee dekades ná 1700 [vgl. Shell 1994: 446]). Aldus verteenwoordig die jaar 1717 ’n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse slawerny, en daarom kan mens verklaar dat die sisteem van slawerny teen die einde van die onderhawige periode stewig aan die Kaap gevestig was.

Hoe het die inwoners van die Kaap gedurende 1700-1720 aan hierdie groot aantal slawe gekom? In wese verskil die bron van slawe in die onderhawige tydperk nie veel van dié in die laat 17<sup>de</sup> eeu nie, soos in § 5.5.2 beskryf – behalwe dat die relatiewe belangrikheid en grootte van die onderskeie invoerkanale verander het. In die vroeë 18<sup>de</sup> eeu het die VOC voortgegaan om ruilekspedisies te stuur ten einde slawe vir hul eie gebruik te koop. Gedurende die periode 1700-1749 het die VOC nege sulke ekspedisies na Madagaskar gestuur wat in totaal byna 800 slawe aan die Kaap geland het (Armstrong & Worden 1989: 112). Die meeste van hierdie slawe-ekspedisies was egter in die periode vóór 1715 omdat die Kompanjie in die jare 1715-1740 min handel met Madagaskar gevoer het (Armstrong & Worden 1989: 115). Volgens Hattingh het die VOC van 1700-1707 vier slawetogte na Madagaskar onderneem wat die Kompanjie, ten spyte van hoë sterftesyfer onder die slawe, goed in sy behoeftes voorsien het (Hattingh 1983: 27-29). Volgens Shell het die handel met Madagaskar hierna gestop, en daar was net een verdere ekspedisie in die onderhawige tyd, naamlik in 1715 toe 179 slawe van dié eiland af aan die Kaap geland het (Shell 2001: 115). Eers in 1731 is daar weer ’n ekspedisie na Madagaskar onderneem, maar dié was skynbaar nie baie suksesvol vanuit ’n VOC-oogpunt nie (Shell 2001: 117).

Slawetogte na Madagaskar was nie die enigste bron van slawe vir die Kompanjie nie. Soms het die VOC-owerhede in die Ooste ‘oortollige’ slawe met die retoervloot na die Kaap gestuur. In die onderhawige periode het dit twee keer gebeur, nl. in 1712 en 1719 toe in totaal 95 slawe uit Ceylon aan die Kaap gelewer is (Armstrong & Worden 1989: 116; Shell 2001: 118). Dit was egter nie ’n betroubare of voldoende bron vir kompanjieslawe nie en daarom het die VOC ander maatreëls probeer. Dit het in 1721 gelei tot die stigting van ’n factory, genaamd ‘Fort Leidzaamheit’, in Delagoabaai ten einde slawe van Mosambiek te bekom (Shell 2001: 115). ’n Bespreking hiervan val egter buite die bestek van die huidige studie.<sup>69</sup>

Waar het die vryburgers hulle slawe vandaan gekry? In § 5.5.2 is daar verduidelik hoedat slawe sedert veral die 1680’s deur kompanjiesdiensmaats uit die Ooste op die retoervloot saamgeneem is en aan die Kaap van die hand die gesit is. Hierdie praktyk het in die onderhawige periode voortgeduur, en dit het so ’n dimensie aangeneem dat die VOC in 1713 en 1716 maatreëls ingestel het om dit te beperk. Hoewel die handel hierna op ’n kleiner skaal plaasgevind het, het dit tot laat in die 18<sup>de</sup> eeu voortgeduur (Armstrong & Worden 1989: 116-17; Worden 1985: 43). Historici meen dat daar op hierdie wyse jaarliks gemiddeld 20-30 persone by die geleedere van die privaatslawe aan die Kaap gevoeg is (Armstrong & Worden 1989: 117). Hattingh het egter bereken dat 385 slawe teen gemiddeld 48 per jaar tydens die periode 1700-1707 aan die Kaap van seelui – hiermee bedoelende terugkerende VOC-amptenare van verskillende rang op die retoervloot – gekoop is (Hattingh 1983: 21-22).

<sup>69</sup> Hierdie buitepos van die Kaap was ’n klaglike mislukking en is in 1731 ontruim. Gedurende die tien jaar van sy bestaan het dit 280 slawe aan die VOC in die Kaap gelewer, terwyl enkele slawe daarvandaan waarskynlik ook onder privaatpersone tereggekome het. Alhoewel die getal nie baie hoog lyk nie, moet mens in ag neem dat hierdie mense in die Slawelosie beland het, waar die slawetal in ieder geval nie besonder groot was nie. Daarom reken Shell dat in die 1720’s slawe van Mosambiekse afkoms 10-20% van die VOC-slawe uitgemaak het (Shell 2001: 115-18). Blykbaar is daar teen hierdie slawe (wat gewoonlik onder die toponiem ‘van Rio de la Goa’ bekend gestaan het) gediskrimineer, want hulle moes apart van die ander slawe in die kelder van die Slawelosie slaap en die mees onaangename take verrig (vgl. Shell 1985: 21-22).

Soos in die laat 17<sup>de</sup> eeu, was 'n verdere bron van slawe vir die Kaapse vryburgers in die onderhawige periode slaweskepe uit Madagaskar op pad na die Amerikas wat soms 'n deel van hul vrag aan die Kaap verkoop het. Tot die 1720's het Britse slaweskepe gereeld die Kaap aangedoen. Hoewel ons nie spesifieke syfers het om te weet hoeveel slawe van hierdie slawehandelaars bekom is nie, en verkope van hulle sporadies was, was hulle in die onderhawige tyd 'n belangrike bron vir privaatslawe (Armstrong & Worden 1989: 117-18). Gedurende die hele 18<sup>de</sup> eeu is daar uit alle bronne gemiddeld 100-200 slawe per jaar as privaatslawe na die Kaap gebring (Armstrong & Worden 1989: 120). Gegee die groot getalle later in die eeu, was die syfer vir die eerste twee dekades waarskynlik heelwat laer, maar dit dien nietemin om mens te herinner dat daar jaarliks 'n groot aantal *nuwe* slawe deur Europeërs aan die Kaap bekom is.

Wat was die herkoms van die slawe aan die Kaap gedurende 1700-1720? Uit die voorafgaande blyk duidelik dat die meeste van die slawe wat ten behoeve van die VOC na die Kaap gebring is, uit Madagaskar gekom het. Volgens Armstrong en Worden se syfers was 79% van die kompanjieslawe wat tussen 1652-1749 na die Kaap gebring is, van Malgassiese afkoms (Armstrong & Worden 1989: 112).

Die beeld verander egter as die invoer van privaatslawe in berekening gebring word. Hierbo is reeds gewys op die bron vir privaatslawe, nl. VOC-skepe uit die Ooste en slawehandelaars uit Madagaskar. Indien die *totale* slawe-invoer, dus beide vir VOC- en privaatgebruik, vir die periode 1680-1731 ontleed word, blyk dit dat Malgassiese slawe byna 49% van die totaal uitmaak, terwyl slawe uit Indië, Ceylon en Indonesië saam 32% bedra (Armstrong & Worden 1989: 121). Die meeste privaatslawe het ongetwyfeld uit die Ooste gekom. Van die 857 nuwe slawe wat tussen 1695-1707 aan privaatpersone verkoop is, was slegs 25% Malgassies, terwyl slawe uit Indië en Ceylon byna 48% beloop het. Slawe uit Indonesië het 17% van die totaal uitgemaak (Hattingh 1983: 30-31). Volgens Shell het slawe uit die Ooste teen 1731 "come to outnumber all other imported slaves at the Cape" (Shell 1994: 42). Dat soveel meer slawe uit Indië, veral voor-Indië, as uit die ander VOC-besittings afkomstig was, het met die internasionale slawehandel te doen. Volgens Shell is dit die rede waarom, in die eerste helfte van die 18<sup>de</sup> eeu, byna 80% van ingevoerde slawe vir privaatgebruik aan die Kaap uit Indië afkomstig was (Shell 1994: 43; vgl. Worden 1985: 48). Eers ná 1731 is 'n groter aantal slawe uit Indonesië na die Kaap gebring (Shell 1994: 44; Worden 1985: 46-48). Dit verklaar waarom die meeste ingevoerde privaatslawe in die onderhawige periode uit Indië afkomstig was. Dit blyk ook duidelik uit Shell se grafiek vir die totale invoer van slawe na die Kaap, 1652-1808, dat slawe uit Indië en Ceylon vanaf ongeveer 1710 af alle slawe-invoer uit ander gebiede begin verbysteek (Shell 1994: 41). Daar moet in gedagte gehou word dat die inligting oor slawe-invoer tussen 1700-1720 nie die hele beeld van die slawegemeenskap aan die Kaap verteenwoordig nie. Die ingevoerde slawe het in 'n gemeenskap beland waar daar reeds verskeie dekades lank slawe aanwesig was. Hierdie slawe het dikwels uit ander gebiede as die nuwe aankomelinge gestam. Dog, die groot hoeveelheid slawe wat gedurende 1700-1720 ingevoer is, het daartoe bygedra dat daar in hierdie periode 'n noue verband bestaan tussen die samestelling van die totale slawebevolking aan die Kaap en die slawe-invoer.

Ek het 'n steekproef onderneem om te probeer vasstel of die data hierbo oor die herkoms van ingevoerde slawe in die onderhawige periode klop met die herkoms van slawe waarvan ons weet dat hulle gedurende 1700-1720 aan die Kaap geleef het. Helaas is daar geen omvangryke, gepubliseerde databasis vir die tydperk 1700-1720 soortgelyk aan dié van Böeseke oor slaweverkope uit die 17<sup>de</sup> eeu nie (vgl. Addendum

8.4.2). Maar uit Heese se versameling van data oor slawe wat gedurende 1700-1800 aan die Kaap gevonniss is, ken ons die herkoms van 75 sulke slawe wat in die onderhawige tydperk (1700-1720) veroordeel is. Hiervan was byna die helfte (37) uit Indië of Ceylon afkomstig, ongeveer 'n kwart (18) uit Indonesië en iets minder uit Madagaskar (15). Kaapsgebore (2) en slawe met 'n Afrika-herkoms (3) het die res opgemaak.<sup>70</sup> Ofskoon hierdie data maar 'n baie klein gedeelte van die slawebevolking beskryf, kan mens aanneem dat dit min of meer behoort te weerspieël wat die relatiewe groepsverhoudinge was (dus, as daar meer slawe van 'n sekere gebied is, kan mens verwag dat die aantal vonnisse van slawe uit hierdie gebied ook groter sal wees). Die data ondersteun in ieder geval die beeld oor die herkoms van privaatslawe wat ons uit die inligting oor slawe-invoer gekry het. Die meerderheid van privaatslawe aan die Kaap tussen 1700-1720 was uit Indië of Ceylon afkomstig, terwyl daar ongeveer 'n gelyke aantal slawe met 'n Malgassiese of Indonesiese herkoms was. Daarenteen was daar in hierdie periode slegs weinig slawe met 'n ander herkoms.<sup>71</sup>

Daar moet vervolgens aandag gegee word aan die verspreiding van slawe in die gekoloniseerde gebiede van die Kaap. Hierbo is reeds daarop gewys dat die meeste VOC-slawe in die Slawelosië van Kaapstad gevestig was. In die 18<sup>de</sup> eeu het 85% van die VOC-slawe in die Losië geleef (Shell 1994: 178), ofskoon nie almal noodwendig gedurende die dag in die nedersetting gewerk het nie. Uit die voorafgaande paragrawe het dit geblyk dat die kompanjieslawe in die eerste twee dekades van die 18<sup>de</sup> eeu, nes in die laat 17<sup>de</sup> eeu, hoofsaaklik van Madagaskar afkomstig was. Hierdie groot groep slawe (ongeveer 500-600 teen 1720) het hulle in Kaapstad bevind en bygedra tot die heterogene aard van die nedersetting.

Privaatslawe is op 'n meer komplekse wyse oor die gekoloniseerde areas versprei. Hoe vinnig die aantal slawe in privaatbesit toegeneem het, blyk duidelik uit die syfers: in 1705 was daar 1057 privaatslawe (Guelke 1988: 459) wat teen 1712 tot 2012 gegroei het (Ross 1977: 424). In die sewe jaar ná die pokke-epidemie het die aantal privaatslawe weer met byna 1000 toegeneem: die 1788 privaatslawe van 1713 (Ross 1977: 424) het teen 1720 tot ongeveer 2700 toegeneem. Hierdie toename van privaatslawe het natuurlik verband gehou met die toename in die vryburgerbevolking en die uitbreiding van die kolonie. Maar, soos verduidelik, het die groei in vryburgergetalle nie tred gehou met die styging in die aantal privaatslawe nie. Dus moes die (slawebesittende) koloniste se slawebesit toegeneem het en/of meer koloniste het slawebesitters geword. Beide hierdie moontlikhede het op verskillende maniere in die onderhawige tydperk deurgewerk.

<sup>70</sup> Heese (1994: 122-271) verskaf data oor alle persone wat aan die Kaap tussen 1700-1800 deur die Raad van Justisie op kriminele aanklagte skuldig bevind en gevonniss is. Sy lys vir slawe en Khoekhoen bevat die name van 708 slawe wat in die 18<sup>de</sup> eeu gevonniss is (Heese 1994: 158-271). Hiervan was 20 kompanjieslawe en die res privaatslawe. Van hierdie 688 privaatslawe, is 77 in die periode 1700-1720 gevonniss (alhoewel dit slegs omtrent 12% van die totaal verteenwoordig, moet in gedagte gehou word dat die volume van slawe in die latere dekades van die 18<sup>de</sup> eeu aansienlik hoër was, en dat daar persentasiegewys dus meer vonnisse uit die latere tydperk sal wees). Twee van hulle se herkoms is onbekend, die ander 75 is in die analise gebruik.

<sup>71</sup> Volgens die tydgenootlike beskrywing van Kolb was die herkoms van slawe soos volg: "Haar vaderland is meerendeels Afrika, zoo goed als dat der Hottentotten, alleenlyk dat de geboorte-landen een weinig ver van elkander leggen, komende de meesten wel van *Madagascar*, ... doch daar worden 'er ook anderen zoo van *Capo Verde*, *Loanda*, *St. Paul*, *Vita*, *Congo* en andere Afrikaansche Koningryken en landen herwaards gebragt. Men vind nog anderen, die uit Asia en deszelfs verscheide Koningryken herwaards worden gebragt, namelyk de *Javanen*, *Ceylonesen*, *Amboinesen*, *Macasseren*, *Bandanesen*, *Ternatanen*, *Bengalers*, *Baljers*, en veel anderen; maar omdat die zoo menigvuldig niet zyn als de Afrikanen, en ook niet eene spraak en een vaderland hebben als dezen, word niet veel op dezelve gelet..." (Kolbe 1727 II: 150). Soos deeglik uit die bespreking hierbo behoort te blyk, is Kolb verkeerd met sy uitspraak dat die meerderheid van slawe aan die Kaap van Malgassiese herkoms was. Die meeste kompanjieslawe was wel Malgassies, en dit is moontlik dat Kolb se indruk op spesifiek Kaapstad slaan waar die groot aantal kompanjieslawe wel só 'n uitspraak moontlik maak. Hierdie geval illustreer die gevaar wat skuil in die onkritiese gebruik van primêre bronne.

Volgens Shell het slegs 34% van vryburgers in 1706 slawe besit. Hierdie syfer het toegeneem met die gevolg dat teen 1720 byna 50% van alle vryburgers een of meer slawe besit het (Shell 1994: 152-53). Hoewel hierdie syfers die toename in slawebesit illustreer, gee dit 'n skewe beeld van die kontaksituasie. Shell gebruik die *totale* vryburgerbevolking, dus insluitende vroue en kinders. Dit laat buite rekening dat slawe in huishoudings, gewoonlik 'n gesin, voorgekom het en dat meer mense op hierdie wyse kontak met slawe gehad het (vgl. Worden 1981: 4-5). Volgens Worden het 97% van alle *boere* teen 1723 in die Kaapse distrik een of meer slawe besit, terwyl die getal vir die Stellenbosch- en Drakenstein-gebiede onderskeidelik 48% en 56% was (let daarop dat die noordelike grensgebiede van die kolonie, waaronder die Land van Waveren, in die onderhawige periode as deel van Drakenstein beskou is) (Worden 1985: 13). Indien hierdie syfers met dié in § 5.5.2. vergelyk word, blyk dit dat slawebesit in die Kaapse distrik en die Drakenstein-gebied vanaf 1705 met 10-15 persentasiepunte toegeneem het, terwyl dit in Stellenbosch afgeneem het. Dus was één van die gevolge van die groter aantal slawe aan die Kaap dat meer mense slawe besit het.

Die oneweredige verspreiding van slawe oor die verskillende gebiede aan die Kaap het, net soos in die periode 1679-1700, voortgeduur, ofskoon "during the course of the eighteenth century a gradual spread of slaveholding took place" (Worden 1981: 5). Vanaf 1701 tot 1711 het die persentasie van die totale aantal slawe in die Kaapse distrik van ongeveer 70% tot 65% afgeneem, maar daarna tot 1723 ongeveer stabiel gebly. In 1711 het Stellenbosch ongeveer 20% van alle privaatslawe gehuisves en Drakenstein 15%. In dieselfde periode het hierdie twee gebiede ongeveer 50-55% van die totale aantal vryburgers gehuisves. Teen 1723 het Stellenbosch se blanke bevolking afgeneem en ooreenkomstig daarmee, ook die aantal slawe, terwyl Drakenstein s'n weer toegeneem het: in dié jaar was ongeveer 15% van die slawe in Stellenbosch en 20% in Drakenstein (Worden 1985: 14). Hoewel daar veranderinge plaasgevind het, en daar inderdaad begin is met 'n meer eweredige verspreiding van privaatslawe, blyk uit hierdie syfers dat die Kaapse distrik steeds aansienlik meer slawe as vryburgers gehuisves het.

Was die groter aantal slawe ook die gevolg daarvan dat mense meer slawe besit het? Dit skyn wel die geval te gewees het, veral in die ryker Kaapse distrik. Terwyl daar in dié distrik in 1705 slegs 14% van slawebesittende boere was wat meer as 10 slawe besit het, het hierdie kategorie teen 1723 toegeneem tot 38%. Dit was ook die geval met die Stellenbosch- en Drakenstein-gebiede, ofskoon die syfers daar nie so hoog is nie: in Stellenbosch het die aantal boere met meer as 10 slawe van 16% tot 23% en in Drakenstein van 2,5% tot 6% toegeneem in die jare 1705-1723. Hieruit is nie net duidelik dat boere meer slawe besit het nie, maar dat dit ook verskil in die onderskeie gebiede. In Stellenbosch het 44% van boere minder as vier slawe besit, en in Drakenstein was dit soveel as 60% (Worden 1981: 7; 1985: 32). In reële terme beteken dit dat teen 1723 slawebesittende boere in die Kaapse distrik gemiddeld meer as 11 manlike slawe besit het. Vir boere in Stellenbosch was die gemiddeld minder as vier en vir Drakenstein byna drie (Worden 1985: 29). Hieruit blyk duidelik dat die gemiddelde aantal slawe op 'n plaas in die onderhawige periode toegeneem het. Daar moet egter weereens in gedagte gehou word dat slawebesit in hierdie tyd hoogs gekonsentreerd was: ryker boere het eenvoudig meer slawe besit – teen 1731 het slegs 7% van die vryburgerbevolking die meerderheid van privaatslawe besit (Shell 1994: 153). Dit beteken dus nie dat elke boer in byvoorbeeld Stellenbosch wel vier slawe op sy plaas gehad het nie, maar dat die meerderheid waarskynlik minder gehad het, terwyl die enkele slawebesitters met groot hoeveelhede die gemiddeld opgestoot het.

Opsommendergewys kan mens verklaar dat die groot toename in privaatslawe gedurende 1700-1720 ook gevolg gehad het vir die verspreiding van slawe. Alhoewel die meerderheid privaatslawe steeds in die Kaapse distrik voorgekom het, het 'n meer eweredige verspreiding begin plaasvind, en dit is opvallend dat slawebesit in die Drakenstein-gebied aansienlik toegeneem het in vergelyking met die laat 17<sup>de</sup> eeu. Nie net het meer mense slawe begin besit nie, maar het dié wat wel slawe besit het, hul besit uitgebrei, en daar was sommige plase met besonder groot getalle slawe (byvoorbeeld W.A. van der Stel, vgl. § 5.5.2). Die belangrikste gevolg van die groter getalle slawe aan die Kaap in die onderhawige tydperk, is dat daar in sommige gebiede teen die 1720's meer slawe as vryburgers was. Dit is veral die geval met die Kaapse distrik waar, soos gewys, minder as die helfte van die vryburgers 65% van die slawe besit het, met dikwels 'n groot aantal slawe op 'n plaas. Dit was ook die geval met Stellenbosch waar slawe teen 1726 meer as 57% van die koloniale bevolking (slawe en Europeërs) uitgemaak het (Biewenga 1999: 31). Die situasie was wel heel anders in die Drakenstein-gebied waar slawebesit minder algemeen en die aantal slawe laag in vergelyking met die vryburgerbevolking was. Hierdie onderskeid hou verband met die groter spesialisasie van boere in die beginjare van die 18<sup>de</sup> eeu: Graan- en wynboerdery het as die primêre boerdery-aktiwiteite van die Kaapse distrik en Stellenbosch ontwikkel, terwyl gemengde en veeboerdery meer algemeen in Drakenstein was. Eersgenoemde tipe boerdery vereis meer slawe, terwyl veeboere weinig slawe gehad het, en dikwels ook van Khoekhoen gebruik gemaak het (vgl. Worden 1981: 11-19).

Hierdie gevolgtrekkings moet egter nie afbreuk doen aan die feit dat die grootste konsentrasie van *alle* slawe in Kaapstad self was nie. Die verspreiding van slawe in die ander gebiede het tot gevolg gehad dat die persentasie stedelike slawe van 75% in 1692 tot ongeveer 50% van alle slawe in 1720 afgeneem het (Shell 1994: 140). Dit het interessante gevolge gehad vir die samestelling van die slawebevolking in die verskillende areas. In § 5.5.2 is daar reeds verduidelik dat die meeste slawe in die landelike gebiede teen die laat 17<sup>de</sup> eeu van Oosterse, hoofsaaklik Indiese en Ceylonese, herkoms was. Gegee die bron van privaatslawe in die onderhawige periode, soos hierbo beskryf, het hierdie situasie in die begindekades van die 18<sup>de</sup> eeu voortgeduur. Die belangrikste verskil is egter dat 'n groter persentasie van die privaatslawe hulle op die platteland bevind het. Daar was dus persentasiegewys minder privaatslawe in Kaapstad as in die vorige periode. Naas hierdie privaatslawe van hoofsaaklik Oosterse afkoms, was daar 'n groot kontingent kompanjieslawe met merendeels Malgassiese herkoms in Kaapstad. Die nedersetting het dus nie net 'n hoër verhouding slaaf : blanke gehad nie, maar was ook aansienlik meer heterogeen in sy bevolkingsamestelling as die plattelandse gebiede.

### 5.7 Formele en informele kontak tussen slawe en ander groepe, ca. 1680-1720

Ons weet dus min of meer hoeveel slawe daar in die jare 1680-1720 aan die Kaap was, wat hul herkoms was en hoe hulle tussen die Europese bevolking versprei is. Wat kan mens op grond hiervan sê oor kontak tussen die verskillende bevolkingsgroepe in hierdie tyd? Dit is 'n belangrike punt omdat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat kontak kommunikasie moontlik maak. Mens kan, wat die geskiedenis van die Kaap betref, tussen twee soorte kontak tussen slawe, Europeërs en Khoekhoen onderskei.<sup>72</sup> Eerstens was daar meer 'formele' kontak in die werksituasie – uit die aard van slawerny moes slawe doen wat hul meesters hulle aansê om te

<sup>72</sup> Let daarop dat in hierdie afdeling hoofsaaklik op die verhouding tussen slawe en Europeërs gekonsentreer word. Vir kontak van Khoekhoen met ander groepe, sien die diverse afdelings hierbo oor die Khoekhoen.

doen, en slawe is juis bekom ten einde werk te verrig. Hiernaas was daar egter ook kontak van 'n meer vrywillige aard, nl. sosiale kontak, wat, hoewel dit ook tussen die verskillende magsgroepe aan die Kaap (slawe, Europeërs en Khoekhoen) kon wees, ook verhoudings binne so 'n groep behels. Dit is veral van belang wat die slawe betref, gegee die heterogene aard van die Kaapse slawebevolking. Net soos hierbo behoort ook hier gedifferensieer te word tussen die verskillende groepe slawe: kompanjieslawe teenoor privaatslawe en stedelike slawe teenoor dié in die platteland. Hierdie onderskeie groepe se werks- en sosiale lewe het nogal heelwat verskil. Vervolgens word hier gekyk na beide formele en informele kontak, in Kaapstad en op die platteland.

### 5.7.1 *Stedelike slawe*

In Kaapstad was kompanjieslawe die mees talryke van die verskillende slawebevolkings. Hulle was inderwaarheid tot in die 1690's die grootste enkele groep slawe aan die Kaap (vgl. § 5.5.2). Omdat hulle aan die Kompanjie behoort het, is veel beter rekords van hulle en hul aktiwiteite gehou en ons weet daarom vandag meer oor die lewens van Kompanjieslawe as privaatslawe. Robert Ross het heelwat navorsing gedoen oor die werk wat slawe verrig het.<sup>73</sup> Hieruit blyk dat die VOC-slawe 'n wye verskeidenheid van take verrig het.

Die grootste groep, nl. meer as 'n kwart van alle kompanjieslawe, manlik én vroulik, was "aan't gemeene werk". Dit het beteken dat hulle gewone arbeiders was wat enige taak wat moontlik kon voorkom en hande-arbeid vereis het, moes doen (bv. bouwerk). Waarskynlik was hul belangrikste taak om skeepsvrage op en af te laai, asook om goedere na die onderskeie pakhuisse te vervoer. Die tweede grootse groep slawe het "in't Gouvernement" gewerk, waarvan die meeste binne die pakhuisse take verrig het. Byna net soveel slawe het die belangrike taak gehad om die VOC van hout te voorsien. Hoe langer die Kaap beset was, hoe moeiliker het dit geword om hout naby die stad te kry en slawe moes ver soek vir hout (die VOC het egter sy eie plantasies by Nuweland en Houtbaai gehad) – dus 'n werk wat waarskynlik minder kontak met nie-slawe behels het as ander. Hiernaas was daar tientalle slawe wat as assistente vir VOC-ambagslui (vgl. Shell 1985: 14-19), helpers in die hospitaal (vgl. Nienaber & Raven-Hart 1970: 66) en tuinwerkers in die kompanjiestuin opgetree het. Verder was daar slawe wat openbare dienste in die stad moes onderhou (soos vullisverwydering, onderhoud aan geboue, ensovoorts). Hierby moet ook daardie slawe, en die meeste "bandieten"<sup>74</sup>, gereken word wat as sg. "Caffers" opgetree het: d.i. mense wat o.l.v. die Fiskaal vir die handhaaf van goeie orde en veiligheid verantwoordelik was (in feite 'n soort polisiemag) en waarvan sommige die beul in die uitvoer van vonnisse bygestaan het (vgl. Shell 1994: 189-94). Soortgelyke beheerposte is ook deur die enkele slawe-opsieners, die sg. "mandoors", beklee (vgl. Shell 1994: 180-85). 'n Nogal groot deel van die VOC-slawe het geen werk gedoen nie, óf omdat hulle te jonk was (suigeling en skoolgaande kinders), óf omdat hulle te oud en/of siek was (vgl. Shell 1994: 200, 203-4) – hierdie slawe was gevolglik min of meer tot die Losie beperk. (Hierdie paragraaf is grootliks gebaseer op Ross 1980: 2-5; vgl. Worden 1985: 36-37; Armstrong & Worden 1989: 127-28).

<sup>73</sup> Ofskoon die evidensie waarop Ross sy analise baseer uit die laat 18<sup>de</sup> eeu kom, wys hy tereg daarop dat die situasie, behalwe vir die presiese aantal persone betrokke, min of meer dieselfde was in die laat 17<sup>de</sup> eeu: "From the 1690's on throughout the eighteenth century, ... the basic economic pattern of the Cape Colony remained the same..." (Ross 1983: 17; vgl. Ross 1980: 11). Vir die situasie voor die onderhawige periode, sien §§ 5.3.2 & 5.4.2.

<sup>74</sup> Die "bandieten" was gevangenes, gewoonlik uit die Ooste, wat na die Kaap verban is. Hulle het saam met die VOC-slawe in die Losie gewoon en is vir alle praktiese doeleindes net soos kompanjieslawe behandel. Die aantal "bandieten" het gewissel, maar teen 1693 was daar 49 en in 1709 51 van hulle aan die Kaap (Armstrong & Worden 1989: 124; Shell 1985: 29-32).

Naas die kompanjieslawe was daar ook baie privaatslawe in Kaapstad werksaam. Hierdie slawe se lewens het heelwat van die VOC-slave s'n verskil, veral in die soort werk wat hulle verrig het. Dit is egter moeiliker om oor die werksaamhede van hierdie groep slawe te skryf omdat daar geen amptelike rekords daarvan gehou is nie en mens gevolglik geen uitsprake kan maak oor hoeveel slawe wat gedoen het nie (vgl. Ross 1980: 6). Wel is dit moontlik om uit evidensie van reisigers e.d.m. sommige van die aktiwiteite van privaatslawe in Kaapstad te noem. Volgens Ross kan ons die take van stedelike privaatslawe in drie breë kategorieë verdeel. Eerstens was daar slawe wat as huishoudelike bediendes opgetree het. Dit omvat nogal 'n groot aantal wyd uiteenlopende take, en gevolglik het daar mettertyd 'n mate van spesialisasie onder huishoudelike slawe ontwikkel. So het sommige slawe, meestal vroulik, as skoonmakers, kokke en kinderoppassers in die huise gewerk. Hiernaas was daar tuiniers, waterdraers, koetsiers en slawe wie se uitsluitlike werk houtvoorsiening was. Daar moet in gedagte gehou word dat baie min Kaapse blankes, veral in die 17<sup>de</sup> eeu, genoeg slawe gehad het om heeltemal só te spesialiseer, en dat veel van hierdie take in een persoon gekombineer kon word. Die meeste slawe wat aan kompanjiesdienaars in Kaapstad behoort het (uitgesonder patrisiërslawe op landgoedere) was sulke huisslawe. Dit was veral huishoudelike slawe wat in noue en intieme kontak met die gesinne vir wie hulle gewerk het, was – veral ook omdat hulle dikwels in dieselfde huis gewoon het.<sup>75</sup> Opvallend is dat daar, anders as by die VOC-slawe, 'n duidelike werksverdeling tussen manlike en vroulike privaatslawe in Kaapstad was. Die meeste vroue het as huisslawe een of ander taak verrig (as bv. kok, kinderoppasser, naaldwerker, skoonmaker, of al hierdie take in een persoon vervat). Dit verskil van die posisie van vroulike slawe in die VOC, en met tye ook in die landelike gebiede (sien § 5.7.2), waar daar geen onderskeid tussen slawe en slavinne gemaak is nie en albei swaar hande-arbeid moes verrig (Shell 1994: 51-52, 170; vgl. Van der Spuy 1997: 181-82).

'n Tweede breë kategorie is gevorm deur daardie slawe, hoofsaaklik manlik, wat tot voordeel van hul eienaars in die vervaardigingsbedryf werksaam was. Naas slawe wat marktuine in Tafelvallei bewerk het (vgl. Shell 1994: 166-68), was daar ook dié wat as ambagsmanne en vissers geld vir hul eienaars verdien het. Sommige slawe is ook as wadrywers en bouers uitgehuur.<sup>76</sup> Die uithuur van slawe, ook aan die VOC, was 'n belangrike bron van inkomste vir sommige Kapenaars. Tot die derde kategorie behoort dié slawe wat by die kleinhandel betrokke was. Dit het hoofsaaklik die vorm aangeneem van slawe wat goedere, meestal voedselware, in die strate en op die markte van Kaapstad moes smous, en só 'n sekere bedrag geld per week, bekend as 'coeli geld', vir sy of haar eienaar moes verdien. Laasgenoemde instelling het dit vir sommige slawe

<sup>75</sup> Hierdie feit vorm 'n sentrale element in Robert Shell se siening van slawerny aan die Kaap. Volgens hom is die slawebevolking nie deur geweld in bedwang gehou nie, maar psigologies binne 'n gesin – 'n proses wat hy 'paternalisme' noem. Die gesin is as die essensie van die samelewing beskou. Daarom meen Shell dat 'gesin' as metafoor gebruik kan word om die verhouding tussen slawe en hul eienaars te karakteriseer. Eienaars van slawe was gevolglik ook die 'vader' en 'moeder' van die slawe – hulle moes na hul slawe se belange omsien, maar het ook mag oor hul lewe en dood gehad. Die slaaf is dus soos 'n minderjarige kind behandel (en syns insiens die rede waarom hulle mettertyd as 'jongens' en 'meiden' bekend gestaan het) – slawe was "children of bondage". Dit is om hierdie rede dat Shell die feit benadruk dat slawe gewoonlik *in* wonings in noue kontak met hul eienaars (en hul gesinne) gewoon het (vgl. Shell 1989: 20-30; 1994: xxvi-vii, 214-27). Hierdie siening van Shell is egter hoogs omstrede en word verder in die huidige studie buite rekening gelaat, ofskoon hier wel deeglik klem gelê word op die noue kontak tussen slawe en Europeërs. Shell se interpretasie van die evidensie en sy argumente het baie kritiek ontvang. Die meeste historici van Kaapse slawerny meen dat 'paternalisme' nie die beheer van slawe deur Europeërs aan die Kaap kan verklaar nie, nóg die spesifieke aard wat slawerny in Suid-Afrika ontwikkel het en dat Shell te veralgemenend argumenteer en gevolglik veel evidensie buite rekening laat (vgl. Ross 1995: 34-47; Bank 1995: 182-93; Van der Spuy 1997: 176-85).

<sup>76</sup> Slavinne wat as naaldwerksters en vroedvroue gebruik is, uitgesonder. Laasgenoemde was 'n minderheid, terwyl dit wil voorkom asof beide meer algemeen in die 18<sup>de</sup> eeu en later was.

moontlik gemaak om ook vir hulself geld te verdien (hierdie paragrawe is grootliks gebaseer op Ross 1980: 6-11; 1983: 18-19; 1999: 131; Worden 1985: 37-39).

Uit bogaande evidensie blyk duidelik dat slawe in Kaapstad heelwat kontak met Europeërs en met mekaar in hul werksverrigtinge gehad het. Mens kan dit ietwat differensieer. Wat hul werk betref, had kompanjieslawe in die algemeen miskien minder diepgaande kontak met Europeërs, maar meer geleentheid vir kontak met mekaar onderling – gewoon omdat hulle in groter getalle saam gewerk het. Dit beteken nie dat hulle geen kontak met Europeërs in die werksituasie gehad het nie, met die moontlike uitsondering van die slawe wat tot die slawelosie beperk was. Dit kan wees dat die houtkappers, tuiniers en algemene arbeiders minder noue kontak met Europeërs gehad het, maar hulle sou wel met tye met Europeërs in aanraking wees. Daardie slawe wat in die hawe en die hospitaal werksaam was, het seker ook in die daaglikse verrigting van hul take heelwat kontak met die besoekende Europeërs gehad. Daarteenoor het al hierdie slawe daaglikse en diepgaande kontak met hul mede-kompanjieslawe gehad, beide in hul werk en in hul woonplek. Sommige slawe, soos bv. die karweiers en houtkappers, het waarskynlik meer kontak gedurende hul werksverrigting met privaatslawe gehad as ander (bv. die tuiniers, pakhuis- en hospitaalwerkers waar daar nie privaatslawe by betrokke was nie).

Privaatslawe daarenteen had weer redelik baie kontak met Europeërs en in die algemeen met ander privaatslawe, en waarskynlik, ten minste vir sommiges, ook met die VOC-slawe. Huishoudelike slawe sou miskien minder gereeld en diepgaande kontak met baie ander slawe gehad het. Dit verskil byvoorbeeld van dié slawe wat in die strate hul 'coeli geld' moes verdien en op so 'n wyse nie net met heelwat Europeërs, insluitende besoekers, in kontak gekom het nie, maar waarskynlik ook met baie ander slawe (Ross 1999: 131). Maar die feit dat privaatslawe in klein getalle by blanke huisgesinne gewoon het, en nie soos die kompanjieslawe as 'n groot groep byeen nie, het waarskynlik 'n beduidende invloed op kontak en kommunikasie tussen die twee groepe gehad (vgl. Armstrong & Worden 1989: 146; Shell 1985: 25-26; Bank 1995: 191). Dit bring ons dan by die sosiale kontakte van slawe onderling en met Europeërs.

Slawe was veronderstel om op Sondag 'n rusdag te hê, en dus tyd wat hulle na goëddunke kon gebruik. Dit was egter een van die groot verskille tussen VOC- en privaatslawe: eersgenoemde het skynbaar hierdie vry dag kon geniet, terwyl privaatslawe afhanklik van hul eienaars se besluit in verband hiermee was. Daar is dan ook verskeie plakkate bekend in die 17<sup>de</sup> eeu wat slawe-eienaars aanspreek omdat hulle hul slawe op Sondag laat werk en vermaan dat dit ook vir slawe 'n rusdag behoort te wees (Biewenga 1999: 203). Dit wil voorkom asof VOC-slawe met groter sekerheid op so 'n rusdag kon reken, terwyl privaatslawe veel meer op die luim van hul eienaars aangewese was en waarskynlik meer gereeld geen sodanige rusdag gekry het nie – gewoon omdat koloniste self in die 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu nie geskroom het om op Sondag te werk nie (vgl. Biewenga 1999: 206-7). Afgesien van die rusdag is dit bekend dat slawe ook ná sonsondergang vir hul eie plesier in die strate van Kaapstad rondbeweeg het – iets waarteen daar ook met tye plakkate uitgevaardig is (Ross 1999: 131-32). Ook hier was daar waarskynlik 'n verskil tussen privaat- en kompanjieslawe. Laasgenoemde was nie onder sulke direkte kontrole nie as privaatslawe wat veel meer afhanklik van hul eienaars se toestemming en guns in hierdie verband was.

Die stedelike omgewing het vele geleenthede geskep vir slawe om met mekaar en ander in sosiale kontak te kom. Die VOC-slawe het met hul saamwoon in die Losie die geleentheid gehad om nouer onderlinge kontak te handhaaf as privaatslawe wat in klein getalle by vry gesinne gewoon het. Buite hierdie huishoudelike

sfeer was daar nietemin genoeg plekke en geleenthede vir slawe om met mekaar, en ander bevolkingsgroepe buite werksverband, kontak te hê. Mens lees van slawe wat rondloop in die strate van die stad, in die kroë en taphuise bymekaarkom, mekaar ontmoet in die tuine teen die hange van Tafelberg waar sommige van hulle gewerk het, ensovoorts. Alhoewel daar voorbeelde van VOC-slawe is wat hul vrye tyd, en veral Sondag, gebruik het om hulle eie geld te verdien (Biewenga 1999: 206), is daar veel meer getuienis oor die aktiwiteite van slawe in hul vrye tyd wat hulle met die gereg kon laat bots. So weet ons dat slawe graag na die taphuise en kroë van Kaapstad gegaan het waar hulle saam met vriende gedrink en luidrugtig geraak het. Daar was baie sulke plekke in Kaapstad: teen 1672 was daar tussen 18-20 wettige kroë (De Wet 1981: 47). Blykbaar was daar ook 'n groot aantal onwettige 'smokkelhuise' (Ross 1999: 130). In ieder geval, daar was 'n groot hoeveelheid alkohol in Kaapstad beskikbaar: volgens De Wet (1981: 52) was 'n totaal van 47 vryburgers in die tydperk 1657-1707 as tappers bedrywig. Hierdie kroë was plekke waar die heterogene aard van Kaapstad goed na vore gekom het. Nie net het daar slawe hierin gewerk nie, maar was slawe, Khoekhoen, soldate, matrose en ander blankes die kliënte daarvan. Daar is dan ook heelwat gevalle bekend van slawe, blankes en Khoekhoen wat saam gedrink het en dan daarna in een of ander moeilikheid beland het. Op hierdie wyse het drinkplekke die geleentheid geskep vir kontak tussen die verskillende taalgroepe van Kaapstad (Ross 1983: 21-22; 1999: 130; Bank 1995: 185).

Slawe het egter in hul vrye tyd nie slegs gedrink nie. Daar is ook voorbeelde van slawe wat gewoon met ander gesosialiseer het en saam geëet en gedrink het, bv. in tuine teen Tafelberg of op die strand – soms was daar slegs slawe in so groep, soms ook vryswartes of Europeërs. Dit kom ook duidelik na vore uit die historiese bronne dat slawe besonder lief was vir dobbel en (wat waarskynlik daarmee verband hou) haangevegte. Waarskynlik is dit iets wat Oosterse slawe na die Kaap gebring het. So byvoorbeeld het die voormalige slaaf Rangton van Bali met sy dood in 1720 onder sy karige besitting tog 8 pakke speelkaarte gehad – duidelik 'n geliefde tydverdryf (vgl. Shell 1991: 5). Dobbelbyeenkomste en haangevegte het kennelik geleenthede geskep vir mense van dieselfde herkoms om iets van 'n gemeenskaplike kultuur te deel. 'n Ander bekende tydverdryf van Kaapse slawe was dans en sing – blykbaar het daar veral op Sondag in die buitewyke van Kaapstad groepe slawe bymekaar gekom om so hul vrye tyd deur te bring. Dit is nie ondenkbaar nie dat ook ander bevolkingsgroepe na hierdie danse sou gaan, as toeskouers of deelnemers. Hoe dit ook sy, hierdie aktiwiteite dui duidelik daarop dat daar geleenthede was vir slawe om onderlinge kontak te hou – waarskynlik ook binne taal- en kultuurgroepe<sup>77</sup> (Ross 1983: 22; 1999: 132-35; Bank 1995: 185).

'n Ander aktiwiteit wat heelwat kontak tussen mense moontlik maak, is godsdiensbeoefening. Ongelukkig is dit nie moontlik om veel oor hierdie onderwerp sover dit die slawe betref gedurende die 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu te sê nie. Daar word soms gesê dat die aanhang van Islam 'n voorbeeld was van slawe wat hul eie kultuur apart van die koloniale kultuur aan die Kaap probeer skep of handhaaf het. Tog is daar geen bewyse dat Islam aan die Kaap voor die tweede helfte van die 18<sup>de</sup> eeu beoefen is nie (vgl. Ross 1983: 16; 1999: 138-39). Volgens tradisie het Sjeik Yusuf Islam in 1694 na die Kaap gebring. Ofskoon daar geen duidelike bewys is van slawe wat in hierdie tyd die Islam aangehang het nie, is dit egter nie onwaarskynlik nie dat Sjeik Yusuf en sy volgelingen (daar was 12 imams onder hulle) in die vyf jaar tot sy dood in 1699 sommige slawe tot die Islam kon bekeer het. Ofskoon sy graf ná sy dood 'n soort ikoniese status onder die slawe verkry het, is dit tog so dat daar

<sup>77</sup> Daar word byvoorbeeld deur een waarnemer genoem dat *Maleise* slawe by haangevegte betrokke was (vgl. Ross 1999: 133).

geen uitstaande groep Moslems aan die Kaap was tot veel later nie (Dangor 1994: 21-23; Ross 1983: 20; Biewenga 1999: 280).<sup>78</sup> Die evidensie rondom Christenslawe is ook problematies. Dit is wel so dat heelwat slawekinders in die 17<sup>de</sup> eeu gedoop is. Dit was veral die geval met die kompanjieslawe, veral nadat Kommissaris Van Reede spesiaal hieroor 'n aanbeveling gemaak het (vgl. Hulshof 1941: 209), waar die meeste kinders wat in die slawelosie gebore is, wel gedoop en in die Christendom onderwys is. Dit was egter 'n ander geval by kinders van privaatslawe waaronder die doopsyfer hoe langer hoe meer afgeneem het (Shell 1994: 343-46). Die doopsyfer onder volwasse slawe, beide VOC- en privaatslawe, was baie laag (Shell 1994: 341). Hoeveel van hierdie mense gereeld die kerk bygewoon het, is moeiliker om te sê. Wel noem Kommissaris Van Reede dat die slawekinders van die VOC vir die eerste keer in 1685 kerkdienste begin bywoon het (Hulshof 1941: 234). Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar nie net min slawekinders in die laat 17<sup>de</sup> eeu aan die Kaap was nie, maar dat die meeste van hulle ook aan die VOC behoort het, en dus nogal iets van 'n uitsonderlike posisie beklee het.

Liefdes- en seksuele verhoudings tussen slawe onderling en met ander het ook geleentheid geskep vir kontak tussen mense met verskillende moedertale. Weens die aard van die historiese bronne is dit moeilik om uitsprake te maak oor die persoonlike lewe van slawe, maar Shell reken dat daar wel gevalle in die slawelosie was van slawe wat permanente verhoudings aangegaan het (huwelike as sodanig is nie tussen slawe toegelaat nie) (Shell 1994: 201-2). Die slawelosie het egter berug geword as 'n bordeel, gewoon omdat dit tussen 1655-1714, soos Shell (1994: 71) dit stel, "housed the largest number of unattached women in the male-dominated Cape". Ten spyte van maatreëls daarteen, is Europese mans, beide plaaslike en verbygaande, blykbaar vir een uur per nag, asook op Sondae, toegelaat om die slavinne te besoek (Elphick & Shell 1989: 194-95; Shell 1994: 71, 178; Biewenga 1999: 212-13; Dooling 1994: 21).<sup>79</sup> Daar is ook ander gevalle bekend van bordele wat met privaatslavinne bedryf is (Ross 1983: 21; Biewenga 1999: 213). Dit is nie moontlik om te sê van hoe 'n diepgaande aard sodanige verhoudings was nie, maar daar is tog gevalle bekend van eienaars van privaatslawe wat seksuele verhoudings met slaaf of slavin oor 'n lang tydperk gehad het (vgl. Penn 1999: 9-10, 17-19, 54-55; Biewenga 1999: 213-14).

Die detail hierbo is gebruik om te illustreer hoe nou kontak tussen slawe onderling en Europeërs in Kaapstad gedurende die laat 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu was. Kompanjieslawe in die Losie het veel geleentheid gehad om onderlinge kontak met ander slawe te onderhou, veral ook omdat dit uit data oor hul herkoms lyk asof die inwoners daarvan in hierdie tyd meer homogeen was. Privaatslawe had minder kans om soortgelyke noue kontak met baie ander slawe te hê.<sup>80</sup> Hiervoor is daar twee redes: eerstens was daar in hierdie stadium nog nie soveel slawe per huisgesin in Kaapstad nie (daar is natuurlik uitsonderings wat ryker inwoners betref). Ten tweede het die meeste slawe in die huise onder die wakende oog van hul eienaars geslaap: volgens Shell het die meeste slawe-eienaars in hierdie vroeë periode saam met hul slawe in dieselfde kamer geslaap. Dit was eers

<sup>78</sup> Van die 49 volgelinge van Sjeik Yusuf het almal, met twee uitsonderinge, in die vroeë jare van die 1700's na Indonesië teruggekeer (Dangor 1994: 22-23).

<sup>79</sup> Volgens Charles Lockyer wat die Kaap vroeg in die 1700's besoek het: "There is but little notice taken of the Sailors, who lodge in their Room, and for the Women themselves, they are so fond of white Children, that they would willingly have no other, whence the Breed is highly improv'd, many of them as white as Europeans" (Lockyer 1711: 297).

<sup>80</sup> Dat die kompanjie- en privaatslawe in Kaapstad wel ook sosiale kontak met mekaar gehad het, blyk duidelik uit Kolb. Hy vertel dat eienaars van privaatslawe laasgenoemde verbied het om ten tyde van 'n besmetlike siekte die slawe in die Losie te besoek, maar dat die privaatslawe "het verbod van haar Meesters vergate, en zich by deze met de dood worstelende besmette menschen begaven, aldaar haar bekenden en landsgenoten bezochten ..." (Kolbe 1727 I: 397).

later, toe daar meer slawe per huisgesin was, dat daar begin is om manlike slawe soms in 'n aparte (buite)vertrek te laat slaap. Slavinne daarenteen het steeds in die kombuis geslaap (Shell 1994: 252-54; Worden 1985: 92-93). Die aard van hul werk en hul sosiale verkeer laat mens tot die slotsom kom dat die meeste privaatslawe in Kaapstad in die 17<sup>de</sup> eeu relatief nouer kontak met hul eienaars gehad het, en miskien relatief iets minder met ander slawe. Kompanjieslawe had weer meer geleentheid om met ander slawe te 'meng', en het nie sulke noue kontak met Europeërs gehad nie, hoewel daar vir hulle ruim geleentheid in hul sosiale omgang was om met Europeërs kontak te hê. Daar moet in gedagte gehou word dat die meerderheid van alle slawe aan die Kaap in die 18<sup>de</sup> eeu in Kaapstad was, en dat die meeste hiervan kompanjieslawe was.

Dit is duidelik uit die aard van hul werk en hul vryetydsbesteding dat stedelike slawe, en dan veral die VOC-slawe, tog 'n redelike mate van vryheid, of eerder mobiliteit, gehad het met minder voortdurende toesig of kontrole (Ross 1999: 131). In hul vrye tyd het slawe ook baie kontak met veral die 'laer' klasse van die Europese samelewing gehad, waaronder veral die soldate in die garnisoen en verbygaande matrose. Ross wys daarop dat die sosiale afstand tussen hierdie 'onderklas' en slawe baie kleiner was as bv. dié tussen die laer klasse en hul meerderes. Volgens hom was daar eerder "a major distinction between the small number of respectable people ... and the rest, whether they be passing sailors, resident soldiers, free blacks, Chinese or slaves" (Ross 1983: 22, vgl. 21). Daarom het die werk wat slawe in die stad gedoen het, enersyds, en die aard van die stad, andersyds, tot gevolg gehad dat die 'wêreld' van stedelike slawe in 'n groot mate verskil het van dié van landelike slawe: "The diversity of occupations and the normal relationships of the town allowed a great amount of contact between slave and free, in the pub as well as in the workplace. What is more, they allowed a degree of social mobility unheard of in the countryside" (Ross 1980: 12).

### 5.7.2 *Landelike slawe*

Laat ons vervolgens kyk na die kontaksituasie in die landelike gebiede. Daar moet in gedagte gehou word dat vir die tydperk onder bespreking, die aantal slawe op die platteland aansienlik gevarieer het. In die 1680's was daar heel min wat eers in die laat 1690's toegeneem het. In die eerste dekades van die 18<sup>de</sup> eeu het die aantal privaatslawe verder toegeneem, maar nog nie soveel as later nie. Daarby was daar ook groot verskille tussen die onderskeie landelike gebiede: die aantal slawe in die Kaapse distrik het die boerebevolking ver oortref, terwyl die slawebevolking van Drakenstein weer proporsioneel 'n klein deel van die bevolking daar uitgemaak het (vgl. §§ 5.5.2 & 5.6.3). Maar eers moet daar kortliks gekyk word na die enkele kompanjieslawe buite die stad.

Min slawe van die VOC, omtrent 10-15%, was in die landelike distrikte werksaam. Sulke slawe was gewoonlik op die sg. buiteposte van die VOC gestasioneer. Buiteposte was "amptelike en gevestigde besetting[s] met bepaalde funksies en met permanente personeel" wat gedien het as "gedesentraliseerde hulpdiensstasies" (Sleigh 1993: 94-95). Die funksies van die poste het verskil – sommige het bestaan ter wille van die tuinbou, ander vir die veeruil en nog ander weer vir verdedigings- en verkenningsdoeleindes. Vanaf die 1650's is daar poste gestig, en hulle het dwarsdeur die Nederlandse besetting aan die Kaap voorgekom en was oor 'n wye gebied versprei. Sulke poste het nie net aan die grensgebiede van die kolonie voorgekom nie (bv. Riviersonderend, Saldanha- en St. Helenabaai), maar ook relatief naby die Kaapse nedersetting: Nuweland en Rustenburg, byvoorbeeld, was baie belangrike poste waar tuinbou- en houtversamelingaktiwiteite primêr was – hulle is daarom soms ook verversingsposte genoem. Die aard van 'n pos het bepaal hoeveel mense dit beman het

– gevolglik het poste gewissel van eenmansposte tot groot poste met tientalle kompanjiesdienaars. Hierdie mense was gewoonlik enkele VOC-amptenare met 'n aantal soldate (wat 'n verskeidenheid take moes verrig). Blykbaar was poshoudiens oor die algemeen gewild (waarskynlik weens die minder rigiede roetine en relatiewe afwesigheid van streng toesig) en die posvolk het jare lank op een pos gedien, maar soms ook van die een na die ander pos verskuif. Min wou na die Kaapse garnisoen terugkeer, terwyl heelwat ná afloop van hul diens om vryburgerskap aansoek gedoen het en boere geword het (Sleigh 1993: 98-100, 115-17).

Die beskikbare bronne laat ons ongelukkig nie toe om te sê hoeveel slawe daar op die verskillende buiteposte in die onderhawige periode was nie. Wel kan ons op grond van tendense uit die 18<sup>de</sup> eeu sekere patrone aandui: in 1789 was 55% van die totale aantal kompanjieslawe wat op buiteposte gewerk het, by die verversingsposte Nuweland en Rustenburg gestasioneer (Sleigh 1993: 122). Selfs al het hierdie poste in die loop van die 18<sup>de</sup> eeu belangriker geword (omdat onderskeidelik die goewerneur en sekunde daar gewoon het), is dit hoogs waarskynlik dat hulle, weens die belang van tuinbouprodukte en hout vir die Kaapse ekonomie, ook in die 17<sup>de</sup> eeu die grootste deel van buitepos-slawe vereis het. Hoewel enkele van die ander buiteposte in die laat 18<sup>de</sup> eeu ook tientalle slawe gehuisves het (Sleigh 1993: 122-24), is dit onwaarskynlik, gegee die klein aantal slawe betrokke, dat daar in die laat 17<sup>de</sup> eeu ook sulke getalle op die ander buiteposte was. Gedurende die 18<sup>de</sup> eeu het die meeste van die groter buiteposte hul eie slawelosies gehad (Sleigh 1993: 120). In die 17<sup>de</sup> eeu was dit waarskynlik nie die geval nie, behalwe miskien poste soos Rustenburg en Nuweland waar meer slawe werksaam was. Ook wat die numeriese verhouding tussen blankes en slawe op hierdie poste betref, is daar onsekerheid, maar ons weet dat dit in die 1780's 60:40 was (Sleigh 1993: 123). Gegee die feit dat daar teen die tweede helfte van die 18<sup>de</sup> eeu geen tekort aan slawe was nie, was die verhouding in die 17<sup>de</sup> eeu heeltemal anders. Na alle waarskynlikheid het die aantal Europeërs op die meeste poste, uitgesonder die verversingsposte, die slawe verreweg oortref.

Die werk van die slawe het van die funksie van die buitepos afgehang. By die graanbou- en verversingsposte moes hulle die lande, wingerde en tuine bewerk en versorg, terwyl sommige hout versamel en bewerk het (Sleigh 1993: 117-18). Op ander weer het slawe die vee versorg en opgepas, of vis gevang. Kleiner poste het waarskynlik slawe gehad wat algemene instandhoudingswerk moes verrig (Sleigh 1993: 123-24). Waarskynlik was buiteposte in veel gevalle soortgelyk aan plase waar slawe 'n groot verskeidenheid van take moes verrig (sien hieronder).

Dit behoort duidelik te wees dat, uitgesonder die enkele poste met 'n groot slawebevolking, die meeste buiteposte, gegee die klein personeel en hul afstand van die stad, taamlik geïsoleerd was. Op sulke poste was slawe se kontak waarskynlik beperk tot hul mede-bewoners op die pos, en hulle was ook op hierdie mense aangewese vir sosiale kontak. Slawe was byvoorbeeld nie toegelaat om sonder die goewerneur se toestemming 'n pos te verlaat om na 'n ander te gaan nie – hoewel slawe tog as boodskappers tussen poste gebruik is (Sleigh 1993: 118). Dat kontak uitermate nou was, blyk ook uit die enkele gevalle uit die 18<sup>de</sup> eeu van posvolk wat kinders by slavinne verwek het (Sleigh 1993: 119). Dit moet egter beklemtoon word dat die isolasie van slawe op die buiteposte, net soos met slawe op plase, relatief was. Gedurende ploeg- en oestyd is kompanjieslawe uit Kaapstad gestuur om die slawe op graanbouposte by te staan (Sleigh 1993: 117). Slawe op buiteposte is ook toegelaat om aan die einde van die maand na Kaapstad te loop om daar hul rantsoene te ontvang (Sleigh 1993: 120). Ten spyte hiervan, is dit duidelik dat die lewe van 'n VOC-slaaf in die landelike gebiede nogal radikaal van dié in die stad verskil het. Uit die aard van buiteposte en slawe se werk dáár was buitepos-slawe nie in staat

om soveel kontak met veel ander slawe te hê nie, terwyl hulle noodgedwonge in noue kontak met die Europeërs op die pos moes saamleef. Ongetwyfel het dit implikasies vir kommunikasie gehad.

Die meerderheid van slawe buite Kaapstad was privaatslawe op plase. Soos hierbo verduidelik, was daar egter veel meer Europeërs as slawe op die platteland, en selfs in die beginjare van die 18<sup>de</sup> eeu was slawebesit onder boere nog geensins algemeen in Stellenbosch en Drakenstein nie, terwyl die meeste boere wat wel slawe besit het, slegs een of twee gehad het. Vryburgergesinne in die landelike distrikte was daarenteen groot. Daar is reeds gewys op die vrugbaarheid van Europese vroue in die landelike distrikte en die hoë kindertal. Hierby moet ook die teenwoordigheid van Europese knegte op plase gereken word. Dit is almal belangrike feite om in gedagte te hou as mens oor die kontak tussen slawe en Europeërs in die landelike gebiede besin. Die feit dat vryburgers op relatief groot plase verspreid oor 'n groot gebied gewoon het, het tot gevolg gehad dat boerderye geïsoleerd van mekaar was, en dat 'n huishouding op 'n plaas meer op sigself aangewese was.

Wat behels so 'n huishouding, en bowenal, hoe groot was dit? Biewenga het hierdie vraag vir die Stellenbosch-distrik probeer beantwoord. Hy definieer 'n huishouding só: "De leden van een huishouden slapen onder één dak, én ze verrichten allerlei gemeenschappelijke economische activiteiten" (Biewenga 1999: 90). Hieronder reken hy dus naas 'n boer met sy gesin ook volwasse, tuiswonende seuns, inwonende knegte, slawe en slawekinders. Die tuiswonende seuns is van belang omdat seuns ouer as 16 jaar in die administrasie van die tyd as hoof van 'n eie huishouding (en dus belastingpligtig) gereken is en as sodanig in die opgaaf opgeteken is. Dit is iets wat in feite nie waar was nie, veral omdat mans in dié tyd later getrou het, en veel seuns oor te min kapitaal beskik het om self onmiddellik op hul eie te begin boer (vgl. Guelke 1988: 463). As veronderstel word dat alle individue in die opgaaf (dus ook sulke tuiswonende seuns) 'n huishouding uitmaak, sou dit beteken dat 'n gemiddelde huishouding in Stellenbosch in 1688 uit 2,6 mense bestaan het. Kennelik gee hierdie syfer 'n skewe beeld en is dit te laag. Biewenga stel voor dat mens die gemiddelde uitwerk deur net die syfers vir egpare te gebruik – van 'n egpaar weet mens seker dat hulle 'n huishouding vorm. Dan kom die gemiddelde uit op 6,3 vir dieselfde jaar. Dit is weer te hoog vir die egte gemiddelde omdat getroude mans uiteraard meer mense, spesifiek hul kinders, in 'n huishouding sou hê as ongetroude mans. Die ware stand van sake is waarskynlik tussen hierdie twee syfers te vind. Mens kan dus sê dat 'n Stellenbosse huishouding in 1688 *gemiddeld* 4,4 mense bedra het. Teen 1704 het eersgenoemde syfer tot 4,3 gestyg en laasgenoemde tot 8,7 met as gemiddelde 6,5 (Biewenga 1999: 90-91).<sup>81</sup> Huishoudings in Stellenbosch het duidelik gedurende die 1690's groter geword – ongetwyfeld die gevolg van die groeiende aantal slawe op die platteland, maar ook die groter beskikbaarheid van huweliksmaats vir vrygeselle.<sup>82</sup> Ons kan selfs met redelike sekerheid sê hoe so 'n huishouding saamgestel is. Volgens Biewenga was daar teen 1704 gemiddeld 8,7 persone in 'n egpaar se huishouding. Daar is hierbo reeds verduidelik dat vryburgers teen dieselfde tyd gemiddeld ongeveer 5 kinders per huisgesin gehad het. Dus moet die ander 1-2 persone in so 'n huishouding slawe of knegte gewees het. Weinig boere het meer as een kneg gehad, terwyl die gebruik van knegte teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu sterk begin afneem het. Kortweg, aan die

<sup>81</sup> Die vergelyking kan verder uitgebrei word: teen 1719 was die syfers 6 en 10, met gemiddeld 8. Dus het die huishoudings tussen 1704-1719 met 1,5 toegeneem. Dit is interessant genoeg minder as vir die 16-jaar periode ná 1688. Dit het waarskynlik te make met die stabilisering van die Stellenbosse bevolking in die begindekades van die 18<sup>de</sup> eeu, hoewel die pokke-epidemie ook 'n invloed kon gehad het.

<sup>82</sup> Biewenga (1999: 91) wys daarop dat die omvang van Stellenbosse huishoudings groter was as vir die Nederlandse platteland waar die gemiddelde huishouding in die 18<sup>de</sup> eeu tussen 4-5 persone beloop het. Ongetwyfeld is die teenwoordigheid van slawe verantwoordelik vir die groter omvang van huishoudings aan die Kaap.

begin van die 18<sup>de</sup> eeu het 'n huishouding in die Stellenbosch-distrik bestaan uit: 1-2 blanke mans, 1 blanke vrou, 5 kinders en 1-2 slawe of slavinne wat almal saam gewoon en gewerk het.<sup>83</sup>

Die plase van die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte was meestal graanproduserend, ofskoon daar teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu ook begin is met wynbou, en die meeste boere ook vee besit het en dus meer 'n gemengde boerdery bedryf het. Landelike slawe het binne die huishouding gehelp met die bedryf van hierdie plase, en het gevolglik nou saam met die eienaar en kneg, indien daar een was, gewerk.<sup>84</sup> 'n Boerdery vereis 'n verskeidenheid van take, en weens die klein aantal slawe betrokke, moes slawe op plase 'n groot aantal verskillende take verrig het. Uit Tas se Dagboek blyk duidelik die verskeidenheid van take wat slawe op plase moes verrig: van wingerdsnoei, die omspit en skoffel van grond tot die oes en dors van koring (vgl. Fouché & Böeseken 1970: 56-58, 72, 76, 104-6, 118-28, 148-52, 166, 178, 188, 194). Hiernaas noem Tas ook van die ander take wat sy slawe verrig is, nl. houtkap, karweiwerk, visvang en om as boodskappers diens te doen (Fouché & Böeseken 1970: 58, 122, 118, 136). Slawe se werk het egter verskil na gelang van die seisoen (Worden 1985: 20). Dit was veral gedurende ploeg- en saaityd (Mei-Julie) en oes- en dors- of parstyd (Desember-Februarie) dat plase uiters arbeidsintensief was en slawe buitengewoon hard gewerk het om hierdie take te verrig. Dit was dan ook heel gewoon dat in gevalle waar slavinne as huishoudelike slawe op plase gewerk het, hulle ook met hierdie druk tye op die landerye ingespan is. Anders as met VOC-slawe is daar ook van slawekinders verwag om te help met die werk. Boere wat dit kon bekostig, het gewoonlik ook gedurende hierdie tye addisionele arbeidskragte, hetsy slawe, knegte of Khoekhoen gehuur om te help (vgl. §§ 5.5.3 & 5.6.2). Naas hierdie belangrike arbeid is slawe ook gebruik as tuiniers, veewagters en huishoudelike bediendes (veral slavinne), hoewel hulle waarskynlik met alles en nog wat hul meesters moes bystaan (Worden 1985: 20-24, 87-88; Ross 1983: 26-28).

Dit is nuttig om hier in gedagte te hou dat slawebesit meer algemeen in die landelike gedeeltes van die Kaapse distrik was as in die Stellenbosch- en Drakenstein-distrikte. Dit hou verband met die ekonomiese aktiwiteite van die plase en die rykdom van die individuele boere. Die grootste graanprodusente het in die Tygerberg en Swartland voorgekom, terwyl boere in die ander distrikte meer geneig tot gemengde boerdery was, ten minste wat die laaste dekades van die 17<sup>de</sup> eeu betref. Hierdie groot graanboere, en later ook wynboere, kon meer slawe besit. Dit was dan ook op hierdie plase waar daar 'n groter verskeidenheid van slawe was, met 'n duideliker verdeling van arbeid (en waar slawe dikwels onder 'n kneg of mandoor as slawe-opsigter gewerk het).<sup>85</sup> Dit verklaar waarom die konsentrasie van slawe naby Kaapstad hoër was. Daarteenoor het die opkoms

<sup>83</sup> Natuurlik was blanke mans soms met 'nie-blanke' vroue getroud, en was daar ook vryswartes wat huishoudings in Stellenbosch gehad het. Sulke gevalle vorm egter uitsonderings (sien hieronder vir details). Ek gebruik hierdie terme om 'n sekere tendens aan te dui wat van belang vir kommunikasie was: 'n groot aantal mense van min of meer Europese afkoms met waarskynlik 'n redelik goeie kennis van Nederlands teenoor 1-2 mense van Oosterse of Afrika-afkoms vir wie Nederlands waarskynlik 'n vreemde taal was, en wat almal op mekaar aangewese was binne 'n huishouding.

<sup>84</sup> Biewenga (1999: 92) maak die belangrike punt dat die stereotipiese beeld van blankes wat ongeneë was om swaar hande-arbeid te verrig en slegs as opsigtors oor slawe wou optree, nie uit hierdie pionierstyd stam nie. Behalwe op die landgoedere van patrisiërs, het slawe nou saam met hul eienaars die grond bewerk.

<sup>85</sup> Die grootste slawebesitters gedurende die 17<sup>de</sup> eeu op die platteland was die sg. patrisiërs. Ongelukkig is daar nie soveel oor die aard van slawerny op hul landgoedere bekend nie. Ons weet egter dat W.A. van der Stel op sy plaas Vergelegen gedurende 1699-1706 'n slawelosie, wat tot 100 slawe kon huisves, gebou het (Shell 1994: 254). Kennelik moes die lewe van 'n slaaf op só 'n landgoed, waar hy of sy saam met tientalle ander slawe in 'n slawelosie gewoon het, heelwat verskil het van daardie slawe wat as enkelinge by groot huisgesinne op plase gewoon en gewerk het. In so 'n situasie was onderlinge kontak tussen slawe meer algemeen, terwyl noue kontak met blankes nie so veel voorgekom het nie. Die situasie van slawe by die suksesvolle en welaf graanboere was waarskynlik iets tussen dié van slawe op 'n patrisiërlandgoed en dié op plase met slegs enkele slawe. Werklik groot getalle slawe onder privaatpersone het eers heelwat later in die 18<sup>de</sup> eeu

van veeboerdery op die noordelike grensgebiede veroorsaak dat sommige boere met weinig slawe oor die weg gekom het. Die groter spesialisasie wat gedurende die 18<sup>de</sup> eeu onder boere ontwikkel het, het oor die algemeen gelei tot groter slawebesit. Dit het veral in die Kaapse distrik, maar ook in Stellenbosch gebeur. Dit verklaar waarom die gemiddelde aantal slawe per boer in hierdie gebied hoër as elders was (vgl. § 5.6.3) (Worden 1981: 11-19; 1985: 24-28).

Uit die aard van hul werk was slawe gebonde aan die plaas en in noue kontak met die res van die huishouding op die plaas. Soos Nigel Worden uitgewys het, het baie slawe op die platteland in totale isolasie van ander slawe gewoon. In die stad was daar nouer kontak tussen slawe van verskillende eienaars en het hulle oor groter beweegbaarheid in die stedelike omgewing (in beide hul werkverrigting en sosiale lewe) beskik. Sodanige kontak was nie moontlik vir landelike slawe nie en hulle had dus minder sosiale en kulturele kontak met ander slawe (Worden 1985: 86). In teenstelling met hul isolasie van ander slawe was privaatslawe op plase, weens die aard van die plattelandse ekonomie, in nouer kontak met hul eienaars terwyl toesig oor slawe ook strenger en meer nougeset was as in die stad (Ross 1983: 12). Slawe en blankes het saam gewoon en gewerk. Ofskoon mens lees van slawe wat “in’t corenhuijs” slaap, lyk dit asof veel slawe gedurende die onderhawige tyd in die plaashuis met die res van die huishouding gewoon het, veral gesien die klein hoeveelheid slawe op plase (Biewenga 1999: 111; vgl. Worden 1985: 92; Hattingh 1981: 58). Slawe was dus byna voortdurend in kontak met hul meesters.

Daar moet in gedagte gehou word dat die beeld hier geskets van slawe wat geïsoleerd op en gebonde aan die plaas woon, *relatief* is. Uitsonderings het voorgekom, en slawe kon kontak hê met ander mense buite die plaas waarop hulle gevestig was. So byvoorbeeld was dit ’n algemene gebruik onder boere om slawe aan mekaar te leen, terwyl sommige mense hul inkomste aangevul het deur hul slawe uit te huur (vgl. Biewenga 1999: 238; Worden 1985: 87-88; Ross 1983: 26). Daar is soms van slawe verwag om in die verrigting van hul take die plaas te verlaat, en soms met ander slawe of blankes saam te werk (vgl. Biewenga 1999: 95-96, 111 vir voorbeelde). Slawe in die landelike gebiede het dus wél kontak met ander gehad, maar hulle was, in vergelyking met hul medeslawe in Kaapstad, relatief geïsoleerd van mekaar en in nouer kontak met die blankes saam wie hulle op die plaas gewoon en gewerk het.

Watter soort sosiale kontak het plattelandse slawe met ander slawe en blankes onderhou? Die wyse waarop slawe in die platteland hulself vermaak het, stem grootliks ooreen met dié van stedelike slawe. Dit is egter die plek waar sosiale kontak plaasgevind het, die omvang daarvan en die mense met wie plattelandse slawe sosiale kontak gehad het, wat wel in ’n mate verskil.

Hoewel daar in die 17<sup>de</sup> eeu van regeringskant gevoel is dat Sondag as rusdag geheilig moes word, skyn dit nie asof die meeste boere in die landelike distrikte hulle veel hieraan gesteur het nie. Biewenga (1999: 205-8) wys op verskeie voorbeelde van vryburgers wat gewoon voortgegaan het met hul werk of die dag vir plesier gebruik het. Waarskynlik het sulke mense ook nie die gebruik om slawe op ’n Sondag te laat rus, nagekom nie. Alhoewel hierdie gebruik in die hele Kaapkolonie voorgekom het, skyn dit asof dit erger was in die landelike gebiede waar daar gedurende die laat 17<sup>de</sup> eeu nie altyd predikante was nie, en kerkbywoning laag was (vgl. Biewenga 1999: 174-209). Anders as in die stad waar ’n groot aantal VOC-slawe vryetyd op ’n Sondag gehad

---

voorgekom. Selfs toe was hierdie slawe verprei oor verskeie eiendomme. Martin Melck, die rykste vryburger van sy tyd, het in 1774 in totaal 101 slawe besit, maar ook 8-9 plase wat deur hierdie slawe bewerk is (Ross 1983: 23).

het en ook heelwat ander slawe met wie hulle dit kon deurbring, was die situasie op die platteland anders: slawe was verspreid van mekaar en meer aangewese op hul eenaars.

Dit beteken egter nie dat slawe geheel en al nie kon sosialiseer nie. Kennelik moes sommige eenaars tog hul slawe op Sondag vryetyd gegun het, want in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu kla die Stellenbosse landdros oor die slawe wat spesifiek op Sondag “met vegten, slaan en smijten in groot rumoer” die weë onveilig vir vryburgers maak. Hierdie aksies van slawe skyn die gevolg te gewees het van die beskikbaarheid van sterk drank, en daarom is daar ook gereeld gekla oor die verkoop van drank aan slawe (Biewenga 1999: 74 met aanhaling). Op sulke byeenkomste, net soos in Kaapstad, het die landelike slawe ook graag gedobbel en kaart gespeel. Ten einde goeie orde te probeer hou, is vryburgers en knegte verbied om met slawe of bandiete te dobbel en te speel (Biewenga 1999: 234-35). Juis die feit dat so ’n plakkaat uitgevaardig is, dui daarop dat dit wel gereeld gebeur het. In die vroeë 18<sup>de</sup> eeu word daar dan ook gekla oor slawe wat “des nagts van hunne meesters abzenteeren en in eenige agterbuurte *of huijzen van vrijluijden* te zaamen komen om met malkanderen te dobbelen, dronken te drinken, en meer vuijle ongereegeltheeden aan te regten” (aangehaal in Biewenga 1999: 204, my kursivering). Daar is ook meer direkte getuienis van gevalle waar slawe saam met knegte in taphuise in die landelike gebiede hulself dronk drink (Ross 1999: 137; Worden 1985: 99). Ongelukkig weet ons weens gebrek aan getuienis nie soveel oor die sosiale lewe en kontakte van slawe op die platteland nie, maar die beeld wat mens kry, is van slawe wat, waar hulle nie so dikwels onderlinge kontak met mekaar kon hou nie, wel meer aangewese was op hul eenaars en veral dié se knegte vir sosiale kontak (vgl. Shell 1994: 23-24).<sup>86</sup>

Gevalle van duidelike sosiale kontak waarvan ons wel weet, is liefdes- en seksuele verhoudings tussen slawe en vryburgers of knegte. Hierdie verskynsel is nie so verwonderlik nie as mens in ag neem dat 60% van die vryburgermans gedurende die 17<sup>de</sup> eeu aan die Kaap vrygeselle was (De Wet 1981: 149). Tog is daar verskeie gevalle bekend van beide ongetroude en getroude mans in die Stellenbosch-distrik wat in die onderhawige tyd verhoudings met slavinne gehad het. Ook gevalle van getroude vroue wat verhoudings met slawe aangeknoop het, is bekend (Biewenga 1999: 214-15, 238, 275-76; Heese 1984: 9-11). Hoewel sodanige verhoudings intieme kontak moontlik maak, behoort dit nie oorbeklemtoon te word nie, veral nie vir hierdie vroeë periode en op die platteland nie, gewoon omdat daar so min slavinne was.

Uit die voorafgaande paragrawe behoort duidelik te wees dat die lewe van ’n plattelandse slaaf heelwat verskil het van dié van stedelike slawe. Beide privaat- en kompanjieslawe in die landelike gebiede het grootliks geïsoleerd van mekaar gewoon. Dit het sosiale kontak minder moontlik gemaak. Uit die aard van hul werk en die samestelling van ’n huishouding op die platteland, was ’n slaaf in noue kontak met sy of haar eenaars. Die bietjie wat bekend is oor slawe se sosiale kontakte in die landelike distrikte, dui ook daarop dat hulle hier, anders as met stedelike slawe, meer op blankes aangewese was, hoewel hulle sekerlik ook probeer het om met

<sup>86</sup> Hoewel hier voorbeelde gegee word van sosiale kontak tussen slawe en knegte, weet ons nie in hoe ’n mate sulke kontakte bloot uit nood gebore was nie – daar was dalk geen ander nie. Ons siening van die vroeë Kaapse samelewing word sterk gekleur deur die hofrekords wat behoue gebly het (wat ’n skewe beeld gee). Hieruit blyk dat die verhouding tussen slawe en knegte, veral waar laasgenoemde as slawe-opsiener optree, nie altyd vriendskaplik was nie. Ross (1999: 137) stel dit sag waar hy skryf dat “the power relations on the farms often led to conflicts between the slaves and the ‘knechts’ or overseers” – in die hofrekords lees mens van die gruweldade wat knegte, soms alleen en soms in samewerking met hul meesters, teenoor slawe gepleeg het (vgl. Worden 1982: 43-60; 1985: 89, 107-09; Biewenga 1999: 112-115 hieroor). Ofskoon historici dikwels op hierdie gewelddadige aspek van die verhouding tussen slawe en blankes klem lê, moet mens in gedagte hou dat nie naastenby alle meesters sadisties was en dat alle slawe erg gely het nie. Juis die feit dat sulke onreg bekend geword het en veroordeel is, dui daarop dat dit nie algemeen aanvaarbaar was nie. Biewenga (1999: 110-112) wys daarop dat daar ook ’n groot mate van vertroue en lojaliteit tussen slawe en hul eenaars was (vgl. ook Worden 1985: 103).

mekaar kontak te hou (en daarom snags probeer bymekaar kom het). Die wêreld van 'n plattelandse slaaf het aansienlik verskil van dié van 'n stedelike slaaf omdat, soos Robert Ross (1980: 12) dit stel, "Cape Town was a much freer place than the *platteland* of its hinterland". Hierdie vryheid moes ook op talige kommunikasie 'n invloed gehad het. Op plase, anders as in die stad, was daar weinig, indien enige, moontlikheid vir slawe om met ander mense van hul eie taalgroep te kommunikeer. Die teenoorgestelde is die gevolg: hulle moes hulle gewoon, soos met alles anders, skik na die res van die huishouding, wat oorwegend Europees was.

#### 5.8 Die vryswartes aan die Kaap tot ca. 1720

'n Groep mense wat bygedra het tot die heterogene aard van die Kaapse samelewing en wat vanaf die laat 17<sup>de</sup> eeu na vore gekom het, was die sg. vryswartes. Daarom word hulle hier bespreek. Oor wie presies as vryswartes beskou moet word, bestaan ietwat van 'n meningsverskil. Volgens Elphick en Shell (1989: 184 noot) was vryswartes "all free persons wholly or partially of African (but not Khoikhoi) or Asian descent". Hierdie definisie sluit dus naas vrygestelde slawe ook die sg. Chinese in, gewoonlik mense wat as bannelinge na die Kaap gekom het en ná die uitdien van hul vonnisse aan die Kaap gebly het. Daarenteen definieer De Wet (1981: 2) vryswartes net as "nie-blanke persone wat as slawe na die Kaap toe gebring is en hier vrygestel is, asook mense wat uit 'n verbintenis tussen slawe aan die Kaap gebore is en hier hul vryheid verkry het". Dit strook meer met die algemene siening van vryswartes in die literatuur. Kortweg kan mens sê dat vryswartes vrygestelde slawe was – Chinese is in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu altyd as 'n aparte kategorie *naas* die vryswartes en vryburgers gereken (vgl. Böeseke 1970: 15-17 en 1977: 77-78; Heese 1984: 3 n. 10). Hierby moet gevoeg word dat die vrygestelde slawe, in ieder geval wat die onderhawige tydperk tot ca. 1720 betref, in wetlike opsig gelyk aan die vryburgers was.<sup>87</sup> Hulle het dieselfde regte en voorregte gehad en kon net soos die vryburgers grond besit en sake doen (Elphick & Giliomee 1989a: 532; Böeseke 1970: 15; De Wet 1981: 204, 215). Die term 'vryswart' was klaarblyklik nie oorerflik nie – die kinders van vryswartes wat in vryheid gebore is, is as vryburgers beskou. Geboorte, en nie ras nie, het, soos Biewenga dit stel, die onderskeidende prinsipe vir status gevorm (Biewenga 1999: 272-74; vgl. Ross 1994: 73; Heese 1984: 21 met n. 21). As gevolg hiervan het die aantal vryswartes nooit noemenswaardig gestyg nie, ofskoon die 'gekleurde' bevolking wel toegeneem het, maar omdat laasgenoemde nie as 'n onderskeidende kategorie beskou is nie, weet ons min oor hulle (vgl. Ross 1994: 72-73).

Die eerste slawe wat vrygestel is, was vroue: in 1656 Catharina Anthonis van Bengale en in 1658 Maria van Bengale. Beide het met hul vrystelling met Europeses in die huwelik getree. In 1666 is Angela van Bengale vrygestel – ook sy het enkele jare later met 'n vryburger getrou (Böeseke 1977: 78-80; Heese 1984: 5-6; vgl. hieronder). Weens die relatief lae getal slawe aan die Kaap, was daar min vrystellings in die 1660's en 1670's. Volgens De Wet was daar in 1678 slegs 13 vryswartes (3 mans en 4 vroue met 6 kinders) aan die Kaap. Die

<sup>87</sup> Dit het egter in die verloop van die 18<sup>de</sup> eeu verander. Daar is oor die algemeen 'n mentaliteitsverandering, veral wat betref siening van rasseverhoudinge en slawe-arbeid, teen ca. 1720 aan die Kaap te sinjaleer. Dit het te make eensyds met die groot getal plaaslik-gebore koloniste teen dié tyd asook andersyds die feit dat die Kaap toe reeds vir etlike dekades 'n slawe-kolonie was en die slawetal in die 18<sup>de</sup> eeu geweldig toegeneem het (en waarskynlik ook die feit dat die Khoekhoen as onafhanklike groep in die Wes-Kaap ondergegaan het en deel van die koloniale bestel geword het). Binne die kader van hierdie mentaliteitsverandering het ook die status van die vryswartes verander (vgl. o.m. hieroor Biewenga 1999: 269-70, 273, 274, 276; Elphick & Giliomee 1989a: 532-33; Heese 1984: 29).

situasie het egter gedurende die 1680's verander, want teen 1692 het hierdie getal tot 47 toegeneem. Hierna het hul aantal stabiel gebly; teen 1702 was daar steeds 46 vryswartes aan die Kaap (De Wet 1981: 206). In vergelyking met die syfers oor die vryburgers hierbo, behoort duidelik te blyk hoe klein deel van die totale vry bevolking die vryswartes uitgemaak het: in 1678 het die 13 vryswartes 5,7% van die vryburgerbevolking uitgemaak. Hul aantal het egter nie in dieselfde mate as die vryburgers toegeneem nie want teen 1702 was die vryswartes slegs 3,2% van die totaal (De Wet 1981: 206). Die getal het teen 1719 tot 136 toegeneem wat 6,6% van die totale vryburgerbevolking uitgemaak het (Elphick & Shell 1989: 218). Volgens De Wet se berekeninge was daar in die periode 1657-1707 in totaal 96 manlike individue wat as vryswartes opgeteken is. Dit verteenwoordig 5,6% van die totale aantal manlike vryliede aan die Kaap gedurende dieselfde tyd (De Wet 1981: 205).

Ons weet ook wat die herkoms van hierdie mans was (ongelukkig is daar geen soortgelyke gegewens vir die vroue nie): die meeste (29) het uit Indië en Ceylon gekom, terwyl 22 van die Indonesiese argipel en slegs 6 uit Angola en Guinee afkomstig was. Die res was óf van elders, óf hul herkoms is onbekend (De Wet 1981: 209). Hierdie globale beeld van die herkoms van manlike vryswartes klop met die analise wat Elphick en Shell gemaak het van die 41 vryswartes wat in 1705 aan die Kaap was: hiervolgens was 14 uit Indië en Ceylon afkomstig, 10 van die Indonesiese argipel terwyl 8 aan die Kaap gebore is (Elphick & Shell 1989: 220).

Waarom was daar so 'n skielike toename in die aantal vryswartes gedurende die 1680's? In 1681 het Simon van der Stel by die VOC aanbeveel dat meer slawe met 'n Afrika-herkoms vrygestel behoort te word omdat hulle volgens hom hardwerkend was en goeie boere sou uitmaak. Aangesien die kompanjie juis op hierdie tydstip die uitbreiding van landbou-aktiwiteite wou bevorder, het hulle dit toegestaan. Op hierdie wyse het enkele slawe hul vryheid verkry (Hattingh 1981: 10). Maar volgens Bøeseken (1977: 82) was dit veral die gevolg van Kommissaris Van Reede se besoek in 1685. Hy het bepaal dat slawekinders van "Duijtsche vaders" met die bereik van meerderjarigheid (wat op 25 vir mans en 22 vir vroue gestel is) vrygestel moet word sodat hulle "d'E. Compagnie in dese landen" kan dien en hulself leer onderhou (Hulshof 1941: 204). As voorwaarde moes hulle "belijdenisse gedaen hebbende van de religie en sprekende de Nederduijdsche [sic] taele" (Hulshof 1941: 210).<sup>88</sup> Van Reede het die hoop gekoester dat die VOC mettertyd "het geheele land- en ackerwerk" aan sulke vrygestelde slawe oor kan gee omdat hy glo dat hulle beter dienaars as enige iemand anders sou wees:

Want in dese landen gebooren bij dien dienst [d.i. landbouwerk] opgetoogen, hebbende verstand en lighamelijke sterkte genoegh, en zoude d'E. Compagnie geen beter onderdanen mogen hebben als dese, die geenen anderen heere als d'E. Compagnie, geen andere natie als de onse, noch andere zeeden, taele en manieren kennende, geen andere gedagten, neijgingh noch bewegingh en souden konnen hebben, als die men haer in haer jonkheijt geven kan, als daeromtrent de behoorlijke sorge gedragen wert (Hulshof 1941: 204).

Van Reede het ook ander maatreëls ingestel waarvolgens Kaapsgebore slawe ná 40 jaar en ingevoerde slawe ná 30 jaar diens (onder dieselfde voorwaardes as hierbo) vrygestel moes word sodat hulle "onder een eeuwige dienstbaerheijt en slavernije niet en zouden sugten" (Hulshof 1941: 210-11). Ofskoon Van Reede se

<sup>88</sup> Dit was die algemene voorwaarde vir slawevrystelling wat aanvanklik in Nederlands-Oos-Indië sy beslag gekry het (vgl. De Wet 1981: 210). Dit was van die begin af aan die Kaap ook so. Toe Maria van Bengale deur Jan Sacharias in Junie 1658 vrygekoop is ten einde met haar te kan trou, skryf Van Riebeeck in die Dagregister dat dit in orde is, want hy is "verseeckert dat voorsz. Maria de Nederduytse tale volcomentlijcq niet alleen verstaet, maer oocq duydelijcq spreeckt, ende al tamelijcke kennisse Cristi na de Gereformeerde religie is hebbende" (Bosman 1955: 330).

aanbevelings ver van almal uitgevoer is (Shell 1994: 201), en seer sekerlik nie alle VOC-slawe met blanke vaders hierna vrygestel is nie (Shell 1994: 186 n. 73), het hierdie aanbeveling tog daartoe gelei dat meer slawe ná 1685 vrygestel is (vgl. De Wet 1981: 206; Biewenga 1999: 282; Hattingh 1981: 68). Soos egter hieronder sal blyk, was hierdie vrygestelde slawe nie noodwendig van die kategorie wat Van Reede voorgestel het nie (d.i. van deels Europese herkoms), maar eerder van suiwer slaweherkoms.

Soos uit die voorafgaande duidelik is, het beide Van der Stel en Van Reede die hoop gekoester dat vryswartes, veral dié van Afrika- of deels Europese herkoms, as boere suksesvol sou wees. Dit het dan ook so gebeur dat daar tydens die laaste 20 jaar van die 17<sup>de</sup> eeu vryswartes in beide die Kaapse en Stellenbosch-distrik was, waar hulle vir hulself 'n nuwe bestaan probeer uitkerf het. Laat ons vervolgens eers kyk na daardie slawe op die platteland, en dan na dié in Tafelvallei.

Kort ná die totstandkoming van die Stellenbosch-distrik het ook 'n aantal vryswartes daarheen verhuis. In 1682 vestig Evert en sy vrou Anna van Guinee hulle in die Stellenbosch-distrik. Hulle was al sedert 1670 vry (Hattingh 1981: 41). Waarskynlik in dieselfde jaar het Manuel en Lisbeth van Angola, wat die vorige jaar hul vryheid verkry het, hulle ook daar gevestig (Hattingh 1981: 12). In 1683 het ook Marquart van Ceylon hom in Stellenbosch gevestig (Hattingh 1981: 31). Anthonie van Angola, wat onder die eerste groep slawe was wat in 1658 na die Kaap gebring is en in 1680 sy vryheid gekry het, het hom in 1683 by sy landgenote Manuel en Lijsbeth gaan voeg (Hattingh 1981: 12). In die daaropvolgende jaar het ook die bekende Louis van Bengale met sy voormalige slavyn Lijsbeth van die Kaap na Stellenbosch getrek. Louis van Bengale was al sedert 1672 vry, maar het eers in die Tafelvallei gewoon (Hattingh 1980: 5-6; 1981: 21). Gesien die tydperk van vestiging en die herkoms van hierdie vryswartes, kan mens aanneem dat hulle hul in Stellenbosch gevestig het binne die kader van Van der Stel se planne uit 1681 om boere van vrygestelde Afrika-slawe te maak.

Of Van Reede se voorstelle die oorsaak daarvan was, is moeilik te sê, maar in die res van die 1680's het nog 'n aantal vryswartes hulle na die Stellenbosch-distrik begewe om daar 'n landboubestaan te probeer maak. Waarskynlik het die feit dat daar reeds ander vryswartes in die omgewing gevestig was, ook 'n rol gespeel. Hoe dit ook sy, in 1685 het Jan en sy vrou Diana van Ceylon na Stellenbosch gegaan, terwyl Claas van Guinee kort ná sy vrystelling in 1687 met sy vrou Hoen ook daarheen getrek het (Hattingh 1981: 31, 42). In dieselfde jaar het Marij van Guinee, wat blykbaar 'n alleenstaande vrou was, ook grond in die distrik begin bewerk. Twee jaar later, in 1689, het nog 'n paar uit Guinee, Abraham en Pladoor (of Prodo) hulle in Stellenbosch gevestig (Hattingh 1981: 46-47).

Die ekonomiese aktiwiteite van hierdie mense is vir ons van minder belang, maar dit is tog nodig om daarop te let dat, blykens die gevallestudie wat Hattingh van bogenoemde vryswartes gemaak het, die meeste 'n sukses bestaan gevoer het. Met die moontlike uitsondering van Jan van Ceylon, het hulle almal as boere gefaal. Enkeles het op 'n ander wyse 'n bestaan probeer maak (as byvoorbeeld knegte), onderwyl sommige van bogenoemde vryswartes weer later na die Tafelvallei teruggekeer het. Onder hulle was Louis van Bengale (in 1690), Anna, die weduwee van Evert van Guinee (tussen 1688-1691) asook Marij van Guinee (ongeveer 1689). Die meeste vryswartes van Angola en Guinee, wat onder die eerste besendings slawe van 1658 was, is gedurende die 1690's in die Stellenbosch-distrik oorlede (vgl. Hattingh 1981: 12-47, 72-73).

Vir ons doeleindes is dit wel van belang om te probeer vasstel watter soort kontak die vryswartes met mekaar en ander groepe gehad het. Dit wil voorkom asof sommige van hierdie groepie vryswartes familie van

mekaar was (Hattingh 1981: 47, 63) en mekaar met tye bygestaan het. Wat duideliker blyk, is dat die vryswartes in ieder geval mekaar gehelp het om op die been te kom: sommige het aan ander huisvesting verskaf, terwyl heelparty vennootskappe aangegaan het om saam te werk (vgl. Hattingh 1981: 12-13, 43-44, 47, 51). Dat daar 'n bewuste poging was om mekaar te help en by te staan, blyk daaruit dat hulle digby mekaar gewoon het: in die laat 1680's het minstens vyf vryswarthuisgesinne asook ander gemengde huisgesinne (byvoorbeeld die vryburger Jan Andriesze wat met die dogter van Jan van Ceylon getroud was) in Jonkershoek gewoon (Hattingh 1981: 31). Met dié dat soveel van die vryswartes as boere gefaal het, is hul eiendom deur veral die vaandrig Isak Schrijver opgekoop, sodat sy gesin teen die einde van die 18<sup>de</sup> eeu feitlik die hele Jonkershoek besit het (Hattingh 1981: 38).

Ofskoon geen van die vryswartes in Stellenbosch as besonder welaf beskou kan word nie, het sommige tog *met tye* slawe besit. Anthonie van Angola het op 'n tyd twee slawe besit, terwyl Louis van Bengale in 1688 soveel as drie slawe gehad het (Hattingh 1981: 16, 26). Weens hul wisselvallige voorspoed het hulle meestal slegs een of selfs geen slawehulp gehad nie. Jan van Ceylon, finansiëel die suksesvolste van die Stellenbosse vryswartes, het eers na baie jare, in die vroeë 1700's 'n slaaf gekoop (Hattingh 1981: 34). Dit wil voorkom asof die ander Stellenbosse vryswartes te veel van 'n sukkelbestaan gevoer het om slawe te kon bekostig.

Net soos die vryburgers het die vryswartes in Stellenbosch, waar hulle dit kon bekostig, van knegte as arbeidshulp gebruik gemaak. Anthonie van Angola en Louis van Bengale het beide met tye 'n Europese kneg in hul diens gehad (Hattingh 1981: 17, 24). Daar is hiernaas ook verskeie gevalle bekend van vryswartes wat met blanke vryburgers een of ander samewerkingsooreenkoms gesluit of wat om een of ander rede saamgewerk het (Hattingh 1981: 33, 61). Ook op sosiale gebied blyk dit dat daar geen diskriminasie teen vryswartes was nie, en hulle is as deel van die samelewing aanvaar (vgl. Hattingh 1981: 74). Ons weet byvoorbeeld dat Jan van Ceylon 'n gewilde persoonlikheid was wat veel vriende, waaronder Europeërs, by sy huis onthaal het (Hattingh 1981: 39-40).

Wat sosiale kontak betref, was dit veral liefdes- en seksuele verhoudings tussen blankes en vryswartes wat belangrik is (vgl. hieronder vir die stad). Daar is verskeie gevalle bekend van Europese vryburgers op die platteland wat buite-egtelike verhoudings met vryswartes aangeknoop het, en soms ook kinders by hulle verwek het (Hattingh 1981: 64-65). So byvoorbeeld het Lijsbeth van die Kaap eers 'n verhouding met Louis van Bengale se Europese kneg, Willem Teerling, gehad; maar later 'n vaste verhouding met 'n vryburger van Drakenstein, by wie sy dan ook twee kinders gehad het (Hattingh 1980: 7-12). Waarskynlik was die belangrikste gevolg van die verblyf van die vryswartes in Stellenbosch dat hulle nageslag, via huwelike, so maklik in die oorheersende blanke gemeenskap opgeneem is en so 'n integrale deel daarvan geword het (Hattingh 1981: 65, 74-75). Van bogenoemde vryswartes het geen 'n wetlike huwelik met 'n Europeër aangegaan nie, maar die meeste van hul dogters het wel met vryburgers getrou. Hieronder was die dogters van Manuel van Angola, Jan van Ceylon en al drie die dogters van Louis van Bengale (Hattingh 1981: 18, 31; 1980: 11-28). Omdat die kinders van vryswartes wat in vryheid gebore is, nie as sodanig beskou is nie, maar as vryburgers, is hulle maklik in die geleedere van die blanke samelewing opgeneem. Soos Hattingh konkludeer, is dit veral hierin, die uitbreiding van die Kaapse vry bevolking deur die opname van vryswartes se kinders, dat die bydrae van die Stellenbosse vryswartes lê (Hattingh 1981: 75).

Met die uitsondering van die vryswartes wat in die 1680's 'n bestaan as boere in Stellenbosch probeer maak het, het die meeste vryswartes gedurende die Nederlandse besetting van die Kaap, in die Kaapse nedersetting of Tafelvallei gewoon. Teen die 1690's was feitlik alle vryswartes weer in die Kaapse distrik,<sup>89</sup> waar daar, volgens Heese, teen 1700 'n totaal van 43 vryswartes (14 mans, 19 vroue en 10 kinders) was (Heese 1984: 29).

Die meeste vryswartes in Kaapstad was finansiële nie besonder suksesvol nie, gewoon omdat hulle met vrystelling niks besit het nie en daarom nie dieselfde ekonomiese voorsprong gehad het nie as die meeste blanke vryburgers wat eers as kompanjiesdiensmaats lone verdien het of, indien hulle ouers reeds vryburgers was, 'n mate van kapitaalkragtigheid besit het (vgl. Heese 1984: 23-25).<sup>90</sup> Die meeste vryswartes het 'n bestaan gemaak as ambagslui, as kleinhandelaars (insluitende herbergiers) of venters en veral as vissers (Elphick & Shell 1989: 221-24; De Wet 1981: 207-09; vgl. Malan 1998: 54-55, 57-58 vir voorbeelde van vryswartvissers). Verskeie vryswartes het as tuiniers 'n bestaan gemaak. Daar was inderdaad 'n hele aantal vryswartes wat grond in Kaapstad en Tafelvallei besit het. Die eerste vryswarte aan wie grond toegeken is, was Angela van Bengale wat in 1667 'n erf in Kaapstad ontvang het (Hattingh 1985: 34). Evert van Guinee was die eerste vryswarte om 'n stuk tuingrond in 1669 te ontvang – ná sy dood het sy vrou en dogter na Kaapstad teruggekeer en altyd hierdie grond behou (Hattingh 1985: 39-41). In totaal is ses tuine tussen 1669-1707 in Tafelvallei aan vryswartes uitgereik (Hattingh 1985: 42). Meer vryswartes het vir huiserwe aansoek gedoen en ontvang – 'n totaal van 15 is tussen 1666-1702 aan hulle uitgereik (Hattingh 1985: 45). Vryswartes het nie net gronduitgifte ontvang nie – daar is ook 11 transaksies tussen 1671-1698 waar vryswartes grond aangekoop het, waarvan twee tuine was (Hattingh 1985: 47). Vryswart grondbesitters as deel van die totale inwonertal van Kaapstad en Tafelvallei, was egter gering (Hattingh 1985: 48; Elphick & Shell 1989: 221). Sommige vryswartes, waaronder Angela van Bengale asook Louis van Bengale, het verskeie grondditels gehad (vgl. Hattingh 1981: 27-29; Malan 1998: 64-65). Grondbesit onder vryswartes in hierdie tyd ondersteun die uitspraak wat Heese t.o.v. hulle maak: “Die mate waartoe vryswartes gedurende die eerste dekades [van kolonisasie] aan die Kaap in die sosiale en ekonomiese lewe aanvaar is, is verrassend” (Heese 1984: 28). Ook Hattingh sien hierin 'n poging om die vryswartes “'n integrale deel van die Kaapse nedersetting te maak” (Hattingh 1985: 48).

Het die integrasie in die Kaapse samelewing op ekonomiese vlak ook op sosiale vlak deurgewerk? Dit skyn asof die situasie soortgelyk was as dié in die Stellenbosse vryswartgemeenskap. Ook aan die Kaap is daar gevalle van vryswartes wat mekaar onderdak verskaf (vgl. Hattingh 1981: 47). Die stedelike ekonomie leen hom minder daartoe, maar dit is goed moontlik dat ook hier samewerking was tussen hierdie mense: sommige van die tuine wat aan vryswartes toegeken is, was direk langs mekaar geleë (Hattingh 1985: 41). Dit is ook opmerklik dat daar 'n neiging onder die vryswartes in Kaapstad was om naby aan mekaar te woon: so blyk uit die details van grondbesit dat vryswartgrondeienaars in die 17<sup>de</sup> eeu veral gekonsentreerd was in die blok gevorm deur die (huidige) Adderley-, Strand-, Lang- en Kortmarkstraat, hoewel daar uiteraard ook vryswartgrond in ander dele van die nedersetting was (Hattingh 1985: 48, vgl. sy kaart op p. 35). Ook wat

<sup>89</sup> Die ‘eksperiment’ van vryswartes as boere in Stellenbosch het vir alle praktiese doeleindes gefaail. Dit wil voorkom asof daar in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu weinig vryswartes op die platteland was. Tog het sommige van die kinders van die eerste geslag vryswartes in die landelike distrikte gebly en soms is hul getal deur nuwe vryswartes aangevul – teen 1712 was daar ten minste 17 vryswartes in Stellenbosch. Die enkelinge wat hulle wel op die platteland bevind het, het nie as boere nie, maar as knegte of ambagsmanne 'n bestaan gemaak (Hattingh 1981: 48-56; Shell 1991: 3-6; 1992: 185-95).

<sup>90</sup> Daar was egter noemenswaardige uitsonderings hierop, veral vryswartvroue wat met Europeërs in die huwelik getree het en sodoende groter toegang tot kapitaal gehad het. Angela van Bengale was byvoorbeeld 'n uiters suksesvolle sakevrou (vgl. Bōeseken 1977: 79-81). Hierdie gevalle is egter uitsonderlik aangesien formidabele hindernisse die ekonomiese vooruitgang van kapitaallose vryswartes belemmer het (vgl. Heese 1984: 23-25).

onderlinge verbintenisse aangaan, skyn dit asof daar 'n mate van samehorigheidsgevoel was: van die totale 96 volwasse vryswartmans tussen 1657-1707 het 41 met vryswartvroue getrou (huwelike as sodanig tussen vryswartmans en blanke vroue is nie bekend nie) (De Wet 1981: 211-12). Dit lyk of daar 'n geneigdheid onder mense van min of meer dieselfde herkoms was om met mekaar te trou: van die 26 vryswartes van Asiatiese afkoms, was 19 se vroue ook uit Asië afkomstig. Dieselfde geld vir mans uit Afrika (insluitende Madagaskar): van die 12 wat getrou het, het agt vroue uit Afrika gehad (De Wet 1981: 209-10).

Die situasie wat huwelike tussen vryswartes en Europeërs betref, het verskil van dié in Stellenbosch. Terwyl in Stellenbosch geen gevalle van huwelike tussen vryswartes en Europeërs in die 17<sup>de</sup> eeu was nie, was daar verskeie gevalle van sodanige verbintenisse aan die Kaap. Hierbo is reeds gewys dat die eerste slawe wat vrygestel is, almal met Europese mans getrou het. Hiervan kan nog verskeie voorbeelde gegee word (vgl. Heese 1984: 5-8; Malan 1998: 55-65). Dit is opvallend dat daar teen 1700 meer vryswartvroue was as vryswartmans, wat sekerlik 'n rol hierin speel. Volgens Ross het 58 'nie-blanke' vroue in die periode 1657-1717 met blanke mans aan die Kaap getrou (Ross 1994: 129). Die sensus van 1705 wys dat op daardie stadium 9 van die 253 getroude mans met vryswartvroue getroud was (Guelke 1988: 464). Die kinders uit hierdie 'gemengde' huwelike het deurgaans met Europeërs in die huwelik getree. Dit was ook die geval met die meeste van die dogters uit 'suiwer' vryswartverbintenisse (vgl. Malan 1998: 55-65; Heese 1984: 11-14). Dié voormalige slavinne wat op hierdie wyse deel van die Europese bevolking geword het, het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die koloniale samelewing gehad. Die feit dat hulle kinders geheel deel van die Europese deel van die bevolking geword het, het 'n belangrike verruiming in die koloniale bevolking gebring.<sup>91</sup>

Uit die detail hierbo behoort dit duidelik te wees dat, ofskoon vryswartes hul lewe 'anders' begin het as vryburgers en as gevolg daarvan ekonomies teruggehou is, hulle in die algemeen in die vryburgergemeenskap van die Kaap opgeneem is. Uit Malan se studie blyk dit duidelik dat daar weinig, indien enige, verskil was in die wyse waarop vryswartes en vryburgers hul materiële lewe gelei het (Malan 1998: 66). Heeltemal tereg verklaar Bøeseken dat die vryswartes in die 17<sup>de</sup> eeu nie as 'n aparte groep los van die vryburgers gesien is nie (Bøeseken 1977: 97). In die algemeen is hulle deur ondertrouery binne een generasie as deel van die Europese gemeenskap opgeneem. Dus, hoewel die vryswartes weens hul klein getal "nagenoeg geen invloed op die historiese ontwikkeling van die Kaapse nedersetting uitgeoefen" het nie (De Wet 1981: 216), het hulle tog daartoe bygedra dat die 'blanke' samelewing aan die Kaap meer heterogeen geword het. In hoe 'n mate dit 'n invloed op die taal van die Europeërs gehad het, is nog onduidelik. Waarskynlik het die feit dat slawe Nederlands moes ken om vrygestel te word, en die feit dat die meeste vrygestelde slawe met hul vrystelling reeds 'n lang tyd aan die Kaap was, daartoe bygedra dat hulle maklik in die oorwegend Nederlandse samelewing van die 17<sup>de</sup>-eeuse Kaap opgeneem is.

---

<sup>91</sup> Dit geld sekerlik ook vir taalkundige invloed – 'n kwessie waaroor ons weinig weet. Mens moet aanneem dat die T2-vorm van die Nederlands van vrygestelde slavinne wat met Europeërs gehu het, die taal van hul kinders beïnvloed het, wat weer hulle kinders se taalgebruik beïnvloed het, ensovoorts. Daar moet daarop gelet word dat daar geen aanduidings is dat hierdie groep vroue wat met Europeërs getroud was, 'n ander taal (byvoorbeeld Kreools-Portugees of Maleis) met hul gesinne gepraat het nie – hiervoor geld twee redes: slawe moes Nederlands ken as voorwaarde vir vrystelling en die feit dat vryswartes Nederlands geken het, het gehelp met die kulturele assimilasie tussen hulle en die Europese bevolking (vgl. Heese 1984: 38). Dit is egter goed moontlik dat vryswartes wat onderling getrou het en dieselfde herkoms gedeel het, 'n ander taal as Nederlands in huislike omstandighede gebruik het.

## 5.9 Geletterdheid en onderwys aan die Kaap tot ca. 1720

Dit is besonder moeilik om die geletterdheid van die vroeë Kaapse bevolking te bepaal, hoofsaaklik weens die aard van die bronnemateriaal. Daar moet 'n onderskeid gemaak word tussen die vryburgerbevolking enersyds en die kompanjiesdienaars andersyds. Laasgenoemde was uit die aard van hul werk, ten minste wat die hoër range betref, meer geletterd en het, uitgesonder dié wat vryburgers geword het, gewoonlik nie lank aan die Kaap vertoef nie (vgl. De Wet 1981: 154-55). Dit is egter die vryburgers wat hier van belang is. Historici het op grond van die vermoë van vryburgers om hul naam te teken al dan nie, probeer vasstel hoeveel van hulle skryfvaardig was. Van die totale 1613 vryburgers tussen 1657-1707 waarop De Wet sy studie baseer, kon hy van 49% voorbeelde vind van dokumente wat hulle onderteken het. Van hierdie groep kon 59% wel hul name skryf, terwyl die res kruisies getrek het (De Wet 1981: 154).<sup>92</sup> Maar, soos Biewenga tereg uitwys, 'n foutspeling van meer as 50% is te groot om betroubare gevolgtrekkings te maak (Biewenga 1996: 112). Biewenga het 'n steekproef vir die jaar 1704 in Stellenbosch onderneem. Van die 157 vryburgermans is daar vir 152 gegewens oor hul skryfvaardigheid. Van hierdie mans kon 49% hul naam teken en 51% nie (Biewenga 1996: 110-11). Moontlik was die inwoners van Stellenbosch minder geletterd as die res van die Kaapse inwoners, want uit 'n steekproef wat De Wet vir al die vryburgermans in 1707 aan die Kaap gemaak het, blyk dat 62% van die mans vir wie data beskikbaar is ('n meer betroubare 78%) wel hul naam kon teken (De Wet 1981: 156). Dit lyk dus veilig om aan te neem dat teen ongeveer 1700 tussen 50-60% van die vryburgermans aan die Kaap skryfvaardig was. Dit vergelyk egter sleg met soortgelyke syfers vir Nederland (beide stedelike en plattelandse gebiede) en die Nederlandse kolonie Nieu-Nederland waar die skryfvaardigheid van mans in dieselfde tydperk gemiddeld 70-80% beloop het (Biewenga 1996: 111-12). Ofskoon dit meer problematies is om vaste uitsprake oor die skryfvaardigheid van vroue aan die Kaap te maak, het Biewenga op grond van dokumente (soos huweliksooreenkomste en testamente) deur vroue onderteken, bereken dat in 1704 enigiets tussen 28-42% van die vroue in Stellenbosch kon skryf – 'n getal wat goed ooreenstem met data vir dieselfde tyd uit Nederland (Biewenga 1996: 111-13).

'n Belangrike feit om in gedagte te hou by die oorweging van bogenoemde syfers, is dat die vermoë om te skryf nie gelykgestel moet word aan die vermoë om te kan lees nie. In die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu het kinders in die Nederlandse onderwysstelsel eers geleer lees en eers ná 'n paar jaar geleer skryf (vgl. Biewenga 1999: 159, 171; Schoeman 2001: 376-77). Alhoewel boekebesit onder die vryburgers ver van algemeen was, en daar nie veel van 'n leeskuil aan die Kaap was nie, was daar tog 'n hele aantal mense wat boeke besit en, mens neem aan, gelees het. Ofskoon boeke luukse-artikels was en meestal deur vermoënde mense besit is, is daar ook gevalle van minder gegoede mense wat ook 'n boek of twee gehad het (vgl. De Wet 1981: 131; Biewenga 1996: 114-119; 1999: 171-74). Mens kan dus aanneem dat meer mense kon lees as wat hul name kon skryf, waarvan daar inderdaad ook enkele spesifieke gevalle bekend is (Biewenga 1996: 116).

Oor die skryfvaardigheid van slawe is daar helaas weinig te sê. Volgens Worden is daar geen geval bekend van 'n slaaf wat sy of haar naam op 'n dokument geteken het nie (Worden 1985: 98). Dit beteken egter nie dat daar geen skryfvaardige slawe was nie. Daar is die bekende geval van September van Boegies wie se brief uit 1760 in die Boeginese alfabet behoue gebly het (Franken 1953: 67-69). Hiernaas is daar ten minste nog

<sup>92</sup> Vir vroue is daar heeltemal te min data om betroubare afleidings te kan maak, gewoon omdat hulle minder geleentheid had om dokumente op te stel (vgl. De Wet 1981: 154; Biewenga 1996: 112-113).

twee gevalle bekend van slawe wat kon skryf, hoewel dit nie bekend is in watter taal nie (vgl. Shell 1994: 249, 348). Of hierdie mense aan die Kaap geleer skryf het of nie, is onbekend, maar dit is wel bekend dat sommige slawe aan die Kaap onderwys ontvang het, en waarskynlik ten minste kon lees.

Die eerste skool aan die Kaap hou verband met die invoer van slawe in 1658. Enkele weke ná die aankoms van 170 slawe, meestal “meysjens ende kleyne jongens”, uit Angola (Bosman 1955: 269), meld die Dagregister op 17 April 1658:

“Is begonnen ordre te stellen op het schoolhouden voor de Angoolse compagniesslaven ende -slavinnen, ... welcq school te houdendes 's morgens ende 's namiddags, den sieckentrooster Pieter van der Stael van Rotterdam, benefens sijn cranckbesoeckers bedieninge is opgeleyt, te dewijl seer goet ende prompt in 't lesen is van recht Hollants Nederduyts, ende omme de gemelte slaven te beter tot het school ende hooren off leeren van de Cristelijcke gebeden te animeren, is mede belast na 't eyndigen elcq een croesjen brandewijn ende 2 duym tabacq te geven ...” (Bosman 1955: 277).

Volgens Böeseke hou die stigting van hierdie skool in 1658 verband met Kommissaris Van Goens se aanbeveling in 1657 (met die oog op die invoer van slawe) dat “geen tael als ons moedertael tegens de slaven gebruycken (mocht) en niet gedogen, dat se andere spreekken” (Böseken 1938: 61, 132; Godée Molsbergen 1912: 103).<sup>93</sup> Oor wat presies aan hierdie slawe onderrig is, is geen duidelikheid nie, maar volgens Du Toit het Van der Stael hom waarskynlik tot godsdiensonderrig beperk, maar dan wel in Nederlands (Du Toit 1937: 42).<sup>94</sup> Verder is daar nie veel oor hierdie eerste skool bekend nie. Ons kan aanneem dat dit voortgeduur het tot in Maart 1661 toe Van der Stael om 'n salarisverhoging aansoek gedoen het, en terloops genoem het dat hy toe ook besig was om, saam met die slawe, “sommige Hottentoes te leeren lesen onse Nederlantsche taele”. Sy aansoek is goedgekeur en hy is vir drie verdere jare aangestel om “des Compagnie's slaven ende de Hottentoes in de Nederlantsche tale ende Christelijcke leere” te onderwys, naas sy ampte as sieketrooster en regent van die

<sup>93</sup> Van Goens se besorgdheid oor die moontlike gebruik van Portugees deur die slawe het in alle waarskynlikheid gespruit uit sy ondervinding in Nederlands-Oos-Indië. In 1641 is daar 'n plakkaat uitgevaardig om te voorkom dat Portugees “eyndelyck d'overhant nemen ende onse vaderlantse tale t'eenmael onderdrucken soude, dat om vele ende gewichtige polytycque consideratien soodanich niet en behoort”. Vervolgens is daar in die plakkaat vier beperkende maatreëls aangekondig (o.a. dat slawe alleen vrygestel mag word indien hulle Nederlands kon praat en dat slegs “Inlandsche vrouwen” wat Nederlands magtig was met Nederlanders kon trou) (Groeneboer 1993: 29). Volgens Groeneboer was die eintlike oorsaak vir hierdie plakkaat die “ongekende instroom van Portugeessprekenden in Batavia [in 1641], als gevolg van de overname van Malaka door de Nederlanders en de daardoor veroorzaakte gedwongen overplaatsing van groepen Portugezen, Portugese afstammelingen en hun slaven naar met name Batavia”. Syns insiens het die maatreëls egter weinig invloed gehad, gewoon omdat dit te laat ná die vestiging van Nederlandse mag in Batavia gekom het, en die posisie van Portugees reeds te goed gevestig was (Groeneboer 1993: 46).

<sup>94</sup> In die Nederlandse wêreld van die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu was godsdiensonderrig (gewoonlik in die vorm van gememoriseerde gebede e.d.m.) en onderdanigheid aan die geestelike en wêreldlike magte die hoofdoel van onderwys, terwyl lees-, skryf- en rekenkuns (in dié volgorde) eers daarna aandag geniet het (vgl. Du Toit 1937: 2-7). Dit was eweneens ook die geval in Batavia waar die “schoolreglement” van 1643 'n goeie beeld gee van wat Nederlanders in die koloniale wêreld onder skoolonderrig begryp het: “Het ampt vande schoolmeesters is voor eerst de jonge jeucht de vrees des Heeren in te scherpen, haer t'onderwysen inde fundamenten vande Christelycke religie, haer te leeren bidden, singen, met haer te kerck te gaen, te catechiseeren; ten anderen haer te leeren haere ouders, overheeden ende meesters te gehoorsaemen; ten derden haer te leeren lesen, schryven en cyfferen; ten vierden haer te leeren alderley goede seeden ende manieren ende eyndelyck te betrachten dat inde schoolen geen andere, als de Nederlantse taele, gebruyckt werde” (aangehaal in Groeneboer 1993: 30). Volgens Groeneboer is dit nie om dowe neutte dat die aanmaning dat alleen Nederlands in skole gebruik mag word, laaste genoem word nie, want, soos hy oortuigend aantoon, het die eerste oogmerk, nl. om die bevolking in die Christelike godsdienste te onderrig, bó alle ander voorkeur geniet. Omdat daar gevoel is dat dit die beste bereik kan word deur van Portugees (en later Maleis) gebruik te maak, het daar in die praktyk niks van die aanmaning tereggekome dat “geen andere als de Nederlantse taele” in die skole gebruik mag word nie (vgl. Groeneboer 1993: 30-32, 41-67).

hospitaal (Bosman 1957: 344). Hoeveel kinders daar in die skool was, en wie die Khoekhoen was, is onbekend. Hoe dit ook sy, teen September 1663 het Van der Stael die Kaap vir Batavia verruil (Du Toit 1937: 43).

Van der Stael se opvolger as sieketrooster was Ernestus Back. Hy het skynbaar ook Van der Stael se byverdienste as skoolmeester oorgeneem, want op 30 November 1663 skryf Wagenaer in die Dagregister: “Ten aensien onsen nieuwen kranckbesoeker, Ernestus Back, nevens sijn schuldigen dienst die hij hier doet [d.i. as sieketrooster], oock een goede wijs op te stellen om dese Caapse schoolkinderen, soo Duijtsse als swarte, alle dagen neerstigh te leeren lesen en Cathegiseren, is deselve van dage bij provisie vergunt omme voortaan oock voor sijn arbeijt en moeijsode sodanigen erkentenis tot een salarium alle maenden van die gene die haer kinderen bij hem willen besteden, sal mogen eijsschen en ontfangen...” (Böeseken 1973: 108). Vervolgens noem Wagenaer die name van 10 Europese kinders wat moet betaal vir hul onderrig, en voeg daarby “Maer beide de dochters Sara en Maria Rosendaels met een Hottentoosje *pro Deo*. Gelijck ook voortaan alsoo des E. Comps. en onser alder slavinnen [sic] gedoopte kinderen voornamelijck de gene die bij Eropianen [sic] ofte Cristenen [sic] gewonnen zijn, dienen geleert en tijdelijck tot de rechte kennis van Godt gebracht te werden, soo als UE. als nu met Armasia, Crisme, Zou en Basol eenen loffelijcken aenvanck gemaect heeft ...” (Böeseken 1973: 109). Volgens Du Toit is dit onduidelik of hierdie skool van Back ’n nuwe skool was, of bloot ’n voortsetting van Van der Stael s’n (Du Toit 1937: 43). Dit lyk egter, gegee die datums van Van der Stael se vertrek en die inskrywing van Wagenaer, goed moontlik dat die nuwe sieketrooster Van der Stael se werk in dié verband voortgesit het. Back se skool was egter, anders as die vorige, ook vir koloniste-kindere bedoel en nie net vir die kompanjieslawe en enkele Khoekhoen nie.

Indien die name wat Wagenaer in sy inskrywing in verband met Back se skool noem, al die leerlinge insluit, beteken dit dat 17 kinders in 1663 onderwys is. Teen April 1664 het 29 kinders van Back onderrig ontvang. Hiervan was daar “boven de Nederlantse vrijelieden kinderen” ook “eenige swarte off slaven kinderen, benevens een jongh Hottentoosje off twee” (aangehaal in Du Toit 1937: 26). Dinge het egter spoedig versleg en Back is aan die begin van 1665 weens drankmisbruik verban (Du Toit 1937: 26-27). Dit skyn asof ná sy vertrek ’n soldaat, Daniel Engelgraef, “als eerste schoolmeester van dese Caepse blanke en swarte kinderen” gebruik is tot sy dood in September 1666 (Böeseken 1973: 278; Du Toit 1937: 27). Hoe sake presies ná Engelgraef se dood verloop het, is onseker, maar ons weet dat ene Victor vir ’n tyd lank die skool waargeneem het totdat die voorleser Joannes Bolten vanaf 1668 ook as skoolmeester aangestel is. Ná drie jaar is ook Bolten verban omdat hy “door den stercken dranck in een seer ongeregeld leven is comen te vervallen” (aangehaal in Du Toit 1937: 28).

Uit die voorafgaande paragrawe behoort duidelik te blyk dat ons weinig meer weet oor onderwys aan die Kaap in die pioniersjare behalwe die name van die enkelinge wat dit behartig het, en dat tientalle blanke kinders asook kinderslawe van die VOC en ’n paar Khoekhoe-kindere dit bygewoon het. Oor wat die kwaliteit van hul onderwys was, kan mens net gis. Met die moontlike uitsondering van Van der Stael en Engelgraef skyn die ander taamlik ongeseglike persone te gewees het. Daarby was hulle nie opgeleide onderwysers nie en hulle moes die taak van skoolmeester naas hul ander werksaamhede verrig. As mens in ag neem dat die Nederlandse onderwys van die tyd ook nie van ’n besonder hoë gehalte was nie (Du Toit 1937: 11), kan mens aanneem dat die situasie aan die Kaap, gegee al hierdie faktore, nie gunstig was nie.

Nie net was die lotgevalle van die skool in Kaapstad wisselvallig nie, maar dit wil voorkom asof daar ná Bolten se verbanning niemand was wat die taak van skoolmeester vervul het nie, hoewel ons weet dat die

tydelike sieketrooster, Alexander Carpius, in 1672 spesifiek die slawekinders onderrig het – meer is daar egter nie bekend nie (Du Toit 1937: 44-45; Biewenga 1999: 161). Met die besoek van Kommissaris Verburgh in 1676 het hy sy misnoeë uitgespreek omdat “alhier tot nogh toe geen vaste scholen gehouden zijn om de jeught te leren lesen, schrijven en in Christelijcke deugden op te trecken” (aangehaal in Bøeseken 1938: 132). Gevolglik het hy beveel dat ’n steenhuis as skool ingerig en Jan Wittebol as skoolmeester aangestel moet word (Du Toit 1937: 28). Klaarblyklik was hierdie skool slegs vir blanke kinders bedoel, want in dieselfde jaar het die kerkraad die Politieke Raad versoek om ook ’n skool op te rig vir die “swarte kinderen” sodat dit “met ’er tijt mede tot een goede gemanierde discipline en menschelijke kennisse” by hulle kon lei. Die Politieke Raad het ingestem en belowe om ’n geskikte persoon daartoe te vind, maar intussentyd kon “eenige van de gaauste swarte kinderen in de Duijtsche schole” gaan. Daarby het hulle “een swart bequaem persoon” aangestel om twee keer per dag “de gebeden” aan die kompanjieslawe “voor te houden en te instrueren” (aangehaal in Biewenga 1999: 161-62; Du Toit 1937: 45). Die gevolg hiervan was dus dat die slawekinders van die Kompanjie steeds saam met die ander kinders skoolgegaan het, want in 1679 word daar berig dat Wittebol se skool uit 32 Nederlandse kinders en “elf gemengelde [dit dui op slawe met Europese vaders] en vijf stucx Komps. slaven kinderen” bestaan het (Du Toit 1937: 29). Dit skyn of ook Wittebol nie ’n gelukkige keuse was nie, want, volgens Bøeseken (1938: 132) “bepaalde [hij] zich niet lang bij het werk van schoolmeester”. Teen 1685 is daar weer gekla oor die stand van onderwys aan die Kaap, dié keer deur die onvermoeide Kommissaris Van Reede. Hy het egter ’n aantal maatreëls ingestel om dit op goeie voet te probeer kry. Hierna skyn daar ’n onderskeid te gekom het in die onderwys van die kompanjieslawe en blanke kinders in Kaapstad, en daarom word dié sake nou apart behandel.

Van Reede was geskok oor die toestand waaronder die slawekinders moes leef en hul gebrek aan onderwys (veral omdat heelwat van hierdie kinders Europeërs as vaders gehad het en dus in die opvatting van die tyd as ‘Christene’ beskou is), en skryf hieroor: “Deselve [d.i. die Kompanjieslawe] noch jongh noch oudt quamen in kerk noch kluijs, leerden noch lesen noch schrijven, veel min gebeden noch wierden in de Christelijke religie onderwesen” (Hulshof 1941: 184). Vervolgens het Van Reede ’n skool binne die Losie vir slawekinders jonger as twaalf jaar gestig. Die seuns en meisies sou apart onderrig ontvang en met die doel voor oë is Jan Pasqual van Batavia as skoolmeester oor die seuns en Margaret (of Margriet) van die Kaap as ‘matres’ oor die meisies aangestel. Van Reede het ook ’n skoolreglement vir hierdie slaweskool opgestel waarvolgens die kinders van 08:00-16:00 moes skoolgaan (Du Toit 1937: 46; Schoeman 2001: 554). Die taak van die onderwysers was om Christelike sedes by die leerlinge in te prent en hulle dan ook spesifiek te onderwys “in gebeden, Catechismus, en gronde van de religie” naas hulle te “leeren leesen ende de Nederduijtsche tale prompt te leeren spreekten” (aangehaal in Du Toit 1937: 46). Die kinders moes twee keer per week voor die onderwyser “de vragen van het Heidelbergse catechismus off van het cort begriip elck na begriip” beantwoord, en twee maal op Sondag saam met die onderwyser in die kerk verskyn (aangehaal in Biewenga 1999: 162). Ná die kerkdien moes die skoolkinders “publicquelijk haer vraegen opseggen” (aangehaal in Du Toit 1937: 46). Hiernaas is daar ook van die skoolkinders verwag om die nodige eerbied teenoor die kompanjiesdienaars te toon. Van Reede het spesifiek

verklaar dat geen ander slawe (d.i. privaatslawe) of kinders van 'Duytsen' in die skool toegelaat word nie (Böeseken 1938: 133; Du Toit 1937: 46-47; Biewenga 1999: 162).<sup>95</sup>

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die opvoeding van die VOC se slawekinders ná 1685 op 'n beter voet geplaas is. Die hoofdoel van die onderrig was altyd godsdienstig van aard, maar in die proses het die kinders sekerlik goed met die Nederlandse taal in aanraking gekom. Die amp van skoolmeester en matres was bevoorregte ampte, en die slawe wat dit bekleed het, het hul eie kwartiere gehad en beter rantsone ontvang – hulle was inderdaad heel hoog in die hiërargie van die Slawelose (vgl. Shell 1985: 33-35; 1994: 198). Helaas het die dinge nie so goed verloop as wat Van Reede gehoop het nie, want in 1687 is Jan Pasqual weens ontug verban. Sy opvolger was Claas Cornelisz. van die Kaap wat blykbaar 'n goeie onderwyser was en in die daaropvolgende jare as skoolmeester gedien het (Du Toit 1937: 49-50). In 1692 was die skoolmeester die vrygestelde bandiet, Daniël Rodrigo, uit Batavia afkomstig, terwyl Armosyn van die Kaap die 'matres' was. Skykbaar het hierdie twee die ampte vir 'n hele ruk vervul, want hul name word in dié verband tot die tweede dekade van die 18<sup>de</sup> eeu genoem (Schoeman 2001: 554, 569).

Met die beter reëlings wat Van Reede getref het, en die groter bestendigheid wat deur langdienende onderwysers veroorsaak is, lyk dit of die slaweskool 'n vasste instelling geword het wat goed gevorder het. So het die Politieke Raad in 1688 berig dat die kinders: "soo[wel] heel- als halfslagh knegties en meissies, ten getal van 79, onder de opsigte van meesters en meesteres ter school in alle christelike eer, leer en deugd, in't lesen, naaijen en andere konsten onderwesen worden, terwijl wij voor de opvoeding der suigelingen ten getal van 19 niet minder sorg dragen" (aangehaal in Schoeman 2001: 569). As mens in ag neem dat daar in hierdie jaar 142 slawekinders aan die Kaap was, en dat sommige hiervan privaatslawe was (weliswaar 'n klein minderheid omdat die meeste slawekinders aan die VOC behoort het: in 1685 was 90 van die totale 126 slawekinders aan die Kaap kompanjieslawe [vgl. Armstrong & Worden 1989: 124]), lyk dit of die VOC wel deeglik gesorg het vir die opvoeding van die slawekinders in die Losie. Francis Leguat het dit op sy besoek in 1698 opgelet, want hy noem dat die VOC en van die koloniste "take care to instruct them [the slaves] in Religion, and teach them to Read and Write" (Leguat 1708: 237). Teen die begin van die 18<sup>de</sup> eeu is daar spesiale lokale vir die onderrig van die slawekinders gebou, want Kolb berig dat gedurende sy tyd aan die Kaap (1705-1713) "... 't meisjes school voor de slaven" agter die huis van die tuinier in die kompanjies tuin was, en daarnaas "... 't school der slaven-jongens, welker Leermeester zoo wel in 't zelve byzonder huishoud, als de Meesteres in haar school" (Kolbe 1727 I: 394). Kolb lig ons ook in oor wat die slawekinders geleer word: "De Illustre Compagnie houd voor dezelve [jong slawekinders] een byzonderen Schoolmeester en Schoolmeesteresse, waar by de jongens en meisjes ieder byzonder niet alleen lezen maar ook de Christelyke godsdienst leeren kunnen..." (Kolbe 1727 II: 151-2). Dat godsdiensonderrig sekerlik voorrang geniet het, blyk ook uit die getuienis van die sendeling Ziegenbalg wat vir 'n kort tyd in 1706 aan die Kaap vertoef het:

"They [VOC] have set up a very useful Exercise for the Catechizing of Children. ... We were overjoyed, to hear the Children of the Blacks [i.e. slaves] answer so prettily to all the Questions of the Christian Religion, but were much amazed to see, that the Christians use their Slaves so hard, and (as it

---

<sup>95</sup> Omdat sommige slawe die begeerte uitgespreek het om ook godsdiensonderrig te ontvang, het Van Reede bepaal dat dié bo twaalf twee halwe dae per week sodanige onderrig mag kry "ten eijnde sij al meede mogten bequaemheijt hebben tot de religie en het Christen geloove te komen" (aangehaal in Du Toit 1937: 46).

was said) deny 'em the very Benefit of Baptism, whereby they might be initiated into the Christian Faith" (Spohr 1967: 115).<sup>96</sup>

Uit dieselfde tyd kom daar nog 'n berig oor die onderwys van slawekinders wat 'n ietwat wyer beeld skets: "The Boys, as they grow up, are taught to Read and Write, and the Girls to work with the Needle, in a publick School at one end of the [Slave] House, they were born in; and those that prove tractable, never want Incouragement" (Lockyer 1711: 297). Lockyer bedoel waarskynlik dat die meisies naas lees- en skryfonderrig ook naaldwerk geleer het, nie dat hulle slegs in naaldwerk onderrig is nie.

Uit die voorafgaande behoort duidelik te wees dat, terwyl onderwys aan VOC-slawekinders tot 1685 lukraak en onbestendig was (dit lyk uit die bietjie wat daaroor bekend is dat die aantal slawekinders in die onderskeie skole aansienlik minder was as die totale aantal slawekinders aan die Kaap), daar ná 1685 'n verbetering ingetree het en dat die slawekinders wat aan die Kompanjie behoort het meer gereeld met 'n vorm van Nederlands in die skool en kerk in aanraking kon kom. Oor die kwaliteit van onderwys aan hierdie slawekinders kan mens net gis. Die Kompanjie het skynbaar self gereken dat die kinders 'n goeie diens bewys is, iets waarvoor hulle dankbaar behoort te wees. Dit blyk uit 'n geval van 'n VOC-slavin, Sara van die Kaap, wat in 1689 vrygestel is op voorwaarde dat sy by haar afsterwe die helfte van haar besittings aan die VOC sal laat as vergoeding vir die opvoeding wat sy as kind by hulle geniet het (Böeseken 1977: 155). Duideliker evidensie is afkomstig uit die gevalle van vrygelate slawe in die laat 17<sup>de</sup> eeu. Anthonij van Angola, wat onder die eerste besending slawe van 1658 was, kon as vryswarte teen die negentigerjare slegs die letter 'a' vir handtekeningdoeleindes vorm, maar nie sy naam skryf nie (Hatting 1981: 18). Louis van Bengale, wat (waarskynlik) as twaalfjarige in 1664 aan die Kaap geland het, kon ook net sy voorletters teken, en het op 'n tydstip spesifiek verklaar "onnoosel te weesen vermits niet leesen can" (Hattingh 1981: 22). Volgens De Wet het 39 van die 96 bekende vryswartmans uit die periode 1657-1707 op een of ander stadium 'n dokument onderteken. Van hierdie 39 kon slegs vyf hul name skryf (De Wet 1981: 210-11). Anthonij en Louis was van 'n vroeë geslag slawe tydens wie se kinderjare die onderwys aan die Kaap onbestendig en beperk was. Waarskynlik het dit ná 1685 verbeter, maar hiervoor is daar geen duidelike getuienis nie.

Ofskoon Van Reede hom ook met onderwys vir blanke kinders bemoei het, lyk dit, verbasend genoeg, asof onderwys vir Europeërs in die jare ná sy vertrek op dieselfde lukrake manier voortgesukkel het. Van Reede het 'n woonhuis vir die skoolmeester beskikbaar gestel, wat terselfdertyd as skoollokaal moes dien. Hieruit kan mens aflei dat die aantal kinders toegeneem het (Du Toit 1937: 29). Wie die skoolmeester was en wat die kwaliteit van sy werk was, is nie bekend nie. In 1690 is die weduwee Aagje Keijsers toegelaat om 'n skooltjie vir kinders onder sewe jaar te begin – meer is hieroor ook nie bekend nie (Du Toit 1937: 30). Dat die groeiende aantal blanke kinders wel een of ander vorm van onderwys moes deurmaak, blyk uit die versekering van die Politieke Raad in 1703 aan die Klassis Amsterdam dat die kinders wel die Christelike beginsels in die skool leer en elke Sondag in die kerk die vrae van die Heidelbergse Kategismus beantwoord (Du Toit 1937: 31). Maar, dat die onderwys steeds nie na wense was nie, blyk uit die versoek wat die predikant Le Boucq in 1708 gerig het, nl. "dat hier goede meesters, die de kinderen leeren, gesteld, en dat ook de kerken en scholen van goede reglementen voorsien werden; want soo het hier soo voortgaet, is te dughten dat de Africaanders tot het Hottentotdom vervallen sullen" (aangehaal in Schoeman 2001: 372-73). Le Boucq het hierdie pleidooi gelewer

<sup>96</sup> Oor die dooppraktyke van onderskeidelik die VOC en vryburgers, sien § 5.7.1 hierbo.

na aanleiding van die openbare katkisasie wat sedert 1706 weekliks in die kerk gehou is en deur 120 kinders bygewoon is (Du Toit 1937: 31). Gedurende hierdie tyd (1707-8) het ds. Le Boucq ook gekla oor “de swarte meester” Daniël Rodrigo wat volgens hom geen goeie voorbeeld vir blanke kinders is nie, aangesien hy ’n veroordeelde bandiet was. Rodrigo was oorspronklik aangestel as onderwyser vir die slawekinders, en mens moet hieruit aflei dat daar weer ’n tekort was aan ’n geskikte persoon vir onderwys en dat hy die amp noodgedwonge moes waarneem. Die Politieke Raad het egter met Le Boucq saamgestem, en Rodrigo verbied om ook aan blanke kinders onderrig te verskaf (dit is origens onbekend of Rodrigo die blanke kinders saam met die slawe onderrig het, of dit buite sy kapasiteit as skoolmeester in die Slawelosie gedoen het) (Schoeman 2001: 372). Dit skyn dus asof dit maar net nie wou geluk met die onderwys aan die Kaap nie. Volgens Le Boucq gaan dit sleg met die skole omdat “deselve van gheen goede meesters versien en sijn” (aangehaal in Du Toit 1937: 34). Gedurende dieselfde tyd het ook Kolb te velde getrek teen die swak skoolopvoeding van kinders. Syns insiens was dit te wyte aan die luiheid van die sieketroosters, asook die feit dat daar baie kinders maar min geskikte leermeesters was (Kolbe 1727 II: 318). Al hierdie klagtes het aanleiding gegee tot ’n grondige ondersoek en hervorming in 1714 deur goewerneur De Chavonnes. Die details hiervan is nie hier van belang nie, maar die gevolg daarvan is dat daar ’n sg. Latynse skool, in feite ’n hoërskool, in Kaapstad onder ’n bekwame onderwyser, Lambertus Slicher, tot stand gekom het. Hier was die onderwys van ’n beter aard, en die skool het flink gegroei sodat daar teen 1720 meer as 200 leerlinge was (Du Toit 1937: 86-89, 105).

Ten slotte moet daar, ter wille van die volledigheid, ook aandag gegee word aan die onderwyssituasie op die platteland. Hier was openbare onderwys nog meer lukraak as in Kaapstad. In 1683 het die vryburgers van Stellenbosch die VOC om ’n skoolmeester versoek omdat hul kinders “ganst woest en ongebonden” grootword (aangehaal in Du Toit 1937: 53). Derhalwe is die sieketrooster, Sijbrand Mancadan, ook as skoolmeester aangestel terwyl daar spesiaal ’n huis vir die onderwyser op die dorp gebou is waarin die kinders onderrig kon word. Mancadan het egter ná ’n paar jaar ook die pos van sekretaris van die Heemraad aanvaar. Dit het daartoe gelei dat hy in 1688 in ’n stryd met die owerhede gewikkel was wat gevoel het dat hy nie genoegsaam aandag aan sy kerk- en onderwysampte skenk nie (Du Toit 1937: 54-55). Wat dit vir die onderwys beteken het, is onbekend, maar in 1688 spreek die Politieke Raad die hoop uit dat “de jeugd hem anvertrouwd door goede en naarstige onderwijsing de gelede schade mag inhaalen” (aangehaal in Biewenga 1999: 162). Volgens Biewenga het sake hierna ietwat verbeter en dit is moontlik dat Mancadan tussendeur sy ander bedrywighede ook “nu en dan” skoolgehou het (Biewenga 1999: 162-63). Mancadan is as sieketrooster en skoolmeester opgevolg deur Jan Jansz. Swart wat egter nie lank gehou het nie omdat die Kerkraad hom in 1701 afgesit het en om ’n meer stigtelike persoon gevra het. Sy opvolger as sieketrooster was Jan Mahieu, maar dit is wel bekend dat hy nie skoolgehou het nie (Biewenga 1999: 163). Van die openbare onderwys het in die beginjare van die 18<sup>de</sup> eeu in Stellenbosch ook nie veel teregkom nie. In 1707 is bevind dat die kinders daar “als in’t wilt” grootword (aangehaal in Du Toit 1937: 56). Hoewel Sebastiaan Cevaal in die jaar daarop as skoolmeester en koster aangestel is, skyn dit nie ’n groot sukses te gewees het nie. In 1715 kla die Politieke Raad “dat de jeugd in ses jaaren herwaarts [in Stellenbosch] niet was gecatechiseert, nog in seperate bijeenkomste onderweesen” is (aangehaal in Biewenga 1999: 163). Ofskoon ’n nuwe sieketrooster, Johannes Kien, in 1714 ook aangestel is as onderwyser, het hy hom gou verset teen die predikant. Die rede hiervoor was glo die laksheid van Kien se onderwys, en hy is dan ook in 1715 ontslaan (Biewenga 1999: 163). ’n Verbetering het uiteindelik ingetree met

Kien se opvolger, Jacobus de Rens, wat tot in 1719 goed skoolgehou het. Ook sy opvolger, Anthonij Fauré, het die kerkraad as onderwyser bevredig (Biewenga 1999: 164). Hiervolgens lyk dit dat ook in Stellenbosch die onderwys teen die einde van die onderhawige tyd verbeter het, ofskoon dit nie bekend is hoeveel kinders onderwys ontvang het nie, en van watter kwaliteit dit was nie. Omdat Stellenbosch nie 'n besondere groot gebied was nie, en die bevolking binne redelike afstand van die dorp gewoon het, kan mens aanneem dat die situasie daar beter was as in die meer ylbevolkte Drakenstein.

Kort ná die stigting van Drakenstein en die vestiging van die Hugenote aldaar, is Paul Roux as voorleser in Frans aangestel. Dit is moontlik dat hy ook nie-amptelik as skoolmeester werksaam was, maar hieroor is daar geen uitsluitel nie. Die snelle uitbreiding van die gebied en die wydverspreidheid van die inwoners het ook as belemmerende faktore in die stigting van 'n skool gedien (Du Toit 1937: 58-60). Eers in 1700 is ene Jacob de Groot, wat ook Frans magtig was en reeds ondervinding as onderwyser gehad het, as sieketrooster en skoolmeester aangestel (Du Toit 1937: 61). De Groot het hom klaarblyklik goed van sy taak gekwyt en is in 1707 deur die Kaapse gemeente beroep (Du Toit 1937: 63-64). As opvolger vir De Groot is Hermanus Bosman in Drakenstein aangestel. Ook hy was tweetalig en het benewens die kerklike amp skynbaar skoolgehou tot in die 1730's (Du Toit 1937: 64-65, 155). Hierdeur is die openbare onderwys ook in Drakenstein op goeie voet geplaas.

Die groot afstande waaroor die koloniste-bevolking in die binneland versprei is, het tot gevolg gehad dat slegs 'n klein deel van hul kinders die kerkskole op die dorpe kon bywoon. Gevolglik het sommige boere knegte aangestel om ook, waar hulle daartoe in staat was, as onderwysers te dien. Dit was egter nie die geval met alle knegte nie. Selfs van dié knegte wat hoofsaaklik as onderwysers aangestel is, is verwag om ook ander take te verrig (vgl. Schoeman 2001: 374-76). Die meeste van hierdie knegte was eertydse soldate of seelui, en die kwaliteit van onderwys was seker nie besonder hoog nie. Volgens Biewenga het dit hier waarskynlik slegs om elementêre lees- en skryfonderrig asook godsdiensonderwys gegaan, maar nie veel meer nie (Biewenga 1999: 164). Daar is reeds hierbo (§ 5.5.2) verduidelik dat knegte duur was en dat hulle mettertyd deur slawe vervang is. Om 'n kneg hoofsaaklik as onderwyser aan te stel, sou 'n luukse wees wat min boere in die vroeë Kaap kon bekostig. Volgens Biewenga is daar dan ook weinig voorbeelde voor 1700 van knegte wat as huisonderwysers optree (Biewenga 1999: 164). Dit lyk of hierdie gebruik van knegte as onderwysers eers later in die 18<sup>de</sup> eeu meer algemeen geword het toe slawe geredelik beskikbaar was en sommige boere dit kon bekostig om knegte as hoofsaaklik onderwysers aan te stel (vgl. Shell 1994: 19-20).

*"I think that to understand what happened in any particular case, we must become better historians"*

– Gillian Sankoff (1979: 25)

Die doel van hierdie studie is om Den Besten se Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans vanuit 'n sosiohistoriese oogpunt te toets en te nuanseer. In § 3.2 is gewys hoe nuttig 'n sosiohistoriese benadering tot die studie van kreoolgenese kan wees. In § 4.3 is aangedui watter kritiek daar vanuit 'n sosiohistoriese oogpunt teen die Konvergensieteorie ingebring kan word. In hoofstuk 5 is die periode tussen 1590-1720 in detail bespreek en daar is veral aandag geskenk aan die onderskeie bevolkingsgroepe aan die Kaap en hul onderlinge kontak. In hierdie hoofstuk word die besware wat in § 4.3 geopper is op basis van die gemelde sosiohistoriese data meer in besonderhede uitgewerk en gesubstansieer (§ 6.1). In § 6.2 word 'n voorstel gemaak oor die kolonial<sup>e</sup> aard van Afrikaans waarin die belang van Khoekhoen en slawe in die ontstaan van die taal na vore kom.

## 6.1 Die Konvergensieteorie sosiohistories beskou

Hierdie afdeling is direk gerig op die voorstelle van Den Besten, soos in § 4.2 verduidelik, maar in die lig van hoofstuk 5. Die chronologiese ontwikkelingsgang wat Den Besten voorgestel het, word daarom hier gevolg. Die kritiek wat vanuit 'n sosiohistoriese oogpunt gelewer kan word, word onder dieselfde hoofies aangebied as wat in § 4.2 gebruik is.

### 6.1.1 ca. 1590-1647

In § 5.2 is daar uitgewys hoeveel kontak daar tussen sommige van die Khoekhoen en verskeie Europese moondhede ná 1590 aan die Kaap was. Die aard en omvang van die kontak tussen die Khoekhoen en die Nederlanders en Engelse het egter, anders as wat mens uit Den Besten se voorstelling sou vermoed, veel gedurende hierdie tydperk gevarieer. Ook het die Europese seelui nie altyd met 'die' Khoekhoen kontak gehad nie, maar met verskillende groepe op verskillende tye. As mens hierdie variasie oorweeg, moet sekere vraagtekens langs Den Besten se gevolgtrekkings oor kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs gedurende 1590-1647 geplaas word. Dit lyk eerder asof Den Besten se siening van kontak en kommunikasie slegs geldig is vir die periode vanaf 1590 totdat Coree op die toneel verskyn het in ca. 1613/4. Dit is gedurende hierdie eerste twee dekades van gereelde kontak dat daar grootskaalse ruilhandel tussen die Khoekhoen en Europeërs plaasgevind het (vgl. § 5.2.2). Dit is ook uit hierdie tyd dat die vroegste Khoekhoe-uitinge bekend is en daar sekere getuienis is oor kommunikasie tussen Khoekhoen en Europeërs (vgl. §§ 5.2.6 & 8.5). In § 5.2.6 is aangetoon dat die enigste gevalle uit die letterkundige bronne waarin duidelik vermeld word dat kommunikasie tussen Europeërs en Khoekhoen nie moontlik was nie, of baie moeilik was, in die periode voor 1614 voorgekom het. Dit is ook uit hierdie periode dat die meeste duidelike uitsprake oor kommunikasie tussen Europeërs en Khoekhoen as 'n groep mense voorkom. Die rede hiervoor is eenvoudig: weens die gebrek aan tolke en wedersydse kennis van mekaar se tale, was die Khoekhoen en Europeërs daarop aangewese om op ander wyses

met mekaar te kommunikeer. Dit is daarom dat daar soveel uitsprake in die primêre bronne van die periode voor 1614 bestaan oor hoe Europeërs met die Khoekhoen gekommunikeer het. Daar is verder in § 5.2.6 uitgewys dat die meeste gevalle van die gebruik van gebare en/of tekens om te kommunikeer ook voor 1614 voorkom. Kennelik het die groepe-in-kontak weens gebrek aan kommunikasie teruggeval op hierdie mees basiese vorm van kommunikasie. Dit is ook uit hierdie tyd dat daar duidelike gevalle is van die gebruik van klanknabootsende woorde deur die Khoekhoen en Europeërs asook 'n vorm van vreemdelingspraak deur sommige Europeërs (vgl. § 5.2.6). Wat presies Den Besten met "trade jargons" bedoel, is onduidelik, maar as dit in die betekenis van Mühlhäusler (1986: 135-47) gebruik word, is dit onwaarskynlik dat die taalvorme wat in die periode 1590-1614 in kontaksituasies tussen Europeërs en Khoekhoen ontstaan het en gebruik is, as sodanig geklassifiseer kan word.<sup>1</sup> Die taalkundige evidensie (vgl. Addendum 8.5) is eenvoudig te skraal en die geskiedenis te vaag om so 'n uitspraak te waag. Daar kan wel met veiligheid verklaar word dat enkele Europese woorde en begrippe wel onder van die Khoekhoen bekend was, maar hoe belangwekkend dit is, is onseker. Die Khoekhoe-samelewing was nomadies en verskillende groeperinge was op verskillende tye aan die Kaap. Ons weet eenvoudig nie met watter groepe die Europeërs in die tydperk 1590-1614 kontak gehad het nie. Dit wil voorkom of dit goed moontlik is dat die uitsprake wat in die primêre bronne oor kommunikasie handel, voorbeelde is van unieke oplossings vir probleme met kommunikasie.

Die rede waarom Den Besten die taalkundige situasie van die periode 1590-1614 verwar met die hele tydperk 1590-1647 is omdat hy nie genoegsame aandag aan die rol van tolke in die pre-koloniale tydperk gee nie. Die rede waarom daar soveel minder uitsprake oor kommunikasie (of gebrek daaraan) met die Khoekhoen in die periode ná 1614 bestaan as voor daardie jaar, hou verband met die teenwoordigheid van eers Coree en later Autshumao as tolke aan die Kaap. Hierbo is reeds gewys in hoe 'n mate hierdie persone as bemiddelaars tussen die Khoekhoen en Europese seelui gedien het (vgl. §§ 5.2.3 & 5.2.4). Daar was dus min rede waarom 'die' Khoekhoen jargons sou moet gebruik het in kontaksituasies met Europeërs aangesien hulle 'n Khoekhoepersoon gehad het om vir hulle te tolk.<sup>2</sup> Daarby blyk dat vanaf die 1630's die meeste kontak tussen Europeërs en Khoekhoen eintlik kontak tussen Europeërs en die Goringhaikonas was (vgl. § 5.2.4). Dit is moontlik dat van Autshumao se volgelinge 'n bietjie Nederlands of Engels kon geken het (byvoorbeeld die tolk 'Isaac' oor wie daar feitlik niks bekend is nie), maar hiervoor is daar geen duidelike evidensie nie. Den Besten se uitspraak dat die tolke moontlik Engels en/of Nederlands aan hul volgelinge geleer het, berus waarskynlik op hierdie uitspraak van Terry uit 1616:

"Coreye caryed of our people who desyred to see the Contrey & shewed them his house, wyfe & children at a towne distant from Saldania [i.e. Table Bay] 8 English myles, conteyning about 100 housen or smale Cottages; all or most part of theise people saye to us (as it semeth they have learned of Coree) *Sir Tho: Smithe English Shipps* which they often repeat & that with great glorye..." (Raven-Hart 1967: 72)

<sup>1</sup> Mühlhäusler se gebruik van die term 'jargon' vir heel basiese intertale wat later die basis van 'n pidgin gevorm het, word sterk gekritiseer deur byvoorbeeld Mufwene (vgl. § 3.2.4).

<sup>2</sup> Daar word uiteraard hier veralgemeen op grond van die beskikbare evidensie – dit is goed moontlik dat daar meer kontak was tussen die Khoekhoen en Europeërs as wat ons bronne aandui en dat daar in hierdie situasie ander vorme van kommunikasie was. Daar is egter geen onomstootlike evidensie hiervoor aan te voer nie en die beskikbare evidensie lei ons tot ander gevolgtrekkings.

Daar is geen ander bewyse dat hierdie praktyk meer verbreid was nie, en dit is waarskynlik 'n geïsoleerde geval waar Coree probeer het om die Engelse te beïndruk ten einde hul hulp as geallieerdes in sy oorlog te verkry (vgl. § 5.2.3).<sup>3</sup>

Alles dui daarop dat Den Besten verkeerd is waar hy reken dat daar teen ca. 1640 'n Engelse en Nederlandse jargon onder die Khoekhoen bestaan het. Dit lei mens ook daartoe om sy mening dat hierdie vermeende jargons as basis vir die Nederlandse pidgin van die Khoekhoen in die tweede helfte van die 17<sup>de</sup> eeu gedien het, te bevraagteken. Dit is wel so dat sommige Khoekhoen voor die koloniale tydperk kennis van Engels of Nederlands gehad het, maar hulle was individuele uitsonderinge wat gewoonlik as tolke gedien het. 'n Algemene bekendheid met Engels en Nederlands onder die Khoekhoen (van enige groepering) voor 1652 kan nie veronderstel word nie.

### 6.1.2 1647-1648

Hoewel Den Besten dit nie erg benadruk nie, meen hy tog dat die stranding van die Haerlem in 1647 en die verblyf van 'n deel van die bemanning aan die Kaap vir 'n jaar lank, daartoe gelei het dat die kennis van Nederlands onder die Khoekhoen uitgebrei het en die leksikon van die vermeende Nederlandse/Engelse jargon kon vergroot het. Hy baseer hierdie aannames op sy uitspraak dat daar noue kontak tussen 'die' Khoekhoen en die skipbreukelinge was gedurende die tyd wat die Haerlem-bemanning aan die Kaap vertoef het. In § 5.2.5 het ek evidensie aangevoer wat die aanname dat daar noue kontak tussen die Khoekhoen en die Nederlandse skipbreukelinge was, bevraagteken. Die beskikbare evidensie dui daarop dat die gestrande bemanning nie veel kontak met die Goringhaikonas gehad het nie. Dit is egter wel moontlik dat hulle vir 'n paar maande (ná September 1647 en voor Januarie 1648) 'n goeie ruilhandel met die Goringhaikwas en/of Gorachokwas, wat toe in die omgewing van die Kaapse skiereiland was, gehad het (vgl. § 5.2.5 vir details). Dit is waarskynlik, soos in § 5.2.6 geargumenteer, dat sommige van hierdie Goringhaikwas en/of Gorachokwas in hul ruilhandel enkele Nederlandse woorde van die gestrande bemanningslede geleer het. Dit verklaar die uitspraak van Jansz en Proot later dat 'die' Khoekhoen die name van die Haerlem-bemanningslede geken het en enkele woorde kon spreek, asook die geval in April 1652 toe Van Riebeeck en sy mense deur 'n klein groepie Goringhaikwas besoek is wat enkele Nederlandse en Engelse woorde geken het (volgens Van Riebeeck: "apparent van't verongeluckte *Haerlems* volck geleert ende onthouden" [Bosman 1952: 27]). By laasgenoemde geval het dit om 9-10 individue gegaan. Dit is dus goed moontlik dat van die Goringhaikwas wat by die veehandel met die skipbreukelinge aan die einde van 1647 betrokke was, enkele woorde wat hulle in dié handel gebruik het, onthou het (vgl. § 5.2.6 vir details). Mens moet dus Den Besten se uitspraak oor hierdie episode erg nuanseer deur te verklaar dat slegs enkele Goringhaikonas wat vir 'n kort tydjie met die gestrande bemanningslede van die Haerlem kontak gehad het, 'n paar Nederlandse (en dalk Engelse) woorde, geleer het. Die uitspraak van Den Besten dat tydens die verblyf van die Haerlem-bemanningslede aan die Kaap "the local Khoekhoen at the Cape of Good Hope picked up some Dutch is a fact" (Den Besten 1986: 197), is ná 'n bestudering van die historiese materiaal nie houdbaar nie.

<sup>3</sup> Hierby moet mens voeg dat Coree se beheersing van Engels, volgens die beskikbare bronne, erg basies was (vgl. § 5.2.6 vir details). Dit is daarom te betwyfel of hy veel aan sy volgelinge kon leer.

Hierdie periode is vir Den Besten van groot belang omdat daar byna geen slawe was nie en daarom slegs twee (taal)groepe in kontak was, nl. Europeërs wat verskillende variëteite van Nederlands gepraat het, en Khoesprekers. Den Besten meen dat die omstandighede aan die Kaap gedurende die eerste ses jaar van die bestaan van die verversingspos soortgelyk is aan wat Bickerton geïdentifiseer het as die situasies wat tot 'fort-kreole' aanleiding gee. Dit stem grootliks ooreen met Chaudenson se begrip van endogene pidgins en kreole. Hierdie tale het in sosiohistoriese omstandighede ontstaan waar 'n plaaslike bevolking in kontak was met Europeërs wat 'n fort bedryf het. Die ekonomie van die nedersetting was gewoonlik op handel met die plaaslike bevolking gebaseer en nie op landbou nie. Daarby was die plaaslike bevolking homogeen en daar was slegs twee groepe in kontak (die Europeërs en die plaaslike inwoners). Wat van belang is, is dat die plaaslike bevolking "maintains ... its ethnic identity, its traditions and, by and large, its language" (Chaudenson 1977: 265; vgl. § 3.2.1 vir meer details). Wat die eerste ses jaar van Europese vestiging aan die Kaap betref, het Den Besten gelyk – die sosiohistoriese situasie, ten minste sover dit Euro-Khoekhoe-interaksie betref, was soortgelyk aan dié van 'n 'fort-pidgin of -kreool'. Maar dit vertel nie die hele verhaal nie en hierdie beeld van die eerste ses jaar, wat so belangrik in Den Besten se teorie is, behoort fyner bygestel te word.

In § 5.3.1.1 is kontak tussen die Khoekhoen en Europeërs vanaf 1652-ca.1657/8 beskryf. Hieruit blyk dat die koloniste gedurende hierdie tyd hoofsaaklik met die Skiereilandse Khoekhoen in aanraking gekom het. Aanvanklik was dit net met die Goringhaikonas alhoewel veral die Goringhaikwas vanaf 1653 ook gereeld kontak met die Europeërs gehad het. Hier word twee soorte kontak bedoel: oppervlakkige kontak, veral geassosieer met die ruilhandel waar waarskynlik slegs enkele 'vooraanstaande' lede van 'n groep by betrokke is terwyl die res van die groep nie veel met die ruilers te doen het nie, en nouer kontak, veral geassosieer met wat ek hierbo die 'houthalers' genoem het. Laasgenoemde groep is taalkundig van groter belang. Dit lyk of die meeste Goringhaikonas, wat immers veeloos was, deel van hierdie losse groepie mense was wat sekere take vir die Europeërs verrig het, hoewel ook sommige van die Goringhaikwas later in die 1650's deel van hierdie groep 'houthalers' geword het (§ 5.3.1.1). Uit die beskikbare evidensie wil dit voorkom dat dit individue in hierdie groepie is wat eerste Nederlands begin verwerf het. Daar moet in gedagte gehou word dat, net soos in die prekoloniale periode, die Europeërs aanvanklik op Autshumao as tolk aangewese was (vgl. § 5.3.1.3). Die nouer kontak wat daar egter in dié periode moontlik was tussen sommige Khoekhoen en die Europeërs, het dit moontlik gemaak dat kennis van Nederlands versprei het. Dit is dan ook nie verwonderlik nie dat die eerste Khoekhoen naas Autshumao van wie ons hoor dat hulle Nederlands geken het, deel van die groepie 'houthalers' was. Vanaf 1654-1657 word daar elke jaar in die Dagregister enkele individue genoem wat "wat Duyts" kon praat (vgl. § 5.3.1.3 vir verwysings). Die blote feit dat dit genoem word, dui daarop dat dit ongewoon was. Die bewyse uit individuele gevalle, asook die wyer sosiohistoriese omstandighede, dui daarop dat dit in hierdie jare eerder individue as groepe was wat Nederlands verwerf het. Die aantal Khoekhoen wat deel van die groepie 'houthalers' uitgemaak het, het aansienlik gewissel, maar nooit meer as 'n paar dosyn uitgemaak nie. Teen Junie 1656 berig die Dagregister egter dat van die Khoekhoen Nederlands "al redelijck fray begunnen te leeren spreekken, insonderheyt de jonge kinderen..." (Bosman 1955: 45). Hierdie is 'n belangrike passasie om verskeie redes. Ten eerste dui dit daarop dat vier jaar ná die stigting van die verversingspos kennis van Nederlands onder ten minste sommige van die Skiereilandse Khoekhoen bestaan het en dat daar 'n genoegsame hoeveelheid

mense was sodat dit teen dié tyd opmerklik geword het. Tweedens, die kinders word uitgesonder, wat waarskynlik daarop dui dat hulle die taal 'makliker' aanleer as hul ouers – iets wat ooreenkom met ons kennis van T2-verwerwing, nl. dat jong kinders makliker 'n vreemde taal verwerf as volwassenes. Ten derde word daar genoem dat die Khoekhoen Nederlands "begin" leer praat het, wat moontlik daarop dui dat dit gaan om 'n rudimentêre vorm van die taal. Hoe dit ook sy, dit blyk dat die kennis van Nederlands onder die Goringhaikonas en Goringhaikwas genoegsaam versprei het gedurende die 1650's sodat daar verskeie van hul lede op togte na die binneland as tolke gebruik kon word, naas individue soos Claas Das en Doman wat ook by die Fort as tolke gebruik word (vgl. § 5.3.1.3).

Dit is ongetwyfeld waar dat Khoekhoen gedurende die periode 1652-1658 ('n vorm van) Nederlands geleer het. Hierdie stelling behoort egter gerelativeer word. Nie *alle* Khoekhoen het Nederlands geken nie, selfs nie al die Khoekhoen van die twee groepe wat die meeste kontak met die Europeërs gehad het nie, die Goringhaikonas en Goringhaikwas. Den Besten erken self dat ons geen bewyse het oor die struktuur van die voorgestelde pidgin in hierdie tyd nie, gewoon omdat daar geen duidelike, samehangende uitings van Khoekhoen in Nederlands voor die 1670's bestaan nie. Die gebrek aan evidensie maak dit myns insiens ook moeilik om mens uit te spreek of daar wel 'n pidgin onder die Khoekhoen gedurende 1652-1658 bestaan het. Dit hang uiteraard van mens se definisie van 'n pidgin af. Daar was ongetwyfeld Khoekhoen wat Nederlands gepraat het, en die Nederlands wat hulle gebruik het, was sekerlik nie vlot en standaard nie. Maar watter evidensie is daar aan te voer dat al die Khoekhoen wat Nederlands kon praat, 'n pidgin gebruik het, m.a.w. dat die variasie wat inherent aan individuele intertale (verskillende Khoekhoen se pogings om Nederlands as T2 te praat) is, gedurende hierdie tyd gestabiliseer het, en dat die "free variation and inconsistencies" van intertale vervang is deur "more regular syntactic and lexical structures" – soos wat die geval is met die stabilisering van jargons in pidgins (Mühlhäusler 1986: 147)? Dit is onmoontlik om sonder direkte taalkundige uitings uitsluitel oor hierdie vraag te gee. Dit is ewe moontlik dat elke Khoekhoe wat Nederlands geken het, se variëteit daarvan 'n intertaal was – gelei, soos by alle T2-verwerwing, deur universele taalverwerwingsprosesse, die aard van die moedertaal en die hoeveelheid blootstelling aan die teikentaal. Dit sal dus beteken dat iemand wat meer kontak met Nederlandssprekendes gehad het, waarskynlik 'beter' Nederlands gepraat het as iemand wat bloot oppervlakkige kontak gehad het. Dit is byvoorbeeld duidelik dat Krotoa se Nederlands mettertyd verbeter het, gewoon omdat sy meer blootstelling daaraan gehad het en vanaf 'n jong ouderdom (omtrent 10 jaar) gereeld met Nederlandssprekendes in kontak was (vgl. § 5.3.1.3). Mens sal dus dieselfde van die ander Khoekhoen verwag: dié wat nouer kontak gehad het, byvoorbeeld die 'houthalers', het beter Nederlands geken en gepraat as byvoorbeeld diegene wat net by die ruilhandel betrokke was. Ofskoon dit op grond van sosiohistoriese omstandighede moeilik is om oor hierdie probleem uitsluitel te gee, lyk dit binne die omstandighede wat bekend is, meer waarskynlik dat laasgenoemde scenario die geval was. Die rede hiervoor is gewoon dat die Khoekhoen slegs Nederlands sou gebruik het in kontak met die Europeërs en dat Nederlands dus altyd net 'n kontaktaal met heel beperkte funksies was.

#### 6.1.4 1658-1713

Soos reeds uitgewys is, is Den Besten taamlik vaag oor presies hoe sake verloop het in hierdie tydperk, wat vir sy teorie so kardinaal is. Hy glo byvoorbeeld dat daar teen 1673 'n stabiele pidgin onder die Khoekhoen bestaan

het. Die rede waarom hy hierdie datum voorstel, is dat dit uit hierdie jaar is dat die eerste samehangende taalkundige uitinge in Khoekhoe-Nederlands bestaan. Den Besten self het erken dat daar geen taalkundige bewyse is vir die bestaan van 'n pidgin voor dié tyd nie. Is dit op grond van sosiohistoriese materiaal moontlik om duidelikheid hieroor te kry?

In § 5.3.1.2 is daar verduidelik hoedat die Skiereilandse Khoekhoen, ná hul vernet in die vorm van die eerste Khoekhoe-Nederlandse oorlog van die laat 1650's, vir alle praktiese doeleindes hul politieke mag aan die Europese koloniste verloor het. Hierdie ontwikkeling staan in noue verband met die ander uiters belangrike ontwikkeling in die geskiedenis van die Kaap, nl. die vestiging van vryburgers in 1657. Dit het nie net beteken dat die arbeidsprobleem vererger het nie (wat gelei het tot die invoer van slawerny met belangrike taalkundige gevolge, sien hieronder), maar ook dat die Skiereilandse Khoekhoen ekonomies benadeel is, wat weer indirek gelei het tot 'n verdere toename in hul sosio-politiese magsverlies. In § 5.4.3 is daar aangedui hoedat hierdie prosesse, wat tydens die eerste tien jaar van die Europese besetting van die Kaap aan die gang gesit is, sig voltrek het sover dit die Skiereilandse Khoekhoen betref het en uitgebrei het na die Cochokwas en, in 'n mindere mate, na die ander Omliggende Khoekhoen, met name die Chainokwas en Hessekwas. Die periode 1660's-1670's word gekenmerk deur die 'ondergang' van die tradisionele leefwyse van die Skiereilandse Khoekhoen en hul inskakeling, ten minste sover dit hul politiese en ekonomiese bestaanswyse betref, by die koloniale bestel. Daar is voldoende evidensie wat daarop dui dat 'n groot groep van verarmde (veelose) Khoekhoen vir die VOC en sommige koloniste gewerk het (hoewel mens in gedagte moet hou dat hiermee 'n veel losser begrip aangedui word as wat moderne mense daaronder verstaan). Ofskoon nie *alle* Skiereilandse Khoekhoen hul tradisionele leefwyse opgegee het nie, het die groep ontheemde Khoekhoen wat in en om die nedersetting gewerk het, nogtans sterk gegroei. Hierdie groep, wat hierbo die 'Fort-Khoekhoen' genoem is, se aantal het gewissel, maar ons weet dat daar teen 1666 reeds 70-80 individue was, wat waarskynlik in die jare daarna sterk aangegroei het. Dit is 'n belangwekkende getal as mens in ag neem dat daar in dieselfde jaar slegs 75 vryburgers was, ongeveer 160 slawe en 440 kompanjiesdienaars (vgl. § 5.4.3 vir verwysings). Hoewel hierdie Fort-Khoekhoen nie die enigste Khoekhoen was met wie die Europeërs aan die Kaap kontak gehad het nie<sup>4</sup>, was hulle sekerlik dié wat die nouste met Nederlandssprekendes geskakel het. Helaas is daar weinig direkte uitsprake oor die taalkundige kennis van hierdie Khoekhoen, maar die enkeles wat wel bestaan, laat dit duidelik blyk dat die Fort-Khoekhoen wel 'n vorm van Nederlands geken het – iets wat mens uit hul sosio-ekonomiese omstandighede sou verwag. Die meeste uitsprake oor die aard van die Fort-Khoekhoen se Nederlands in die 1660's en 1670's noem gewoon dat hulle 'n "bietjie Nederlands" of "gebroke Nederlands" gepraat het (vgl. § 5.4.3 vir details). Weereens is dit nie moontlik om op grond van die beskikbare getuienis uit hierdie tyd te verklaar of hierdie Khoekhoen 'n Nederlandse pidgin gebruik het of gewoon variëteite van 'n Nederlandse intertaal nie. Mens sou kon argumenteer dat omdat byvoorbeeld die Fort-Khoekhoen nouer en meer gereelde kontak met mekaar en Nederlandssprekendes gehad het, daar wel meer van 'n "groepstaal" (pidgins is immers groeps- en nie individuele verskynsels nie) ontwikkel het in stede van 'n aantal individuele taalvorme nie, maar dit bly blote gissing.

<sup>4</sup> Ook vir hierdie periode kan mens 'n kontinuum van 'kontak' met die Khoekhoen voorstel: die Fort-Khoekhoen het die meeste kontak gehad, gevolg deur dié Skiereilandse Khoekhoen wat nog in die omgewing van die Skiereiland onder hul individuele klankaptein hul tradisionele leefwyse probeer volg het, maar wat steeds redelik gereeld na die nedersetting gegaan het. Laastens was daar die Omliggende Khoekhoen met wie die Europeërs geruil het. Mens sou verwag dat daar meer kontak met die Cochokwas was omdat hulle ook met tye na die Skiereiland getrek het, as byvoorbeeld die Hessekwas en Chainokwas na wie die VOC ruilekspedisies gestuur het.

Die voorafgaande bespreking van die uitbreiding van kennis van Nederlands onder die Khoekhoen gedurende die 1660-1670's, moet in belangrike opsigte gerelativeer word. Hoewel daar waarskynlik duisende Khoekhoen in die Wes-Kaap gedurende hierdie tydperk was, was kontak tussen individuele Khoekhoen en individuele Europeërs nie so groot nie, die Fort-Khoekhoen in die nedersetting en die enkeles wat by die paar vryburgerboere in diens was (vgl. §§ 5.4.1 & 5.4.3) uitgesluit. Dit is hoofsaaklik die gevolg van die klein hoeveelheid Europeërs en die feit dat hulle oor 'n baie klein gebied versprei was. Hoewel die Skiereilandse Khoekhoen grootliks verarmd en magteloos was, het heelwat van hulle steeds probeer om in klans 'n tradisionele bestaan te voer, terwyl die groot en magtige groepe van die Omliggende Khoekhoen, hoewel reeds deel van die grensgebied van handel, slegs weinig kontak met die Europeërs naas handelsekspedisies gehad het (die situasie het vir die Cochokwas teen die einde van die 1670's verander). Indien daar 'n Nederlandse pidgin onder die Khoekhoen bestaan het, dan was dit onder die Fort-Khoekhoen wat in die 1660's en 1670's slegs 'n klein deel van 'die' Khoekhoen uitgemaak het.

Den Besten se vroeë studies is onduidelik oor die vraag of die Europeërs aan die Kaap die veronderstelde pidgin in kontak met die Khoekhoen en/of slawe gebruik het, hoewel hy in onlangse werk tot so 'n aanname neig (vgl. §§ 4.2.3 & 4.3). Dit is nie 'n kwessie waarvoor mens op grond van sosiohistoriese data kan oordeel nie, maar wat van groot belang is in die beantwoording van die vraag of daar 'n pidgin aan die Kaap was. Soos reeds vermeld, is die bronne oor die algemeen stil oor taalkundige aspekte, hoewel daar twee uitsprake is wat in hierdie verband nuttig mag wees.

In Ten Rhyne se beskrywing van die handelstogte wat die VOC na die binnelandse Khoekhoen stuur, verduidelik hy die gebruike wat hiermee gepaard gaan, asook sommige van die terme wat gebruik word. So skryf hy dat wanneer die Europese handelaars by die Khoekhoen aankom: "At first the traders display a big portion of tobacco, generally about two spans long, for the ox or sheep that is to be exchanged, always adding a little bit (this they call *kortom*)..." (Schapera & Farrington 1933: 137). Dit is onduidelik waarna of na wie die subjek van die sinsnede "this they call *kortom*" verwys. Indien dit die Europese handelaars is, is dit die enigste bewys (wat ek kon kry) van Europeërs wat Khoekhoe-Nederlands gebruik. Dit is egter ewe goed moontlik dat dit die Khoekhoen is wat die stukkie tabak "*kortom*" genoem het.

Die ander uitspraak kom uit 1685 en was lank in die Afrikaanse taalkunde omstrede. Dit is naamlik Kommissaris Van Reede se bekende uitspraak kort ná sy aankoms aan die Kaap:

"Hier is een gewoonten onder al ons volck, dat lerende dese inlanders [Khoekhoen] de Nederduijdsche spraek, en dat deselve die op haer manieren seer krom en bijna onverstandelijk spreken, *soo volgen de onse haer daerin nae*, jae soodanigh, de kinderen van onse Nederlanders haer dat mede aenwennende een gebroken spraek gefondeert werd, die onmogelijk sal wesen naederhand te verwinnen, veel min onder de Hottentots de Duijdsche taele in te voeren, daer het deselve niet en gebreekt aen bequaemheijt, sprekende alle woorden prompt uijt, sonder eenigh gebreck, *indien men haer die maer wel voorsegt*, waerontrent wel nodigh was, wat meer agt geslaegen wiert"<sup>5</sup> (Hulshof 1941: 36, my kursivering).

<sup>5</sup> Vgl. Scholtz (1963: 268-74) vir 'n analise van Van Reede se taalgebruik (met 'n Afrikaanse vertaling van hierdie passasie) en die situering daarvan in die konteks van Van Reede se besoek aan die Kaap. Scholtz self is van mening dat dit hier gaan om die gebruik van vreemdelingspraak deur Nederlandssprekendes in kontak met Khoekhoen en huldig die mening dat Van Reede hierdie passasie geskryf het aangesien hy "vermoedelik geskok [was] dat hulle [die Khoekhoen], wat

Dit is moontlik om te argumenteer dat Van Reede hier kla dat die Europeërs die Khoekhoe-Nederlands van die Khoekhoen in hul omgang met laasgenoemde gebruik, veral op grond van die eerste gekursiveerde sinsnede. Dit is egter ook moontlik dat dit kan beteken dat die Europeërs 'n soort Nederlandse vreemdelingspraak in hul kontak met die Khoekhoen gebruik (vgl. Scholtz 1963: 271 met n. 20). Laasgenoemde voorstel lyk meer aanneemlik as mens die tweede gekursiveerde sinsnede oorweeg. Hieruit lyk dit asof Van Reede meen dat die rede waarom die Khoekhoen so “krom” Nederlands praat, die Europeërs se slegte voorbeeld is – as laasgenoemde maar nie vreemdelingspraak gebruik nie, maar ‘gewone’ Nederlands, dan sal die Khoekhoen ook nie so “krom” praat nie.<sup>6</sup>

Beide tekste wat ek aangebied het as moontlike evidensie vir die argument dat die Europeërs die (veronderstelde) Nederlandse pidgin of Khoekhoe-Nederlands in hul kontak met Khoekhoen gebruik het, is problematies. Dit lyk my goed moontlik dat mens net so maklik kan verklaar dat Europeërs vreemdelingspraak gebruik het in kontak met Khoekhoen, en dat dit gevarieer het van die mense met wie hulle in kontak was, dus 'n meer elementêre vorm van Nederlands met waarskynlik meer gebare vir kommunikasie met binnelandse Khoekhoen op ruilekspedisies as vir Khoekhoen in die Skeireiland wat meer gereeld kontak met Europeërs gehad het. Hierdie is egter 'n onopgeloste vraagstuk wat meer aandag verdien.

Den Besten benadruk sy siening dat die slawe nie so 'n groot invloed op die vroeë taalkundige situasie aan die Kaap gehad het nie weens (1) die vroeëre kontak tussen die Khoekhoen en die Europeërs wat eersgenoemde in staat gestel het om die fondament vir 'n pidgin te lê, en (2) die linguistiese heterogeniteit van die slawebevolking weens hul wyd uiteenlopende herkoms. Den Besten maak 'n groot fout deur so 'n monolitiese beeld van die vroeë Kaapse samelewing te hê waardeur sy negering van die rol van die slawe moontlik is. Dit is waar dat die Khoekhoen in ongeveer die eerste drie dekades ná die stigting van die verversingspos moontlik 'n ‘belangriker’ rol as die slawe in die taalverandering van die koloniale Nederlands gespeel het omdat daar (waarskynlik) meer Khoekhoen was wat kontak met die Europeërs gehad het as slawe. 'n Blote kwantitatiewe argument laat egter die spesifieke sosiale situasie en die kwaliteit van kontak tussen die Khoekhoen en Europeërs buite rekening. Daarby is dit opvallend uit 'n bestudering van die 17<sup>de</sup>-eeuse geskiedenis van die Kaap dat die Khoekhoen met verloop van tyd in belang in die (gekoloniseerde) Kaap afneem, terwyl slawe as 'n faktor mettertyd al groter word. Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit die syfers vir slawe: terwyl daar in 1660 slegs 121 slawe maar 225 Europeërs was, het die getal teen 1685 toegeneem tot onderskeidelik 604 slawe teenoor 635

---

so naby die Kasteel woon, ruim dertig jaar na die stigting van die verversingspos nog so beroerd Nederlands praat, en hy wou daar 'n verbetering in bring. In die drie maande wat hy aan die Kaap was, het hy verder met geen woord melding gemaak van die besondere taalgebruik van die koloniste of ander inwoners van die nedersetting nie” (Scholtz 1963: 272-73).

<sup>6</sup> Van Reede is veral gesteur deur uitspraak van die Khoekhoen, vgl. die sinsnede: die Khoekhoen praat Nederlands “op haer manieren seer krom en bijna onverstandelijk”. Later in sy Joemaal voeg hy hieroor by: “Haer [Khoekhoen se] uitspraak valt swaer, en hebben moeijten haer meijninge te doen verstaen, doch als het geschiet, bevint men haer niet onredelijk” (Hulshof 1941: 202). Dit gaan vir Van Reede oor die slegte voorbeeld wat Nederlandssprekendes stel deur nie ‘korrek’ te praat nie, met die gevolg dat die T2-sprekers se taal ‘krom’ sal wees. Hierdie mening word gesteun deur die “Reglement van H. A. van Rheede tot Drakensteyn voor het Seminarie tot opleiding van Proponenten en Predikanten en de daarmee verbonden Openbare School te Nallur (bij Jaffna)” (in Ceylon) uit 1690, waarin besonder klem gelê word op die aanleer van “de Nederduytsche tale”. Die ideaal wat Van Reede stel ten opsigte van korrekte uitspraak blyk uit die volgende passasie: “De claare en duydelijke prononciatiën van onse tael is gelijk oock van alle andere de meeste cierlijkheyd die men daarvan begeerd en daarom zulcks hiervooren verscheyde maelen gerecommandeerd. Maar omdat het kenbaar is dat de tong der inlanders g’apliceerd en gewend is aen een gantsch andere uytspreeck als d’onse, oversulcks veele woorden, ja syllaben en letters seer crom en niet dan met groote moeyte ondervonden door de inlanders voormelt ons kunnen werden nagesegt, soo moet den schoolmeester hiervan sijn voornaemste werk maken en niet ophouden voor en alee hem alles sonder eenige berispelijckheyd door de kinderen nagesproken werd” (Hovy 1991: 251).

Europeërs. Die aantal Khoekhoen wat kontak met Europeërs gehad het, het waarskynlik nie teen dieselfde tempo toegeneem nie (terwyl die totale aantal Khoekhoen in die Wes-Kaap weens siekte, oorlog en ander oorsake afgeneem het). Twee dekades later het die slawefaktor nog groter geword, want in 1702 was daar 1910 slawe teenoor 1954 Europeërs aan die Kaap, terwyl daar 20 jaar later waarskynlik meer slawe as Europeërs aan die Kaap was (vgl. Addendum 8.3).

Soos in §§ 4.2.4 & 4.3 aangetoon, wend Den Besten geen poging aan nie om te bepaal of die slawe gedurende die 17<sup>de</sup> eeu inderdaad so linguisties heterogeen was as wat hy voorhou, en of Kreools-Portugees en Maleis wel as verkeerstaal onder hulle gedien het. Ook in die res van die literatuur oor hierdie onderwerp is daar nie veel nuansering nie. Dit is in 'n groot mate toe te skryf aan die feit dat vroeëre skrywers op literêre bronne en die enkele bekende uitinge in dié tale staat gemaak het in hul bespreking van hierdie kwessie. Tot dusver was daar geen poging om, soos die geval by kreoliste (vgl. § 3.2), van demografiese data gebruik te maak nie. In hierdie studie is gepoog om dit vir die 17<sup>de</sup> eeu te doen. Dit is gedoen deur enersyds te kyk na die bronne van slawe-invoer (vgl. §§ 5.3.2, 5.4.2, 5.5.2 & 5.6.3), veral belangrik vir die herkoms van die VOC-slawe, en die bepaling van herkoms deur 'n studie van die toponieme van privaatslawe (vgl. Addendum 8.4). Ofskoon laasgenoemde kriterium nie onfeilbaar is nie (vgl. § 8.4.1), behoort dit tog 'n redelike aanduiding te gee van die herkoms van die meeste slawe.

Die bevindings hiervan was soos volg: Daar moet in gedagte gehou word dat die situasie gedurende die sestig jaar onder bespreking (ca. 1658-1720) heelwat verander het en dit daarom nodig is om gedetailleerd te werk te gaan. Ná die grootskaalse invoer van slawe na die Kaap in 1658 was daar geen grootskaalse besending slawe na die Kaap voor 1673 nie. Wel is die slawebevolking gedurende hierdie 15 jaar vermeerder deur natuurlike aanwas en individuele slawe wat deur Europeërs op die retoervlote aan die Kaap van die hand gesit is. Dit het beteken dat, hoewel die 'basis' van die slawebevolking teen die einde van die 1650's uit Afrika (ongeveer twee-derdes uit Guinee en die res uit Angola) afkomstig was, dit gedurende die 1660's aangevul is deur slawe uit die Ooste, veral Indië en Ceylon. Onder die privaatslawe was Afrika-slawe van ca. 1658-1667 aan die Kaap in die meerderheid en het slawe uit die Ooste hulle slegs geleidelik ingehaal sodat Oosterse slawe teen ca. 1670 die meerderheid van die privaatslawe uitgemaak het. Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit hier om baie klein getalle gaan en dat die privaatslawe op hierdie stadium minder was as die kompanjieslawe. By lg. het die situasie aansienlik in die 1670's verander met die invoer van groot getalle slawe uit Madagaskar. Daar was dus wel 'n mate van linguistiese heterogeniteit onder die slawe, maar hierdie uitspraak moet genuanseer word. Vir ongeveer tien jaar het die meeste slawe, privaats- en kompanjieslawe, naas 'n vorm van Nederlands (vgl. § 5.3.2 vir 'n voorbeeld), hul moedertale van Guinee of Angola gepraat. Tydens die 1660's en 1670's het individuele privaatslawe uit Indië en Ceylon aan die Kaap geland. Hoewel daar teen die 1670's meer van hulle as van die Afrika-slawe was, was hulle versprei by verskillende privaatpersone. Die oorgrote meerderheid van die kompanjieslawe was teen die 1670's van Madagaskar. Dus, hoewel sommige privaatslawe, nl. dié uit Indië en Ceylon, moontlik naas hul moedertale ook Kreools-Portugees kon gebruik het, is dit onwaarskynlik dat dit as lingua franca onder 'die' slawe aan die Kaap in die 1660's en 1670's in gebruik kon gewees het. Die VOC-slawe, wat immers veel meer onderlinge kontak met mekaar geniet het en van 'n meer homogene afkoms was, het waarskynlik onderling hul moedertale gebruik, terwyl hulle met ander 'n vorm van Nederlands gepraat het. Dit is te verwagte, veral omdat ons weet dat van die jonger slawe onderwys in Nederlands ontvang het (vgl. § 5.9). Hoe dit ook sy, op grond van slawe-invoer en die herkoms van privaatslawe

lyk dit nie houdbaar om aan te voer dat Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstale onder die slawe in die periode ca. 1658-1679 gebruik is nie (vgl. §§ 5.3.2 & 5.4.2 vir details). Dit beteken egter *nie* dat daar geen individue is wat Kreools-Portugees geken het of selfs in kontak met ander gebruik het nie, maar wel dat dit nie 'n *algemene* verkeerstaal onder die slawe was wat die noodsaaklikheid van kennis van Nederlands oorbodig gemaak het nie.

Hierdie situasie het gedurende die laaste twee dekades van die 17<sup>de</sup> eeu verander met die uitbreiding van die gekoloniseerde gebiede na die binneland en die gevolglike toename in die Europese bevolking wat oor 'n wyer gebied as ooit tevore versprei het (vgl. § 5.5.1). Dit het ook gelei tot 'n groter vraag na slawe en 'n toename in die aantal privaatslawe. In die periode 1679-1700 het die totale slawebevolking van die Kaap byna verdriedubbel. Die toename het egter hoofsaaklik in die laaste 5 jaar van die 17<sup>de</sup> eeu plaasgevind. Ofskoon daar heelwat slawe vir die VOC in 1684-85 van Madagaskar bekom is, was daar vir die tien jaar daarna geen verdere invoer vir die VOC nie. Tussen 1696-1700 is daar honderde slawe uit Madagaskar vir die VOC na die Kaap gebring. Die vryburgers het hul slawe, soos vantevore, van individue op die retoervloot uit die Ooste gekoop, maar in die onderhawige tydperk is heelwat privaatslawe ook bekom van slawehandelaars uit Madagaskar. Dus, hoewel die kompanjieslawe feitlik geheel en al Malgassies van oorsprong was, het die herkoms van privaatslawe in die 1680-90's nogal gewissel. Weens die aktiwiteite van die privaatslawehandelaars het privaatslawe onder die vryburgers gedurende veral die 1680's taamlik toegeneem het sodat daar teen ca. 1690 omtrent ewe veel privaatslawe van Oosterse herkoms (Indië en Ceylon) was as privaatslawe van Madagaskar. Die situasie het weer ietwat verander gedurende die 1690's met meer slawe uit Indië en Ceylon sodat privaatslawe van hierdie gebiede teen die einde van die 17<sup>de</sup> eeu in die meerderheid was (vgl. §§ 5.5.2 & 8.4.2).

Uit hierdie oorwegings is dit duidelik dat slawe wat moontlik Kreools-Portugees kon praat (nl. slawe uit Indië en Ceylon – daar is baie min slawe uit Indonesië gedurende die 17<sup>de</sup> eeu ingevoer), eers baie laat in die 17<sup>de</sup> eeu numeries sterk was. Daarby was daar geen sterk teenwoordigheid van moontlike Maleissprekende slawe nie. 'n Belangrike oorweging om in gedagte te hou, is dat dit hier gaan om *privaatslawe* en, soos in hoofstuk 5 aangedui, is hierdie privaatslawe oor die algemeen versprei in klein 'huishoudings' (in die tegniese sin soos in § 5.7.2 gebruik) waar daar aanvanklik gemiddeld (gedurende 1680-1700) slegs 1-2 slawe per huishouding was. Die situasie op die platteland was dus baie soos Chaudenson se “société d'habitation” (vgl. § 3.2.1). Anders as by die kompanjieslawe, waar mens sou verwag dat hul getalsterkte en homogene afkoms nie taalverskuiwing sou veroorsaak nie, het privaatslawe waarskynlik weinig keuse gehad, veral in die platteland waar hulle in relatiewe isolasie as deel van die huishoudings gewoon en gewerk het.

Daar is dus geen rede om aan te neem dat die slawe in die 17<sup>de</sup> eeu Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstale onder mekaar gebruik het nie. Dit is waar dat die slawe se afkoms heterogeen was, maar dit het nie beteken dat hulle nie Nederlands sou geleer het nie. Die verspreiding van slawe in klein huishoudings en noue kontak met Europeërs in die huishoudings het sekerlik vir privaatslawe weinig keuse gelaat as om Nederlands te leer. Die situasie kon moontlik verskil het met die kompanjieslawe omdat hul afkoms meer heterogeen was en hulle nouer saamgewoon en gewerk het, maar die feit dat hulle heelwat kontak met Europeërs gehad het (vgl. § 5.7) en dat sommige onderwys ontvang het (vgl. § 5.9) lei mens tot die slotsom dat ook hulle wel 'n noodsaak vir Nederlands gehad het.

Hierdie interpretasie word ondersteun deur ander (kwalitatiewe) evidensie. Franken het in sy studie van vertolking in Kreools-Portugees en Maleis opgemerk dat “die bykans totale afwesigheid van vertolking voor

1700” opvallend is (Franken 1953: 43). Ponelis het in sy oorsig van evidensie uit literêre bronne oor die gebruik van Kreools-Portugees aan die Kaap ook bevind dat “[t]he weight of [the] evidence lies in the eighteenth rather than in the seventeenth century” (Ponelis 1993: 16). Die gevalle van die 17<sup>de</sup>-eeuse Khoekhoen Krotoa (vgl. § 5.3.1.3), Sara (vgl. Leibbrandt 1902: 35) en Begu/Pegu (vgl. Kolbe 1727 I: 426-27; Raidt e.a. 1973: 72) wat almal blykbaar Portugees kon praat, skyn uitsonderlik te wees (vgl. Franken 1953: 28-30).<sup>7</sup> Daar is geen literêre bronne uit die 17<sup>de</sup> eeu wat vermeld dat Kreools-Portugees ’n verkeerstaal, of selfs algemeen, onder die Kaapse slawe was nie.

Die situasie verander egter in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu. Franken het die eerste geval van die gebruik van Kreools-Portugees in ’n hofsak van 1704 opgespoor (vgl. Franken 1953: 45). Hierdie geval kan bloot beteken dat die betrokke persone (wat uit Indië afkomstig was) met mekaar Kreools-Portugees gepraat het. Daar word nie in twyfel getrek dat persone met dieselfde herkoms wat Kreools-Portugees ken, dit vir kommunikasie met mekaar gebruik het nie, maar wel dat dit ’n algemene verkeerstaal onder slawe was, selfs onder slawe met ’n ander herkoms. Tog, op grond van sosiohistoriese oorwegings, lyk dit vir my aanneemlik dat hierdie situasie in die loop van die 18<sup>de</sup> eeu verander het. Dit is duidelik uit die syfers vir die periode 1700-1720 dat die proporsie Oosterse slawe onder die privaatslawe gedurig toegeneem het. Hoewel die kompanjieslawe steeds merendeels van Madagaskar was, het die aantal privaatslawe so toegeneem dat die Malgassiese gedeelte van die totale slawebevolking in die begin van die 18<sup>de</sup> eeu aansienlik begin afneem het (vgl. § 5.6.3). Dit is ook uit hierdie tydperk dat ons die eerste uitsprake uit reisbeskrywings kry dat Kreools-Portugees in ’n sekere mate ’n omgangstaal was, veral in Kaapstad self op die markte (vgl. veral Kolbe 1727 I: 70-71; ook Böving 1712: 5). Later in die 18<sup>de</sup> eeu het die aantal slawe uit die Ooste (beide Indië en Indonesië) so toegeneem dat, veral in die tweede helfte van die eeu, reisbeskrywings wemel van opmerkings oor die feit dat Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstaal in Kaapstad gebruik word (vgl. byvoorbeeld Bosman 1928: 60-61 hieroor). Die stereotipiese beeld van ’n Kaapstad waar almal Kreools-Portugees en Maleis praat, kan egter nie vir die 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu onderskryf word nie. Den Besten kan dus nie die linguistiese heterogeniteit van die slawe en hul gevolglike gebruik van Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstaal, as argument aanvoer om die rol van slawe in die ontwikkeling van (’n variëteit van) Afrikaans in die periode 1658-1720 te negeer of te verminder nie.

As die slawe nie ’n verkeerstaal gebruik het nie, wat het hulle dan gepraat? Den Besten is vaag oor die kwessie of dié slawe die vermeende Nederlandse pidgin van die Khoekhoen geleer het of nie. Sosiohistoriese getuienis kan nie ’n duidelike antwoord hierop gee nie, wel kan dit aantoon of dit moontlik was vir slawe om iets van die Khoekhoen te leer, m.a.w. of daar genoegsame kontak tussen die twee groepe was. Den Besten reken dat die feit dat beide groepe die arbeidersklas uitgemaak het, genoegsame evidensie is. Die bespreking in hoofstuk 5 het aangetoon dat hierdie uitspraak genuanseer kan word. Kontak tussen die Khoekhoen en slawe het nie net mettertyd verander nie, maar ook van plek tot plek verskil.

Eerstens moet mens in gedagte hou dat kontak tussen slawe en Khoekhoen met verloop van tyd vermeerder het. In die vroeër jare (tot ca. 1670’s) was daar (1) nie soveel slawe nie, en (2) was die Khoekhoen

---

<sup>7</sup> Die geval van die Khoekhoe-kaptein wat een van Tachard se kollegas in 1685 in die Kompanjieskoon in Portugees aangespreek het, bly misterieus (vgl. Raven-Hart 1971: 287). Wie was hierdie persoon, aangesien Pegu/Bego eers in 1685 saam met Van Reede na die Ooste is, waar hy klaarblyklik sy Portugees geleer het (vgl. Franken 1953: 29)? Van wie sou hy Portugees kon leer het, en waarom? Moontlik is die teks ’n interpolasie uit ’n latere tyd aangesien ons weet dat Tachard later in die 17<sup>de</sup> eeu op sy terugreis weer ’n ruk aan die Kaap vertoef het.

nog nie so verarm dat hulle in groot getalle by die Europeërs gewerk het nie. In die eerste jare ná die invoer van slawerny wil dit voorkom asof die Khoekhoen en die slawe mekaar nie goedgesind was nie (vgl. § 5.3.2). As daar 'n pidgin onder die Khoekhoen was, is dit onwaarskynlik dat die slawe dit op hierdie stadium van hulle kon geleer het. Die sosiohistoriese situasie het mettertyd verander toe ook Khoekhoen, nes die slawe, deel van die ekonomiese magsbestel van die Europeërs geword het. Die Khoekhoen het egter gedurende die 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu, anders as die slawe, nie ook saam met die Europeërs geleef nie, maar verkies om op hul eie in groepies en krale saam te woon (enkele Khoekhoeknegte uitgesonder, vgl. §§ 5.5.3 & 5.6.2 vir details). Die Fort-Khoekhoen het in hul daaglikse lewe in die stad heelwat kontak gehad met die slawe (asook die Europeërs, beide verbygaande besoekers en koloniste), nie net 'formele' werkskontak nie, maar ook informele en sosiale kontak (vgl. byvoorbeeld § 5.7.1 en die relevante gedeeltes van §§ 5.4.3, 5.5.3 & 5.6.2). Met die uitbreiding van die gekoloniseerde gebiede, het daar 'n verskil ontstaan in die aard en hoeveelheid kontak tussen die verskillende groepe in die stad enersyds, en op die plattelandse gebiede andersyds. Soos in §§ 5.5.3 & 5.6.2 aangetoon is, het die situasie vanaf die 1680's aansienlik verander toe die Europese koloniste dieper die binneland ingetrek het. Die verdere verbrekking van die Khoekhoegemeenskap het daartoe gelei dat vele genoop is om by te vir Europeërs op plase te werk. Daar is heelwat evidensie uit die laat 17<sup>de</sup> en vroeë 18<sup>de</sup> eeu waaruit blyk dat Khoekhoen saam met blankes en slawe op plase gewerk het. In die eerste dekades van die 18<sup>de</sup> eeu het die koloniste nog dieper die binneland ingetrek waar hulle, ten spyte van verzet, mettertyd nog meer Khoekhoen genoop het om werkers te word. Laasgenoemde ontwikkeling, waarmee die opkoms van die veeboere bedoel word, het eers in die begindekades van die 18<sup>de</sup> eeu posgevat en val grotendeels buite die bestek van hierdie studie (maar vgl. § 5.6.1), maar dit was belangrik, omdat hierdie Khoekhoen meestal net met blankes en weinig slawe in aanraking gekom het.

Uit die voorafgaande lyk dit asof kontak tussen die Khoekhoen en slawe veral later in die 17<sup>de</sup> eeu baie nou was, al het die Khoekhoen in 'n groot mate nog hul eie kultuur en leefwyse nagestreef. Dit is goed moontlik dat hulle mekaar se taalgebruik kon beïnvloed het, maar dit laat 'n belangrike sosiolinguïstiese oorweging buite rekening. Die meeste slawe was, soos in § 5.7 aangetoon, in noue kontak met Europeërs, en dit is onwaarskynlik dat hulle hul Nederlands van die Khoekhoen sou leer, en nie van hul Europese opsigters en eienaars nie, met wie hul dikwels nou saamgewoon het. Indien die Khoekhoen wel 'n pidgin gebruik het, is daar geen duidelike rede waarom mens moet aanneem dat die slawe 'n Nederlandse pidgin van die Khoekhoen sou leer, maar nie die Nederlands van die Europeërs nie, met wie hulle waarskynlik meer en nouer kontak gehad het.

#### 6.1.5 Die 18<sup>de</sup> eeu (ná 1713)

Al sluit die pokke-epidemie van 1713 die periode 1658-1713 af, speel dit so 'n belangrike rol in Den Besten se siening van die ontwikkeling van Afrikaans in die 18<sup>de</sup> eeu dat dit hier saam met laasgenoemde bespreek word.

Ofskoon daar heelwat onsekerhede bestaan oor die impak en gevolge van die epidemie vir die Khoekhoen, kan mens tog (gegees wat bekend is en ons kennis van die Kaapse samelewing van dié tyd) op grond van sekere historiese oorwegings Den Besten se siening daarvan weerspreek (vgl. § 5.6.3 vir details). Dit wil voorkom asof die tradisionele beeld dat die 1713 pokke-epidemie die Kaapse Khoekhoen uit die Wes-Kaap laat verdwyn het, nie houdbaar is nie. Hoewel baie Khoekhoen gesterf het en baie weggetrek het, is dit nie die hele verhaal nie. Volgens tydgenootlike getuienis is die Khoekhoen in die Stellenbosch en Drakenstein-distrikte

minder erg getref as elders. Daarby lyk dit heeltemal aanneemlik om te aanvaar dat dié Khoekhoen wat voor die epidemie as knegte en arbeiders reeds van Europeërs afhanklik was, (weens ekonomiese redes) nie sou wegtrek nie. Dit lyk asof daar tog heelwat Khoekhoen in die Wes-Kaap ná die pokke-epidemie agtergebly het, maar dat hulle nie deel was van dié Khoekhoen wat voor die epidemie nog 'n tradisionele lewenstyl (gebaseer op veebesit) probeer nastreef het nie. Vermoedelik is dit laasgenoemde Khoekhoen wat weggetrek het – hulle kon dit gewoon bekostig het om in die binneland van hul vee 'n bestaan te maak.

Twee sake wat in die Konvergensieteorie van belang in hierdie verband is, moet bespreek word. Daar het wel Khoekhoen ná die epidemie in die Wes-Kaap, veral op die platteland, agtergebly. Indien hulle 'n Nederlandse pidgin gebruik het, sou hulle dus daarmee voortgegaan het. Die ander punt handel oor die Khoekhoen wat weggetrek het. Den Besten reken dat hulle Khoekhoe-Nederlands die binneland 'ingedra' het. Dit is myns insiens verkeerd. Die Khoekhoen wat weggetrek het, was dié wat nog probeer vasklou het aan hul tradisionele leefwyse (dus, wat nog wel vee besit het). Ofskoon dit nie onmoontlik is dat hulle Nederlands geken het nie, is dit ook moontlik dat kennis van die taal minder verbreid by hulle was. Wat veral van belang is: waarom sou hierdie weggetrekte Khoekhoen Nederlands in die binneland met mekaar wil praat? Die verdere uitbreiding van die kolonie deur veeboere het weliswaar dwarsdeur die 18<sup>de</sup> eeu voortgeduur (en is inderdaad deur die wegtrek van die Khoekhoen aangehelp). Die binnelandse Khoekhoen het hulle egter juis verset teen hierdie verdere indringing van hul gebiede en het gewoonlik verder getrek (vgl. Marks 1972; Penn 1995 & Newton-King 1999 vir details).

Dit lyk my veeleer of Den Besten die verspreiding van Nederlands deur die Khoekhoen verwar met 'n proses wat later in die 18<sup>de</sup> eeu plaasgevind het, nl. die opkoms van die sg. 'Bastaard-Hottentotten' of soms net 'Basters'. Hierdie proses is deels die gevolg van die 1713-pokke epidemie. Ná die epidemie is die Khoekhoen wat in die Wes-Kaap agtergebly genoop om geheel, ook kultureel en sosiaal, deel van die koloniale bestel te word. Hulle het nog nouer kontak met die slawe ontwikkel en mettertyd het daar ook ondertrouery tussen dié groepe plaasgevind (wat vir die periode voor 1720 taamlik skaars was) wat aanleiding gegee het tot die opkoms van 'n vry arbeidersklas in die vorm van die 'Bastaard-Hottentotten' (vgl. § 5.6.2 asook Elphick & Shell 1989: 201-2).<sup>8</sup> Dit is van hierdie groepe wat vanaf die middel van die 18<sup>de</sup> eeu noordwaarts getrek het. Hulle het ongetwyfel veel bygedra tot die verspreiding en ontwikkeling van Afrikaans in die binneland van Suid-Afrika en Namibië, maar dit is nie dieselfde mense as wat Den Besten meen ná 1713 Khoekhoe-Nederlands versprei het nie.

Alhoewel dit buite die bestek van die huidige studie val, is dit duidelik dat ontwikkeling van die geskiedenis van Afrikaans in die 18<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeu soos deur die Konvergensieteorie voorgestel, hersien behoort te word. Of die ontstaan van ORA terug te voer is na die wegtrek van Khoekhoe-Nederlandssprekende Khoekhoen ná die 1713-pokke-epidemie val te betwyfel. Dit lyk eerder verband te hou met die geleidelike noordwaartse beweging van die 'Bastaard-Hottentotten' enersyds en die trekboere andersyds. Oor die ontstaan van ORA is nog te min bekend om duideliker uitsprake hieroor te maak. Dit is ook te betwyfel of die Khoekhoen van die Oos-Kaap enige Khoekhoe-Nederlands van die weggetrekte Wes-Kaapse Khoekhoen ná 1713 sou geleer het. Waarom sou hulle dit wou doen? Dit is heel meer waarskynlik dat die kennis van

---

<sup>8</sup> Van die 'Bastaard-Hottentotten' was natuurlik die produk van verhoudings tussen Europeërs en Khoekhoen. Hierdie groep met deels Khoekhoe-afkoms word gewoonlik onderskei van die vryswart-gemeenskap in Kaapstad van wie dikwels aangeneem word dat hulle altyd deels slawe-afkoms gehad het (vgl. Elphick & Giliomee 1989a: 540-41). Of daar altyd so 'n duidelike onderskeid te maak was, is te betwyfel.

Nederlands in die Oos-Kaap geleidelik versprei het, soos die trekboerbevolking geleidelik verder oos getrek het en die Khoekhoen aan hulle onderwerp het. Essensieel was die proses soortgelyk aan wat in die periode 1700-1720 in die noordelike gebiede van die kolonie plaasgevind het: die geleidelike indringing van die blanke bevolking met verzet deur die Khoesan en hulle geleidelike onderwerping of wegtrek (vgl. §§ 5.6.1 & 5.6.2). Wat die ontstaan van KA betref, het Den Besten gelyk in sy siening van die belang van die veeltalige karakter van die 18<sup>de</sup>-eeuse Kaapse samelewing. Mens behoort egter by te voeg dat daar ook in die 18<sup>de</sup> eeu heelwat Khoekhoen in die Wes-Kaap was, al was hulle grotendeels geakkultureerd en deel van die koloniale bestel.

#### 6.1.6 *Stabiele pidgin of interlektiese variasie?*

In die voorafgaande paragrawe is die kritiek wat in § 4.3 teen die Konvergensieteorie uitgespreek is, vanuit 'n sosiohistoriese oogpunt gesubstansieer. Sommige aspekte van die model is onaanvaarbaar, terwyl ander heroorweeg moet word en heelwat genuanseer kan word. Dit lyk tog asof van die sentrale voorstelle van die Konvergensieteorie nie deur sosiohistoriese materiaal bewys kan word nie. Daar is veral geen manier om, op grond van die huidige taalkundige en historiese evidensie bekend, onomstrede te kan bewys dat daar 'n stabiele pidgin onder 'die' of selfs net sommige Khoekhoen bestaan het nie. Die verwerping van 'n stabiele pidgin beteken egter nie dat die rol van slawe en Khoekhoen in die ontstaan van Afrikaans ontken word nie.

Roberge staan krities teenoor die siening van byvoorbeeld Nienaber dat daar in die 18<sup>de</sup> eeu slegs 2 of 3 variëteite van Afrikaans/Kaaps-Hollands bestaan het (vgl. bv. Nienaber 1953: 163). Volgens Roberge was die grense tussen die verskillende variëteite nie so duidelik nie, en was daar eerder 'n kontinuum van verskillende lekte, van akrolekties tot basilekties (vgl. Roberge 1993: 57-58; 1994). Myns insiens kan mens dieselfde vir die 17<sup>de</sup> eeu argumenteer. Daar was geen duidelik afgebakende Khoekhoe-Nederlands of slawe-Nederlands of vreemdelinge-Nederlands (van die Franse en Duitsers) nie, maar 'n taamlik wye verskeidenheid van lekte waarvan die aard deels bepaal is deur die T1 van die spreker, sy of haar mate van blootstelling aan Nederlands (welke variëteit dan ook) en universele prosesse van taalverwerwing.

Hierdie uitspraak grond ek op die sosiohistoriese evidensie in hierdie studie aangebied. 'n Pidgin verskil kwalitatief van 'n intertaal – nie net taalkundig nie, maar ook sosiaal. Laasgenoemde oorweging het te make met die feit dat pidgins *groepsverskynsels* is, terwyl 'n intertaal *individueel* is (vgl. Roberge 1995: 70). Die Khoekhoe-samelewing het te vinnig verbrokkel en die kontak wat daar was tussen die verskillende groepe (beginnende) geakkultureerde Khoekhoen<sup>9</sup> het te veel verskil van groep tot groep (en individu tot individu) vir 'n pidgin om te ontwikkel. Die snelle ondergang van die tradisionele Khoekhoe-samelewing en hul vinnige opname in die koloniale ekonomie en kultuur het beteken dat daar nie genoeg van 'n groepstruktuur was

<sup>9</sup> Die groot verskille wat daar tussen hulle bestaan het, is in hoofstuk 5 bespreek. Ek dink hier aan groepe soos die stedelike Khoekhoen wat vanaf die 1660's opgekom het en heelwat kontak met Europeërs en slawe gehad het maar wat steeds in hul eie kraal digby die stad gewoon het; die rondtrekkende Khoekhoe-arbeiders vanaf die laat 17<sup>de</sup> eeu wat ekonomies afhanklik van die koloniste was, maar steeds in eie klan- of groepverband saamgewoon het; die Khoekhoe-knegte wat hul eie tradisionele leefwyse opgegee het en in noue kontak met Europese koloniste, knegte en slawe op die plase gewoon het. Hiernaas was daar dié Khoekhoen wat nog tot aan die begin van die 18<sup>de</sup> eeu in klanverband 'n tradisionele bestaan binne of digby die gekoloniseerde gebiede gewoon het en in 'n mate kontak gehad het; asook Khoekhoen wat slegs af en toe kontak met Europeërs op bv. ruitogte gehad het. Hierdie wye verskeidenheid van mense wat in verskillende kontaksituasies met Europeërs was, kon nie dieselfde stabiele taalvorm gebruik het nie. Daarby moet mens in gedagte hou dat daar ook individuele variasie binne so 'n groep was, afhangende van die hoeveelheid kontak wat so 'n individu gehad het, asook ander faktore (mens sou dink dat jonger kinders die taal makliker verwerf as volwassenes).

waardeur 'n (stabiele) taalvorm kon versprei nie. Indien die Fort-situasie langer geduur het, en 'n Khoekhoegroep langer in *relatiewe* (maar nie algehele nie) noue kontak met die Europeërs was, sou die situasie waarskynlik anders verloop het. Nederlands het te veel van 'n hegemonie in die 17<sup>de</sup> eeu aan die Kaap gehad en daar was te veel druk op die Khoekhoen vir taalverskuiwing na Nederlands vir 'n verskillende taalvorm om te kon ontstaan het.

Dit is egter nie die hele verhaal nie. Dit is ewe onwaarskynlik dat daar in die 17<sup>de</sup> eeu 'n stabiele pidgin onder die slawe kon bestaan het – gewoon omdat daar nie iets soos 'n *slawesamelewing* was nie. Die slawe was so verspreid, en in sulke noue kontak met Europeërs (wat in die algemeen die meerderheid uitgemaak het, vgl. die bespreking van 'huishouding' in § 5.7.2), dat daar meer as genoeg taalblootstelling vir hulle was (en druk om te konformeer). Die privaatslawe in die stad se situasie het ietwat verskil omdat daar meer onderlinge kontak tussen slawe was, maar ook in die stad het die meeste privaatslawe in klein getalle by Europese gesinne gewoon. Die kompanjieslawe is 'n belangrike uitsondering. Hulle het 'n meer homogene groep gevorm (in die 17<sup>de</sup> eeu hoofsaaklik Malgassies), en mens sou verwag dat die gebruik van hul moedertale algemeen onder mekaar was. Maar hulle, anders as die privaatslawe, het juis onderwys in Nederlands ontvang. Moontlik was hul Nederlands weens die minder nou kontak met Europeërs en die groot mate van tweetaligheid onder hulle, meer 'gebroke' as ander slawe s'n, maar daar is geen rede om aan te neem dat 'n stabiele pidgin onder hulle sou ontstaan het nie.

Die voorafgaande beteken nie dat die Nederlands van hierdie groepe geen invloed op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans gehad het nie. Intendeel, juis die noue kontak tussen hierdie mense en Nederlandssprekendes het gelei tot die geleidelike verandering van Nederlands in Afrikaans. Raidt is van mening dat invloed van T2-sprekers in die tydperk 1680-1740 die belangrikste redes vir die verandering van die taal was (Raidt 1983: 25-26). Haar begindatum is waarskynlik korrek, want dit is vanaf die 1680's dat die kolonistebevolking aansienlik uitgebrei het (beide numeries en geografies), die slawetal toegeneem het en daar nouer kontak tussen koloniste, slawe en Khoekhoen was (vgl. §§ 5.5-5.7). Hierdie veranderende kontaksituasies, gepaardgaande met die groter isolasie en minder geleentheid vir konserwatiewe kragte (soos onderwys, vgl. § 5.9) om taalverandering teë te werk, het gelei tot 'n herstrukturering van Nederlands in die mond van Europeërs en veral hul nakomelinge.

In §. 3.2.4 is Mufwene se stigtersbeginsel bespreek, waarvolgens die stigterbevolking(s) van 'n kolonie 'n disproporsionele invloed op die latere ontwikkeling van die taal het, gewoon omdat nuwe sprekers hulle by die reeds bestaande omstandighede moes skik en gewoonlik die plaaslike koloniale taalvariëteit moes leer.<sup>10</sup> Dit was ongetwyfeld die geval aan die Kaap gewees: dit is in die eerste ongeveer 70 jaar dat daar 'n groot aanpassing in die taal van die koloniale bevolking was. Die Kaapse situasie tot aan die begin van die 18<sup>de</sup> eeu stem in 'n groot mate ooreen met Chaudenson en Mufwene se Fase I waar T2-sprekers van die koloniale taal geleidelik (dus nie skielik in groot getalle nie) deel van die gemeenskap geword het, en hulle weens noue kontak genoegsame blootstelling aan die leksifiseerdertaal gehad het om dit redelik goed te verwerf. Kreoliste soos Mufwene en die gradualiste is van mening dat daar nie 'n pidginfase was in die ontwikkeling van kreole nie – die verandering van redelike goeie weergawes van die leksifiseerdertaal tot 'n kreool duur etlike generasies (vgl. § 3.2). Dieselfde was myns insiens die geval in Suid-Afrika: daar was 'n geleidelike aanpassing van Nederlands in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu soos meer T2-sprekers daarvan in die gemeenskap opgeneem is. Maar, anders as wat by

---

<sup>10</sup> 'n Baie eenvoudige voorbeeld is die geval van die Franse Hugenote wat weinig invloed op die ontstaan van Afrikaans gehad het, gewoon omdat hulle die reeds bestaande koloniale variëteit van die Kaap moes leer.

ander kreole gebeur het, het basilektisering, soos Mufwene (§ 3.2.4) dit voorstel, nie plaasgevind nie, m.a.w. daar was nooit 'n Fase II nie waar die getalle T2-sprekers so geweldig toegeneem het dat die koloniale taal al hoe meer verdun het. Tog is daar 'n verandering te sinjaleer in die vroeë Kaap, en wel ca. 1710-20. Vanaf dié datum het die slawetal vinniger toegeneem en Khoekhoen is op 'n meer permanente basis opgeneem in die koloniale bestel. Dit sou waarskynlik die veranderinge in die koloniale taal versnel het. Maar hierdie verandering was nie so groot as wat met Fase II gepaard gaan nie – die slawetal het in die Kaap nooit meer as 50% van die koloniale bevolking uitgemaak nie.

## 6.2 Afrikaans as koloniale taal: Die primaat van die geskiedenis

Soos in die voorafgaande paragrawe geargumenteer is, beteken verwerping van 'n stabiele pidgin nie 'n ontkenning van die rol van slawe en Khoekhoen in die ontstaan van Afrikaans nie. Binne die raamwerk van die gradualiste is pidginisering nie 'n kwessie nie: kreole het geleidelik ontwikkel deurdat 'n groter hoeveelheid T2-sprekers, in die geval van Suid-Afrika veral die Khoekhoen en slawe, met verloop van tyd by die sprekersbasis gevoeg is, waardeur die koloniale taal mettertyd van die metropolitaanse vorm daarvan 'wegbeweeg' het. Volgens Mufwene en die gradualiste se siening van kreolisering is dit die sosiohistoriese verlede van 'n taal wat bepaal of dit 'n kreool is of nie. Daar is geen taalkundige eienskappe uniek aan kreole nie, en daarom ook geen prototipiese 'kreoolse kenmerke' nie. Mufwene definieer kreole as tale wat in vestigingskolonies gedurende die koloniale tydperk (17<sup>de</sup> – 19<sup>de</sup> eeu) ontstaan het in gebiede waar Europeërs hulle permanent gevestig het en in gereelde kontak met slawe en/of die inheemse bevolking was. Hoewel beide kreole en koloniale variëteite van Europese tale die resultate van herstrukturering in kontaksituasies is, is daar 'n onderskeid tussen hulle te tref omdat die ekologie van die kontaksituasies waaronder hulle ontstaan het, deurslaggewend verskil het (vgl. § 3.2.4). Dit is die samestelling en die aard van die koloniale gemeenskap waarbinne 'n taal ontstaan, wat bepaal of dit 'n kreool is of nie.

As ondersteuning en ter illustrasie van Mufwene se argument dat dit die sosiohistoriese ekologie is wat die verskille tussen kontaktale verklaar, word hier 'n kort vergelykende perspektief aangebied van Afrikaans en ander Nederlandse koloniale tale. Kennis van die sosiohistoriese agtergrond is nodig om die verskille tussen hierdie tale te verklaar. 'n Interessante en sinvolle vraag om in hierdie verband te vra is: waarom het 'n taal soos Afrikaans in Suid-Afrika ontstaan en gedy, maar nie in ander Nederlandse kolonies nie? Dit val buite die kader van die huidige studie om in detail hierop in te gaan, maar dit moet hier aangestip word omdat dit wys hoe belangrik die rol van sosiohistoriese faktore in die ontstaan van Afrikaans is. 'n Kort vergelyking met die situasies in Nieu-Nederland en Batavia word daarom in die volgende paragrawe gedoen.<sup>11</sup>

---

<sup>11</sup> Die situasies in Suriname en die Deense Maagde-eilande (waar Afro-Hollands ontwikkel het) word met opset buite rekening gelaat. Beide hierdie kolonies en die tale wat daar ontwikkel het, het 'ongewone' en komplekse geskiedenis gehad. Die Nederlanders het Suriname van die Engelse oorgeneem, gevolglik het die kreole wat daar ontwikkel het, nl. Sranan en Saramakkaans, nie 'n Nederlandse basis nie. Die feit dat daar vandag Nederlands in Suriname gebruik word, veral in hoër funksies, is hoofsaaklik die gevolg van onderwys- en godsdiensaktiwiteite sedert die 18<sup>de</sup>, maar grotendeels die 19<sup>de</sup> eeu (vgl. Gobardhan-Rambocus 2001: hoofstuk 2-3). By die Maagde-eilande was die situasie omgekeerd: die Dene het dié eilande in die 1670's en vroeë 1700's in besit geneem, maar daar was reeds 'n klein Nederlandse bevolking met slawe teenwoordig. Blykbaar het toe reeds 'n vroeë vorm van Afro-Hollands bestaan, want t.s.v. die Deense teenwoordigheid (en ook Duits in die vorm van sendelinge) het dié taal tot die 20's<sup>te</sup> eeu bly voortbestaan (vgl. Den Besten & Muysken 1992: 67-71; Bakker 2000: 48-65). Batavia en Nieu-Nederland is om verskeie redes beter vergelykbaar met die vroeë Kaap.

Nieu-Nederland was van 1624-1664 'n Nederlandse kolonie (onder beheer van die WIC) en het bestaan uit 'n aantal nedersettings, waarvan Nieu-Amsterdam (later New York) die grootste was, in die huidige state van New York en New Jersey in die VSA. Teen die 1650's was daar 9-10 000 koloniste in die kolonie, met slegs 'n paar honderd slawe (Buccini 1995: 213-18; Holm 1989: 335-37). Volgens Buccini was minder as 50% van die koloniste T1-sprekers van Nederlands, terwyl die res van Duitse, Franse en Skandinawiese herkoms was. Die meeste Nederlandse koloniste het 'n Hollandiese of Utrechtse dialek gepraat. Ten spyte van die diverse herkoms van die koloniste, het Nieu-Nederlands taamlik konserwatief gebly en was essensieel 'n gestandaardiseerde vorm van Hollandies/Utrechts (onder druk van dialekvermenging – “dialect levelling”) (vgl. Buccini 1995: 220-59). Hoewel die Nieu-Nederlandse koloniste sporadiese handelskontakte met inlandse Indiane gehad het, was daar geen noue kontak met hulle nie en het kommunikasie deur tolke, of later, 'n pidgin wat op 'n Indiaanse taal (nie Nederlands nie) gebaseer is, plaasgevind (vgl. Buccini 2000:15-20; Holm 1989: 336).<sup>12</sup> Die genese van Nieu-Nederlands kan kortliks só gestel word:

“[T]here took place within the colony itself a process of dialect ‘levelling’ or restructuring, akin to (and also possibly affected by) the process of standardisation, a process which in New Netherland generally favoured features from central Holland and western Utrecht. ... [T]he Germans, French, Scandinavians and others who took up residence among the Dutch in New Netherland were not only linguistically absorbed but they were linguistically absorbed without affecting in any discernible way the structure of the colonial dialect. As a result of this linguistic absorption, New Netherland Dutch underwent no radical grammatical simplification, no phonological skewing, nor even any significant lexical influence” (Buccini 1996: 42).

Dit is opvallend hoeveel ooreenkomste daar in die Europese koloniale bevolkings van Nieu-Nederland en die Kaap was. Die herkoms van die Europese bevolking aan die Kaap was soortgelyk: minder as die helfte het uit Nederland en Vlaandere gestam, gevolg deur 'n groot groep (ongeveer een-derde) uit Duitsland met kleiner kontingente uit Frankryk en Skandinawië (vgl. De Wet 1981: 112). Die Nederlandse koloniste aan die Kaap het ook meestal 'n Hollandiese dialek gepraat (vgl. Ponelis 1993: 121-23). Die eenderse herkoms van die bevolkings en die oorwegende invloed van Hollandiese dialekte het beteken dat die taal van die Europese koloniste in 17<sup>de</sup>-eeuse Nieu-Nederland en Kaap de Goede Hoop heelwat ooreenkomste vertoon. Waarom het die eindprodukte dan soveel verskil en het Afrikaans mettertyd verder van Nederlands afgewyk? Volgens Buccini lê die antwoord in die sosiohistoriese verskille tussen dié twee kolonies. In Nieu-Nederland het die slawe gedurende die 17<sup>de</sup> eeu slegs 'n klein proporsie van die totale bevolking uitgemaak en was kontak met die inlandse bevolking baie beperk en kwalitatief van 'n totaal ander aard as aan die Kaap. Daarby was die Europese bevolking aan die Kaap wyd verspreid en het geïsoleerd in noue kontak met slawe en/of Khoekhoen gewoon, terwyl in Nieu-Nederland 'n groter koloniste-bevolking oor 'n kleiner gebied verspreid was (vgl. Buccini 1996: 42-48; 2000: 12-15). Die rede waarom byvoorbeeld 19<sup>de</sup>-eeuse Afrikaans soveel verskil van 19<sup>de</sup>-eeuse Nieu-Nederlands, is dus te vinde in die rol van die Khoekhoe- en slawesprekers van Afrikaans in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu. Soos Buccini dit stel, 'n vergelyking tussen dié twee tale toon duidelik “the real nature and extent of the role played by the non-European population of the Cape Colony” (Buccini 1995: 259; vgl. 1996: 48 & 2000: 14).

<sup>12</sup> Vergelyk: “[W]hile there is evidence that some Indians ... learned to speak some manner of Dutch, the Indians’ relationship with the Dutch never paralleled that of the Khoisan peoples of Southern Africa” (Buccini 2000: 17-18).

Die situasie in Nederlands-Oos-Indië, spesifiek Batavia, was totaal verskillend. Batavia en Kaapstad is die enigste twee stede wat die VOC gestig het. Anders as Kaapstad het Batavia, weens sy belangrike posisie as hoofsetel van die VOC-ryk, uiters snel gegroei. Toe 'n sensusopname in 1632 gemaak is, dertien jaar ná die stigting van die stad, het die inwonertal 8060 persone bedra. Hiervan was iets minder as 30% kompanjiesdiensmaats en vryburgers van Europese afkoms. Privaatslawe en kompanjieslawe het saam meer as 30% van die totale syfer beloop. Die ander belangrike bevolkingsgroep in Batavia was die Chinese wat in hierdie jaar numeries byna gelyk was aan die slawebevolking. Hiernaas het sg. 'Mardykers' (vrygestelde slawe) omtrent 8% beloop. Byna 50 jaar later, in 1679, het die Bataviase bevolking verviervoudig tot meer as 32 000 persone. Die samestelling van die bevolking het egter totaal verskil van 1632. In 1679 was 52% van die stadsbevolking slawe, en net 7% Europees. Die Chinese aandeel het afgeneem tot 10% en die Mardykers gestyg tot 17%. 'n Nuwe kategorie, die 'mestiezen' (ook Indo-Europeërs genoem) – mense van deels-Europese, deels-Asiatiese afkoms – het iets meer as 2% van die bevolking uitgemaak. Omtrent 12% van die bevolking was mense van elders uit die Indonesiese argipel (Niemeijer 1996: 25-27 vir syfers; hoofstuk 2-3 vir die verskillende bevolkings).

Opvallend uit die voorafgaande is nie net die groot persentasie slawe (waarby ook die Mardykers gereken moet word) nie, maar veral die klein hoeveelheid Europeërs in vergelyking daarmee. Die slawe was oorwegend uit voor-Indië afkomstig en het Kreools-Portugees as verkeerstaal onder mekaar gebruik (Groeneboer 1993: 45-47). Van belang vir die taalkundige situasie in Batavia is ook die rol van die inlandse persone, die Chinese en die opkoms van die 'mestiezen'. Die Chinese het 'n belangrike rol as handelaars gespeel en het uit die aard van die saak die verkeerstaal van Indonesië, Kreools-Portugees en veral (Pasar) Maleis, geken (Niemeijer 1996: 72-87). Die eintlike verkeerstaal van die Indonesiese argipel was Maleis (Portugees het weer as verkeerstaal in die westelike gedeeltes, vernameklik dele van Indië en Ceylon, gedien) (Groeneboer 1993: 20-28). Die Indonesiese bevolking van Batavia het dus naas hul moedertale ook Maleis gebruik. Die 'mestiezen' is 'n belangrike groep in die verdere ontwikkeling van die Bataviase samelewing. Omdat daar min Europese vroue in Oos-Indië was, het die oorgrote meerderheid van Europese mans met inlandse vroue of vrygestelde slavinne getrou met die gevolg dat daar mettertyd 'n 'gemengde' bevolking, as 'mestiezen' bekend, ontstaan het (Niemeijer 1996: 39-43).

Weens die oorwig van Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstaal (in 'n wyer gebied waar hulle reeds lank as sodanig gedien het), en weens die klein persentasie Europeërs, was die druk in Batavia eerder op die Europeërs om een of beide van hierdie tale aan te leer. Blykens Groeneboer se studie was Nederlands slegs 'n administratiewe taal, terwyl kommunikasie op feitlik alle ander terreine in een van die verkeerstaal plaasgevind het (Groeneboer 1993: 28-32, 66-67, 93-94). Dit het ook gegeld vir dié Europeërs wat met Asiate getroud is, met die gevolg dat 'mestiezen' Maleis of, meer algemeen, Kreools-Portugees as moedertaal gebruik het (Groeneboer 1993: 94; Van Rheedeen 1995: 52).<sup>13</sup> Gedurende die 17<sup>de</sup> eeu was Kreools-Portugees in Batavia

<sup>13</sup> 'n Vergelykende studie tussen die Bataviase 'mestiezen' en die Kaapse vryswartes behoort insig in die verskillende aard van hierdie twee samelewings te gee, ook wat die taal betref. Hoewel hierdie groepe in albei gebiede 'n baie klein deel van die bevolking uitgemaak het, en deels van slawe-herkoms was, het hul situasie nogtans verskil. Ofskoon heelwat van die vryswartes aan die Kaap met blankes getroud was, was dit meer algemeen hul kinders wat in die Europese samelewing opgeneem is. Omdat daar 'n groot Europese bevolking aan die Kaap (proporsioneel) in vergelyking met Batavia was, is hierdie afstammeling maklik in die Europese gemeenskap opgeneem. Daarom het hulle 'vernederlands' (vgl. § 5.8). In Batavia was daar vir alle praktiese doeleindes nie 'n Europese 'gemeenskap' nie – die Europeërs het hulle oor die algemeen by die plaaslike omstandighede aangepas – gevolglik het die Nederlanders met vrygestelde slawe Kreools-Portugees gepraat, waarskynlik omdat hulle dit in ieder geval reeds as verkeerstaal gebruik het. Batavia skyn 'n uitsondering

meer algemeen, maar dié situasie het geleidelik vanaf die tweede helfte van dié eeu verander deurdat die Maleisiese sprekersbasis uitgebrei het. Dit het grootliks te make met 'n veranderende demografie, veral die herkoms van die groot slawebevolking. Nadat slawe-invoer in 1796 gestop is, het Portugees in Batavia 'n vinnige dood gesterf sodat Maleis in die 19<sup>de</sup> die uitsluitlike verkeerstaal geword het (Groeneboer 1993: 92-93). In die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeue het die meeste skole en kerke Maleis en Portugees as voertaal gehad, terwyl Nederlandse opvoeding nooit werklik ingang gevind het nie (Groeneboer 1993: 41-66).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar geen noodsaak was om 'n Nederlandse verkeerstaal te ontwikkel nie, weens die klein minderheid van die Europese bevolking en hul noue inskakeling by die plaaslike bevolking (wat tot die opkoms van die 'mestiezen' gelei het) enersyds, en die reeds gevestigde posisie van Kreools-Portugees en Maleis as verkeerstaal in die Ooste andersyds. Dit is dan ook belangrik dat dit as gevolg van hierdie twee redes is dat Nederlands as taal, ná die oornam van verskeie Nederlandse kolonies in die Ooste deur ander moondhede teen die einde van die 18<sup>de</sup> eeu, verdwyn het. Suid-Afrika is die enigste uitsondering op hierdie reël, juis omdat die Europese bevolking van Nederlands afkoms te groot was en Afrikaans te gevestig as verkeerstaal was om deur Engels vervang te geword het (Groeneboer 1993: 102 n. 5). Dit was ook eers in die 19<sup>de</sup> eeu dat 'n nuwe Nederlands-gebaseerde taalvorm in Batavia (en elders in Indonesië) ontwikkel het, nl. Petjo. Hierdie taal word as 'n 'gemengde taal' (soos Media Lengua) beskou – nie 'n pidgin of kreool nie – en word dikwels voorgestel as 'Maleis met Nederlandse woorde' (Van Rheeden 1995: 147-51; Groeneboer 1993: 144-49). Die taal het blykbaar in die middel van die 19<sup>de</sup> eeu na vore gekom, hoewel dit dalk vroeër in die 19<sup>de</sup> eeu kon ontstaan het (Van Rheeden 1995: 53-54). Dit was hoofsaaklik die taal van die kinders van 'n Europese vader en Maleise moeder, dus van die 'mestiezen'. Waarom het dit egter eers in die 19<sup>de</sup> eeu ontwikkel en nie vroeër nie, gesien dat die 'mestiezen' reeds kort ná die begin van die Nederlandse bewind in Oos-Indië bestaan het? Volgens Van Rheeden hou dit verband met die Nederlands koloniale regering se opbou van die skolesistiem en die pogings om Nederlands as skooltaal te vestig – meer kinders as ooit tevore is gedwing om 'n feitlik vreemde taal, Nederlands, te leer (Van Rheeden 1995: 43-56). Petjo was egter nou gekoppel aan een sosiale groep en het 'n lae status gehad (Groeneboer 1993: 147-49). Dit het teen die middel van die 20<sup>ste</sup> eeu uitgesterf.<sup>14</sup>

Die sosiohistoriese situasie waarbinne Afrikaans in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu ontwikkel het, is êrens tussen dié van Nieu-Nederland en Batavia. Die koloniste bevolking van die Kaap toon baie ooreenkomste met dié van Nieu-Nederland. Maar, in laasgenoemde kolonie was daar nie naastenby soveel slawe as aan die Kaap nie, terwyl die kontak met die inlandse bevolking meer sporadies en van 'n totaal ander aard was as kontak met die Khoekhoen. In Batavia weer, was die Europese bevolking so klein en die slawebevolking en inlandse bevolking soveel groter, dat eersgenoemde hulle by die plaaslike omstandighede moes skik. Die slawebevolking van Batavia was

---

op die reël te wees, want voormalige slavinne wat met Europeërs trou "were bound to aim at becoming culturally and linguistically 'assimilated' to their husbands' status, in order to gain ... a higher position, clearly distinct from that of their fellow countrywomen who were still enslaved" (Chaudenson 1986: 77; vgl. § 3.2.1). Aan die Kaap skyn dit die geval te gewees het, maar die ongewone omstandighede van die Bataviase situasie het beteken dat mans hulle eerder na hul vroue se taal en kultuur geskik het.

<sup>14</sup> Naas Petjo het daar ook 'n ander vorm van 'n gemengde taal in die 19<sup>de</sup> eeu onder Nederlands soldate in Nederlands-Oos-Indië ontstaan, nl. Tangsi-Maleis oftewel 'Kazerne-Maleis'. Hierdie taal is nog nie goed bestudeer nie (en daar is weinig bronne om mens op te baseer), maar was blykbaar grammatikaal 'meer' Nederlands as Petjo, hoewel van die funksiemorfeme ook uit Maleis afkomstig was. Die leksikon was grootliks Nederlands met heelwat Maleise ontlennings, naas verskeie woorde uit ander tale. Hierdie taal is veral gebruik in die Nederlands leër in Indonesië en het vroeg in die 20<sup>ste</sup> eeu uitgesterf (Van Rheeden 1998: 75-81; Groeneboer 1993: 145-47).

persentasiegewys nie erg meer as dié van die Kaap in die 18<sup>de</sup> eeu nie (toe slawe ook omtrent 50% van die koloniale bevolking uitgemaak het), maar in Batavia was hulle meer homogeen van herkoms en het dieselfde verkeerstaal gedeel. Daarby was Batavia deel van 'n groter area waar 'n plaaslike bevolking reeds lank van Maleis as verkeerstaal gebruik gemaak het. In Suid-Afrika was die koloniale bevolking weer wyer verspreid oor 'n groot area met aansienlike verskille tussen stad- en platteland sover dit die kontaksituasies betref. Batavia het binne 'n kort tyd in 'n groot en heterogene stad ontwikkel terwyl ontwikkeling aan die Kaap stadiger was en die aantal mense nie so groot nie (die koloniale bevolking van die Kaapkolonie – sover dit die blankes en slawe betref – het eers in die 1730's meer as 8 000 beloop en was oor 'n groot area versprei). Dit is ongetwyfeld só dat die ontstaan van Afrikaans in 'n groot mate toe te skryf is aan kontak met die Khoekhoen en slawe in heel spesifieke kontaksituasies – die probleem is egter om te bepaal presies *hoe* hierdie beïnvloeding plaasgevind het, en watter faktore 'n rol daarin gehad het.<sup>15</sup>

Die gevolgtrekking uit die voorafgaande is dat sosiohistoriese navorsing of oorwegings die grense waarbinne taalkundige hipoteses gemaak moet word, bepaal.<sup>16</sup> Uiteraard is suiwer sosiohistoriese oorwegings nie genoeg vir die oplos van 'n ingewikkelde kwessie soos taalgense nie. Daarvoor benodig mens taalkundige data. Maar, in die afwesigheid van 'n omvangryke en onomstrede korpus – soos die geval by die kwessie oor die aard van die Nederlands van slawe en Khoekhoen – kan sosiohistoriese oorwegings 'n deurslaggewende rol in die beoordeling van hipoteses wees. Die verskille wat daar tussen die onderskeie Nederlandse koloniale tale bestaan, moet aan die spesifieke sosiohistoriese situasies verbonde aan elke geval toegeskryf word. Parkvall 2000 het gewys dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die taalkundige 'radikaalheid' van 'n kreool en die eksterne geskiedenis daarvan, meer spesifiek die demografiese omstandighede van die beginjare van die taal (vgl. § 3.2.3.4). Dit blyk deeglik uit die voorafgaande vergelyking. Die sosiohistoriese agtergrond van die ontstaan van Afrikaans maak dit duidelik dat Afrikaans 'n kreool is wat sy bestaan en huidige struktuur in 'n groot mate te danke het aan die spesifieke taalkontakomstandighede waaronder 'n spesifieke proporsie Khoekhoen, slawe en Nederlandssprekendes met mekaar in 'n koloniale vorm van Nederlands gekommunikeer het.

Die groot waarde van die werk van Den Besten lê daarin dat hy aangetoon het hoe 'n groot invloed die Nederlands van Khoekhoen op Afrikaans gehad het. Hy het die bydrae van die Khoekhoen uit die 'skaduwee' van die vreemdelinge-teorie gehaal waar hulle rol as't ware verminder is deur dit in 'n groep saam te gooi met die Nederlands van Duitsers, Franse en slawe. Dit is ongetwyfeld waar dat die rol van Khoekhoe-sprekers meer moet wees omdat hulle soveel langer kontak met Nederlandssprekendes gehad het. Anders as byvoorbeeld Nienaber wat wel veel aandag aan die rol van Khoekhoe-Nederlands en Khoe geskenk het, het Den Besten 'n spesifiek hipotese gestel oor die rol van die Khoekhoen se Nederlandse pidgin, asook die invloed van die Khoe-substratum op spesifieke grammatikale verskynsels in Afrikaans. Dit is op 'n veel meer deuringende en oortuigende wyse gedoen as ooit tevore, hoofsaaklik omdat hy die eerste taalkundige was, ná vroeë pogings deur Nienaber, om op 'n indringende wyse van die Khoe-taal self in sy analyses gebruik te maak.

<sup>15</sup> Bruyn en Veenstra 1993 vergelyk die grammatikale eienskappe van drie Nederlands-gebaseerde kreole, nl. Afrikaans, Berbice-Nederlands en Afro-Hollands. Hul gevolgtrekking by die bespreking van die taalkundige verskille tussen hierdie drie (taamlik verskillende) tale is: "The historical contact situations have resulted in three new languages. ... The outcome of the contact situation in each case is very different, however. We conclude that these differences are more likely to be socially motivated than linguistically motivated" (Bruyn & Veenstra 1993: 71).

<sup>16</sup> Vgl. Parkvall (2000: 199): "... a better understanding of the socio-historical circumstances will give us a better position to deal with other forces that determine the outcome of restructuring processes".

Daarby is die Konvergensieteorie meer omvattend as vroeëre teorieë wat die rol van die slawe en Khoekhoen vooropgestel het. Franken, hoewel hy baie gedoen het om die rol van slawe in die geskiedenis van Afrikaans voorop te stel, het nooit 'n spesifieke teorie opgestel nie. Anders as Den Besten het hy ook nie veel insig getoon in die rol van Nederlands in hierdie beïnvloeding nie. Vir lank is daar gemeen dat die invloed van slawe en Khoekhoen, indien enige, substratuminvloed moet wees, sonder dat daar eg aandag aan die *Nederlands* van hierdie groepe gegee is. Den Besten het veel hiervoor gedoen, veral oor die aard van Khoekhoe-Nederlands en die moontlike Khoe-Invloed daarop.

Hierdie studie poog nie om aan die goeie werk van Den Besten afbreuk te doen nie, hoewel die spesifieke medium vir die invloed van die Khoekhoen op Afrikaans, nl. die bestaan van 'n stabiele pidgin onder hulle voor 1713, bevraagteken word. Dit is onbestrybaar waar dat die veranderinge in Nederlands wat Afrikaans tot gevolg gehad het, toe te skryf is aan die rol van slawe en Khoekhoen in die ontstaansjare van die taal. Myns insiens het waarskynlik net soveel invloed van die Khoekhoen uitgegaan ná 1713 toe meer van hulle in nouer kontak in die binneland met Nederlandssprekende koloniste saamgeleef het.

Ten spyte van die kritiek teen die Konvergensieteorie in hierdie hoofstuk geopper, meen ek dat dit steeds 'n bruikbare algemene raamwerk bied vir die ondersoek na die geskiedenis van Afrikaans. Die begrip 'konvergensie' is uiters nuttig om te verduidelik hoe die verskillende variëteite van Nederlands aan die Kaap 'n meer (maar nie totale) homogene Afrikaans tot gevolg gehad het. Daarby is die vooropstel van die rol van Khoekhoe- en slawesprekers van Nederlands in dié teorie myns insiens geregverdig. Afrikaans het ontstaan omdat 'n groot groep *Nederlandsprekendes* hulle aan die Kaap gevestig het, maar ook omdat groot groepe slawe en Khoekhoen hierdie taal vir kommunikasie met hulle *moes* gebruik. Eersgenoemde het veroorsaak dat die situasie aan die Kaap nie soos in Batavia ontwikkel het nie, terwyl laasgenoemde verseker het dat daar in Suid-Afrika nie Nieu-Nederlands gepraat word nie. Afrikaans is daarom 'n resultaat van die wisselwerking tussen hierdie groepe.

Die doel van hierdie studie was om die Konvergensieteorie oor die ontstaan van Afrikaans, soos deur Hans den Besten ontwikkel, histories te toets en te nuanseer. Op hierdie wyse is probeer om taalkundige vrae te beantwoord deur gebruik te maak van historiese literatuur en ander historiese vaardighede, maar binne 'n raamwerk van sosiohistoriese-linguistiese navorsing.

Die hoofbevinding van hierdie studie is dat die sentrale tese van die Konvergensieteorie, nl. dat daar in die periode 1652-1713 'n stabiele pidgin onder die Khoekhoen ontwikkel het wat sy wortels in Engelse en Nederlandse handelsjargons van voor 1652 gehad het, nie histories ondersteun kan word nie. Op die taalkundige aspekte daarvan is nie hier ingegaan nie, maar weens die klein omvang van die taalkundige korpus (vgl. Addendum 8.5) lyk dit onwaarskynlik of hierdie sentrale aanname van die Konvergensieteorie op so 'n wankelrige fondament kan staan. Hiernaas is bevind dat heelwat van die ander details wat Den Besten as deel van sy model voorgestel het, o.m. oor die rol van slawe en die verspreiding van Nederlandse variëteite ná 1713 na die binneland van Suid-Afrika, in die lig van die geskiedenis aangepas of verwerp moet word. Tog, soos in hoofstuk 6 verduidelik is, moet hierdie kritiek nie gesien word as 'n vermindering van die rol van Khoekhoen en slawe in die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans nie. Intendeel, was dit nie vir die die Khoekhoen én slawe én Nederlandssprekendes aan die vroeë Kaap nie, dan het Afrikaans sekerlik nie ontstaan nie, of ten minste 'n totaal ander ontwikkelingsgang gehad.

In 1986 het Edith Raidt die versugting uitgespreek dat daar indringende ondersoek gedoen moet word na die taalgebruik van Nederlandssprekende slawe, Khoekhoen en vryswartes (Raidt 1994: 256). Hans den Besten verdien lof vir die aansienlike lig wat hy op die moontlike rol van Nederlandssprekende Khoekhoen gewerp het. Hierdie verhandeling is 'n beskeie bydrae tot sy werk, en ek hoop dat die data en evidensie hierin aangebied, sal help om hierdie belangwekkende teorie verder te ontwikkel en te verfyn sodat die ontstaan van Afrikaans beter verklaar kan word.

'n Nuwe-effek van die ondersoek na die sosiohistoriese grondslae van die Konvergensieteorie, was die daarstel van data en inligting uit die historiese wetenskap wat vir die Afrikaanse taalkundige nuttig kan wees. Die 'kreolistiese' tradisie in die Afrikaanse historiese taalkunde, veral soos deur Hesseling, Franken, Nienaber en Valkhoff bedryf, is nog altyd gekenmerk deur die groter aandag wat aan sosiohistoriese informasie geskenk word. Nietemin was die gebruik van sodanige materiaal tot onlangs gekenmerk, en tot 'n mate gekortwiek, deur die gebruik van anekdotiese materiaal, dikwels op 'n taamlik lukrake wyse. Ofskoon daar goeie oorsigte is van die relevante sosiohistoriese data in werke soos Raidt (1991: hfst. 7), Ponelis (1993: hfst. 1-2) en Roberge (1993: hfst. 4), is hulle uiteraard kort en gevolglik minder gedetailleerd. Hopelik is die materiaal wat in hierdie studie aangebied word van nut vir ander historiese taalkundiges van Afrikaans.

Hierdie studie is uit die aard van die saak beperk tot die periode 1590-1720. Dit is duidelik uit die insigte wat uit 'n ondersoek na die geskiedenis vir hierdie periode verkry is, dat 'n soortgelyke gedetailleerde studie van die latere tydperke van Afrikaans die moeite sal loon. Daar is veral 'n dringende noodsaaklikheid vir die voortsetting van die bestudering van die interaksie tussen slawe, Khoekhoen en Europeërs in die 18<sup>de</sup> eeu. Dit is duidelik dat 'n

verandering in hierdie situasie teen ca. 1720 plaasgevind het, en ons benodig 'n goeie beeld van hoe hierdie sosiale veranderinge moontlik kontak en kommunikasie tussen die onderskeie groepe beïnvloed het. Dit is veral van belang omdat daar in die loop van die 18<sup>de</sup> eeu sulke geweldige geografiese verskille na vore getree het. 'n Bestudering van hierdie aspek sal sekerlik insig verskaf in die ontstaan van die verskillende variëteite van Afrikaans – iets wat tot dusver nog weinig aandag ontvang het.

Die groot teoretiese vooruitgang wat na die bestudering van die ontstaan van Afrikaans gebring is deur die aanwending van begrippe uit die kreolistiek die afgelope twee dekades, asook 'n beter begrip van die (sosiale en taalkundige) kontaksituasie(s) aan die vroeë Kaap, het daartoe gelei dat ons tans 'n beter siening het as ooit tevore op die ontstaan van Afrikaans en die rol wat Khoekhoen en slawe daarin gespeel het. Maar verdere ontwikkeling op dié terrein word gestuit deur die gebrek aan taalkundige data. Raidt (1994: xii) en Ponelis (1996: 101) het beide daarop gewys dat dit 'n saak van dringendheid is dat ons korpus van taalkundige uitings deur slawe en Khoekhoen uitgebrei moet word voordat daar veel meer vordering gemaak kan word in die bestudering van die ontstaan van Afrikaans. Verdere bronontsluiting, veral van die Afrikaans van Khoekhoen, slawe en hul nasate, behoort groot prioriteit te geniet.

Ten slotte: Roberge het heeltemal tereg opgemerk dat dit weinig nut het om te gis oor hoe Afrikaans tipologies geklassifiseer moet word: as kreool, semi-kreool, post-kreool, Fort-kreool ensovoorts (Roberge 1993: 43). Dit is veel nuttiger om te probeer vasstel hoe onderskeie groepe in die Suid-Afrikaanse verlede met mekaar geïnterakteer en gekommunikeer het. Veel kan geleer word deur meer aandag aan die geskiedenis te skenk. Ons moet eers probeer om 'n goed genuanseerde beeld te kry van die kontak tussen die verskillende groepe wat van vorme van Nederlands en Afrikaans gebruik gemaak het vir onderlinge kommunikasie, voordat ons meer algemene uitsprake oor die ontstaan en geskiedenis van Afrikaans kan maak. Hierdie studie is 'n eerste poging om dit vir die heel vroeë geskiedenis van kommunikasie tussen die diverse bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te doen. Hopelik sal die sake hierin aangeroei deur ander opgeneem en verder gevoer word.

## 8.1 Skeepsbesoeke aan die Kaap, 1610-1651

Jaar	A	B	C	D	E	F
1610	1	2	3	1	44	44
1611	2	1	3	0	0	0
1612	0	0	0	0	0	0
1613	1	0	1	1	13	13
1614	1	0	1	0	0	0
1615	1	1	2	1	15	15
1616	5	4	9	9	127	14
1617	5	0	5	3	43	14
1618	2	3	5	4	38	10
1619	6	1	7	5	61	12
1620	18	2	20	5	165	33
1621	6	0	6	0	0	0
1622	5	1	6	0	0	0
1623	4	6	10	5	58	12
1624	4	1	5	0	0	0
1625	4	4	8	0	0	0
1626	6	6	12	7	190	27
1627	13	1	14	7	110	16
1628	10	6	16	11	126	11
1629	10	4	14	13	158	12
1630	13	9	22	17	237	14
1631	5	7	12	10	103	10
1632	1	7	8	5	85	17
1633	0	7	7	7	130	19
1634	4	7	11	10	43	4
1635	4	6	10	7	84	12
1636	8	8	16	16	274	17
1637	2	7	9	6	43	7
1638	3	7	10	8	161	20

1639	4	8	12	9	145	16
1640	3	10	13	11	44	4
1641	4	9	13	2	6	3
1642	3	9	12	8	236	30
1643	0	7	7	3	41	14
1644	3	5	8	5	30	6
1645	3	2	5	2	8	4
1646	6	0	6	2	34	17
1647	3	3	6	5	68	14
1648	3	12	15	14	230	16
1649	1	9	10	0	0	0
1650	1	0	1	0	0	0
1651	2	0	2	0	0	0

Sleutel:

A: Uitgaande skepe uit Nederland wat aan die Kaap vertoef het

B: Terugkerende skepe uit die Ooste wat aan die Kaap vertoef het

C: Totaal van A en B


D: Die aantal skepe van C waarvan ons weet hoe lank hulle aan die Kaap vertoef het

E: Die totale aantal dae wat skepe van D vertoef het

F: Die gemiddelde tydperk wat skepe in D vertoef het

Bron: Bruijn, Gaastra & Schöffer 1979: Deel II & III.

8.1 Aantal skepe wat die Kuap aangedoen het, 1610-1651



## 8.2 Totale getal slawe aan die Kaap, 1656-1720


Jaar    Mans    Vroue    Kinders    Totaal

1656	3	7	0	10
1657	28	22	39	89
1658	73	69	15	157
1659	60	64	21	145
1660	53	61	18	132
1661	44	53	24	121
1662	42	56	19	117
1663	53	55	29	137
1664	58	56	37	151
1665	61	56	42	159
1666	64	59	45	168
1667	100	66	54	220
1668	81	61	56	198
1669	84	63	63	210
1670	94	73	78	245
1671	103	80	85	268
1672	113	88	106	307
1673	149	102	125	376
1674	172	115	131	418
1675	194	125	139	458
1676	194	140	151	485
1677	230	147	160	537
1678	270	178	152	600
1679	276	195	162	633
1680	291	218	149	661
1681	297	224	145	666
1682	303	241	148	692
1683	316	259	139	714
1684	395	198	135	728
1685	234	244	126	604
1686	407	244	146	797
1687	503	253	145	901

1688	546	243	142	931
1689	568	256	148	972
1690	577	246	164	987
1691	631	254	172	1057
1692	642	250	175	1067
1693	647	265	187	1099
1694	672	292	176	1140
1695	757	300	202	1259
1696	772	316	209	1297
1697	917	333	235	1485
1698	964	349	209	1522
1699	1132	387	204	1723
1700	1224	388	224	1836
1701	1212	403	223	1838
1702	1270	407	233	1910
1703	1361	439	253	2053
1704	1401	437	245	2083
1705	1483	462	269	2214
1706	1540	483	271	2294
1707	1257	427	328	2012
1708	1616	504	359	2479
1709	1601	528	386	2515
1710	1570	546	405	2521
1711	1613	501	378	2492
1712	1889	536	384	2809
1713	1742	442	303	2487
1714	1859	484	318	2661
1715	2225	529	356	3110
1716	2328	565	357	3250
1717	2302	541	368	3211
1718	2328	562	371	3261
1719	2321	554	379	3254
1720	2349	568	382	3299

Bron: Shell 1994: 445-46.

8.2.1 Totale aantal slawe aan die Kaap, 1656-1720



### 8.2.2 Getalsverhouding: Mans, vroue en kinders




### 8.3 Demografie van die Kaap, 1661-1730

Jaar	VOC*	Vryburgers	Totale blankes	Slawe
1661	120	105	225	121
1671	224	182	406	268
1685	292	343	635	604
1693	524	987	1511	1099
1702	586	1368	1954	1910
1710	640	1923	2563	2521
1720	800	2066	2866	3299
1730	920	2761	3681	5438

\* Hierdie getalle sluit die vroue en kinders van die VOC-amptenare uit.

Bronne: De Wet 1981: 13, 17; Biewenga 1999: 22; Ross 1994: 127; Van Duin & Ross 1987: 112; Shell 1994: 445-46.

### 8.3 Demografie van die Kaap, 1661-1730



## 8.4 Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1658-1700

### 8.4.1 Hoe die databasis saamgestel is

'n Uitsers nuttige bron vir die historikus wat in die herkoms van slawe belangstel, is die sg. toponieme wat die meeste slawe aan die Kaap as deel van hul name gehad het (bv. Sara van *Bengale*, Isaak van *Madagaskar*). Hattingh het wel bevind dat in sommige gevalle die toponieme nie altyd konsekwent is nie omdat dit soms iemand se stad van herkoms (bv. Negapatnam), ander kere bloot die gebied (bv. Koromandel), of wyer geografiese konteks (bv. Kus van Indië of Indiese kus), aandui. Dit ten spyte, gee hierdie toponieme tog 'n redelik betroubare aanduiding van die gebiede (indien nie die spesifieke plekke nie) van waar slawe gekom het (vgl. Hattingh 1983a: 9).

In Böeseke (1977) gee die skrywer in 'n Addendum die details van verkoopstransaksies, 1658-1700, waarby slawe betrokke was (Böeseke 1977: 123-194). Die toponieme van die slawe wat hierin genoem word, kan dus 'n aanduiding van hul herkoms gee. Ofskoon daar nie verkoopstransaksies vir alle privaatslawe behoue gebly (of noodwendig bestaan) het nie,<sup>1</sup> behoort die bykans 1600 name wat Böeseke verskaf 'n relatief betroubare beeld van die herkoms van die meeste privaatslawe aan die Kaap te gee. Hattingh het bevind dat daar baie foute in hierdie Addendum bestaan en van hulle reggestel (vgl. Hattingh 1984). Die meeste foute wat hy noem, het egter te make met die details van die verkoopstransaksies (bv. die name van die kopers, die bedrae, die spelling van eiename, syferfoute ens.) (vgl. Hattingh 1984: 6-21). Omdat dit hier gaan om die toponieme, is hierdie gebreke nie van belang nie. Wel het Hattingh bevind dat daar in elf gevalle in Böeseke se Addendum foute met die toponiem is (Hattingh 1984: 15, 17, 21). Hierdie regstellings moet dus in ag geneem word by 'n ontleding van die data in die Addendum.

Ofskoon Bradlow reeds 'n analise van die syfers in die Addendum gemaak het om die herkoms van die slawe te bepaal, het hy slegs die *totale* getal gebruik van die hele Addendum (vgl. Bradlow 1978: 92-93, 118-19). Hierin is hy nagevolg deur Da Costa (1994: 2, 10), terwyl ook Penelis (1993: 12) dit gebruik as aanduiding van die herkoms van slawe. Maar hierdie gebruik gee 'n skewe beeld van die herkoms van privaatslawe vir die periode 1658-1700 aan die Kaap. Soos in §§ 5.4.2 en 5.5.2 aangedui is, het die slawesituasie – veral die bron en invoer van slawe – met verloop van tyd verander. Daarby is so 'n groot getal slawe in die laaste 5 jaar van die 17<sup>de</sup> eeu ingevoer, dat dit die beeld vir die res van die 17<sup>de</sup> eeu heeltemal skeeftrek. Daarom moet daar eerder probeer word om die data in Böeseke se Addendum met inagneming van die verloop van tyd te analiseer.

Dit is wat hier probeer is. Die tegniek is soos volg: Die transaksie van elke jaar is ontleed om te bepaal hoeveel slawe van 'n sekere gebied in daardie jaar aangekom het.<sup>2</sup> Omdat die herkoms hier van

<sup>1</sup> Daarby het Hattingh uitgewys dat Böeseke per abuis ongeveer 70 transaksies met 100 slawename nie opgeneem het nie (Hattingh 1984: 6).

<sup>2</sup> 'n Oorweging waaraan ongelukkig hier nie veel aandag gegee kan word nie, is die feit dat slawe wat verkoop is (en vir wie 'n transaksie bestaan), nie noodwendig eers toe aan die Kaap gekom het nie, maar dalk reeds vroeër. Dit is nie moontlik om uit die details van die verkoopstransaksies altyd hierdie probleem te oorkom nie. Waar ek egter gevind het dat 'n naam (en die details) van 'n gegewe transaksie ooreenkom met 'n vroeëre een in die Addendum, het

belang is weens die moontlike kennis van verkeerstale, is slegs 'n breë indeling gemaak, en nie fynere onderskei nie. Daarom is die herkoms van slawe in die volgende kategorieë verdeel (met die afkortings wat voortaan daarvoor gebruik word): Indië en Ceylon (IC); Madagaskar (M); Afrika, anders as Madagaskar, (A); Indonesië (I); Kaap de Goede Hoop (K); Onbekend (O)<sup>3</sup> en die res van die wêreld (R)<sup>4</sup>. Ten einde die wyer gebiede te bepaal vir toponieme wat melding maak van plekname, het ek met vrug van Bradlow (1978: 86-90, 118-19) en Da Costa (1994: 2-16) se bespreking van die verskillende herkomsgebiede van slawe aan die Kaap gemaak. Die elf foutiewe toponieme wat Hattingh tuigewys het, is in berekening gebring.<sup>5</sup>

Vervolgens is hierdie jaarlikse getalle getabuleer en is elke jaar se getal by die vorige jaar s'n getal. Dus, afgaande op die data in die verkoopstransaksies, weet ons wat die herkoms van 2 slawe uit 1658, nl. 1 A en 1 IC. In 1659 het 5 A en 3 O bygekom, wat dan by die vorige jaar se getalle getal is. Hierdie proses is so deurgevoer tot 1700.<sup>6</sup> Uiteraard is daar gebreke in hierdie tegniek – die feit dat 'n slaaf genoem word in bv. 1670 beteken nie dat hy/sy in 1690 steeds aan die Kaap was nie. Tog meen ek dat hierdie tegniek 'n beter aanduiding is van hoe die herkoms van privaatslawe met verloop van tyd in die 17<sup>de</sup> eeu verander het. Hierdie data word nie hier aangebied as synde 'n presiese representasie van die historiese werklikheid nie (dit is waarskynlik nie moontlik nie), maar om sekere tendense aan te toon. Ek meen dat ten spyte van die gebreke verbonde aan die Addendum en die ongesofistikeerde tegniek, dit steeds nuttig en sinvol is omdat dit 'n redelik betroubare beeld op grond van (weliswaar onvolledige) kwantitatiewe data skep. Dit is beter as blote gissing. Daarby stem die data oor die herkoms wat hier aangebied word, ook min of meer ooreen met wat ons weet oor die bronne van slawe-invoer na die Kaap in die onderhawige periode (vgl. hoofstuk 5 vir details).

Die tabel wat die analise opgelewer het, word in 8.4.2 aangebied. Die grafieke wat daarop gebaseer is en wat as 8.4.2.1-3 aangedui word, volg daarna.<sup>7</sup>

ek dit buite rekening gelaat. Aldus is gepoog om nie individue twee keer te tel nie. Dit gaan hier om die volgende name (die bladsy no. in Böeseken 1977 word in hakies ná die naam aangedui): 1666 – Augela van Bengale, Anthony van Bengale (127); 1667 – Jan Vos, Anthony van Japan, Annica van Bengale, Angela van Bengale (127); 1669 – Jan Vos (127), Anthony van Bengale (129), Lobbitje (130); 1677 – Francina van Bengale (134); 1678 – Anthony van Bengale (136); 1679 – Provien Magen Minnalij (137), Pasquaal (138); 1683 – Louis van Bengale, Marcus van Bengale (142); 1688 – Jacob van Macassar (151); 1692 – Isak van Ternate (161); 1694 – Lijaja van Bengale (165); 1695 – Arent van Madagaskar (171); 1696 – Mary, Jannetje en Cupido van Madagaskar (172).

<sup>3</sup> In heelparty gevalle word slegs die noemnaam van 'n slaaf vermeld en geen toponiem gegee nie. In sulke gevalle is 'n O aan die betrokke naam toegeken.

<sup>4</sup> Dit is so 'n klein kategorie dat dit vir alle praktiese doeleindes buite rekening gelaat kan word.

<sup>5</sup> Hattingh se regstellings affekteer die volgende jare (waar > beteken dat die voorafgaande toekennings op grond van Böeseken verander en die daaropvolgende toekennings op grond van Hattingh): 1683 – 1 IC > 1 I; 1686 – 1 M word bygevoeg; 1687 – 1 M > 1 I; 1690 – 1 M > 1 I, 1 I > 1 IC, 2 I > 2 M, 1 M > 1 I (en een geval waar die spesifieke plek van afkoms verander, maar dit steeds IC bly); 1696 – 1 O > 1 A; 1700 – 1 IC > 1 M.

<sup>6</sup> Ten einde te bepaal hoeveel slawe vanuit 'n spesifieke gebied in 'n gegewe jaar gekom het, moet die syfer van die vorige jaar van die betrokke jaar s'n afgetrek word. Die verskil is dan die aantal slawe wat in die betrokke jaar bygevoeg is.

<sup>7</sup> Ten einde die grafieke beter leesbaar te maak, is die variëls R en K buite rekening gelaat omdat hulle sulke klein getalle behels.


8.4.2 Die data

Jaar	A	I	IC	M	K	R	O	Totaal
1658	1	0	1	0	0	0	0	2
1659	6	0	1	0	0	0	3	10
1660	7	0	1	0	0	0	3	11
1661	12	0	2	0	1	0	3	18
1662	21	1	5	0	1	0	3	31
1663	24	1	5	0	1	0	3	34
1664	25	2	6	0	1	0	4	38
1665	25	3	9	0	1	0	4	42
1666	28	3	15	0	4	1	10	61
1667	28	3	15	0	4	1	10	61
1668	29	3	17	0	4	1	10	64
1669	30	3	21	0	4	1	10	69
1670	30	3	23	0	4	2	12	74
1671	34	7	27	0	6	2	14	90
1672	37	9	38	0	6	2	16	108
1673	37	10	41	0	6	2	16	112
1674	37	10	46	0	6	2	21	122
1675	37	12	53	0	6	2	25	135
1676	39	17	76	6	6	2	26	172
1677	39	18	91	24	8	2	34	216
1678	43	19	105	37	10	2	40	256
1679	43	22	121	40	10	2	47	285
1680	44	22	126	43	11	2	59	307
1681	46	24	129	44	11	2	62	318
1682	46	25	133	46	11	2	62	325
1683	46	27	138	46	11	2	66	336
1684	49	27	138	75	11	2	86	388
1685	50	30	148	94	11	2	87	422
1686	67	36	156	154	12	5	94	524
1687	67	41	184	193	14	5	96	600
1688	68	46	216	203	16	5	98	652
1689	69	53	229	206	17	5	100	679


1690	69	65	248	240	17	5	104	748
1691	70	67	267	244	17	5	106	776
1692	70	93	302	247	17	6	107	842
1693	70	101	335	254	20	6	110	896
1694	73	109	359	259	22	6	111	939
1695	76	136	424	262	23	6	115	1042
1696	77	143	467	284	27	6	134	1138
1697	78	179	550	304	29	6	148	1294
1698	81	200	623	307	29	6	164	1410
1699	81	215	675	311	30	6	177	1495
1700	81	226	709	344	34	6	180	1580

Bron: Böseken 1977: 124-94; Hattingh 1984: 15, 17, 21.


### 8.4.2.1 Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1658-1700



8.4.2.2 Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, ca. 1658-1679



### 8.4.2.3 Herkoms van privaatslawe aan die Kaap, 1680-1700



8.5 Korpus van moontlike taalkundige getuienis vir die gebruik van vreemdelingspraak en die bestaan van 'n Engelse jargon en 'n Nederlandse jargon en/of pidgin aan die Kaap, ca. 1590-1720

8.5.1 *Uitinge deur Khoekhoen*

1601

1. *Moath*<sup>1</sup>  
Ossel/Beeste
2. *Baa*  
Skape  
(1-2 uit James Lancaster in Raven-Hart 1967: 23)

1608

3. *Kahou, Kahou*  
Sit<sup>2</sup>
4. *Bou*  
Os
5. *Bae*  
Skaap<sup>3</sup>
6. *Dou, dou*  
Onomatopoeïese woorde vir geweerstekot<sup>4</sup>  
(3-6 uit Cornelis Matelief in Raven-Hart 1967: 38)

1615

<sup>1</sup> Volgens Nienaber (1963: 214-15) is dit klanknabootsend, net soos *bou* in no. 4 hieronder. Dalk afgelei van die Engelse woord vir die geluid van beeste: *moo?*

<sup>2</sup> Blykens die oorspronklike verslag is dit wat die Khoekhoen met dié woorde bedoel het, vgl.: "We must sit down, they said, again and again calling out *Kahou, Kahou*, which is to say *Sit down*" (Raven-Hart 1967: 39). Die woord *kahou* kom nie in ander vroeë Khoe-woordelyste voor nie. Volgens Nienaber (1963: 446) is hier moeilik 'n verband te lê met 'n bekende Khoe woord, hoewel dit moontlik 'n samestelling van twee Khoe-woorde kan wees wat *neerlê* beteken.

<sup>3</sup> Nos. 3-5 kom ook met dié betekenis in Hondius (1952: 29) voor. Hondius was egter nie self aan die Kaap nie, en sy werk oor die Kaap (wat in 1652 verskyn het) is 'n kompilasie van ander se reisbeskrywings. Olfert Dapper gee ook hierdie selfde woorde (in sy groot werk van 1662 oor Afrika) as voorbeelde van die Khoekhoen se taal: "Wijders, *kahou*, is in hunne tale te zeggen, zit neder, *bou* een os, *Baa* een schaep, een *kori* yzer" (Schapera & Farrington 1933: 70-72). Ook Dapper het wilsluitlik van ander se werke (en moontlik Kaapse informante) gebruik gemaak.

<sup>4</sup> Vgl. die oorspronklike: "The Admiral had with him a pistol: they asked what it was, and he replied that it made a great noise, and shouted *Dou, dou*" (Raven-Hart 1967: 38).

7. *Sir Tho: Smithe English Shipp*<sup>5</sup>  
(Walter Peyton in Raven-Hart 1967: 72).

1616

8. *Coree home go, Souldania go, home go*<sup>6</sup>  
(Terry 1947: 75)
9. *England God, great God, Souldania no God*<sup>7</sup>  
(Terry 1947: 76)

1623

10. *Bras*<sup>8</sup>  
Yster/koper
11. *Vuracka*  
Brood<sup>9</sup>  
(10-11 uit Jon Olafsson in Raven-Hart 1967: 111)

1627

12. *Bueem*  
Boek<sup>10</sup>

---

<sup>5</sup> Hierdie voorval het gebeur ongeveer 'n jaar nadat Coree weer aan die Kaap was: "Coreye caryed of our people who desyred to see the contrey & shewed them his house...; all of most part of theise people [Coree se Khoekhoen] saye to vs (as it semeths they haue laerned of Coree) *Sir Tho: Smithe English Shipp* which they often repeat & that with great glorie..." (Raven-Hart 1967: 72).

<sup>6</sup> Gesê deur Coree tydens sy tyd in Engeland. Vir die agtergrond van hierdie uiting, sien § 5.2.3 hierbo.

<sup>7</sup> Vergelyk die konteks: "... I (Terry) asked Coree, who was their God; He lifting up his hands answered in bad English, England God, great God, Souldania no God" (Terry 1947: 76).

<sup>8</sup> Hierdie woord is nog lank hierna in die ruilhandel tussen Europeërs en Khoekhoen gebruik. In Oktober 1652 noem die Dagregister dat die Europeërs koper "bij haer bras genaempt" met die Goringhaikwas geruil het (Bosman 1952: 70). In Februarie 1661 toe Pieter van Meerhoff die Namakwas teëgekom het, het hy aan sy Khoekhoe-gidse en -tolke gesê: Die Namakwas "souden bij ons comen, wij souden haer taback, coralen en bras geven..." (Bosman 1957: 484).

<sup>9</sup> Let daarop dat Jon Olafsson 'n Deen was en in Deens geskryf het. Volgens Nienaber (1963: 234) is dit die rede waarom *v* met 'n *b* of *p* in die woord *vuracka* wissel.

<sup>10</sup> Beide 12-13 kom uit die kort lys van 31 Khoe-woorde wat Thomas Herbert in 1627 opgeteken het – dit is waarskynlik die vroegste Khoe-woordelys wat behoue gebly het. Uitgesonder hierdie twee woorde is die res almal Khoe-woorde wat ook in ander Khoe-woordelys voorkom (met verskillende spellings). Of *Bueem* wel 'n Khoe woord is, weet ek nie – dit verskyn nie in Nienaber (1963: 223) onder die lemma *boek* nie. Ek neem aan dat dit nie 'n Khoe woord is nie, aangesien hulle waarskynlik nie oor hierdie konsep in 1627 beskik het nie.

13. *Bara*  
Brood  
(12-13 uit Thomas Herbert in Raven-Hart 1967: 120)

1648

14. *Eerst houthalen dan eeten*  
(Godée Molsbergen 1912: 213)

1652

15. *Hottentot brokwa, Hottentot brokwa*  
"Geef Hottentot een brok broot"  
(Hondius 1952: 29)<sup>11</sup>

16. *Waterman*  
Gebruik om na die Goringhaikonas te verwys<sup>12</sup>  
(Bosman 1952: 81)

17. *Water, water*<sup>13</sup>  
(Bosman 1952: 398)

18. *Caep, Caep*  
Verwys na die Fort/Kaapse nedersetting<sup>14</sup>  
(Bosman 1952: 399)

<sup>11</sup> Hondius se vertaling. Hondius was nie self aan die Kaap nie, dus moet hierdie uitspraak deur iemand anders voor 1652 opgeteken gewees het. Ek kon egter geen sodanige uitspraak in die kompilasie van reisverslae van die periode voor 1652 deur Raven-Hart (1967) vind nie. Hierdie sin met dié vertaling kom woordeliks ook so voor in Dapper (Schapera & Farrington 1973: 70). Vgl. Kolb hieroor: "Dit gevoelen [re herkoms van woord *Hottentot*] werd verder gevolgt door Dapper ... [die] zegt, de Hollanders hadden aan hen [die Khoekhoen] dien naam gegeven wegens hun stamelen en hakkelen, ja zegt hy wyders; zy noemen zich zelven nu zoo, om dat zy onder het danzen zingen, *Hottentottum Brockqua! Hottentottum Brockqua!* dat is, *geef aan de Hottentotten een stuk brood*. Want, voegt hy daar by, *zy eeten zoo gaarn het Hollansch [sic] brood, dat zy het gaarn tegen vee ruilen. ... Wat my aanbelangt, ik heb nooit gehoord dat zy zich van deze benoeming bedienen, wanneer zy een vreemdeling zien*" (Kolbe 1727 I: 415-16). Of dit dalk 'n stereotipiese beeld van die Khoekhoen geword het, is onseker, maar ander het ook soortgelyke uitsprake berig. Vgl. no. 82 hieronder.

<sup>12</sup> Autshumao gebruik hierdie woord in sy "geleende gebroocken Engelse spraecke" om na die Goringhaikonas te verwys. Dit word in die res van die Dagregister naas "Strandlopers" vir hierdie groep gebruik. Die meervoud kom as *Watermans* voor (vgl. Bosman 1952: 82).

<sup>13</sup> Uit die konteks waarin dit voorkom, skyn dit hier te slaan op die see. Vgl. "... [die Khoekhoen] hadden, ons wijsende, alhoewel wat verder heen was, schapen ende wat sij krijgen coste, wilde halen; maer wesen, dewijl se heengingen, met het jacht hoger mosten op comen, seggende: "water, water", waermede te kennen gevende: tot daer toe, waerop sij ... van ons scheijden..." (Bosman 1952: 398).

<sup>14</sup> Dit kom só voor uit die konteks: Die passasie is deur Sijmon Pietersz. Turver aan die Weskus (waar hy op 'n veeruilkspedisie was) geskryf: "Hadden de schapen mede gaerne gehad, maer kosten, dewijl se te veel hebben wilde, niet accorderen; vraeghden hun off se ossen off boebas hadden; daerop een hunner alleen (synde doen met haer 15 á 16 sterck)

19. *Sigin*  
Slegte tabak<sup>15</sup>  
(Bosman 1952: 94 n. 2)

1654

20. *Vismans*  
Gebruik om na die San te verwys<sup>16</sup>  
(Bosman 1952: 204-205)

1655

21. *Caepman*  
Gebruik om na die Goringhaikwas te verwys<sup>17</sup>  
(Bosman 1952: 300-301)

22. *Goo, goo reght*<sup>18</sup>  
(Bosman 1952: 416)

23. *Noosie, maer weet ghij mij te zeggen wie het heeft, ick sal het u weer beschicken*<sup>19</sup>  
(Bosman 1952: 417)

24. *Goo*  
Gaan<sup>20</sup>

---

antwoorde, seggende: "Caep, Caep", daer uijt te verstaen was met de boebas, schaeps ende cramerij, alsoo hier voor haer ende 't vee (soo se mede wesen) niet te eeten viel, vertrocken waren..." (Bosman 1952: 399).

<sup>15</sup> Aldus Van Riebeeck as Khoekhoen verrotte tabak kry: "... roepen *Sigin!* Dat is te segghen stinckende tabacq" (Bosman 1952: 94 n. 2). By 'n ander geleentheid skryf Van Riebeeck: "... alsser eenige verrottinge aen is, cunne [sij] 't dadelijck proeven..., roepende: 'Stinckende taback'" (Bosman 1952: 94). Vgl. no. 58 (1668) en no. 59 (1670) wat ook uitinge vir slegte tabak is.

<sup>16</sup> Die Khoekhoen gebruik dit hier só, maar in die res van Dagregister word die woord *Sonquas* (in verskillende spelwyses) vir die San gebruik, beide deur die Khoekhoen en die koloniste.

<sup>17</sup> Deur die Khoekhoen gebruik om na die Goringhaikwas te verwys, in die res van die Dagregister ook so gebruik deur die koloniste (met as meervoud *Caepmans*).

<sup>18</sup> Dit is onduidelik hoe hierdie woorde vertaal moet word, maar vgl. die oorspronklike passasie uit die joernaal: "... is ons opperhoofft daer bij gegaen om te sien hoe sij het maackten, ende <toen> wij al gereet stonden om te gaen, is Herry toe comen lopen ende heeft, niet geseyt hebbende, eenen groten stock in de hant, willende onsen corporael daermeede slaan, waerover wij stil stonden ende hetselve aensiende hoe het afflopen wilde, waerover den voorn. Herry wederom is bij ons gecomen, seggende: "Goo, goo reght", off hij seggen wilde: ick heb u hier niet van doen;..." (Bosman 1952: 416). Volgens Den Besten (1986: 232) is *reght* "a misunderstanding of the Khoekhoe Imperative/Hortative particle *re*" (vgl. Den Besten 1989: 232).

<sup>19</sup> Behalwe vir die eerste woord is hierdie sin in goeie Nederlands. Uit die konteks lyk dit 'n ontkennde funksie te vervul, vgl.: "Soo seyde oons opperhoofft tegen Herry dat de rest van de platen ons ontstolen waren, dewelcke seyde voor mij: 'Noosie, maer weet ghij mij te zeggen wie het heeft, ick sal het u weer beschicken', hetwelck ons onmogelijck was om te doen..." (Bosman 1952: 417). Den Besten het voorgestel dat *Noosie* moontlik die Engelse frase "No Sir(e)" kan wees (Den Besten 1987a: 11).

(Bosman 1952: 418)

25. *Saldanhaman*  
Gebruik om na die Cochokwas te verwys<sup>21</sup>  
(Bosman 1952: 376)
26. *Baquaery*  
Beker  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 217)<sup>22</sup>
27. *Ouatar*  
Brandewyn<sup>23</sup>  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 231)
28. *Breba*  
Brood  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 234)
29. *Ghemé*  
Gee (infinitief)
30. *Ghemaré*  
Gee (vir) my (imperatief)  
(29-30 uit Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 273)
31. *Comahé*  
Kam  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 324)

---

<sup>20</sup> Uit die konteks blyk dit duidelik, vgl. die oorspronklike passasie: "...maer als Lubbert [een van die Goringhaikonas] vertrecken soude, begonnen de [Khoekhoe-] vrouwen ende mans geweldigh te twisten, 'twelck wij niet en verstonden. Doen quam Herry aenlopen ende seyde: "Goo". (Bosman 1952:418).

<sup>21</sup> Hierdie woord word slegs hier deur die Khoekhoe gebruik om na die Cochokwas te verwys, in die res van die Dagregister gebruik hulle en die koloniste meestal die woord *Saldanhar(s)* en enkele kere *Cochoqua(s)*.

<sup>22</sup> Nos. 26-45 kom almal uit De Flacourt se Woordelys van Khoe-woorde wat hy in 1655 saamgestel het. De Flacourt het op sy heen- en terugreis in onderskeidelik 1648 en 1655 'n paar weke by Saldanhabaai vertoef. Hy was goewerneur van Madagaskar en het 'n boek oor dié eiland geskryf, *Histoire de la Grande Isle Madagascar* (Parys, 1658), waarin hy ook sy twee besoeke aan Saldanhabaai verhaal (lg. gedeeltes is in vertaling opgeneem in Raven-Hart (1967: 172 e.v. & 1971: 29 e.v.)). De Flacourt het ook 'n *Dictionnaire de la Langue de Madagascar* (Parys, 1658) laat verskyn waarin hy in 'n addendum ook 221 Khoe-woorde en -uitdrukkings opgeneem het. Terwyl eersgenoemde werk wel geredelik beskikbaar is, kon ek nóg in Suid-Afrika, nóg in Nederland 'n kopie van die *Dictionnaire* vind (daar bestaan wel 'n latere kritiese uitgawe van die *Dictionnaire*, maar dit bevat nie die Khoe-woordelys nie). Daarom was ek aangewese op Nienaber (1963) en het die woorde uit De Flacourt se lys (wat verspreid onder verskillende lemmata in Nienaber opgeneem is) wat moontlik pidgin-woorde of ontlenings uit Nederlands kon wees, hier geëkspepeer.

32. *Ciste*  
Kis  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 339)
33. *Corobé*  
Knoop  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 343)
34. *Pras*  
Koper  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 352)
35. *Samen*  
'Groot meneer'<sup>24</sup>  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 384)
36. *Marai*  
Môre/oggend  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 404)
37. *Bossets*  
Os  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 412)
38. *Pesché*  
Pyp  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 424)
39. *Rena*  
Ruggraat<sup>25</sup>  
(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 435)
40. *Conanh*  
Rys<sup>26</sup>

---

<sup>23</sup> Aldus Nienaber. Die vertaling 'brandewyn' moet letterlik as 'warm/brandende water' opgevat word, vgl. De Flacourt se woord vir 'water', no. 44, hieronder.

<sup>24</sup> Dit is Nienaber se verklaring. De Flacourt se vertaling was gewoon 'monsieur'.

<sup>25</sup> Volgens Nienaber is hierdie woord ontleen aan Nederlands *rug* met aanpassing volgens die fonetiese wette van Khoe (dus oop sillabes en vervanging van *g* met *n*).

(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 436)

41. *Mouscap*

Skaap<sup>27</sup>

(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 447)

42. *Sips*

Skip

(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 452)

43. *Sahou*

Trek ('n vrag)<sup>28</sup>

(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 483)

44. *Ouata*

Water

(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 522)

45. *Ga*

God<sup>29</sup>

(Etienne de Flacourt in Nienaber 1963: 279)

1657

46. *Hollandt*

Gebruik om na die gebied (tans genoem) Hottentots-Holland te verwys<sup>30</sup>

(Bosman 1955: 135)

47. *Grooten Capiteyn*

Gebruik om na belangrike persoon te verwys<sup>31</sup>

---

<sup>26</sup> Nienaber meen dat ons hier te doen het met die ontleding van die Nederlandse woord *koorn*.

<sup>27</sup> Volgens Nienaber is hierdie woord saamgestel uit die klanknabootsende woord vir skaap, *moo*, en die Nederlandse woord *schaap*. Den Besten argumenteer egter dat *mouscap* 'n vervorming van die Nederlandse *moerschaap*, ooi, moet wees (Den Besten 1989: 221).

<sup>28</sup> Nienaber kan geen aansluiting by ander Khoe-tale vind nie en hipoteseer dat hierdie woord ontleen is aan die Nederlandse woord *tou* met die gewone wisseling tussen *t* en *s*.

<sup>29</sup> Ofskoon daar Khoe-woorde bestaan vir die godheid, het die begrippe verskil van die Europese opvatting daarvan. Daarom meen Nienaber dat hierdie woord ontleen is aan Nederlands of Engels 'god'.

<sup>30</sup> Aldus die Dagregister: "... noemende dese gemelte plaetse, als sijnde seer vetter weyden, haer Hollandt offte Vaderlandt, om d'onse te beter te verstaen te geven de volhey van spijsse... daer gelegen" (Bosman 1955: 135).

<sup>31</sup> Vgl. die Dagregister: "... seggende Herry wel rondtuyt: 'Ja, waerom quamen den laesten grooten capiteyn (denoterende daarmede d'E. Heer Commissaris Van Goens) met soo veel volcx in de Houtvaley, anders als om mijn ende Caepmansbeesten aff te nemen, na 'twelcke de andre niet misgelopen souden hebben' etc" (Bosman 1955: 185). Die frase is ook gebruik om die

(Bosman 1955: 185)

1658

48. *Ick ben Hottentoos man en niet Duytsman, maer jij Eva, soubat de Commandeur*<sup>32</sup>  
Ek is 'n Khoekhoe en nie 'n Nederlander nie, maar jy, Eva, soek die guns van die Kommandeur  
(Bosman 1955: 310)

49. *Swarte man*  
Slaaf<sup>33</sup>  
(Bosman 1955: 311)

1660

50. *Broqua*  
Brood  
(Johan Jacob Saar in Raven-Hart 1971: 63)

51. *Taback-Teckemans*<sup>34</sup>  
Gebruik om na die Gorachokwas te verwys  
(Bosman 1957: 466)

1661

---

Kommandeur te denoteer, vgl. die volgende passasie wat kort ná Zacharias Wagenaer se aankoms aan die Kaap in die Dagregister opgeteken is: "De Goringhaiquas ofte Caepmans brachten tijdingh dat in haer corael was g'arriveert een gecommiteerde uijt de Chainouqas van haeren Coningh Sousoa omme den nieuwen Sourie ofte groote Capitajjn, sijnde den Commandeur, te begroeten" (Böeseken 1973: 2).

<sup>32</sup> Volgens Krotoa deur Doman aan haar gesê. Die uitdrukking *Hottentoos man* of iets dergeliks kom nie weer in die Dagregister voor nie, maar dit lyk goed moontlik dat dit; na aanleiding van woorde soos *Waterman* en *Saldanhaman* meer voorgekom het. Vgl. die gebruik van *Hollanderman* in no. 81. Interessant genoeg, die woord *soubat* of sy afleidings kom ook voor in die goeie Nederlandse sinne wat in die Dagregister aan Autshumao en Krotoa toegeskryf word. Vgl. vir Autshumao: "... seggende wijders dat deselve [die Cochokwas] hem souden hebben gesoubat (welck Indiaens woort hij verstaedt ende tot Bantam – met d'Engelse in voortijden geweest – geleert heeft) maer onse meninge is, dat hij selffs voor de Saldanhars [die Cochokwas] sal gesaubat ende haer vruntschap sal gesocht hebben..." (Bosman 1955: 169). Vir Krotoa vgl.: "Siet toe, Mijnheer van Riebeeck, Doman jockt en soebat (willende seggen: vleyt) u, maer ick spreek recht ende hebbet Schaccher affgeluystert ende selffs horen spreekken" (Bosman 1955: 332). Volgens Van Riebeeck het Doman Krotoa as "een soubatster ofte flickfloyster" uitgeskel (Bosman 1955: 360).

<sup>33</sup> Met die ontsnapping van sommige slawe in Junie 1658 het Van Riebeeck die Khoekhoen se hulp ingeroep om hulle te help vind "met beloffte van voor eicke swarte man (soo sij se noemen) eens soo veel cooper te geeven als voor een grootte os..." (Bosman 1955: 311).

<sup>34</sup> Hierdie woord kom nie in die Dagregister voor nie, waarin altyd na die Gorachokwas verwys word as "Gorachouquas" of soms "Tabackdieven" (byvoorbeeld Bosman 1955: 196, 207). Dit word hier gebruik in die joernaal wat Jan Danckaert op 'n binnelandse tog gehou het. Volgens Den Besten (1986: 217 & 1989: 218) is *Taback-Teckemans* die Khoekhoen se "pidgin translation" van "Tabackdieven" en die woord *tecken* uit Engels "take" deel van hul pidgin-leksikon. Die 19<sup>de</sup>-eeuse historikus Donald Moodie het egter voorgestel dat hierdie term "... like the soubriquets by which other tribes were distinguished – was derived from Harry's broken English" (aangehaal in Bosman 1957: 527 noot e). Dit is goed moontlik gesien dat terme soos *Watermen* en *Saldanhamen* reeds voor 1652 deur die Engelse gebruik is. Waarom slegs Danckaert dié term gebruik en dit nie in die res van die Dagregister voorkom nie, is onduidelik.

52. *Sourys*  
 Gebruik om na owerste te verwys<sup>35</sup>  
 (Bosman 1957: 311)
53. *Mr. Pieter, Bijteman!*  
 Meester Pieter, 'n leeu!  
 (Pieter van Meerhof in Bosman 1957: 480)
54. *Mr. Pieter, Namaqua*  
 Meester Pieter, die Namakwas
55. *Namaqua boeba kros mos coqua*<sup>36</sup>
56. *Namaqua soude ons niet doen*<sup>37</sup>  
 Die Namakwas sou ons niks doen nie  
 (54-56 uit Pieter van Meerhof in Bosman 1957: 484)

1668

<sup>35</sup> Hierdie woord kom slegs hier voor in die Dagregister van Van Riebeeck, maar is meermale te vinde in die Dagregister tydens Wagenaer se regeringstyd, waarin dit gebruik word om beide na die Kommandeur (Böeseken 1973: 2, 36) en na die onderskeie Khoekhoe-kapteins (Böeseken 1973: 46, 78, 105-6) te verwys. Dit is ook in Kolb se woordelys, vgl. no. 97 hieronder. Volgens Nienaber (1963: 384) is dit "waarskynlik die Portugese aanspreekterm wat verkort as "seur" onder die slawe en party blankes in gebruik was en van hulle geleen is. ... Die uitgang *-i* kan 'n aanpassing wees, d.w.s. 'n ou manlike enkelvoudige subjek soos vir *xami*, leeu, of 'n communalis enkelvoud, aan die *seur*-geheg".

<sup>36</sup> Hierdie sin is deur Pieter van Meerhof op 'n tog na die Namakwas opgeteken. Van Meerhof het nie Khoe geken nie (vgl. bv. Bosman 1957: 496) en daar het Khoekhoen as tolke met die groep meegegaan. Vgl. die konteks van hierdie uiting: "Halfweg van 't geberchte gecomen sijnde, begost Donckemann [een van die tolke] te roepen: "Mr. Pieter, Namaqua". Ick sagh omhoog, telden 23 stucx, die op de klippen stonden en sagen nae ons. Ick gingh noch wat hooger ende onse Hottentoes worden soo vervaert, die ick bij mij hadt, sij namen haer schoenen van haer voeten en wouden weer terughloopen, seyden: "Namaqua boeba kros mos coqua". Ick nam mijn verkijker om te sien off het soo waer; ick sagh dat sij gewapent waeren met drooge huyden [skilde] en hadden een vel op haer slincker arm hangen, pijl ende boogh op haer scholderen ende in yder handt een hasagay. Ick gaf mijn Hottentoes goede woorden en seyde, sij soude niet vervaert wesen, Namaqua soude ons niet doen. Ick belooffde haer wat... Sij kosten van bangicheyt haest niet een woort spreekken doen ick sulcx seyde; eyndelijck soo sijn sij met mij gegaen. Boven gecomen sijnde, costen wij haer [die Namakwas] niet gewaer worden, waer sij in de klippen waeren gelooopen. Ick liet onse Hottentoes roepen: sij souden bij ons comen, wij souden haer taback, coralen en bras geven; maer sij gaven ons geen antwoord" (Bosman 1957: 484).

Die vertaling van hierdie sin is omstrede. Volgens Bosman moet dit wees: "Kyk die Namakwas met karsse en skilde" (Bosman 1957: 484 n. 4). Nienaber stel voor: "Namaqua (het skilde van) bees-vel, gevaarlik kwaad" (Nienaber 1963: 361). Mossop het dit só vertaal: "Namakwa! Osveldskilde! Gevaar!" (in Schoeman 2001: 720 n. 33). Die geskilpunt handel oor die vertaling van *mos coqua*. Volgens Bosman is *mos* (< *mū*) 'kyk' en *coqua* (< *khób*) 'vel'. Nienaber stel daarenteen op grond van latere evidensie (uit De Neyn, Kolb en Valentyn) voor dat dié sinsnede eerder gelees moet word as *mosco-qua* waar *mosco* (ook soms *moeske*) 'sigbaar' beteken en *qua* die Nederlandse *kwaad* is. Hierdie argumentasie is deur Den Besten oorgeneem wat meen dat hierdie sin 'n vroeë voorbeeld van die Pidginnederlands van die Khoekhoen is (Den Besten 1986: 214-15; 1987a: 15-16). Omdat Meerhof nie 'n vertaling van die sin gee nie, meen Den Besten dat hierdie soort Khoekhoe-Nederlands vir die Europeërs aan die Kaap verstaanbaar was. 'n Ander moontlikheid is egter dat "Meerhof was trying to impress the VOC officials with his local knowledge and the quotation of the sentence is symbolic rather than informative" (Deumert 1999: 55).

<sup>37</sup> Vgl. die vorige noot vir die konteks van hierdie uiting.

57. *Sieckum*  
“sick, bad, grumpy, ugly”

58. *Sieckum Tabak*  
Slegte/verrotte tabak  
(57-58 uit Arnout van Overbeke in Raven-Hart 1971: 109)<sup>38</sup>

1670

59. *Tubaccum tzicum*  
Slegte/verrotte tabak  
(Frederick Bolling in Raven-Hart 1971: 147 met n.)

1672

60. *Groote Kapitein*

61. *Moeske quaad*<sup>39</sup>  
(60-61 uit Pieter de Neyn in Nienaber 1963: 360)

62. *'t Za lustigh. Duijtsman een woordt Calm, ons u kelum*<sup>40</sup>  
(in Franken 1953: 113)

1673

63. *Krallen*  
Krale (of: hutte)  
(Willem ten Rhyne in Schapera & Farrington 1933: 114, 118, 154)

64. *Boubaes toebak*

---

<sup>38</sup> Vgl. die oorspronklike passasie: “Even the Hottentots, who each year give a free-will present to the Commandeur, were fed up with him: “What sort of a Captain is that?” they said, “always *Sieckum!*” (that is to say sick, bad, grumpy, ugly – everything that is not good is *sieckum*, thus bad tobacco is “*sieckum Tabak*”, etc.)...” (Raven-Hart 1971: 109).

<sup>39</sup> Die betekenis is duidelik uit die konteks: “... dat sy [Khoekhoen] my rond uit seiden, dat boven in de lucht een groote Kapitein was, die, als hy moeske quaad was, 't welk seer verstoord is, dat hy het dan liet donderen ende vreeselijk wayen” (Nienaber 1963: 360).

<sup>40</sup> Hierdie uiting is blykbaar ge-uit deur twee Khoekhoen wat twee Europeërs aangeval het. Laasgenoemde verklaar: “[Sij] beroofden ons soo van Rijst, touwerck, Cruijt, Loot, messen en tabacq. Jae selff tot een pot rijs die over het vier [*sic vir*: vuur] was, om te koken, met het seggen 't Za lustigh, duijtsman een woordt Calm, ons U Kelum, ofte op goet duijts, soo veel te seggen, Ingevalle wij ijts daar tegen quaemen te spreken, ons de keel soudan afsnijden” (Franken 1953: 113). Volgens Franken is 't *Za* die herkoms van die Afrikaanse interjeksie “tsa”.

Virginiese tabak<sup>41</sup>

(Willem ten Rhyne in Schapera & Farrington 1933: 134)

65. *Kortom*<sup>42</sup>

66. *Etom schaep*<sup>43</sup>

(65-66 uit Willem ten Rhyne in Schapera & Farrington 1933: 136)

67. *Dat is doet: Was makom? Duytsman altyt kallom: Icke Hottentots doot makom: Mashy doot, Icke strack nae onse grote Kapiteyn toe, die man my soon witte Boeba geme*

“Age! quid facitis? Belgae semper ajunt; Ego interficiam Hottentottos; Eja occidite! Ego si moriar, statim ad summum nostrum Capitaneum proficiscar. Vir ille memet albis donabit bobus”

Kom aan! Wat maak jy? Die Nederlanders sê altyd; Ek sal die Hottentotte doodmaak; Kom dan, maak hulle dood! As ek (sal) doodgaan, sal ek onmiddellik na ons hoogste Kaptein gaan. Daardie man sal vir my wit osse gee<sup>44</sup>

68. *Bravas com Kapiteyn, die Kapiteyn ons van witte boeba geme*

“Optimus est ille Capitaneus, albis qui nos impertiet bobus”

Die beste is daardie Kaptein wat wit osse vir ons gee<sup>45</sup>

(67-68 uit Willem ten Rhyne in Schapera & Farrington 1933: 140)

69. *Tabaqkom*

Tabak

70. *Kortom*<sup>46</sup>

---

<sup>41</sup> Volgens die oorspronklike gaan handelaars van die VOC op ruitogte na die Khoekhoen “... cum *tabaci*, vel (Boubaes toebak illis dicti) *Virginiani*, ...” (met tabak, veral [in hulle taal Boubaes toebak] Virginiese tabak, ...) (Schapera & Farrington 1933: 134).

<sup>42</sup> Dit is moeilik om hierdie term te vertaal. Dit het te make met die handelsritueel. Wanneer Nederlandse ruilers met die Khoekhoen ruil, wys hulle, volgens Ten Rhyne, altyd eers ’n groot stuk tabak vir die bees of skaap wat hulle wil hê, “semper quoddam addentes (Kortom nuncupant) frustillum” (“waarby altyd ’n stukkie [Kortom genoem] bygevoeg word”). (Schapera & Farrington 1933: 136).

<sup>43</sup> Soos die voorafgaande is dit moeilik om te vertaal en het dit ook te make met die veehandel tussen die Khoekhoen en die VOC. Volgens Ten Rhyne gaan die Khoekhoen ’n hele ent pad om die Nederlandse handelaars te ontmoet, “opimum conferentes *vervecem* (Etom schaep dicunt)” (“en bring’n vet ooi [hulle noem dit Etom schaep] met hulle saam”). ’n Gedeelte van die tabak word dan as ’n geskenk aan die Khoekhoen gegee, wat hulle vergoed deur die ooi aan die Nederlanders te skenk (Schapera & Farrington 1933: 136).

<sup>44</sup> Hierdie sin is my vertaling van Ten Rhyne se Latynse weergawe vir uiting 67. Let daarop dat die Latynse gedeelte *Eja occidite!* nie in die Khoekhoe-Nederlands voorkom nie: *Icke Hottentots doot makom* is vertaal met *Ego interficiam Hottentottos* en *Mashy doot* met *Ego si moriar*. Die woord *memet* is ’n argaïese vorm van die akkusatiiewe eerstepersoonsvoornaamwoord *me* wat gebruik word om iets te beklemtoon – het Ten Rhyne dit dalk gebruik om die vol vorm van die Nederlandse voornaamwoord *mij* aan te dui teenoor *me*?

<sup>45</sup> Hierdie sin is my vertaling van Ten Rhyne se Latynse weergawe vir uiting 68. *Optimus* kan verskillend vertaal word afhangende van die konteks, maar beteken gewoonlik iets soos die *beste/grootste/sterkste*.

<sup>46</sup> Hierdie woord kom twee keer in Ten Rhyne voor. In no. 65 hierbo is dit spesifiek deel van die handelsritueel. Hier noem hy dit as deel van ’n lysie woorde wat aan Nederlands ontleen is. Die betekenis hier gee hy as ’n “stukkie”.

'n Stukkie

71. *Horom*  
Hoor (infinities)  
<sup>69</sup>  
(70-71 uit Willem ten Rhyne in Schapera & Farrington 1933: 152)
72. *Courcour*<sup>47</sup>  
Voël
73. *Camma Courcour*  
Watervoël
74. *Sickom Courcour*  
Jong voël
75. *Grotom Courcour*  
Groot voël
76. *Doggues*  
Hond
77. *Boeba*  
Os of bees
78. *Boe maakem goet*<sup>48</sup>  
Kruit
79. *Boebasibier*<sup>49</sup>  
Melk  
(72-79 uit Willem ten Rhyne in Schapera & Farrington 1933: 154)

1682

80. *Tobackum*

---

<sup>47</sup> Volgens Nienaber is dit waarskynlik 'n klanknabootsende woord (Nienaber 1963: 505).

<sup>48</sup> Ook in Kolb waar *Pu makum goeds* vertaal word met "stukken geschut, snaphanen en ander schied-geweer" (Kolbe 1727 I: 59). Kolb noem ook verder dat die Khoekhoen onder "*Pumackum goeds* ... niet alleen zwaar geschut als kanons, enz. maar ook al't schietgeweer der Europeanen zonder onderscheid verstaan" (Kolbe 1727 II: 177).

<sup>49</sup> Nienaber meen dat *boeba* die klanknabootsende woord vir "os" is, maar dat *bier* nie die Nederlandse "bier" is nie, maar Khoe, *bie*, vir "melk" (Nienaber 1963: 383).

tabak

81. *Hollanderman*  
Nederlander

82. *Hottendott Brukwa*<sup>50</sup>  
(80-82 uit David Tappen in Raven-Hart 1971: 237-38)

1688

83. *Ghy verfluckte Honde, kan ghy noh nied Acordeeren medt mallcandern, ghy Bestien dat u de wint schitt ghy Dyffels Klauen*<sup>51</sup>  
(Georg Meister 1682: 249)

84. *dat Schindhund u. beidden wier weder beidden, unser Blut Suugem, wier weder suugen unser Blut*<sup>52</sup>  
(Georg Meister 1682: 253)

1694

85. *De dieber hal de Domine van Hammerfoort, Hammerfoort*<sup>53</sup>

<sup>50</sup> Volgens Tappen: "If one wishes them to dance, one need only give them a pipeful of tobacco, and then they stiffen their legs and continually leap up and down, and meanwhile sing *Hottendott Brukwa* and this is the beginning and end of their continual song" (Raven-Hart 1971: 238). Vgl. no. 15 hierbo met noot.

<sup>51</sup> Hierdie uiting is gemaak deur Khoekhoen wat aan boord van 'n besoekende skip gegaan het en daar aan't drink gegaan het. Volgens Meister: "Der Arack der ihnen ein wenig in den kopff gestiegen, begunte auch seine Würckung zu thun da hätte man einen schönen Taffel-Discours hören sollen, was für Getandere durch einander war, es hätten Hunde und Kazen davon bersten mögen als endlich unser Bootsman es nicht länger mehr anhören kunte, wurde er Schiedsmann. Da fielen allerhand Segens Wünsche, als *Ghy verfluckte Honde, kan ghy noh nied Acordeeren medt mallcandern, ghy Bestien dat u de wint schitt ghy Dyffels Klauen* (Meister 1692: 249). Raven-Hart vertaal die Khoe-uiting soos volg: "You damned dogs, can't you be at peace with each other? You beasts, the devil take you, you devil's claws!" (Raven-Hart 1971: 347).

<sup>52</sup> Dit word gesê in antwoord op die vraag waarom die Khoekhoen luise eet. Vgl. die konteks: "Die Weiber welche sie [luise] ziemlich dicke in ihren Gedarme an Beinen haben, grübeln sie mit einem Dolckgen heraus, und gleich damit nach dem Munde zu, wie vor, wenn man sie fraget warum sie solches thun sagen sie auff grum Holländisch, *dat Schindhund u. beidden wier weder beidden, unser Blut Suugem, wier weder suugen unser Blut*, solche Reinigen kan man alle Tage an der Capo de bon Esperance an söwen" (Meister 1682: 253). Raven-Hart (1971: 350) vertaal die uiting só: "that beast bite us, we bite it again, it sucks our blood, we suck our blood again".

Kolb vertel dieselfde verhaal: "Derhalven dunkt hen beter en voorzichtiger te zyn, deze beestjes [luizen], waar van zy zoo veel beetten hebben moeten uitstaan, uit de waereld te helpen, en als zuigers van haar bloed en zweet op te vreeten, om dat ze als dan geen leed meer konnen doen; gelyk zy dan, wanneer men vraagt, waarom zy ze op eeten, uitdrukkelyk antwoorden: *Die goeds ons ja beitung, en ons bloed op vretim; waar om ons die goeds niet weder beitung en op vretim*" (Kolbe 1727 II: 66). Het Kolb dit van Meister oorgeneem?

<sup>53</sup> Vgl. die konteks: "If one gave the men a scrap of tobacco they danced and leapt and called therewith Hot: Hot: Hot:; and both men and woman pushed their Carotzes aside and let their privities be seen, and called out repeatedly "de Dieber hal de Domine van Hammerfoort, Hammerfoort", "The Devil take the Dominee of Hammerfort", which no doubt they had learned from the sailors" (Raven-Hart 1971: 405).

Kolb vertel die verhaal agter hierdie uiting: "Zeker scheeps Domine of Kranken-bezoeker, geboortig van Amersfoort, met zyn schip hier in de haven leggende, beloofde aan een Hottentot, wanneer hy een boodschap voor hem deed, dat hy hem een groot stuk brood of tabak zoude geven; deze boodschap afgelegd hebbende, sprak om het beloofde, dog de Krankebezoeker dreef den spot met hem, en gaf hem niet met al. En naardien de Hottentotten zich onder hen zelve niet laten voor de gek houden, veel min het van een vreemdeling zouden verdragen, zoo hebben zy daar van een lied gemaak en altyd geroepen *Hottentottum*

(Christoffel Langhansz in Raven-Hart 1971: 405)

86. *Groot Captain pisseem*

87. *Hollaender arbeitem sterbem dem Hottentot sterbem is storbem krup der als ock Hollaender mann*<sup>54</sup>  
(86-87 uit Christoffel Langhansz in Raven-Hart 1971: 407)

1706

88. *Gutte Christenman, item wie auch Christenman*<sup>55</sup>  
(Bartholomäus Ziegenbalg in Lehmann 1957: 28)

89. *Das es Hottentotten Manier also sey*<sup>56</sup>  
(Bartholomäus Ziegenbalg in Lehmann 1957: 29)

90. *Waarom neem je dat schaap, wagt wat ons sel jou kost geeven*<sup>57</sup>  
(Khoekhoe-man Lubbert in Franken 1953: 93)

1707

91. *Ons het jou tabak niet van doen, hebje die Hottentot dood geslagen, dan mag je hemsself begraven*  
(Khoekhoe-man Hans in Franken 1953: 93).

1709

---

*Brokqua*, *Duivel haal Domine van Amersfoort*, dat is: *Geeft aan de Hottentotten een stuk brood of tabak; de duivel haal den Krankebezoeker van Amersfoort*; het welk zy zeer dikwyls herhaalt en daar na als een gemeen spreekwoord gehouden hebben, enkelyk om daar mede aan te tonen, dat zy van een Hollander om den tuin geleid zyn, en om anderen te binnen te brengen, dat zy hun woord beter gestand doen en niets beloven, als zy hunne belofte niet willen nakomen" (Kolbe 1727 I: 416-17). Blykbaar was dit algemeen in die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeu om 'n sieketrooster as 'Dominee' aan te spreek, terwyl 'n predikant eerder as 'Eerwaarde' of 'Mijn Heer' aangespreek is (vgl. Fouché & Böeseken 1970: 51 n. 49).

<sup>54</sup> Die vertalings van hierdie twee uitinge word in die teks gegee: "If it rains, and they are asked Whence it comes? They say "Groot Captain pisseem", which in their opinion is as much as to say, "The Captain of the folk who live above is passing his water"; since in their opinion very large folk live up there. They wish to know nothing of god, but make do with the following excuse which they bring out in broken Dutch "Hollaender arbeitem sterbem dem Hottentot sterbem is storbem krup der als ock Hollaender mann", which is to say "The Dutch work and toil but not the Hottentots, and at last both die and one is buried in the earth like the other". If they are told of the Resurrection to a better life they shake their heads like the atheists..." (Raven-Hart 1971: 407).

<sup>55</sup> Dit is wat die Khoekhoen volgens die sendeling Ziegenbalg hom en sy metgeselle toegeroep het. Die Engelse edisie van Ziegenbalg se briewe gee ook dieselfde uiting, maar die bewoording verskil ietwat: "We have been several times in their Huts, giving every one a piece of Money, or some little things, which made them love us so affectionately, that they cried after us in broken Dutch: Good Christians, good Christians, fine Christian Men; We also such Christian Men, &c" (Spohr 1967: 115).

<sup>56</sup> Vergelyk die konteks: "Sie haben unter sich mancherley Ceremonien. Wenn man Sie fraget warum sie dieses oder jenes thun wissen sie nicht anders zuantworten, als das es Hottentotten Manier also sey" (Lehmann 1957: 28-29). Die Engelse edisie stel dit as volg: "They observe many Ceremonies among them; but being asked, Why they do this or that? They can give no Reason for it, than that it is the Manner of the Hottentots" (Spohr 1967: 115).

- Alleyne, M. C. 1971. 'Acculturation and the cultural matrix of creolization'. In: Hymes 1971, pp. 169-186.
- Arends, J. 1993. 'Towards a gradualist model of creolization'. In: F. Byrne & J. Holm (Reds.), *Atlantic Meets Pacific: A Global View of Pidginization and Creolization*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 371-379.
- Arends, J. 1994. 'The socio-historical background of creoles'. In: Arends, Muysken & Smith 1994, pp. 15-24.
- Arends, J. 1995. 'Demographic factors in the formation of Sranan'. In: Arends 1995b, pp. 233-285.
- Arends, J. 1995a. 'Introduction'. In: Arends 1995b, pp. ix-xv.
- Arends, J. (Red.) 1995b. *The Early Stages of Creolization*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.
- Arends, J. & A. Bruyn 1994. 'Gradualist and developmental hypotheses'. In: Arends, Muysken & Smith 1994, pp. 111-120.
- Arends, J. & P. Muysken 1992. Demografische modellen in de Creolistiek. *Gramma/TTT, Tijdschrift voor Taalkunde* 1: 41-55.
- Arends, J., P. Muysken & N. Smith (Reds.) 1994. *Pidgins and Creoles: An Introduction*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.
- Armstrong, J. C. & N. Worden 1989. 'The slaves, 1652-1834'. In: Elphick & Giliomee 1989, pp. 109-183.
- Baker, P. 1982. 'On the origins of the first Mauritians and of the Creole language of their descendants: A refutation of Chaudenson's "Bourbonnais" theory'. In: Baker & Corne 1982, pp. 131-259.
- Baker, P. 1990. Off target? *Journal of Pidgin and Creole Languages* 5: 107-119.
- Baker, P. 1995. 'Some developmental inferences from historical studies of Pidgins and Creoles'. In: Arends 1995b, pp. 1-24.
- Baker, P. 1995a. 'Motivation in Creole genesis'. In: Baker 1995b, pp. 3-15.
- Baker, P. (Red.) 1995b. *From Contact to Creole and Beyond*. Londen: University of Westminster Press.
- Baker, P. 1997. 'Directionality in pidginization and creolization'. In: Spears & Winford 1997, pp. 91-109.
- Baker, P. 2000. 'Theories of creolization and the degree and nature of restructuring'. In: Neumann-Holzschuh & Schneider 2000, pp. 41-63.
- Baker, P. & C. Corne 1982. *Isle de France Creole: Affinities and Origins*. Ann Arbor: Karoma.
- Bakker, P. 1994. 'Pidgins'. In: Arends, Muysken & Smith 1994, pp. 25-39.
- Bakker, S. R. 2000. *My Nu Sae Ferjet Jou: Derk Christiaan Hesseling en zijn Theorieën over het Afrikaans en het Negerhollands*. Ongepubliceerde Doktoraalskripsie, Universiteit Leiden.
- Bank, A. 1995. Slavery without slaves: Robert Shell's social history of Cape slave society. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 33: 182-193.
- Beeckman, D. 1973 [1718]. *A Voyage to and from the Island of Borneo, in the East-Indies....* Faksimilee herdruk van die 1718-uitgawe. Folkestone & Londen: Dawsons of Pall Mall.
- Beyers, C. 1967. *Die Kaapse Patriotte*. Pretoria: J. L. van Schaik.

- Bickerton, D. 1977. 'Pidginization and creolization: Language Acquisition and Language Universals'. In: Valdman 1977, pp. 49-69.
- Bickerton, D. 1984. The language bioprogram hypothesis. *The Behavioral and Brain Sciences* 7: 173-221.
- Bickerton, D. 1988. 'Creole languages and the bioprogram'. In: F. J. Newmeyer (Red.), *Linguistics: The Cambridge Survey, Volume II – Linguistic Theory: Extensions and Implications*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 268-284.
- Bickerton, D. 1992. The sociohistorical matrix of creolization. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 7:307-318.
- Biewenga, A. 1996. Alfabetisering aan de Kaap de Goede Hoop omstreeks 1700. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 3: 109-121.
- Biewenga, A. 1999. *De Kaap de Goede Hoop: Een Nederlandse Vestigingskolonie, 1680-1730*. Amsterdam: Samenwerkende Uitgeverijen Prometheus / Bert Bakker.
- Blommaert, W. 1938. Het invoeren van de slavernij aan de Kaap. *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 1: 1-29.
- Bloomfield, L. 1976 [1933]. *Language*. Dertiende druk. Londen: George Allen & Unwin.
- Böeseke, A. J. 1938. *Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap, 1657-1700*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Böeseke, A. J. 1970. Die verhouding tussen blank en nie-blank in Suid-Afrika aan die hand van die vroegste dokumente. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2: 3-18.
- Böeseke, A. J. (Red.) 1973. *Dagregister en Briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Böeseke, A. J. 1975. 'Die vestiging van die blankes onder die Van der Stels'. In: C. F. J. Muller (Red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Tweede uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica, pp. 36-50.
- Böeseke, A. J. 1977. *Slaves and Free Blacks at the Cape, 1658-1700*. Kaapstad: Tafelberg.
- Böeseke, A. & M. Cairns. 1989. *The Secluded Valley: Tulbagh – 't Land van Waveren, 1700-1804*. Kaapstad: Perskor.
- Bógaerts, A. 1711. *Historische Reizen door d'oostersche Deelen van Asia; zynde eene historische beschryving dier Koninkryken en Landschappen*. Amsterdam: Nicolaas ten Hoorn.
- Bosman, D. B. 1916. *Afrikaans en Maleis-Portugees*. (Proefskrif). Groningen: P. Noordhoff.
- Bosman, D. B. 1928. *Oor die Onstaan van Afrikaans*. Tweede Druk. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Bosman, D. B. (Red.) 1952-1957. *Dagregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*. Drie dele. Kaapstad: A. A. Balkema.
- Bosman, D. B. (Red.) 1952a. *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana*. Amsterdam: D. B. Bosman.
- Botha, C. G. (Red.) 1924. *Collectanea*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Böving, G. 1712. *Curieuse Beschreibung und Nachricht von den Hottentotten...* Geen plek of uitgewer op titelblad vermeld.

- Bradlow, F. R. 1978. 'The origins of the early Cape Muslims'. In: F. R. Bradlow & M. Cairns, *The Early Cape Muslims: A Study of their Mosques, Genealogy and Origins*. Kaapstad: A. A. Balkema, pp. 80-132.
- Bredenkamp, H. C. 1982. *Van Veeverskaffers tot Veewagters: 'n Historiese Ondersoek na Betrekkinge tussen die Khoikhoi en Europeërs aan die Kaap, 1662-1679*. Bellville: Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing.
- Bredenkamp, H. C. 1986. Noordwaarts, langs die pad van die Khoisan: Verkenningstogte na die Koperberge tydens die kommandeurskap van Simon van der Stel. *Kronos* 11: 15-36.
- Bredenkamp, H. C. 1989. Khoisan versus Hugenote, 1688-1713. *Kronos* 16: 21-29.
- Bredenkamp, H. C. 1991. Die Khoisan en vakterminologie na *The Oxford History of South Africa*: 'n Historiografiese dilemma. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 25: 61-71.
- Bruijn, J. R., F. S. Gaastra & I. Schöffer (Reds.) 1979-1987. *Dutch-Asiatic Shipping in the 17<sup>th</sup> and 18<sup>th</sup> Centuries*. Drie dele. Den Haag: Martinus Nijhoff.
- Bruyn, A. & T. Veenstra 1993. The creolization of Dutch. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 8: 29-80.
- Buccini, A. F. 1995. 'The dialectal origins of New Netherland Dutch'. In: T. F. Shannon & J. P. Snapper (Reds.), *The Berkeley Conference on Dutch Linguistics 1993: Dutch Linguistics in a Changing Europe*. Lanham: University Press of America, pp. 211-263.
- Buccini, A. F. 1996. New Netherland Dutch, Cape Dutch, Afrikaans. *Taal en Tongval* Themannr. 9: 35-51.
- Buccini, A. F. 2000. 'Swannekens ende Wilden: Linguistic attitudes and communication strategies among the Dutch and Indians in New Netherland'. In: J. C. Prins et al. (Reds.), *The Low Countries and the New World(s): Travel, Discovery, Early Relations*. Lanham, MD: University Press of America, pp. 11-28.
- Burke, P. 1987. 'Introduction'. In: P. Burke & R. Porter (Reds.), *The Social History of Language*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 1-20.
- Carstens, A. & H. Grebe (Reds.) 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.
- Chaudenson, R. 1977. 'Toward the reconstruction of the social matrix of Creole language'. In: Valdman 1977, pp. 259-276.
- Chaudenson, R. 1986. 'And they had to speak any way...: Acquisition and creolization of French'. In: J. A. Fishman et al. (Reds.), *The Fergusonian Impact, Volume I: From Phonology to Society*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 69-82.
- Conradie, C. J. 1984. 'n Duitse boek oor Afrikaans (Resensie van Raidt 1983). *Standpunte* 37 (2): 47-52.
- Corne, C. 1995. 'A contact-induced and vernacularized language: How Melanesian is Tayo?'. In: Baker 1995b, pp. 121-147.
- Da Costa, Y. 1994. 'The early Cape Muslims: Victims of European colonising activities in Asia and Africa'. In: Y. da Costa & A. Davids (Reds.), *Pages from Cape Muslim History*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter, pp. 1-17.
- Dangor, S. 1994. 'In the footsteps of the companions: Shaykh Yusuf of Macassar (1626-1699)'. In: Y. da Costa & A. Davids (Reds.), *Pages from Cape Muslim History*. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter, pp. 19-46.
- Davids, A. 1990. Words the Cape slaves made: A sociohistorical-linguistic study. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 8: 1-24.

- Davids, A. 1990a. The 'coloured' image of Afrikaans in nineteenth century Cape Town. *Kronos* 17: 36-47.
- Davids, A. 1994. 'The contribution of the slaves to the genesis of Afrikaans'. In: V. February (Red.), *Taal en Identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 39-53.
- Davids, A. 1994a. 'Afrikaans – die produk van akkulturasie'. In: Olivier & Coetzee 1994, pp. 110-119.
- DeCamp, D. 1971. 'Introduction: The Study of Pidgin and Creole Languages'. In: Hymes 1971, pp. 13-39.
- De Chavonnes, M. P. 1918. *The Reports of Chavonnes and his Council, and of Van Imhoff, on the Cape*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- De Jong, C. 1983. Die retoervloot van die V.O.C. in Tafelbaai in 1648. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 37(3): 241-254.
- De Kleine, C. 1997. 'The verb phrase in Afrikaans: Evidence of creolization?'. In: Spears & Winford 1997, pp. 289-307.
- Den Besten, H. 1978. 'Cases of possible syntactic interference in the development of Afrikaans'. In: P. Muysken (Red.), *Amsterdam Creole Studies II*. Amsterdam: Universiteit van Amsterdam, pp. 5-56.
- Den Besten, H. 1986. 'Double negation and the genesis of Afrikaans'. In: P. Muysken & N. Smith (Reds.), *Substrata versus Universals in Creole Genesis: Papers from the Amsterdam Creole Workshop, April 1985*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 185-230.
- Den Besten, H. 1987. Review article of Raidt 1983. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 2: 67-92.
- Den Besten, H. 1987a. 'Die Niederländischen Pidgins der Alten Kapkolonie'. In: N. Boretzky, W. Enninger & T. Stolz (Reds.), *Beiträge zum 3. Essener Kolloquium über Sprachwandel und seine bestimmenden Faktoren*. Bochum: Studienverlag Dr. N. Brockmeyer, pp. 9-40.
- Den Besten, H. 1987b. 'Willem ten Rhyne (1686) over het bouwen van een Pidgin'. In: R. Appel (Red.), *"You Me Linguistics Fun!": Nieuwe Inzichten in de Toegepaste Taalwetenschap*. Amsterdam: Vrije Universiteit Uitgeverij, pp. 83-88.
- Den Besten, H. 1988. 'Universal-Grammatik und/oder Zweitsprachenerwerb: Der Fall Afrikaans'. In: N. Boretzky, W. Enninger & T. Stolz (Reds.), *Beiträge zum 4. Essener Kolloquium über "Sprachkontakt, Sprachwandel, Sprachwechsel, Sprachtod"*. Bochum: Studienverlag Dr. N. Brockmeyer, pp. 11-44.
- Den Besten, H. 1989. 'From Khoekhoe Foreignertalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: The creation of a novel grammar'. In: M. Pütz & R. Dirven 1989, pp. 207-249.
- Den Besten, H. 1994. 'Khoekhoe and its speakers as a key factor in the genesis of Afrikaans'. Referaat gelewer by die kongres: *The Culture of Multilinguality*, Pretoria, 3-5 Februarie 1994.
- Den Besten, H. 1997. 'Kreolportugiesisch in Südafrika: Malaio- oder Indoportugiesisch?' In: R. Degenhardt, T. Stolz & H. Ulferts (Reds.), *Afrolusitanistik – eine vergessene Disziplin in Deutschland?* Bremen: Universität Bremen, pp. 317-351.
- Den Besten, H. 1998. "'Grote Capiteyn Moeske Slim" of: Waar zijn de Kaapse Pidgins gebleven?' In: A. Bruyn & J. Arends (Reds.), *Mengelwerk voor Muysken*. Amsterdam: Departement Algemene Taalwetenschap, Universiteit van Amsterdam, pp. 257-261.
- Den Besten, H. 2000. The slaves' languages in the Dutch Cape Colony and Afrikaans *vir*. *Linguistics* 38: 949-971.
- Den Besten, H. 2002. Khoekhoe syntax and its implications for L2 acquisition of Dutch and Afrikaans. *Journal of Germanic Linguistics* 14: 3-56.
- Den Besten, H. & P. Muysken 1992. De sociolinguïstiese gesiedenis van het Negerhollands: Een eerste overzicht. *Toegepaste Taalwetenschap in Artikelen* 42(1): 67-80.

- Den Besten, H., P. Muysken & N. Smith 1994. 'Theories focusing on the European input'. In: Arends, Muysken & Smith 1994, pp. 87-98.
- Deumert, A. 1999. *Variation and Standardisation: The Case of Afrikaans (1880-1922)*. Ongepubliseerde Ph.D.-dissertasie, Universiteit Kaapstad.
- De Wet, G. C. 1981. *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1652-1707*. Kaapstad: Historiese Publikasie-Vereniging.
- Dooling, W. 1994. 'The Castle: Its place in the history of Cape Town in the VOC period'. In: E. van Heyningen (Red.), *Studies in the History of Cape Town, Volume 7*. Kaapstad: Department of History in association with the Centre for African Studies, University of Cape Town, pp. 9-31.
- Du Plessis, H. 1994. 'Taalkontakvariasie in Afrikaans'. In: Olivier & Coetzee 1994, pp. 120-129.
- Du Plessis, H. 1995. 'Taalverskeidenheid in Afrikaans as spieël van sy kontakgeskiedenis'. In: H. Ester & A. van Leuvensteijn (Reds.), *Afrikaans in een Veranderende Context*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut, pp. 144-160.
- Du Plessis, H. 2001. 'Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde'. In: Carstens & Grebe 2001, pp. 69-80.
- Du Toit, P. S. 1937. *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795: 'n Kultuur-historiese Studie*. Kaapstad & Johannesburg: Juta.
- Elphick, R. 1985. *Khoikhoi and the Founding of White South Africa*. Johannesburg: Ravan Press.
- Elphick, R. & H. Giliomee (Reds.) 1989. *The Shaping of South African Society, 1652-1840*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Elphick, R. & H. Giliomee 1989a. 'The origins and entrenchment of European dominance at the Cape, 1652-1840'. In: Elphick & Giliomee 1989, pp. 521-566.
- Elphick, R. & V. C. Malherbe 1989. 'The Khoisan to 1828'. In: Elphick & Giliomee 1989, pp. 3-65.
- Elphick, R. & R. Shell 1989. 'Intergroup relations: Khoikhoi, settlers, slaves and free blacks, 1652-1795'. In: Elphick & Giliomee 1989, pp. 184-239.
- Esterhuysen, J. 1986. *Taalapartheid en Skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus.
- Fouché, L. & A. J. Böeseken (Reds.) 1970. *Dagboek van Adam Tas, 1705-1706*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Franken, J. L. M. 1953. *Taalhistoriese Bydraes*. Amsterdam & Kaapstad: A. A. Balkema.
- Gaastra, F. S. 1991. *De Geschiedenis van de VOC*. Zutphen: Walburg Pers.
- Gilbert, G. G. 1980. 'Introduction'. In: Gilbert 1980a, pp. 1-13.
- Gilbert, G. G. 1980a. *Pidgin and Creole Languages: Selected Essays by Hugo Schuchardt*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Gobardhan-Rambocus, S. L. 2001. *Onderwijs als Sleutel tot Maatschappelijke Vooruitgang: Een Taal- en Onderwijs-geschiedenis van Suriname, 1651-1975*. (Proefskrif, Universiteit Leiden). Zutphen: Walburg Pers.
- Godée Molsbergen, E. C. 1912. *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika: Jan van Riebeeck, 1618-1677*. Amsterdam: S.L. van Looy.

- Grobler, J. C. H. 1969. *Die Arbeidsvraagstuk aan die Kaap, 1652-1662*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Stellenbosch Universiteit.
- Groeneboer, K. 1993. *Weg tot het Westen: Het Nederlands voor Indië, 1600-1950 – Een Taalpolitieke Geschiedenis*. Leiden: KITLV Uitgeverij.
- Guelke, L. 1976. Frontier settlement in early Dutch South Africa. *Annals of the Association of American Geographers* 66(1): 25-42.
- Guelke, L. 1988. The anatomy of a colonial settler population: Cape colony, 1657-1750. *International Journal of African Historical Studies* 21: 453-473.
- Guelke, L. 1989. 'Freehold farmers and frontier settlers, 1657-1780'. In: Elphick & Giliomee 1989, pp. 66-108.
- Guelke, L. & R. Shell 1992. Landscape of conquest: Frontier water alienation and Khoikhoi strategies of survival, 1652-1780. *Journal of Southern African Studies* 18(4): 803-824.
- Hall, R. A. 1966. *Pidgin and Creole Languages*. Ithaca & Londen: Cornell University Press.
- Hattingh, J. L. 1980. Die blanke nageslag van Louis van Bengale en Lijsbeth van die Kaap. *Kronos* 3: 5-51.
- Hattingh, J. L. 1981. *Die Eerste Vryswartes van Stellenbosch, 1679-1720*. Bellville: Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing.
- Hattingh, J. L. 1983. Die klagte oor Goewerneur W. A. van der Stel se slawebesit – 'n Beoordeling met behulp van kwantitatiewe data. *Kronos* 7: 13-41.
- Hattingh, J. L. 1983a. Naamgewing aan slawe, vryswartes en ander gekleurdes. *Kronos* 6: 5-20.
- Hattingh, J. L. 1984. A. J. Böeseken se *Addendum* van Kaapse slawe-verkooptransaksies: Foute en regstellings. *Kronos* 9: 3-21.
- Hattingh, J. L. 1985. Grondbesit in die Tafelvallei, Deel 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652-1710. *Kronos* 10: 32-48.
- Heese, H. F. 1984. *Groep sonder Grense: Die Rol en Status van die Gemengde Bevolking aan die Kaap, 1652-1795*. Bellville: Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing.
- Heese, H. F. 1994. *Reg en Onreg: Kaapse Regspraak in die Agtiende Eeu*. Bellville: Instituut vir Historiese Navorsing, Universiteit van Wes-Kaapland.
- Hesseling, D. C. 1897. 'Dutch in South Africa'. In: Markey & Roberge 1979, pp. 1-22.
- Hesseling, D. C. 1899. *Het Afrikaansch: Bijdrage tot de Geschiedenis der Nederlandsche Taal in Zuid-Afrika*. Leiden: E. J. Brill.
- Hesseling, D. C. 1906. Is het Afrikaans de zuivere ontwikkeling van een Nederlands dialect? *Taal en Letteren* 16: 477-90.
- Hesseling, D. C. 1910. 'Remnants of Dutch on Ceylon'. In: Markey & Roberge 1979, pp. 23-30.
- Hesseling, D. C. 1916. Een Afrikaanse dissertatie. *De Nieuwe Taalgids* 10: 247-56.
- Hesseling, D. C. 1923. *Het Afrikaans: Bijdrage tot de Geschiedenis der Nederlandse Taal in Zuid-Afrika*. Tweede uitgawe. Leiden: N. V. Boekhandel.
- Hesseling, D. C. 1933. Hoe ontstond de eigenaardige vorm van het Kreools? *Neophilologus* 18: 209-215.
- Hesseling, D. C. 1934. Gemengde taal, Mengeltaal, Kreools en kreolisering. *De Nieuwe Taalgids* 28: 310-322.

- Holm, J. A. 1988. *Pidgins and Creoles, Volume I: Theory and Structure*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Holm, J. A. 1989. *Pidgins and Creoles, Volume II: References Survey*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Holm, J. 2000. 'Semi-creolization: Problems in the development of theory'. In: Neumann-Holzschuh & Schneider 2000, pp. 19-39.
- Holm, J. 2001. The semicreole identity of Afrikaans lects: Parallel cases of partial restructuring. *Journal of Germanic Linguistics* 13: 353-79.
- Hondius, J. 1952. *Klare Besrywing van Cabo de Bona Esperanca*. Faksimile-herdruk van oorspronklike 1652-uitgawe. Kaapstad: Komitee vir Boekuitstalling, Van Riebeeck-Fees.
- Hovy, L. 1991. *Ceylonees Plakkaatboek: Plakkaten en andere Wetten uitgevaardigd door het Nederlandse bestuur op Ceylon*. Hilversum: Verloren.
- Hulshof, A. (Red.) 1941. H. A. van Reede tot Drakenstein, Journaal van zijn verblijf aan de Kaap. *Bijdragen en Mededelingen van het Historisch Genootschap* 62: 1-245.
- Hymes, D. (Red.) 1971. *Pidginization and Creolization of Languages*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jespersen, O. 1959 [1922]. *Language: Its Nature, Development and Origin*. Elfde druk. Londen: Allen & Unwin.
- Katzen, M. F. 1973. 'White settlers and the origin of a new society, 1652-1778'. In: M. Wilson & L. Thompson (Reds.), *The Oxford History of South Africa, Volume I: South Africa to 1870*. Herdruk. Oxford: Clarendon Press, pp. 183-232.
- Kolbe, P. 1727. *Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van De Kaap de Goede Hoop*. Twee dele. Amsterdam: Balthazar Lakeman.
- Kotzé, E. F. 1989. 'How creoloid can you be? Aspects of Malay Afrikaans'. In: Pütz & Dirven 1989, pp. 251-264.
- Kotzé, E. F. 2001. 'n Perspektief op diachroniese prosesse in Afrikaans'. In: Carstens & Grebe 2001, pp. 103-111.
- Kruisinga, E. 1906. De oorsprong van het Afrikaans. *Taal en Letteren* 16: 417-39.
- Lass, R. 1997. *Historical Linguistics and Language Change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Leguat, F. 1708. *A New Voyage to the East-Indies*. Londen: R. Bonwicke.
- Lehmann, D. A. 1957. *Alte Briefe aus Indien: Unveröffentlichte Briefe von Bartholomäus Ziegenbalg, 1706-1719*. Berlyn: Evangelische Verlagsanstalt.
- Leibbrandt, H. C. V. (Red. & Vert.) 1902. *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope: Journal, 1671-1674 & 1676*. Kaapstad: W. A. Richards & Sons.
- Le Roux, H. J. 1945. *Die Toestand, Verspreiding en Verbokkeling van die Hottentotstamme in Suid-Afrika, 1652-1713*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Stellenbosch Universiteit.
- Lockyer, C. 1711. *An Account of the Trade in India, containing...* Londen: Samuel Crouch.
- Makhudu, D. P. 1984. *Is Afrikaans a Creole Language?* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Southern Illinois University.

- Malan, A. 1998/99. Chattels or colonists? "Freeblack" women and their households. *Kronos* 25: 50-71.
- Malherbe, V. C. 1983. Khoikhoi in Cape Town. *Cabo* 3(2): 4-10.
- Markey, T. L. 1982. Afrikaans: Creole or Non-Creole? *Zeitschrift für Dialektologie und Linguistik* 49: 169-207.
- Markey, T. L. & P. T. Roberge (Eds. & Vols.) 1979. *On the Origin and Formation of Creoles: A Miscellany of Articles by Dirk Christiaan Hesselning*. Ann Arbor: Karoma Publishers.
- Marks, S. 1972. Khoisan resistance to the Dutch in the seventeenth and eighteenth centuries. *Journal of African History* 13: 55-80.
- Meijer, G. & P. Muysken 1977. 'On the beginnings of Pidgin and Creole studies: Schuchardt and Hesselning'. In: Valdman 1977, pp. 21-45.
- Meister, G. 1692. *Der Orientalisch-Indianische Kunst- und Lust-Gärtner, Das ist: Eine aufrichtige Beschreibung...* Dresden: Johann Riedel.
- Mintz, S. W. 1971. 'The socio-historical background to Pidginization and Creolization'. In: Hymes 1971, pp. 481-496.
- Mufwene, S. S. 1986. 'The universalist and substrate hypotheses complement one another'. In: P. Muysken & N. Smith (Eds.), *Substrata versus Universals in Creole Genesis: Papers from the Amsterdam Creole Workshop, April 1985*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 129-162.
- Mufwene, S. S. 1988. Starting on the wrong foot. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 3: 109-117.
- Mufwene, S. S. 1991. Review of Robert Chaudenson's *Créoles et enseignement du français*. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 6: 148-155.
- Mufwene, S. S. 1993. 'Introduction'. In: Mufwene 1993a, pp. 1-31.
- Mufwene, S. S. (Ed.) 1993a. *Africanisms in Afro-American Language Varieties*. Athens, GA & London: University of Georgia Press.
- Mufwene, S. S. 1996. 'Creole genesis: A population genetics perspective'. In: P. Christie (Ed.), *Caribbean Language Issues: Old and New*. Kingston: University of the West Indies Press, pp. 163-196.
- Mufwene, S. S. 1996a. The founder principle in Creole genesis. *Diachronica* 13(1): 83-134.
- Mufwene, S. S. 1997. 'Jargons, Pidgins, Creoles and Koinés: What are they?'. In: Spears & Winford 1997, pp. 35-70.
- Mufwene, S. S. 1998. 'What research on Creole genesis can contribute to historical linguistics'. In: M. S. Schmid, J. R. Austin & D. Stein (Eds.), *Historical Linguistics 1997: Selected Papers from the 13<sup>th</sup> International Conference on Historical Linguistics*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 315-338.
- Mufwene, S. S. 1999. 'Accountability in descriptions of Creoles'. In: J. R. Rickford & S. Romaine (Eds.), *Creole Genesis, Attitudes and Discourse: Studies Celebrating Charlene J. Sato*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 157-185.
- Mufwene, S. S. 2000. 'Creolization is a social, not a structural, process'. In: Neumann-Holzschuh & Schneider 2000, pp. 65-84.
- Mufwene, S. S. 2001. *The Ecology of Language Evolution*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mühlhäusler, P. 1986. *Pidgin and Creole Linguistics*. Oxford & New York: Basil Blackwell.

- Mühlhäusler, P. 1999. More on non-canonical Creoles. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 14: 121-130.
- Muysken, P. 1988. 'Are creoles a special type of language?' In: F. J. Newmeyer (Red.), *Linguistics: The Cambridge Survey, Volume II – Linguistic Theory: Extensions and Implications*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 285-301.
- Muysken, P. & G. Meijer 1979. 'Introduction'. In: Markey & Roberge 1979, pp. vii-xxi.
- Muysken, P. & T. Veenstra 1994. 'Universalist approaches'. In: Arends, Muysken & Smith 1994, pp. 121-134.
- Neumann-Holzschuh, I. & E. W. Schneider (Reds.) 2000. *Degrees of Restructuring in Creole Languages*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.
- Newton-King, S. 1999. *Masters and Servants on the Cape Eastern Frontier, 1760-1803*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Niemeijer, H. E. 1996. *Calvinisme en Koloniale Stadscultuur: Batavia, 1619-1725*. Proefskrif, Vrye Universiteit van Amsterdam.
- Nienaber, G. S. 1934. *Oor die Afrikaanse Taal*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Nienaber, G. S. 1949-1953. *Oor Afrikaans I & II*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, G. S. 1955. 'Iets naders oor die ontkenning van Afrikaans'. In: P. J. Nienaber (Red.) 1965, *Taalkundige Opstelle*. Kaapstad & Amsterdam: A. A. Balkema, pp. 22-38.
- Nienaber, G. S. 1963. *Hottentots*. Pretoria: J. L. van Schaick.
- Nienaber, G. S. 1964. 'Raakpunte met Hottentots'. In: H. J. J. M. van der Merwe et al. (Reds.), *Studierigtings in die Taalkunde*. Pretoria: J. L. van Schaick, pp. 192-207.
- Nienaber, G. S. & R. Raven-Hart (Reds. & Verts.) 1970. *Johan Daniel Buttner's Account of the Cape, Brief Description of Natal, Journal Extracts on East Indies*. Kaapstad: A. A. Balkema.
- Olivier, G. & A. Coetzee (Reds.) 1994. *Nuwe Perspektiewe op die Geskiedenis van Afrikaans: Opedra aan Edith H. Raidt*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- Parkvall, M. 1999. 'On the possibility of Afrogenesis in the case of French Creoles'. In: J. R. Rickford & S. Romaine (Reds.), *Creole Genesis, Attitudes and Discourse: Studies Celebrating Charlene J. Sato*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins, pp. 187-213.
- Parkvall, M. 2000. 'Reassessing the role of demographics in language restructuring'. In: Neumann-Holzschuh & Schneider 2000, pp. 185-213.
- Penn, N. 1989. 'Labour, land and livestock in the Western Cape during the eighteenth century: The Khoisan and the colonists'. In: W. G. James & M. Simons (Reds.), *The Angry Divide: Social and Economic History of the Western Cape*. Kaapstad: David Philip, pp. 2-19.
- Penn, N. G. 1995. *The Northern Cape Frontier Zone, 1700 – c. 1815*. Ongepubliseerde Ph.D.-dissertasie, Universiteit Kaapstad.
- Penn, N. 1999. *Rogues, Rebels and Runaways: Eighteenth-Century Cape Characters*. Kaapstad: David Philip.
- Ponelis, F. A. 1988. Afrikaans en taalversteuring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 28(2): 119-149.
- Ponelis, F. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Ponelis, F. A. 1994. Die ontstaan van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 34(4): 218-230.

- Ponelis, F. A. 1996. 'n Venster op die Afrikaanse historiese taalkunde. 'n Beskouing van Edith H. Raidt se *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 36(2): 96-103.
- Ponelis, F. 1997. 'Afrikaans'. In: M. C. van den Toorn et al. (Reds.), *Geschiedenis van de Nederlandse Taal*. Amsterdam: Amsterdam University Press, pp. 597-645.
- Ponelis, F. 1999. 'Taalzuivering in het Afrikaans'. In: N. van der Sijs (Red.), *Taaltrots: Purisme in een Veertigtal Talen*. Amsterdam & Antwerpen: Contact, pp. 71-79.
- Ponelis, F. A. 2002. Caveats and comments. *Journal of Germanic Linguistics* 14: 95-101.
- Pütz, M. & R. Dirven (Reds.) 1989. *Wheels within Wheels: Papers of the Duisberg Symposium on Pidgin and Creole Languages*. Frankfurt am Main: Verlag Peter Lang.
- Raidt, E. H., P. Serton, R. Raven-Hart & W. J. de Kock (Reds.) 1971-1973. *François Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaken daar toe behoorende, Amsterdam, 1726*. Twee dele. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Raidt, E. H. 1971. *Afrikaans en sy Europese Verlede: Van Tacitus tot Van Wyk Louw*. Eerste uitgawe. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E. H. 1977. Afrikaans and 'Malayo-Portuguese': Light and shadow. *African Studies* 36(1): 71-78.
- Raidt, E. H. 1980. J. du P. Scholtz – Taalwetenskaplike. *Standpunte* 33(3): 2-14.
- Raidt, E. H. 1983. *Einführung in Geschichte und Struktur des Afrikaans*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Raidt, E. H. 1991. *Afrikaans en sy Europese Verlede*. Derde hersiene en uitgebreide uitgawe. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E. H. 1994. *Historiese Taalkunde: Studies oor die Geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Raven-Hart, R. (Red. & Vert.) 1967. *Before Van Riebeeck: Callers at South Africa from 1488 to 1652*. Kaapstad: Struik.
- Raven-Hart, R. (Red. & Vert.) 1971. *Cape of Good Hope, 1652-1702: The First Fifty Years of Colonisation as seen by Callers*. Twee dele. Kaapstad: A. A. Balkema.
- Reinecke, J. E. 1937. *Marginal Languages: A Sociological Survey of the Creole Languages and Trade Jargons*. Twee dele. Ongepubliseerde Ph.D.-dissertasie. Yale Universiteit.
- Roberge, P. T. 1990. 'The ideological profile of Afrikaans historical linguistics'. In: J. E. Joseph & T. J. Taylor (Reds.), *Ideologies of Language*. Londen & New York: Routledge, pp. 131-149.
- Roberge, P. T. 1992. Afrikaans and the ontogenetic myth. *Language and Communication* 12: 31-52.
- Roberge, P. T. 1993. *The Formation of Afrikaans*. (SPIL 27). Stellenbosch: Departement Algemene Taalwetenskap, Stellenbosch Universiteit.
- Roberge, P. T. 1994. 'On detecting a prior linguistic continuum in Cape Dutch'. In: Olivier & Coetzee 1994, pp. 153-165.
- Roberge, P. T. 1995. 'The formation of Afrikaans'. In: R. Mesthrie (Red.), *Language and Social History: Studies in South African Sociolinguistics*. Kaapstad: David Philip, pp. 68-88.
- Robins, R. H. 1997. *A Short History of Linguistics*. Vierde uitgawe. Londen & New York: Longman.

- Romaine, S. 1988. *Pidgin and Creole Languages*. Londen & New York: Longman.
- Romaine, S. 1994. *Language in Society: An Introduction to Sociolinguistics*. Oxford: Oxford University Press.
- Roodt, D. & R. Venter 1984. Die evolusie van 'n taalhistoriese paradigma in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 24: 224-236.
- Ross, R. 1977. 'Smallpox at the Cape of Good Hope in the eighteenth century'. In: C. Fyfe & D. McMaster (Reds.), *African Historical Demography*. Edinburgh: Centre for African Studies, University of Edinburgh, pp. 416-428.
- Ross, R. 1980. 'The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town'. In: C. Saunders & H. Philips (Reds.), *Studies in the History of Cape Town, II*. Kaapstad: History Department in association with the Centre for African Studies, University of Cape Town, pp.1-14.
- Ross, R. 1983. *Cape of Torments: Slavery and Resistance in South Africa*. Londen: Routledge & Kegan Paul.
- Ross, R. 1994. *Beyond the Pale: Essays on the History of Colonial South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Ross, R. 1995. Paternalism, patriarchy and Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 32: 34-47.
- Ross, R. 1999. *Status and Respectability in the Cape Colony, 1750-1870: A Tragedy of Manners*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Sankoff, G. 1979. 'The genesis of a language'. In: K.C. Hill (Red.), *The Genesis of Language*. Ann Arbor: Karoma Publishers, pp. 23-47.
- Schapera, I. & B. Farrington (Reds. & Verts.) 1933. *The Early Cape Hottentots: Described in the Writings of Olfert Dapper (1668), Willem ten Rhyne (1686) and Johannes Gulielmus de Grevenbroek (1695)*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Schoeman, K. 1999. *Armosyn van die Kaap: Voorspel tot Vestiging, 1415-1651*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Schoeman, K. 2001. *Armosyn van die Kaap: Die Wêreld van 'n Slavin, 1652-1733*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Scholtz, J. du P. 1963. *Taalhistoriese Opstelle: Voorstudies tot 'n Geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: J. L. van Schaik.
- Scholtz, J. du P. 1965. *Afrikaans uit die Vroeë Tyd*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1972. *Afrikaans-Hollands in die Agtiende Eeu: Verdere Voorstudies tot 'n Geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en Ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Schuchardt, H. 1909. 'The Lingua Franca'. In: Gilbert 1980a, pp. 65-88.
- Schuchardt, H. 1914. 'The Language of the Saramacca Negroes of Surinam'. In: Gilbert 1980a, pp. 89-126.
- Schutte, G. 1989. 'Company and colonists at the Cape, 1652-1795'. In: Elphick & Giliomee 1989, pp. 283- 323.
- Schutte, G. J. 1993. Over Khoi, knechten en koloniale kultuur: Een kanttekening. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 48(2): 53-56.
- Sebba, M. 1997. *Contact Languages: Pidgins and Creoles*. Londen: Macmillan.

- Shell, R. 1985. 'The company slave lodge, 1680-1731: Social hierarchies, regional attribution and a racial division of labor'. Referaat gelewer by die *Fifth Workshop on the History of Cape Town*, Universiteit Kaapstad: Departement Geskiedenis, 6-7 Desember 1985.
- Shell, R. 1989. 'The family and slavery at the Cape, 1680-1808'. In: W. G. James & M. Simons (Reds.), *The Angry Divide: Social and Economic History of the Western Cape*. Kaapstad & Johannesburg: David Philip, pp. 20-30.
- Shell, R. 1991. The short life and personal belongings of one slave: Rangton of Bali, 1673-1720. *Kronos* 18: 1-6.
- Shell, R. C.-H. 1992. Rangton van Bali (1673-1720): Roots and resurrection. *Kronos* 19: 167-199.
- Shell, R. C.-H. 1994. *Children of Bondage: A Social History of the Slave Society at the Cape of Good Hope, 1652-1838*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Shell, R. C.-H. 2001. The twinning of Maputo and Cape Town: The early Mozambican slave trade to the slave lodge, 1677-1731. *Kwartaalblad van die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika* 55(3): 114-120.
- Singler, J. V. 1986. Short note. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 1: 141-145.
- Singler, J. V. 1988. The homogeneity of the substrate as a factor in Pidgin/Creole genesis. *Language* 64: 27-51.
- Singler, J. V. 1990. On the use of sociohistorical criteria in the comparison of creoles. *Linguistics* 28: 645-659.
- Singler, J. V. 1992. Nativization and Pidgin/Creole genesis: A reply to Bickerton. *Journal of Pidgin and Creole Languages* 7: 319-333.
- Singler, J. V. 1993. 'African influence upon Afro-American language varieties: A consideration of sociohistorical factors'. In: Mufwene 1993a, pp. 235-253.
- Singler, J. V. 1995. 'The demographics of Creole genesis in the Caribbean: A comparison of Martinique and Haiti'. In: Arends 1995b, pp. 203-232.
- Sleigh, D. 1993. *Die Buiteposte: VOC-Buiteposte onder Kaapse Bestuur, 1652-1795*. Pretoria: HAUM.
- Smith, A. B. 1990. The origins and demise of the Khoikhoi: The debate. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 23: 3-14.
- Smith, A. B. & R. H. Pfeiffer 1993. *The Khoikhoi at the Cape of Good Hope: Seventeenth-century Drawings in the South African Library*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.
- Smith, N. 1999. *Chomsky: Ideas and Ideals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Spears, A. K. & D. Winford (Reds.) 1997. *The Structure and Status of Pidgins and Creoles*. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.
- Spohr, O. H. 1967. The first Danish-German Missionaries at the Cape of Good Hope, 1706. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 21(4): 112-121.
- Terry, E. 1947 [1686]. A view of the Bay of Souldania near the coast of Good Hope on the coast of Africa. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 1(3): 71-78.
- Thomason, S. G. 1997. 'A typology of contact languages'. In: Spears & Winford 1997, pp. 71-88.
- Thomason, S. & T. Kaufman. 1988. *Language Contact, Creolization and Genetic Linguistics*. Berkeley: University of California Press.
- Todd, L. 1990. *Pidgins and Creoles*. Tweede uitgawe. Londen: Routledge.

- Traill, A. 1995. 'The Khoesan languages of South Africa'. In: R. Mesthrie (Red.), *Language and Social History: Studies in South African Sociolinguistics*. Kaapstad: David Philip, pp. 1-18.
- Valdman, A. (Red.) 1977. *Pidgin and Creole Linguistics*. Bloomington: Indiana University Press.
- Valkhoff, M. F. 1966. *Studies in Portuguese and Creole, with Special Reference to South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Valkhoff, M. F. 1972. *New Light on Afrikaans and 'Malayo-Portuguese'*. Leuven: Éditions Peeters Imprimerie Orientaliste.
- Van Coetsem, F. 1988. *Loan Phonology and the Two Transfer Types in Language Contact*. Dordrecht: Floris Publications.
- Van der Merwe, H. J. J. M. 1968. 'Die ontstaan van Afrikaans'. In: H. J. J. M. van der Merwe et al. (Reds.), *Afrikaans: Sy Aard en Ontwikkeling*. Pretoria: J. L. van Schaick, pp. 15-66.
- Van der Spuy, P. 1996. "What, then, was the sexual outlet for black males?": A feminist critique of quantitative representations of women slaves at the Cape of Good Hope in the eighteenth century. *Kronos* 23: 43-56.
- Van der Spuy, P. 1997. Review article of Worden & Crais 1994 and Shell 1994. *Social Dynamics* 23: 175-185.
- Van Duin, P. & R. Ross 1987. *The Economy of the Cape Colony in the Eighteenth Century*. Leiden: Centre for the History of European Expansion.
- Van Reenen, P. & A. Coetzee 1996. 'Afrikaans: A daughter of Dutch'. In: H. F. Nielsen & L. Schoesler (Reds.), *The Origins and Development of Emigrant Languages: Proceedings from the Second Rasmus Rask Colloquium*. Odense: Odense University Press, pp. 71-101.
- Van Rensburg, M. C. J. 1983. 'Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu'. In: G. N. Claassen & M. C. J. van Rensburg (Reds.), *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans*, pp. 134-161.
- Van Rensburg, M. C. J. 1989. 'Orange River Afrikaans: A stage in the Pidgin/Creole cyle'. In: Pütz & Dirven 1989, pp. 135-151.
- Van Rensburg, C. 1989a. 'Soorte Afrikaans'. In: T. J. R. Botha et al. (Reds.), *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica, pp. 436-467.
- Van Rensburg, C. 1994. 'Die ontstaan van Afrikaans in 'n intertaalkonteks'. In: Olivier & Coetzee 1994, pp. 166-179.
- Van Rheedeen, H. 1995. *Het Petjo van Batavia: Ontstaan en Structuur van de Taal van de Indo's*. Amsterdam: Departement Algemene Taalwetenschap, Universiteit van Amsterdam.
- Van Rheedeen, H. 1998. *Hari Katje en Tikarmatje: Een schets van het Tangsi-Maleis*. In: A. Bruyn & J. Arends (Reds.), *Mengelwerk voor Muysken*. Amsterdam: Departement Algemene Taalwetenschap, Universiteit van Amsterdam, pp. 75-81.
- Viljoen, R. S. 1995. Disease and society: VOC Cape Town, its people and the smallpox epidemics of 1713, 1755 and 1767. *Kleio* 27: 22-45.
- Webb, V. N. 1993. 'Die herkoms van Oranjerivierafrikaans'. In: P. M. S. van Staden et al. (Reds.), *Linguistica: Festschrift E. B. van Wyk – 'n Huldeblyk*. Pretoria: J. L. van Schaick, pp. 161-171.
- Westra, P. E. 1991. Two seventeenth-century publications promoting emigration to the Cape. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* 46(2): 54-57.

- Woodward, C. S. 1975. "And pretty apartments": Die binnekant van die dorps huis, 1665-1699. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 15: 161-181.
- Worden, N. 1981. 'The distribution of slaves in the western Cape during the eighteenth century'. In: K. Gottschalk & C. Saunders (Eds.), *Africa Seminar: Collected Papers, Volume 2*. Kaapstad: Centre for African Studies, University of Cape Town, pp. 1-23.
- Worden, N. 1982. Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the eighteenth century. *Kronos* 5: 43-60.
- Worden, N. 1985. *Slavery in Dutch South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Worden, N., E. van Heyningen & V. Bickford-Smith. 1998. *Cape Town – The Making of a City: A Social History*. Claremont: David Philip.

University of Cape Town